skaamte en vergifnis bestudeer. Eerstens moet laat-adolessente gesien word as unieke skepsels van God. Tweedens moet die laat-adolessente as 'n psigofisiese eenheid wat meer as die somtotaal van hul menslike eienskappe is, benader word. Tussen die fisiese en psigiese eienskappe van die mishandelde adolessent vind daar 'n interaksie plaas wat meebring dat die adolessent sy ervaringswêreld as totale mens ervaar en as totale mens daarop reageer.

Volgens die navorsing van Walter en Burnaford (2006:322) verhoog skuld en skaamte emosies tydens adolessensie. Die self word uitgelewer aan die blootstelling van selfbewustheid en kritiese selfondersoek. Dit gee daartoe aanleiding dat mishandelde adolessente geneig is om op hulself te fokus, wat veroorsaak dat hulle dikwels komplekse emosies van woede, angstigheid, vrees, skuld, skaamte en verleentheid ervaar (Engel, 2005:72; Thom, *et al.*, 2004:440).

In die terapeutiese hulpverlening aan mishandelde adolessente, is dit nodig om die onderliggende faktore van skuld, skaamte en vergifnis te verstaan. Skuld en skaamte kan bepalend vir mishandelde adolessente se gedrag, hul siening van hulself en hul interpersoonlike verhoudinge wees (Browning, *et al.*, 2004:57). Die emosionele ervaring van mishandeling kan gedragspatrone of denkpatrone bepaal, veral wanneer die adolessente hul emosie ontken of onderdruk (Engel, 2005:72). Volgens Kinnear (2007:10) word mishandelde adolessente so oorweldig deur hul emosie dat dit hulle grootste vyand word. Die adolessente kan hulself oortuig dat die traumatiese gebeure hulle skuld is en skaamte ervaar oor die liggaamlike integriteit en agting wat geskend is (Kinnear, 2007:10; Freedman in Enright, 2003:111). Dit laat die adolessente met 'n gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid (Einhorn & Gandhi, 2006:2).

In die literatuur wat gebruik is, is daar verskillende teoretiese en empiriese benaderinge tussen skuld en skaamte. Dit is terme wat dikwels afwisselend gebruik word. Elison (2005:2), Yontef (2003:351), Lee en Wheeler (2003:xi), Resnick (1997:256) en Kaufman (1996:4) stel dat daar vir baie jare slegs op skuld gefokus is en dat skaamte geïgnoreer is. Tangney en Dearing (2004:11) stel dat: *"It makes sense that shame would be ignored in that it is one of the most difficult feelings to communicate. We are ashamed of our shame".* Daarom wys Tracy (2005:74) en Kaufman (1996:4) daarop dat skaamte een van die sterkste menslike emosies is wat 'n onvermydelike deel van die mens se hele wese is.

Vir die doel van hierdie navorsing is daar op die negatiewe komponente van skuld en skaamte gefokus. Negatiewe komponente verwys na *"ongesonde"* skuld wat gedefinieer word as die negatiewe evaluasie wat mishandelde adolessente maak van hul gedrag, terwyl skaamte verwys na die negatiewe evaluasie wat die adolessente maak van hul volledige self (Dutton, 2006:201; Tangney & Dearing, 2004:16; Yontef, 2003:353). Indien die herstel van skuldgevoel nie in denke, gevoel of daad plaasvind nie, kan dit dikwels in skaamte omskep word (Yontef, 2003:367). Engel (2005:86) stel dat: *"Shame is at the core of every form of neglect and abuse and is a key factor in the behavior of both abusers and victims".* Skaamte lei tot 'n toename in die identiteitskrisis by mishandelde adolessente (Fang & Chiou, 2007:1316). Skaamte, anders as skuldgevoel, is 'n intense gevoel van ongemak en 'n bewustheid van foute en tekortkominge in die wese (Yontef, 2003:353). Dit besit ook 'n relasionele karakter wat Kaufman (in Lee, 2003:7) 'n *"rupture in the interpersonal bridge"* tussen adolessente en ander noem. Pattison (2000:210) beskryf die relasionele dimensies van die mens as 'n verhouding met God, die self en ander. Die ervaring van skaamte kan die adolessente laat terugtrek en hulle van hul omgewing isoleer. McNish (2004:3) stel dat *"... shame pull us into society even as it separates us from society".*

Skuld en skaamte ontwikkel gedurende die ontwikkelingstadia van die kind tot volwassewording en word tydens die ontwikkeling as selfbewuste emosies geïnternaliseer (Engel, 2005:94-105; Kaufman, 1996:34-84; Lewis, 1995:58 en Middelton-Moz, 1990:30-51, Erikson, 1982:598). Tangney en Dearing (2004:18) stel dat die onderskeid tussen skuld en skaamte rondom die rol van die self in die ervaring van skuld en skaamte sentreer. Eerstens dui skuld op 'n besef van 'n duidelike norm wat oortree is; tweedens is skaamte die mens se subjektiewe reaksies rakende teleurstelling en gevoelens van mislukking en selfveragting. Skuld en skaamte kan 'n traumatiese emosionele ervaring, wat die adolessente se fisieke, psigiese, sosiale, emosionele, morele en religieuse ontwikkeling beïnvloed, wees. Die studie van skuld en skaamte betrek dus alle verwante wetenskappe omdat die adolessente 'n eenheid van liggaam, siel en gees binne die raamwerk van die etiek en psigologie is (Pattison, 2000:210).

Skuld en skaamte kan nie monisties as suiwer Bybels-teologies, of suiwer eties, of suiwer fundamenteel ontologies, of suiwer psigologies beskryf word nie

(Pattison, 2000:210). Die navorser is van mening dat 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* gebruik kan word om mishandelde adolessente in hul hantering van skuld en skaamte te help. Harris (2007a:108), Williams (2006:8) en Ransley, *et al*. (2004:5) wys daarop dat daar vanuit 'n Christelike en Gestalt perspektief effektief hulp aan mishandelde adolessente verleen kan word, omdat vergifnis 'n essensiële deel van berading en psigoterapie is. Die navorser ondersteun ook die standpunt van Lerner en Steinberg (2009:462), Koenig, *et al.* (2001:53), Plante en Sherman (2001:3) en Browning (1994:195) dat geloof geestelike gesondheid kan fasiliteer.

Vergifnis is 'n belangrike komponent van die Christelike geloof (Potter-Efron, 2005:174; Pattison, 2000:209) en moet as 'n saak wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus, gesien word (McCullough, *et al*., 2001:17; Louw, 1999b:475). Die Christelike geloof is egter nie 'n kitsoplossing vir die mens se skuldgevoel nie, maar volgens die navorsing van Enright (2003:6), Worthington (2003:26) en Pattison (2000:214) verminder dit skuld en skaamte. Volgens Worthington (2006:129) en Halling (1994a:112) gee die ervaring van skuld en skaamte tot vergifnis aanleiding. Skuld en skaamte wek gevoelens van blaam, woede, bitterheid en die behoefte na vergelding, terwyl vergifnis hierdie impulse kan verlig (Potter-Efron, 2005:195; Enright, 2003:15; Lamb & Murphy, 2002:7; Enright, 1996:117-118). McCullough, *et al*. (2009:7), Worthington (2006:272) en Plante en Sherman (2001:108) wys daarop dat vergifnis positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosie en gesonde sosiale interaksie geassosieer word. Vergifnis beïnvloed die mens se hele wese en morele optrede (McCullough, 2008:115; Ransley & Spy, 2004:15).

Vanuit bogenoemde bespreking blyk dit dat die implementering van gepaste intervensie en tegnieke baie belangrik in die terapeutiese hulpverlening aan mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar is. Dit is binne die veilige en empatiese vertrouensverhouding in terapie dat die adolessente hul verlies, woede en vrees vir veroordeling en verwerping sal openbaar (Worthington, 2006:272). Angyal (in Pingleton, 1989:32) stel dat: "*The experience of being forgiven implicitly by the therapist and set free from their bondage or entrapment of indebtedness, empowers clients to begin to forgive themselves and others*". Die navorser is van mening dat 'n *pastorale*

*Gestaltterapeutiese intervensiemodel* gebruik kan word om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Die probleemstelling dien as 'n rigtingaanduiding vir die navorser om die grense vir die navorsing te bepaal (Blaikie, 2000:45). In die probleemstelling word daar vasgestel watter aspekte, eienskappe of dimensies van die domeinverskynsel nagevors word (Mouton & Marais, 1992:39; Fouché, 2005c:116). Creswell (2003:80) definieer die navorsingsprobleem soos volg: *"A research problem is the issue that exists in the literature, in theory, or in practice that leads to a need for the study."* Volgens Mark (in Fouché, 2005c:116) moet die probleem verfyn word sodat die leser spesifiek kan weet wat in die studie ingesluit word en wat nie ingesluit word nie. Die navorser is van mening dat 'n goed geformuleerde probleemstelling op die uitvoerbaarheid van die navorsing dui.

Die navorser se persoonlike motief vir hierdie tema behels die vraag na die invloed van skuld, skaamte en vergifnis op mishandelde laat-adolessente. Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat die emosionele impak van skuld, skaamte en vergifnis 'n belangrike rol in die ontwikkeling van mishandelde laat-adolessente speel. Dit blyk dat skuld en skaamte aanleiding tot emosionele en psigososiale probleme kan gee. Dit kan 'n onvermoë om stabiele verhoudings op te bou en negatiewe psigiese response veroorsaak. Dit het tot gevolg dat die adolessente onderwerp word aan die vestiging van 'n bepaalde identiteit waaruit 'n verwronge selfbeeldvorming en negatiewe selfbeeld kan ontwikkel.

Daar bestaan by die navorser die leemte om terapeute te bemagtig om insig en sensitiwiteit ten opsigte van mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte te ontwikkel, asook om die adolessente terapeuties tot vergifnis van die oortreder en die self te begelei. In die navorser se eie ervaring, as studentepredikant en spelterapeut, blyk dit verder dat die hulpverlening vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* beperk is. McNish (2004:3) en Emmons (1999:875) bevestig die leemte wanneer hulle stel dat die mishandelde adolessente gehelp moet word in hul ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, omdat dit hul verhouding met God, ander en die self affekteer. Freedman

(2008:96) wys egter daarop dat *"... literature on forgiveness in the adolescent population is limited and inadequate".*

Die uitgangspunt in die navorsing is dat die mishandelde adolessente oor 'n geestelike dimensie wat ander dimensies as't ware omvou beskik. In hierdie geestelike dimensie staan die adolessente in 'n verhouding met God. Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat verskeie navorsers die ervaring en effek van skuldgevoel vanuit 'n Christelik-teologiese benadering (McNish, 2004; Steibert, 2002; Pattison, 2000; Capps, 1993), asook vanuit populêre Christelike self-help lektuur bestudeer het (Swindoll, 2004; Wilson, 2002; Altrock, 1998; Crabb & Allender, 1996; Smedes, 1994). Volgens Keylock (1975:852) is daar in die Bybel weinig verskil tussen skuld en sonde, omdat die konsepte dikwels afwisselend op dieselfde betekenis gerig word. Sonder 'n begripsverheldering en 'n teologiese raamwerk wat eksegeties verantwoord word, ontaard die hantering van skuld en skaamte maklik in 'n vorm van skulddwang wat die mens dwing tot berou (Louw, 1999b:467). Narramore (1984:148) en Lauer (1971:285) stel dat skuldgevoelens en skaamte mense nie motiveer tot opregte berou nie, maar om eerder weg te kruip, hulself te straf of hul eie oplossings te soek, in plaas van God se vergifnis.

Dit blyk dat skaamte nie 'n prominente onderwerp in teologiese diskoerse was nie. McNish (2004: 131, 137) bevestig die aanname en wys daarop dat daar in die huidige navorsing egter meer bemoeienis met skaamte as 'n sentrale begrip binne die Christelike teologie gemaak word. Thomas en Parker (2004:182) wys ook daarop dat daar 'n behoefte om 'n prakties-teologiese intervensie te ontwikkel vir die hantering van skuld en skaamte bestaan. Ernest Jones (in Allison, 2003:61) bevestig die navorser se motivering vir die keuse van die tema, wanneer hy stel dat:

> *"... the troubles from which the world suffers at present can, in my opinion, very largely be traced to the manifold attempts to deal with the inner sense of guiltiness, and therefore any contribution that will illuminate this particular problem will be of the greatest value".*

Die navorsing word vanuit beide die pastoraat en Gestaltteorie beskryf en benader. Dit impliseer dat die bestudering van geloof en religie by die mishandelde laat-adolessente ook 'n belangrike komponent van die navorsing

sal wees. Sells en Hargrave (1998:26) en Belgum (1970:18) beskryf skuldgevoelens as die plek waar godsdiens en psigologie die meeste by mekaar uitkom. Die besinning oor geloof en die rol daarvan in die navorsing van skuld, skaamte en vergifnis het dus aanleiding tot die vorming van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* gegee. Dit bring ook mee dat 'n *basisteorie en paradigmatiese perspektief* gevorm moet word wat as 'n kriterium kan dien om empiriese en/of fenomenologiese materiaal te orden (Louw, 1999b:4).

In aansluiting by die binding wat tussen die bestaans- en geloofsfunksie van mishandelde adolessente voorkom, is die rol wat geloof in Gestaltterapie speel verken. Williams (2006:8), Ransley, *et al*. (2004:5) en Harris (2000:2) wys daarop dat daar vanuit 'n religieuse Gestalt perspektief effektief hulp aan mishandelde adolessente verleen kan word, omdat vergifnis 'n essensiële deel van berading en psigoterapie is. 'n Historiese bron, Young (1981:219), stel dat *"The Christian therapist can help the suffering individual to reach the true problem by emphasizing his or her worth in God's sight"*.

Die navorser se doel met die navorsing was om 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* te formuleer om die beweging van skuld en skaamte na vergifnis te fasiliteer. Worthington, *et al.* (2006:32) en Walrond-Skinner (1998:6) maak die opmerking dat, alhoewel die Bybel dit duidelik stel dat die mens moet vergewe, dit min leiding bied hoe hierdie proses moet verloop. Enright en Reed (2007:1), Colbert (2003:171), Worthington (2003:73) en Stoop en Masteller (1996:169) wys daarop dat vergifnis as 'n stap-vir-stap proses beskou moet word.

Die navorsingsprobleem was soos volg geformuleer:

- *Mishandelde laat-adolessente ervaar selfbewuste emosies van skuld en skaamte wat hulle vergifnis van die oortreder en die self beïnvloed. Ten spyte van bestaande navorsing blyk dit dat daar 'n leemte bestaan om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie na vergifnis te begelei.*

Vanuit die navorsingsprobleem volg die bepaling van die navorsingsdoel en -doelstellings wat die teoretiese perspektief van die navorsingstrategie bepaal.

Om 'n sinvolle antwoord op bogenoemde navorsingsprobleem te verkry, is die volgende doel en doelwitte vir die navorsing gestel.

## 1.4 DOEL, DOELWITTE, NAVORSINGSVRAAG EN TEORETIESE VERTREKPUNTE

In die lig van die probleemformulering word aandag aan die doel en doelwitte vir die navorsing gegee. Mouton & Marais (1992:44) meen dat 'n navorsingsdoelstelling 'n breë aanduiding is van wat met die navorsing bereik wil word. Fouché & De Vos (2005a:104) verdeel die doel van die navorsing in twee dele, naamlik 'n oorhoofse doel wat na die eindpunt van die navorsing verwys en die doelwitte wat meer gerig is op die konkrete en meetbare stappe om die doel te bereik. Die doel en doelwitte van hierdie navorsing kan soos volg uiteengesit word:

### 1.4.1 Doel

Volgens Neuman (2003:29) kan die doel van 'n studie in drie groepe verdeel word, naamlik die verkenning van 'n onderwerp, die beskrywing van 'n sosiale fenomeen en die verklaring van waarom iets gebeur. Die formulering van 'n doel vir die navorsing word deur die finale uitkoms wat vir die navorsing gevisualiseer word bepaal (Fouché, 2005b:104; Mouton & Marais, 1992:42).

- *Die doel met die navorsing is om, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel, mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.*

### 1.4.2 Doelwitte

Volgens Fouché & De Vos (2005a:105-106) kan doelwitte in verkennende, beskrywende en verklarende navorsingsdoelwitte vir korrelasie-, evaluerende-, intervensie- en deelnemende aksie verdeel word.

- Die onderwerp van skuld en skaamte is al nagevors, maar die navorser wou bekend met die onderwerp raak, aangesien daar leemtes in die beweging van skuld en skaamte na vergifnis bestaan. Verkennende navorsing word

normaalweg gedoen om 'n onderwerp te eksploreer of om die onderwerp meer bekend te maak (Neuman, 2003:29; Babbie & Mouton, 2001:79-80). Delport & Fouché (2005:351) meen dat 'n verkennende studie aanleiding tot die ontwikkeling van nuwe konsepte en teorieë gee. Volgens Mouton (1996:103) kan die navorser vanuit empiriese data belangrike patrone identifiseer en dit met bestaande literatuur kontroleer om feite daar te stel. Bevindinge wat uit die verkennende studie spruit, word in die navorsingsverslag aangedui.

- Die navorser het vir die doel van hierdie navorsing op "waarom?" die mishandelde laat-adolessent skuld en skaamte ervaar gefokus en "hoe" 'n beweging van skuld en skaamte na vergifnis gefasiliteer kan word. Fouché & De Vos (2005a:106) beskryf beskrywende navorsingsdoelwitte as navorsing wat 'n beeld van spesifieke besonderhede van 'n situasie, sosiale opset of verhouding, wat fokus op die "hoe" en "waarom" vrae, skep.

Die doelwitte om bogenoemde doel te bereik (soos by 1.4.1 geformuleer) is verkennend en beskrywend van aard.

a) *Om 'n basisteoretiese en paradigmatiese perspektief as raamwerk waarbinne alle komponente van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word te ontwikkel;*

b) *om 'n teoretiese raamwerk waarbinne alle komponente van mishandeling, laat-adolessensie, skuld, skaamte en vergifnis binne die konteks van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word te ontwikkel;*

c) *om alle aspekte, komponente en elemente van 'n intervensiemodel, toepaslik op die teoretiese verwysingsraamwerk, te ontwikkel en te bespreek;*

d) *om deur middel van empiriese navorsing die ontwikkelde terapeutiese intervensiemodel met metingskale en onderhoude te implementeer en te evalueer;*

e) *om gevolgtrekkings en aanbevelings waaruit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie dissemineer te maak.*

### 1.4.3 Navorsingsvrae

Gebaseer op die feit dat hierdie studie volgens ŉ gemengde metode van data-insameling binne ŉ verkennende en beskrywende konteks gedoen word, is dit volgens Fouché (2005b:103) gepas om ŉ navorsingsvraag te formuleer. Volgens De Vos (2005a:34) is ŉ navorsingsvraag die antwoord op die vrae "wat", "watter", "waarom" en "hoe". Deur die navorsingsvraag is die navorser in staat om op dit waartoe die navorsing lei te fokus en wat die verwagte uitkoms kan wees (Fouché & Delport, 2005a:80-81). Volgens De Vos (2005a:32) moet die stelling deur die navorsing getoets word voordat dit as ŉ geldige teorie of deel van ŉ geldige teorie aanvaar kan word. Blaikie (2000:60) beklemtoon die nodigheid van ŉ navorsingsvraag wanneer hy dit soos volg stel: *"…a research project is built on the foundation of its research questions".*

Tydens die formulering van die navorsingsprobleem, -doel en doelwitte het die volgende vrae ontstaan:

- *Wat sal die mees toepaslike komponente vanuit die literatuurstudie vir ŉ teoretiese raamwerk en proses vir ŉ pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel wees om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei?*
- *Wat is die benuttingswaarde van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel?*

### 1.4.4 Teoretiese vertrekpunte

Die navorser se Christelike perspektief word deur ŉ Gestalt fenomenologiese wêreldbeskouing aangevul. Laat-adolessente moet eerstens gesien word as unieke skepsels van God en andersyds as ŉ psigofisiese eenheid wat meer as die somtotaal van hul menslike eienskappe is. Vanuit ŉ holistiese beskouing en deur die benutting van intervensie, is laat-adolessente en hul omgewing in kontak met mekaar gebring (Oaklander, 2007:22). Mishandelde laat-adolessente is begelei om met die nodige bewustheid te fokus op dit wat op hul voorgrond was, naamlik hul emosionele ervaring van skuld, skaamte en vergifnis. Die uitgangspunt was dat die adolessente oor ŉ geestelike dimensie beskik en in ŉ verhouding met God staan. Tussen die psigiese en die fisieke

vind daar 'n interaksie plaas wat meebring dat die adolessente hul ervaringswêreld as totale mens ervaar en as totale mens daarop reageer (Blom, 2006:17; Corey, 2005:193; Aronstam, 1992:632).

Skuld en skaamte is menslike selfbewuste of selfblaam emosies wat belangrike funksies op beide individuele en verhoudingsvlakke vervul (Dutton, 2006:201; Tangney & Dearing, 2004:2). Wanneer skuld en skaamte ongepas of irrasioneel voorkom, kan dit tot die vorming van 'n neurotiese leefwyse van skaamte, woede, angs, skuldgevoel, depressie en antisosiale gedrag lei (Browning, *et al.*, 2004:58). Die resultaat van pynlike traumatiese gebeure (soos mishandeling) skep 'n behoefte na vergifnis as gevolg van skuld en skaamte (Enright, 2003:15). Browning, *et al.* (2004:57) en Enright (2003:15) stel dat die studie van vergifnis 'n teologiese term is wat gebruik kan word om 'n psigologiese proses te verduidelik. Vanuit 'n interpersoonlike perspektief kan vergifnis gebruik word om die adolessente te bemagtig om pynlike ervarings te hanteer (Pattison, 2000:209). 'n Beweging tot vergifnis en selfvergifnis kan 'n herstel in die verhouding met God, die self en ander bring en hoop vir die toekoms herstel (Worthington, 2006:9; McCullough, *et al.*, 2001:17).

Besinning oor geloof en die rol daarvan in die navorsing van skuld, skaamte en vergifnis gee tot die vorming van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese* basisteorie en paradigmatiese perspektief aanleiding. In die beskrywing van die basisteorie en paradigmatiese perspektief het die navorser die metodologiese model van Zerfass (Heitink, 1999:113; Heyns & Pieterse, 1998:34-35; Heyns & Pieterse, 1991:36-40; Zerfass, 1974:164-177) bestudeer. Die waarde van Zerfass se model is dat dit die empiriese werklikheid verreken sonder om die wetenskaplike karakter van beide die pastoraat of die Gestaltterapeutiese teorie verlore te laat gaan. In die navorsing word nie 'n keuse tussen pastoraat óf die Gestaltterapeutiese teorie as studie-objek gemaak nie, maar word die wisselwerking tussen die twee werklikhede in 'n dialektiese verhouding beklemtoon. Pastoraat sal 'n normatiewe karakter dra terwyl die Gestaltterapeutiese teorie 'n beskrywende karakter dra.

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING

Die navorsing is vanuit die gemengde kwalitatiewe-kwantitatiewe benadering onderneem om genoegsame detail rondom die tema van die navorsing te verkry (Ivankova, *et al.*, 2007:260; De Vos, 2005c:360-366; Creswell, 2003:195). In die *kwantitatiewe* navorsing word daar klem op die normatiewe gelê en poog die kwantitatiewe navorsing om die sosiale werklikheid objektief te verklaar (Fouché & Delport, 2005a:73). In teenstelling met die kwantitatiewe benadering is die *kwalitatiewe* benadering nie objektief nie maar subjektief en probeer dit die mishandelde adolessente binne hul sosiale konteks verstaan. Fouché en Delport (2005a:73) verwys na die kwalitatiewe navorsingsbenadering as navorsing wat respondente se ervarings, belewenisse, betekenisse of persepsies aan die lig bring.

In hierdie navorsing was daar van die dominante-minder-dominante model gebruik gemaak (Creswell in De Vos, 2002:366). Die navorser het die navorsing oorwegend vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem. Volgens De Vos (2005c:357) en Neuman (2003:16, 139) verskil kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing op 'n betekenisvolle wyse, maar komplementeer mekaar in die sin dat navorsing dikwels gekombineerde eienskappe van beide kan bevat. De Vos (2005c:360) verwys soos volg na die gekombineerde of gemengde metode: *"Mixed-method studies are those that combine the qualitative and quantitative approaches into the research methodology of a single study or multiphased study".*

- In hierdie navorsing behels die ***kwalitatiewe benadering*** die gebruik van toegepaste intervensie in 'n intervensienavorsingsmodel (De Vos, 2005e:394). As 'n vorm van toegepaste navorsing is intervensienavorsing daarop gerig om lig te werp of die moontlike oplossings vir praktiese probleme te voorsien (De Vos, 2005e:394). Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is as 'n prototipe of inleidende intervensie ontwikkel deur Enright se vergifnis prosesmodel (in Enright & Rique, 2004:13; Enright & North, 1998:52) en komponente van sowel die pastorale basisteorie as die Gestaltterapeutiese proses, soos dit deur Blom (2006:237-238), Schoeman (2006:8-49; 1999:13) en Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56) opgestel is, as riglyn te gebruik. Ongestruktureerde onderhoude is ook na intervensie gevoer om te bepaal of die intervensie effektief was.

Die navorser was van mening dat die kwalitatiewe benadering gepas was om die verskeidenheid inligting in te samel en sodoende die kennis vir navorsing daar te stel.

- In hierdie navorsing behels die ***kwantitatiewe benadering*** die meting van respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, met behulp van drie gestandaardiseerde metingskale, voor en na intervensie. Die metingskale, SSGS (*State Shame and Guilt Scale*) (Tangney & Dearing, 2004), HFS (*Heartland Forgiveness Scale*) (Thompson, *et al*., 2005) en EFI (*Enright Forgiveness Inventory*) (Enright & North, 1998:52; Enright & Rique, 2004), is in Bylae E, F en I aangeheg. Dit dien as vertrouenswaardigheidstrategie vir die kwalitatiewe komponent van die navorsing (De Vos, 2005b:346). Die metingskale sal die navorser in staat stel om te bepaal of daar 'n verbetering in die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis plaasgevind het, asook of die intervensie in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word. Die doel van die kwantitatiewe navorsing was nie om veralgemening na die breër populasie moontlik te maak nie, maar om as ondersteunende bron te dien en die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe data te versterk (De Vos, 2005b:346).

## 1.6 SOORT NAVORSING

In die navorsing is daar van *toegepaste intervensienavorsing* met 'n verkennende en beskrywende aard gebruik gemaak (Delport & Fouché, 2005:351; De Vos, 2005e:392-407). In die intervensienavorsing het die navorser verkennend te werk gegaan en 'n beskrywende strategie het daarop gevolg. Uitstaande temas, patrone of kategorieë wat verken en van betekenis is, is in die vorm van beskrywende navorsing in Hoofstuk 9 weergegee. Volgens Fouché en De Vos (2005a:105), Blaikie (2000:49) en Hart (1998:46) beteken dit dat die toegepaste navorsing, aanbevelings en oplossings vir die probleem wat die mishandelde adolessente ervaar bied. Die navorser se induktiewe metode van beredenering het hom gelei om neutraal te bly in die insameling en analisering van konsepte wat deur middel van woorde, aanhalings en ontledings

beskryf is. Respondente is waargeneem en elke sessie is met behulp van verslagskrywing beskryf (Yin, 2003a:4).

Die navorser het sy navorsingsvrae beantwoord deurdat hierdie studie spesifiek met die oog op die praktiese oplossing van 'n maatskaplike probleem onderneem is. Met hierdie studie is mishandelde laat-adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, se belewenis ondersoek, geassesseer en verken. Moontlike probleme wat die adolessente ervaar, is geïdentifiseer, waarna die navorser aanbevelings gemaak het. Beskrywend is daar gepoog om die skuld, skaamte en vergifnis van mishandelde laat-adolessente te verstaan deur die detail van die elemente wat daarvan 'n verskynsel maak, waar te neem, en sodoende 'n empiriese basis vir geldige argumentering te bied (Zaaiman, 2003:17). Daar is verkennend en verklarend na die mees toepaslike komponente vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel om mishandelde laat-adolessente na vergifnis te begelei, gesoek.

Intervensienavorsing, soos in Bylae J uiteengesit, word as 'n fasemodel wat uit die volgende ses fases bestaan beskou (De Vos, 2005e:392-407):

Fase 1 Probleemanalise en projekbeplanning

Fase 2 Inligtinginsameling en sintese

Fase 3 Ontwerp

Fase 4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

Fase 5 Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Fase 6 Verspreiding

Die fases in die intervensienavorsingsmodel fokus op die verkennende en beskrywende aard van die navorsing. Die fases word in 1.8 breedvoerig bespreek.

## 1.7 NAVORSINGSTRATEGIE

Die doel van die navorsing, navorsingsvrae, die vaardigheid en beskikbare bronne, bepaal die verskillende navorsingstrategieë. Elke strategie het 'n eie metode van data-insameling en tegnieke vir data-ontleding (Fouché & Delport, 2005a:81-84). Volgens Fouché (2005d:268) het navorsers 'n wye

verskeidenheid strategieë om van te kies. Cresswell (in Fouché, 2005d:269) identifiseer vyf strategieë wat volgens hom verskillende dissiplines voorstel, gedetailleerde prosedures het en waarvan bewys is dat dit gewild is en die meeste deur navorsers gebruik word, naamlik: biografie, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie en gevallestudie.

Die navorser het 'n gemengde metode meervoudige *gevallestudie navorsingstrategie* met die doel om mishandelde laat-adolessent se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese basisteorie en paradigmatiese perspektief te verken en te beskryf gebruik. 'n Gevallestudie kan as die ondersoek of in-diepte analise en beskrywing van 'n "gebonde sisteem" in 'n enkel of verskeie gevalle, oor 'n periode gesien word (Yin 2003:40; Creswell, 1998:15). Yin (2003:53) beveel die meervoudige gevallestudie aan omdat dit die voordeel inhou dat dit herhaal kan word, die gevolgtrekkings uit meer gevalle na vore kom en in meer as net 'n enkele geval geanaliseer word. Die feit dat die konteks van elke geval kan verskil dra ook tot die rykheid van die data by, waar elke geval holisties benader word in sy eie konteks (Yin 2003:40). Volgens Mark (in Fouché 2005e:272) verbreed die gevallestudie die navorser se begrip van 'n sosiale kwessie of populasie wat bestudeer word.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

Die navorser het van die intervensienavorsingontwerp in 'n meervoudige gevallestudie gebruik gemaak en die enkelsisteemontwerp in die intervensienavorsing geïnkorporeer. Intervensienavorsing soos wat die navorser dit met integrering van die enkelsisteemontwerp toegepas het, bied 'n gepaste raamwerk om die navorsing te beskryf. Die enkelsisteemontwerp maak dit moontlik om die vordering of regressie met die intervensiemodel ten opsigte van elke geval in die gevallestudie te meet. Sodoende is die navorser in staat gestel om te bepaal of daar 'n verbetering in die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis plaasgevind het. Dit het ook die effektiwiteit van die intervensiemodel bepaal. Strydom (2005e:145) beskryf die enkelsisteemontwerp soos volg: *"Single-system designs is a set of empirical procedures used to observe change in an identified target that is measured repeatedly over time".*

Die spesifieke enkelsisteemontwerp wat in hierdie navorsing toegepas is, behels die A-B-A ontwerp wat deel van die basiese eksperimentele ontwerpe as 'n kategorie onder enkelsisteemontwerpe uitmaak. In die enkelsisteemontwerp word die intervensiemodel deur drie gestandaardiseerde metingskale voor en na intervensie getoets. Die eerste A verteenwoordig die basislyninligting, B verteenwoordig die intervensie en die tweede A verteenwoordig die tweede basislyninligting na die intervensie. Volgens Strydom (2005e:146-147) is daar in die A-B-A enkelsisteemontwerp twee vergelykings moontlik, naamlik tussen die eerste basislyn en die intervensie, en tussen die intervensie en die tweede basislyn. Die aanbieding van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* binne 'n enkelsisteemontwerp verhoog die vertrouenswaardigheid van die navorsing, omdat die intervensiemodel deur drie metingskale voor en na intervensie getoets is. Die enkelsisteemontwerp word in 1.9.3 bespreek en in die intervensienavorsingontwerp in Hoofstuk 8 geïntegreer. Die navorsingsprosedure word vervolgens breedvoerig bespreek:

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Die ontwikkeling van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* word aan die hand van die intervensienavorsingsmodel bespreek. Deur die benutting van pastoraat en Gestaltterapie is mishandelde laat-adolessente begelei om met die nodige bewustheid op dit wat op hul voorgrond is te fokus ten einde selfregulering van hul emosionele belewenis te bereik. Vanuit hierdie raamwerk is daar gepoog om die gekoördineerde samewerking tussen pastoraat en Gestaltterapie daar te stel, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.

Die ses fases van intervensienavorsing is in Bylae J en K uiteengesit, ten einde die navorsingsprosedures en werkswyse te illustreer (De Vos, 2005e:392-407). Vervolgens word die fases wat in die navorsing deurloop is bespreek:

### 1.9.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Die identifisering van die navorsingsonderwerp het deur waarneming in die praktyk en bestudering van die onderwerp in die literatuur plaasgevind (Fouché,

2005d:272; Fouché & Delport, 2005a:83). Sosiale probleme kan volgens Hastings (in De Vos, 2005e:395) as omstandighede in die gemeenskap wat 'n negatiewe effek op die samelewing het, gedefinieer word. In die navorsing blyk dit dat mishandeling 'n negatiewe effek op adolessente in die samelewing het en kan dit as 'n sosiale probleem beskou word. Die navorser het die navorsingsprobleem breedvoerig in 1.3 geformuleer en bespreek. Dit blyk dat mishandelde laat-adolessente emosies van skuld en skaamte ervaar wat hulle vergifnis van die oortreder en die self kan belemmer. Ten spyte van bestaande navorsing blyk dit dat daar 'n leemte bestaan om die adolessente, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese perspektief, na vergifnis te begelei.

#### 1.9.1.1 Identifisering en betrekking van kliënte

Vanuit die navorser se eie ervaring, as studentepredikant en spelterapeut, het hy al meer bewus van mishandelde studente wat aanmeld vir hulp geword. As deel van die navorser se gereelde kontak met die studente en gesprekke met ander kundiges is die mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar vir die navorsing geïdentifiseer. Die populasie vir die navorsing is ook uit mishandelde adolessente saamgestel wat 'n Christelike geloofsoortuiging het en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom Studentegemeente is.

#### 1.9.1.2 Verkry toegang en samewerking van instellings

Die navorser het die navorsing by die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom Studentegemeente uitgevoer. Skriftelike toestemming is van die kerkraad verkry om die navorsing in die gemeente te doen, nadat die navorser die doel en doelwitte van die navorsing duidelik deurgegee het (Bylae A en B).

#### 1.9.1.3 Identifiseer die bekommernisse en probleme van die populasie

In die intervensienavorsing is objektief en verkennend te werk gegaan. Voordat die navorser enige deelnemer of ander kundiges kon nader om die navorsing te doen, is 'n agtergrondstudie oor die navorsing gedoen. Die doelwitte en die navorsingsvrae wat as riglyn vir die gesprek met potensiële deelnemers en

ander kundiges gedien het, is geformuleer. Met behulp van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude is die deelnemers en kundiges se persepsie en benadering tot die navorsing ontgin (Greeff, 2005:296). Die navorser het die probleem van die populasie probeer verstaan en die navorsing op dit wat in belang van die populasie was, gerig (De Vos, 2005e:397).

Die identifikasie van die probleem in die populasie het die navorser gehelp om riglyne vir die navorsing daar te stel en die navorsingsveld af te baken (Strydom, 2005b:205). Deur samewerking met belanghebbende persone en kundiges is die navorsingsprobleem duidelik geïdentifiseer waarna beplanning van die navorsing om die geselekteerde intervensie te implementeer gedoen is (De Vos, 2005e:396). 'n Holistiese beeld van bestaande kennis is ook verkry in die gesprekke en onderhoude met:

- maatskaplike werkers van die SAVF, KMR en Ondersteuningsraad;
- predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk;
- die rektor, professor Annette Combrink; die studentedekaan, professor Hendré Reyneke; professor Minrie Greeff en professor Alida Nienaber van Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus;
- dokter Emile Kotze, hoof van die Gesondheidsentrum van Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.

#### 1.9.1.4 Analiseer geïdentifiseerde probleem

Nadat die kennis van potensiële deelnemers en kundiges op die navorsingsgebied bekom is (Strydom, 2005b:205) het die behoefte na vore gekom om vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. Die navorser het die behoefte wat na vore gekom het in die navorsingsprobleem in 1.2 en 1.3 bespreek en dit soos volg geformuleer:

- *Mishandelde laat-adolessente ervaar selfbewuste emosies van skuld en skaamte wat hulle vergifnis van die oortreder en die self beïnvloed. Ten spyte van bestaande navorsing blyk dit dat daar 'n leemte bestaan om*

*mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie na vergifnis te begelei.*

Dit blyk dat mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte hul gesonde ontwikkeling kan beïnvloed. Dit kan hulle vermoë om stabiele verhoudings op te bou beïnvloed, asook hulle selfbeeldvorming wat tot emosionele probleme en psigiese response aanleiding gee. Skuld en skaamte, as selfbewuste emosies, blyk 'n multidimensionele fenomeen te wees wat nie net mishandelde adolessente se eie funksionering beïnvloed nie, maar ook hul familie, gemeenskap en samelewing. Dit blyk egter vanuit die literatuurstudie dat emosionele verligting verkry kan word in 'n proses om die oortreder en die self te vergewe. Ten spyte van die bestaande navorsing blyk dit dat daar 'n leemte om die adolessente, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese perspektief na vergifnis te begelei bestaan.

Die navorsingsvrae is na die literatuurstudie en semi-gestruktureerde onderhoude met potensiële deelnemers en kundiges op die navorsingsgebied, geformuleer en in 1.4.3 beskryf:

- *Wat sal die mees toepaslike komponente vanuit die literatuurstudie vir 'n teoretiese raamwerk en proses vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel wees om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei?*
- *Wat is die benuttingswaarde van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel?*

#### 1.9.1.5 Doelstelling en doelwitte

Na afloop van die probleemanalise het die navorser die navorsingsdoel geformuleer, soos in 1.4.1 beskryf.

- *Die doel met die navorsing is om, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel, mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.*

Die doelwitte om bogenoemde doel te bereik is verkennend en beskrywend van aard, soos in 1.4.2 uiteengesit.

a) *Om 'n basisteoretiese en paradigmatiese perspektief as raamwerk waarbinne alle komponente van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word te ontwikkel;*

b) *om 'n teoretiese raamwerk waarbinne alle komponente van mishandeling, laat-adolessensie, skuld, skaamte en vergifnis binne die konteks van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word te ontwikkel;*

c) *om alle aspekte, komponente en elemente van 'n intervensiemodel, toepaslik op die teoretiese verwysingsraamwerk, te ontwikkel en te bespreek;*

d) *om deur middel van empiriese navorsing die ontwikkelde terapeutiese intervensiemodel met metingskale en onderhoude te implementeer en te evalueer;*

e) *om gevolgtrekkings en aanbevelings waaruit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie dissemineer te maak.*

### 1.9.2 Fase 2: Inligting insameling

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om ondersoek na bestaande navorsing in te stel, voor daar met die navorsing begin word (De Vos, 2005e:398). Met behulp van die literatuurstudie het die navorser bestaande navorsing bestudeer om te bepaal wat reeds gedoen is ten einde die probleem te verstaan en aan te spreek. Die identifisering en selektering van toepaslike inligting en die gebruik en integrering van gepaste inligtingsbronne het deel van die kennisverwerwing gevorm. Die beoogde uitkoms van hierdie fase was die verwerwing van funksionele elemente wat ook in die ontwikkeling van die intervensiemodel geïnkorporeer kon word.

#### 1.9.2.1 Gebruik bestaande inligtingsbronne

'n Literatuursoektog wat 'n elektroniese soektog ingesluit het, was 'n fundamentele fase in die ontwikkeling van die navorsingsprojek. Volgens Strydom (2002:211) bepaal dit die betekenis van die navorsing aangesien dit die navorser op datum met bestaande kennis gebring het. Die literatuurstudie is

veral belangrik aangesien dit as riglyn vir die navorsing gedien het (Fouché & Delport, 2005c:262). Fouche & Delport (2005b:125) stel dat *"... it shows the path of prior research and how the current project is linked to the former".* Daarom beveel Moustakas (in Fouché & Delport, 2005c:264) aan dat die literatuurstudie die data insameling voorafgaan.

Die literatuurstudie het aan die navorser die geleentheid gebied om toepaslike literatuur oor die onderwerp te bestudeer en te bepaal watter antwoorde reeds in verband met die navorsingsprobleem bestaan. Volgens Fouché en Delport (2005b:125), Neuman (2003:446) en Thyer (2001:402) plaas 'n literatuurstudie die navorsingsonderwerp binne konteks. Die navorser is van mening dat die literatuurstudie tot die verstaan en interpretasie van die betekenis wat respondente aan hul alledaagse lewe gee bygedra het (Fouché, 2005d:269). In die navorsing is die literatuurstudie aangewend om die gevallestudie te verklaar en aan die einde van die navorsing die ontwikkelde teoretiese model te vergelyk en teenstelling uit te wys (Creswell in Fouché & Delport, 2005c:265). Leedy (1993:149) beskryf hierdie doel van literatuurstudie soos volg: *"... to make comparisons, build theory, or propose generalizations".*

Ten einde die navorsingsprobleem te formuleer, die navorsingsvrae af te baken en leemtes in bestaande navorsing te identifiseer, het die navorser nasionale en internasionale literatuur bestudeer. Literatuur uit verwante professies, soos sielkunde, opvoedkunde, maatskaplike werk en teologie, het tot die uitvoerbaarheid van die navorsing bygedra. Verskeie bronne waaronder boeke, vaktydskrifte, skripsies en internetbronne is geraadpleeg om die mees resente inligting oor die veld van ondersoek te bekom. Hierdeur het die navorser sy visie verbreed en herhaling voorkom.

#### 1.9.2.2 Bestudeer natuurlike voorbeelde

Waarneming van hoe gemeenskappe poog om die probleem van mishandeling en vergifnis te hanteer, is 'n waardevolle bron van inligting. Vanuit die navorser se eie ervaring, as studentepredikant en spelterapeut, het hy van die leemte wat bestaan om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* te begelei tot vergifnis van die oortreder en die self bewus geword.

#### 1.9.2.3 Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle

Die navorser het ondersoek na reeds bestaande navorsing ingestel en bruikbare elemente vir die intervensienavorsing geïdentifiseer (De Vos, 2005e:400). By die oorweging van suksesvolle intervensiemodelle het die navorser van die volgende modelle gebruik gemaak:

- Eerstens het die navorser tydens die literatuurstudie 'n *pastorale basisteorie* (Hoofstuk 2) binne die *Gestaltterapeutiese perspektief* (Hoofstuk 3) as 'n bruikbare paradigmatiese perspektief gevind vir die intervensienavorsing. Die vorming van die paradigma is op 'n bipolêre multidissiplinêre benadering geskoei wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind. Hierdeur konstrueer die *pastorale Gestaltterapeutiese perspektief* 'n Christelike wêreldbeskouing in samehang met menslike ervaring en kennis, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.

  In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser komponente van beide die pastoraal teologiese en Gestaltterapeutiese benadering tot skuld, skaamte en vergifnis gebruik. Die uiteensetting van die Gestaltterapieproses, soos dit deur Blom (2006:237-238), Schoeman (2006:8-49; 1999:13) en Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56) opgestel is, vorm deel van die eenheid in die hulpverleningsproses aan mishandelde adolessente. In die ontwerp van die intervensiemodel het die navorser komponente van die *Schoeman-werkmodel* gebruik (soos in 3.7.1 beskryf).

- Tweedens het die navorser tydens die literatuurstudie Enright se vergifnis prosesmodel (EFI) (Enright & Rique, 2004:13; Enright & North, 1998:52) as 'n bruikbare riglyn vir die navorsing gevind. In die literatuurstudie het verskeie navorsers soos Worthington (2006), McCulloug (2008), Browning, *et al.* (2004) en Fitzgibbons (1998) daarop gewys dat die vergifnis prosesmodel van Enright 'n basis vir ander vergifnismodelle vorm. Die navorser het die formaat van Enright se vergifnis prosesmodel baie sinvol gevind en dit tydens die ontwerp van die intervensiemodel as riglyn benut (soos in 7.6.4 beskryf). As gevolg van kopiereg op Enright se vergifnis prosesmodel (EFI) het die

navorser *“The Enright Forgiveness Inventory Manual, Test Book, Scoring Key“* en *“The Enright Forgiveness Inventory Instrument and scoring Guide“* van Mind Garden uitgewers aangekoop. Die navorser het ook die toestemming van dr Robert Enright en Mind Garden uitgewers ontvang om die *Enright Forgiveness Inventory* (EFI) in die navorsing te gebruik en 'n beperkte voorbeeld te publiseer (toestemming is in Bylae G en H aangeheg).

### 1.9.3 Fase 3: Ontwerp

Die navorsingsontwerp wys op die plan van die navorser om die navorsing uit te voer. Dit behels die ontwerp van 'n waarneembare sisteem en spesifieke prosedure-elemente van die intervensie (De Vos, 2005e:394).

#### 1.9.3.1 Ontwerp 'n waarneembare sisteem

Die navorser het verskeie navorsingsbenaderings bestudeer en die mees geskikte benadering vir die navorsingstudie bepaal. Die navorser het die keuse tussen 'n kwantitatiewe, kwalitatiewe of gekombineerde navorsing gemaak (Fouché & Delport, 2005a:80). Tydens hierdie ondersoek is hoofsaaklik op die *gemengde metode* kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering besluit, soos in 1.5 beskryf.

Die navorser het 'n maatstaf ontwerp om gebeurtenisse wat met die omvang van die probleem verband hou waar te neem, asook 'n metodesisteem om die gevolge na die intervensie te bepaal (De Vos, 2005e:400). Deur die literatuurstudie, intervensieresultate en gestandaardiseerde metingskale is mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis verklaar en beskryf. Daar is gepoog om dit deur die detail van die elemente wat daarvan 'n verskynsel maak, waar te neem en te verstaan en sodoende 'n empiriese basis vir geldige argumentering te bied (Zaaiman, 2003:17). Die navorsingsmetode word in Bylae K uiteengesit.

Die navorser het van toegepaste intervensie (De Vos, 2005e:394) binne 'n A-B-A enkelsisteemontwerp in 'n meervoudige gevallestudie gebruik gemaak. Daar is op die enkelsisteemontwerp besluit ten einde die vordering of regressie by mishandelde adolessente te bepaal. Die drie gestandaardiseerde metingskale,

vir die meting van skuld, skaamte en vergifnis, is voor en na intervensie voltooi. Dit het die navorser in staat gestel om te bepaal of daar 'n verskuiwing in die respondente se ervaring van skuld en skaamte plaasgevind het, asook of die intervensie in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word. Die volgende komponente van die enkelsisteemontwerp is as 'n waarneembare sisteem vir die toegepaste intervensie gebruik (Strydom, 2005e:148-149).

- *Afhanklike veranderlike*: Die navorser het verwag dat daar 'n verbetering in die mishandelde laat-adolessent wat skuld en skaamte ervaar se vergifnis van die oortreder en die self sal plaasvind. Die skuld, skaamte en vergifnis van die respondent is dus die afhanklike veranderlike.
- *Onafhanklike veranderlike*: Die navorser het verwag dat die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel die skuld, skaamte en vergifnis van die respondent sal verbeter. Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is dus die onafhanklike veranderlike.
- 'n Hipotese wat die navorsingsvrae kan beantwoord is soos volg geformuleer: *Die implementering van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel vir mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal hulle na vergifnis van die oortreder en die self begelei.*

Die intervensiemodel is geïmplementeer en geëvalueer ten einde te bepaal of daar enige verandering by die respondente ingetree het, wat toegeskryf kan word aan hul deelname aan die intervensieprogram. Die verwagte gevolgtrekking deur die navorsing, is om vanuit die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* te bepaal dat mishandelde laat-adolessent wat skuld en skaamte ervaar, wel na vergifnis begelei kan word.

#### 1.9.3.1.1 Geldigheid en betroubaarheid van metingskale

In die navorsing was dit nie vir die navorser nodig om die geldigheid en betroubaarheid van die metingskale te toets nie, aangesien dit gestandaardiseerde metingskale is. Die navorser het van drie metingskale gebruik gemaak om die adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, *voor* en *na* intervensie te meet. 'n Voorbeeld van die metingskale is in

Bylae E, F en I aangeheg. ŉ Beskrywing van die betrokke meetinstrumente en aspekte met betrekking tot die geldigheid en betroubaarheid daarvan word vervolgens bespreek.

#### 1.9.3.1.1.1 State Shame and Guilt Scale (*SSGS*) (Tangney & Dearing, 2004:239)

Die *State Shame and Guilt Scale* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se skaamte, skuld en selfwaarde (trots) te bepaal. Dit is ŉ selfevaluering van die emosies skaamte, skuld en trots soos die respondente dit op die huidige oomblik ervaar. Die *SSGS* bestaan uit 15 items in die vorm van stellings. Op grond van die navorsing en bevindings van Tangney en Dearing (2004:239) kan drie subskale vir die *SSGS* bereken word naamlik; a) *skaamte, b) skuld, c) selfwaarde (trots)*. Die 15 items bestaan uit vyf items vir elk van die drie subskale en die respondente dui op ŉ vyfpunt-Likertskaal aan in watter mate die stelling hulself beskryf. Die tellings vir elk van die items in die drie subskale moet gereflekteer word alvorens ŉ totaaltelling verkry word. Die bogenoemde skaamte, skuld en selfwaarde (trots) emosies word ook in ŉ enkele *SSGS* faktortelling weergegee. ŉ Voorbeeld van die metingskaal is in Bylae E aangeheg.

- **Skaamte**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 2, 5, 8, 11 en 14, en dui die mate waartoe die respondent skaamte ervaar aan.

- **Skuld**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 3, 6, 9, 12 en 15, en dui die mate waartoe die respondent skuld ervaar aan.

- **Selfwaarde (trots)**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 1, 4, 7, 10 en 13, en dui die mate waartoe die respondent selfwaarde (trots) ervaar aan.

**Geldigheid en betroubaarheid**

Geldigheidstudies deur Murray en Ciarrocchi (2007), Tangney en Dearing (2004), Marschall (1996) en Marschall, Sanftner, en Tangney (1994) het aangetoon dat die metingskaal gebruik kan word om die self evaluerende

emosies te bepaal. Die *SSGS* is oorspronklik as 'n voor en na toetsing van skaamte en empatie in 'n empiriese studie ontwikkel (Marschall, 1996). Volgens Tangney en Dearing (2004:240) is die items vir elke subskaal vanuit empiriese en teoretiese literatuur opgestel. In onafhanklike studies het die Cronbach-alpha telling vir die drie subskale en die totale *SSGS* faktortelling ook van 0.83 tot 0.84 gewissel. Murray en Ciarrocchi (2007) rapporteer die interne konsekwente betroubaarheid van die *SSGS* as 'n Cronbach-alpha van 0.84. Geldigheidstudies deur Murray, Ciarrocchi en Murray-Swank (2007:226) en Tangney en Dearing (2004:240) rapporteer die interne konsekwente betroubaarheid soos volg:

**Tabel 1.1 Interne konsekwente betroubaarheid van die *SSGS***

| | Murray, Ciarrocchi en Murray-Swank | Tangney en Dearing |
|---|---|---|
| Skaamte: | 0.84 | 0.89 |
| Skuld: | 0.83 | 0.82 |
| Selfwaarde (trots): | | 0.87 |

**1.9.3.1.1.2 Heartland Forgiveness Scale (*HFS*)** (Thompson, *et al.*, 2005)

Die *Heartland Forgiveness Scale* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se vergifnis teenoor die self, ander en omstandighede te bepaal. Dit bestaan uit 18 items in die vorm van stellings. Op grond van die navorsing en bevindings van Thompson, *et al*. (2005) kan drie subskale vir die *HFS* bereken word om vergifnis te bepaal naamlik; a) *vergifnis van die self, b) vergifnis van ander, c) vergifnis (of om vrede te maak) met 'n situasie*. Die 18 items bestaan uit ses items vir elk van die drie subskale en die respondente dui op 'n sewepunt-Likertskaal aan in watter mate die stelling hulself beskryf. Drie van die items in elk van die subskale is negatief geformuleer en die tellings vir elk van die items moet gereflekteer word alvorens 'n totaaltelling verkry word. Dit is belangrik om daarop te let dat nie een van die 18 items in die metingskaal die woord *"vergifnis"* in enige moontlike vorm gebruik nie (Webb, *et al.,* 2005:7). Woorde en uitdrukkings wat wel gebruik word, word so aangewend dat dit betrekking op die konstruk vir vergifnis het. Hierdie unieke aspek van die *HFS* het tot die keuse om die metingskaal in die navorsing te gebruik bygedra. Die

totale *HFS* faktortelling word deur die somtotaal van die drie subskale verkry, met die omgekeerde telling vir items 2, 4, 6, 7, 9, 11, 13, 15 en 17. 'n Voorbeeld van die metingskaal is in Bylae F aangeheg.

- **Vergifnis van die self**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 1-6 en dui die mate waartoe die respondent *vergifnis van die self* ervaar aan.

- **Vergifnis van ander**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 7-12 en dui die mate waartoe die respondent *vergifnis van ander* ervaar aan.

- **Vergifnis (om vrede te maak) met 'n situasie**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 13-18 en dui die mate waartoe die respondent *vergifnis (of om vrede te maak) met 'n situasie* ervaar aan.

**Geldigheid en betroubaarheid**

Webb, Chickering, Colburn, Heisler en Call (2005:8) rapporteer 'n interne konsekwente betroubaarheid en geldigheid van die *HFS.* In onafhanklike studies het die Cronbach-alpha telling vir die drie subskale en die totale *HFS* faktortelling gewissel van 0.83 tot 0.87 (DeShea, 2008:28). Geldigheidstudies deur DeShea (2008:36) en Webb, *et al.* (2005:8) rapporteer die interne konsekwente betroubaarheid soos volg:

**Tabel 1.2 Interne konsekwente betroubaarheid van die *HFS***

| | DeShea | Webb, *et al.* |
|---|---|---|
| Vergifnis van die self: | 0.75 | 0.74 |
| Vergifnis van ander: | 0.76 | 0.81 |
| Vergifnis (om vrede te maak) met 'n situasie: | 0.76 | 0.77 |
| Totale HFS faktortelling: | 0.86 | |

**1.9.3.1.1.3 Enright Forgiveness Inventory *(EFI)*** (Enright & Rique, 2004:6-7; Enright & North, 1998:52)

Die navorser het toestemming van dr Robert Enright en Mind Garden uitgewers ontvang om die *Enright Forgiveness Inventory* (EFI) in die navorsing te gebruik en 'n beperkte voorbeeld van die *EFI* in die navorsing te publiseer (Bylae G en H). Die *Enright Forgiveness Inventory* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se *affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag* en *kognitiewe vergewensgesindheid* teenoor die oortreder te bepaal. Dit is 'n selfevaluering van emosies, gedrag en denke teenoor die oortreder soos die respondente dit op die huidige oomblik ervaar.

Die *EFI* bestaan uit 'n 60 item sespunt-Likertskaal wat in drie subskale van 20 punte elk verdeel is. Die subskale word verder in 10 items vir elke positiewe en negatiewe item in die subskaal verdeel. Op grond van die navorsing en bevindings van Enright en Rique (2004:6-7) en Enright en North (1998:52) kan die 20 items in elke subskaal bepaal of die respondente se vergifnis verhouding teenoor 'n ander persoon verander het. Die subskale bepaal drie komponente van die vergifnisproses: a) *affektiewe vergewensgesindheid*, b) *vergewensgesinde gedrag* en c) *kognitiewe vergewensgesindheid*. Die *EFI* faktortelling kan van 60 tot 360 wissel. Hoër tellings in die *EFI* faktortelling sal egter die hoër vlakke van vergifnis by respondente verteenwoordig (Enright & Rique, 2004:6-7). Die totale *EFI* faktortelling word deur die somtotaal van die drie subskale verkry, met die omgekeerde telling vir die 10 negatiewe items in elk van die drie subskale. Dit is ook belangrik om daarop te let dat nie een van die 60 items in die metingskaal die woord "*vergifnis*" in enige moontlike vorm gebruik nie (Enright & Rique, 2004:2). 'n Voorbeeld van die metingskaal is in Bylae I aangeheg.

- **Affektiewe vergewensgesindheid**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 1-20 en dui 10 positiewe en 10 negatiewe emosies van die respondente teenoor die oortreder aan.

- **Vergewensgesinde gedrag**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 21-40 en dui 10 positiewe en 10 negatiewe gedrag van die respondente teenoor die oortreder aan.

- **Kognitiewe vergewensgesindheid**

  Hierdie subskaal bestaan uit items 41-60 en dui 10 positiewe en 10 negatiewe denke van die respondente teenoor die oortreder aan.

**Geldigheid en betroubaarheid**

In onafhanklike studies het die Cronbach-alpha vir die drie subskale en die totale *EFI* faktortelling van 0.93 tot 0.98 gewissel (Maltby, Macaskill & Gillett, 2007:558; Toussaint & Webb, 2005:673; Aureli & De Waal, 2000:360). Geldigheidstudies deur DeShea (2008:38), Subkoviak*, et al*. (in Enright & Rique, 2004:18) en Sarinopoulos (in Enright & Rique, 2004:18) rapporteer die interne konsekwente betroubaarheid van die *EFI* soos volg:

**Tabel 1.3 Interne konsekwente betroubaarheid van die *EFI***

| | DeShea | Subkoviak, et al. | Sarinopoulos |
|---|---|---|---|
| Affektiewe vergewensgesindheid: | 0.98 | 0.97 | 0.97 |
| Vergewensgesinde gedrag: | 0.97 | 0.97 | 0.96 |
| Kognitiewe vergewensgesindheid: | 0.97 | 0.97 | 0.97 |
| Totale EFI faktortelling: | 0.98 | 0.98 | 0.98 |

#### 1.9.3.2 Spesifiseer prosedure-elemente van die intervensie

In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser komponente vanuit die pastorale basisteorie en Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief gebruik om die skuld-, skaamte- en vergifniskonsepte binne die kontekstuele raamwerk van mishandelde adolessente te inkorporeer. Die prosedure-elemente van die intervensie kan skematies soos volg voorgestel word in Tabel 1.4:

**Tabel 1.4 Prosedure-elemente**

| **Stap 1**<br>**Voor intervensie** | **Stap 2**<br>**Intervensie binne ’n meervoudige gevallestudie**<br>*Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* | **Stap 3**<br>**Na intervensie** |
|---|---|---|
| Mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, voor intervensie. | KONTEKS / Geval — KONTEKS / Geval<br>KONTEKS / Geval — KONTEKS / Geval | Mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, na intervensie. |
| **A**<br>**Voor intervensie meting deur gestandaardiseerde metingskale**<br>SSGS (*State Shame and Guilt Scale*); HFS (*Heartland Forgiveness Scale*) en die EFI (*Enright Forgiveness Inventory)* | **B**<br>**Intervensie**<br>Gebruik van Enright se vergifnis prosesmodel (EFI) en komponente van die pastorale Gestaltterapeutiese teorie as riglyn.<br>Fase 1: Bou van ’n terapeutiese verhouding en kontakmaking<br>Fase 2: Bewuswording- en identifiseringfase<br>Fase 3: Besluitnemingfase<br>Fase 4: Werkfase<br>Fase 5: Internalisering- en uitkomsfase<br>Fase 6: Evaluering en terminering<br><br>(Respondent waarnemings en veldnotas is tydens sessies gemaak om beskrywende verslae oor elke respondent te skryf.) | **A**<br>**Na intervensie meting deur gestandaardiseerde metingskale**<br>SSGS (*State Shame and Guilt Scale*); HFS (*Heartland Forgiveness Scale*) en die EFI (*Enright Forgiveness Inventory)* |
| **Data-analise**<br>Analisering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data | | |

### 1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en die voortoets:

Die intervensie is geïmplementeer en op ’n toetsbasis gebruik, om die geskiktheid daarvan te toets en om herontwerp te word indien nodig (De Vos, 2005e:401).

#### 1.9.4.1 Ontwikkel ’n prototipe of inleidende intervensie

Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is as ’n prototipe of inleidende intervensie deur Enright se vergifnis prosesmodel ontwikkel (in Enright & Rique, 2004:13; Enright & North, 1998:52) en komponente van sowel die pastorale basisteorie as die Gestaltterapeutiese proses, soos dit deur Blom (2006:237-238), Schoeman (2006:8-49; 1999:13) en Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56) opgestel is, as riglyn te gebruik. In die ontwerp van die intervensiemodel het die navorser van die *Schoeman-werkmodel* se komponente gebruik gemaak. Die vier fases van Enright se vergifnis

prosesmodel het ook tydens die inleidende intervensie na mekaar gevolg, met die toepassing van die pastorale en Gestaltterapeutiese komponente.

Die uiteensetting van die intervensiemodel vorm in die hulpverleningsproses 'n eenheid. Al die belangrike aspekte van die intervensiemodel word in een proses geïnkorporeer om die doelstelling van Gestaltterapie ten opsigte van bewustheid, selfondersteuning en integrasie te bereik. Die intervensiemodel bestaan uit ses fases, met die veronderstelling dat spelterapietegnieke in die terapeutiese proses gebruik word. Die ontwikkelde intervensiemodel word breedvoerig in Hoofstuk 8 bespreek.

#### 1.9.4.2 Uitvoer van 'n voortoets

Die vooronderoek was 'n integrale deel van die navorsing en het ten doel gehad om die navorsingsprobleem presies te formuleer en die navorsingsproses tentatief te beplan. Verskillende skrywers gebruik verskillende terminologie om die vooronderoek te beskryf. Babbie (in Strydom, 2003b:211) onderskei tussen die terme vooronderoek en loodsondersoek. Die eerste verwys na die toetsing van een of meer aspekte van die onderwerp, terwyl die tweede na 'n afgeskaalde navorsingsondersoek verwys. Daar is in die navorsing van 'n voortoets gebruik gemaak. In kwalitatiewe navorsing is die vooronderoek gewoonlik informeel en 'n paar respondente, wat dieselfde karakteristieke as die van die hoof-navorsing het, kan betrek word om sekere patrone te bepaal.

Om die effektiwiteit van die intervensie te bepaal en elemente waar aanpassing gemaak moet word te identifiseer, is 'n voortoets deur die literatuurstudie, gesprekke met kundiges en intervensie met respondente gedoen (De Vos, 2005e:402). Die doel van die voortoets was om vas te stel of daar toepaslike data van die respondente verkry kan word (Royse, 1995:172). Janesick (in Denzin & Lincoln, 1994:213) stel dat die voortoets in kwalitatiewe navorsing die navorser toelaat om op spesifieke areas wat moontlik onduidelik kan wees te fokus, of sekere vrae te toets. Die vooronderoek het die navorser die geleentheid gebied om die doel en doelwitte, hulpbronne, omskrywing van die universum en populasie, metodes van dataversameling en die dataversameling self na te gaan. Die vooronderoek het ook tot die bepaling van tyd en koste wat ter sprake mag wees in die navorsing bygedra, asook om probleme wat mag

voorkom tydens die intervensie te identifiseer (Janesick, in Denzin & Lincoln, 1994:213).

#### 1.9.4.2.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie speel 'n belangrike rol en dien as riglyn vir die navorsing (Fouché & Delport, 2005a:81-84). Creswell (in Fouché & Delport, 2005c:264) stel dat die navorser in die studieveld inbeweeg met 'n *"strong orienting framework"* van wat bestudeer gaan word en hoe die fenomeen nagevors word. 'n Literatuurstudie wat op 'n fenomenologiese voorondersoek fokus om mishandeling, die ontwikkeling van laat-adolessensie, skuld, skaamte en vergifnis, te verken en te bespreek is uitgevoer.

Die navorser het die filosofiese agtergrond of fenomenologie wat die navorsing rig, gespesifiseer (Fouché, 2005d:269). Die fenomeen van skuld, skaamte en vergifnis by die mishandelde laat-adolessent is deur kritiese ondersoek en die samestelling van definisies gekonseptualiseer (Silverman, 2000:85). Die fenomenologiese strategie veronderstel ook 'n basisteoretiese en paradigmatiese perspektief van die navorsing, wat die metateoretiese veronderstellings, teoretiese stellings en metodologiese stellings insluit. Die navorser is van mening dat 'n fenomenologiese strategie binne die verkennende navorsing gepas benut kan word, aangesien adolessente met skuld en skaamte se belewenis verken en beskryf word ten einde dit te verstaan en te verklaar.

In die navorsing is skuld, skaamte en vergifnis vanuit beide die pastoraat en Gestaltteorie beskryf en benader. Besinning oor geloof en die rol daarvan in die navorsing van skuld, skaamte en vergifnis het aanleiding tot die vorming van 'n *pastorale* basisteorie en *Gestaltterapeutiese* paradigmatiese perspektief gegee. Die waarde daarvan vir die empiriese navorsing het ook duidelik na vore gekom deurdat dit ondersteunend tot konseptualisering en kategorisering gebruik kon word in die bespreking van die beweging van skuld en skaamte na vergifnis deur 'n *pastorale Gestaltterapeutiese* perspektief.

In die navorsing is die literatuurstudie, in Hoofstuk 2 tot 7, voor die empiriese data-insameling bespreek. Alhoewel 'n tekort aan voldoende en resente literatuur soms ondervind was, het die navorser historiese bronne gebruik om sommige komponente van die navorsingsonderwerp te bespreek. Die

literatuurstudiebevindinge het die volgende komponente, wat vir die navorsing belangrik is, aangetoon:

- ’n Pastorale basisteorie is in Hoofstuk 2 bespreek;
- die Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief is in Hoofstuk 3 bespreek;
- laat-adolessensie, as kontekstuele raamwerk, is in Hoofstuk 4 bespreek;
- mishandeling en simptome van mishandeling, as kontekstuele raamwerk, is in Hoofstuk 5 bespreek;
- skuld en skaamte, as konseptuele raamwerk, is in Hoofstuk 6 bespreek.
- vergifnis, as konseptuele raamwerk, is in Hoofstuk 7 bespreek.

#### 1.9.4.2.2 Konsultasie met kundiges

Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude tydens die voorondersoek gebruik om inligting te bekom rakende die mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis. Onderhoude is met kundiges op die navorsingsgebied gevoer (soos in 1.8.1.3 bespreek). Dit het die navorser in staat gestel om noodsaaklike inligting in te win en die beplanning en praktiese uitvoerbaarheid van die navorsing te bepaal.

#### 1.9.4.2.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die navorser het skriftelike toestemming by die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom Studentegemeente ontvang om die navorsing in die gemeente uit te voer (Bylae A en B). Die navorser is ’n studentepredikant en spelterapeut, wat die respondente wat aangemeld het vir terapie vir die navorsing kon identifiseer. Die navorser het skriftelike toestemming van die respondente verkry, voordat hulle by die navorsing betrek is (Bylae C en D). Dit het as bewys gedien dat hulle gewillig en vrywillig aan die navorsing deelneem. Die intervensiemodel is met elke respondent individueel oor ’n tydperk van ongeveer drie tot vyf maande, afhangende van die respondent se klasrooster en studieprogram geïmplementeer.

#### 1.9.4.2.4 Omskrywing van die universum en populasie

Daar bestaan verskeie menings aangaande die onderskeid tussen die universum en die populasie. Strydom (2005d:193) beskryf dit soos volg:

> *"Universe, refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population on the other hand, is a term that sets boundaries on the study units, it refers to individuals in the universe who possess specific characteristics."*

Die fokus in die navorsing was mishandelde laat-adolessente wat as individuele persone benader word. Die navorser stem met Strydom se omskrywing saam en sien alle mishandelde laat-adolessente in Suid-Afrika wat skuld en skaamte ervaar as die universum. Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005d:193) verwys die universum na alle potensiële respondente wat die kenmerke waarin die navorser belangstel besit.

Die populasie stel egter grense ten opsigte van die eenhede wat ontleed word en verwys na die individue in die universum wat oor spesifieke karaktereienskappe beskik (Arkava & Lane, in Strydom, 2005d:193). Babbie en Mouton (2001:100) beskryf die populasie as 'n groep mense in die universum van wie daar gevolgtrekkings gemaak kan word. Die populasie vir hierdie navorsing is uit mishandelde laat-adolessente wat 'n Christelike geloofsoortuiging het en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom Studentegemeente is saamgestel.

#### 1.9.4.2.5 Steekproefneming

In die navorsing was dit noodsaaklik om beskrywende inligting van die persoon en plek van die steekproef in te samel, asook om bronne wat ryk aan inligting is te identifiseer (Fouché & Delport, 2005a:81-84). 'n Steekproef bestaan uit elemente van die populasie en word gebruik om sekere fasette van die populasie te beskryf (Strydom, 2005d:194). Volgens Arkava en Lane (Strydom 2005d:194) bevat die steekproef elemente van die populasie wat oorweeg word vir insluiting in die studie.

Vanweë die feit dat dit nie moontlik is om die hele populasie te benut nie, is 'n steekproef getrek. 'n Steekproef is op grond van die navorser se eie kennis van die populasie, die populasie se elemente wat die mees kenmerkend of verteenwoordigend is en die aard van die navorsingsdoelwitte gekies (De Vos, 2005e:396; Babbie & Mouton, 2001:166). Steekproeftrekking word deur Babbie (2001:192) soos volg gedefinieer: *"Sampling is the process of selecting observations".* Die steekproefstrategie in die navorsing, om inligting te versamel vanuit die populasie, behels 'n *doelgerig vrywillige steekproeftrekking.* Die doelbewuste steekproef word getrek, aangesien respondente wat aan spesifieke kriteria voldoen gekies word (Neuman, 2003:213).

#### 1.9.4.2.5.1 Kriteria vir die steekproeftrekking

Kriteria vir die selektering van respondente is saamgestel om te verseker dat hulle aan sekere teoreties beredeneerde maatstawwe en vereistes van die navorsing voldoen (Neuman, 2003:213). Hierdie maatstawwe is grootliks deur die probleemstelling en die reikwydte van die navorsing bepaal (Strydom, 2005d:198; Neuman, 2003:213; Babbie, 2001:192). 'n *Doelgerigte vrywillige steekproeftrekking* is met respondente wat aan die volgende kriteria voldoen uitgevoer:

- mishandelde laat-adolessente wat by die navorser aanmeld en skuld en skaamte ervaar;
- wat 'n Christelike geloofsoortuiging het en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk Potchefstroom Studentegemeente is;
- tussen die ouderdom van 18 en 20 jaar is;
- bereid en gewillig is om hulle ervaring van skuld, skaamte en vergifnis tydens die navorsing te deel.

Skriftelike toestemmingsvorms is deur die respondente geteken om as bewys te dien dat die respondente gewillig en vrywillig aan die navorsing deelneem (Bylae D). Die steekproefgrootte vir die navorsing is deur data versadiging bepaal (Greeff, 2005:294). Dit is in die herhalende voorkoms van data in die meervoudige gevallestudie met vyf respondente wat by die navorser aangemeld het, bereik.

#### 1.9.4.3 Toepassing van die ontwerp kriteria op die inleidende intervensiekonsep

Die ontwerpproses is deur algemene riglyne en waardes vir die intervensiemodel tydens die voortoets gelei. Volgens de Vos (2005e:402) sluit dit die volgende toepaslike vrae in: Is die intervensie effektief? Is dit bruikbaar vir ander? Is dit maklik om te gebruik? Is dit prakties? Is dit aanpasbaar in verskeie kontekste? Die navorser het die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* baie prakties saamgestel en dit tydens die voortoets met drie mishandelde adolessente toegepas. Hierdie adolessente is egter nie by die hoofondersoek betrek nie.

### 1.9.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

#### 1.9.5.1 Selektering van 'n eksperimentele ontwerp

Die integrering van 'n A-B-A enkelsisteemontwerp in 'n meervoudige gevallestudie het spesifieke gedrag en ander uitkomstes van die respondente deurlopend ingesamel en geanaliseer om te bepaal of die intervensiemodel geïmplementeer moet word en of supplementêre prosedures nodig is (De Vos 2005e:403). Die respondente se verhoging of verlaging in die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis is ook hierdeur, met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale, voor en na intervensie verken en beskryf. Die meervoudige gevallestudie metode is deur die verkennend en beskrywende data wat by die respondente toepaslik gevind is gemotiveer (Babbie, 2004:293; Yin, 2003:1). Soos reeds in 1.9.3.1 beskryf, is die A-B-A-ontwerp gebruik om te bepaal of die intervensiemodel effektief was of aangepas moet word.

#### 1.9.5.2 Versamel en analiseer data

Die empiriese data-insameling, -ontleding en -prosessering is in Hoofstuk 9 gedoen. Uit die literatuurstudie is 'n raamwerk vir die ontleding van die navorsingsresultate saamgestel (Fouché & Delport, 2005a:82-84). 'n *Doelgerigte vrywillige steekproef* is gedoen en die steekproefgrootte is deur vyf respondente wat aan die seleksiekriteria voldoen het verkry (soos in 1.9.4.2.5.1 beskryf).

Volgens Fouché en Delport (2005a:82) is dit belangrik dat bevindinge deur dataversameling ondersteun word. Die kwantitatiewe data is met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale, voor en na afloop van die intervensie, versamel en geanaliseer. Die kwalitatiewe data is met behulp van sowel die toegepaste *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* as 'n ongestruktureerde onderhoud na intervensie versamel en geanaliseer.

Ongestruktureerde in-diepte een-tot-een intervensie onderhoude met respondente het dit vir die navorser moontlik gemaak om die fenomeen skuld, skaamte en vergifnis te verken en te beskryf. Volgens Greeff (2005:293) behels die ongestruktureerde onderhoude die verstaan van die ervaring van die respondente en die betekenis wat hulle aan hul ervaring gee. Volgens Greeff (2005:289) is aktiewe onderhoudvoering nie tot die vra van vrae en afneem van antwoorde beperk nie. Soos normale gesprekke steun dit op wedersydse oplettendheid, waarneming en terugvoering (Sacks, *et al.*, in Holstein & Gubrium, 1995:46, 47). Onderhoud- en kommunikasietegnieke wat Greeff (2005:288-290) beskryf is gebruik om die onderhoude te fasiliteer.

Veldnotas is direk na elke sessie neergeskryf om te verseker dat al die waarnemings opgeneem word terwyl die navorser dit nog helder kan onthou (Creswell 1998:130). Hierdie notas is bedoel om enige addisionele inligting, wat moontlik nie deur die respondent genoem is nie, op te neem. Dit het die navorser se waarnemings en omstandighede tydens die onderhoud ingesluit (Greeff, 2005:298). Hierdie notas is volgens die verduideliking van Strydom (2005c:281) geneem:

**(a)** **Observasie notas.** Die observasie notas reflekteer 'n opsomming van wat gebeur het tydens die sessies sonder interpretasie van die gebeure. Dit sluit die wie, wat, wanneer, waar en hoe van die omstandighede in.

**(b)** **Teoretiese notas.** Die teoretiese notas is die navorser se selfbewuste en sistematiese interpretasie van sy observasie gedurende die sessies. Dit is in verhouding tot die observasie notas beskryf en reflekteer die betekenis en konseptualisering van skuld, skaamte en vergifnis. Die huidige response van die respondente is met die response van die verlede in verband gebring.

(c) **Metodologiese notas.** Die metodologiese notas verskerp die navorser se bewustheid oor die gepastheid van die metodologie wat hy volg. Die navorser het sy eie proses van onderhoudvoering gereflekteer sodat dit ooreenstem met die geselekteerde metodologie.

#### 1.9.5.2.1 Data-insameling

Deur die toepassing van die intervensiemodel binne 'n A-B-A-enkelsisteemontwerp in 'n meervoudige gevallestudie, is daar gepoog om die verskuiwing van skuld en skaamte na vergifnis waar te neem en te fasiliteer. Die verskuiwing vanaf skuld en skaamte na vergifnis is geëvalueer, deur na-intervensie data te vergelyk met voor-intervensie data. Die data-insameling is in drie stappe gedoen, volgens die doel en doelwitte vir die navorsing.

##### 1.9.5.2.1.1 Stap 1: Voor-intervensie data insameling

Eerstens is kwantitatiewe data voor intervensie ingesamel deur die drie gestandaardiseerde metingskale wat die adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis meet. Die metingskale is deur vyf mishandelde adolessente wat vir terapie aangemeld het voltooi, waarna die navorser en 'n mede-kodeerder die analisering gedoen het. Die navorser het die volgende gestandaardiseerde metingskale gebruik:

- State Shame and Guilt Scale (*SSGS*) (Tangney & Dearing, 2004);
- Heartland Forgiveness Scale (*HFS*) (Thompson, *et al.*, 2005);
- Enright Forgiveness Inventory (*EFI*) (Enright & North, 1998:52; Enright & Rique, 2004)

'n Voorbeeld van die metingskale is in Bylae E, F en I aangeheg.

##### 1.9.5.2.1.2 Stap 2: Implementering van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel

Tweedens is die kwalitatiewe data ingesamel deur die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* wat as 'n prototipe of inleidende intervensie ontwikkel is. Enright se vergifnis prosesmodel (in Enright & Rique,

2004:13; Enright & North, 1998:52) en komponente van sowel die pastorale basisteorie as die Gestaltterapeutiese komponente van die *Schoeman-werkmodel* (Schoeman, 2006:8-49; 1999:13) is as riglyn gebruik.

Meervoudige bronne van data-insameling is gebruik naamlik, transkripsies van ongestruktureerde intervensie onderhoude, individuele notas, waarnemings, digitale opnames en veldnotas (Babbie & Mouton 2001:282). Die navorser het die respondent waarnemings en veldnotas tydens sessies gemaak om beskrywende verslae oor respondente te skryf. Kommunikasie tegnieke soos verbale response, peiling, klarifisering, parafrasering, reflektering en opsomming is gebruik. Die data wat digitaal opgeneem is, is getranskribeer en veldnotas, wat die observasies en die fisiese uitleg van die mishandelde adolessente se omstandighede reflekteer, is direk na afloop van die onderhoude geskryf.

#### 1.9.5.2.1.3 Stap 3: Na-intervensie data insameling

Derdens is kwantitatiewe data na intervensie ingesamel deur die drie gestandaardiseerde metingskale (soos in 1.9.5.2.1.1 beskryf). Die navorser het ook ongestruktureerde onderhoude na intervensie gebruik om:

- die kwalitatiewe en kwantitatiewe data te verifieer;
- te bepaal of die intervensie effektief was;
- die geloofwaardigheid en objektiwiteit van die navorsing te verhoog.

Die ongestruktureerde onderhoude is na intervensie gevoer, met behulp van die volgende twee *oop-einde* vrae (Greeff, 2005:294):

- *Wat is jou ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie?*
- *Hoe sal jy die effektiwiteit van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring, beskryf?*

#### 1.9.5.2.2 Data analise

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe data is geprosesseer, geanaliseer en geverifieer (Fouché & Delport, 2005a:82-84) om te bepaal of die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief was of aangepas moet word. Die data analise is in drie stappe gedoen (woordeliks en visueel met grafieke en tabelle):

##### 1.9.5.2.2.1 Stap 1: Analisering van kwalitatiewe data

Eerstens is die kwalitatiewe data na implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* in die meervoudige gevallestudie geanaliseer. Vanuit die data van die gevallestudies, wat met behulp van ongestruktureerde waarneming en veldnotas ingesamel is, is 'n beskrywende verslag oor die implementering van die intervensiemodel geskryf. Die doel, doelwitte en aktiwiteite van elke sessie in die ontwikkelde intervensiemodel is in 8.2.2 uiteengesit en beskryf. Die data is deur middel van 'n beskrywing van die verloop, analisering en evaluering van elke sessie weergegee. Elke sessies is aan die hand van die aktiwiteite in die intervensiemodel geëvalueer, om te bepaal of die verwagte uitkomste verwesenlik is.

Die verloopsmomente van die aktiwiteite, wat tydens die proses van beskrywing, klassifisering en ontleding van die sessies na vore gekom het, is breedvoerig bespreek en met die literatuurstudie gekontroleer (soos in 9.3.2 beskryf). Volgens De Vos (2005b:334-339) en Creswell (2003:191-195) is daar bepaalde prosedures vir die analisering van kwalitatiewe data. Die navorser het die volgende prosedure gevolg om die implementering van die intervensiemodel (soos in 9.3.2 beskryf) en die ongestruktureerde onderhoude na intervensie (soos in 9.3.4.1 beskryf) te ontleed, te verwerk en te beskryf:

- Organiseer en berei data voor;
- lees data deur sodat 'n algemene beeld verkry word;
- begin om die data te kodifiseer;
- gebruik die kodifisering om kategorieë te beskryf deur sekere temas te identifiseer en te beskryf;

- besluit hoe die temas beskryf gaan word;
- die finale stap is die ontleding van die betekenis van die dataversameling deur bestaande literatuur te gebruik.

#### 1.9.5.2.2.2 Stap 2: Analisering van kwantitatiewe data

Tweedens is die kwantitatiewe data (soos in 9.3.3 beskryf) ten opsigte van vyf mishandelde adolessente (N=5) wat aan die seleksiekriteria voldoen het en by die navorser aangemeld het vir terapie ingewin. Die drie metingskale het die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor en na intervensie gemeet. Die metings van die voortoets en die natoets is met mekaar vergelyk om te bepaal of die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word. Die navorser en 'n mede-kodeerder, me Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiediens, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus, het die data geprosesseer, geanaliseer, geverifieer en geëvalueer deur die teoretiese perspektief van die navorsing.

Aangesien die steekproef klein was (N=5) en die data nie 'n benaderde normaalverdeling volg nie, is 'n nie-parametriese toets gebruik om vas te stel of daar 'n beduidende verbetering van die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis plaasgevind het. Die fokus van die statistiese analise was om die moontlikheid van statisties betekenisvolle verskille tussen die voortoets-/natoets-data te ondersoek. Die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings is as 'n waarneembare sisteem vir die toegepaste intervensiemodel gebruik om die verskuiwing wat plaasgevind het in die pretoets-posttoets van veranderlikes voor en na intervensie te bepaal (Gravetter & Wallnau, 2008:677; Maree, 2007:231-233; Pallant, 2007:224).

- Die nulhipotese ($H_o$) in die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings veronderstel dat die mediaanwaarde van die voortoets-/natoets-resultate 'n nul (0) waarde het.
- Die waarskynlikheidswaarde (p-waarde) verteenwoordig die moontlikheid dat resultate aan toeval toegeskryf kan word. In die geval van hierdie navorsing is die p-waarde as 0.05 vasgestel, wat impliseer dat daar 'n 95% kans is dat

verskille tussen die voortoets-/natoets-resultate as ware verskille beskou kan word en 'n 5% kans dat verskille per toeval voorkom (Cohen, *et al.,* 2007:515). In die navorsing is die navorsingsresultate as statisties betekenisvol beskou, wanneer dit kleiner was as die p-waarde van 0.05 ($p < 0.05$).

- Die voortoets-/natoets-resultate is statisties betekenisvol geag wanneer dit 'n positiewe verskuiwing (verbetering) aandui ten opsigte van die veranderlikes skuld, skaamte en vergifnis. Volgens statisties betekenisvolle resultate van $p < 0.05$ kan die nulhipotese verwerp word, wanneer die mediaanwaarde groter as nul (0) is en betekenisvol verskil van die nulhipotese.
- Cohen se *d*-waardes (Steyn, 2005; Ellis & Steyn 2003:4) is ook bereken om die effekgrootte van die belangrikheid van die voortoets-/natoets-resultate in die praktyk te bepaal. Die riglynwaardes van 0.1 (klein), 0.3 (medium) en 0.5 (groot) het die effekgrootte van die voortoets-/natoets-resultate, wat prakties belangrik in die praktyk is, aangedui (soos in 9.3.3 beskryf).

**1.9.5.2.2.3 Stap 3: Integrering en analisering van bevindinge vanuit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data**

Derdens is die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge geïntegreer en vergelyk met die ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie, om die proses van data analise af te sluit (soos in 9.3.4 beskryf). Die analise is gedoen ten einde te bepaal of die veranderinge in die afhanklike veranderlikes (skuld, skaamte en vergifnis) toegeskryf kan word aan die respondente se deelname aan die intervensieprogram. In die bespreking van die geïntegreerde bevindinge is daar op die volgende gefokus:

- Ongestruktureerde onderhoude van die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie (soos in 9.3.4.1.1 beskryf).
- Ongestruktureerde onderhoude van die respondente se beskrywing van die effektiwiteit van die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring (soos in 9.3.4.1.2 beskryf).
- Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwalitatiewe bevindinge, aan die hand van 'n beskrywing

van die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose in elke sessies (soos in 9.3.4.2.1 beskryf).

- Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwantitatiewe bevindinge, aan die hand van beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel (soos in 9.3.4.2.2 beskryf).

Die navorser het temas wat tydens die onderhoude na vore gekom het geïdentifiseer (soos in 1.9.5.2.2.1 beskryf). Sekere temas het herhaaldelik na vore gekom en is in subkategorieë, kategorieë en temas verdeel. Die geïntegreerde bevindinge, asook die navorser se ontleding daarvan, is gekodeer en getabuleer om die inligting te verklaar en te beskryf. Die verhouding tussen die onafhanklike veranderlike (*pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel*) en die afhanklike veranderlikes (skuld, skaamte en vergifnis) het bepaal of dit die onafhanklike veranderlike was wat die afhanklike veranderlikes beïnvloed het.

#### 1.9.5.3 Herhaling van die intervensie onder veld omstandighede

Die primêre doel van die intervensienavorsing was om effektiewe intervensie te ontwikkel ten einde verandering in 'n probleemsituasie te bewerkstellig (De Vos, 2005e:404). Om die intervensie verder te ontwikkel, het die navorser die intervensiemodel op vyf mishandelde laat-adolessente wat vir terapie aangemeld het toegepas. Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is deur al die inligting vanuit die literatuurstudie en die fases van intervensienavorsing beïnvloed. Dit het tot selfontdekking en 'n beweging in die respondente se skuld en skaamte na vergifnis gelei.

#### 1.9.5.4 Verfyning van die intervensiemodel

Die resultate van die hele veld is benut om moontlike probleme met die intervensiemodel op te los. Die empiriese gegewens is ook gebruik om die intervensiemodel voor verspreiding te verfyn. Dit het die navorser in staat gestel om die taal, inhoud en intervensiemetodes van die model te verfyn en aan te pas. Volgens De Vos (2005e:404) verhoog hierdie stap die betroubaarheid en effektiwiteit van die intervensieprogram.

In Hoofstuk 10 word die resultate van die intervensiemodel in die gevolgtrekkings en aanbevelings weergegee. In die hoofstuk word die finale program as aanbeveling uiteengesit (soos in 10.3.2 en Tabel 10.1 beskryf).

### 1.9.6 Fase 6: Verspreiding van die intervensiemodel

Tydens hierdie fase kan die navorser die intervensiemodel voorberei vir verspreiding deur 'n naam vir die model te kies, 'n prys vas te stel en standaarde vir gebruik op te stel (De Vos, 2005e:404). Die navorser kan die potensiële mark vir die intervensiemodel identifiseer, 'n aanvraag vir die model skep, gepaste aanpassings aanmoedig en tegniese ondersteuning aanbied. Fase 6 van die navorsingsontwerp is nie deur die navorser toegepas nie en vorm dus nie deel van hierdie navorsing nie.

Die navorsingsprosedure kan skematies soos volg voorgestel word in Tabel 1.5:

## Tabel 1.5 Navorsingsprosedure

| Stap | Fase | Beskrywing |
|---|---|---|
| 1. Literatuurstudie | Vroeë ontwikkeling en voortoets | Ontwikkel 'n teoretiese raamwerk waarbinne alle komponente van mishandeling, laat-adolessensie, skuld, skaamte en vergifnis binne die konteks van 'n pastorale Gestaltterapeutiese teorie begrens word. |
| 2. Ontwikkel 'n prototipe of inleidende intervensie | Vroeë ontwikkeling en voortoets | 'n *Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* is ontwikkel as 'n prototipe of inleidende intervensie deur Enright se vergifnis prosesmodel en komponente van die pastorale Gestaltterapeutiese teorie as riglyn te gebruik. |
| 3. Uitvoer van 'n voortoets | Vroeë ontwikkeling en voortoets | *Nie-waarskynlikheid seleksie - doelgerigte vrywillige steekproeftrekking* is uitgevoer met respondente wat aan die volgende kriteria voldoen:<br>• mishandelde laat-adolessente wat by die navorser aangemeld het en skuld en skaamte ervaar;<br>• wat 'n Christelike geloofsoortuiging het en lidmate is van die NHK-Potchefstroom Studentegemeente;<br>• tussen die ouderdom van 18 en 20 jaar is;<br>• bereid en gewillig sal wees om hulle ervaring van skuld, skaamte en vergifnis te deel tydens die navorsing.<br>*Doelgerigte vrywillige steekproeftrekking*<br>Om die effektiwiteit van die intervensie te bepaal en elemente te identifiseer waar aanpassing gemaak moet word, is 'n voortoets gedoen deur intervensie. |
| 4. Implementeer ontwikkelde *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* | Evaluering en gevorderde ontwikkeling | (sien tabel hieronder) |
| 5. Data-insameling en analisering | Evaluering en gevorderde ontwikkeling | (sien tabel hieronder) |
| 6. Evaluering van *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* | Evaluering en gevorderde ontwikkeling | Die navorser het die dataversameling geprosesseer, geanaliseer, geverifieer en geëvalueer deur die teoretiese perspektief van die studie (woordeliks en visueel met grafieke en tabelle).<br>Die respondente se na-intervensie data is met behulp die drie gestandaardiseerde metingskale asook ongestruktureerde onderhoude en data vanuit die intervensie geanaliseer om te bepaal of die intervensie effektief is of aangepas moet word.<br>Die verskuiwing vanaf skuld en skaamte na vergifnis is geëvalueer, deur na-intervensie data te vergelyk met die voor-intervensie data. |
| 7. Gevolgtrekkings en aanbevelings | Disseminering | Na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek is gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak. |
| 8. Afhandeling van navorsing | Disseminering | Noodsaaklik om te bepaal of die doel en doelwitte vir die navorsing bereik is en of die probleemformulering en navorsingsvrae opgelos is. |

| **Stap 1**<br>**Voor intervensie** | **Stap 2**<br>**Intervensie binne 'n meervoudige gevallestudie**<br>*Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie werkmodel* | **Stap 3**<br>**Na intervensie** |
|---|---|---|
| Mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, voor intervensie. | KONTEKS / Geval; KONTEKS / Geval; KONTEKS / Geval; KONTEKS / Geval | Mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, na intervensie. |
| **A**<br>**Voor intervensie meting deur gestandaardiseerde metingskale**<br>SSGS (*State Shame and Guilt Scale*); HFS (*Heartland Forgiveness Scale*) en die EFI (*Enright Forgiveness Inventory)* | **B**<br>**Intervensie**<br>Gebruik van Enright se vergifnis prosesmodel (EFI) en komponente van die pastorale Gestaltterapeutiese teorie as riglyn.<br>(Respondent waarnemings en veldnotas is tydens sessies gemaak om beskrywende verslae oor elke respondent te skryf.) | **A**<br>**Na intervensie meting deur gestandaardiseerde metingskale**<br>SSGS (*State Shame and Guilt Scale*); HFS (*Heartland Forgiveness Scale*) en die EFI (*Enright Forgiveness Inventory)* |
| **Data-analise**<br>Analisering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data | | |

## 1.10 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE NAVORSING

Navorsing behoort aan spesifieke reëls wat as kriteria dien waarteen die navorsing geëvalueer kan word te voldoen. Volgens De Vos (2005b:345) kan die strategieë of reëls omgesit word in vrae aan die hand waarvan die geloofwaardigheid van die navorsing gemeet kan word. Lincoln en Guba (1985:290) het die strategieë of reëls voorgestel wat Marshall en Rossman (1995:143-145) in die volgende vrae omskryf het:

- Hoe geloofwaardig is die bevindinge van die studie? Aan watter kriteria kan dit gemeet word?
- Hoe oordraagbaar en toepaslik is die bevindinge vir 'n ander groep of raamwerk?
- Hoe kan mens seker wees dat dieselfde bevindinge verkry sal word wanneer die studie met dieselfde deelnemers en onder dieselfde omstandighede herhaal sou word?
- Hoe kan daar verseker word dat die bevindinge wat weerspieël word díe van die ondersoek self is en nie die navorser se eie vooroordeel nie?

Die vrae verwys na die vestiging van die werklike waarde van die navorsing, asook die toepaslikheid, konsekwentheid en neutraliteit daarvan (Lincoln & Guba, 1985:290). Die konstrukte en kriteria wat die aannames van die navorsing akkuraat reflekteer en geskik is om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing te verseker behels geloofwaardigheid en geldigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid (De Vos, 2005b:345-347; Krefting, 1991:24; Lincoln & Guba, 1985:290).

### 1.10.1 Geloofwaardigheid en geldigheid

Geloofwaardigheid en geldigheid is twee kriteria aan die hand waarvan bepaal kan word of dit wat met die navorsing beoog is, wel bereik is. Volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005b:346; Krefting, 1991:215) en Creswell (2003:195) is geloofwaardigheid die alternatief vir interne geldigheid, waar die doel is om te

bewys dat die navorsing op so 'n wyse uitgevoer is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Volgens De Vos (2005b:346) lê die sterkte van navorsing in die geldigheid van die navorsing om 'n probleem te ondersoek, of 'n sosiale groep of patroon van interaksie, te omskryf. Die geldigheid van data is 'n deurlopende proses en verwys na die mate waartoe 'n spesifieke metode data voorsien wat verband hou met algemeen aanvaarde betekenisse van 'n spesifieke konsep. Die navorser het parameters vir die eenheid van ontleding (mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar) gestel om grense rondom die navorsing te bepaal. In die data wat verkry is, is 'n deeglike beskrywing ingesluit wat die interaksie en kompleksiteit van veranderlikes aantoon.

Geloofwaardigheid is ook verkry deur die proses van metode-validasie en kruisvalidasie om die geldigheid van die data te verseker. Dit verwys na die gebruik van meervoudige data-insamelingsmetodes, bronne en tegnieke om die objektiwiteit en geloofwaardigheid van die navorsing te verhoog (Babbie & Mouton, 2001:275). Hoewel data met verskillende metodes ingesamel is, is die analise van die data as 'n eenheid hanteer. Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is binne 'n enkelsisteemontwerp toegepas wat deur drie metingskale voor en na intervensie getoets is, ten einde vertrouenswaardigheid te verhoog.

Om die geloofwaardigheid en objektiwiteit van die navorsing verder te verhoog, het die navorser deelnemervalidasie aan die einde van elke terapeutiese intervensie benut om die data wat van die respondente ontvang is te reflekteer en seker te maak dat die data korrek geïnterpreteer word (Babbie & Mouton, 2001:122-123). Volgens Babbie en Mouton (2001:276) verwys deelnemervalidasie na die respondente se verifikasie van die data wat deur die navorser geïnterpreteer is. Verifikasie vind plaas om vas te stel of die data akkuraat en korrek beskryf is en om die analisering en gevolgtrekkings vanuit die data te kontroleer.

Die navorser het homself ook van ander navorsers se werk vergewis ten einde nie alleen sy eie mening betreffende bevindinge van die navorsing weer te gee nie. Die navorser het die navorsing met ander navorsers bespreek en sodoende is navorser-validasie in die navorsing toegepas. Die reflektiewe proses van

deurlopende waarneming is uitgevoer deur die navorsingsproses met die promotors te deel om die geloofwaardigheid van die navorsing te versterk.

Die geloofwaardigheid van die navorsing dui op die feit dat komponente wat na vore getree het tydens die bestudering van die tema of fenomeen, herhaaldelik na vore getree het. Die deurlopende betrokkenheid van die navorser by die navorsingsproses en die meervoudige data-insamelingsmetodes met behulp van vyf gevallestudies het die geloofwaardigheid van die navorsing verhoog, omdat dit dieselfde bewyse gelewer het. Die navorsing kan daarop aanspraak maak dat meer as een tipe validasie (veelvuldige validasie) in die navorsing toegepas is (Babbie & Mouton, 2001:275).

### 1.10.2 Oordraagbaarheid

Oordraagbaarheid is die alternatief vir eksterne geldigheid of veralgemening (Lincoln & Guba, in De Vos, 2005b:346). Oordraagbaarheid verwys na die toepaslikheid van die resultate in ander kontekste, omstandighede of met ander groepe. Die vraag is ook gevra of die resultate veralgemeen na die groter populasie kan word. Die oordraagbaarheid van die navorsing is versterk deur die meervoudige gevallestudie binne die enkelsisteemontwerp. Volgens Lincoln en Guba in (De Vos, 2005b:346) kan hierdie metode van data-insameling die navorsing versterk vir aanwending in ander omstandighede. Oordraagbaarheid is die mate waartoe die navorsing se navorsingsresultate veralgemeen kan word na die breër populasie of na ander groepe wat nie bestudeer is nie. Oordraagbaarheid behels dat ander navorsers kan spekuleer oor die moontlike toepassing van data onder soortgelyke, maar nie identiese omstandighede nie. Babbie en Mouton (2001:277) is egter van mening dat oordraagbaarheid na die mate waartoe die bevindinge in ander omstandighede en met ander respondente toegepas kan word verwys.

In die navorsing rus die plig om oordraagbaarheid te demonstreer op diegene wat dit wil toepas (Babbie & Mouton, 2001:277). Veralgemening is nie algemeen van toepassing in kwalitatiewe navorsing nie (De Vos, 2005b:346). De Vos (2005b:346) wys daarop dat navorsers terugverwys word na die oorspronklike teoretiese raamwerk, data-insameling en -analise van ’n bepaalde navorsing, alvorens oordraagbaarheid en veralgemening toegepas kan word.

Diegene wat navorsing binne dieselfde parameters uitvoer kan bepaal of die navorsing na ander situasies veralgemeen kan word, en stel dan die teoretiese parameters van die nuwe navorsing. Kwalitatiewe en kwantitatiewe data word egter gedefinieer deur 'n spesifieke konteks en is nie noodwendig toepaslik vir ander kontekste, of vir dieselfde konteks op 'n ander stadium nie.

Die navorser wou die verskynsel in diepte ondersoek en nie die bevindinge veralgemeen nie. Daarom is die bevindinge vir die navorsing slegs ten opsigte van die eenheid van ontleding (mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar) gemaak en nie veralgemeen na die breër populasie nie. In die navorsing is ryk beskrywings gegee waar data in detail en met presiesheid beskryf is om sodoende die leser in staat te stel om beoordelings in terme van oordraagbaarheid te maak. Wat die navorsingsproses betref is die studie deursigtig, omdat dit bewyse opgelewer het vir keuses wat gemaak is. Ten einde oordraagbaarheid te beoordeel is daar gepoog om die grense of reikwydte van inligting te maksimaliseer deur doelbewuste vrywillige deelnemers in te sluit wat van mekaar verskil. Laat-adolessente wat verwaarloos, fisies mishandel, emosioneel mishandel, verkrag en gemolesteer is, is as steekproef vir die navorsing ingesluit.

### 1.10.3 Betroubaarheid

Betroubaarheid verwys na die navorser wat probeer rekening hou met veranderende omstandighede en toestande in die verskynsel wat vir die navorsing gekies is, asook veranderinge in die ontwerp deur toenemende begrip vir die omgewing. Lincoln en Guba (in De Vos, 2005b:346-347; Krefting, 1991:216) beskryf betroubaarheid as die volhoubaarheid en verifikasie van data. Die kwalitatiewe / interpreterende aanname is dat die sosiale wêreld altyd besig is om geskep te word en dat die konsep van herhaling problematies is (De Vos, 2005b:346-347). Volgens Neuman (2003:178-179) impliseer betroubaarheid konsekwentheid, omdat dieselfde aspek kan herhaal of voorkom onder identiese of soortgelyke omstandighede. Betroubaarheid kom daarop neer dat die navorsing soortgelyke bevindinge sal lewer as dit met dieselfde of soortgelyke respondente in dieselfde of soortgelyke konteks uitgevoer word (Babbie & Mouton, 2001:277).

Ten einde betroubaarheid in die navorsingsproses te bewerkstellig, was dit noodsaaklik dat die navorsing 'n konsekwentheid in resultate en gevolgtrekkings toon. Deur die kontrolering van data met die literatuurstudie en deurlopende reflektiewe gesprekke met die promotors is die betroubaarheid van die navorsing versterk. Die navorser het ook gepoog om die respondente se konstruksies van die werklikheid en hoe hulle die wêreld verstaan, getrou weer te gee. Vir die doel van hierdie navorsing het die navorser aan die respondente verduidelik dat hul kenners in die veld van skuld, skaamte en vergifnis is, omdat hulle dit self ervaar. Die navorser het telkens die interpretasie en analisering van data by die respondente bevestig en so die deelnemervalidasie toegepas. Ongestruktureerde onderhoude is na intervensie aangewend ten einde die betroubaarheid en vertrouenswaardigheid van die navorsing te verhoog. Die betroubaarheid van die drie metingskale, wat voor en na intervensie gebruik is om die intervensie te toets, is ook betroubaar geag aangesien data wat verkry is tot dieselfde resultate en gevolgtrekkings gelei het.

### 1.10.4 Objektiwiteit en bevestigbaarheid

Objektiwiteit en bevestigbaarheid verwys na die mate waartoe die navorsingsbevindinge en prosedures die produk van die fokus op die kriteria van neutraliteit in die navorsing is en nie van die navorser se vooroordeel nie (Lincoln & Guba in De Vos, 2005b:347; Babbie & Mouton, 2001:278; Krefting, 1991:221). Dit impliseer dat, indien grondige navorsing gedoen word wat sistematies kruis-gevalideer word, die ingesamelde data as objektief beskou kan word. Lincoln en Guba (in De Vos, 2005b:347) noem dat daar by die bevestiging van data gevra kan word of die data ook bevestig sou kon word deur ander soortgelyke navorsing. Dit verwys na die mate waartoe 'n ander navorser dieselfde resultate sou behaal met dieselfde respondente onder dieselfde omstandighede.

Bevestigbaarheid behels die vasstelling van data om algemene bevindinge te bevestig wat tot bepaalde implikasies en gevolgtrekkings lei. Deur die kontrolering van data met die literatuurstudie en deurlopende reflektiewe gesprekke met promotors is die betroubaarheid van die navorsing versterk. Die betrokkenheid van 'n onafhanklike mede-kodeerder het ook die gebrek aan

objektiwiteit en bevestigbaarheid geëlimineer. Die doel van die objektiewe mede-kodeerder was om die data wat verkry is noukeurig te analiseer ten einde die verskuiwing in die respondente se ervaring van skuld en skaamte, asook die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring, te bevestig. Die aanbevelings van die objektiewe mede-kodeerder is gebruik om die navorsingsresultate te verifieer en gevolgtrekking en aanbevelings wat gestel word te bevestig.

In die studie het die navorser deursigtig opgetree en alle dokumente in die data-insameling en -analise proses beskikbaar vir die verifikasie van bevindinge gestel. Hoewel die navorser gepoog het om aan al bogenoemde kriteria te voldoen, mag die data van die navorsing beperkte voorspellingswaarde hê. Dit wil sê, dit kan nie veralgemeen word nie, veral wanneer in gedagte gehou word dat daar ook ander metodes van data-insameling en benaderinge is. Die doel van die navorsing was nie om veralgemening na die breër populasie moontlik te maak nie. Daarom is die bevindinge vir die navorsing slegs ten opsigte van die eenheid van ontleding (mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar) gemaak.

Die navorser maak ook nie daarop aanspraak dat alle temas rondom pastoraat, Gestaltterapie, mishandeling, skuld, skaamte en vergifnis geïdentifiseer is nie, ook nie dat alle temas en konsepte tipies van alle mishandelde laat-adolessente is nie. Die navorser het egter deurgaans daarna gestrewe om aan al die bogenoemde kriteria te voldoen en sodoende tot die geloofwaardige geldigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en objektiewe bevestigbaarheid van die navorsing by te dra. Die navorser het daarna gestrewe om 'n logiese vloei van argumente, van die begin van die navorsing tot by die gevolgtrekkings aan die einde van die navorsing, weer te gee.

## 1.11 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte is veral van belang tydens maatskaplike ondersoeke aangesien inligting nooit ten koste van die persoon bekom mag word nie (Zaaiman, 2003:67-69; Babbie & Mouton, 2001:520-526). Etiese riglyne dien as die wyse waarop die navorser sy navorsingsoptrede beoordeel. Strydom (2005a:57) definieer etiek soos volg:

*"Ethics is a set of moral principles that are suggested by an individual or group, are subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students".*

Die navorser ondersteun die belangrikheid van die etiese aspekte en bevestig dat die etiese aspekte ook tydens hierdie navorsingstudie toegepas en gehandhaaf is. Strydom (2005a:58-67) beklemtoon die volgende belangrike aspekte:

### 1.11.1 Vrywillige deelname en ingeligte toestemming

Uit die navorsing was dit duidelik dat sosiale navorsing inbreuk op die adolessente se privaat lewe maak. Dit vra tyd en persoonlike inligting van die adolessente. In hierdie navorsing is die adolessente nie gedwing om hul tyd of persoonlike inligting aan die navorser te verskaf nie. Deelname aan die navorsing was vrywillig. Die navorser het respondente met hul volle medewete en toestemming aan die studie laat deelneem (Bylae C en D). Hierdie toestemming sluit in dat die respondent saaklik en eerlik oor die volgende aspekte ingelig is:

- Die doel van die studie;
- die belang van die beoogde studie;
- die kwalifikasies, ervaring en kredietwaardigheid van die navorser;
- die moontlikheid van enige ongerief (fisies of psigies) of enigiets wat die gewilligheid van respondente om deel te neem, kan beïnvloed;
- die vryheid van die respondente om te weier om deel te neem en om op enige tydstip van die navorsing te onttrek.

Die navorser het sorg gedra dat die onderhoude nie doelbewuste ongemak veroorsaak nie. Die akkurate en volledige inligting met betrekking tot moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente hulle kan blootstel is deurgegee. Die respondente is oor die aspekte ingelig, waarna hul skriftelike toestemming verkry is. Die akkurate en volledige inligting met betrekking tot die

navorsing (doel van ondersoek, die prosedure wat tydens die ondersoek gevolg sou word en die geloofwaardigheid van die navorsing) en die professionele hantering van die respondente het baie gehelp om deelname te verseker.

### 1.11.2 Geen nadeel vir deelnemers nie

Volgens die navorser het die navorsing geen nadele vir die respondente ingehou nie. Die respondente is deeglik op die potensiële impak van die navorsing voorberei. Enige ongemaklikheid wat na vore gekom het, is met respek en die nodige sensitiwiteit benader. Babbie (2001:439) en Strydom (2005a:59) stel dat sodra daar die geringste moontlikheid dat ŉ navorsingsprosedure onwenslike gevolge vir respondente mag inhou bestaan, dit die navorser se verantwoordelikheid is om dit te antisipeer en voorsorg vir die uiteindelike uitskakeling of regstelling daarvan te tref.

As gevolg van die aard en doeleindes van hierdie studie, naamlik om persoonlike inligting (belewenisse / gevoelens / ervarings) ten opsigte van die respondente se skuld en skaamte te bekom, was daar ŉ moontlikheid dat emosionele ongemak deur respondente ervaar kon word. In die navorsing is daar op beide intrapersoonlike en interpersoonlike behoeftes van adolessente in hul hantering van vergifnis gefokus. In verhoudinge waar mishandeling ter sprake is, kan vergifnis plaasvind sonder rekonsiliasie en interaksie met die oortreder, om die adolessente te beskerm. Die vertroue en veiligheidsaspekte in die verhouding tussen die respondente en die oortreder het deurentyd in belang van die respondente plaasgevind. Respondente is na afloop van die ondersoek die geleentheid gegee om hul gevoelens te ventileer, hul menings te deel en te reflekteer, indien hulle ŉ behoefte aan ontlading van gevoelens gehad het. Respondente is verder meegedeel dat, indien nodig, hulle vir terapeutiese ondersteuning verwys sou kon word, sou enige onvoltooidhede op die voorgrond tree.

### 1.11.3 Misleiding van deelnemers

Volgens Corey, *et al.* (1993:230) behels misleiding die weerhouding van inligting, of die aanbieding van valse inligting om deelname te verseker.

Neuman (2003:229) stel dat misleiding plaasvind wanneer die navorser die respondente doelbewus mislei. Babbie (2001:474) stel ook dat die navorser maklik en soms onbewustelik die doel van die navorsing kan weerhou. Strydom (2005a:59) is van mening dat geen vorm van misleiding op respondente toegepas word nie. Wanneer dit wel onopsetlik na vore kom, moet dit onmiddellik gedurende of na afloop van die onderhoud reggestel word.

Die navorser het gedurende die navorsing seker gemaak dat die respondente nie mislei word nie. Die akkurate en volledige inligting met betrekking tot die navorsing (doel van ondersoek, die prosedure wat tydens die ondersoek gevolg sou word en die geloofwaardigheid van die navorsing) is voor, tydens en na die navorsing met die respondente bespreek. Vrae wat tydens die intervensie gevra is, was deursigtig en duidelik geformuleer.

### 1.11.4 Skending van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Respek vir respondente en hul privaatheid is 'n belangrike etiese kwessie. Volgens Huysamen (1993:189) is die skending van respondente se privaatheid die belangrikste misstap wat by opname-navorsing begaan kan word. In die geringste vorm kom sodanige inbreuk voor wanneer vrae in onderhoude of vraelyste oor intieme en persoonlike aangeleenthede gestel word. Dít kan tot angs- of skuldgevoelens by respondente bydra. Die wyse (waarneming / oudio- / videobande) waarop waarnemings aangeteken word, speel ook 'n rol in die respondente se privaatheid. Een manier om vertroulikheid in die hand te werk, is om respondente se inligting anoniem te bekom. (Babbie, 2001:440; Strydom, 2005a:61.)

Die respondente het die reg gehad om te besluit wanneer, waar, hoe en tot watter mate hulle houdings, oortuigings en gedrag openbaar word. Die navorser het die respondente met respek behandel en alle inligting wat bekom is, op vertroulike wyse hanteer. Die terapeutiese sessies is, met die toestemming van die respondente, digitaal opgeneem ten einde akkuraatheid te verseker. Die navorser het ook aan die respondente 'n keuse gegee of hulle anoniem aan die studie wil deelneem of nie (Babbie, 2001:440 en Strydom, 2005a:62). Fiktiewe name (in die vorm van alfabet-letters) is gebruik, wat die anonimiteit van die respondente verseker het. Die identiteit van die respondente is in die

verslagdoening van die navorsing weerhou sodat die respondente nie benadeel kan word nie. Verder het die navorser alle inligting wat bekom is, met die grootste vertroulikheid hanteer en sodoende respek vir respondente en hul privaatheid getoon. Persoonlike inligting van die respondente is tydens en na die navorsing veilig geberg in 'n liasseerkabinet wat kon sluit.

### 1.11.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Volgens Strydom (2005a:63) is navorsers eties verplig om seker te maak dat hulle bevoeg en genoegsaam opgelei is om die navorsing aan te pak. Die navorser het op meestersvlak navorsing gedoen. 'n Verhandeling van beperkte omvang is voltooi en ingedien as voorwaarde vir die meestersgraad. Die navorser het hieraan voldoen. Die navorser is ook 'n predikant in 'n studentegemeente waar hy daagliks met studente werk en toegang tot hul omgewing vir bestudering gehad het.

### 1.11.6 Samewerking met bydraers

Die navorser het in samewerking met sy promotor en hulppromotor gewerk om die studie suksesvol af te handel. Die navorser het ook kundiges, kollegas en professionele dienslewering in die navorsingsveld geraadpleeg en hulle bydrae tot die navorsing benut.

### 1.11.7 Kwaliteit van navorsing

Die navorser het die hoogste standaard van navorsing gehandhaaf deur die geakkrediteerde metodologie, soos aanbeveel deur die promotors en die literatuur. Alle prosedures is met integriteit gedoen.

- Intervensieonderhoude en die gestandaardiseerde metingskale is getranskribeer en 'n onafhanklike mede-kodeerder is aangestel om onafhanklike kodering van data te doen.
- Verskeie navorsers, soos DeShea (2008), Murray en Ciarrocchi (2007), Webb, Chickering, Colburn, Heisler, en Call (2005), Tangney en Dearing (2004), Marschall (1996) en Marschall, Sanftner, en Tangney (1994), verwys

na die geldigheid van die meetinstrumente om selfbewuste emosies soos skuld, skaamte en vergifnis te meet. Die gestandaardiseerde metingskale is breedvoerig in 1.8.3.1.1 bespreek.

### 1.11.8 Publikasie van inligting

Dane (in Strydom, 2005a:65) noem dat die finale geskrewe navorsingsverslag akkuraat, objektief, duidelik en ondubbelsinnig moet wees, asook alle essensiële inligting moet bevat. Strydom (2005a:66) benadruk verder dat plagiaat 'n ernstige oortreding is en dat dit daarom noodsaaklik is om erkenning aan alle bronne wat die navorser gedurende die studie gebruik en gekonsulteer het te gee. Dit is ook belangrik dat die navorser alle tekortkominge en foute in sy studie moet erken.

Die navorser het al bogenoemde aspekte noukeurig probeer nakom, ten einde eties korrek op te tree in die publisering van die navorser se bevindings.

## 1.12 DEFINISIES EN HOOFKONSEPTE

Hoofkonsepte in die navorsing word kortliks bespreek, terwyl 'n breedvoerige omskrywing in die toepaslike hoofstukke weergegee word.

### 1.12.1 Pastorale terapie

Besinning oor geloof en die rol daarvan in die navorsing van skuld, skaamte en vergifnis het aanleiding tot die vorming van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese basisteorie* gegee. Met die oog op terapie aan mishandelde adolessente is daar vanuit die navorsing na die proses van geloofsgroei, geloofsontwikkeling, interpersoonlike verhoudinge en die verhouding tussen God en die adolessente gekyk. 'n Pastorale ontmoeting verwys na die verbondsmatige kontak tussen God en die adolessente wat, by mekaar betrokke is. *Pastorale beraad* beoog terapie vanweë 'n geïdentifiseerde nood, probleem of krisis. Die prosedure, houdings, response, vaardighede en gespreksmetodes in pastorale sorg word aangewend om 'n helpende verhouding tussen die pastor en mishandelde adolessente te vestig. *Pastorale terapie* verteenwoordig die helings- en veranderingsdimensie van herstel en groei. Dit verwys na 'n toestand van heling,

ondersteuning, begeleiding, versoening, bewaring en vertolking as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie/heil om geloofsvolwassenheid en spiritualiteit te bevorder. Pattison (1993:16) lê sterk klem daarop dat die pastoraat sy Christelike of geestelike karakter moet behou. Daarom is dit belangrik dat die pastorale terapeut/berader altyd 'n Christelike visie sal behou. Pastoraat se spesifieke karakter setel in die area van geloofsversorging met die oog op geloofsgroei tot geloofsvolwassenheid (Shelton, 1983:179).

### 1.12.2 Gestalt

Gestalt is 'n patroonvoltooiing wat deur drie komponente gevorm word: die persoon, sy konteks (omgewing) en die verhouding tussen die persoon en sy omgewing (Korb et al. 1989:1). Volgens Perls (1993:119) word Gestalt soos volg gedefinieer: *"A Gestalt is a whole, a complete, in itself resting whole. The Gestalt wants to be completed, where left with unfinished situations, and these unfinished situations press and want to be completed".* Gestaltvorming is 'n voortdurende dinamika in die terapeutiese proses. Gestaltvorming het eksistensieel ten doel dat die adolessente so volledig moontlik hulself sal wees en as 'n geïntegreerde organisme altyd as 'n eenheid sal funksioneer (Clarkson, 2002:17). Gestalt beklemtoon die geheel van die adolessente in die terapeutiese verhouding en nie net die intrapsigiese of interpersoonlike dimensie nie (Corey, 2005:193).

Die navorser beskou Gestalt as die organisering van die verskillende dele van 'n geheel wat op mekaar 'n invloed het en omskryf word as meer as die som van die dele wat op mekaar inwerk en altyd as 'n eenheid funksioneer.

### 1.12.3 Gestaltterapie

Gestaltterapie is 'n prosesgeoriënteerde terapie wat op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die adolessente fokus (Carroll en Oaklander, 1997:184). Dit is 'n fenomenologiese en eksistensiële terapeutiese benadering wat subjektiewe ervaring in die hier-en-nou hanteer. Gestaltterapie beskou die verhouding tussen die terapeut en die adolessente op so 'n wyse dat die dinamiek van die adolessente se funksionering altyd eerste gestel word. In die

terapeutiese dialoog, verbaal en nie-verbaal, word bewustheid by die adolessente verhoog en word hulle begelei om verantwoordelikheid vir keuses wat hulle maak te aanvaar. Die doel van Gestaltterapie is om die adolessente te help om die persepsie van hul ervaring in totaliteit te verbeter (Blom 2006:18). In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van die adolessente uit te kom (Corey, 2005:193; Yontef en Simkin, 1989:18). Kaduson (2000:28) stel dat:

> "*Gestalt therapy is a humanistic, process-oriented mode of therapy that focuses on the healthy, integrated functioning of the total organism, comprised of the senses, the body, the emotions, and the intellect".*

In Gestaltterapie kan die adolessente bewus word van die ervaring wat hulle in verhouding met die self, ander mense en die omgewing ervaar. Alhoewel die adolessente altyd as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hulle nie sonder die omgewing bestaan nie en is altyd daarmee in kontak (Blom 2006:17). Die eksterne regulering meng met die spontane proses van selfregulering in en het tot gevolg dat die proses van Gestaltvorming in die adolessente en hul omgewing versteur word (Aronstam, 1992:632). Gestaltvorming is 'n voortdurende dinamika in die terapeutiese proses en stel die adolessente in staat om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring wat op die voorgrond tree.

Die navorser beskou Gestaltterapie as 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese terapeutiese benadering wat die adolessente se bewustheid verhoog om organismiese selfregulering te bemeester in die hier-en-nou en hulle te lei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hulle maak in interaksie met hul omgewing.

### 1.12.4 Mishandeling

Mishandeling is enige vorm van interaksie (of tekort aan interaksie) wat aanleiding tot die opsetlike beskadiging van die adolessente se fisiese- en ontwikkelingstoestand gee. Mishandeling is 'n omvattende term vir fisieke, seksuele en emosionele mishandeling en verwaarlosing (Beech, Craig, & Browne, 2009:1; Einhorn & Gandhi, 2006:2; Mash & Wolfe, 1999:526; Gil, 1996:24). Volgens die Kinderwet 38 van 2005 Artikel 150(1)(f) (Staatskoerant no. 28944, 2006) behels mishandeling enige blootstelling aan omstandighede

wat moontlike skade kan aanrig aan die adolessente se fisiese, sielkundige of sosiale welstand. Mishandeling het 'n invloed op elke vlak van die adolessente se ontwikkeling omdat hul emosionele belewenis van die mishandeling 'n groot impak op hul gedrag het.

### 1.12.5 Adolessensie

Adolessensie word as 'n tydperk waarin dramatiese fisiologiese en psigologiese veranderinge intree gekenmerk. Die uitgangspunt is dat adolessensie 'n psigososiale stadium is waarin volwasse identiteitsformasie die primêre taak is. Die navorser is van mening dat adolessensie tussen 11 en 21 jaar gedefinieer kan word as die lewensiklusperiode tussen kindertyd en volwassenheid. Adolessente ontwikkel die vermoë om formele handelinge uit te voer deur abstrak en logies te dink en afleidings te maak (Demetriou, Doise en Van Lieshout, 1998:195; Mwamwenda, 1996:97-103; Piaget, 1995:297-299). Die normale ontwikkeling en suksesvolle voltooiing van ontwikkelingstake hou met die geluk en sukses waarmee volwassenheid betree word verband. In die navorsing word aandag aan die fisiese, kognitiewe, sosiale, emosionele, morele, religieuse en persoonlikheidsontwikkeling van mishandelde laat-adolessente geskenk. Die fases van adolessensie kan in drie ontwikkelingstydperke verdeel word (Wolfe & Mash, 2008:5; Collins, 2005:183-186; Berk in Thom, *et al.*, 2004:389; Benner, 1987: 25-26).

- Vroeë adolessensie (tussen 11 en 14 jaar)
- Middel-adolessensie (tussen 14 en 18 jaar)
- Laat-adolessensie (tussen 18 en 21 jaar)

### 1.12.6 Skuld

Afhangend van die skuldbewussyn van mishandelde adolessente kan skuldgevoel 'n gesonde ontwikkelingsfase teweegbring of inhibeer. Reber & Reber (2001:310) beskryf skuld as:

> *"An emotional state produced by the knowledge that one has violated moral standards. Most authorities recognize an emotional state as guilt*

*only when the individual concerned has internalized the moral standards of his or her society; thus it is distinguished from simple fear of punishment from external sources – guilt is, in a sense, a self-administered punishment.".*

Ten einde skuld by mishandelde adolessente te kan hanteer, moet daar tussen skuld en skuldgevoel onderskei word. Skuld verwys na die verkeerde daad wat gepleeg is, terwyl skuldgevoel die emosionele ervaring daarvan is (Yontef, 2003:365). Dit omsluit adolessente se totale wese binne die self en die omgewing. Adolessente kan konflik tussen dit wat hulle gedoen het en dit wat hulle veronderstel was om nie te doen nie ervaar (Kubany, *et al.*, 1996:428). Interne en fenomenologiese skuld kom tot uiting in angs, pyn, ontevredenheid, depressie, selfverwyt en berou, as gevolg van die skending van geïnternaliseerde waardes in 'n emosionele verhouding. O'Connor, Berry, & Weiss, (1999: 181-203) oordeel dat skuld 'n pynlike gevoel is wat deur die oortuiging dat die individu iemand benadeel het, veroorsaak word. Dit wek 'n skuldgevoel wat deur die gewete gedryf word en nie maklik opgelos word nie. Skuld kan problematies wees wanneer dit ongepas, inhiberend, algemeen en voortdurend verbind word met skaamte.

Ten einde skuld by mishandelde adolessente te hanteer, moet daar tussen skuld en skaamte onderskei word.

### 1.12.7 Skaamte

Skuld en skaamte is terme wat dikwels afwisselend gebruik word. In die literatuur wat die navorser gebruik het, is daar verskillende teoretiese en empiriese benaderinge tussen die twee konsepte. Skaamte is 'n diep wond in die wese self, wat die gevolg van die identiteitskrisis en disfunksionele ontwikkeling van mishandelde adolessente is. Skaamte, anders as skuldgevoel, is 'n intense gevoel van ongemak en 'n bewustheid van foute en tekortkominge in die wese (Lewis 2004:629; Yontef, 2003:353). Skaamte kan 'n ervaring van self-haat en self-devaluasie skep wanneer mishandelde adolessente hulpeloos in hul situasie voel. Middelton-Moz (1990:56) stel dat:

*"When we feel guilty, we feel that we owe a debt to another. Shame is associated with wrong-being or a feeling of inferiority and worthlessness.*

*When we are shamed, there is a wound to our being and our self-esteem".*

Skuld besit nie die negatiewe intensiteit van skaamte nie. Dit is nie selfvernietigend nie en kan as 'n bruikbare emosie wat die herstel van skuldgevoel kan motiveer beskou word. Middelton-Moz (1990:15) stel die onderskeid tussen skaamte en skuld soos volg: *"When we feel guilty, we blame our behavior in a given instance. When we feel shame, it is our self that is being judged."*

### 1.12.8 Vergifnis

Mishandelde adolessente leef dikwels met skuld en skaamte. Volgens Fitzgibbons (in Enright 2003:15) veroorsaak dit woede en fisiese simptome, wat deur vergifnis herstel kan word. Vergifnis is 'n komplekse fenomeen en betrek sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring, wat 'n uitdaging vir integrasie voorsien. Browning, *et al.*, (2004:57) stel dat die studie van vergifnis 'n teologiese term is wat gebruik kan word om 'n psigologiese proses te verduidelik. Vergifnis moet eerstens as 'n teologiese saak wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus (sy kruisdood) gesien word. Jones en Ledwith (2005:88) wys daarop dat horisontale (mens-tot-mens) vergifnis, Bybels van aard is wanneer dit gevestig en verbind aan vertikale (God-tot-mens) vergifnis is. Vergifnis is 'n voordeel tot die self en 'n alternatief vir woede en bitterheid. Volgens Potter-Efron (2005:174) en Pattison (2000:209) is vergifnis die belangrikste komponent van die Christelike geloof. Wicks en Parsons (1993:482) beskryf vergifnis teenoor die oortreder soos volg:

> *"Forgiveness is not pity, exoneration, or absolution. Further, forgiveness is not letting the abuser off the hook or accepting or minimizing the abusive behavior. It is letting go of the rage so that the pain does not continue to determine the future".*

## 1.13 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit drie belangrike komponente. Die eerste is die integrering van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* in die navorsingsverslag. Die tweede komponent bestaan uit die literatuurstudie en data-insameling. Die derde komponent integreer die empiriese navorsingsresultate en inligting vanuit die dataversameling en literatuurstudie om 'n sinvolle intervensiebenadering daar te stel. Die verloop van die navorsing word soos volg uiteengesit:

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1: | Inleidende oriëntering en rasionaal vir die navorsing. |
| Hoofstuk 2: | Basisteorie vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie |
| Hoofstuk 3: | Paradigmatiese perspektief vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie. |
| Hoofstuk 4: | Kontekstuele raamwerk van laat-adolessensie. |
| Hoofstuk 5: | Kontekstuele raamwerk van mishandeling by laat-adolessente. |
| Hoofstuk 6: | Konseptuele raamwerk van skuld en skaamte. |
| Hoofstuk 7: | Konseptuele raamwerk van vergifnis. |
| Hoofstuk 8: | Ontwikkeling van die intervensiemodel. |
| Hoofstuk 9: | Empiriese ondersoek en resultate. |
| Hoofstuk 10: | Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing. |

## 1.14. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting en struktuur vir die navorsing gebied. Die doel met die navorsing is om, vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. In die hoofstuk is die rasionaal en motivering van die navorsingsbenadering en -metodologie vir die bereiking van die navorsingsdoel uiteengesit. Daar is ook op die geloofwaardigheid, etiese aspekte en die definiëring van toepaslike begrippe om die navorsingsprobleem te verhelder gefokus.

Die navorser gebruik 'n kombinasie (*gemengde metode*) kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering om genoegsame detail rondom die tema van die navorsing te verkry. Daar word van die dominante-minder-dominante model gebruik gemaak. Die navorser het die navorsing oorwegend vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem om die fenomeen in sy eie leefwêreld te bestudeer. Die navorser gebruik die intervensienavorsingontwerp in 'n meervoudige gevallestudie en 'n enkelsisteemontwerp word in die intervensienavorsing geïnkorporeer. Die aanbieding van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* binne 'n enkelsisteemontwerp verhoog die vertrouenswaardigheid van die navorsing, omdat die intervensiemodel deur drie metingskale voor en na intervensie getoets word.

Die navorser gebruik die gemengde metode *gevallestudie* navorsingstrategie met die doel om skuld, skaamte en vergifnis te verken en te beskryf. Dit hou die voordeel dat die intervensiemodel herhaal kan word, gevolgtrekkings uit meer gevalle na vore kom en in meer as net 'n enkele geval geanaliseer word in. Die feit dat die konteks van elke geval kan verskil dra tot die rykheid van die data by, waar elke geval holisties in sy eie konteks benader word. Intervensienavorsing soos wat die navorser dit toepas met integrering van die enkelsisteemontwerp bied 'n gepaste raamwerk om die navorsing te beskryf. Die navorser wil tydens die navorsing 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* ontwikkel as intervensie met mishandelde adolessente. Die intervensiemodel sal geïmplementeer en geëvalueer word ten einde te bepaal of daar enige verandering by die respondente ingetree het, wat toegeskryf kan word aan hulle deelname aan die intervensieprogram.

In Hoofstuk 2 word aandag aan die pastoraal teologiese en Gestalt teoretiese vertrekpunte in 'n basisteoretiese en paradigmatiese perspektief vir 'n *pastorale Gestalt terapeutiese intervensie* om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei geskenk.

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORIE VIR ’n PASTORALE GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIE

## 2.1 INLEIDING

Vir ’n studie van skuld, skaamte en vergifnis by mishandelde laat-adolessente, is dit noodsaaklik om insigte vanuit al die tersaaklike grenswetenskappe te bekom aangesien dit om adolessente in hul totaliteit gaan. Binne hierdie konteks sluit die grenswetenskappe die filosofiese antropologie, etiek, psigologie en teologie in. Vanuit die raamwerk van die etiek en psigologie word daar vervolgens sterk op die antropologiese eenheid van die mens as liggaam, siel en gees gefokus, omdat beide die pastoraat en Gestaltterapie met dieselfde mens as geïntegreerde wese te make het.

Die teoretiese nadenke oor geloof en die rol daarvan in die navorsing van skuld, skaamte en vergifnis het die navorser tot die vorming van ’n paradigma geskoei op ’n *pastorale Gestaltterapeutiese perspektief* gelei. In aansluiting by die binding wat dikwels tussen die bestaans- en geloofsfunksie van mishandelde adolessente voorkom, sal die rol wat pastoraat in aansluiting tot psigologie kan speel, verken word. Williams (2006:8) en Harris (2000:2) wys byvoorbeeld daarop dat daar inderdaad vanuit ’n religieuse Gestalt perspektief effektief hulp aan mishandelde adolessente verleen kan word.

Om tot ’n prakties-teologiese teorievorming tussen die twee refleksdomeine van die pastoraat en Gestaltterapie te kom, sal vervolgens ’n hermeneutiese wisselwerking benodig word. Zerfass (Heitink, 1999:113; Heyns & Pieterse, 1998:34-35; Heyns & Pieterse, 1991:36-40; Zerfass, 1974:164-177) beklemtoon hierdie wisselwerking tussen teorie en praktyk.

- Die sleuteldimensies vir ’n *pastorale Gestaltterapeutiese perspektief* behels ’n pastoraal-teologiese en Gestalt teoretiese verstaan van mishandelde adolessente se skuld, skaamte en vergifnis.
- Verder is dit belangrik dat *metateoretiese* insigte (mishandelde laat-adolessente, interdissiplinêre benaderings tot skuld, skaamte, vergifnis en terapeutiese modelle) in ’n praktykteoretiese teorievorming geïntegreer sal word.

- ’n Praktykteorie beskryf hoe ’n basisteorie (pastoraal-teologiese benadering) en paradigmatiese perspektief (Gestaltterapie) in die praktyk behoort te funksioneer.

Dit is noodsaaklik om ’n werkbare definisie vir die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* daar te stel ten einde die basisteorie en paradigmatiese perspektief vir die mishandelde adolessente as persoon vas te lê. In hierdie hoofstuk sal die pastoraat in gesprek met Gestaltterapie tree om ’n Christelike wêreldbeskouing in samehang met menslike ervaring en kennis te konstrueer. Die navorser hanteer skuld en skaamte vanuit ’n Christelike basisteorie (Hoofstuk 2) en ’n Gestalt paradigmatiese perspektief (Hoofstuk 3) in ’n poging om mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

## 2.2 ’n BASISTEORETIESE PERSPEKTIEF

’n Basisteoretiese perspektief binne die pastorale konteks dui op die bespreking, besinning en beplanning van teologiese vertrekpunte wat vir die praktyk belangrik kan wees (Heyns & Pieterse, 1998:35). Die basisteorie behels die interpretasie en ontginning van Bybelse norme, waardes en kriteria van menslike handelinge binne dié spesifieke veld van intervensie (Venter, 1993:247).

Die geestelike dimensie as ’n religieus-bepalende waarde het ’n bepaalde invloed op mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis. Murray en Ciarrocchi (2007:22) wys tereg daarop dat: *“The more one felt disconnected from God, or had spiritual struggles, the more shame and guilt one experienced”*. Mishandelde adolessente sal probeer om antwoorde op geloofsvrae wat hul eie waardes, godsdienstige oortuiging en lewensfilosofie ontwikkel te vind (Collins, 2005:187). Daarom stel Hick (in McNish, 2004:3) dat: *“The capacity to find God in suffering and defeat as well as in triumph and joy is ... the special genius of Christianity”.*

Die Bybel gee vir mishandelde adolessente hul persoonlike waarde en verantwoordelikheid terug. Mishandelde adolessente is nie maar net ’n slagoffer van, of produk van hul omstandighede of diskoerse nie (Huston, 2000:19; Pattison, 2000:5). Volgens Young (1981:219) kan die pastorale terapeut ’n verwonde persoon help *“... to reach the true problem by emphasizing his or her worth in God’s sight”*. Binne die konteks van waarderegulerende beginsels kan

die geestelike dimensie as 'n uitvloeisel van die besef van God se teenwoordigheid beskou word en lei dit tot 'n gedragsvroomheid waarvolgens mishandelde adolessente al meer word wat hulle reeds in Christus is (Louw, 1999b:31). Emmons (1999:879) verwoord geloof as 'n sisteem van inligting *".. that provide individuals with knowledge and resources for living a life of purpose and direction"*.

In die Bybelse boodskap rondom skuld, skaamte en vergifnis is daar 'n bevrydende dinamika opgesluit wat dramatiese verandering op emosionele en selfs fisiese terrein tot gevolg kan hê. Bergin (1991:399) wys tereg daarop dat daar oor die algemeen geen korrelasie tussen algemene geloof (religie) en geestelike gesondheid bestaan nie, maar dat geloof wel gesondheid kan verbeter. Die navorser ondersteun dié standpunt en sluit ook by Lawler-Row en Reed (2008:83), Koenig, *et al.* (2001:53), Plante en Sherman (2001:3), Pattison (2000:209), Emmons (1999:879), Richards en Bergin (1997:86), Benson (1996:173), Clay (1996:1) en Ryan, *et al*. (1993:594) aan dat geloof geestelike gesondheid kan fasiliteer, of inhibeer.

Die Christelike geloof is egter nie 'n kitsoplossing vir mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte nie, maar volgens die navorsing van Pattison (2000:214) en Barton en Vaughan (in Young, 1981:216) verminder geloof die negatiewe ervaring van skuld en skaamte. Watson-Jarvis en Bishop (1998:1) beskryf tereg God se betrokkenheid by die mens soos volg: *"God enters our struggles with us and brings hope and freedom to our lives that had seemed doomed and mired in confusion"*.

Die skuld-en-skaamte fenomeen kan nie monisties as suiwer Bybels-teologies, of suiwer eties, of suiwer fundamenteel ontologies, of suiwer psigologies beskryf word nie. Volgens Louw (1989:5) behoort pastoraat in 'n dinamiese buurmanskap saam met ander hulpverlening dissiplines te werk. Ten einde skuld, skaamte en vergifnis te verklaar, kan ander hulpverlening dissiplines tot die bestudering van elke konsep bydra. Pattison (2000:210) verwys na die fundamentele vergelyking wat tussen die teologies-etiese begrip van skuld en skaamte enersyds, en eksistensiële en psigologiese skuld en skaamte andersyds getref kan word.

Volgens die navorser kan 'n *pastorale basisteorie* binne die *Gestaltterapeutiese perspektief* effektief benut word om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. Die navorser ondersteun Pargament (1997:264) se standpunt dat geloof *"... can lend significance to the act of forgiving".* Daarom is hierdie navorsing op 'n pastoraal teologiese basisteorie binne 'n Gestalt paradigmatiese perspektief om mishandelde adolessente te begelei in hul hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring gegrond.

## 2.3 PASTORAAL TEOLOGIESE VERTREKPUNTE VIR DIE PASTORALE GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIE

### 2.3.1 Pastoraat binne die pastorale teologie

Teologie verwys na die leer van God en Goddelike sake vir sover dit in die Bybel geopenbaar word (Clinton, *et al.*, 2005:31; Wolters, 1960:118). Pastorale teologie behels die teologiese denke oor die pastoraat en die wisseling tussen teorie en praksis (Heitink, 1977:70). Dit impliseer geloof in God wat verstaanbaar gemaak word deur geloofsinterpretasie en geloofsvertolking in terme van die Bybel se siening van die ontmoeting tussen God en mens (Louw, 1999b:2; Heyns & Pieterse, 1998:34-35). Skrifgebruik en gebed is daarom onlosmaaklik deel van pastoraat en pastorale terapie (Collins, 2005:415; Seamands, 1995:140; Pattison, 1993:106). Louw (1999b:151) verwys tereg na die pastorale bediening soos volg:

> *"Die pastorale bediening is 'n medium waardeur mense van God se inwonende werksaamheid bewus raak – 'n bewuswording deur die Heilige Gees wat mense tot nuwe mense transformeer. Uit 'n geestelike perspektief in 'n teologiese antropologie, het pastoraat te doen met die uitwerking en konsekwensies van 'n teologiese antropologie vir menswees."*

'n Christelike geloofsperspektief met 'n pastorale voorveronderstelling werk met *drie basiese eksistensiële probleme* wat vanuit die perspektief van geloof hanteer word (Louw, 1999b:2). Die *drie basiese eksistensiële probleme* kan in verhouding met mishandelde adolessente soos volg gestel word:

- Mishandelde adolessente se angs (vrees vir isolasie en verwerping);

- hulle worsteling met skuld, skaamte en vergifnis;
- hulle ervaring van wanhoop en sinloosheid wat dikwels tot twyfelvrae en vertwyfeling aanleiding gee.

Die pastorale teologie worstel met die vraag om die waarheid te vertolk en te verstaan binne en in terme van mishandelde adolessente se ervaringswêreld, sonder om terug te val in die probleem van subjektivisme en die verklaring van geloof vanuit die mens se religieuse ervaring (Louw, 1999b:3). Karl Barth (in Berkhof, 1991:80) stel dat *"... wie niet bij God begint, nooit bij God uitkomt, maar altijd bij een vergrote projectie van zichzelf"*. Volgens Barth is God as die *"Ganz Andere"* te beskou en hieruit kom die subjek-objek-relasie na vore.

Alhoewel daar 'n afstand tussen die Heilige God en die sondaarmens is en God as die Almagtige en die Heilige beskou word, kan die pastorale teologie nie persoonlike ervaring, historiese gebeure en eksistensiële aangeleenthede uitskakel nie (Berkouwer, 1989:423). Mishandelde adolessente worstel nie net met persoonlike geloofsperspektief nie, maar ook met verskeurdheid, spanning, vervreemding en sinloosheid. Daarom kan die probleemveld van 'n teologie van die pastoraat in die volgende drie terreine verdeel word (Louw, 1984:16):

- Eerstens is daar die *saakprobleem* waarin die pastoraat sigself moet verantwoord ten opsigte van die teologiese inhoud en die bedoeling (intensie) van die pastorale bediening.
- Tweedens is daar die terrein van die *persoonsprobleem*. Dit gaan in die pastoraat om mense (mishandelde adolessente) en hulle stryd tot selfaktualisering en identiteitsontplooiing.
    - Pastoraat is by die *eksistensiële* komponente van selfrealisering, verantwoordelikheid, die maak van keuses, die ontplooiing van potensiaal, die gevoelens op ervaringsvlak en die aspek van doelgerigtheid betrokke.
    - Gevolglik is die *relasionele* en gemeenskapskomponente soos groepsverhoudinge van groot belang. Dit is hier waar mishandelde adolessente as volledige mense opereer en al hul wonde opdoen. Mishandelde adolessente worstel voortdurend met hul selfbeeld en die dreigende gevaar van mislukking en skuld.

    - Die *funksionele* of *taakkomponente* behels mishandelde adolessente se arbeid, spel, ontspanning en beroep.

- Derdens is daar die terrein van *situasieprobleme* waarin die pastoraat by krisisse op persoonlike vlak of gedurende verskillende ontwikkelingstadia van die mens betrokke is. Sosiale vraagstukke en maatskaplike probleme wat mishandelde adolessente se kulturele en politieke situasie raak, word 'n belangrike terrein waarop die pastoraat opereer.

Binne hierdie omvattende veld is dit verstaanbaar waarom 'n teologie van die pastoraat telkens tussen verkondigingsreduksie en psigologiese reduksie kan wipplank ry (Louw, 1984:17).

### 2.3.2 Pastoraat in die pastorale ontmoeting

Pastoraat maak in sy basisteorie van die antropologiese voorveronderstelling dat die mens 'n afhanklike wese is wat gerig bly op geloofsrealisering gebruik (Heitink, 1992:256; Louw, 1989:28). Pastoraat is in 'n sekere sin 'n praksisgerigte bemiddeling van die evangelie met die oog op 'n uitnodiging tot geloof, verandering in geloof, verdieping in geloof en groei in geloof (Shelton, 1983:179). Volgens Louw (1984:27) is die antwoord vir die pastoraat egter nie in een van die volgende tradisionele eensydighede geleë nie:

- 'n Teologie van die pastoraat vind sy wese en inhoud nie net terug in die *kerugma* nie.

- Die pastoraat ontdek sy wese en inhoud ook nie binne die antropologie nie. Die waarheid van die pastorale teologie is nie net 'n *eksistensiële aangeleentheid* wat op empiriese vlak tot selfaktualisering en selfontplooiing aanleiding gee nie.

- Die teologiese dilemma word ook nie oorbrug deur 'n bipolariteitsbeginsel of 'n hermeneutiese korrelasiebeginsel waarin die wederkerigheid in die spanningsverhouding God-mens telkens dreig om die spanning en onderskeid tussen God en mens, met behulp van 'n indirekte komplementariteitsmotief, te verswak nie.

Die God-mens-spanning met die twee pastorale pole van *geloofshulp* (Woordverkondiging en geloof) en *lewenshulp* (daadgetuienis en

bestaanontplooiing) word die werkterrein van die pastorale bediening wanneer dié bipolariteit sy perspektiwiese toespitsing of fokuspunt in die *eskatologiese perspektief* van die komende Godsryk vind (Dingemans, 1991:23). Die aansluitingspunt van die pastoraat lê in die pneumatologiese beïnvloedingspunt tussen God en die mens (Louw, 1999b:88; Dingemans, 1991:25). Dit volg 'n teonome benadering wat beteken dat daar 'n balans tussen die verhouding tot God (deduktief) en die implikasie vir die lewe (hermeneuties induktief) is (Louw, 1999b:90).

#### 2.3.2.1 Pastorale ontmoeting

'n *Pastorale ontmoeting* is die interaksie, kommunikasie en dialoog tussen God en mens, waar die pastorale gesprek as 'n eksponent van die pastorale ontmoeting beskou word (Louw, 1999b:28). Dit verwys na die verbondsmatige kontak tussen God en die mens wat altyd by mekaar betrokke is (Heitink, 1977:170). Daarom moet die pastorale ontmoeting nie net as 'n dialoog gesien word nie, maar as 'n trialoog: 'n gesprek tussen die Heilige Gees, die pastor en die lidmaat (Kotze, 2008:67; Seamands, 2004:14; Anderson, *et al.*, 2000:113).

In die trialoog is dit nie die persoon van die pastor of die struktuur van die gesprek wat die terapeutiese effek bepaal nie (Anderson, *et al.*, 2000:112). Die terapeutiese effek van 'n empatiese gesprek en 'n persoongerigte dialoog is (op sekondêre vlak) 'n uitvloeisel van God se dialoog met die mens deur die heilsdade van Christus en die werking van die Heilige Gees (die primêre spraakgebeure) (Seamands, 2004:14). Die pastorale ontmoeting is primêr 'n God-mens-ontmoeting (Anderson, *et al.*, 2000:113). Menslike vaardighede, metodes en modelle, strategieë en psigologiese hulpmiddels dien as sekondêre instrumente waardeur die Heilige Gees sy werk in mishandelde adolessente se lewe verrig (Worthington, 2005:120). Die pastorale ontmoeting kan in die volgende komponente verdeel word:

- *Onderlinge sorg* kom voor wanneer lidmate mekaar onderling versorg en bystaan (Kotze, 2008:48). Volgens De Jongh Van Arkel (2000:160) is dit die belangrikste en basiese sorg van medegelowiges.
- *Pastorale sorg* behels die opbou en versorging van medegelowiges (De Jongh Van Arkel, 2000:160). Pattison (1993:41) wys daarop dat die mikpunt

van pastorale sorg nie net die verligting van sonde en lyding is nie, maar ook om mishandelde adolessente deur groei en persoonlike vervulling by 'n positiewe doel in die lewe te bring.

- *Pastorale beraad* is die meer intensiewe vorm van onderlinge sorg. Kennis en vaardighede is belangrik om medegelowiges tydens die beradingsproses te begelei (De Jongh Van Arkel, 2000:161). *Pastorale berading* beoog terapie vanweë 'n geïdentifiseerde probleem of krisis. In pastorale beraad is psigoterapeutiese beginsels en tegnieke van onderhoudvoering uiters noodsaaklik om 'n helpende verhouding tussen die pastor en die kliënt te vestig.
- *Pastorale terapie* behels langtermyn-rekonstruktiewe terapie om ernstige en chroniese probleme te hanteer en vereis meer spesialiskennis en vaardighede (Kotze, 2008:48; De Jongh Van Arkel, 2000:161). Hierdie standpunt word ook deur Collins (1988:17) gestel wanneer hy daarop wys dat pastorale psigoterapie 'n langtermynproses is wat 'n diepgaande helings- en veranderingsdimensie ten doel het van die kliënt se persoonlikheid, geestelike waardes en denkwyses. Pastorale terapie verwys dus na 'n proses van heling, ondersteuning, begeleiding, versoening, bewaring en vertolking as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie/heil om geloofsvolwassenheid en spiritualiteit te bevorder (Clinton, *et al.*, 2005:35; Louw 1999b:28-31).

Die verandering wat pastoraat bewerkstellig, lê op die vlak van geloof en moet teologies geïnterpreteer word. Volgens Louw (1999b:150) moet hierdie geloofshulp as lewenshulp gekommunikeer word, sodat God se teenwoordigheid die menslike ervaring kan beïnvloed.

### 2.3.3 Wisselwerking tussen pastoraat en psigologie

Op grond van die omvattendheid van 'n dialogies-hermeneutiese verhouding bestaan daar 'n voortdurende wisselwerking tussen God en mens, Bybel en situasie, verkondiging en hoorder (Dingemans, 1991:24). Dieselfde wisselwerking bestaan tussen pastoraat en psigologie, omdat beide met dieselfde mens as skepsel en beelddraer van God werk (Heitink, 1992:259). Daar bestaan 'n perspektiwiese verskil tussen die antropologie in die pastoraat

en die antropologie in die psigologie (Louw, 1999b:298; 1989:23). Die *pastoraat* beskou mishandelde adolessente vanuit die skeppingsmatige en herskeppingsmatige perspektief, terwyl die *psigologie* mishandelde adolessente vanuit die persoonsmatige en gedragsmatige perspektief beskou.

Pastoraat werk met die bipolêre verhouding tussen mishandelde adolessente, hul wêreld en God (Clinton, *et al.*, 2005:35). Die bipolêre verhouding behels betrokkenheid binne die empiriese veld van mishandelde adolessente se daaglikse lewensmilieu en eksistensiële problematiek, asook die versorging van lewensnood met 'n dimensie van lewe wat nie sigbaar of feitlik verifieerbaar en empiries bewysbaar is nie (Louw, 1989:5). Die doel van Heitink (1992:170-175) se bipolariteitsbeginsel is juis die oorbrugging van die God-mens pole in al sy verskynsels (pastoraat/psigologie, pastor/terapeut, teologie/wetenskap, leer/lewe, openbaring/menslike ervaring). Dit gaan vir Heitink (1992:174) ten diepste om 'n proses waarin *"... je sowel theologisch als psychologisch op kunt reflektere".* Louw (1999b:298) vat die perspektiwiese verskil tussen pastoraat en psigologie soos volg saam:

> *"Die pastoraat benader die mens vanuit 'n eskatologiese perspektief en werk met die transendente dimensie van sinvelde; die psigologie benader die mens vanuit 'n intra- en interpsigiese perspektief en werk met die empiriese dimensie van kommunikasie en gedragspatrone. Elk lewer vanuit sy eie perspektief 'n belangrike bydrae en werk met die volledige mens binne alle konkrete relasies."*

Daar behoort noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die pastoraat te wees, omdat die verskil tussen die twee dissiplines perspektiwies van aard is. 'n Perspektief van beide die pastoraat én Gestaltterapie beteken nie die analitiese fragmentering van mishandelde adolessente nie, maar 'n holistiese benadering om hul totale welsyn te bevorder. Die objek van die terapeutiese ontmoeting bly 'n konkrete persoon (mishandelde adolessent) wat in sy totale menswees (liggaam, siel en gees) benader word.

Indien aanvaar word dat hier nie slegs twee werklikhede (pastoraat en Gestaltterapie) op die tafel is nie, maar ook 'n derde, naamlik die verband tussen die pastoraat en Gestaltterapie, kan daar by Ellens (1997:5) aangesluit word in sy gebruik van die term *"tussenvlak".* Die *"tussenvlak"* is die modus van die

werking tussen die twee werklikhede of dissiplines. Ellens (1997:8) beredeneer die verhouding tussen pastoraat en psigologie as 'n terminologiese vraagstuk. Hy stel dat die term *"integrasie"* nie die verhouding tussen pastoraat en psigologie voldoende kan bevredig nie, aangesien die twee ongelyksoortige dissiplines nie as 'n eenheid geïntegreer kan word nie. Hy beskou die formulering *"wedersydse verligting of verheldering"* (*mutual illumination*) as 'n werkbare term vir die beskrywing van die aksie wat op die *"tussenvlak"* plaasvind.

Met die oog op 'n effektiewe hulpverleningsprogram aan mishandelde adolessente ondersteun die navorser 'n multidissiplinêre benadering. Die vorming van 'n paradigma geskoei op 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* is 'n bipolêre multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind. Die pastoraat en Gestaltterapie kommunikeer binne spanverband met mekaar, met die oog op die totale welsyn van mishandelde adolessente. Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief en Gestaltterapie as sosiale wetenskap vanuit 'n fenomenologiese en empiriese perspektief opereer. Hiervolgens staan mishandelde adolessente nie neutraal of objektief in die terapeutiese intervensie nie, maar is deelnemend betrokke in die *pastorale Gestaltterapeutiese* gesprek.

## 2.4 PASTORAAL TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VIR DIE PASTORALE GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIE

Antropologie kan as die wetenskap van die mens en sy natuurlike eienskappe, asook die leer van die mens as 'n religieuse wese omskryf word (Van der Watt, 2000:65). Dit is 'n belangrike boublok of fondament waarop die pastorale basisteorie gebou word en verantwoord 'n bepaalde mensbeeld van mishandelde adolessente.

### 2.4.1 Fundering van 'n pastoraal teologiese antropologie

'n Pastoraal teologiese antropologie stel dit nie ten doel om op 'n suiwer analitiese wyse na mishandelde adolessente te kyk nie. Die navorser gaan van die standpunt uit dat die mishandelde adolessent 'n geskape, liggaamlike,

religieuse en psigologiese wese is wat deur persoonlike ervaring, historiese gebeure en eksistensiële menslike aangeleenthede beïnvloed word. Om die kennisveld vir 'n pastoraal teologiese antropologie te verbreed, kan die onderskeid en wisselwerking tussen 'n fenomenologiese en teonome benadering kortliks soos volg beskryf word:

a) Fenomenologiese benadering

Oorsigtelik beskou, het persoonlikheidsteorieë dit ten doel om 'n logiese konseptuele sisteem daar te stel waarvolgens menslike gedrag beskryf kan word (Heitink, 1992:262; Hall & Lindzey, 1970:5). Alhoewel kennis aangaande die mens se wesenlike funksiebestemming openbaringskennis vanuit die Woord van God is, stel Karl Barth dat die fenomenologie daarin slaag om die mens in sy eienskappe kenbaar te maak en met menslike bekwaamhede en potensiaal werk (Price, 2002:11; Barth KD III/2, 1948:335). Vir 'n teologiese antropologie is kennis vanuit Gestaltterapie aangaande mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, van onskatbare waarde. Die waarde van die Gestalt benadering bestaan daarin dat dit die teologiese antropologie help om die mishandelde adolessent as persoon binne relasies beter te verstaan, alhoewel die realiteit van geloof nie finaal aan 'n empiriese analise onderwerp word nie (Louw, 1999b:178; Dreyer, 1997:15; Moltmann, 1971:15).

b) Teonome benadering

Karl Barth se teïstiese antropologie wil die mens beskryf vanuit sy verhouding met God om, vanuit God se gerigtheid op die mens, analoë uitsprake oor die mens se gerigtheid op God te maak. Barth (KD III/2, 1948:240) stel dat humaniteit 'n spieëlbeeld word van Diviniteit:

> *"Sie versteht ihn (die mens) von Haus aus nicht autonom, sondern theonom bestimmt, den menschlichen Logos als seiend durch den göttlichen, Humanität als Spiegelbild der Divinität"*.

Die bedoeling van antropologie in die Bybel is nie 'n Bybelse psigologie of fisiologie nie, maar om die mens in verhouding tot God te beskryf (Berkouwer, 1957:27). In die verhouding tussen God en die mishandelde adolessente bied God telkens sy beloftes van liefde en omgee deur middel van die pneumatologiese dinamiek van die Heilige Gees (vergelyk

Seamands, 2004:14; Dingemans, 1991:49). 'n Teologiese antropologie wil mishandelde adolessente ook binne hul verhouding met God verstaan, sodat hierdie gerigtheid op God betekenisvol word vir hul lewe.

Die fenomenologiese en teonome benadering verbreed die kennisveld rondom mishandelde adolessente en bring mee dat 'n multidissiplinêre spanbenadering die effektiwiteit van hul versorging binne alle fasette van hul bestaan kan verhoog. Kortom neem die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* ook die Bybelse waarhede ter harte en skep dit hoop vir mishandelde adolessente. Dit verantwoord waarom 'n bepaalde mensbeeld in die navorsing aanvaar word om 'n effektiewe *pastorale Gestaltterapeutiese* ontmoeting daar te stel.

### 2.4.2 Ontleding van 'n pastoraal teologiese antropologie

Mishandelde adolessente kan nie los van die wêreld waarin hul leef staan nie. Vanuit 'n pastoraal teologiese antropologie speel vier basiese verhoudings waarin mishandelde adolessente staan, naamlik tot God, medemens, die self en omgewing, 'n kardinale rol. Vervolgens fokus die navorser op 'n pastoraal teologiese mensbeeld, wat gekenmerk word deur die volgende perspektiewe:

#### 2.4.2.1 Die mens as geskape wese

Volgens Barth (KD III/2, 1948:240) kan 'n antropologie nie abstrak wees nie, omdat dit die leer oor die mens binne die kosmos verwoord. Slegs die mens, as hoogtepunt van God se skepping (Gen 1:26-28), is na die beeld van God geskape (Van Pelt, 1999:227). In die lig van hierdie Goddelike daad kan daar nie oor die mens gedink word, of kan die mens anders verstaan word as in sy gerigtheid voor God (*coram Deo*) en afhanklikheid van sy Skepper nie (Louw, 1999b:46; Van Pelt, 1999:226).

'n Besondere verhouding is ook tussen die mens en die aarde bewerkstellig. In die nakoming van sy opdrag (Gen 1:28) tree die mens as rentmeester teenoor God op. Hierdie verantwoordelikheidsrelasies van die mens tot God, sy naaste en die hele skepping is 'n wesenskenmerk van die mens.

#### 2.4.2.2 Die mens as psigofisiese wese

Die mens is 'n eenheidswese wat vanuit die perspektief van liggaam, siel en gees (Deut 6:5; Luk 10:27) beskryf kan word (Louw, 1999b:203; Heitink, 1992:86; Dreyer, 1981:29). Die mens is vleeslik en aardsgebonde en daardeur swak, broos, sterflik en afhanklik van die relasie met God (Heitink, 1992:102). Vanuit 'n Bybelse perspektief kan die mens beskryf word as 'n wese met liggaamlike en emosionele behoeftes. Die mens se liggaamlikheid verwys na sy sweet, trane, pyn en lyding, genot, vreugdes, beperkinge, tydelikheid en dood. In pastorale antropologie word ook uitgegaan van die standpunt dat die mens 'n pneumatiese wese met affektiewe, kognitiewe, konatiewe en liggaamlike funksies is wat as 'n geïntegreerde geheel funksioneer (Louw, 1999b:297; Heitink, 1977:84).

#### 2.4.2.3 Die mens as religieuse wese

##### 2.4.2.3.1 Beelddraende wese

Vanuit 'n Bybelse-teologiese perspektief het God die mens na sy beeld geskape en aan hom bepaalde opdragte gegee en beloftes gemaak (Gen 1:26-28). Die mens as *imago Dei* is die sentrale en alomvattende karaktertrek van die mens se bestaan. Weens die mens se geskapenheid deur God (na sy beeld), asook die mens se gevolglike gerigtheid op God (*coram Deo*) as sy beelddraer, teken die Bybel die mens as 'n religieuse (godsdienstige) wese (Heitink, 1992:106). Calvyn (1984:811) noem hierdie religieuse geneigdheid die *semen religionis* – 'n soort "oeraanvoeling" in die mens vir die teenwoordigheid van God in die skepping.

Die mens is as *beeld van God* geskape om God se heerskappy op so 'n wyse te verteenwoordig dat iets van God se beeld en manier van doen tot openbaring kan kom (Dingemans, 1991:69; Louw, 1989:19-25; Dreyer, 1981:30). Waar die mens die beeld van God uitleef, kan die kern daarvan beskryf word as genade en vergifnis (Grudem, 1994:442). Hierdie beeld van God het ook te doen met die mens se verantwoordelikheid voor God binne die totaliteit van alle relasies: relasies met God, homself, sy liggaam, die medemens, die kultuur en strukture van die samelewing (Muuss, 1996:346; Louw, 1989:19). Die beeld impliseer nie net die geestelike en fisieke ooreenkomste nie, maar behels die hoër roeping

van die mens wat soos God moet kan vergewe, liefhê, heilig leef, barmhartig en volmaak probeer wees (Van der Watt, 2000:63; Louw, 1999a:58).

#### 2.4.2.3.2 Sondige wese

Die sondeval het die mens van God, sy naaste, homself en sy wêreld vervreem (Heyns 1992:178; Dingemans, 1991:69). Die mens is na die sondeval van nature geneig tot sonde teenoor God en sy naaste (Rom 8:7; Ef 2:3). Dit het die beeld van God in die mens gruwelik verdorwe, maar nie geheel en al vernietig nie (Browning, *et al.*, 2004:59; McKim, 2001:61; Heyns, 1992:183). Barth (in Louw, 1999b:191; 1989:23) beskryf dié wisselwerking wanneer hy stel dat die mens deur die verlossing van Jesus Christus reeds 'n nuwe mens is, maar steeds meer en meer die nuwe mens moet word (Rom 8:37). Dit bring mee dat die mens elke oomblik van sy lewe voor die keuse gestel word om God te gehoorsaam en sy medemens nie te verwond nie.

#### 2.4.2.3.3 Verbondswese

Geskapenheid na die beeld van God plaas die mens in 'n besondere verhouding met die verbond (Gen 15-17) wat God met die mens gesluit het (Van Pelt, 1999:200). Die verbondsmatige aard van die mens se bestaan verwys, ten spyte van die sondekomponent, na 'n genadige God wat in liefdestrou en barmhartigheid op die mens gefokus bly (Louw, 1999b:95; 1989:23-25). König (2001:40) verwys na die wese van dié Verbondsgod as 'n God van liefde wat omgee. In God se raadsplan kom Christus na die aarde om die mens se verlossing te bewerkstellig en die verkondiging van God se genade en verbondstrou te konkretiseer (Louw, 1999b:95; Heyns, 1992:220; Dingemans, 1991:23).

### 2.4.2.4 Verhoudingswese

God het die mens as 'n verhoudingswese geskape (Browning, *et al.*, 2004:59). Volgens 'n teologiese antropologie speel al vier die basiese verhoudings waarin die mens staan, naamlik tot God, homself, sy medemens, en die omgewing, 'n

kardinale rol in die voortbestaan van die mens (Dingemans, 1991:72; Louw, 1989:19).

#### 2.4.2.4.1 Verhouding tot God

Die verhouding waarin die mens tot God staan, word beskou as die sentraal regulerende verhouding waarvolgens alle gedragswyses van die mens gerig word (Browning, *et al*., 2004:59; Smit, 1975:64; Heyns, 1970:100; Berkhof, 1969:28). Hierdie leidende prinsipe het te make met die totale essensie van menswees (Grudem, 1994:476; Dreyer, 1981:30).

- As gevolg van die representasiefaktor besit die menslike bestaan 'n *verwysende karakter.* Die mens se verhouding met God het twee kante, eerstens, in verbond met God, en tweedens, die mens as beeld van God (König, 1991:2; Louw, 1989:23). As uitvloeisel hiervan bring dit mee dat die mens in 'n verantwoordingsposisie teenoor sy Skepper staan. Hy moet verantwoordelikheid vir sy eie dade en skeppingsopdragte aanvaar (Genesis 2:9-11).
- Die menslike bestaan besit ook 'n *transenderende karakter.* Die geloofsmatige komponent transendeer die tydelike, verganklike begrensing van bestaan en bring 'n ontgrensing mee wat die mens se bestaan laat heenwys na 'n ewige en toekomstige bestemming (hemel of hel) (Louw, 1989:23).

#### 2.4.2.4.2 Verhouding tot die self

Elke mens het as skepsel en beelddraer van God 'n bepaalde beeld van die self (Browning, *et al*., 2004:57). Dit behels onder andere 'n innerlike leefwêreld van gedagtes en gevoelens. Die mens het 'n verantwoordelikheid teenoor die self: *Omdat hy 'n skepsel van God is, moet hy homself liefhê*. Hieruit vloei die mens se selfkennis, selfrespek, selfkritiek, selfontplooiing en selfliefde (Heyns, 1988:134). Die innerlike self kom in die alledaagse leefwêreld van die individu tot openbaring in die uiterlike self (Smith, 1997:9). Die selfkennis van die mens behels die volgende:

- Die mens is ŉ *onvoltooide wese* en verkeer nooit heeltemal in ŉ situasie van gearriveerdheid nie (Worthington, 2006:24). Vanuit sy verhouding tot sy Skepper, as beeld van God wat in Christus herstel is deur die Heilige Gees, sal die mens ŉ herstellende lewe lei. Volgens Barth (in Louw, 1989:23) is die mens ŉ nuwe mens (*herskepte wese*) in Christus, maar moet dit tegelykertyd steeds meer en meer word.
- Die mens is ŉ *historiese wese* wat binne eksistensiële tyd en ruimte leef met persoonlike ervaring en menslike aangeleenthede. Die mens kom tot selfkennis deur die bewussyn van sy liggaam as eindige, kwesbare en aardsgebonde wese met sy eie talente, gawes, behoeftes en begeertes.
- Die mens kom tot selfkennis deur die bewussyn van homself as ŉ *verskeurde wese* wat nooit in ŉ volledige toestand van homeostase verkeer nie (Dingemans, 1991:69).
- Binne die teologiese antropologie hoef die mens nie te presteer om mens te wees nie, maar is dit reeds in Christus. Die mens kom tot selfkennis deur sy plek as individu, te midde van ander individue, in die samelewing.

#### 2.4.2.4.3 Verhouding tot die medemens

Die wêreld van die mens is ŉ wêreld van gemeenskap met ander (Browning, *et al*., 2004:59; Smit, 1975:65-66). Die mens kan slegs tot volle volwassenheid en rypheid kom as hy homself as deelnemend ervaar in ŉ verhouding tot sy medemens (Kotze, 2008:64). Vanuit die herstelde beeld van God in die mens, word die mens ŉ naaste vir sy medemens (Luk 10:36-37). Die onderlinge verhouding (*koinonia*) vorm deel van die mens se geloofsvolwassenheid (Louw, 1999b:31).

#### 2.4.2.4.4 Verhouding tot die omgewing en kultuur

Die mens is ŉ omgewing- en kultuurwese wat binne die skeppingsopdrag (om te heers en te arbei) singewend en sinnemend deel in die skeppingsomgewing (König, 2001:162; Smit, 1999:169; Muuss, 1996:322-333). Volgens Heyns (1992:116) is die *natuur* die mens se eerste wêreld en *kultuur* die mens se tweede wêreld.

#### 2.4.2.5 Sedelike en normatiewe wese

Die mens is ŉ redelike wese met ŉ sedelike bestemmingsfunksie waar herinnering, motiewe en impulse ŉ innerlike realiteit is. Gefundeer in ŉ teologiese antropologie beskik mishandelde adolessente oor ŉ sentraalbeheerde innerlike geestelike dimensie om normatief-etiese keuses te maak (Heitink, 1992:106). Mishandelde adolessente is *geskape* met ŉ afhanklike selfstandigheid, maar ook as ŉ unieke eiesoortige individu wat in hul verantwoordelikheid en vryheid deur God aangespreek word as ŉ sedelike wese. Die verantwoordelikheidskomponent is gekoppel aan ŉ keusevryheid waarby die kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike komponente saam betrokke is.

Mishandelde adolessente se keusevryheid word deur willekeurige of onwillekeurige (refleksiewe) gedrag beïnvloed. Die *willekeurige* gedrag is die uiteindelike resultaat van ŉ wisselwerking tussen mishandelde adolessente se lewensbeginsels (vir die gelowige is dit ŉ geloofsverbintenis met God) en hul waarneming van huidige omstandighede. Dit word gekombineer met hul ervaring van die verlede en ŉ verantwoordelike besluit in die huidige omstandighede tot optrede. *Onwillekeurige* (refleksiewe) gedrag tree na vore wanneer daar instinktief en refleksief op ŉ prikkel van buite gehandel word.

##### 2.4.2.5.1 Die gewete

ŉ Belangrike aspek van mishandelde adolessente se aanspreekbaarheid en rentmeesterskap voor God is hul gewete wat ingebed binne ŉ kulturele en sosiale konteks is (Louw, 1999b:473). Dit is ŉ religieuse en sosio-spirituele alarmstelsel rakende hul bewussyn van God en hul sensitiwiteit vir die interne spanning van reg en verkeerd, goed en kwaad, waarheid en leuen. Die gewete is ŉ integrerende deel van mishandelde adolessente se persoonlikheidstruktuur en spiritualiteit, wat in relasie tot God en ander mense ontwikkel. Dit bring mishandelde adolessente in aanraking met die werklikheid en konsekwensies van goeie of verkeerde gedrag. ŉ Goed ontwikkelde gewete lei tot ŉ gesonde pligsbesef wat die adolessente aanspoor tot ŉ moreel-verantwoordelike leefstyl. Peterson (1982:5-10) verwys na ŉ holistiese beskouing vir die komplekse struktuur van die gewete en beskryf die funksies van die gewete soos volg:

- *Die beoordelende en aanklaende (beskuldigende) funksie*. Die gewete dwing mishandelde adolessente tot herhaalde selfondersoek wat skuldgevoel kan wek.
- *Die morele funksie van die gewete*. Die gewete dien as 'n gids vir morele gedrag en konstruktiewe besluitneming.
- *Die gewete is 'n vorm van geïntensiveerde selfbewussyn*. Deur die gewete word mishandelde adolessente bewus van hul uniekheid, eiesoortige karakter en fundamentele waardes.
- *Die gewete reflekteer die waardes van 'n sosiale omgewing*. Deur die gewete internaliseer mishandelde adolessente gewenste gedrag, soos voorgeskryf deur sosiale kodes, norme en waardes.
- *Die gewete dien as dryfkrag vir verantwoordelike gedrag*. Die gewete het 'n positiewe funksie deurdat dit menslike potensiaal (kreatiwiteit) in werking stel en mishandelde adolessente se kwaliteite en ware identiteit ontbloot in hul persoonlike en geestelike volwassenheid.
- *Gewete as 'n aanduiding van geïnternaliseerde Godskennis*. Die Christelike geloof glo dat God in die gelowige werk deur sy Gees (Seamands, 2004:14). Die gewete kan op spirituele vlak beskou word as die "orgaan" waardeur die Gees van God opereer (Richardson, 2005:153).

Die gewete verskerp die bewussyn van God se teenwoordigheid in die praktyk van elke dag en in die maak van verantwoordelike lewenskeuses. As sedelike wese leef mishandelde adolessente 'n lewe wat op God gerig is en deur die werking van die Heilige Gees aangespreek word (Richardson, 2005:153; Seamands, 2004:21; Louw, 1999b:228). In terme van die versoening in Christus kan die gewete gereinig en gesuiwer word (Heb 9:14, 10:22), sodat 'n bewussyn van bevryding binne die gewete geskep word. Bewus van die versoening in Jesus Christus en die krag van vergifnis, kan die gewete 'n dryfkrag word om 'n nuwe lewe te leef.

## 2.5 PASTORAAL TEOLOGIESE BENADERING TOT SKULD, SKAAMTE EN VERGIFNIS

Die basiese begrippe van sonde, skuld, skaamte, genade, versoening en vergifnis kom telkens na vore in pastorale terapie (Browning, *et al*., 2004:58; Smedes, 1994:5; Miller & Jackson, 1985:173). Vanuit 'n pastorale perspektief is dit belangrik om die teologiese benadering tot skuld, skaamte en vergifnis te verstaan. Gilley (2003:1) stel dat:

> *"While everyone wants to talk about forgiveness, the subject of guilt is not a very popular one today. However, until we understand guilt we are not going to be able to truly grasp forgiveness. Although we would all admit to occasional feelings of guilt, few handle guilt Biblically."*

Sonder 'n begripsverheldering en 'n teologiese raamwerk kan die pastorale hantering van skuld en skuldgevoel maklik in 'n vorm van skulddwang ontaard (Louw, 1999b:467). Dit kan die moontlikheid skep dat mishandelde adolessente nie begelei word om hul eie verlossing (en vergifnis) voor God te ontdek nie, maar met meer skuld en skaamte belaai word om hul gedrag te verander en hulle tot vergifnis van die oortreder te dwing (Collins, 2005:147; Pattison, 2000:211). Daarom stel Louw (1999b:471) dat daar 'n duidelike onderskeid tussen skuld en skuldgevoelens getref moet word:

> *"Ten einde skuld te kan hanteer, moet daar tussen skuld ('n besef van sonde in die lig van 'n duidelike norm wat oortree is) en skuldgevoelens (mense se subjektiewe reaksies rakende teleurstelling, skaamte gevoelens van mislukking en selfveragting) onderskei word. Skuld raak die area van 'n normbesef en gewete (verantwoordelikheid) terwyl skuldgevoelens te doen het met selfbeeld en menslike emosies wat spyt en berou aandui."*

Vanuit 'n teologiese benadering verskil die navorser van Singh (2001:5) se stelling dat *"... religion has failed in its promise to alleviate guilt – the guilt it had created in order to demonstrate the faith's power by healing it"*. Tournier (1963:145) het jare gelede reeds gestel dat: *"De schuld is niet een uitvinding van de bijbel en de Kerk. Zij is in de menselijke ziel, universeel"*. Skuld, skuldgevoel en skaamte is sentrale emosies wat mishandelde adolessente kan ervaar (Fontes, 2008:135). Dit kan aanleiding gee tot emosionele probleme en

psigiese response wat ernstige psigososiale implikasies inhou (Tangney & Dearing, 2004:134-135).

Vir mishandelde adolessente is die verlede die verhaal van trauma en die hede is die probleemverhaal van moeisame voortlewe en worstel met vergifnis (Dreyer, 2005:26). Skuld en skaamte emosies wek gevoelens van mislukking, minderwaardigheid, woede, blaam, bitterheid en die behoefte na vergelding (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123). Pingleton (1989:30) stel dat vergifnis noodsaaklik word *"...whenever individuals experience a violation of their sense of fairness, justice or innocence".*

### 2.5.1 Pastoraal teologiese benadering tot skuld

In die lig van die Bybel (vergelyk Bylae L, 1.1.1 en 1.1.2) dui werklike skuld op skuld teenoor God, wanneer die mens die afhanklike verhouding teenoor God en sy medemens verbreek (Browning, *et al*. 2004:57; Banmen, 1988:80). Die mens is skuldig wanneer hy ongehoorsaam is en God se wet en voorskrifte oortree het (Browning, *et al*., 2004:57; Banmen, 1988:79). Dit bring die mens daartoe om as bedelaar voor God te kniel en om genade te smeek (Singh, 2001:6). Gilley (2003:2) stel dat: *"Scripture, of course, is not bashful about both the existence of guilt and its effect upon our lives and those around us".* As gevolg van skuld ontstaan gevoelens van verwerping, teleurstelling, spyt en berou. Dit het te doen met mishandelde adolessente se ervaring van mislukking binne verhoudings (Lewis, 2004:629; Tangney, 2003:387). Skuld kan beskou word as 'n aanpasbare emosie wanneer dit help om interafhanklike verhoudings, wat essensieel vir 'n gemaklike en produktiewe lewe is, in stand te hou. Edward Stein (in Allison, 2003:56) stel die definisie van skuld soos volg:

> *"It is the dynamic principle operative in man which verifies the fictitiousness of his total autonomy and the validity of his dependence upon all the rest of life, essentially the human community, and supremely, the source and principle of all life, God – the ground of our being".*

#### 2.5.1.1 Verskillende fasette van skuld

Skuld is die verskynsel wat mishandelde adolessente se verhouding met God en hul verstaan van die wil van God raak. Die besef van skuld kan gepaard gaan met skuldgevoel wat uitloop op berou en skuldbelydenis (Holeman, 2008:258; Browning, *et al.*, 2004:57; Banmen, 1988:80). Dit beteken dat skuld die erkenning is dat 'n spesifieke maatstaf of norm vir menswaardigheid en vir 'n Godgerigte lewe oortree is. Volgens Louw (1999b:468-469) kan die verskeie fasette of dimensies van skuld soos volg opgesom word:

- *Die relasionele faset.* Skuld het te doen met mishandelde adolessente se ervaring van mislukking binne verhoudings. As gevolg van skuld ontstaan gevoelens van veragting, verwerping, teleurstelling en spyt.
- *Die normatiewe faset.* Skuld kan net werklik ontstaan binne 'n normbesef, naamlik dat daar sekere persoonlike, sosio-kulturele en godsdienstige norme en waardes bestaan wat geld vir aanvaarbare menslike gedrag.
- *Die etiese faset.* Menslike gedrag kan nie van die morele dimensie losgemaak word nie. Mishandelde adolessente is 'n sedelike wese wie se dade in terme van hul gesindheid (motiewe) en waardes geëvalueer word.
- *Die antropologiese faset.* Skuld het te doen met menslike reaksies en die kwaliteit van gedrag. Die kwaliteit van gedrag word deur mishandelde adolessente se verantwoordelikheid/aanspreeklikheid en keusevryheid bepaal. Dat alle mense mag en kan kies, impliseer onmiddellik die moontlikheid van foute en mislukking.
- *Die teologiese faset.* Binne 'n besef van die teenwoordigheid van God (religieuse dimensie) dui skuld 'n toestand van vervreemding en verwydering van God aan. 'n Versteuring in mishandelde adolessente se verhouding met God beïnvloed onmiddellik hul verhoudinge onderling met die medemens. In terme van die Christelike geloof, is die regte norme vir menslike lewe teonoom.

Mishandelde adolessente vorm deur hul ontwikkelingstadia 'n normbesef, omdat hulle leer dat bepaalde gedrag goedgekeur en ander gedrag afgekeur word. As mishandelde adolessente in die lig van God se Woord leef, sorg die gewete vir 'n sekere skuldbesef in die verstand en 'n skuldgevoel in die emosie. Allison

(2003:63) stel dat: *"A helpful analogy is that guilt is to the spiritual life as pain is to physical health"*.

### 2.5.1.2 Skuld en skuldbesef

'n Belangrike aspek van die gelowige se aanspreekbaarheid en rentmeesterskap voor God is sy gewete wat ingebed binne 'n kulturele en sosiale konteks is. Martin Buber onderskei drie dimensies van skuld in sy poging om 'n verband te lê tussen skuld en die menslike gewete (Louw, 1999b:473; Pattison, 1984:164; Lauer, 1971:221):

- Die wette en reëls van die samelewing (sosio-kulturele faktor);
- die inhoud van geloof (religieuse faktor);
- die gewete (antropologiese faktor).

Vanuit 'n teologiese benadering kom egte skuldbesef deur die gewete wat tot mishandelde adolessente spreek. Skuldbesef openbaar 'n Christelike karakter, nie alleen dat dit uit geloof spruit nie, maar vanweë die feit dat dit handel oor 'n sekere kennis aangaande God se genade en barmhartigheid in Jesus Christus. As 'n teologiese vraagstuk raak skuld ten diepste drie fasette (Louw, 1999b:468; Lauer, 1971:226; Tournier, 1963:70):

- Die etiese raamwerk en verstaan van normatiwiteit;
- geloofsinhoud, naamlik die siening van God en reaksie (berou) teenoor God;
- die kwaliteit van menseverhoudinge en mishandelde adolessente se selfbeeld.

### 2.5.1.3 Skuld en sonde

Dikwels word daar verwys na skuld as 'n subjektiewe skuldgevoel, alhoewel die Bybel meer na teologiese skuld verwys (Collins, 2005:147). In 'n wêreld waar baie mense nie eens wil dink oor skuld en sonde nie, praat die evangelie van vryheid van skuld en vryheid van die mag van sonde. Skuld, as 'n teologiese term, beteken dat die mens bewus is daarvan dat hy God verwerp het as Skepper en Herskepper van sy lewe en dat hy sy rug op God gedraai het.

Volgens Keylock (1975:852) is daar in die Bybel weinig verskil tussen skuld en sonde.

Sonde is basies ongehoorsaamheid teenoor God en 'n konstante en doelbewuste weiering om sy genadige gerigtheid op die mens te aanvaar. Daarom word sonde as ongeloof vanweë 'n verbreekte liefdesverhouding met God beskryf. Gevolglik word sonde in die Bybel met negatiewe terme soos "ondankbaarheid", "wetteloosheid", "ontrou" en "ongeregtigheid" beskryf. Die onmiddellike simptoom van sonde is liefdeloosheid, as gevolg van selfsugtige selfhandhawing. Barth (KDIV/1, 1953:152:153) se standpunt is dat sonde 'n vreemde indringer is wat nie deur God gewil is nie en dus as die onmoontlike moontlikheid getipeer moet word.

Skuld kan beskou word as 'n toestand, terwyl sonde dui op die versteurde verhouding tussen God en die mens. Indien sonde 'n verhoudingsprobleem is, dan is skuld 'n normprobleem (Louw, 1999b:468). Daar kan gesê word dat skuld 'n oortreding is van 'n objektiewe norm as gevolg van onverantwoordelike handelinge met die voortspruitende negatiewe effek op persoonlike en emosionele vlak. Allison (2003:57) beskryf skuld soos volg:

> *"Guilt is that special form of anxiety that reminds us of our essential relationship to others. It warns us against that which threatens life, that regresses to what is inhuman or destructive, and it is a "growing pain" which separates man from beast".*

#### 2.5.1.4 Skuld en skuldgevoelens

Skuld raak die area van 'n normbesef en gewete (verantwoordelikheid), terwyl skuldgevoel te doen het met selfbeeld en menslike emosies wat spyt en berou aandui (Louw, 1999b:471). Skuldgevoel kan beskryf word as 'n ervaring wat maksimale raakvlakke tussen godsdiens en psigologie tot gevolg het (Belgum, 1970:18). 'n Teologiese benadering tot skuldgevoel behels gevolglik die verhouding tussen God en die mens. Gilley (2003:1) beskryf die onderskeid tussen Bybelse skuld en algemene skuldgevoelens soos volg:

> *"First, we must distinguish between guilt and the feelings of guilt. Guilt is simply the result of having violated God's principles. ...Guilt feelings, on*

*the other hand, are the uncomfortable, inner awareness that we have violated these principles."*

Verkeerde optrede en selfregverdiging kan skuldgevoel teenoor God en medemens wek. Dikwels word dit ontken deur woede, angs, vrees, afstomping van die gewete, 'n toenemende onmag om foute te erken en selfs 'n toename in aggressiewe impulse (Browning, *et al.*, 2004:58). Wanneer skuld en skuldgevoel bewustelik erken word, kan dit lei tot berou, versekering van vergewing, toenemende gevoeligheid van die gewete en 'n afname in aggressiewe impulse.

Die samehang van skuld, genade en vergifnis kan eintlik nie geskei word nie. 'n Pastoraal teologiese benadering tot skuld en skuldgevoel sou 'n dubbele karakter kon vergestalt wat bevrydend of ontmoedigend kan wees. 'n Moralistiese benadering waar God voorgestel word as 'n dreigende God, wek enersyds angs, verharding en opstandigheid. 'n Genade verkondigende benadering lei andersyds tot berou en bevryding van skuld en skuldgevoel (Smedes in Pattison, 2000:211). Murray en Ciarrocchi (2007:24) stel die positiewe effek van konstruktiewe skuldgevoelens soos volg:

> *"While experiencing too much guilt can cause neurosis, excessive self-focus and lack of self assertion, its positive effects can motivate, be prosocial regulators, and enhance one's relationship with God."*

Die verhouding met God kan uitloop op 'n dramatiese ontmoeting wat mishandelde adolessente met skuldgevoel verseker van vergewing en genade. Die verhouding behels nie 'n statiese, vasgelegde en dogmatiese verhouding nie, maar 'n dinamiese verhouding met 'n historiese verloop van wisselende gebeure wat doelbewus afstuur op die redding van die mens.

### 2.5.2 Pastoraal teologiese benadering tot skaamte

Navorsing in pastorale teologie (McNish, 2004), missiologie (Muller, 2000), Ou-Testamentiese teologie (Steibert, 2002) en Nuwe-Testamentiese studies (DeSilva, 1999; Neyrey, 1998; Pilch & Malina, 1998; Neyrey, 1996; Rabichev, 1996) interpreteer skuld en skaamte vanuit 'n eer/skaamte paradigma binne die Midde-Ooste en Mediterreense gebiede. Binne hierdie paradigma is eer (*honor*)

fundamenteel 'n dinamiese relasionele konsep. Moxnes (1993:2) wys op die eer wat 'n individu ontvang as gevolg van geboortereg in 'n besondere familie, of die eer wat 'n individu ontvang vanuit die gemeenskap as gevolg van 'n besondere daad. Skaamte binne dié paradigma dui op die verlies van eer soos bepaal deur die gemeenskap.

Alhoewel bogenoemde paradigma 'n ryk interpretasie vir die verstaan van skaamte in die Ou en Nuwe Testament, binne die kulturele en antropologiese klassifikasie van 'n gemeenskap bied, is dit nie 'n algemene vertrekpunt vir die objektiewe realiteit van skaamte nie (Fowler, in Kramer-Rolls, 1994:415). Die Bybel se konsep van skaamte is primêr gebaseer op 'n innerlike bewustheid van skuld, mislukking, onwaardigheid en die gereelde vernedering, skande, blaam en selfverwyt wat daarmee geassosieer word.

#### 2.5.2.1 Bybelse perspektief van skaamte as subjektiewe en objektiewe emosie

In die Bybel blyk dit dat skaamte 'n interne evaluasie van selfbewuste of selfblamerende emosies is wat op die oortreding en mislukking van 'n persoon se persoonlike of gemeenskaplike geïnternaliseerde morele standaarde fokus. Dit is 'n menslike emosie wat belangrike funksies op beide individuele en verhoudings vlakke vervul. Skaamte sentreer rondom 'n morele aangeleentheid wanneer mishandelde adolessente sekere morele waardes oortree wat bepalend kan wees vir hul gedrag, hul siening van hulself en hul verhouding met ander (Tangney, *et al.*, 2007:355; Watts, 2001:57). Vanuit 'n Bybelse perspektief kan die ervaring van skaamte as 'n subjektiewe en objektiewe emosie soos volg onderskei word (vergelyk Bylae L, 1.2.1 en 1.2.2):

- *Objektiewe skaamte* dui op die skande, blaam en vernedering wat mense oor hulself bring (Spr 14:34) of deur ander beskaam word (Ps 71:13-24; Ps 132:18). Skaamte en skande is veral die gevolg van sonde (Ps 44:10-16), seksuele oortredinge (Lev 20:17) en afgode praktyke van die heidense fertiliteitkultusse (Eseg 16:52-54; Eseg 16:63). Naaktheid word ook dikwels met skaamte en skandelike gedrag geassosieer (Jes 20:4; Jes 47:3; Jer 13:26; Op 3:18).

- *Subjektiewe skaamte* behels 'n gevoel van skaamte as gevolg van sonde (Esra 9:6; Jer 2:26; Jer 31:19), as gevolg van nederlaag, verleentheid en vernedering (2 Kron 32:21; Jer 9:19), as gevolg van persoonlike eerbaarheid (waardesisteem) wat oortree en geskend is (2 Sam 10:5; 2 Sam 13:11-13; 1 Kor 11:6), of as gevolg van teleurstelling (Jer 2:36; Jer 14:3-4; Jer 48:13 Ps 119:31; Ps 119:116). Skaamte is dikwels 'n gevoel van verwarring en verleentheid (Jer 3:25; Ps 44:15). Skaamte en skande kan ook aangewend word om 'n persoon tot berou te lei (1 Kor 6:5; 1 Kor 15:34; 2 Tess 3:14).

#### 2.5.2.2 Skaamte en skuldbesef

Skuldbesef kom voor uit aanwysbare sonde aan die hand van die Bybel, terwyl valse skuldgevoelens (skaamte) geen Bybelse gronde het nie. Valse skuldgevoelens kan 'n pynlike gevoel van skaamte teenoor God en 'n bybehorende gevoel van selfkritiek wees (McNish, 2004:2). Skuldgevoel en skaamte kan teruggevoer word na Adam en Eva tydens die sondeval (Gen 3:7) waar dit dramatiese gevolge vir die mens se verhouding met God en met mekaar ingehou het (Watts in Murray & Ciarrocchi, 2007:22).

Die Bybel beskryf skuldgevoel en skaamte as die middelpunt en gevolg van die sondeval (Browning, *et al*., 2004:57; Bradshaw, 1988:viii). Adam was nie tevrede met sy eie wese nie. Hy het nie sy beperkinge aanvaar nie en gevolglik sy gesonde skaamte verloor. Die onmiddellike gevolg van die sondeval was dat verskeie verhoudinge waarin die mens gestaan het, ingrypend verander het:

- Sy *verhouding tot sy Skepper* (die mens kruip weg, Gen 3:8);
- sy *verhouding tot sy naaste* (hy is skaam, Gen 3:7; beskuldig mekaar, Gen 3:12-17; verhoogde begeerte van die vrou na die man en sy beheersing van haar, Gen 3:16);
- sy *verhouding tot homself* (moeitevolle arbeid en die liggaamlike en ewige dood, Gen 3:17, 19; moeitevolle en smartlike swangerskap, Gen 3:16);
- sy *verhouding tot die natuur* (die aarde is om sy ontwil vervloek, Gen 3:17, 18).

Skuldgevoel en skaamte is meer subjektief as skuldbesef, omdat dit nie altyd vanuit egte skuld voorkom nie (Browning, *et al*., 2004:58). Inbody (2005:183)

beskryf die subjektiewe ervaring van skaamte soos volg: *"...we feel naked, exposed, needing to hide or cover ourselves, rejected by God and the community, abandoned, without any self-regard".* Skaamte ontstaan wanneer mishandelde adolessente besef dat hulle iewers tekort skiet. Bradshaw (1988:3) beskryf die emosionele ervaring van skaamte soos volg: *"It is a deep cut felt primarily from the inside. It divides us from ourselves and from others."*

#### 2.5.2.3 Skaamte en sondebesef

Wanneer daar oor sonde gepraat word, is daar ook 'n relasie met die ervaring van skaamte (Capps, 1993:3). Inbody (2005:184) stel dat: *"Along with original sin as guilt there exists an original shame that is part of the structures into which we are born".* Skaamte kan fenomenologies beskryf word vanuit interne selfervaring, relasionele gebeure en kulturele gebruike om eer en waarde binne 'n bepaalde gemeenskap te behou. Volgens Inbody (2005:184) behels skaamte meer as net 'n skuldbesef oor sonde:

> *"Shame performs its destructive work on our selves through its capacity to make premature judgments about ourselves. The redemption needed is not so much the forgiveness of individual sin and guilt but the overcoming of our dishonorable status, the acceptance of the unacceptable, being made worthy human beings."*

Sonder gesonde skuldgevoel en skaamte ontaard sondebesef maklik in *sondewaan*. Sondewaan kan as 'n versteurde sondebesef met 'n gebrek aan selfinsig en enige kontak met die onmiddellike werklikheid beskryf word (Louw, 1999b:471). Skuld word dan patologies omdat dit nie langer verbind word met 'n reële oortreding nie, maar veeleer verband hou met 'n obsessiewe behoefte aan selfstraf en selfverwyt.

#### 2.5.2.4 Diskrepansie tussen gedrag en ideale gedrag

Skuldgevoel en skaamte kan as die diskrepansie tussen gedrag en ideale gedrag voorgehou word. Young (1981:217) verwys na Klaus Thomas se beskrywing van *"ecclesiogeniese neurose"* as 'n simptoom by gelowiges wat probeer om aan die verwagting van morele standaarde te voldoen sonder

geloofsekerheid. Die onredelike verwagtinge van die kerk, samelewing of die moralistiese Christelike familie kan ideale gedrag, etiese standaarde en morele waardes so hoog stel dat dit die gelowige wanhopig maak om dit te verwesenlik (McNish, 2004:3). Hierdie wanhoop en vertwyfeling veroorsaak onvervulde lewenstevredenheid, angs en skuldgevoel (skaamte) wat kan uitloop op neurotiese simptome (Young, 1981:217). Skuldgevoel en skaamte kan ingewortel word by mishandelde adolessente deur die herhaaldelike opwekking van skuldgevoel vanuit die omgewing of deur die optrede van belangrike figure (Tangney, *et al.*, 2007:357). Die navorser sluit by Fowler (1993) aan wat stel dat:

> *"When we do not acknowledge and deal with the shaming occurring in our face-to-face relations and in our communities, including the church, we learn to ignore and bypass shame in relation to broader issues of injustice and environmental degradation. Then we suppress the honest shame we ought to feel in the presence of outrageously shameful conditions."*

#### 2.5.2.5 Ongesonde skuldgevoel en skaamte

Ongesonde skuldgevoel en skaamte is geneig om geloofsmanipulasie te wees (Pattison, 2000:211). Browning, *et al*. (2004:58) en Narramore (1984:148) redeneer dat skuldgevoel en skaamte mishandelde adolessente nie motiveer tot opregte berou nie, maar om weg te kruip, of hulself te straf, of hul eie oplossings te soek, in plaas van God se vergifnis. Volgens Louw (1999b:467) is 'n duidelike sondebesef en skuldbewussyn nie 'n voorwaarde vir geloof in God se genade en die vryspraak van vergifnis nie. Watson-Jarvis en Bishop (1998:1) stel dat:

> *"Many of us become trapped by guilt, whether we are avoiding or indulging in it. Until we recognize the positive aspects of guilt and identify its negative components, we can't move forward in the healing process."*

Skaamte is 'n vervalsing van mishandelde adolessente se siening van hulself (lae antropologie) waar hulle 'n persoon probeer skep wat die beeld van God (*imago Dei*) verduister (Browning, *et al*., 2004:59). Skaamte kan beskou word as 'n wispelturige hoogmoed. Dit kan voorkom as 'n narsissistiese grootheidswaan of 'n selfblamerende en selfbejammerde hulpeloosheid (Browning, *et al*., 2004:57). Skaamte is gerig op die behoefte na uiterlike geluk

en aanvaarding wat mishandelde adolessente se verhouding met God, ander en die self affekteer (Pattison, 2000:208). McNish (2004:3) stel voor dat mishandelde adolessente gehelp word om skaamte te konfronteer en te transformeer om te groei in 'n verhouding met die self, ander en God. Daarom stel Young (1981:219) die Christelike geloof voor as *"... a cure for many of the underlying causes of neurotic behavior".* Emmons (1999:875) sluit daarby aan dat geloof belangrik is vir *"... self-concept, identity, and relationship to God and others"*.

### 2.5.3 Pastoraal teologiese benadering tot vergifnis

Vergifnis is vanuit 'n teologiese perspektief 'n wisselwerkende beginsel en konsep wat in die hele Bybel voorkom. Dit het onlosmaaklik 'n verband met mishandelde adolessente se verhouding met God, hulself en hul medemens (Van der Watt, 1998:11). Vergifnis behels Goddelike en interpersoonlike vergifnis (vergelyk Bylae L, 1.3.1 en 1.3.2).

- Goddelike vergifnis.

  In die Ou Testament is 'n offer om vergifnis te verkry gebring. Die idee van plaasvervanging (die dier se bloed of lewe) het 'n belangrike rol in die offerhandeling gespeel (Eks 10:17; Lev 4:20; Deut 21:8; Ps 78:38). Die offers in die Ou Testament was 'n profetiese vooruitwysing na Christus se finale offer (Hand 10:43; 17:30; Rom 3:25-26; Heb 10:1). Vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief moet vergifnis gesien word as 'n saak wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus (Browning, *et al.*, 2004:73; McCullough, *et al.*, 2001:17). God skenk in sy groot liefde en genade vergifnis aan die mens deur Jesus Christus (Joh 3:16). Jesus Christus vergewe sondes deur geloof (Hand 10:43; 13:38-39) en belydenis van sonde (1 Joh 1:9).

- Interpersoonlike vergifnis

  Van die Bybelse teksverwysings wys daarop dat Goddelike vergifnis 'n motivering is vir onvoorwaardelike interpersoonlike vergifnis (Matt 6:12; 18:21-22). Vergifnis impliseer 'n Christelike plig om mekaar te vergewe en suggereer 'n lewe wat vergifnis uitstraal (France, 2007:250; McMinn,

1996:214). Net soos die gelowige sonder voorwaarde of verwyt vergifnis ontvang (Jes 1:18; Jer 3:22; Heb 8:12; 1 Joh 1:7-10), moet dit ook uit dankbaarheid aan ander gegee word. Vanuit 'n Bybelse perspektief is interpersoonlike vergifnis 'n Goddelike opdrag aan gelowiges (Matt 5:38-48; 6:12; 14; 18:21-35; Luk 6:27-37; 11:4; 17:3-4; 23:34; Ef 4:32; Kol 3:13; Jak 5:13-16). Pingleton (1989:34) stel dat die mens nie kan verwag om vergifnis te ontvang as hy nie bereid is om ook vergifnis te skenk aan dié wat hom benadeel en teen hom fouteer het nie.

#### 2.5.3.1 Teologiese gronde vir vergifnis

'n Rigiede manier van omgaan met Skrifgedeeltes oor vergifnis kan ondraaglike laste op getraumatiseerde persone lê. 'n Moralistiese en eiegeregtige interpretasie van die Bybel impliseer dat mishandelde adolessente aan bepaalde voorwaardes moet voldoen om toegang tot God se koninkryk te verkry (Dreyer, 2005:31). Die versoeningsbeginsel onderstreep egter twee ander perspektiewe, naamlik dat vergifnis *onvoorwaardelik* is, asook dat alle skuld deur Jesus Christus finaal uitgewis is (Pattison, 2000:209; Berkhof, 1990:424). Belydenis van skuld en berou mag dus nie voorgehou word as voorwaardes vir vergifnis van skuld nie (Browning, *et al.*, 2004:73; Runia, 1992:83). Belydenis van skuld en berou moet eerder gesien word as gevolge van 'n skuldbesef (Holeman, 2008:259). In die versoening tussen God en mens is dit die mens se plig om sy sonde te erken, dit te bely en homself oop te stel vir God se vergifnis. McCullough en Worthington (1999:1143) wys daarop dat:

> *"... most of the empirical treatments of forgiveness that have appeared in the literature in the past decade have tended to overlook the deep religious roots of the concept of forgiveness."*

Die Christelike geloof fokus op die behoefte na vergifnis as gevolg van sonde en skuld. Met die sondeval is die verhouding tussen God en mens versteur en 'n abnormale verhouding het tot stand gekom (Browning, *et al.*, 2004:57; Worthington, 2003:68). Ware skuldbelydenis plaas die sondaar voor God (Browning, *et al.*, 2004:84). Dit lei tot die herstel van die verhouding tussen God en mens (Seamands, 2003:70; Pattison, 2000:211). Volgens Louw (1999b:476) dui die term "versoening" op die pla*asvervangende dimensie van die vryspraak*

*in Christus*, terwyl "vergifnis" veral verwys na die *feit van die vryspraak as algehele kwytskelding van skuld*. Wesenlik beteken "versoening" in teologiese taal dat daar 'n skuldoordrag plaasgevind het omdat Christus in die mens se plek gesterf het (Berkhof, 1990:424). Hierdie gebeure van omruiling beteken dat die aanklag teen die sonde van die mens opgehef is en dat, in plaas van vyandskap tussen God en mens, daar nou 'n nuwe verhouding van vriendskap geplaas is (Louw, 1999b:476). Versoening beteken dat die mens se skuld uitgewis is sodat vergifnis 'n nuwe toestand van vrede en verlossing skep.

#### 2.5.3.2 Grondbeginsel in pastoraat

Die grondbeginsel in pastoraat is die volledigheid (afgehandelde aspek) van die vryspraak en die onvoorwaardelikheid van vergifnis. Skuldpastoraat en vergifnishulp is belangrike fasette, omdat die hulpsoekende mens nie die koninkryk van God binnegaan as gevolg van 'n sondebesef nie, maar as gevolg van 'n genadebesef (Pattison, 2000:211; Louw, 1999b:476). Wanneer mishandelde adolessente nie aanvaar dat hulle vergewe is nie, maar eerder fokus op mislukkings, ontneem hulle hulself die vryheid wat God se vergifnis vir die mens bring (Jones & Ledwith, 2005:115).

Sommige mense leer om hul foute te aanvaar, daaruit te leer, dit teenoor God en ander te bely en dit daar te laat in die wete dat *"... as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid"* (1 Joh 1:9). Om deel te verkry aan die versoening en vergifnis, moet mishandelde adolessente bewus wees van twee belangrike sake (Berkhof, 1990:452). Eerstens, dat sonde bewustelik bely en erken word. Tweedens, dat die mishandelde adolessente nie net vergifnis vra nie, maar ook ander mense hulle oortredings sal vergewe. Dit dui op 'n veranderde lewenshouding en lewensverandering (Holeman, 2008:259). Hierdie vergifnis en versoening is nie iets wat net in die geloof ontvang word nie, maar dit raak ook die Christelike leefstyl, naamlik om Jesus se voorbeeld te volg en ook dié te vergewe wat teen jou gesondig het. Daarom stel McCullough en Worthington (1999:1142) tereg dat: *"When people forgive (or feel forgiven) the experience evokes religious and spiritual thoughts, images and effects"*.

#### 2.5.3.3 Vergifnis binne die Bybelse konteks van geloof

Vergifnis binne die konteks van geloof herinner mishandelde adolessente aan hul eie behoefte aan Goddelike vergifnis en om 'n gelowige lewe in verhouding met God en ander te lei. Seamands (2004:29) stel dat Christene om twee redes met vergifnis worstel:

- Die onvermoë om God se onvoorwaardelike genade en vergifnis te verstaan, te aanvaar en uit te leef;
- asook die onvermoë om hierdie onvoorwaardelike liefde, vergifnis en genade met ander te deel.

Die opstanding van Christus uit die dood dring telkens weer tot 'n opstanding in 'n nuwe lewe van liefde, in verantwoordelikheid teenoor ander (Berkhof, 1990:452). Dit is in die Bybel waar die begrip van interpersoonlike vergifnis sy beslag kry (Aureli & De Waal, 2000:359-361; Marty, 1998:11; Walrond-Skinner, 1998:5). Die Bybel toon dat vergifnis nie net toepaslik in die God-mens verhouding is nie, maar ook in interpersoonlike verhoudings.

- Esau vergewe Jakob (Gen 33:4)
- Josef vergewe sy broers (Gen 50:15-21)
- Die pa vergewe die verlore seun (Luk 15:17-24)
- Jesus vergewe sy vyande (Luk 23:34)
- Stefanus vergewe die mense wat hom stenig (Hand 7:60)

Hierdie interpersoonlike aard word meer uitdruklik in die Pauliniese denke gestel, waar Christus se volgelinge in hul begeerte om te streef na 'n gesamentlike heilige lewe, aangespoor word om mekaar te vergewe, omdat hulle self deur God in Christus vergewe is (Ef 4:32; Kol 3:13).

> *"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe"* (Kol 3:13).

#### 2.5.3.4 Essensie en uitdaging van 'n vergewensgesinde reaksie

Die essensie van 'n vergewensgesinde reaksie, soos in die Bybelse tekste hierbo, is die beëindiging van wrok en die implementering van 'n weldaad teenoor 'n oortreder (Aponte, 1998:40). Daar is egter verskeie algemene idees en gebruike wat vergifnis kan kompliseer en 'n uitdaging aan die vergifnisproses stel. Fortune en Marshall (2004:54-57) beskryf die uitdaging soos volg:

- Vergifnis is 'n Christelike geloofshandeling en reaksie op die oortreding van een persoon teenoor 'n ander. In die Christelike geloof is vergifnis minder afhanklik van die oortreder se poging om vergifnis te ontvang (Fortune & Marshall, 2004:32). Mishandelde adolessente behoort die kognitiewe geloofskeuse te maak om te vergewe, sonder dat dit 'n verwagte plig en reaksie op die verwagting van die oortreder is.
- Onderliggend aan bogenoemde verwagting is die teologiese benadering dat die genade van God en die krag van die Heilige Gees die menslike ervaring en herinnering van die oortreding kan uitwis en 'n naïewe onskuld kan skep (2 Kor 5:17). Hierdie benadering hou komplikasies vir mishandelde adolessente wat nie wil vergewe nie in.
- Wanneer vergifnis voorgehou word as 'n positiewe Christelike optrede, hou dit die volgende konsekwensies in:
    - Die kwessie rondom vergifnis kan 'n geloofskrisis tot gevolg hê wanneer daar na gebed en berading geen positiewe verandering of uitwerking plaasvind nie. Mishandelde adolessente kan die gebrek aan geloof of die verstaan van genade bevraagteken, wat weer verdere probleme inhou.
    - Vergifnis kan voorgehou word as 'n Christelike ideaal en 'n pro-aktiewe opdrag aan elke gelowige (2 Kor 5:18-19). Vergifnis binne hierdie diskoers, as die hoogste ideaal, word dan nie net 'n keuse nie, maar 'n verwagte Christelike geloofshandeling en reaksie. Derrida (in Fortune & Marshall, 2004:56) wys daarop dat daar ook vanuit 'n sekulêre diskoers verwag kan word dat die hoogste ideaal betreffende vergifnis sal wees om bloot "te vergewe en te vergeet".
- Vergifnis kan beskou word as 'n terapeutiese hulpmiddel om mishandelde adolessente op 'n pad van herstel te plaas. Fortune en Marshall (2004:56)

maak dit duidelik dat vergifnis egter nie beskou moet word as 'n kitsoplossing vir terapeutiese herstel nie.

#### 2.5.3.5 Vergewende persoonlikheid

Geloof bied die terapeutiese moment van bevryding wat meer as ontlading of verligting is (Louw, 1999b:522). DiBlasio en Proctor (in Lamb en Murphy, 2002:58) wys tereg daarop dat geloof 'n positiewe uitwerking op mishandelde adolessente se hantering van vergifnis het. Volgens Pattison (2000:209), Marty (in Plante & Sherman, 2001:124) en Potter-Efron (2005:174) is vergifnis die belangrikste komponent van die Christelike geloof. Vergifnis kan beskryf word as die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof, en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God (Louw, 1996:391). Volgens Ransley en Spy (2004:15) is die rasionele doel van vergifnis *"... to imitate God, to fulfill one's religious duty, to seek God's forgiveness, to follow the path of righteousness, to repair relationships"*.

Vergifnis is die een unieke eienskap wat navolgers van Christus van ander onderskei (Kotze, 2008:80; Jones & Ledwith, 2005:14). God vergewe die mens en die mens word aangemoedig om hierdie beeld van God ook uit te leef (Browning, *et al.*, 2004:58). Jesus Christus veronderstel vergifnis as 'n lewenswyse en geen voorwaardes word gestel nie (Fortune & Marshall, 2004:32). Sy opdrag en voorbeeld (Matt 5:38-48; 6:12; 14; 18:21-35; Luk 6:27-37; 11:4; 17:3-4; 23:34; Ef 4:32; Kol 3:13; Jak 5:13-16) is baie duidelik dat die mens moet vergewe (Worthington, *et al.,* 2006:32). Pingleton (1989:34) stel drie doelwitte vir vergifnis:

- Vergifnis kan alleenlik van God ontvang word as dit aan ander gegee word;
- vergifnis kan alleenlik aan ander gegee word as dit van die self ontvang word;
- vergifnis kan alleenlik aan die self gegee word as dit van God ontvang word.

Hierdie drieledige onderskeiding van vergifnis in die Onse Vader gebed (Matt 6:9-15) is gebaseer op die veronderstelling dat, om vergifnis te ervaar, moet mishandelde adolessente hulself en ander se mensheid en onvolmaaktheid aanvaar en vergifnis aan ander gee, alvorens God gevra word vir soortgelyke

vergifnis. Berkhof (1990:452) beskryf hierdie optrede as 'n voortdurende wisselwerking *"... tussen godsliefde en mensenliefde"*. Vergifnis kan nie verwag word as daar nie die bereidheid is om vergifnis aan ander te gee nie (Matt 5:23-24; 6:12; 14-15; 18:35; Mark 5:25; 11:25-26; Luk 6:37; 11:4:17:3).

#### 2.5.3.6 Konstruktiewe opvatting oor die wese van Christelike vergifnis

Vergifnis is 'n sentrale konsep in die Christelike geloof en Westerse kultuur wat streef na tevredenheid en 'n vreedsame bestaan (DeShea, 2008:23). Sonder die ontwikkeling van insig en verantwoordelikheid vir die mens se eie aksies, is dit vir hom onmoontlik om ander of homself te vergewe. Die proses van vergifnis teenoor ander en selfvergifnis, vergestalt in die besef van die ooreenkoms tussen mense wanneer *"... one recognizes one's similarity and takes one's place in the human community"* (Bauer, *et al.*, 1992:150). Kushner (1996:111) stel dat:

> *"Happiness means giving people the right to be human, weak and selfish, and occasionally forgetful and realizing that we have no alternative to living with imperfect people, because imperfect people are the only kind we will ever find."*

In die wêreld strewe die mens na perfektheid en verwag dit ook van ander. Hierdie onrealistiese verwagting kan mishandelde adolessente dikwels met 'n konstante skuldgevoel, skaamte en teleurstelling laat (Kushner, 1996:39). Indien mishandelde adolessente skuldig voel en hulself blameer, kan dit 'n aanduiding wees dat hulle hulself nie vergewe het nie (Kendall, 2002:139). Wanneer die mishandelde adolessente wel skuldig was aan 'n oortreding, moet hulle verantwoordelikheid vir die oortreding aanvaar en na God vir vergifnis kyk (vergelyk 7.4.3.3; 1 Joh 1:9; Jones & Ledwith, 2005:114). Alleen by Christus kan die adolessente vergifnis van skuld vind (Lotter, 1987:53). Wanneer die adolessente nie aanvaar dat hulle vergewe is nie, maar eerder fokus op hul mislukkings, ontneem hulle hulself die vryheid wat God se vergifnis vir die mens bring (Jones & Ledwith, 2005:115).

In die navorsing blyk dit dat geloof teologiese regverdigheid bied aan die vergifnisproses. McCullough, *et al.* (2009) en McCullough en Worthington (1994a) beskryf vergifnis as religieuse gedrag wat deur spesifieke intervensie en tegnieke nagevors, gemeet en gefasiliteer kan word. 'n Konstruktiewe opvatting

oor die wese van Christelike vergifnis kan soos volg beskryf word (Kendall, 2002:19-35; Louw, 1999b:478):

- Vergifnis is om bewus te wees wat iemand jou aangedoen het, en ten spyte daarvan steeds die persoon te vergewe. Vergifnis is 'n algehele, totale uitwissing, 'n objektiewe feit wat finaal en afgehandel is.
- Vergifnis is bevryding. Die magte wat mishandelde adolessente gebind het, is oorwin. Die konsep van oorwinning is dus dominant in die besef van bevryding. Dit hou nie boek van die kwaad nie (1 Kor 13:5).
- Vergifnis is 'n krag tot vernuwing en veranderde gedrag. Vanweë die nuwe dimensie van versoening in Jesus Christus kan die gelowige in liefde anders optree. Dit vra van mishandelde adolessente om barmhartig en genadig teenoor die oortreder te wees soos God barmhartig en genadig is (Luk 6:36; Joh 8:10-11).
- Vergifnis is onvoorwaardelik. Die redes vir vergelding is uitgewis. Dit is die afwesigheid van bitterheid. Die oortreder word nie meer vasgepen op sy negatiewe en sondige gedrag nie, maar oorgeplaas binne die domein van God se genade. Vergifnis in sy onvoorwaardelike gestalte is 'n belegging van genade in 'n ander mens. Deur vergifnis word die reg op wraak prysgegee.

#### 2.5.3.7 Pastorale benadering tot vergifnis

Vergifnis ontken nie die pyn of verander die verlede nie, maar dit breek die sirkel van bitterheid wat mishandelde adolessente aan die seer van die verlede vasbind (Pritchard, 2005:24). Bybelse beginsels en filosofiese teorieë het Enright, *et al.* (in Aureli & De Waal, 2000:359) gelei om vergifnis te definieer as 'n konstruk "... *in which the offended party's sense of negative emotions, such as outrage and hostility, decreases, and positive emotions, such as compassion or love, emerge".*

Vergifnis beïnvloed mishandelde adolessente se hele wese en morele optrede (McCullough, 2008:115). Stoop en Masteller (1996:179) stel dat die verwerking van traumatiese ervaringe 'n keuse tussen 'n pad van bitterheid of van vergifnis is. Volgens Lamb en Murphy (2002:54) het vergifnis 'n positiewe invloed op persoonlike welstand. Dit stel mishandelde adolessente in staat om vry te kom

van haat, bitterheid, skuld, skaamte, hartseer en ander emosies (Colbert, 2003:163). Dit is 'n bewuste keuse om die oortreder vry te laat gaan en so self vry te kom van die verlede. Pargament (1997:262) beskryf die vryheid van vergifnis soos volg:

> *"Forgiveness offers the possibility of peace of mind, that is, the hope that painful memories can be healed, that the individual will no longer be held emotionally hostage to acts of the past."*

#### 2.5.3.8 Pastoraal teologiese karaktertrekke van vergifnis

Vanuit 'n pastoraal teologiese benadering ondersteun die navorser die voorgestelde karaktertrekke van vergifnis soos Worthington (2003:69) dit beskryf:

- Geduldige vermyding van negatiewe emosies en gedagtes. Mishandelde adolessente kan die reaksie op die onreg wat gepleeg is beperk deur 'n vergewende persoonlikheid en die bewustheid van negatiewe emosies en gedagtes.
- Besluit om te vergewe. Mishandelde adolessente kan besluit om bewustelik die oortreder te vergewe sonder wraak of om die oortreder te vermy. Dit sluit ook in om positiewe emosies en gedagtes teenoor die oortreder te koester.
- Voorkom onvergewensgesindheid en die aanspraak op geregtigheid en vergelding. Mishandelde adolessente kan die onreg aanvaar en laat die vergelding aan God oor. Dit behels dat hulle eerder op die positiewe uitkoms van die onreg en die betekenis daarvan in hul lewe fokus (Gen 50:20).
- Fokus op die positiewe en goeie kwaliteite van die oortreder. Mishandelde adolessente kan minder fokus op die self en die skade wat gely is.
- Voel liefde, empatie, simpatie en medelye teenoor die oortreder.
- Die mishandelde adolessente kan vergewe omdat hulle reeds in Christus vergewe is.
- Deurvoer van vergifnis. Mishandelde adolessente kan op grond van hul veranderende emosies en gedagtes vergewe, deur positief teenoor die oortreder op te tree in 'n vergewende gesindheid.

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die *pastorale basisteoretiese perspektief* vir die navorsing beskryf. Met die oog op 'n effektiewe hulpverleningsprogram vir mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, ondersteun die navorser 'n multidissiplinêre benadering. Die navorsing word gegrond op 'n *pastorale basisteorie* binne 'n *Gestalt paradigmatiese perspektief* om die mishandelde adolessente te begelei in hul hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring. Die vorming van 'n paradigma geskoei op 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* is 'n bipolêre multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind, met die oog op die totale welsyn van mishandelde adolessente. Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief opereer en Gestaltterapie as sosiale wetenskap vanuit 'n fenomenologiese en empiriese perspektief, om mishandelde adolessente te begelei.

Die pastoraal teologiese vertrekpunte en sleuteldimensies vir die navorsing is in hierdie hoofstuk beskryf deur mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis binne 'n Christelike wêreldbeskouing en geloofsperspektief te plaas. Vergifnis kan in die psigologiese herstelproses van mishandelde adolessente aangewend word as 'n essensiële deel van berading en psigoterapie. Dit het 'n positiewe invloed op die persoonlike welstand van mishandelde adolessente, omdat dit hulle in staat stel om vry te kom van haat, bitterheid, woede, skuld, skaamte en ander emosies. Hierdie fokus op vergifnis in die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* kan mishandelde adolessente bemagtig om die oortreder te vergewe en so self vry te kom van die verlede.

In Hoofstuk 3 sal aandag aan die *Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief* vir die navorsing geskenk word. Aandag word aan ter saaklike Gestalt konsepte en beginsels gegee, asook die proses van die Gestaltterapeutiese benadering om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* na vergifnis te begelei.

# HOOFSTUK 3

# PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VIR 'n PASTORALE GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIE

## 3.1 INLEIDING

Die doel van Gestaltterapie in die navorsing is om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, terapeuties deur hul proses te begelei, sodat hul bewussyn verhoog en hulle in staat gestel word om in hul funksionering hul balans te herstel. Die Gestalt benadering tot skuld, skaamte en vergifnis, vanuit die veld van mishandelde adolessente, betrek die emosionele ervaring van die self as 'n intrapersoonlike en individualistiese fenomeen binne interpersoonlike verhoudinge. Wanneer 'n verhouding gekenmerk word deur kritiek, blaam, verwerping, mishandeling of vernederende gedrag, is die resultaat 'n verhoogde kwesbaarheid van die verhouding en moontlike kontakversteuring.

Die negatiewe evaluering van die self word van affektiewe karaktertrekke en verskeie liggaamlike sensasies vergesel. Yontef (2003:354) verwys na skuld en skaamte as komplekse en holistiese ervarings met affektiewe, sensoriese, motoriese, somatiese en kognitiewe komponente. Skuld en skaamte dwing mishandelde adolessente tot selfondersoek om van hul interne reaksie en gewaarwording van die self bewus te word (Tangney & Dearing, 2004:142-149). Die konseptualisering van emosies verbind Gestaltkonsepte binne die interpretasie van ervaring, dialoog en kontakgrens prosesse. Dit bied 'n venster op mishandelde adolessente se ervaring van hulself en hul Gestaltvorming in die omgewing deur assimilasies wat dikwels gepolariseerd is.

Deur retrofleksie, introjeksie en projeksie van onvoltooidhede kan mishandelde adolessente intense skuld en skaamte ervaar (Yontef, 2003:360). Die benutting van vergifnis, as 'n hanteringsmeganisme, kan mishandelde adolessente egter begelei om die onvoltooidhede te hanteer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:121; Crocker, 2007:120; Harris, 2007a:108; Harris, 2007b:127). Dit kan hulle tot die ontdekking dat hulle keuses kan maak vir hul emosionele uitdrukking, hul behoeftes kan bevredig en met nuwe gedrag kan eksperimenteer, lei (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127; Corey, 2005:208). Mishandelde adolessente kan na ekwilibrium beweeg sodra die wanbalans in die ervaring van skuld en

skaamte herstel is en vergifnis as 'n opsie om hulself en ander te vergewe oorweeg word (Malcolm & Greenberg, 2001:190; Clarkson & Mackewn, 1994:48-49).

In hierdie hoofstuk word die Gestaltterapeutiese *paradigmatiese perspektief* vir die navorsing beskryf. Aandag word aan die ter saaklike Gestaltkonsepte en beginsels gegee, asook die proses van die Gestaltterapeutiese benadering om mishandelde laat-adolessente vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* na vergifnis te begelei.

## 3.2 DEFINIËRING VAN DIE GESTALT BENADERING

Die Gestalt benadering is nie slegs 'n abstrakte filosofie nie, maar 'n pragmatiese betrokkenheid by mishandelde adolessente om hulle in staat te stel om hul eie ontwikkeling te verstaan en uit te leef. Om die teoretiese konsepte van die Gestalt benadering te bespreek, moet die konsepte Gestalt, Gestaltterapie en Gestaltspelterapie eerstens duidelik gedefinieer word.

### 3.2.1 Definiëring van Gestalt

Gestalt fokus op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die mens (Carroll & Oaklander, 1997:184). Gestalt kan beskryf word as 'n patroonvoltooiing wat deur die persoon, sy konteks, sy omgewing en die verhouding tussen die persoon en sy omgewing vergestalt word (Korb, *et al*., 1989:1). Perls (1973:119) definieer Gestalt soos volg:

> *"A Gestalt is a whole, a complete, in itself resting whole. The Gestalt wants to be completed where left with unfinished situations, and these unfinished situations press and want to be completed."*

Gestalt sal die geheel in die terapeutiese verhouding beklemtoon en nie net intrapsigiese of interpersoonlike dimensies nie (Corey, 2005:193). Volgens Papalia (in Blom, 2006:18) is Gestalt die organisering van die dele van 'n geheel wat omskryf word as meer as die som van die dele wat op mekaar inwerk. Gestalt fokus op die *hier-en-nou-ervaring* deur bewustheid, fenomenologie en die paradoksale teorie van verandering (Joyce & Sills, 2006:1). Dit behels die hele Gestaltproses deur die bewustheid van emosie, denke en gedrag (Sinay,

1998:166; Latner, 1986:25). Die Gestalt filosofie het eksistensieel ten doel dat mishandelde adolessente so volledig moontlik hulself sal wees en as ŉ geïntegreerde organisme altyd as ŉ eenheid sal funksioneer (Clarkson, 2002:17). Die navorser beskou die Gestalt as die organisering van verskillende dele van ŉ geheel wat as ŉ eenheid op mekaar ŉ invloed het.

### 3.2.2 Definiëring van Gestaltterapie

Gestaltterapie is ŉ eksistensiële en fenomenologiese prosesgeoriënteerde terapie wat fokus op die geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die mens, bewustheid in die *hier-en-nou* en onmiddellike ervaring (Brownell, 2010:21; Oaklander, 2007:46; Blom, 2006:18; Corey, 2005:193; Sweeney, *et al.*, 1999:162; Carroll & Oaklander, 1997:184; Hamilton, 1997:19; Yontef, 1993a:19; Yontef & Simkin, 1989:18). Die doel van Gestaltterapie in hierdie navorsing is om mishandelde adolessente te bemagtig om die persepsie van hul ervaring in totaliteit te benader en hulle bewus te maak van onvoltooidhede wat in hul emosie en gedrag na vore kom. In die Gestaltterapeutiese teorie is daar drie perspektiewe waarop die Gestaltterapeutiese verhouding, dialoog en bewustheid gebaseer word.

- Die *fenomenologiese perspektief* maak dit vir mishandelde adolessente moontlik om subjektief onderskeid te tref tussen wat *hier-en-nou* ervaar word en wat oorblyfsels van die verlede is (Corey, 2005:194). Die fenomenologiese perspektief impliseer dat die Gestaltterapeut reageer op dit wat mishandelde adolessente *hier-en-nou* onthul, verbaal of nie-verbaal, sonder vooroordele of interpretasies (Yontef, 1993a:2). Dit help mishandelde adolessente om bewus te wees van onmiddellike, subjektiewe ervarings wat gevoelens van vrees en frustrasie kan ontsluit (Oaklander, 2007:29; Schoeman 1996:4; Yontef & Simkin, 1989:28). Dit behels die hele proses van aksie, emosies, denke en die interaksie tussen die adolessente, hulle konteks en interpersoonlike verhoudinge, om hul wêreld te organiseer en betekenis daaraan te gee (Joyce & Sills, 2006:1).
- Die *veldteorie* ondersoek die totale veld waarbinne mishandelde adolessente funksioneer (Corey, 2005:194). Hulle is basies strewende en groeisoekende, selfregulerende en selfbevredigende organismes in interaksie met die

omgewing (Blom, 2006:17). Alhoewel adolessente altyd as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hulle nie sonder die omgewing bestaan nie en is altyd daarmee in kontak (Joyce & Sills, 2006:1). Gestaltterapie benader die "proses van adolessente" in hul omgewing en fokus minder op hul persoonlikheid (Brownell, 2010:9).

Gestaltterapie fokus op die *hier-en-nou* bestaan, omdat ervaring meer betroubaar as interpretasie is (Corey, 2005:195). In die Gestaltterapeutiese verhouding word *onvoltooide take* uit die verlede, wat adolessente verhinder om effektief in die hede te funksioneer, hanteer (Corey, 2005:196). Die Gestaltterapeut stel belang in mishandelde adolessente se huidige perspektief van hul wêreld of realiteit en evalueer hulle nie ten opsigte van die terapeut se eie ervaring van realiteit of die wêreld nie.

- Die *eksistensiële perspektief* fokus op mishandelde adolessente se holistiese bestaan, verhouding met ander en die direkte ervaring van hul emosionele geluk en pyn (Corey, 2005:194). Die eksistensiële perspektief is op die fenomenologiese perspektief gebaseer en bied aan mishandelde adolessente die geleentheid tot groter bewustheid, om hulself te ontdek en aanpassings te maak (Yontef, 1993a:3). Gestaltterapie kan die adolessente begelei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hulle maak in interaksie met hul omgewing.

Die navorser beskou Gestaltterapie as 'n holistiese, eksistensiële en fenomenologiese terapeutiese benadering wat mishandelde adolessente se bewustheid verhoog om organismiese selfregulering te bemeester in die *hier-en-nou*. Gestaltterapie bemagtig die adolessente om die ervaring van skuld en skaamte na die voorgrond te bring, besit te neem van die emosies en bewustelike en verantwoordelike keuses en besluite te neem in verhouding met die self, ander en die omgewing.

### 3.2.3 Definiëring van Gestaltspelterapie

Gestaltspelterapie is 'n psigoterapeutiese proses waarmee die terapeut, deur spelterapeutiese metodes, probeer om mishandelde adolessente die geleentheid te gee om verbale en nie-verbale uitdrukking aan hul gevoelens te gee (Oaklander, 2007:46; Blom, 2006:19-20; Oaklander, 1992:64).

Gestaltspelterapie is ingestel op die adolessente se proses, dit wil sê die wyse waarop adolessente hul wêreld benader en hanteer. Die terapeutiese proses word met die filosofie, teorie en praktyk van Gestaltterapie geassosieer. Dit is vir mishandelde adolessente 'n leerervaring om ten volle van hul emosie, onvoltooidhede en selfonderbrekings bewus te word (Oaklander, 2007:94; Yontef & Simkin, 1989:27). Hierdeur kan hulle verskillende doelstellings bereik, ontwikkelingsvaardighede aanleer, hul frustrasie verlig en leer om aggressie op 'n sosiaal aanvaarbare wyse te hanteer (Oaklander, 2007:29). Oaklander beskryf die doel van Gestaltspelterapie as 'n proses om organismiese selfregulering, bewustheid, kontakgrensversteurings, weerstand, ensovoorts, aan te wend in terapeutiese werk met adolessente (Oaklander, 2007:142; Blom, 2006:19).

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente in die Gestaltspelterapeutiese verhouding bemagtig kan word om, deur die bewustheid van hul skuld en skaamte, keuses te maak (moontlike vergifnis van die oortreder en die self) en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul emosionele uitdrukking, behoeftes en gedrag.

## 3.3 GESTALT TEORETIESE KONSEPTE

Die teoretiese konsepte van Gestaltteorie, met spesifieke verwysing na Gestaltterapie met mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, kan soos volg beskryf word:

### 3.3.1 Holistiese benadering

Die menslike organisme se funksionering bestaan uit verskillende dele wat op mekaar 'n invloed het (Blom, 2006:22). Gestaltteorie het eksistensieel ten doel dat mishandelde adolessente as geïntegreerde organismes altyd as 'n eenheid sal funksioneer (Clarkson, 2002:17; Carroll & Oaklander, 1997:184). Holisme kan beskryf word as die geheel wat meer is as die som van die dele wat op mekaar inwerk (Clarkson, 1999:1; Hamilton, 1997:41). Dit sluit mishandelde adolessente se totale funksionering in en nie net die intra-psigiese of interpersoonlike dimensies nie (Corey, 2005:194). Komponente van verkillende

dele van die adolessente se sisteem kan wel onderskei word, maar dit kan nooit van mekaar geskei word nie (Blom, 2006:22; Aronstam, 1992:631). Die wanfunksionering van een van die komponente in mishandelde adolessente se sisteem, sal veroorsaak dat hulle as 'n gefragmenteerde entiteit funksioneer in plaas van 'n geïntegreerde entiteit (O'Connor & Braverman, 2009:284; Corey, 2005:194). Oaklander (2007:7) stel dat die adolessent *"...does not (and should not) live in isolation. How he engages in his world and the response of others to him affects him greatly".*

Gestaltterapie sal die invloed van mishandeling op adolessente se fisieke, psigiese, emosionele, sosiale en morele sisteme, denke en gedrag bestudeer om die balans te herstel en hulle weer in homeostase te bring (Parlett & Hemming, 1996:196; Aronstam, 1992:633). Gestaltterapie beklemtoon die ervaring en verhoudingsprosesse van mishandelde adolessente in hul kontak met die omgewing (Oaklander, 2007:51). Lee (2003:7) beskryf dit soos volg:

> *"The heart of the Gestalt model is a field representation of experience that includes the experience of both oneself and one's environment as a relational whole. And Gestalt's main focus is an analysis of contact processes, the interactional processes between self and other ..."*

### 3.3.2 Homeostase en organismiese selfregulering

Bewustheid stel mishandelde adolessente in staat om dominante behoeftes te identifiseer en kontak met die interne en eksterne omgewing te maak (Carroll & Oaklander, 1997:185; Yontef & Simkin, 1989:13). Alhoewel adolessente as 'n eenheid funksioneer en selfregulerend is, kan hulle nie sonder die omgewing, waarmee hulle altyd in kontak is, bestaan nie (Aronstam, 1992:633). Adolessente het fisiese, emosionele, sosiale, spirituele of intellektuele behoeftes en 'n natuurlike begeerte om hulself te reguleer ten einde hierdie behoeftes te bevredig (O'Connor & Braverman, 2009:284).

Wanneer die behoefte op die voorgrond nie bevredig word nie, ontstaan onvoltooidhede (*"unfinished business"*) (Perls, 1973:7). Ten einde te groei en te ontwikkel, sal mishandelde adolessente daarna streef om 'n balans te handhaaf tussen onvoltooidhede en behoeftebevrediging (O'Connor & Braverman, 2009:291; Oaklander, 2007:94). Alle gedrag, om behoeftes binne die omgewing

te bevredig, word gereguleer deur homeostase en organismiese selfregulering (Corey, 2005:195; Oaklander, 1994a:282). Perls (Yontef & Simkin, 1989:11; Perls, 1973:5) definieer homeostase, wat alle lewe en alle gedrag beheer, soos volg:

> *"... the process by which the organism maintains its equilibrium and therefore its health under varying conditions. Homeostasis is thus the process by which the organism satisfies its needs".*

Aangesien nuwe behoeftes wat ongemak veroorsaak voortdurend tot stand gebring word, word die proses van organismiese selfregulering 'n aanhoudende deurlopende proses om onvoltooidhede te voltooi totdat behoeftes bevredig is en homeostase herstel word (Oaklander, 2007:12; Blom, 2006:23).

#### 3.3.2.1 Organismiese selfregulering

Organismiese selfregulering vind in elke mens plaas waar die liggaam voortdurend in kontak met die omgewing is en die onderbewussyn pogings aanwend om die Gestalt in plek te kry (Oaklander, 2007:12; Hamilton, 1997:55; Perls, 1973:9). Yontef en Simkin (1989:12) verwys soos volg daarna:

> *"In organismic self-regulation, choosing and learning happen holistically, with a natural integration of mind and body, thought and feeling, spontaneity and deliberateness."*

Selfregulering stel mishandelde adolessente in staat om bewus te word van enige ekwilibriumversteuring en die behoefte wat op 'n gegewe tydstip die belangrikste is en op die voorgrond tree (Oaklander, 2007:12; Corey, 2005:193; Schoeman, 1996:35; Yontef & Simkin, 1989:7) Volgens Korb, *et al*. (1989:11) vind die proses van selfregulering voortdurend plaas as *"...a spontaneous integral, natural part of the organism, biologically as well as psychologically".*

#### 3.3.2.2 Figuurgrond-interaksie

Mishandelde adolessente sal met behulp van hul eie vermoëns en bronne uit die omgewing hul bes doen om die self te reguleer (Oaklander, 2007:51). Organismiese selfregulering kan tot die integrasie van polariteite lei waar verskillende polariteite aanvaar en geïntegreer word (O'Connor & Braverman,

2009:287). Die voortdurende behoeftes wat bevredig moet word sal die figuurvoorgrond vorm (Corey, 2001:197). Die *figuur* is die deel wat vir die adolessente op 'n gegewe oomblik die betekenisvolste is, terwyl die *grond* die minder belangrike agtergrond van die figuur is (Clarkson, 2002:5).

Die proses van figuurgrond-interaksie en Gestaltvorming is 'n voortdurende proses (Oaklander, 2007:13; Hamilton, 1997:28). Onduidelike figuurformasie kan tot emosionele wanfunksionering lei, omdat mishandelde adolessente dikwels nie die belangrikste dominante en betekenisvolle behoefte op die voorgrond kan onderskei nie.

- Die onvermoë om die balans te vind en te behou, mag daartoe lei dat mishandelde adolessente hul lewe fragmenteer (O'Connor & Braverman, 2009:312; Oaklander, 2007:50). Volgens Yontef (in Blom, 2006:40) vind fragmentering plaas wanneer behoeftes gelyk meeding om op die voorgrond te tree. Mishandelde adolessente kan dele wat moeilik is om te hanteer of te integreer fragmenteer (Oaklander, 2007:144; Resnick, 1997:261). Perls (in Aronstam, 1992:637; Perls, 1973:31) beskryf fragmentasie as die adolessent se *"...inability to find and maintain the proper balances between himself and the rest of the world..."*.

- Die onvoltooide Gestalt dring altyd op aandag aan en meng met die vorming van nuwe Gestalt in (Yontef, 1993a:178; Sills, *et al*., 1996:5; Perls, *et al*., 1996:ix). Die onvoltooidhede ontstaan as gevolg van onvervulde behoeftes, onverwoorde gevoelens of onvoltooide en onverwerkte situasies (Oaklander, 2007:142; Thompson & Rudolph, 1996:144). Dit het 'n negatiewe invloed op die funksionering van mishandelde adolessente se Gestaltvorming, homeostase en die vloei van bewuswording *hier-en-nou* (Clarkson, 2002:7). Perls (in Sills, *et al*., 1996:70) noem dat onvoltooidhede onderbrekings van die ervaring-siklus is. In plaas van groei kan daar stagnasie en regressie plaasvind (Oaklander, 2007:29). Sills *et al.* (1996:5) beskryf onvoltooidhede soos volg:

  > "*Whether they are events, conversations, feelings or our sense of ourselves, they seem to haunt us and have the potential to stop us focusing wholeheartedly on what is happening in the present.*"

Onopgeloste situasies en onvoltooidhede kan mishandelde adolessente se psigologiese energie opeis en verhoed dat hulle effektief in die hede funksioneer (Sills, *et al.*, 1996:47). Hulle kan ongemak ervaar met die aanvaarding van sekere aspekte in hulself wat onaanvaarbaar is of afgekeur word (Oaklander, 2007:143). Dit veroorsaak gevoelens van aggressie, frustrasie, ongemak en psigologiese spanning, wat in mishandelde adolessente se gedrag na vore kom (Clarkson, 1999:7; Latner, 1986:82-84).

Die belangrikste behoefte op mishandelde adolessente se voorgrond moet in ag geneem en hanteer word alvorens daar betekenisvolle terapeutiese groei binne Gestaltterapie kan plaasvind (Oaklander, 2007:28; Corey, 2005:195). Terapeutiese intervensie kan die adolessente lei om selfregulerend te word met eenheid en integrasie in hul lewe (Blom, 2006:25). Hierdeur vind georganiseerde aksie plaas ten opsigte van die hantering van hul eie emosie (deur bemagtiging) en lei na behoeftebevrediging en homeostase totdat die behoefte op die agtergrond skuif en plek maak vir 'n nuwe behoefte wat op die voorgrond tree (Oaklander, 2007:12).

#### 3.3.2.3 Die bewustheid-siklus in die proses van Gestaltvorming en Gestaltvernietiging

Gestaltvorming kan slegs plaasvind wanneer mishandelde adolessente bewus word van hul dominante behoeftes en in die behoeftes kan voorsien (Schoeman, 1996:35; Yontef & Simkin, 1989:7). Aronstam (1992:633) en Perls (1973:9) verwys na die interne of eksterne regulering van Gestaltvorming soos volg:

- Deur *interne regulering* kan adolessente hul inherente eienskappe benut om hul eie behoeftes te bevredig.
- Deur *eksterne regulering* kan die proses van Gestaltvorming tussen adolessente en hul omgewing plaasvind.

Die ekwilibrium tussen die fisiologiese en psigologiese prosesse kan nooit van mekaar geskei word nie, omdat albei van mekaar interafhanklik is (Serok, 2000:18). Die eksterne regulering meng gewoonlik met die spontane proses van selfregulering in en het tot gevolg dat die proses van Gestaltvorming in mishandelde adolessente en hul omgewing versteur word (Corey, 2005:195;

Aronstam, 1992:632). Die groeiende en veranderende aard van Gestaltvorming kan in 'n bewustheid-siklus van vyf stadiums gereflekteer word (Blom, 2006:26).

- Stadium 1: Bewustheid / Sensasie

  Mishandelde adolessente kan 'n behoefte of disekwilibrium vanuit hul omgewingstimulus ervaar. Volgens Sills, *et al*. (1996:49) behels die sensasiefase van Gestaltvorming die impak van die stimulus (vanuit die omgewing of van binne die persoon self) op die sintuie. Wanneer die adolessente kontak met hul liggaam verloor, verloor hulle die bewustheid van die self en in 'n groot mate hul fisiese en emosionele sterkte (Oaklander, 2007:51; Oaklander, 1988:128). Deur bewustheid verskyn die sensasie as 'n figuur waarvan adolessente bewus word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer mishandelde adolessente die emosionele pyn van skuld en skaamte ervaar. Die adolessente kan bewus word van die pyn, betekenis daaraan gee en spesifieke emosies, soos skuldgevoelens of minderwaardigheid, ervaar.

- Stadium 2: Mobilisasie / Keuse vir georganiseerde aksie

  Die bewustheid van 'n behoefte word gevolg deur die mobilisering van die self om die behoefte wat op die voorgrond is te bevredig. Volgens Sills, *et al*. (1996:50) begin mishandelde adolessente in die mobiliseringsfase reageer op die stimulus. Adolessente met 'n gesonde organismiese selfregulering probeer die stimulus verstaan en neem 'n besluit om oor te gaan tot georganiseerde aksie. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer mishandelde adolessente hulself gereed maak om emosies soos skuld en skaamte met iemand te deel.

- Stadium 3: Finale kontakmaking / Georganiseerde aksie

  Mishandelde adolessente se kontak met hul emosies behels die hele siklus van bewustheid, keuses en implementering van gepaste aksies (Clarkson, 1999:120). Volgens Oaklander (in Sweeney, *et al*., 1999:163) is fisieke, kognitiewe en emosionele komponente altyd in interaksie met die omgewing. Mishandelde adolessente kan bemagtig word om bewus te word van onmiddellike behoeftes, om daarmee in kontak te kom en dit weer te verskuif na die agtergrond. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die voltooiing van Gestalt plaasvind in die *hier-en-nou* en die adolessente hul skuld en skaamte emosies aanvaar en onvoltooidhede voltooi (Blom, 2006:27).

- Stadium 4:  Na kontak / Behoeftebevrediging

  Bewuswording is 'n voortdurende proses wat van oomblik tot oomblik verander soos die behoeftes van mishandelde adolessente bevredig word of 'n doel bereik word (Perls, *et al.,* 1994:3).  As die proses voltooi is, vind homeostase, voltooiing van onvoltooidhede en integrasie plaas (Clarkson & Mackewn, 1994:35-36).  Blom (2000:181) stel dat die behoefte bevredig is wanneer die figuur (ervaring van skuld en skaamte) nie meer op die voorgrond is nie, maar na die agtergrond beweeg.

- Stadium 5:  Onttrekking

  Die onttrekkingfase is die proses om afstand te doen van 'n ou Gestalt en te beweeg na ekwilibrium sodra 'n behoefte op die voorgrond bevredig is (Clarkson, 1999:155; Clarkson & Mackewn, 1994:48-49).  Volgens Blom (2006:27) is die adolessente hier in 'n staat tot perfekte balans (homeostase) wat van korte duur is, totdat daar weer 'n nuwe behoefte ontstaan en die proses van selfregulering van voor af begin.

In die proses van organismiese selfregulering, deur Gestaltvorming en Gestaltvernietiging, vind die bewustheid-siklus voortdurend en dikwels onbewustelik in die daaglikse lewe van mishandelde adolessente plaas wanneer hulle probeer om verskillende behoeftes op hul voorgrond te bevredig.

### 3.3.3 Bewustheid en bewustheidskontinuum

In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste, wat as grondslag vir gedrag en emosie dien, uit te kom (Joyce & Sills, 2006:28; Yontef & Simkin, 1989:18). Deur bewustheid kan mishandelde adolessente tot die besef kom hoe hulle selfregulering en kontak met die veld (omgewing) onderbreek (O'Connor & Braverman, 2009:312; Corey, 2005:195; Yontef, 1993a:179)  Yontef (1993a:203; 1976:67) beskryf bewustheid soos volg:

> *"... a form of experiencing.  It is the process of being in vigilant contact with the most important event in the individual/environmental field with full sensor-motor, emotional, cognitive and energetic support ... Awareness leads to aha!..  Awareness is always accompanied by Gestalt formation".*

Die doel van bewustheid is om mishandelde adolessente terug te bring na die bewuste *hier-en-nou* (Hamilton, 1997:20; Dierks-Walker, 1994:29; Yontef & Simkin, 1989:6). Yontef (1993a:184) verduidelik dit soos volg: *"Awareness is effective only when grounded in and energized by the dominant need of the organism".* Bewustheid kan beskryf word as die proses van mishandelde adolessente om in kontak te wees met die mees belangrike gebeure in die veld (omgewing), met volle ondersteuning van hul sensories-motoriese, emosionele, kognitiewe en energiesensasies (O'Connor & Braverman, 2009:285; Oaklander, 2007:53; Clark & Fraser, 1987:8).

#### 3.3.3.1 Bewustheid as ervaring

Bewustheid kan beskou word as 'n proses van oriëntasie om spontane verandering en groei van die bewussyn van mishandelde adolessente te mobiliseer tot behoeftebevrediging in die *hier-en-nou* (Bekker, 2003:111; Yontef, 1993a:51). Wanneer mishandelde adolessente se bewustheid ontwikkel, kan beskikbare opsies en keuses ondersoek word en kan daar geëksperimenteer word met nuwe gedrag (Oaklander, 2007:51). Volgens Yontef (in Sills, *et al*., 1996:22) is bewustheid die volle erkenning van ervaring en onvoltooidhede. Oaklander (2007:53; 1988:59) stel dat adolessente veel makliker balans in hul lewe kan verkry wanneer hulle in terapie ervarings het wat hulle sintuie, liggaam, gevoelens en intellek insluit. Dit sluit by die basiese aanname van Gestaltterapie aan dat die adolessente 'n geheel is en 'n liggaam, emosies, gedagtes, sensasies en persepsies is (eerder as het), wat interverwant funksioneer. Yontef (1976:68) beskryf integrasie deur bewustheid soos volg:

> *"Awareness is a new coming together and excludes an unchanging way of seeing the world. Awareness cannot be static, but is a process of orientating that is renewed at each moment."*

Bewustheid van interne en eksterne stimuli omvat die volle gebruik van die sensories-motoriese sisteem en bring mishandelde adolessente terug na die bewuste deur die sensasie van sig, aanraking, reuk, gehoor en smaak (O'Connor & Braverman, 2009:285; Oaklander, 2007:53). Alles vanuit mishandelde adolessente se wêreld kom in die bewuste, *hier-en-nou*, byeen deur die dialogiese verhouding met die terapeut (Joyce & Sills, 2006:28).

#### 3.3.3.2 Bewustheid deur die dialogiese verhouding

Bewustheid en dialoog is die primêre terapeutiese komponente in Gestaltterapie (Oaklander, 2007:21; Joyce & Sills, 2006:28; Yontef, 1993a:11). Martin Buber (in Yontef & Simkin, 1989:3) beskryf die dialogiese verhouding tussen "*I-It*" en "*I-Thou*" as: *"... the person (I) has meaning only in relation to others, in the I-Thou dialogue or in I-it manipulative contact"*. Die verhouding tussen die terapeut en mishandelde adolessente is 'n horisontale verhouding met die wisseling tussen "*I-It*" en "*I-Thou*" (Crocker, 2001:5-6).

- In die "*I-It*" verhouding is die adolessente aktief betrokke by die dialoog en is die terapeut passief. Mishandelde adolessente onthul sekere aspekte van hul skuld en skaamte ervaring en die terapeut neem die wyse waarop adolessente hul ervaring oordra objektief waar.

- Die terapeutiese "*I-Thou*" verhouding is een van die belangrike eienskappe van Gestaltterapie en groei vanuit 'n vertrouensverhouding en *kontak* tussen die terapeut en adolessente in 'n beskermde omgewing van terapie (Corey, 2005:199). In die "*I-Thou*" verhouding vind bewustheid plaas wanneer die terapeut en adolessente kontak met hul unieke menswees maak en hul ervaring deel (Oaklander, 2007:143). Die terapeut verstaan, aanvaar en reageer op dit wat mishandelde adolessente *hier-en-nou* onthul, verbaal of nie-verbaal, sonder vooroordele, herinterpretasie of veroordeling (Corey, 2005:199; Purcell-Lee, 1999:5). Yontef en Simkin (1989:3) beskryf die teenwoordigheid van die terapeut in die "*I-Thou*" verhouding soos volg: *"Presence is not used to manipulate the client but rather to create awareness and to help the client to selfadjustment"*. Die "*I-Thou*" verhouding sal die veiligheid en aanvaarding skep waarbinne mishandelde adolessente hul bewuswording in die *hier-en-nou* kan ervaar (O'Connor & Braverman, 2009:295). Volgens Oaklander (2007:22) en Purcell-Lee (1999:5) behels dit die bewuswording van die hele self, van sowel die mishandelde adolessente as die terapeut.

#### 3.3.3.3 Kompleksiteit van die bewustheidskontinuum

Bewustheid moet gegrond wees en gemotiveer word deur die dominante huidige behoefte van mishandelde adolessente (Yontef, 1993a:180). Dit behels nie net selfkennis nie, maar kennis van huidige omstandighede en hoe dit die adolessente beïnvloed (Oaklander, 2007:50). Bewustheid impliseer verantwoordelikheid wat die adolessente moet aanvaar om self keuses te maak vir hul emosionele ervaring en gedrag (Oaklander, 2007:63; Dierks-Walker, 1994:26-28; Yontef, 1993a:180). Dit lei tot die groei in selfvertroue, selfbeeld en positiewe gedragsverandering, omdat die adolessente self in beheer om keuses te maak is (Bekker, 2003:112). Perls (in Joyce & Sills, 2006:30) onderskei drie sones van bewustheid: die internesone, eksternesone en middelsone. Joyce en Sills (2006:30-32) beskryf die kompleksiteit van bewustheid as 'n interaktiewe bewustheidskontinuum waar mishandelde adolessente heen en weer tussen die drie verskillende sones beweeg om 'n ware bewustheid te ontwikkel.

- Interne sone (gevoelens en emosie).

  Die interne sone behels die interne wêreld van mishandelde adolessente waarvan ander nie bewus is nie. Die sone bestaan uit gevoelens, emosie en fisiese sensasies. Volgens Joyce en Sills (2006:30) is dit 'n belewenis van liggaamlike sensasies (spierspanning, hartklop, asemhaling), gevoelens en emosie. Volgens die navorser kan die interne sone van bewustheid beskou word as mishandelde adolessente se ervaring van hulself, hul emosionele ervaring van skuld en skaamte, asook die manifestering daarvan. Volgens Oaklander (2007:143) en Joyce en Sills (2006:30) is die wyse waarop bewustheid in hierdie sone verhoog, die begeleiding van mishandelde adolessente om hul aandag op hul fisiese sensasies, emosies en gevoelens te fokus.

- Eksterne sone (omgewing)

  Die eksterne sone is mishandelde adolessente se kontak met die eksterne wêreld. Dit sluit hulle kontakfunksies (sintuie) soos spraak, gehoor, visie, smaak, gevoel, asook beweging, in. Volgens Oaklander (2007:144) en Joyce en Sills (2006:31) omvat dit alles wat die adolessente gebruik om kontak met hul omgewing te maak. Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente tydens die terapeutiese proses begelei sal word

om hulle aandag op hul selfregulering en gedrag binne hul omgewing te fokus, asook op skuld en skaamte stimuli vanuit die eksterne wêreld.

- Middel-sone (denke, herinneringe en idees)

  Die middelsone bestaan uit mishandelde adolessente se denke, herinneringe, fantasieë en verwagtinge. Volgens Joyce en Sills (2006:32) sluit dit al die wyses waarop die adolessente sin maak van hul interne en eksterne stimuli in. Dit tree ook as bemiddelaar tussen die interne en eksterne sones op. Volgens die navorser is een van die hooffunksies van die middelsone om mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte te organiseer, sodat daar 'n mate van kognitiewe en emosionele begrip kan plaasvind. Volgens Joyce en Sills (2006:32) sluit die middelsone die adolessente se gewoontes en dit wat hulle van hulself dink in. In die middelsone koester mishandelde adolessente hulle selfbeperkende gedagtes en neig om die *hier-en-nou* te vul met denke oor die verlede of die toekoms. Die navorser is van mening dat die wyse waarop mishandelde adolessente oor hul ervaring van skuld en skaamte dink, gaan bepaal hoe hulle daarop reageer. Volgens Joyce en Sills (2006:32) word die keuse aan die mishandelde adolessente oorgelaat om hulle ervaring te verwoord in hul eie woorde en betekenis.

## 3.4 DIE PROSES VAN KONTAKMAKING

Kontak vind plaas wanneer die organisme sy omgewing gebruik om sy behoeftes te bevredig (Oaklander, 2007:22; Perls, *et al.,* 1994:3). Volgens Perls, *et al*. (1996:73) moet die organisme en sy ondersteunende wêreld in kontak wees, alvorens groei kan plaasvind. Mishandelde adolessente sal dikwels kontak in die *hier-en-nou* verbreek om hulself teen die ervaring van skuld en skaamte te beskerm (Fagen & Shepherd, 2006:118). Die navorser is van mening dat dit in die terapeutiese verhouding belangrik is om die adolessente bewus te maak van kontakversteurings wat in die ervaring van skuld en skaamte voorkom, alvorens groei en verandering kan plaasvind.

### 3.4.1 Kontak

Die doel van Gestaltterapie is om mishandelde adolessente se bewustheid te bring na die realiteit, die *hier-en-nou*, waar hulle verantwoordelikheid kan neem vir aksies (Oaklander, 2007:22; Yontef & Simkin, 1989:21). Volgens Yontef en Jacobs (2000:305) verwys kontak na *"... being in touch with what is emerging here and now, moment to moment"*. Oaklander (2007:51) en Sweeney, *et al*. (1999:163) beskou kontak as adolessente se vermoë om kontak met die omgewing te maak deur bewustheid van gepaste gebruik van hul sintuie, die vermoë om emosies op 'n gesonde wyse uit te druk en die gebruik van hul intellek om idees, gedagtes en behoeftes tot uiting te bring. Volgens Schoeman (1996:54) sluit die proses van kontakmaking met die omgewing die voortdurende interaksie van fisieke, kognitiewe en emosionele komponente in:

- *Bewustheid.* Adolessente sal bewus word van die behoefte om kontak te maak. Dit sal hul denke en gedrag beïnvloed en hul totale lewenservaring tot 'n eenheid vorm. Deur die bewuste sal dit adolessente motiveer om aksie te neem.
- *Aksie.* Die adolessente sal die energie mobiliseer deur alternatiewe keuses te maak en na die vervulling van behoefte te beweeg.
- *Kontak deur eksperiment.* Deur eksperiment ontwikkel adolessente 'n bewussyn van die self en die grense wat in stand gehou word verbreed.
- *Kontakmaking.* Kontak behels die interaksie tussen adolessente en hul omgewing deur die uitruiling van sensoriese ervaring.
- *Assimileer.* Adolessente sal die nuwe energie-ervaring spontaan beleef.
- *Nuwe betekenis aan die bewuste.* Adolessente sal nuwe betekenis gee aan ervaring en nuwe persepsies skep.

Mishandelde adolessente moet gesien word in die konteks (veld) waarbinne sekere invloede hul lewe beïnvloed (Brownell, 2010:93; Blom, 2006:30). Volgens Yontef (1993a:284) verwys die veldteorie na die proses van adolessente se denke, gevoelens, waarnemings en optredes. In die veld is daar voortdurend verandering en samevloeiing (Oaklander, 2007:22; Joyce & Sills, 2006:24; Corey, 2005:194, Houston, 2003:22). Die veld is dinamies en in verhouding tot die mishandelde adolessente, beïnvloed dit hulle selfregulering

(Brownell, 2010:93). Om kontak met die veld te maak, moet adolessente uitreik en hulle eie grense ontdek (Brownell, 2010:93; Philippson, 2006:59; Yontef & Simkin, 1989:11). Binne die grense is daar gewoonlik 'n gevoel van kohesie en samewerking (samevloeiing), terwyl dit wat buite die grense ervaar word, as vreemd beleef word (Wheeler, 2003:41).

### 3.4.2 Kontakgrens

Kontak vind op die grens tussen die self en die omgewing plaas (O'Connor & Braverman, 2009:285; Clarkson, 1999:40). Mishandelde adolessente het grense wat hulle van die omgewing onderskei om sodoende hul identiteit te behou (Oaklander, 2007:61; Blom, 2006:30). Volgens Yontef (1993a:10) moet die kontakgrens deurdringbaar wees om uitruiling toe te laat, maar ook ferm genoeg om outonomie of individualiteit te handhaaf. Oaklander (in Sweeney, *et al.*, 1999:163) stel dat *"...having healthy contact involves a feeling of security with oneself, a fearlessness of standing alone"*. Kontak sonder grense tussen dit wat eie is aan die adolessente en die herkenning van hul *"andersheid"* kan tot samevloeiing lei (Oaklander, 2007:8).

In goeie grensfunksionering beweeg mishandelde adolessente tussen kontak (*Gestaltvorming*) en kontakverbreking of onttrekking (*Gestaltvernietiging*) van die omgewing (Oaklander, 2007:22; Serok, 2000:206; Oaklander, 1997:193; Dierks-Walker, 1994:29). Kontak is die dialogiese verhouding en ontmoeting tussen die subjek en die objek van bewustheid (*"me"* en *"not-me"*) (O'Connor & Braverman, 2009:285; Philippson, 2009:21; Yontef & Simkin, 1989:4). Volgens Mackewn (2003:17) en Crocker, *et al.* (2001:3) organiseer die adolessente hul ervaring, sensasie, beelde, energie, belangstelling en aktiwiteite rondom hul behoeftes, totdat dit vervul is. Hierdie proses geskied weens die adolessente se fisieke en emosionele behoeftes en 'n natuurlike drang om die behoeftes te reguleer (Blom, 2006:27).

Wanneer mishandelde adolessente met onvoltooidhede in kontak kom, is daar 'n interne kontakgrens in die self (Oaklander, 1994a:283). Dit help adolessente om persepsies te organiseer en betekenis aan hul emosies te gee (Oaklander, 2007:22; Frazao & Brazil, 2002:4; Crocker, *et al.*, 2001:12). Die kontakgrens behoort tot die leefruimte en wêreld van mishandelde adolessente (Corey,

2005:194). Om ten volle te leef in die hede en effektief gebruik te maak van vaardighede, vermoëns en eienskappe moet die adolessente bewus wees van hul onmiddellike werklikheid (Serok, 2000:11).

Die onmiddellike werklikheid kan beskryf word as die interne prosesse wat binne die self plaasvind in verhouding met die eksterne en interne bewustheid van die self en andere (Brownell, 2010:93; Philippson, 2009:20; Wheeler, 2003:41). Brownell (in Crocker, *et al.*, 2001:15) stel dat die substantiewe en eksperimentele lae in die veld in geheel en in verhouding tot mekaar, gesien moet word. Daar is nie 'n skeiding te maak tussen die lae in die veld nie. Waar die substantiewe laag en die eksperimentele laag mekaar deurdring, vind bewustheid plaas (Crocker, *et al.*, 2001:15). Deur bewustheid kry mishandelde adolessente insig in hul kontak- en vermydingspatrone om keuses te maak en verantwoordelikheid vir die keuses te aanvaar (Oaklander, 2007:22).

### 3.4.3 Persoonlikheidsontwikkeling deur kontak

Mishandelde adolessente se kontak met hul omgewing of die gebrek daaraan sal in 'n groot mate hul ontwikkeling of groei bepaal (Oaklander, 2007:51). Adolessente leer na geboorte om selfondersteunend te funksioneer binne die wêreld en word voortdurend gekonfronteer met nuwe situasies wat bemeester moet word (Oaklander, 2007:144). Organismiese selfregulering om konsepte te aktualiseer, die veld (wêreld) rondom hulle te integreer en verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar vind spontaan plaas (Oaklander, 2007:52; Blom, 2006:47). Die veld en al die sisteme wat op mishandelde adolessente inwerk sal hul proses (persoonlikheid) bepaal. Hierdie proses bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die adolessente se totale menswees (Blom, 2006:28; Feldhaus, 2001:1). Perls, *et al.* (1994:3) meld dat hierdie Gestaltvorming 'n voortdurende proses van behoeftebevrediging is, wat van oomblik tot oomblik kan verander.

#### 3.4.3.1 Die mishandelde adolessente se proses volgens Gestaltterapie

Mishandelde adolessente het die vermoë om nie met hulself in kontak te wees nie, veral wanneer seker dele (soos skuld en skaamte) ongemaklik is om te

hanteer. Volgens die navorser is die doel van Gestaltterapie in die navorsing om die mishandelde adolessente terapeuties deur hul proses te begelei, sodat hul bewussyn verhoog en hulle in staat gestel word om in hul funksionering balans te herstel en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Dit behels 'n proses van groei, bevrediging en volwassewording. Volgens Oaklander (1994a:285) kan die proses van die adolessente bepaal word deur: *"Who they are, what they feel, what they like, and do not like, what they need, what they want, what they do and how they do it."*

Mishandelde adolessente se terapeutiese proses fokus op hul bewussyn *hier-en-nou*, watter emosionele uitdrukking hulle daaraan gee en watter gedrag daaruit manifesteer (Oaklander, 2007:144). Die terapeut kyk nie geïsoleerd na die verlede nie, maar wat dit *nou* aan die adolessente doen (Perls, *et al.*, 1994:2). Die navorser stem met Schoeman (1996:54) saam dat daar in die adolessente 'n voortdurende proses is wat hul innerlike ervarings en belewenisse aandui en die wyse en gedrag bepaal hoe hulle hulself in die wêreld handhaaf.

#### 3.4.3.1.1 Die self in Gestaltterapie

Die self in Gestaltterapie kan gedefinieer word as die holistiese eenheid van die fisiese, psigiese, emosionele, denke en sensoriese gewaarwording, wat die individualiteit en identiteit van adolessente bepaal (Oaklander, 2007:52; Blom, 2006:11; Kircher & Dawid, 2003:2). Volgens die navorser het mishandelde adolessente ondersteuning nodig om geblokkeerde selfbewuste emosies (soos skuld en skaamte) te verwerk. As deel van hul ontwikkelingsproses neem hulle dikwels verantwoordelikheid vir sowel die trauma wat met hulle gebeur het as die skuld en skaamte daarvoor.

Die innerlike proses van die self behels die wyse waarop mishandelde adolessente hulself in situasies sal uitdruk of hoe hulle situasies sal hanteer om hul behoeftes te bevredig (Oaklander, 2007:36). Dit bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die mishandelde adolessente se fisieke, kognitiewe, emosionele, konatiewe en geestelike funksionering (Oaklander, 2007:52; Feldhaus, 2001:1). Die navorser is van mening dat selfbewuste skuld en skaamte emosies dikwels reeds in mishandelde adolessente se proses

(persoonlikheid) geassimileer is deur introjekte en deel vorm van die onvoltooidhede wat hul huidige selfregulering beïnvloed.

Die navorser stem met Oaklander (2007:50) saam dat intervensie die adolessente kan bemagtig om 'n sterk selfbeeld te ontwikkel, wat 'n gevoel van welstand skep en 'n positiewe self om onvoltooide emosies te verwerk. Die navorser sluit ook by Blom (2000:181) aan dat mishandelde adolessente deur intervensie bemagtig kan word om bewus te wees van hul onmiddellike behoeftes en onvoltooidhede, om daarmee in kontak te kom en dit te verskuif na die agtergrond.

#### 3.4.3.1.2 Ontwikkeling en vorming van die self

Die ontwikkeling en vorming van die self berus op die veldteorie waar die self in verhouding tot die omgewing en ander ontwikkel (Oaklander, 2007:52; Philippson, 2001:3; Perls *et al.,* 1996:235). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente hulself met die self en die self se ervaring van skuld en skaamte kan identifiseer of vervreem (vergelyk Oaklander, 2007:142; Kircher & Dawid, 2003:2). Volgens Philippson (2001:32) is die self nie 'n struktuur nie, maar 'n oriëntasie of identifikasie met die veld. Oaklander (2007:28) en Philippson (2001:32) beskryf die ontwikkeling van die self as 'n aktiewe kontakproses, wat voortdurend kan verander en ontwikkel deur identifikasie of onttrekking van *"this is me"* en *"this is not me"* by die kontakgrens. Brownell (2010:22) beskou die self as *"the agent of experience"* en *"the artist creating one's life"*.

Tydens adolessensie word die self meer gedifferensieerd, wat tot die ontwikkeling van afsonderlike oordele van die self lei (Strom & Strom, 2009:546). Mishandelde adolessente vertolk dikwels verskillende rolle en gee verskillende beskrywings van die self (Wolfe & Mash, 2008:32).

- **Ware self en moontlike self**

  Die adolessente se kognitiewe vermoë tot abstrakte denke van selfbegrip, stel hulle in die vermoë om te onderskei tussen 'n *ware self* en 'n *moontlike self* (Louw, Louw & Ferns, 2007:315).

  - Die *ware self* is die persoon wat die adolessente werklik is.

- Twee tipes *moontlike self* word onderskei.
  - Die *ideale self* is die persoon wat die adolessente graag wil wees.
  - Die *gevreesde self* is die persoon wat die adolessente dink hulle kan word, maar wat hulle vrees om te word.

  Die bewustheid van die *werklike* en *moontlike self* kan verskillende gevolge hê.
  - Dit kan as motivering dien om die *ideale self* na te streef of om die *gevreesde self* te vermy.
  - ŉ Diskrepansie tussen die *ware self* en die *ideale self* kan gevoelens van skaamte, mislukking, ontoereikendheid en depressie tot gevolg hê.

Mishandelde adolessente se selfbegrip is kompleks en weerspieël hul formeel-operasionele kognitiewe vermoë om veelvoudige aspekte van die self in verskillende situasies waar te neem (Wolfe & Mash, 2008:5). Die herkenning van verskillende aspekte en teenstrydighede van die self kan vir die adolessente wat skuld en skaamte ervaar verwarrend wees, namate hulle probeer om die *ware self* uit te sorteer.

- **Vals self**

Om meer aanvaarbaar te wees, probeer mishandelde adolessente dikwels ŉ *valse self* skep. Volgens Louw, Louw en Ferns (2007:316) is dit ŉ self wat die adolessente aan ander voorstel, terwyl hulle besef dat dit nie die *ware self* is nie. Die resultaat kan ŉ lewenslange *valse self* en die dra van ŉ masker wees (Bradshaw, 1988:IX). Rosenberg en Kaplan (in Brown & McNair, 1995:1) wys daarop dat die gedrag van adolessente in enige situasie, gewoonlik ŉ refleksie van hul sin vir eiewaarde binne die konteks van ŉ situasie is.

- **Selfaktualisering, selfagting en selfbeeld**

Selfaktualisering verwys na die mishandelde adolessente se doelbewuste pogings om alle moontlike potensiaal van die self te verwesenlik (Wolfe &

Mash, 2008:33; Gouws, *et al.*, 2000:86). Dit omvat alle idees, gevoelens, houdings en oortuigings oor die self (Kruger & Adams, 1998:24). Selfaktualisering is onafwendbaar tydens adolessensie, omdat die adolessente in 'n sekere sin verplig word om as individu stelling in te neem in die samelewing (Mash & Wolfe, 2008:88; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:12; Gil & Campbell 1996:45).

#### 3.4.3.1.2.1 Proses vir die vorming van die self

Gestaltformasie impliseer dat mishandelde adolessente kontak en onttrekking kan reguleer deur hul ervaring van skuld en skaamte (Oaklander, 2007:142; Kircher & Dawid, 2003:2; Wheeler, 2003:42). Die adolessente is altyd in staat om kontak te maak met hul omgewing, maar benodig *ego*-grense tussen hulself en die omgewing om hul identiteit te behou (Oaklander, 2007:61; Corey, 2005:197; Latner, 1986:68). Philippson (1996:2) beskryf die regulering van die kontakgrens soos volg: *"The contact boundary both joins and separates self and other, organism and environment."*

Deur selfkonsep, selfbeeld, selfagting en eie persepsies kan mishandelde adolessente daarvan bewus word dat hulle *"gelyke medeskeppers"* van hul omstandighede is en nie daarvan geskei nie (Philippson, 2009:21). Daar is 'n balans in die self om die ervaring van die self by die kontakgrens te aanvaar deur assimilasie, of te verwerp deur vervreemding en onttrekking (Oaklander, 2007:28). Philippson (2009:19-22) beskryf 'n prosesteorie vir die vorming van die self deur drie interaktiewe kontakgrense:

- Organisme / omgewing: "*it / not-it"* (*id* grens)

  Die funksie van die eerste kontakgrens behels die *ervaring* van die self se *"andersheid"* in verhouding met die omgewing deur sensoriese gewaarwording. Komplekse breinaktiwiteite weerspieël die ervaring met die omgewing en die waarneming van ander se aksies en intensies. Philippson (2009:19) beskryf die eerste kontakgrens soos volg: *"... it is not yet "my experience", the experience doesn't belong just to the human being, but to the human being/environment boundary".*

- Self / ander: "*I / not-I*" (*ego* grens)

  Die funksie van die tweede kontakgrens kan beskryf word as die *kontak* van die self met die wêreld, waarby die self ingesluit of uitgesluit word. Die self kan alleenlik bestaan as 'n *"medeskepper"* in die omgewing en kan nie geskei word van ander of die omgewing nie. Mishandelde adolessente het die keuse om, deur sensoriese ervaring van die kontakgrens, met die fisiese grens te identifiseer of te onttrek (Oaklander, 2007:34). Philippson (2009:20) beskryf die belangrikheid van die identifisering en vervreemding soos volg: *"I become myself in relation to the other that I now make figural".* Die navorser is van mening dat dit 'n aktiewe proses is waar mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, hul omgewing doelbewus kan beïnvloed, verander of aanpas. Konstruktief en destruktief kan hulle die veldprosesse, wat deur die ervaring met die eerste kontakgrens gevorm is, hervorm of ontwrig deur differensiëring of assimilering van die self met die omgewing. Philippson (2009:19) beskryf die interaksie soos volg:

  > *"With other human beings, who are doing the same thing in relation to me, we can make another non-linear emergent activity where I act on you as you act on me."*

- Persoonlikheidsgrens: "*me / not me*"

  Die eerste twee kontakgrense kom onmiddellik in kontak met die omgewing voor. Die taak van die derde kontakgrense behels *outonomie* wat deur selfbewustheid herken word. Philippson (2009:21) beskryf die primêre funksie van die derde kontakgrens as die self wat gevorm word deur die gewaarwording van self-kontinuïteit. Volgens die navorser identifiseer of vervreem mishandelde adolessente by die kontakgrens met sekere vermoëns van die self in die ervaring van skuld en skaamte. Die gedefinieerde self (gestruktureerde self) bepaal persoonlikheid deur identifikasie of onttrekking (*"me"* / *"not me")*. Die navorser is van mening dat dit 'n menslike fenomeen is en 'n sentrale deel van die self se ervaring van die skuld en skaamte bewustheid vorm. Resnick (1997:260) beskryf hierdie kontakgrens as *"... the organismic / environmental field, who create meaning via their phenomenological organizations inclusive of "inner" and "outer"*

*domains, me and not-me", at the boundary".* Die navorser is van mening dat selfidentifisering en self-kontinuïteit by die kontakgrens, aangewend kan word om interpersoonlike verhoudinge in stand te hou of dit kan verdedigend vir selfaktualisering aangewend word.

#### 3.4.3.1.2.2 Implikasie van die prosesteorie

Die implikasie van die prosesteorie vir die vorming van die self, behels 'n doelbewuste poging tot selfaktualisering (Oaklander, 2007:28). Deur selfaktualisering sal mishandelde adolessente doelbewus poog om alle moontlike potensiaal van die self te verwesenlik (Gouws, *et al.*, 2000:86). Die potensiaal van die self sluit die fisieke, kognitiewe, affektiewe en morele potensiaal in (Oaklander, 2007:144; O'Connor & Braverman, 2009:287). Die proses van selfaktualisering, deur selfregulering, sal mishandelde adolessente in staat stel om die self te vorm deur probleme te hanteer, selfbeheer te ervaar en selfgesentreerd te wees (Oaklander, 2007:59).

Die dinamiese vorming van die self behels dat mishandelde adolessente bewus kan word van hul skuld en skaamte wanneer hulle die kontakgrens aanvaar deur samevloeiing, of verwerp deur onttrekking en selfverdedigende optrede (Philippson, 2009:22). Elke moment van selfaktualisering kan beskou word as 'n eksperiment waar die adolessente hul persoonlikheid kan polariseer om die bekende self in stand hou, of tussen die selfdiskrepansie van die bekende of die moontlike beweeg. Philippson (2009:22) stel dat die aanpasbare funksionering van die persoonlikheid die uitkoms van selfaktualisering kan bepaal deur *"... both adapting the world to myself and myself to the world".*

#### 3.4.3.1.3 Ervaring van die self deur polariteite


Mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, kan verskillende rolle vertolk en verskillende beskrywings aan die self gee deur polariteite. Yontef (1993a:148) omskryf polariteite as *"... parts that are opposites that complicate or explicate each other."* Teenoorgestelde emosies kan ongemak by mishandelde adolessente veroorsaak, omdat liefde en haat, verwerping en aanvaarding dikwels gelyktydig teenwoordig kan wees (Blom, 2006:40). Polariteite kan

daartoe lei dat die adolessente meer energie belê in die pool waarmee hulle identifiseer en die ervaring van die ander pool ontken (Blom, 2006:40; Korb, *et al.*, 2002:14). Dit kan die polarisering van emosies, verwarring van die self en kontakverbreking met ander veroorsaak (Oaklander, 2007:22). Volgens Yontef (in Blom, 2006:40) sal onvoldoende integrasie van polariteite tot fragmentering van die adolessente as holistiese entiteite lei.

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente begelei kan word om bewus te wees van die skuld en skaamte polariteite wat deel van die self is. In Gestaltterapie word die terapie daarop gerig om polariteite te integreer en elke polariteit deel te maak van 'n goed geïntegreerde proses en ontwikkeling van persoonlikheid (O'Connor & Braverman, 2009:287; Blom, 2006:41). Dit kan mishandelde adolessente help om in kontak met hulself te kom, aannames oor die self simbolies te organiseer, hul Gestalt tot selfregulering te probeer bring, hul emosie in die hede uit te druk en homeostase en balans te handhaaf (O'Connor & Braverman, 2009:287; Oaklander, 2007:50; Kaplan, 2000:510; Yontef & Simkin, 1989:21). Gestaltterapie kan mishandelde adolessente begelei om met voldoende vryheid en selfvertroeteling verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir skuld en skaamte polariteite, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self te aanvaar met sowel negatiewe en positiewe emosies, asook swak en sterk identiteite (Oaklander, 2007:43; Blom, 2006:151; Bender, 1996:44; Schoeman & Van der Merwe, 1996:181). Feldhaus (2001:11) stel dat die basis van 'n gesonde selfkonsep *"... is that once natural self, with all its emotions, with its successes and failures, is acceptable and lovable"*.

### 3.4.4 Kontakgrensversteurings in die proses van Gestaltvorming

Die proses van Gestaltvorming bestaan uit die bewustheid-siklus (soos in 3.3.2.3 beskryf) wat gereflekteer word in sewe stadiums van die Gestaltsiklus van ervaring (Woldt & Toman, 2005:x). Joyce en Sills (2006:34-35), Reynolds (2005:159-164) en Woldt en Toman (2005:x) beskryf die Gestaltsiklus van ervaring as die adolessente se kontak met die omgewing deur kontakfunksies. Die Gestaltsiklus kan figuurlik soos volg in Figuur 3.1 voorgestel word (Woldt & Toman, 2005:x):




**Figuur 3.1 Gestaltsiklus van ervaring**

Die Gestaltsiklus van ervaring behels die volgende sewe stadiums:

- Stadium 1: Sensasie en persepsie

  Mishandelde adolessente maak kontak met hul omgewing of veld deur sensoriese prosesse wat hul denkprosesse en emosie aktiveer. Die sensoriese en perseptuele inligting organiseer interne prosesse om die ervaring van die veld na die bewuste van die adolessente te bring.

- Stadium 2: Bewustheid

  Bewustheid sluit alle aspekte van mishandelde adolessente se totale self in. Dit behels die onderskeid tussen fisiese, emosionele, kognitiewe en spirituele bewustheid. Bewustheid gee betekenis aan die sensoriese en perseptuele inligting om keuses in die kontakproses te maak en behoeftes te onderskei.

- Stadium 3: Opwekking en mobilisering

  Die behoeftes van die mishandelde adolessente gee aanleiding tot verhoging in energie. In hierdie stadium word energie opgewek en gemobiliseer om kontak met die omgewing te maak.

- Stadium 4: Aksie en ontmoeting

  Mishandelde adolessente sal in hierdie stadium voorbereidings vir kontak en interaksie met die omgewing tref. Die energie wat opgewek word, word gebruik om tot aksie oor te gaan en kontak met die omgewing te maak op 'n wyse wat die bevrediging van behoeftes tot gevolg het.

- Stadium 5: Interaksie en kontak

  In die kontakproses sal die interaksie en kontak met die omgewing plaasvind om mishandelde adolessente se behoeftes te bevredig. Hierdeur sal die mishandelde adolessente uitdrukking gee aan hul behoeftes, emosie, idees en gedrag om die veld te manipuleer vir die bevrediging van hul behoeftes.

- Stadium 6: Assimilasie, integrasie en Gestaltvorming

  Die proses van Gestaltvorming en Gestaltvernietiging sal voltooi wees sodra die mishandelde adolessente onvoltooidhede voltooi en hul behoeftes bevredig.

- Stadium 7: Differensiasie, homeostase en onttrekking


  Wanneer behoeftes bevredig is sal die mishandelde adolessente kontak met die omgewing verbreek deur differensiasie en onttrekking, om homeostase en balans te handhaaf, totdat 'n nuwe behoefte op hul voorgrond tree en die proses weer van voor af begin.

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente in die proses van Gestaltvorming onderbrekings in die Gestaltsiklus ervaar deur kontakgrensversteurings wat die natuurlike, gesonde proses van organismiese selfregulering beïnvloed (vergelyk O'Connor & Braverman, 2009:312; Melnick & Nevis, 2005:103). Kontakgrensversteurings kan beskou word as ongesonde prosesse wat die gesonde funksionering van die kreatiewe self beïnvloed en die verhouding tussen die organisme en sy omgewing versteur (Oaklander, 2007:23; Korb, *et al.*, 2002:54-56; Clarkson, 1999:54).

Wanneer mishandelde adolessente se self swak of vaag is en hulle nie meer die kontakgrense tussen hulself en hul omgewing kan reguleer nie, tree kontakversteuring of neurose deur polariteite van samevloeiing of isolasie in (O'Connor & Braverman, 2009:312; Blom, 2006:31; Corey, 2005:197; Dierks-Walker, 1994:29; Yontef & Simkin, 1989:12). Dit beïnvloed toepaslike

bewustheid en veroorsaak dat mishandelde adolessente se Gestalt nie voltooi kan word nie (Blom, 2004:21-22; Aronstam, 1989:637). Volgens Oaklander (in Sweeney, *et al*., 1999:163) kan kontakversteurings beskou word as *"...a variety of inappropriate behaviours and symptoms that serve to avoid contact and protect the self"*.

Mishandelde adolessente kan kontakversteurings gebruik om energie te blokkeer, hul selfbeeld te beskerm en gevoelens oor die self te vervals (Oaklander, 2007:142). Volgens die navorser kan hulle verskeie aspekte van die self (soos sintuie, liggaam, emosies en intellek) inhibeer en blokkeer deur verdedigingsmeganismes te gebruik om bewuste skuld en skaamte ervarings in die hede te probeer ontvlug. Kontakgrensversteurings sal plaasvind wanneer mishandelde adolessente nie die innerlike ondersteuning, kognitiewe vermoë of emosionele volwassenheid het om die emosies (soos woede, skuld en skaamte) uit te druk nie (Oaklander, 1994b:144). Wheeler (2003:42) beskryf kontakgrensversteurings as die *"point of difference in the field"*. Kontakgrensversteurings in die siklus van ervaring kan figuurlik soos volg in Figuur 3.2 voorgestel word (Woldt & Toman, 2005:x):




**Figuur 3.2 Kontakgrensversteurings in die siklus van ervaring**

#### 3.4.4.1 Introjeksie

Mishandelde adolessente kan inligting, houdings en idees vanuit die omgewing aanvaar sonder om dit krities te beoordeel (Oaklander, 2007:11; Blom, 2006:32; Corey, 2005:197; O'Leary, 1992:39). Volgens Woldt en Toman (2005:x) ontwrig introjekte bewustheid, meng in met die natuurlike selfregulering en skep onvoltooidhede. Inligting wat nie in hul selfregulering geassimileer word nie, vorm dikwels deel van die self wat onverwerk bly (Blom, 2006:32; Yontef & Simkin, 1989:12). Introjeksie betrek die ervaring van skuld en skaamte as private en intieme selfbewuste of selfblaam emosies wat korreleer met mates van wrok, suspisie, depressie, angs en woede (Dutton, 2006:201; Tangney & Dearing, 2004:2; Jones, Schratter & Kugler, 2000:1039).

Introjeksie vind ook plaas wanneer mishandelde adolessente optree soos wat hulle dink ander van hulle verwag (O'Connor & Braverman, 2009:288; Korb, *et al.*, 2002:56). Dit behels reëls, boodskappe en verwagtinge waaraan hulle moet voldoen ten einde liefde en aanvaarding te verseker en verwerping en alleenheid te vermy (Sills, *et al.*, 1996:60). Die navorser is van mening dat dit die adolessente se selfbewustheid negatief kan beïnvloed, omdat hulle die boodskap dat sekere emosies negatief is en nie ervaar of uitgedruk mag word nie ontvang (vergelyk Oaklander, 2007:144; Blom, 2006:32). Die teenoorgestelde van introjeksie behels assimilasie, wat impliseer dat die adolessente houdings, geloofsisteme, idees en gedrag selektief en krities kan evalueer om hul behoeftes te bevredig (Blom, 2006:32; Aronstam, 1989:638).

#### 3.4.4.2 Projeksie

Mishandelde adolessente kan hulle eie persoonlike emosionele ervaring van skuld en skaamte projekteer deur die omgewing daarvoor verantwoordelik te hou (Oaklander, 2007:94). Oaklander (in Blom, 2006:33) stel dat adolessente hulle eie emosies kan ontken en projekteer, omdat hulle te min *egosterkte* om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar het. Projeksie ontwrig die kontakfunksie en mobilisasie van energie (Woldt & Toman, 2005:x). Dit impliseer dat die adolessente iets of iemand buite hulself verantwoordelik sal hou en blameer vir hul emosies, gedrag en interpersoonlike verhoudinge (Corey,

2005:198; Korb, *et al.*, 2002:65; Sills, *et al.*, 1996:62; Yontef, 1993a:138; Yontef & Simkin, 1989:332).

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente tydens terapie gehelp kan word om hul projektering van blaam, woede, skuld en skaamte in besit te neem en toe te eien, ten einde selfbewustheid, eie identiteit en kontak met die omgewing te bevorder en organismiese selfregulering te herstel.

#### 3.4.4.3 Defleksie

Mishandelde adolessente wat skuld en skaamte emosies deflekteer, onderbreek kontak en bewustheid (Blom, 2006:36). Yontef (1993a:11) en Yontef en Simkin (1989:12) stel dat: *"Deflection is the avoidance of contact or of awareness by turning aside, as when one is polite instead of direct".* Volgens Oaklander (in Sweeney, *et al.*, 1999:164) is defleksie *"... turning away from that which is uncomfortable, yet needing to hit and kick to release the energy of anger or other deep feelings".* Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente die ervaring van skuld en skaamte sal deflekteer, in 'n poging om hul selfregulering in stand te hou en hulself teen emosionele pyn te beskerm. Volgens Woldt en Toman (2005:x) ontwrig defleksie die volle kontak in die siklus van ervaring.

#### 3.4.4.4 Retrofleksie

Retrofleksie dui op 'n verdeeldheid in die self wanneer mishandelde adolessente hul behoeftes en emosies op die self van toepassing maak (Blom, 2006:35; Korb, *et al.*, 2002:58). Die navorser is van mening dat introspeksie 'n voorbeeld van retrofleksie is wanneer mishandelde adolessente hulself behandel soos hulle verwag ander hulle moet behandel. Hulle neem byvoorbeeld al die blaam vir dit wat in hul lewe gebeur (Oaklander, 2007:43; Frankel, 1984:58). Blom (2006:27) en Sills, *et al.* (1996:66) stel dat adolessente hulself in die plek van die omgewing plaas en aan hulself sal doen wat hulle eintlik aan iemand anders wil doen. Volgens Corey (2005:198) en Sills, *et al.* (1996:65) kan aggressie en woede na binne gerig en onderdruk word, omdat adolessente bang is om hul

emosie na buite te rig. Woldt en Toman (2005:x) is van mening dat retrofleksie die kontakfunksie van aksie en interaksie ontwrig.

Alhoewel die energie van emosies veronderstel is om na buite gerig te word, kan mishandelde adolessente hul energie deur retrofleksie op die self rig wat aanleiding tot distorsie, psigosomatiese simptome en fisiese wanfunksionering gee (Oaklander, 2007:94; Oaklander in Blom, 2006:36; Sweeney, *et al*., 1999:164; Sills, *et al*., 1996:66). Retrofleksie kan ook tot isolering lei, omdat mishandelde adolessente nie hul gevoelens uitspreek nie en hulself straf deur skuld, skaamte, hartseer en 'n minderwaardige selfkonsep (Oaklander, 2007:145; Yontef, 1993a:137; Aronstam, 1992:638). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente in terapie gehelp kan word om uiting te gee aan die retrofleksie van hul skuld en skaamte ervaring.

#### 3.4.4.5 Samevloeiing

Om kontak met die veld te maak moet mishandelde adolessente uitreik en hul eie grense ontdek (Oaklander, 2007:8; Yontef & Simkin, 1989:12). Samevloeiing vind plaas wanneer die skeiding tussen die adolessente en ander onduidelik word en die grense van die self verlore gaan (Blom, 2006:34; Aronstam, 1989:635). Mishandelde adolessente kan te veel van hulself in ander of die omgewing inkorporeer dat hul eie identiteit verlore raak en hulle nie meer in voeling met die self is nie (Hamilton, 1997:63; Sills, *et al*.,1996:68; Thompson & Rudolph, 1996:142; Yontef, 1993a:10). Volgens Woldt en Toman (2005:x ) sal mishandelde adolessente dit moeilik vind om van die omgewing te differensieer en te onttrek.

Samevloeiing kan ook beskou word as 'n verdediging teen eksistensiële alleenheid (Clarkson, 1999:65). Oaklander (in Sweeney, *et al*., 1999:164) beskryf samevloeiing as *"... desperately needing approval to feel some part of the self and blending into the feelings and beliefs of others"*. Mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal dikwels as "*pleasers*" optree om almal tevrede te stel en om aan ander se verwagtinge te voldoen (Oaklander in Blom, 2006:35; Corey, 2005:198). Volgens Blom (2006:35) kan mishandelde adolessente gehelp word om weerstand te bied en bewus te word van hul eie identiteit en behoeftes in die omgewing.

#### 3.4.4.6 Impasse

Impasse laat mishandelde adolessente veilig voel, omdat dit dikwels te pynlik is om aan hul selfbewuste skuld en skaamte emosies te werk (Oaklander, 2007:23). Dit skep vir die adolessente 'n gemaksone, sonder dat hulle weet hoe om daar uit te kom of te verander (Yontef & Simkin, 1989:18). Die navorser sluit by Oaklander (2007:15) aan wat impasse soos volg beskryf: *"... literally hang on to someone, constantly try to please, are unable to make a choice or commitment, or complete a task for fear of failure".*

#### 3.4.4.7 Isolasie

Net soos samevloeiing kan mishandelde adolessente deur retrofleksie en introjeksie hulself van die omgewing isoleer (Oaklander, 2007:146). In die gebrek aan kontak met die omgewing kan die adolessente afgesonder van ander of van die omgewing begin funksioneer (Aronstam, 1992:638). Volgens Tangney (2003:388) en Resnick (1997:257) sal mishandelde adolessente dikwels hulself isoleer van die omgewing uit vrees vir verdere blootstelling aan die ervaring van skuld en skaamte.

#### 3.4.4.8 Oordrag in die terapeutiese proses

Oordrag kan plaasvind wanneer mishandelde adolessente die terapeut as iemand uit hul ervaringswêreld ervaar (Oaklander, 2007:21; Blom, 2006:56). In Gestaltterapie onderbreek dit die kontak met die *"hier-en-nou"* van die terapeutiese verhouding, maar dit kan ook die kontak opbou tussen die mishandelde adolessente en die terapeut (Oaklander, 2007:21). Deur bewusmaking kan adolessente daarop gewys word dat hulle nie in kontak is met die dialogiese verhouding nie. Die navorser is van mening dat hierdie kontakgrensversteuring op 'n blokkasie in bewustheid dui, waar mishandelde adolessente dikwels nie tussen fantasie en realiteit kan onderskei nie.

#### 3.4.4.9 Desensitisasie

Desensitisasie ontwrig die kontakfunksie van sensasie (Woldt & Toman, 2005:x). Dit behels die verbreking van kontak in die proses van sensoriese en liggaamlike bewuswording (Clarkson & Mackewn, 1994:77). Volgens Oaklander (2007:22) kan mishandelde adolessente die impak van skuld en skaamte emosies herformuleer sodat dit nie 'n emosionele aanspraak op hul self maak nie. Desensitisasie kan die sensoriese en fisieke gewaarwording van emosionele pyn en ongemak ontken, deur ongewensde emosies as figuurvoorgrond te onderdruk en op die agtergrond te hou (Blom, 2004:30). Die onderdrukking van emosionele ervaring, kan egter aanleiding tot emosionele afstomping van die self gee (Oaklander, 2007:142; Oaklander, 1994b:149). Die navorser sluit by Oaklander (2007:143) en Blom (2006:38) aan dat die adolessente met behulp van sensoriese bewustheid van hul emosionele ervaring en liggaamsbehoeftes, begelei kan word om beheer van hulself en homeostase met hul omgewing te bereik.

#### 3.4.4.10 Egotisme

Egotisme word 'n kontakgrensversteuring wanneer mishandelde adolessente voortdurend probeer om hul ervaring of 'n situasie objektief en rasioneel te beheer sonder om subjektief en emosioneel daarby betrokke te wees (Blom, 2006:39). Volgens Blom (2006:39) is egotistiese adolessente nie in kontak met hulself nie. Clarkson (2002:54) definieer egotisme soos volg: *"Egotism in Gestalt is characterised by the individual stepping outside himself and becoming a spectator or a commentator on himself and his relationship with the environment."*

Die organismiese selfregulering en selfbewustheid van mishandelde adolessente, wat alle aspekte van hul lewe wil beheer en dit nie spontaan kan handhaaf nie, word negatief deur egotisme beïnvloed (Sills, *et al.*, 1996:68). Hulle kan byvoorbeeld nie fantaseer en emosie uitleef nie, omdat hulle objektief in die realiteit van introspeksie vasgevang is (Oaklander, 2007:43). Woldt en Toman (2005:x) meen dat egotisme assimilasie en integrasie blokkeer en kontak met ander bemoeilik. Perls (in Clarkson, 2002:54-55) beskryf egotistiese

adolescente soos volg: *"... has something to say about everything, but the concentrating self feels empty, without need or interest".*

#### 3.4.4.11 Egosentrisme


Egosentrisme impliseer dat mishandelde adolessente subjektief en rasioneel bewus kan wees van hulle ervaring en emosioneel daarby betrokke is (Oaklander, 2007:43; Korb, *et al.*, 2002:58). Volgens Oaklander (2007:8) hou emosionele egosentrisme langer as wat Piaget dit in sy kognitiewe ontwikkelingsteorie beskryf het. Oaklander (2007:9) stel dat ouderdom geen invloed op egosentrisme het nie en dat selfs volwassenes emosioneel kan terugval na 'n staat van egosentrisme.

Die navorser is van mening dat die ervaring van skuld en skaamte as selfbewuste emosies, mishandelde adolessente kan oorweldig sodat die res van hul veld nie werklik saak maak nie. Negatiewe emosies van skuld en skaamte kom na vore wanneer mishandelde adolessente hulself en hul gedrag as 'n mislukking beoordeel (Lewis, 2004:629; Tangney, 2003:387). Dikwels blameer hulle hulself vir alles wat verkeerd loop in hul lewe, omdat hulle dit moeilik vind om hul individuele ervaring van ander se verantwoordelikheid te skei (Oaklander, 2007:43). Die navorser stem met Oaklander (2007:9) saam dat egosentrisme intense selfbewustheid en selfkritiek veroorsaak, wat deur gesonde selfregulering en selfaanvaarding kan verander, om 'n positiewe selfkonsep en selfagting te vorm.

## 3.5 STRUKTUUR VAN PERSOONLIKHEID

Perls onderskei die struktuur van persoonlikheid in vyf lae of vlakke (Blom, 2006:42-46; Perls, 1976:59). Die vyf lae van persoonlikheidsontwikkeling gee 'n beeld van die wyse waarop mishandelde adolessente hul proses (persoonlikheid) in fragmente kan opdeel en verhoed dat hulle suksesvol ontwikkel en groei (Blom, 2006:42; Schoeman, 2001:91). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente wat deur die lae van neurose beweeg, hulself nader aan die vryheid en verantwoordelikheid van 'n volwasse persoonlikheid (volwassenheid) kan bevind, wat 'n doel van Gestaltterapie is.

Vervolgens word Perls (1976:59) se vyf vlakke van neuroses (soos figuurlik in Figuur 3.3 voorgestel) beskryf, wat die volwasse persoonlikheid van mishandelde adolessente kan ontvou:




**Figuur 3.3 Struktuur van persoonlikheid**

### 3.5.1 Die vals laag ("*phony layer*")

Die vals laag is 'n vlak van bestaan waar *rollespel* betrokke is. Mishandelde adolessente kan in 'n konfliksituasie om iemand te wees wat hulle nie is nie vasgevang voel (Oaklander, 2007:145; Thompson & Rudolph, 1996:143). Hulle raak verlore in die rolle wat hulle moet vertolk en daar bestaan 'n duidelike diskrepansie tussen hulle verbale en nie-verbale gedrag. Hierdie laag word gekenmerk deur baie konflik en onvoltooidhede wat nooit opgelos of hanteer word nie (Blom, 2006:42; Corey, 2005:195). Mishandelde adolessente sal dit gebruik as 'n verdedigingsmeganisme om nie verder seer te kry nie. Dit gee daartoe aanleiding dat hulle nie in kontak met hulself is nie en nie hul ervaring van skuld en skaamte kan oplos nie.

In die stryd om *"iets te wees wat hulle nie is nie"* verwerp die adolessente sekere dele van hul persoonlikheid wat hulle voel tot verwerping deur ander (of hulself) kan lei (Oaklander, 2007:144). Mishandelde adolessente maak dan as't ware vir hulself karakteristieke (introjekte) soos dit deur die gemeenskap voorgeskryf of deur hul eie *superego* vereis word op (Corey, 2005:195). In hierdie proses

ontwikkel hulle 'n "vals" persoonlikheid. Die "vals" persoonlikheid beskerm hulle *werklike self* waarin *persoonlikheidspole* kan voorkom (Polster & Polster, 1973:36). Mishandelde adolessente sal poog om die "onaanvaarbare" teenstrydige pole of polariteite in hul persoonlikheid "weg te steek", en onder die skyn van 'n koherente lewe, gebaseer op "valse karakters", te funksioneer (Blom, 2006:42). Die diskrepansie in polariteite bestaan tussen *wat hulle dink hulle behoort te doen* (*Top Dog*) en *wat hulle wil doen* (*Under Dog*) (Thompson & Rudolph, 1996:146; Perls, 1976:60). Die *"Top Dog"* is die meester wat die *"Under Dog"* of slaaf, met ideale, probeer boelie en beheer. Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente, in die ervaring van skuld en skaamte, sekere dele van hul persoonlikheid sal onderdruk en onvoldoende kontak met hul omgewing sal maak om hul "vals" persoonlikheid te beskerm.

### 3.5.2 Die fobiese laag

Wanneer mishandelde adolessente bewus van die valsheid, of die proses van *"voorgee wat hulle nie werklik is nie"* word, ervaar hulle ongemak (Blom, 2006:43). Hierdie ongemak skep vrees en hulle sal in hierdie laag probeer om die terapeutiese kontak te verbreek en die kontakgrens te verskuif (Oaklander, 2007:144; Blom, 2006:43; Corey, 2001:236; Thompson & Rudolph, 1996:143). Aronstam (1989:636) stel die belangrikste kenmerk van hierdie fase as *"... die mens se weerstand om te wees wat hy kan wees."*

Die navorser is van mening dat die mishandelde adolessente in hierdie laag spanning en angs sal ervaar, omdat hulle nie die ervaring van skuld en skaamte kan beheer nie. Die adolessente sal ook hul skuld en skaamte emosies probeer onderdruk, omdat hulle bang vir verwerping is. Deur eksperimentering kan die adolessente se bewustheid om met hulself, hul omgewing en die terapeut kontak te maak, en te bepaal wat aanleiding tot hul vrees gee verhoog word. Die navorser is van mening dat die bewustheid om te probeer *heel* wees, die adolessente dwing om die fobiese laag van hul patologie te konfronteer, maar hulle sal eerder die pyn ervaring van skuld en skaamte wil vermy as om dit te hanteer.

### 3.5.3 Die impasse laag

In die impasse laag sal die mishandelde adolessente 'n gebrek aan energie ervaar en nie weet hoe om hul skuld en skaamte emosies te hanteer nie. Die impasse laag kan beskryf word as die passiewe of stagnasie laag, waar die adolessente in hul eie *volwassewording* vassit. By hierdie punt sien die mishandelde adolessente geen uitkomkans vir oorlewing nie, omdat hulle glo dat hulle nie oor die hulpbronne en innerlike krag om te verander beskik nie (Blom, 2006:44). Yontef en Simkin (1989:337) beskryf die impasse laag as *"... a situation in which external support is not forthcoming and the person believes he cannot support himself".*

Op hierdie kritieke punt is die mishandelde adolessente totaal op die omgewing se ondersteuning aangewese (Blom, 2006:44). Volgens Oaklander (2007:143) gebruik die adolessente soveel van hul energie, om die omgewing en hul ondersteuning te manipuleer, dat hulle niks oor het om deur hierdie laag van neurose te werk nie. Die navorser is van mening dat die impasse laag 'n gemaksone vir mishandelde adolessente skep, terwyl hulle nie weet hoe om uit die impasse te beweeg nie. Just (2001:2) stel dat: "*The impasse is what Fritz Perls called anti-existence, nothingness, emptiness; the feeling of being stuck and lost. The impasse is marked by a phobic attitude – avoidance".*

Die navorser sluit by Blom (2006:44) aan dat die mishandelde adolessente in hierdie fase baie weerstand sal ervaar, as gevolg van al die onopgeloste emosies waarvan hulle bewus word. In die impasse laag beweeg hul verdedigingsmeganismes, ten opsigte van rollespel, na die agtergrond en hulle moet nuwe rolle vorm om die polariteit van "*Top Dog*" en "*Under Dog*" inmekaar te laat vloei (Thompson & Rudolph, 1996:146; Perls, 1976:60). Die adolessente sal ongemak in die polariteite ervaar, bly vaskleef aan bekende rolle en dit as verdedigingsmeganisme aanwend (Blom, 2006:44). Die navorser is van mening dat die reflektering van die mishandelde adolessente se skuld en skaamte emosies in terapie gebruik kan word om aan hulle ondersteuning te bied en erkenning te gee aan die intense weerstand wat hulle ervaar (vergelyk Oaklander, 1988:198).

### 3.5.4 Die implosiewe laag

Die ongemak wat geskep is, veroorsaak 'n bewuswording by mishandelde adolessente van onvoltooidhede in hul lewe en hoe hulle hulself inperk (Blom, 2006:45; Thompson & Rudolph, 1996:143) . Perls (1976:60) beskryf dit as die "doodslag", omdat die adolessente deur opponerende kragte (polariteite) verlam word en hulle nie verder in terapie kan beweeg nie. Hierdie gevoel van "dood" word deur Perls vergelyk met 'n katatoniese staat, waar mishandelde adolessente totaal *leweloos* is, vanweë energie wat hulle in 'n rigiede, "vals" karakter geïnvesteer het (Oaklander, 2007:97). Tydens hierdie laag ontbloot adolessente hulle verdedigingsmeganismes en begin kontak met hul werklike self maak. Om deur hierdie vlak te werk, is dit nodig dat mishandelde adolessente met hul ou karakter, wat aan hulle 'n valse sin van identiteit gegee het wegdoen (Blom, 2006:45; Thompson & Rudolph, 1996:143). Volgens die navorser kan die mishandelde adolessente in hierdie laag hul skuld en skaamte emosies begin ontlaai en onvoltooidhede verwerk, deur eksperimentering met nuwe gedrag.

### 3.5.5 Die eksplosiewe laag

In hierdie laag gaan die mishandelde adolessente tot probleemhantering oor, omdat hulle suksesvol deur die vorige lae gewerk het. Hulle beweeg in die eksplosiewe laag in, deur bemagtiging om afstand te doen van verdedigingsmeganismes, ou rolle, gewoontes en 'n "vals" karakter (Clarkson & Mackewn, 1994:80). In hierdie laag het die mishandelde adolessente voldoende energie om hul pynlike emosies en onvoltooidhede deur te werk en alternatiewe gedrag, waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar, in te oefen en te assimileer (Blom, 2006:45; Thompson & Rudolph, 1996:143). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente deur die bereiking van integrasie hul balans kan herstel, om hul skuld en skaamte emosies, gedrag en ervarings te organiseer en te reguleer. Dit lei tot die voltooiing van onvoltooidhede, sodat die adolessente nuwe gedrag met selfvertroue kan integreer om homeostase te bereik.

## 3.6 DOELWITTE VAN GESTALTTERAPIE IN DIE NAVORSING

Die doel van Gestaltterapie behels eerstens die bewustheid en herkenning van persoonlike ervaring en tweedens die aktivering van die adolessente se selfondersteuningsisteem deur bewustelike en verantwoordelike keuses (Oaklander, 2007:34; Korb, *et al*., 2002:95; Sills, *et al*., 1996:35).

### 3.6.1 Bevorder selfondersteunende gedrag

'n Terapeutiese doelwit van Gestaltterapie is om die mishandelde adolessente te bemagtig om in die ontwikkeling tot volwassenheid meer verantwoordelikheid vir hulself te aanvaar en minder ondersteuning van die omgewing te verwag (O'Connor & Braverman, 2009:296; Blom, 2006:52). Deur die proses van bewuswording word die adolessente bemagtig om selfondersteuning aan hulself te gee (Corey, 2005:199). Volgens Yontef (in Blom, 2006:52) sluit selfondersteuning, selfkennis en selfaanvaarding in. Mishandelde adolessente kan deur die bevordering van selfondersteuning toepaslike besluite neem om hul behoefte wat op die voorgrond tree te bevredig. Die bewustheid van 'n bepaalde behoefte, selfkennis en selfaanvaarding, asook die vermoë om keuses uit te oefen en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar, is belangrike vaardighede wat mishandelde adolessente kan bemeester in die vorming van emosionele intelligensie.

### 3.6.2 Bevorder die bewustheid van die adolessente se eie proses

Gestaltterapie met mishandelde adolessente is 'n proses van groei deur middel van bewuswording, behoeftebevrediging deur selfaktualisering en eksperimentering, die vorming van keuses en die aanvaarding van verantwoordelikheid (Brownell, 2010:92; Corey, 2005:200). As gevolg van formeel-operasionele denke kan mishandelde adolessente emosionele keuses, moontlikhede en hipoteses oor die self analities en logies benader (Demetriou, Doise & Van Lieshout, 1998:195). Mishandelde adolessente kan voortdurend bewus wees van die proses van verandering deur die kontak tussen hulself en die omgewing. Elke adolessent se proses is uniek ten opsigte van hul verhouding met hulself en hul omgewing. Dit is ook 'n voortdurende

veranderende proses soos die adolessente ontwikkel en hul omgewingsinvloede verander. Volgens Blom (2006:53) bring bewustheid adolessente in kontak met hul eie behoeftes en emosie en leer hulle om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hulle is en wat hulle doen. Bewustheid as doelwit van Gestaltterapie impliseer dat mishandelde adolessente in kontak met hulself kom deur hul kognitiewe, sensoriese en affektiewe funksies, asook met die omgewing en ander mense. Dit bemagtig die adolessente om hulself te leer ken en verantwoordelikheid vir hul besluite te neem (Corey, 2005:208).

### 3.6.3 Bevorder integrasie

Die proses van mishandelde adolessente behels die verandering van hul lewe en omstandighede rondom hulself, *hier-en-nou*, om te oorleef en om persoonlike integrasie te bereik (Thompson & Rudolph, 1996:144; Lammert & Dolan, 1983:43). Gestaltterapie verwys nie na simptome en analisering van mishandelde adolessente nie, maar na hul totale bestaan en integrasie (Blom, 2006:53). Integrasie kan beskou word as die voltooiing van onvoltooidhede om 'n nuwe entiteit te vorm (O'Connor & Braverman, 2009:287). Dit lei tot mishandelde adolessente se ontdekking dat hulle keuses vir die emosionele uitdrukking van skuld en skaamte het, hul behoeftes kan bevredig en met nuwe gedrag kan eksperimenteer (Corey, 2005:208). Integrasie as 'n doelwit van Gestaltterapie verwag dat mishandelde adolessente, as 'n holistiese entiteit, gehelp word om kognisie, emosie, liggaam en sintuie te integreer om onvoltooidhede op hul voorgrond op te klaar (Blom, 2006:54; Latner, 1987:102). Yontef (2003:368) beskryf die doel van Gestaltterapie in die hantering van skaamte soos volg:

> *"Gestalt therapy is phenomenological: the therapist does not tell the patient what he or she experiences nor leads the patient into introjecting the therapist's perspective. Gestalt therapists do, however, regularly share observations, personal experiences, or general knowledge to open up areas of self-observation for the patient. In this regard, shame is no different from many other areas in which the therapist prepares the ground for the development of the patient's awareness."*

Intense bewustheid van skaamte kan na die voorgrond beweeg deur die terapeutiese verhouding, wanneer mishandelde adolessente bewus word van hul affektiewe ervaring en intense reaksies op skaamte (Yontef, 2003:357; Erskine, 1995:109). Oaklander (in Blom, 2006:18) stel dat adolessente tydens terapie begelei word om bewus te word van hul behoeftes, sodat die fragmentasie van hul holistiese eenheid voorkom kan word. Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente integrasie van hul totale wese kan ervaar, deur hulself en ander te vergewe en hul eie positiewe en negatiewe aspekte te aanvaar. Die navorser sluit by Wheeler (1995:84) se beskryf van die terapeutiese proses aan:

> *"The goal of therapy, we may say, is the transformation of the experience of shame into the experience of connection in the field and the development of the skills and processes to support that transformation ongoingly in the patient's life".*

### 3.6.4 Teorie van verandering binne Gestaltterapie

In vergelyking met ander benaderinge is Gestaltterapie nie daarop gerig om mishandelde adolessente se gedrag te verander nie, maar dat hulle begelei word om in kontak met hul eie self te kom. In Gestaltterapie word mishandelde adolessente aangemoedig om van bepaalde emosies en gedrag bewus te word, maar die keuse berus by die adolessente of hulle dit wil verander. Vanuit die denkraamwerk waaruit die navorser werk (*pastorale Gestaltterapeutiese perspektief*), is bewustheid die kernaspek van spontane verandering en groei (vergelyk Yontef, 1993a:51).

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente, in terme van hul onvoltooidhede, ongesond funksioneer en dat verandering en groei nie spontaan binne hul veld plaasvind nie. Die mishandelde adolessente sal hul sintuie, gedagtes, emosie en gedrag organiseer rondom spesifieke behoeftes wat hulle ervaar, totdat die behoeftes bevredig is en organismiese selfregulering kan plaasvind (Oaklander, 2007:51; Sweeney, *et al.*, 1999:163; Sills, *et al.*, 1996:49; Thompson & Rudolph, 1996:141). Die navorser stem met Schoeman (2001:90) saam dat die bewustheid van denke en emosies, wat die adolessente in die *hier-en-nou* ervaar, die belangrikste fokusareas in Gestaltterapie is. Integrasie maak

dit vir die adolessente moontlik om hul volle aandag en energie op hul behoeftes te fokus en om dit volledig te bevredig (Thompson, *et al.*, 2004:187). Deur die bereiking van selfaktualisering en integrasie kan die adolessente bemagtig word om hul balans te herstel en sodoende hul emosie, gedrag en ervarings te organiseer en te reguleer (Blom, 2006:46).

Die waarneembare verandering van die adolessente in die *hier-en-nou,* is in Gestaltterapie die bewuswording en aanvaarding van verantwoordelikheid vir bepaalde gedrag (Yontef & Simkin, 1989:16). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, nie gedwing kan word om te verander nie. Volgens die paradoksale teorie van verandering is verandering slegs moontlik wanneer mishandelde adolessente word *wie hulle waarlik is* en nie wanneer hulle probeer voorgee om te wees *wie hulle nie is nie* (Crocker, 2007:120; Joyce & Sills, 2001:37). Die paradoksale teorie van verandering behels dat mishandelde adolessente die *valse self* moet prysgee, voordat enige verandering kan plaasvind. Volgens die navorser kan mishandelde adolessente die behoeftes op hul voorgrond bevredig met behulp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* en onvoltooidhede voltooi om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik.

## 3.7 EKSPERIMENT

Gestaltspelterapie is 'n eksperimentele ontwikkeling om adolessente tot bewuswording, selfondersteuning en integrasie van die wêreld rondom hulle te begelei (Oaklander, 2007:20,92; Blom, 2006:53; Woldt & Toman, 2005:x; Yontef, 1993a:144). Gestaltspelterapie werk met die eksperiment waar adolessente bewus van hul gedrag gemaak word (Yontef en Simkin, 1989:11) en dan self die verantwoordelikheid moet neem om dit te verander (Blom, 2006:53). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente deur bewuswording op hul hantering van emosie gewys kan word. Volgens Blom (2006:53), Thompson en Rudolph (1996:143), en Yontef (1993:7) kan die adolessente hul emosies ontlaai en onvoltooidhede verwerk, wanneer hulle met nuwe gedrag eksperimenteer. Die navorser sluit by Oaklander (2007:22) aan dat die adolessente deur eksperiment verantwoordelikheid vir hul emosies sal aanvaar en in kontak sal kom met polariteite wat deel van hul lewe vorm.

### 3.7.1 Die terapeutiese proses binne Gestaltterapie

Die uiteensetting van die Gestaltterapieproses, soos dit deur Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56), Blom (2006:237-238) en Schoeman (2006:3-55) opgestel is, vorm deel van die hulpverleningsproses aan mishandelde adolessente. In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser komponente van die *Schoeman-werkmodel* as riglyn gebruik om die *intervensiemodel* te ontwerp. Volgens Schoeman (2006:2) is die *Schoeman-werkmodel* op die Gestaltterapieproses gebaseer en gee dit 'n raamwerk waarbinne die navorser met mishandelde adolessente volgens die *Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief* kan werk. Die uiteensetting van die *Schoeman-werkmodel* vorm in die hulpverleningsproses 'n eenheid wat in elke terapeutiese sessie uitgevoer en met sukses toegepas kan word. Al die belangrike aspekte van die Gestaltbenadering word in die intervensiemodel geïnkorporeer om die doelstelling van Gestaltterapie ten opsigte van bewuswording, selfondersteuning en integrasie te bereik. Vervolgens word konsepte van die verskillende stappe waaruit die *Schoeman-werkmodel* saamgestel is, kortliks bespreek.

#### 3.7.1.1 Bou van 'n terapeutiese verhouding

Die eerste stap in die *Schoeman-werkmodel* behels die bou van 'n verhouding met die adolessente. In die terapeutiese verhouding is dit nodig dat die terapeut ten volle teenwoordig moet wees, sy perspektiewe met die adolessente moet deel en sodoende by hulle bewustheid van hulself en hul lewenspatrone skep (Schoeman, 2006:3). Tydens die eerste ontmoeting word daar 'n terapeutiese klimaat waar die adolessente veilig kan voel om aan die terapie deel te neem geskep (Schoeman, 2006:4; 1996:29). Volgens Clarkson (in Schoeman, 2006:4) word die terapeutiese heelwordingproses gebaseer op die verhouding tussen die kliënt en terapeut, wat die essensie van die Gestaltbenadering is. Belangrike aspekte van die kliënt-terapeutverhouding behels die volgende (Schoeman, 2006:4-13):

- **Veiligheid in die terapeutiese verhouding**

  Die adolessente moet veilig in die verhouding voel, sodat hulle hul ware self en gevoelens kan openbaar. Die terapeut skep vir adolessente sekuriteit en bemagtig hulle om self aan hul probleme te werk deur ondersteuning en bemagtiging (Schoeman, 2006:4).

- **Dialoog**

  Die terapeutiese verhouding word geskep deur dialoog (Schoeman, 2006:5). Die dialoog word ingelei deur die intervensieproses te verduidelik en algemene vrae oor die leefwêreld van die adolessente. Hierdeur word bewustheid, selfkennis, respek en veiligheid in die verhouding gevestig. Die kontak tussen die adolessente en die terapeut behels die totstandkoming van die *ek-jy*-verhouding ("I-Thou") (Oaklander, 2007:22; Blom, 2006:54). Volgens Clarkson (1993:16) en Korb, *et al.* (1989:16) is die *ek-jy*-verhouding 'n ontmoeting en interaksie in die *hier-en-nou* tussen twee unieke persone, waarin beide van mekaar bewus is en mekaar respekteer, aanvaar en waardeer. In die ontmoeting verhoog die bewussynsvlak van adolessente deur sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes (Oaklander, 2007:22; Blom, 2006:90). Dit is belangrik dat die terapeut gefokus bly op die adolessente se bewussyn in die *hier-en-nou* om hieruit aan hul onvoltooidhede aandag te gee.

- **Respek**

  Die terapeut moet altyd respek vir die adolessente en hul sisteme en ervaringe toon (Schoeman, 2006:6; Korb, *et al.,* 1989:118). Die adolessente word hanteer as unieke persone met hul eie standpunte, grense en wyses van optredes, wat hulle aanwend om hulself te beskerm (Oaklander, 2007:22).

- **Verantwoordelikheid**

  Die adolessente moet bereid wees om binne die terapeutiese verhouding vrye keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar (Korb, *et al.,* 1989:50). Dit is belangrik dat hulle weet dat hulle verantwoordelikheid vir hulself moet neem, ook in die terapeutiese verhouding (Blom, 2006:58; Schoeman, 2006:6).

- **Nie-verbale kommunikasie**

  Die terapeut moet oor die vermoë beskik om die adolessente se verbale en nie-verbale taal te integreer en hieruit hul gevoelens en houding waar te neem en te kontroleer (Schoeman, 2006:7). Bewustheid van bewuste en onbewuste nie-verbale kommunikasie moet geskep word en dit moet deur die terapeut met die adolessente geklarifiseer word. Alhoewel die vasstelling van die ervaringsveld van adolessente uit sensoriese, emosionele, kognitiewe en energieke komponente bestaan, interpreteer die terapeut nie hul nie-verbale gedrag nie. Volgens Clarkson (1993:22) word die adolessente begelei deur kreatiewe eksperimentering om die betekenis van hul nie-verbale gedrag self te ontdek.

- **Vertroulikheid**

  Die terapeut respekteer die adolessente se privaatheid en konfidensialiteit in die terapeutiese verhouding (Blom, 2006:56; Schoeman, 2006:7).

- **Grense**

  Grense binne die terapeutiese verhouding moet erken en gerespekteer word. Grense bied aan adolessente die geleentheid om emosioneel veilig te voel in die terapeutiese situasie en kontak te behou met die *hier-en-nou* (Schoeman, 1996:15). Schoeman (2006:8) maak die onderskeid tussen liggaamgrense, gedragsgrens, verbale grense en persoonlike grense. In die stel van grense word die adolessente geleentheid gebied om keuses te maak en verantwoordelikheid vir hul optrede tydens terapie te aanvaar (Oaklander, 2007:30; Blom, 2006:61-65). Dit dra tot die verhoging in hul selfregulering en selfwaarde om met alternatiewe gedrag te eksperimenteer binne bepaalde grense by.

- **Weerstand in die terapeutiese verhouding**

  Weerstand by die adolessente, word aanvaar en gerespekteer omdat hulle hierdeur wys hoe hulle hulself beskerm (Oaklander, 2007:23). Weerstand skep 'n gemaksone, terwyl die adolessente nie weet hoe om daar uit te kom of te verander nie (Blom, 2006:59; Hamilton, 1997:67). Sonder veroordeling kan die adolessente deur bewusmaking in die *hier-en-nou* bemagtig word om met hulself in kontak te kom (Blom, 2006:57; Yontef en Simkin, 1989:21).

Wanneer die adolessente selfvertroue ontwikkel en deur die impasse beweeg, kan hulle hulself oopstel vir verandering en verder beweeg met die terapie (Oaklander, 2007:24; Schoeman, 2006:12).

#### 3.7.1.2 Sensoriese modaliteite

Die tweede stap in die *Schoeman-werkmodel* is om aandag aan die sensoriese modaliteite van die adolessente te gee. Sensoriese kontakmaking dra tot die adolessente se funksionering waar denke, emosie en liggaam 'n eenheid vorm by (Oaklander, 2007:25). Hiervolgens kan die adolessente as holistiese eenheidswese, vanuit die perspektief van siel, gees en liggaam, van hul eie menswees *hier-en-nou* bewus gemaak word. Al vyf die sintuie (smaak, reuk, visie, gehoor en tassintuig) word benut om die adolessente in kontak met hulself en hul omgewing te hou (Blom, 2006:92-102; Schoeman, 2006:13).

Sintuie beïnvloed die wyse waarop die adolessente hul wêreld en emosies *hier-en-nou* ervaar (Oaklander, 2007:22; Schoeman, 2006:15). Deur die bewuswording van sensoriese, emosionele, kognitiewe en liggaamlike funksies, verhoog die adolessente se selfbewussyn en selfvertroue, omdat hulle in kontak met hulself en hul omgewing kom. Oaklander (2007:22) en Schoeman (2006:15-19) beskryf verskillende oefeninge om die adolessente se sensoriese modaliteite tydens terapie op te skerp en bewustheid te verbeter. Daar is oefeninge vir sien, hoor, ruik, proe, voel en intuïsie (verbeelding, fantasie en kreatiwiteit). Oaklander (2007:22, 26) en Schoeman (2006:19-25) wys ook op die gebruik van ontspanning, liggaambeweging en begeleide verbeeldingsvlugte om bewustheid by adolessente te verhoog.

#### 3.7.1.3 Proses van die adolessente

Die derde stap in die *Schoeman-werkmodel* is om die adolessente se proses te verstaan. Blom (2006:22) en Schoeman (2006:25) beskou dit noodsaaklik dat die terapeut adolessente sal verstaan in terme van die wyse waarop hulle hulself aan die wêreld vertoon (in die *hier-en-nou*) en hul behoeftes in die omgewing bevredig. Die vasstelling van die adolessente se proses (persoonlikheid) is noodsaaklik, omdat elke adolessent se Gestalt op 'n unieke wyse saamgestel is

en daar nie ŉ veralgemening kan wees nie (Schoeman, 2006:25). In Gestaltterapie dra die proses ten opsigte van die adolessente se emosionele uitdrukking van die voorgrondprobleem egter meer gewig as die werklike inhoud van die probleem (Oaklander, 2007:37). Die proses van adolessente behels die verwysingsraamwerk waarbinne hulle hul probleme hanteer en oplos. Schoeman (2006:25-29) meen dat die proses van adolessente verstaan kan word deur te let op die volgende aspekte:

- Temperament
- Kontakfunksie
- Selfregulering en self-ondersteuning
- Emosionele uitdrukking
- Selfvertroeteling of selfbeloning
- Hantering van innerlike prosesse

Die Gestaltproses word deur Plug, *et al.* (1993:289) as die ontwikkeling van die adolessente se persoonlikheid beskryf. Die proses van die adolessente word bepaal deur op die hantering van alledaagse probleme te let. Korb, *et al.* (1989:69) het dit as ŉ dinamiese proses soos volg beskryf: *"(A)n attitude, a value, a belief, a perspective, or a psychological set – that has been interjected and that defines the client's personal involvement".* Elke adolessent se proses is uniek ten opsigte van hul verhouding met hulself en hul omgewing (Oaklander, 2007:142). Dit is ook ŉ veranderende proses soos die adolessente ontwikkel en hul omgewingsinvloede verander. Faktore wat ŉ voortdurende veranderde invloed op die mishandelde adolessente se proses het behels hulle selfkonsep, ontwikkelingsfase en die mishandeling self.

Kontakgrensversteurings vorm deel van die adolessente se selfregulering en selfbewussyn om hulself teen verdere pyn te beskerm en die behoefte aan aanvaarding te bevredig (Blom, 2006:104). Oaklander (2007:27) stel dat die adolessente se selfbewussyn net aangespreek kan word as hul sin vir die self, selfbeeld en selfondersteuning versterk word. Volgens Oaklander (2007:27-36) en Blom (2006:105-109) kan die versterking van die sin vir die self bereik word deur die volgende komponente:

- Definiëring van die self;

- die maak van keuses;
- bemeestering en beheer van die self en omstandighede;
- besit van projeksies;
- grense en beperkinge;
- spelerigheid, humor, verbeelding en pret;
- uitdrukking van aggressiewe energie en emosies.

#### 3.7.1.4 Projeksie

Die vierde stap in die *Schoeman-werkmodel* is om ŉ projeksie met die adolessente te doen. Die adolessente maak ŉ bepaalde projeksie met die doel om selfondersteunend op te tree en van hul eie emosionele ervaring bewus te word. ŉ Projeksie behels die adolessente se eie ervaring wat hulle aan ander mense of objekte projekteer (Schoeman, 2006:31; Yontef, 1993a:142). In die terapeutiese proses kan tekeninge, sandbakspel, kleiwerk, droomtegnieke, leëstoeltegniek en ander kunsvorms as projeksietegnieke gebruik word (Blom, 2006:128-147; Schoeman, 2006:45-55). Die projeksietegnieke word in 3.7.2 bespreek. Schoeman (2006:40) beskou projeksies as uitdrukkings van angs, onvoltooidhede, gevoelens, wense, behoeftes, fantasieë, houdings, vrae of dit waaroor die adolessente wonder. Dit kan die adolessente bemagtig om ŉ sterk sin vir die self te ontwikkel, omdat hulle met hulleself en hul verhouding met die omgewing in kontak kom (Oaklander, 2007:63). Schoeman (2006:33-34) beskryf die doel van projeksie as ŉ bewustheid of ŉ nuwe manier om na ŉ gebeurtenis, situasie of die wêreld *hier-en-nou* te kyk, wat kan lei tot verandering, groei en die oplossing van onvoltooidhede. Projeksie bemagtig die adolessente soos volg:

- om bewustheid *hier-en-nou* te skep van die voorgrondprobleem wat deur die projeksie verteenwoordig word;
- om besit te neem daarvan, sodat daar erkenning gegee kan word aan die gevoelens rondom die voorgrondprobleem en daar na oplossings gesoek kan word.

Adolessente kan deur die projeksie te besit, ’n stelling oor hulself maak en die wyses hoe hulle optree, bepaal (Oaklander, 2007:63; Schoeman, 2006:35,40). Hierdeur kan hulle hul bewussyn oor hulself versterk, indirek deur hul emosies werk, selfondersteunend optree, hul selfbeeld verhoog en alternatiewe keuses vir hul situasie bepaal (Oaklander 1997:300; Blom, 2006:124). Schoeman (2006:46) gebruik Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe werkmodel om kliënte te lei om projeksies te eksploreer en self betekenis aan hul projeksie te gee. Elke stap in Oaklander se werkmodel beskryf die eksplorasie, identifisering, polariteite en besitneming van ’n projeksie soos volg:

**Tabel 3.1 Oaklander werkmodel vir die eksplorasie van ’n projeksie** (Schoeman, 2006:52-55; Oaklander, 1988:53-56)

| Stappe | Doel | Doelwitte |
|---|---|---|
| Stap 1 | Eksplorasie | Laat die adolessente vertel hoe hulle die projeksie ervaar het en beskryf wat binne hulle gebeur het met die maak van die projeksie. |
| Stap 2 | Eksplorasie | Laat die adolessente die projeksie deel deur dit te beskryf. |
| Stap 3 | Eksplorasie | Delf dieper deur die adolessente te laat uitbrei en klarifiseer oor dele van die projeksie, beskrywing van vorme, voorstellings, objekte en mense. |
| Stap 4 | Identifikasie | Vra die adolessente om te identifiseer met die projeksie en te praat asof hulle die projeksie is. |
| Stap 5 | Identifikasie | Vra die adolessente om met ander objekte en mense in die projeksie te identifiseer |
| Stap 6 | Identifikasie | Identifiseer verder in die projeksie funksies en verhoudings en gebruike van objekte en mense. |
| Stap 7 | Polariteite | Fokus aandag en verskerp bewustheid deur dele van die projeksie te beklemtoon, te vergroot, of te oordryf. |
| Stap 8 | Polariteite | Fokus aandag deur dialoog tussen teenoorgesteldes in die projeksie. |
| Stap 9 | Eksplorasie | Gee aandag aan die betekenis van kleur vir die adolessente en die betekenis daarvan in hul projeksie. |
| Stap 10 | Eksplorasie | Gee aandag aan die adolessente se nie-verbale gedrag en dialoog tydens die projeksie en eksploreer dit. |
| Stap 11 | Besluitneming | Help die adolessente om dit wat gesê is in die dialoog rondom hul projeksie te eien as deel van hulself of hul omstandighede. |
| Stap 12 | Besluitneming | Gee aandag aan die adolessente se werklikheid en onafgehandelde sake soos uitgelig deur die projeksie. |

| | | |
|---|---|---|
| Stap 13 | Identifikasie | Gee aandag aan ontbrekende dele en leë spasies. |
| Stap 14 | Besluitneming | Gee aandag aan die adolessente se voorgrond. |

#### 3.7.1.5 Alternatiewe vir die voorgrondprobleem

Die vyfde stap in die *Schoeman-werkmodel* ondersoek saam met die adolessente alternatiewe vir hul voorgrondprobleem. Volgens Schoeman (2006:40) kan alternatiewe en moontlike oplossings bespreek word, nadat die adolessente besit geneem het van die projeksie en hul gevoelens en emosies daarvan erken het. Alternatiewe moet die adolessente se proses in ag neem en moet ten opsigte van die verlede, hede en die toekoms bespreek word (Schoeman, 2006:40-41).

- Verlede: Al die alternatiewe wat die adolessente in soortgelyke situasies in die verlede gebruik het, word bepaal.
- Hede: Die terapeut kan deur middel van Gestalttegnieke soos rollespel en die leëstoeltegniek die adolessente bemagtig om *hier-en-nou* bewus te word van alternatiewe wat hulle in hul voorgrondprobleem kan gebruik.
- Toekoms: Die adolessente moet self keuses maak en besluite neem deur alternatiewe vir hul voorgrondprobleem te bepaal. Hierdeur word hulle bemagtig om verantwoordelikheid vir hulle optrede te aanvaar.

Deur eksperimentering kan die adolessente hulle opsies en keuses ondersoek, verantwoordelikheid vir hulle nuwe gedrag en emosie aanvaar en selfondersteuning, selfaktualisering en integrasie laat plaasgevind (Oaklander, 2007:20,92; Blom, 2006:53; Schoeman, 2006:41). In hierdie proses kan die adolessente hulself wees en hoef hulle nie meer voor te gee wie hulle nie is nie.

#### 3.7.1.6 Verheldering en opklaring

Die sesde stap in die *Schoeman-werkmodel* behels die verheldering en opklaring van die voorgrondprobleem (Schoeman, 2006:41). Volgens die navorser kan die terapeut die voorgrondprobleem verhelder deur dit te herformuleer, kortliks op te som en terug te reflekteer aan die adolessente om daarop te reageer. Deur die reflektering van die voorgrondprobleem kan die

adolessente se gevoelens, wense en verwagtinge erken word. Schoeman (2006:41) wys daarop dat die opheldering ŉ gevoel van emosionele veiligheid by die adolessente kan wek. Dit kan die adolessente begelei om hul emosie te ontlaai en realiteite in hul lewe te herinterpreteer en te organiseer.

#### 3.7.1.7 Bemagtiging

Die sewende stap in die *Schoeman-werkmodel* behels die bemagtiging van die adolessente. Bemagtiging van die adolessente is ŉ deurlopende beginsel van Gestaltterapie dwarsdeur die terapeutiese proses. Schoeman (2006:41) beskou dit belangrik dat die adolessente in die sessie bemagtig word deur sterkpunte te beklemtoon of uit te lig. Met die erkenning van die adolessente se keuses en emosie kan hulle deur reflektering bemagtig word tot selfontwikkeling en selfaktualisering, wat kan lei tot selfondersteuning en integrasie (Oaklander, 2007:162). Die adolessente kan deur die benutting van polariteite en eksperimentering nuwe gedrag inoefen en assimileer om verantwoordelikheid daarvoor te dra. In die terapie is dit noodsaaklik om die adolessente se sin vir hulself aan hulself terug te gee, deur ŉ sin vir hul welstand en positiewe gevoelens aan hulle terug te gee (Oaklander, 1988:282).

#### 3.7.1.8 Evaluering

Die agtste stap in die *Schoeman-werkmodel* behels die evaluasie van die terapeutiese intervensie. Schoeman (2006:42) meen evaluasie is nodig om die adolessente te laat besef wat die terapeutiese proses vir hulle beteken het. Dit kan aan die hand van die volgende vrae gedoen word:

- Hoe was die ervaring?
- Wat het jy vandag oor jou lewe geleer?
- Hoe kan dit jou help?
- Hoe voel jy nou?

### 3.7.1.9 Selfvertroeteling of selfbeloning

Die negende stap in die *Schoeman-werkmodel* behels die skep van bewustheid by die adolessente deur hulself te vertroetel of te beloon om hul balans te herstel. Die doel daarvan is dat die adolessente bewus moet wees daarvan om aan hulself erkenning te gee vir die bereiking van mylpale of die afhandeling van take en om hulself te versorg. Selfversorging gee 'n gevoel van kontrole, bevorder selfliefde en integreer polariteite (Blom, 2006:152; Schoeman, 2006:42). Selfvertroeteling kan die adolessente begelei om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir polariteite, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self te aanvaar met sowel negatiewe en positiewe emosies, asook swak en sterk identiteite (Oaklander, 2007:43; Blom, 2006:152). As gevolg van die trauma in adolessente se lewe is daar altyd twee dele, naamlik die slegte deel en die meer ondersteunende/aanvaarbare deel. Volgens Schoeman (2006:42) kan onaanvaarbare dele van die self introjekte word waar die adolessente hulself blameer vir die trauma. Die adolessente kan hulself vergewe vir die negatiewe emosies of situasies en vertroetelde dele van die self benut ten einde onaanvaarbare dele te integreer (Oaklander, 2007:44; Schoeman, 2006:42). Deur selfvertroeteling kan die adolessente hul selfregulering in stand hou en integrasie van hul hele menswees laat plaasgevind (Oaklander, 2007:43; Schoeman 2006:42, 1996:181). In die proses van vertroeteling kan adolessente ook gehelp word om 'n veilige plek te skep, waar hulle hulself kan vertroetel om hulle balans te herstel (Schoeman, 2006:42). Hierdie proses van selfvertroeteling bemagtig die adolessente om in hulle eie behoeftes te voorsien en selfondersteunend op te tree (Blom, 2006:152).

### 3.7.1.10 Evaluering van die terapeutiese proses en terminering

Evaluering en terminering van die terapeutiese proses behels die adolessente se voltooiing van onvoltooidhede en die bereiking van ekwilibrium en homeostase. Adolessente moet genoeg tyd gegun word om al hul gevoelens rondom die terminering van die terapeutiese proses uit te druk en te hanteer, sodat daar nie verwerping ervaar word nie (Oaklander, 2007:43; Blom, 2006:175; Schoeman 1996:8). Bemagtiging van die eiewaarde van die

adolessente kom na vore in die terminering wanneer hulle in hulself verandering ervaar as gevolg van assimilering van groei en gedrag. Deur hul eie balans te herstel, is die adolessente nie meer afhanklik van eksterne bronne ten opsigte van vertroeteling en aanvaarding nie. Die adolessente kan nou openlik hul behoeftes verbaliseer, selfonderhoudend optree en verantwoordelikheid aanvaar vir die beheer en hantering van hul eie emosies en gedrag.

In die terminering is die adolessente in staat om te bepaal watter emosionele gevoel watter gedrag veroorsaak en kan hulle daaruit besluit hoe hulle dit wil hanteer om hul balans te herstel. Gevolglik sal die figuur wat op die voorgrond was (voorgrondprobleem) voltooi wees, terugtree en homeostase bereik word (Oaklander, 2007:48; Blom, 2006:175). Deur bemagtiging en selfvertroeteling in die terminering van die proses kan die terapeut en die adolessente bepaal watter groei-ervaring hulle ervaar het en saam ’n gunstelingaktiwiteit doen om die adolessente se bemagtiging konkreet uit te beeld en met hulle saam te neem (Oaklander, 2007:48).

### 3.7.2 Gestaltterapie tegnieke

In die navorsing word Gestaltterapie tegnieke nie gebruik as ’n doel op sigself nie, maar dien as ’n eksperiment (Oaklander, 2007:143; Blom, 2006:38). Die eksperiment is vir die mishandelde adolessente ’n leerervaring om ten volle van hul onvoltooidhede en selfonderbrekings bewus te word (Oaklander, 2007:144; Mackewn, 2003:133; Yontef en Simkin, 1989:27). Die navorser is van mening dat Gestaltterapie tegnieke mishandelde adolessente kan bemagtig om hul onderdrukte emosies te verbaliseer en te projekteer. In die navorsing is verskillende tegnieke om die proses van terapie te fasiliteer gebruik. Gestaltterapie tegnieke wat die navorser in die navorsing benut het, kan kortliks soos volg toegelig word.

#### 3.7.2.1 Dialoog en taalgebruik

Dialoog het ten doel om bewustheid by die adolessente te verhoog en hulle te bemagtig om hul emosie uit te druk, die self te definieer en verantwoordelikheid vir die hantering van hul emosie te aanvaar (Blom, 2006:127). Volgens Yontef

(1993:18) is dit belangrik om by al die dialoogtegnieke op die "*hier-en-nou*", "*wat en hoe*" en "*I-Thou*" te fokus. Aronstam (1992:643) stel dat die dialoog altyd teruggebring word na die bewustheid van hoe die gebeure in die verlede en in die toekoms nóú 'n invloed op die adolessente se emosie en funksionering het. Die volgende dialoogtegnieke is in die navorsing benut:

- **Vraagstelling.** Vrae kan tydens die terapie so geformuleer word dat dit die adolessente lei tot bewuswording in die *hier-en-nou* en om verantwoordelikheid vir hul gedrag en emosies te aanvaar (Blom, 2006:127; Corey, 1991:134).
- **Nie-verbale taal.** Die terapeut kan die liggaamshouding en gedrag waarvan die adolessente onbewus is reflekteer (Blom, 2006:125; Aronstam, 1992:642). Gesigsuitdrukking kan onder die aandag van die adolessente gebring word om uitklaring te kry oor die emosies wat hulle ervaar (Cottone, 1992:154).
- **Semantiese opklaring.** Semantiese opklaring kan die klem van bepaalde woorde en uitdrukkings verskuif (Blom, 2006:110; Aronstam, 1992:643; Corey, 1991:233-234). Die dialoog van *"ek sal nie"* kan byvoorbeeld vervang met *"ek wil nie",* om die adolessente se selfbewussyn en verantwoordelikheid te verhoog (Blom, 2006:111). Die navorser stem met Oaklander (1988:293-294) saam dat semantiese opklaring die adolessente se selfbeeld verhoog omdat hulle insig in hul emosie en gevoel ontwikkel en begelei word om vas te stel wat hulle graag self wil doen en besluit.
- **Onvoltooide sinne.** Die adolessente kan versoek word om onvoltooide sinne te voltooi (Blom, 2006:113). Schoeman (1999:118) stel dat onvoltooide sinne gebruik kan word om vas te stel hoe die adolessente werklik voel, om hul bewussynsvlak te verhoog en hul proses te bepaal. Hierdeur kan die adolessente bewus word van hul reaksies in 'n gegewe situasie en tot watter emosies dit lei.
- **Polariteite.** Adolessente openbaar dikwels teenoorgestelde emosies as wat hulle in werklikheid ervaar (Philippson, 1996:6). Deur polariteite kan adolessente begelei word om bewus te wees van die positiewe en negatiewe ervaring van 'n situasie (Blom, 2006:112). Hierdeur word hulle in kontak met die emosie wat hulle wil ontken gebring en tot die besitneming integrering en

komplementering van onderdrukte emosies in 'n gegewe situasie begelei (Oaklander, 2007:112).

- **Oordrywing.** Adolessente kan begelei word om hul gedrag te oordryf en ongemak te ervaar in verkeerde gedrag wat hulle dikwels openbaar om 'n situasie te hanteer (Oaklander, 2007:44). Philippson (1996:6) en Yontef (1993:20) stel dat die adolessente versoek kan word om hul emosie of gevoelens te vergroot en daardeur die intensiteit van die emosie te bereik.
- **Samevloeiing.** Samevloeiing kan benut word om die adolessente meer intens bewus te maak van die emosie van mishandeling (Blom, 2006:35). Hierdeur kan hulle hul woede, skuld, skaamte, hartseer, aggressie en magteloosheid verwerk en beheer oor hulself en hul optrede aanvaar.
- **Herformulering.** Herformulering kan gebruik word om negatiewe emosie uit die weg te ruim deur negatiewe eienskappe positief te interpreteer (Schoeman, 1999:127).

### 3.7.2.2 Paradoks

Die paradoks behels 'n opdrag om presies die teenoorgestelde van wat werklik ervaar word uit te voer (Schoeman, 1999:127-128). Die doel van die paradoks is dat daar ongemak geskep word by die adolessente (Yontef en Simkin 1989:28). Die paradoks dra daartoe by dat die adolessente bewus word van die teenoorgestelde wat hulle graag wil wees.

### 3.7.2.3 Die leëstoeltegniek

Die leëstoeltegniek kan benut word om die adolessente te help om kognisie, emosie, liggaam en sintuie te integreer en onvoltooidhede op hul voorgrond op te klaar. Die leëstoeltegniek bring die polariteite van die "*top dog*" en *"under dog*" na die bewussyn van die adolessente om hulle in staat te stel om verantwoordelikheid vir twee partye (polariteite) te neem (Oaklander, 2007:112; Schoeman, 2006:50). Die adolessente beweeg tussen die twee polariteite en benut albei se rollespel (Blom, 2006:146; Schoeman, 2006:50-51). Schoeman (2006:50-52) beskryf die volgende drie fases tydens die benutting van die leëstoeltegniek:

- Gedurende fase 1 word die konflik tussen die twee partye na die voorgrond gebring deur die bewuswording daarvan. Die adolessente word begelei om die projeksie te besit deur tussen twee stoele te beweeg, albei se rolle te speel en verantwoordelikheid vir albei partye te neem. Die twee partye konfronteer mekaar en groter bewustheid van die adolessente se introjeksie kom na vore in elke rol wat hulle uitspeel. Die doel van die eerste fase is om die adolessente bewus te maak van hul polariteite.
- In fase 2 verhoog die konflik tussen die twee partye wat mekaar konfronteer. Die terapeut begelei die adolessente om soveel moontlik van hul aggressiewe en pynlike emosies en energie na vore te bring, uitdrukking daaraan te gee en dit te ontlaai. Volgens Thompson en Henderson (2007:792), Cottone (1992:145) en Corey (1991:242) gaan die dialoog voort totdat daar integrasie tussen die twee partye (polariteite) plaasvind en insig deur bewuswording verkry word. Tydens die intense konflik word die adolessente in die dialoog begelei en bewus gemaak van moontlike oplossings vir die konflik tussen die twee partye.
- Wanneer die konflik deurgewerk is, word dit in fase 3 opgelos. Hierdeur kan die adolessente hul eie gedrag en polariteite integreer en self verantwoordelikheid vir hul emosie en gedrag aanvaar. Vanuit die bewuswording en integrering van polariteite kan die adolessente tot die voltooiing van onvoltooidhede begelei word. 'n Vreedsame klimaat ontstaan in die fase en die adolessente ervaar dat hulle hul pyn en voorgrondprobleem kan hanteer.

#### 3.7.2.4 Pendeltegniek

Die pendeltegniek gee 'n groter bewustheid van die adolessente se liggaamsfunksies in verhouding met hul emosie en gedrag (Schoeman, 2006:20; Perls, 1973:93). Waar die terapeut die adolessente byvoorbeeld help om tussen hul asemhaling en hul spiere te pendel, word groter bewustheid vir hulself as 'n eenheid bewerkstellig (Oaklander, 2007:56; Aronstam, 1992:643). Die adolessente word begelei om bewus te wees van die moontlikheid om tussen hul vertellings, ervarings en liggaamstaal, deur 'n verskeidenheid van situasies, te pendel om integrasie te bereik (Oaklander, 2007:116; Aronstam, 1992:643).

#### 3.7.2.5 Projeksietegniek

Die projeksietegniek bied aan die adolessente die geleentheid om die verwagting wat die wêreld van hulle het uit te sorteer; dit wat hulle nie kan hanteer nie uit te speel; selfrespek te behou; en kritiek of verwerping te ontvlug (Schoeman, 1996:640). Deur projeksie kom adolessente in kontak met hul eie emosies en gedrag, wat hul bewuswording verhoog (Oaklander, 2007:63; Blom, 2006:71). Die adolessente se projeksie verwys na die huidige probleem op hul voorgrond (*hier-en-nou*) en kan effektief benut word om verskillende emosies, soos vrees, woede, skuld en skaamte, met mekaar in gesprek te laat tree. Die projeksietegnieke het ten doel dat die adolessente bemagtig word om te wees wie hulle is, soos hulle hulself sien en ervaar, sonder om voor te gee wie hulle nie is nie. Volgens die navorser kan projeksietegnieke die mishandelde adolessente mobiliseer tot behoeftebevrediging in die *hier-en-nou.* Die navorser is van mening dat projeksietegnieke aan die adolessente die geleentheid bied om hul sin van die self te versterk en hul emosies te ontlaai.

##### 3.7.2.5.1 Fantasiespel

Fantasie help adolessente om in kontak met hul onvoltooidhede te kom en om 'n beeld van hul geestelike ervaring te vorm (Blom, 2006:173; Thompson en Rudolph, 1996:150; Latner, 1986:57). Dit lei tot 'n empatiese begrip van hulself en ander, asook die begripsvorming van keuses tussen alternatiewe (Schoeman, 1996:86). Oaklander (1988:12) stel dat adolessente dikwels 'n fantasiewêreld skep, omdat hul eie wêreld vir hulle te moeilik is om in te leef. Daar bestaan verskeie konsepte van fantasie waardeur adolessente, met behulp van sprokies, verhale, fabels, metafore, simboliese en kreatiewe spel, hul eie verbeelding kan uitbeeld (Oaklander, 2007:116; Schoeman, 1996:85).

Die adolessente kan byvoorbeeld deur die gebruik van die roosboomtegniek, sandspel, tekeninge, kleiwerk of die beskrywing van drome, daarin slaag om selfaktualisering en selfondersteuning tussen al die konsepte wat 'n invloed op hul funksionering het te integreer (Oaklander, 2007:106; Blom, 2006:74, 128-148; Schoeman, 2006:49; Thompson & Rudolph, 1996:148; Oaklander 1988:32-

37). Die adolessente kan gevra word om 'n roosboom te teken. Na voltooiing van die tekening, word die volgende punte met die adolessente deurgewerk:

- Watter tipe roosboom is dit? Is dit sterk of swak?
- Is die wortels van die roosboom diep of vlak?
- Hoeveel rose het die roosboom? Is dit te min of te veel?
- Hoeveel dorings het die roosboom? Is dit te min of te veel?
- Is die omgewing waarin die roosboom staan goed of sleg?
- Staan die roosboom uit tussen al die ander plante?
- Het die roosboom genoeg ruimte?
- Hoe kom die roosboom met die ander plante oor die weg?
- Het die roosboom 'n goeie toekoms?

#### 3.7.2.5.2 Monstertegniek

Die monstertegniek kan gebruik word wanneer die adolessente nie selfregulering binne die trauma van hul lewe kan toepas nie. Die onvoltooidhede veroorsaak simptome wat tot konflik in die onvoltooidheid lei (Schoeman, 1996:68-69). Onvoltooidhede kan dan die "*monster*" in die adolessente se lewe word (Blom, 2006:153). Mishandelde adolessente kan bemagtig word om hul emosie te hanteer en te ontlaai in gesprek met die "*monster*", ten einde selfvertroeteling te bereik (Blom, 2006:154). Volgens Schoeman (2006:48) kan die terapeut die volgende stappe in die tegniek toepas:

- Die adolessente maak 'n monster wat deel van hul lewenssituasie is, met behulp van 'n tekeninge, kleiwerk of 'n ander medium.
- Die terapeut bespreek die monster met die adolessente, deur die volgende vrae te vra:
  - Vir hoe lank bestaan die monster al?
  - Is daar ander mense wat die monster ken?
  - Is daar iets in die monster wat jou bang maak?
  - Is jy bereid om die monster die res van jou lewe deel van jouself te maak?

- Kan jy die monster ŉ naam gee?
- Is dit moontlik om jou gevoelens vir die monster te teken of in klei te maak?
- Vra die adolessente om met die monster te praat, met behulp van die leëstoeltegniek.

#### 3.7.2.5.3 Sensoriese stimulasie

Die adolessente maak kontak deur hul betrokkenheid in die wêreld en daarvoor gebruik hulle hul sensoriese waarneming (Oaklander, 2007:22; Blom, 2006:90). Volgens Oaklander (2007:22) word sensoriese kontak geskep deur sig, gehoor, reuk, gevoel en smaak. Die sensoriese modaliteite is selfondersteunend en daarom is dit nodig dat die terapeut die adolessente sensories in kontak sal bring en so bewustheid aanhelp (Schoeman, 1996:71; Oaklander, 1988:140-141; Passons, 1975:56). Die navorser is van mening dat die adolessente se ervaring tydens die sensoriese kontak in ŉ projeksie omgeskakel kan word, om hulle in kontak te bring met hul eie onvoltooidheid en ervaring (in denke, emosie en gedrag).

### 3.7.2.6 Verhale (stories), fabels en metafore

Verhale en stories word deur middel van fabels en metafore oorgedra (Blom, 2006:158). ŉ Storie kan konkreet en kreatief deur die adolessente aangewend word om deur middel van fantasie probleme op te los en om vrees veilig te hanteer (Schoeman, 1996:85). Die doel van verhale en stories is om adolessente te help om hul wêreld te verstaan en verantwoordelikheid te aanvaar (Blom, 2006:178). Dit beeld ervaring en emosies uit wat dit vir adolessente makliker maak om oor hul eie emosies en bewuswording te praat (Oaklander, 2007:113). Die adolessente sal hul emosie en gevoel projekteer deur die storie of fabel so aan te wend dat potensiële helpers, helde, skurke en skelms eintlik hul emosie en gedrag openbaar. Die verhale en stories is ondergeskik aan die werklikheid en slegs ŉ aanvulling tot die realiteit van die adolessente se werklike situasie. Die vertelling begelei die adolessente om emosie te ontlaai en realiteite in hul lewe te herinterpreteer en te organiseer.

#### 3.7.2.6.1 Metafore

Metafore kan benut word om die adolessente se bewussyn te verhoog deur die gebruik van ŉ storie wat met hul eie wêreld vergelyk en wat tot verandering lei (Blom, 2006:173). Barker (1996:11) het die metafoor soos volg gedefinieer: *"Metaphor consists in giving the thing a name that belongs to something else; the transference being either from genus to species, from species to species, or a ground of analogy".* Die adolessente se kreatiewe vermoë word gebruik om abstrak en logies te dink en afleidings te maak (Barker, 1996:42). Die adolessente gebruik hul abstrakte denke en kan ŉ konsep van verskeie interaksies wat hul emosionele gedrag en frustrasies ontleed vorm. Formeel-operasionele denke is nie gebonde aan konkrete voorwerpe nie en die adolessente kan morele waardes, abstrakte denke, moontlikhede en hipoteses hanteer (Blom, 2006:171; Piaget, 1995:297-299). Die adolessente ontwikkel die vermoë om sistematies oor probleemoplossing te dink sonder die teenwoordigheid van konkrete objekte (Mwamwenda, 1996:97-103).

ŉ Metafoor is ŉ beskrywing van wat binne die wêreld van adolessente gebeur om hul verbeelding te stimuleer en persepsies te verander (Blom, 2006:170). Dit lei tot alternatiewe in probleemoplossing en die adolessente se selfbeeld word hierdeur verhoog. Van der Merwe (1996:114-115) het die stappe van die metafoor soos volg uiteengesit:

- Daar moet ŉ *veralgemening* in die situasie van die metafoor met dié van die adolessente wees. Hulle moet besef dat ander mense dieselfde situasies ervaar sonder om deur hul eie situasie oorweldig te word;
- projeksie en modellering moet in werking kom wanneer die adolessente *identifiseer* met die karakters. Die adolessente moet hulself in die metafoor herken;
- *projeksie* van die storie help die adolessente om hul eie innerlike wêreld met dié van die karakter na vore te bring en emosioneel te ervaar. Dit lei tot angstigheid by adolessente, wat aanleiding tot ŉ emosionele band gee;
- die karakter van die storie moet as *model* vir die adolessente dien waardeur hulle bepaalde gedrag kan aanleer;

- die storie moet aan die adolessente geleentheid bied tot selfinsig om hul eie wense, begeerte en emosie te *ontlaai*. Hulle kan dus hul emosies op 'n veilige afstand ondersoek;
- die adolessente herken, deur *selfinsig*, die ooreenkoms tussen hul omstandighede en die van die karakters in die metafoor.

Die metafoor voldoen aan die doel van Gestaltterapie om adolessente se bewussyn te verhoog en integrasie tussen hul gedrag en emosies te bereik. Wanneer die adolessente met die metafoor identifiseer, vind daar selfaktualisering plaas wat die adolessente in balans bring.

## 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Gestaltterapeutiese *paradigmatiese perspektief* vir die navorsing beskryf. Aandag is aan die beskrywing van belangrike Gestalt konsepte en beginsels gegee, asook die proses van die Gestaltterapeutiese benadering. Gestaltterapie is 'n holistiese, eksistensiële en fenomenologiese terapeutiese benadering wat mishandelde adolessente se bewustheid verhoog om organismiese selfregulering te bemeester in die *hier-en-nou*. Die doelstellings van Gestaltterapie is om deur middel van die terapeutiese proses, die adolessente se bewussynsvlakke ten opsigte van hulself en hul omgewing te verhoog, asook hul selfondersteuning te motiveer ten einde te verseker dat hulle meer geïntegreerd funksioneer. Integrasie beteken dat die adolessente balans in hul funksionering verkry, omdat voorgrondbehoeftes aangespreek word en onvoltooidhede voltooi word. Gestaltterapie bemagtig adolessente om die ervaring van skuld en skaamte na die voorgrond te bring, besit te neem van die emosies en bewustelike en verantwoordelike keuses en besluite te neem in verhouding met die self, ander en die omgewing.

Met behulp van verskillende fases in die terapeutiese proses kan die adolessente se bewussyn verhoog word en kan hulle tot selfondersteuning en integrasie van die wêreld rondom hulle begelei word. Hiervolgens is Gestaltterapie die hele proses van aksie, emosies, denke en interaksie tussen mishandelde adolessente, hulle konteks en die verhouding waarin hulle tot elkeen staan. Mishandelde adolessente is voortdurend van die proses van verandering bewus deur die kontak tussen hulself en die omgewing. Die veld

waarbinne mishandelde adolessente leef, bepaal hul proses en omvat al die sisteme wat op die adolessente inwerk en op hulle aanspraak maak. Hierdie proses bestaan uit 'n holistiese samevoeging van die adolessent se totale menswees om 'n eenheid tussen hul denke, gevoel en optrede te vorm.

Gestaltspelterapietegnieke word nie as 'n doel in sigself gebruik nie, maar dien as 'n eksperiment. Die spesifieke tegnieke word aangewend om die proses van terapie te fasiliteer. Die eksperiment is vir die adolessente 'n leerervaring om ten volle van hul onvoltooidhede bewus te word en daarvan besit te neem. In die spelterapeutiese verhouding word adolessente geleentheid gebied om hul emosies en gedrag op 'n kreatiewe wyse uit te druk en op 'n effektiewe wyse te kanaliseer. Die adolessente se bewussyn word na die hier-en-nou verhoog deur middel van sensoriese kontakmaking en dialoogvorming met hulself en die terapeut in die ek-jy-verhouding.

In Hoofstuk 4 word aandag aan die kontekstuele raamwerk van laat-adolessensie binne die konteks van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese teorie* geskenk om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

# HOOFSTUK 4

# KONTEKSTUELE RAAMWERK VAN LAAT-ADOLESSENSIE

## 4.1 INLEIDING

Adolessensie kan beskryf word as ŉ interessante en fassinerende ontwikkelingstadium tussen kindwees en volwassewording (Austrian, 2008:134). As mens verander adolessente voortdurend op grond van die feit dat hulle fisiek ontwikkel, hul emosionele struktuur nie staties bly nie en hul insig en waarde- en normestruktuur verbreed. Om ŉ duidelike beeld van adolessente se ontwikkelingsverloop na volwassenheid te verkry, kan die geleidelike en voortdurende ontwikkeling van adolessente in ŉ aantal leeftydperiodes of fases verdeel word (Keenan & Evans, 2009:4; Sigelman & Rider, 2008:3; Papalia, *et al*., 2006:7-18; Thom, *et al*., 2004:389). In die navorsing fokus die navorser op laat-adolessensie as lewensfase. Bepaalde karaktereienskappe is oorheersend in die fase, maar dit impliseer nie dat elke laat-adolessent wat deur die fase beweeg, al die kenmerke sal vertoon nie (Wolfe & Mash, 2008:4; Gil, 1996:5; Stoppard, 1992:20). Elke adolessent moet erken word as ŉ deelnemer aan sy eie ontwikkeling, met ruimte vir individuele verskille (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:257).

Die ontwikkeling van adolessensie op verskillende terreine is ŉ komplekse holistiese ontwikkelingsproses wat al die faktore van die adolessente se intra-psigiese en interpersoonlike ontwikkeling omsluit (Mwamwenda, 1996:21). Geen adolessent ontwikkel in ŉ vakuum nie, maar in ŉ ekologiese ruimte waar intense wederkerigheid binne verhoudinge plaasvind (De Jongh van Arkel, 1989:94). In die ontwikkeling van adolessente worstel hulle dikwels met traumatiese persoonlike gebeure, wat veroorsaak dat daar nie ŉ hoopvolle lewensvisie in die vooruitsig gestel kan word nie. Mishandeling eis sy tol op die gesonde intra- en interpersoonlike ontwikkeling van adolessente (Gil, 1996:3; Crosson-Tower, 2002:72). Mishandelde adolessente toon verskeie simptome wat dikwels nie opvallend is nie, terwyl ander simptome pynlike letsels laat. In die navorsing fokus die navorser op die emosionele ervaring van skuld en skaamte wat mishandelde adolessente se gedragspatrone of denkpatrone bepaal. Dit kan die identiteitskrisis tydens adolessensie verhoog en

identiteitsverwerwing bemoeilik, aangesien mishandelde adolessente se identiteitsvorming rondom dié van ’n slagoffer-identiteit kan sentreer.

Die ontwikkeling van mishandelde laat-adolessente word in die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* as ’n holistiese eenheid benader, omdat skuld, skaamte en vergifnis ’n komplekse holistiese ervaring is. Om ’n beter begrip vir die ontwikkeling van mishandelde adolessente te verkry, is dit belangrik dat daar nie uitsluitlik op biologiese en fisiese veranderinge tydens adolessensie gefokus word nie, maar ook op die kognitiewe, sosiale, emosionele, morele en religieuse ontwikkeling. In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van adolessensie oorsigtelik bespreek.

## 4.2 ADOLESSENSIE

Adolessensie is ’n tydperk van fenomenale uitdagings en ingrypende fisiologiese en psigologiese veranderinge. Die veranderinge kan gesien word as ’n geleidelike, waarneembare ontwikkeling of ontplooiing tot volwassenheid deur verskeie ontwikkelingstake (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:257; Papalia, *et al*., 2006:412; Harder, 2002:2). Ontwikkelingstake behels prestasiemoontlikhede, verhoogde sensoriese bewussyn, idealistiese waagmoed, gevoel van onafhanklikheid, vermoë tot diep en ernstige denke, groter sensitiwiteit vir ander se gevoelens en die opregte soeke na identiteit (Wolfe & Mash, 2008:4; Ackermann, 2001:105; Kaplan, 2000:4; Gil & Campbell, 1996:48).

### 4.2.1 Afbakening van adolessensie

Adolessensie kan gedefinieer word as die tydperk tussen die begin van puberteit (stadium waarin fisieke ontwikkeling versnel en geslagskenmerke begin ontwikkel) en die bereiking van fisieke, psigiese en emosionele rypheid, wanneer ’n persoon aan die samelewing se norme en verwagtinge van volwassenheid voldoen (Balk & Corr, 2009:10; Louw, Louw & Ferns, 2007:279; Thom, *et al*., 1998:388). Afhangende van biologiese en sosio-kulturele faktore, asook individuele verskille, wissel die ouderdom waarop adolessensie as afsonderlike ontwikkelingstadium begin van 11 tot 13 jaar en eindig tussen 17 en 21 jaar (Louw, Louw & Ferns, 2007:279). Die fases van adolessensie kan in drie

ontwikkelingstydperke verdeel word (Wolfe & Mash, 2008:5; Collins, 2005:183-186; Berk in Thom, *et al.*, 2004:389; Benner, 1987: 25-26).

- Vroeë adolessensie (tussen 11 en 14 jaar)
- Middel-adolessensie (tussen 14 en 18 jaar)
- Laat-adolessensie (tussen 18 en 21 jaar)

### 4.2.2 Ontwikkelingstake van adolessensie

Die uitdagings van adolessensie staan bekend as ontwikkelingstake of spesifieke ontwikkelingskenmerke (Collins, 2005:183; Thom, 1992:393). Adolessente behoort die volgende ontwikkelingstake uit te voer om tot volwassenheid te groei (Strom & Strom, 2009:14-18; Thom, *et al.*, 2004:392; Gil, 1996:29-47):

- Aanvaarding van ŉ veranderde liggaamlike voorkoms, insluitende begrip vir puberteitsveranderinge, versorging van die liggaam en aanvaarding van fisiese voorkoms;
- ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die verwerwing van kennis;
- ontwikkeling van ŉ eie identiteit en ŉ lewensfilosofie;
- die verwerkliking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met persone van beide geslagte en vervulling van ŉ manlike of vroulike sosiale geslagsrolidentiteit;
- ontwikkeling en vestiging van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes;
- keuse van en voorbereiding vir ŉ beroep en finansiële selfstandigheid;
- aanleer van sosiale vaardighede, byvoorbeeld om ŉ aanvaarbare lid van ŉ groep te word, aanknoop en handhawing van vriendskappe, hantering van sosiale situasies, ervaring van liefdesverhoudinge, besluitneming en konflikhantering;
- ontwikkeling van ŉ sterk emosionele band met ŉ ander persoon;
- voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede;

- ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien;
- ontwikkeling van 'n waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing en lewensfilosofie.

Die ontwikkeling en suksesvolle voltooiing van hierdie ontwikkelingstake sal verband hou met die geluk en sukses waarmee adolessente volwassenheid betree. Gulotta, *et al*. (in Engelbrecht & Green, 2001:109) beskryf adolessensie tereg as *"... a journey of self-discovery"*.

### 4.2.3 Stormagtige fase

Tydens adolessensie vind ingrypende emosionele, hormonale en gedragsveranderinge plaas (Cooper, *et al*., 2009:5). Verskeie navorsers verwys na adolessensie as 'n moeilike ontwikkelingsperiode met besondere kwesbaarhede (Balk & Corr, 2009:9; Wolfe & Mash, 2008:5; Gil, 1996:5; Rossman, 1984:15). Met betrekking tot die definiëring van 'n eie identiteit en waardesisteem word veral konflik ervaar tussen dit wat die adolessent enersyds is en andersyds nog nie is nie, maar behoort te word (Kail & Cavavaugh, 2008:332; Gil, 1996:6; Louw, 1984:129). Volgens Carr-Gregg en Shale (2003:2) word adolessente gekonfronteer met drie lewensvrae: *"Am I normal?, Who am I?, What is my place in the world?"*.

Dikwels word adolessensie beskryf as 'n stormagtige tydperk wat gekenmerk word deur onstabiliteit met betrekking tot intra-psigiese en interpersoonlike prosesse (Papalia, *et al*., 2006:475). Adolessente word deur Stanley Hall (in Thom, *et al*., 2004:390; Hall, 1904:75) as ankerloos, emosioneel onstabiel, seksueel promisku, minder idealisties en meer krities ten opsigte van morele waardes beskryf. Keniston (in Louw, *et al*., 2004:390) beskryf adolessensie egter as die waardevolste jare in terme van fisieke aantreklikheid, entoesiasme, plesier, vitaliteit en lewenslus.

Albert Bandura (in Thom, *et al*., 2004:391) noem dat adolessensie nie noodwendig 'n periode van storm-en-stres is nie. Hy stel dat konflik en verwarring wel tydens adolessensie voorkom, maar dat dit gepaard gaan met sosiale omstandighede in die gesin of omgewing. Die verskynsel dat sommige

adolessente meer emosionele spanning ervaar, is moontlik 'n refleksie van ander probleme en nie van die ontwikkelingsproses as sodanig nie (Balk & Corr, 2009:9; Atwater, 1983:37). Mishandeling kan die struktuur van adolessente se persoonlikheid en gedrag vorm en misvorm (Crosson-Tower, 2002:367-391; Herman, 1998:96), omdat adolessensie sentreer rondom 'n holistiese proses van intra-psigiese en interpersoonlike prosesse (Finkelhor, 1995:178; De Jongh van Arkel, 1989:95; Benner, *et al.*, 1987:25). Dit het 'n invloed op hul fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling (Hedges-Goettl, 2004:26). In die navorsing van Chagigiorgis en Paivio (2008:122) en Tangney, *et al.* (2007:357) word aangetoon dat mishandeling intense selfbewuste emosies van skuld en skaamte veroorsaak, wat die adolessente se verhouding tot die self, ander en die omgewing beïnvloed.

## 4.3 FISIOLOGIESE-LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING

Adolessensie word gekenmerk deur vinnige, omvattende liggaamlike groei (groeiversnelling) en die ontwikkeling van seksuele rypheid (puberteit) vanuit die interne struktuur en funksionering van die liggaam (Louw, Louw & Ferns, 2007:283; Thom, *et al.*, 2004:393; Louw & Edwards, 1993:561). Vir 'n seun duur dit vanaf ongeveer 13 tot 21 jaar en vir 'n meisie vanaf 11 tot 21 jaar. Seuns bereik puberteit naastenby twee jaar later as meisies (Louw, Louw & Ferns, 2007:283; Gil & Campbell, 1996:37). Ook hierdie grens is arbitrêr en kan volgens die tempo waarteen die individu ontwikkel wissel (Balk & Corr, 2009:10; De Jongh van Arkel, 1989:95). Gevolglik is daar by die adolessente 'n intense bewustheid van liggaamlike veranderinge en word daar sterk op die fisieke aspekte van die self gefokus (Balk & Corr, 2009:11).

Adolessensie behels 'n kritieke periode, met ingrypende psigiese effekte vir die ontwikkeling van selfkonsep en identiteit binne die kader van die liggaamlike veranderinge (Micucci, 2009:45; Seltzer, 2009:34; Gil & Campbell, 1996:37). Vanuit die navorsing van Gil en Campbell (1996:36) het mishandeling 'n negatiewe impak op die psigiese, liggaamlike en seksuele ontwikkeling van adolessente. Die sedelik-morele integrasie tussen seksualiteit, molestering en interpersoonlike verhoudings kan 'n negatiewe belewenis vir mishandelde adolessente wees, met 'n gevoel van beheer wat oor die liggaam verloor is, of

die ervaring van *"nie-intakt"* met normale liggaamlike verandering wees nie (Gil & Campbell, 1996:40; Janson, 1989:14; Louw, 1984:134).

### 4.3.1 Seksualiteit en seksuele gedrag

Adolessensie kan ook beskryf word as 'n tydperk van seksuele verkenning en eksperimentering, asook 'n tydperk van seksuele fantasieë en realiteite (Balk & Corr, 2009:11; Seltzer, 2009:34; Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:265; Sigelman & Rider, 2008:350; Wolfe & Mash, 2008:8Santrock, 1996:384). Hoewel seksuele aktiwiteite 'n normale gevolg van liggaamlike ontwikkeling is, speel sosiale faktore 'n belangrike rol in die uitdrukking daarvan (Wolfe & Mash, 2008:30; Louw, Louw & Ferns, 2007:289; Papalia, *et al*., 2006:470). Sigelman en Rider (2008:353) en Plug, *et al.* (1988:317) beskryf seksuele gedrag as alle gedrag wat verband hou met die seksdrang, die geslagsorgane en ander erogene sones. Dit sluit masturbasie, hetero- en homoseksuele verhoudings en koïtus in.

'n Belangrike ontwikkelingstaak is dat adolessente hul seksuele behoeftes op 'n aanvaarbare wyse moet uitleef om hul identiteitsontwikkeling positief te beïnvloed (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:265; Thom, *et al*., 2004:402). Volgens Gil en Campbell (1996:36) het seksuele mishandeling 'n negatiewe impak op die seksuele ontwikkeling van adolessente. Mishandelde adolessente kan verplig voel om in 'n vaste verhouding seksueel omgang te hê, of hulle kan intimiteit en liefde verwar en dit gebruik om ander behoeftes soos nabyheid, aanvaarding, liefde of beheer te ervaar (Kinnear, 2007:18).

### 4.3.2 Negatiewe implikasies van seksuele aktiwiteite

Die samelewing kan adolessente se positiewe aanpassing by die liggaamlike veranderinge fasiliteer of inhibeer (Wolfe & Mash, 2008:29; Hetherington & Parke, 1986:223). Navorsingsbewyse toon dat adolessente meer seksueel aktief is as vorige generasies en ook op 'n jonger ouderdom seksueel aktief word (Papalia, *et al*., 2006:470). Die feit dat adolessente biologies volwasse kan wees om seksuele omgang te hê, impliseer nie noodwendig dat hulle emosioneel gereed is om verantwoordelike besluite te neem of die implikasies van hulle gedrag te besef nie (Louw, Louw & Ferns, 2007:292; Thom, *et al*.,

2004:412). Sigelman en Rider (2008:365) en Knauer (2002:235) wys daarop dat adolessente, wat seksueel mishandel is, dikwels hulself aan promiskuïteit en prostitusie blootstel. Promiskuïteit en prostitusie tree na vore wanneer mishandelde adolessente tydens identiteitsvorming strewe na aanvaarding en selfwaarde (Mash & Wolfe, 2002:392). Hierdeur kan die adolessente hulself in 'n hoë risiko van tienerswangerskap en seksueel oordraagbare siektes bevind (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:274-277; Wolfe & Mash, 2008:88; Louw, Louw & Ferns, 2007:296; Papalia, *et al*., 2006:428; Thom, *et al*., 2004:415).

### 4.3.3 Seksuele oriëntasie

Adolessensie is ook die tydperk waartydens die meeste adolessente hul seksuele oriëntasie ontdek, dit wil sê om heteroseksueel, homoseksueel of biseksueel te wees (Balk & Corr, 2009:12; Wolfe & Mash, 2008:537; Louw, Louw & Ferns, 2007:296; Papalia, *et al*., 2006:467). Hierdie bewustheid vorm deel van die adolessente se interpersoonlike verhoudings (Kail & Cavavaugh, 2008:336). Die verwarring en angs wat dikwels met die ontwikkeling van 'n heteroseksuele oriëntasie in adolessensie gepaard gaan, word uiteraard vererger vir adolessente wat homoseksueel is (Baumrind, 1995:132). Sigelman en Rider (2008:365) en Sonkin (1998:166-171) bespreek die korrelasie tussen seksuele molestering en homoseksualiteit in 5.6.2.5.3. Volgens Louw, Louw en Ferns (2007:296) ontwikkel homoseksuele adolessente 'n vrees vir verwerping, vyandigheid en diskriminasie, wat veroorsaak dat hulle gewoonlik voel dat hulle nêrens inpas nie. Die gevolg is dat hulle geen ander keuse het as om 'n *"masker van heteroseksualiteit"* te dra nie.

In die navorsing bespreek die navorser nie die oorsake van homoseksualiteit nie, maar sluit by ander navorsers aan wat stel dat daar wel aanduidings is dat homoseksualiteit ten minste ook 'n biologiese basis het en dat omgewingsfaktore nie uitgesluit kan word nie (Micucci, 2009:55; Wolfe & Mash, 2008:537; Louw, Louw & Ferns, 2007:298; Papalia, *et al*., 2006:467). Die navorser is van mening dat seksuele molestering adolessente se seksuele ontwikkeling en oriëntasie negatief beïnvloed (soos in 5.6.2.5.3 en die gevallestudie met respondent C bespreek).

## 4.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Kognitiewe veranderinge kan net so dramaties soos liggaamlike veranderinge tydens adolessensie voorkom (Louw, Louw & Ferns, 2007:298). Adolessente se kognitiewe vermoë is gekoppel aan hul sensoriese waarneming, kommunikasie met ander, algemene vermoë tot die verwerking en interpretasie van inligting en die gebruik daarvan om gedrag te rig (Papalia, *et al.*, 2006:437; Gouws, *et al.*, 2000:5). Met kognitiewe ontwikkeling verander die adolessente se konkrete denkvermoë na ŉ omvattende vermoë om te analiseer en logies te redeneer oor konkrete en abstrakte begrippe (Balk & Corr, 2009:6; Thom, *et al.*, 2004:418).

Formeel-operasionele denke word veral gekenmerk deur die vermoë tot abstrakte denke wat die adolessente in staat stel tot ŉ metateoretiese oriëntasie (Keenan & Evans, 2009:43; Papalia, *et al.*, 2006:437). Dit stel mishandelde adolessente in staat om oor hul eie abstrakte denke en komplekse teoretiserings te redeneer en te reflekteer (Wolfe & Mash, 2008:5; Thom, 1992:423; Gardner, 1982:520). Die hipoteties-deduktiewe denke onderskei die diskrepansie tussen die werklike en die moontlike (Gil & Campbell, 1996:32). Twee duidelik onderskeibare fases van nuwe breinontwikkeling kom tydens adolessensie voor (Balk & Corr, 2009:7; Louw, Louw & Ferns, 2007:298):

- Vanaf 13 tot 17 jaar ontwikkel visueel-ouditiewe, visueel-ruimtelike en somatiese stelsels.
- Op ongeveer 17 tot 21 jaar ontwikkel frontale uitvoerende funksies.

Die volgehoue rypwording van die frontale lobbe tydens adolessensie hou verband met verskeie kognitiewe vermoëns, insluitend die vermoë om ontoepaslike inligting te verwerp, ingewikkelde hipotetiese argumente te formuleer, ŉ komplekse taak te benader en ŉ reeks stappe te volg om ŉ taak te voltooi (Papalia, *et al.*, 2006:418).

### 4.4.1 Jean Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie

Piaget beskou die adolessente se kognitiewe funksionering as ŉ wyse van interaksie met die omgewing, wat ŉ belangrike oorlewingsfunksie verrig (Keenan & Evans, 2009:6; Seltzer, 2009:36; Papalia, *et al.*, 2006:439). Die kognitiewe ontwikkeling van adolessente word voltrek deur ŉ komplekse interaksie tussen

genetiese, psigiese en omgewingsfaktore (Balk & Corr, 2009:7; Meyer & Van Ede, 2004:73). Piaget het die relatiewe ekwilibrium in kognitiewe ontwikkeling in vier periodes of stadia verdeel, waar die nuwe fase die vorige fase inkorporeer (Louw, Van Ede & Ferns, 2004:378-380; Meyer & Van Ede, 2004:72-84; Newman & Newman, 1987:79).

Die vier fases is in 'n hiërargiese verwantskap met mekaar geïnkorporeer en loop uit in die daaropvolgende meer komplekse fases. Die formeel-operasionele fase is die laaste fase en hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling wat strek van adolessensie tot volwassenheid (Balk & Corr, 2009:7; Shaffer & Kipp, 2009:276; Meyer & Van Ede, 2004:82). Met die hiërargiese verhouding het Piaget (1964:203) nie net klem op die logiese skakels tussen die fases geplaas nie, maar ook die belangrike rol van die herstel van ekwilibrium in die ontwikkeling van logiese denke.

Die formeel-operasionele denke by adolessente is nie gebonde aan konkrete voorwerpe nie (Meyer & Van Ede, 2004:83; Demetriou, Doise & Van Lieshout, 1998:195). Tydens hierdie fase dink adolessente logies, sistematies en abstrak, bespiegel oor hipotetiese situasies, redeneer deduktief oor moontlikhede en vorm konsepte van verskeie interaksies (Louw & Louw, 2007:23; Mwamwenda, 1996:97-103; Piaget, 1995:297-299).

Die navorser is van mening dat die formeel-operasionele vlak van denke mishandelde adolessente in staat stel om die mishandeling analities te benader. Dit stel hulle in staat om selfbewuste emosies soos skuld en skaamte te ervaar, waardeur hulle hul aksie, denke en gevoel kan evalueer volgens bepaalde morele standaarde (Silfver-Kuhalampi, 2008:9, Tangney, *et al.*, 2007:359; Piaget, 1995:297-299).

#### 4.4.1.1 Kognitiewe groei, ontwikkeling en verandering

Die vinnige ontwikkeling van adolessente en hul leefwêreld, wat altyd nuwe inligting gee om te sorteer en waaruit sin gemaak moet word, verskaf 'n volgehoue proses van groei, ontwikkeling en verandering (Papalia, *et al.*, 2006:439; Crain, 1992:123). Hierdie gedagte is in lyn met die Gestaltteorie van Perls (Perls, *et al.*, 1951), wat Gestaltvorming beskryf. So is dit ook vervat in elk van die teorieë van Freud en Erikson, dat disekwilibrium 'n primêre rol in die

proses van opbou van nuwe weë om ekwilibrium te bereik vervul. Erikson se teorie van *ego* uitdaging bied die duidelikste differensiasie tussen skaamte en skuld tydens spesifieke psigososiale ontwikkelingstadia (Lewis & Haviland-Jones, 2004:625; Lewis, 1995:61; Bradshaw, 1988:5). Skuld en skaamte word tydens die ontwikkelingstadia geïnternaliseer as selfbewuste emosies (Lewis, 1995:58; Bradshaw, 1988:17; Erikson, 1950:223-224). Wanneer die omgewing sodanig is dat mishandelde adolessente se bestaande kennis en kognitiewe strukture voldoende is om die ervaring van skuld en skaamte te hanteer en op te los, bestaan daar 'n toestand van ekwilibrium. Berk (1991:211) beskryf ekwilibrium soos volg: *"Equilibrium implies a steady, comfortable state. It refers to a condition in which we use already formed schemes to interpret reality".*

#### 4.4.1.2 Assimilasie en akkommodasie

Piaget het die adolessente se eie aktiewe pogings en deelname aan die ontdekking van hul wêreld voorgestel (Meyer & Van Ede, 2004:74; Crain, 1992:123; Berk, 1991:22; Newman & Newman, 1987:73). Wanneer mishandelde adolessente inkonsekwenthede in hul kennis vind, of merk dat hul kennis en kognitiewe strukture onvoldoende is om die stimuli (skuld en skaamte) uit die omgewing te hanteer, kan hulle gemotiveer wees om hul denke aan te pas en te verander, ten einde ekwilibrium te bewerkstellig (Demetriou, Doise & Van Lieshout, 1998:196). Volgens Piaget (in Louw & Louw, 2007:24; Berk, 1991:210) kan die adolessente slegs met die omgewing kontak maak deur middel van hul bestaande kognitiewe strukture (skemas). Die ontwikkeling van die hiërargie van kognitiewe strukture is 'n langsame en geleidelike proses wat by persepsie en die respons op 'n refleks begin en uiteindelik op logiese denke uitloop (Meyer & Van Ede, 2004:75; Newman & Newman, 1987:79).

In die navorsing van Tangney en Dearing (2004:140) blyk dit dat skuld en skaamte kan verander tydens die kognitiewe ontwikkeling van mishandelde adolessente. Om die ervaring van skuld en skaamte vanuit die omgewing te hanteer sal die adolessente voortdurend probeer om 'n balans te handhaaf deur *assimilasie* en *akkommodasie* (vergelyk Louw & Louw, 2007:25; Berk, 1991:210; Newman & Newman, 1987:73). Die navorser is van mening dat die adolessente hul balans soos volg sal handhaaf in die ervaring van skuld en skaamte:

- *Assimilasie* beteken dat mishandelde adolessente die ervaring van skuld en skaamte aan die hand van hul bestaande kognitiewe strukture (skemas) sal inkorporeer.
- As dit nie moontlik blyk om die ervaring van skuld en skaamte by hul bestaande kognitiewe strukture (skemas) in te pas nie, *akkommodeer* die adolessente die ervaring van skuld en skaamte deur hul kognitiewe strukture (skemas) aan te pas en hul gedrag dienooreenkomstige te wysig.

#### 4.4.1.3 Konseptuele vaardighede

Die vermoë tot hipoteties-deduktiewe redenering verwys na Piaget se konsep dat adolessente die kognitiewe vermoë besit om alternatiewe maniere of hipoteses te ontwikkel om 'n probleem op te los (Louw & Louw, 2007:23). Volgens Newman en Newman (in Louw, Louw & Ferns, 2007:301) ontwikkel ses konseptuele vaardighede tydens die fase van formele operasies. Elke vaardigheid beïnvloed die adolessente se benadering tot interpersoonlike verhoudings, die formulering van persoonlike beplanning en die analisering van inligting:

- Verstandelik is adolessente in staat om meer as twee kategorieë veranderlikes gelyktydig te verwerk.
- Hulle kan aan veranderinge dink wat met tydverloop plaasvind. Huidige vriendskappe sal nie noodwendig dieselfde in die toekoms wees nie.
- Hulle kan 'n logiese reeks van moontlike gebeurtenisse hipotetiseer. Adolessente kan die verhouding tussen akademiese prestasie en moontlike beroepsmoontlikhede identifiseer.
- Adolessente is in staat om die gevolge van hulle aksies te voorsien.
- Hulle besit die vermoë om logiese konsekwentheid of inkonsekwentheid in 'n reeks stellings vas te stel. Die waarheid van 'n stelling kan getoets word deur bewyse te vind wat dit ondersteun of verkeerd bewys.
- Op 'n relativistiese wyse kan adolessente aan hulself, ander individue en die wêreld dink. Hulle kan toenemend ander se standpunte en waardes

aanvaar, omdat hulle besef dat mense met verskillende norme en waardes die produkte van die samelewing en kultuur is.

Alhoewel Piaget se teorie belangrik in die kognitiewe ontwikkeling van adolessente is, kan bepaalde punte van kritiek gehandhaaf word (Shaffer & Kipp, 2009:278-280; Louw, Louw & Ferns, 2007:301-302). Die navorser maak slegs melding van die kritiek, sonder om dit binne die omvang van die hoofstuk te bespreek.

### 4.4.2 Kognitiewe vermoëns op sekere areas van ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling funksioneer as 'n organisatoriese kern wat alle areas van denke beïnvloed (Louw, Louw & Ferns, 2007:303). Volgens Elkind (in Papalia, *et al.*, 2006:441) bevestig sekere areas van ontwikkeling die adolessente se eksperimentering met formeel-operasionele denke.

#### 4.4.2.1 Argumentering, idealisme en kritiek

Abstrakte en hipoteties-deduktiewe redenering lei tot die vermoë om feite en idees te versamel om 'n saak te bou (Louw, Louw & Ferns, 2007:303; Papalia, *et al.*, 2006:441). Dit beïnvloed interpersoonlike verhoudinge, identiteitsvorming en die definiëring van morele waardes, wat aanleiding kan gee tot 'n kritiese houding teenoor ouers, sosiaal-politiese en religieuse stelsels (Thom, *et al.*, 2004:428). Argumentering vorm 'n belangrike fondament in die besinning oor die self, ander, die wêreld en die toekoms (Gil & Campbell, 1996:28-32; Barnard, 1985:21).

Die vermoë om verby die werklike na die moontlike te redeneer gee aanleiding tot idealisme waar alternatiewe oplossings bedink en ageer word vir die daarstelling van nuwe stelsels of sisteme (Louw, Louw & Ferns, 2007:304; Grobler, 1997:100). Ideale en oplossings is dikwels onrealisties en oorvereenvoudig en die realiteit met sy komplekse samestelling en eise word nie altyd in ag geneem nie (Thom, *et al.*, 2004:428; Smart & Smart, 1982:443). Die idealistiese voorstelling van 'n perfekte wêreld waarteen hulle ouers, sibbe en die samelewing nie opweeg nie, kan veroorsaak dat mishandelde adolessente

foutsoekende kritici word (Louw, Louw & Ferns, 2007:304; Papalia, *et al.,* 2006:441).

Die kritiek, vernedering en minderwaardigheid waaraan mishandelde adolessente blootgestel word, kan ook teen die self gerig word as selfkritiek en retrofleksie (Oaklander, 2007:142). Terwyl skaamte en selfkritiek mishandelde adolessente laat met 'n gevoel van minderwaardigheid en 'n behoefte na die herstel van 'n verhouding, poog hulle deur selfregverdiging en argumentering om vernedering en skaamte te ontsnap deur hulself te regverdig (Oaklander, 2007:145; Yontef, 2003:374).

### 4.4.2.2 Sosiale kognisie

Sosiale kognisie verwys na die wyse waarop adolessente oor ander mense, sosiale verhoudings en sosiale instellings dink. Wanneer mishandelde adolessente hulself in verhouding tot ander stel kan intense selfkritiek met gepaardgaande emosionele effekte soos ontevredenheid en skuldgevoelens na vore kom (Papalia, *et al*., 2006:442). Aan die ander kant kan introspeksie bydra tot positiewe ontwikkelingsaspekte soos selfinsig, interpersoonlike vaardighede, kreatiwiteit en identiteitsvorming (Thom, *et al*., 2004:429; Hansell, *et al*., 1986:130). Sosiale kognisie kan in twee aspekte verdeel word:

- *Perspektiefneming* dui op die vermoë om 'n situasie vanuit 'n ander persoon se perspektief te sien. Dit verwys na die vermoë om die gedagtes en gevoelens van ander in ag te neem.
    - Vroeë adolessente is tot *wedersydse perspektiefneming* in staat. Die adolessente kan hulself voorstel dat hul standpunt en 'n ander persoon se standpunt wedersyds van mekaar kan verskil.
    - Teen laat-adolessensie ontwikkel die *perspektiefneming van sosiale en konvensionele stelsels*. Die adolessente begin besef dat hulle sosiale perspektiewe, asook die van ander, nie slegs deur hul interaksie met mekaar nie, maar ook deur hul rolle in die groter samelewing, beïnvloed word.
- *Implisiete persoonlikheidsteorie* behels die oordeel wat gevel word in terme van hoe ander mense is en waarom hulle op 'n sekere wyse optree.

Die navorser is van mening dat die sosiale kognisie van mishandelde adolessente hul denke aangaande die oortreder en die mishandeling sal beïnvloed. Die adolessente se komplekse beskrywing van die oortreder sal neig om meer abstrak en georganiseerd te wees, omdat hulle die oortreder in terme van abstrakte persoonlikheidstrekke kan beskryf.

#### 4.4.2.3 Selffokus en selfbewustheid

Vanweë die mishandelde adolessente se ontwikkelende vermoë tot abstrakte en gedistansieerde denke, vind 'n spontane ontdekking van die self plaas. Preokkupasie met hul eie denke veroorsaak dikwels 'n intense selfbewustheid (Papalia, *et al.*, 2006:442). Die adolessente se ondersoek na, redenering oor en eksperimentering met alternatiewe idees en waardes lei daartoe dat hulle oor die self kan dink in terme van selfbeeld, identiteit en eie waarde (Wolfe & Mash, 2008:11; Gil & Campbell, 1996:32). Volgens Kaplan (2000:484) kan die adolessente hul eie denke krities analiseer en eie konsepte en idees vorm.

Skuld en skaamte word tydens die ontwikkelingstadia van adolessente geïnternaliseer as selfbewuste emosies (Lewis, 1995:58; Bradshaw, 1988:17; Erikson, 1950:223-224). Die self van mishandelde adolessente word uitgelewer aan die blootstelling van selfbewustheid en kritiese selfondersoek wat hulle laat met 'n gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid (Knauer, 2002:78; Engel, 2005:86). Mishandelde adolessente is selfgesentreerde in hul denke en gedurig bekommerd oor wat ander mense van hulle dink (Balk & Corr, 2009:8; Thompson & Henderson, 2007:14; Gil & Campbell, 1996:45). In die ervaring van skuld en skaamte, verkeer die adolessente dikwels onder die indruk dat hulle prominent in ander se gedagtes is, dat ander hul gedagtes deel en hulle op dieselfde manier waarneem as wat hulle hulself waarneem (Papalia, *et al.*, 2006:443).

Piaget was van mening dat die *adolessente-egosentrisme* die gevolg van die adolessente se onvermoë om tussen die abstrakte perspektiewe van die self en ander te onderskei is (Louw, Louw & Ferns, 2007:306; Thom, *et al.*, 1998:423). Elkind verwys na twee verwronge beelde (distorsies) wat in die verhouding tussen die self en ander kan manifesteer (Balk & Corr, 2009:9; Louw, Louw &

Ferns, 2007:306; Papalia, *et al.*, 2006:443; Thom, *et al.*, 2004:424; Smart & Smart, 1982:443):

- *Denkbeeldige gehoor.* Mishandelde adolessente het die persepsie dat ander hulle voortdurend dophou en bespreek.
- *Persoonlike fabel.* Die adolessente ervaar hul uniekheid deur hul denke en gevoelens. Hulle leef met die veronderstelling dat hulle gevoelens en denke uniek is en hul persoonlike ervaringe anders as dié van ander is.

Die denkbeeldige gehoor en persoonlike fabel kom die sterkste gedurende die oorgang na formeel-operasionele denke voor (Thom, *et al.*, 2004:425). Die mishandelde adolessente se vermoë tot hipoteties-deduktiewe redenering oor selfbewustheid kan hulle lei om sekere verdedigingsmeganismes aan te wend as beskerming teen die onaangename gevoelservaringe van skuld, skaamte, minderwaardigheid en verleentheid (Cooper*, et al.*, 2009:6; Grobler, 1997:107).

Die navorser is van mening dat verdedigingsmeganismes soos onttrekking en vermyding, woede en blaam, selfregverdiging, minagting van andere, aggressie en die behoefte na vergelding, nie vergoed vir die onaangename ervaring van selfbewuste skuld en skaamte emosies nie (vergelyk Murray & Ciarrocchi, 2007:23; Tangney, *et al.*, 2007:351; Worthington, 2006:258; Engel, 2005:72; Knauer, 2002:77).

#### 4.4.2.4 Beplanning en besluitneming

Mishandelde adolessente is ook deur hipoteties-deduktiewe denke in staat om te beplan, die vordering na 'n doelwit te monitor en aksies wat onsuksesvol is, aan te pas (Louw, Louw & Ferns, 2007:307). Hulle kan alternatiewe besluite antisipeer, maar tree dikwels impulsief op sonder dat die gevolge van hul besluite in ag geneem word (Wolfe & Mash, 2008:11; Gil & Campbell, 1996:32). Hulle relativeer dikwels die verlede en die toekoms, met 'n gevolglike sterk gerigtheid op die hede (Smart & Smart, 1982:445; Erikson, 1962:168). Die eksistensiële gerigtheid beïnvloed die adolessente se impulsiewe besluitnemingsproses om tussen alternatiewe te kies.

Besluitneming behels nie net kognitiewe komponente nie, maar ook psigososiale komponente (Wolfe en Mash, 2008:11). Selfs al toon mishandelde adolessente

dieselfde vlak van kognitiewe ontwikkeling as volwassenes in die neem van besluite (om die voor- en nadele teenoor mekaar op te weeg), word hulle dikwels meer deur huidige emosies en die begeerte om deur ander aanvaar te word beïnvloed (Louw, Louw & Ferns, 2007:307).

Die navorser is van mening dat die mishandelde adolessente se morele keuse om te vergewe, hul sosiale interaksie met die omgewing kan rekonstrueer. Die beplanning en besluitneming om die oortreder te vergewe kan die adolessente egter oorweldig en daartoe lei dat hulle vergifnis as ŉ kitsoplossing beskou en impulsief optree om onmiddellik van hul skuld en skaamte emosie te ontlaai. In die vergifnisproses moet die adolessente eerstens bemagtig word om hul emosies van skuld en skaamte in die *hier-en-nou* te ervaar, alvorens vergifnis as ŉ bron van die herstelervaring oorweeg word. Fortune en Marshall (2004:56) maak dit duidelik dat vergifnis nie beskou moet word as ŉ kitsoplossing vir terapeutiese herstel nie.

## 4.5 SOSIALE ONTWIKKELING

John Dewey (in Mortola, 2001:2) stel dat die ontwikkeling van ŉ organisme nie alleen in ŉ omgewing plaasvind nie, maar ook as deel van ŉ omgewing. Alle aspekte van die adolessente se geïntegreerde psigofisiese ontwikkeling vind binne ŉ sosiale konteks plaas wat hul ontwikkeling óf bevorder óf belemmer (Louw, Louw & Ferns, 2007:325). Sosiale ontwikkeling omvat die verhoudinge met ander, asook die invloed van die samelewing en spesifieke individue op die adolessente (Balk & Corr, 2009:14; Gouws, *et al.*, 2000:5). In die proses waartydens adolessente streef na volwassenheid, word daar, volgens Collins en Repinski (in Louw, Louw & Ferns, 2007:327; Thom, *et al.*, 2004:451), gepoog om die volgende doelwitte te bereik:

- *Kognitiewe outonomie*, deur besluite te neem en verantwoordelikheid vir keuses te aanvaar.
- *Gedragsoutonomie*, deur keuses rakende vriendskappe, vrye tyd en finansies te maak.
- *Emosionele outonomie*, deur selfstandig en onafhanklik van hulle ouers te wees en in staat te wees om selfbeheer toe te pas.

- *Morele of waarde-outonomie*, deur 'n eie waardestelsel te vorm wat as riglyn vir hul eie gedrag kan dien.

### 4.5.1 Die ouer-adolessent-verhouding

Die dominante sosiale kenmerk van adolessensie is die progressiewe verskuiwing vanaf afhanklikheid na outonome onafhanklikheid en selfstandigheid (Seltzer, 2009:43; Santrok, 1986:367). Hoewel adolessente besig is om hulself toenemend van die gesin los te maak, het die gesin steeds 'n beslissende invloed (Balk & Corr, 2009:14; Wolfe & Mash, 2008:11; Gil & Campbell, 1996:26; De Jongh van Arkel, 1989:100).

#### 4.5.1.1 Ouerskapstyl en sosiale ontwikkeling

Ouerskapstyl speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van adolessente. Baumrind (in Louw, Louw & Ferns, 2007:328) en Papalia, *et al*. (2006:477) identifiseer drie ouerskapstyle wat adolessente se sosiale ontwikkeling beïnvloed:

- *Gesaghebbende (outoritatiewe) ouers* moedig adolessente aan om onafhanklik binne 'n raamwerk van sekere beperkings en beheer, oor hulle gedrag op te tree.
- *Outoritêre ouerskap* is 'n beperkende en bestraffende styl waar ouers grense stel en streng beheer uitoefen. Hierdie tipe ouerskap word met sosiaal onbevoegde gedrag in adolessente geassosieer en kan lei tot angstigheid, 'n onvermoë om inisiatief ten opsigte van sosiale aktiwiteite te toon en swak kommunikasievaardighede.
- *Permissiewe ouerskap* vind plaas wanneer geen beheer oor adolessente se gedrag uitgeoefen word nie en hulle hul eie besluite kan neem. Hierdie adolessente toon sosiale onbevoegde gedrag en beperkte selfbeheer omdat hulle nooit geleer het om hul gedrag te beheer nie.

Die navorser is van mening dat ouerskapstyle die mishandelde adolessente se sosiale ontwikkeling en hul ervaring van selfbewuste skuld en skaamte emosies positief of negatief kan beïnvloed. Walter en Burnaford (2006:329) en Tangney

en Dearing (2004:147) wys daarop dat die interaksie binne die familiesisteem en die ouer se gedrag, optrede, affektiewe persoonlikheid, norme en waardes bepalend sal wees vir die ontwikkeling van adolessente se skuld en skaamte.

#### 4.5.1.2 Ouergedrag in die ouer-adolessent verhouding

Gehegtheid aan ouers voorsien adolessente van 'n veilige basis waarvandaan hulle hul wêreld kan verken en toenemende sosiale eise kan bemeester (Wolfe & Mash, 2008:11). Adolessente se ontrekkingsgedrag het ten doel om die soeke na die self (identiteitsdefiniëring) te fasiliteer (Grobler, 1997:162). Dit bied 'n geleentheid tot persoonlike refleksie en selfontdekking (Wolfe & Mash, 2008:30). Volgens Louw, Louw en Ferns (2007:334) is die distansiëringseffek en konflik met ouers, net tydelik en impliseer nie noodwendig dat adolessente se gevoelens vir hulle ouers afneem nie. Konflik ondermyn nie noodwendig die liefdesband tussen ouers en adolessente nie, maar is dikwels onvermydelik en nodig vir persoonlike groei (Papalia, *et al.*, 2006:477; Thom, *et al.*, 2004:450). Volgens Conger (in Louw, Louw & Ferns, 2007:329) kan twee dimensies van ouergedrag in die ouer-adolessent verhouding onderskei word:

- Die *liefde-vyandigheid-dimensie*: Liefdevolle optrede van ouers word deur aanvaarding, begrip, liefde en vertroue gekenmerk. Vyandige optrede, verwaarlosing of verwerping word deur swak sosiale verhoudings en gedragsprobleme gekenmerk.
- Die *outonomie-beheer-dimensie* verwys na ouers wat die adolessente realistiese vryheid toelaat teenoor ander ouers wat uitermate streng beheer uitoefen. Realistiese vryheid bied aan adolessente selfvertroue, gesonde selfagting en verantwoordelike selfstandige gedrag. Outoritêre ouers ervaar selde 'n behoefte om met adolessente te kommunikeer en in interaksie met hulle te tree. Die navorser is van mening dat hierdie adolessente hul onafhanklike vaardighede vir probleemoplossings onderdruk en gekenmerk word deur 'n gebrek aan selfvertroue, kreatiwiteit en inisiatief.

### 4.5.2 Portuurgroepverhoudinge

Aangesien sosiale ontwikkeling binne die grense van die gemeenskap plaasvind, sal die adolessente aan hul portuurgroep blootgestel word (Micucci, 2009:54; Wolfe & Mash, 2008:14; Gil & Campbell, 1996:46). Interaksie met die portuurgroep speel 'n belangrike rol in hul psigososiale ontwikkeling (Mash & Wolfe, 2008:163; Thom, *et al.*, 2004:454). Volgens Seltzer (2009:47) en Louw, Louw en Ferns (2007:330) het adolessente 'n intense behoefte om *"te behoort"*.

Alhoewel die portuurgroep 'n positiewe doel dien, kan dit ook 'n negatiewe invloed op adolessente uitoefen (Wolfe & Mash, 2008:14; Musse, *et al.*, 1984:495). Mishandelde adolessente se ontwikkeling kan ernstig belemmer word indien hulle deur die portuurgroep verwerp word, in antisosiale gedrag betrokke raak of oorweldig word deur die portuurgroepkohesie en -konformering (Seltzer, 2009:47; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:753; Gil & Campbell, 1996:47). Volgens Grobler (1997:159) is die resultaat dikwels, 'n beperking van individualiteit en identiteitsvorming. Die navorser sluit by Gil en Campbell (1996:48) aan dat die portuurgroep die selfkonsep en selfagting van adolessente kan beskadig. Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente se selfbewuste ervaring van skuld en skaamte negatief beïnvloed word wanneer hulle deur die portuurgroep verwerp word.

#### 4.5.2.1 Konformering

Konformering met die portuurgroep bied die adolessente 'n mate van sekuriteit en 'n gevoel van veiligheid in hul strewe na outonomie (Seltzer, 2009:47; Wolfe & Mash, 2008:14; Thom, *et al.*, 2004:457). Dit bied aan adolessente geleentheid om 'n eie geïnternaliseerde waardestelsel op te bou wat 'n positiewe effek op identiteitsvorming het (De Jongh van Arkel, 1989:105). Hierdeur verkry adolessente die geleentheid om deur kommunikasie, interpersoonlike vaardighede en rol-eksperimentering meer sosiaal doeltreffend te funksioneer (Papalia, *et al.*, 2006:479). Oormatige konformiteit kan egter 'n negatiewe invloed wees op identiteitsontwikkeling en die ontwikkeling van outonomie (Cooper*, et al.*, 2009:6; Wolfe & Mash, 2008:29; Thom, *et al.*, 2004:458).

#### 4.5.2.2 Vriendskappe

Vriendskapsverhoudinge tydens adolessensie word deur lojaliteit gekenmerk (Wolfe & Mash, 2008:29). Selfopenbaring en eerlike kommunikasie tussen hegte vriende skep vir die adolessente geleentheid om nie net hulself te leer ken nie, maar ook om sensitief te wees teenoor ander (Thom, *et al.*, 2004:460). Dit vervul 'n belangrike rol in die identiteitsontwikkeling en ontwikkeling van empatie (Papalia, *et al.*, 2006:480). Die adolessente se behoefte om "te behoort" en kognitiewe ontwikkeling is verantwoordelik vir die ontwikkeling van empatiese vermoëns (Louw, Louw & Ferns, 2007:333). Ander se gevoelens en perspektiewe word toenemend in ag geneem. Die begrip en insig vir ander dra tot die vorming van hegte vriendskapsbande by (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:753; Thom, *et al.*, 2004:461).

#### 4.5.2.3 Romantiese verhoudings

Een van die belangrike sosiale verskuiwings tydens adolessensie behels die ontwikkeling van romantiese verhoudings. Namate adolessente meer bewus van hul eie identiteit word en in staat is om meer onafhanklik op te tree, neem die graad van intimiteit en emosionele intensiteit tussen hegte vriende af (Thom, *et al.*, 2004:461). Romantiese verhoudings word tydens laat-adolessensie meer belangrik as vriendskappe (Louw, Louw & Ferns, 2007:334). Volgens Micucci (2009:54) en Papalia, *et al.* (2006:481) sien adolessente hulle romantiese gebondenheid in terme van 'n gevoel van sekuriteit óf onsekerheid, wat bepaal word deur hulle ervaring in vorige verhoudinge met ouers en vriende. Indien die interaksie in romantiese verhoudings positief ervaar word, sal adolessente 'n positiewe selfbeeld ontwikkel (Berk in Thom, *et al.*, 2004:462). Mishandelde adolessente wat voortdurend hul eiewaarde moet bewys of vernedering ervaar in romantiese verhoudings, is meer geneig tot losbandige en seksuele gedrag om sodoende erkenning te verkry (Micucci, 2009:54; Wolfe & Mash, 2008:15).

## 4.6 MORELE- EN SEDELIKE-NORMATIEWE ONTWIKKELING

Aangesien adolessente se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, verskaf 'n persoonlike waardestelsel die riglyn vir gedrag en help dit om sosiale en morele

verantwoordelike gedrag uit te oefen (Louw, Louw & Ferns, 2007:340; Papalia, *et al.*, 2006:444). Die verband tussen die mishandelde adolessente se morele emosie en morele gedrag word breedvoerig in 6.5 en 7.3 bespreek. Skuld en skaamte ontwikkel as morele emosies deur die diskrepansie tussen standaarde (moreel of sosiaal voorgeskrewe) en aspekte van mishandelde adolessente se ervaring van die self en hul gedrag (Silfver-Kuhalampi, 2008:9; Tangney, 2003:385; Tangney, *et al.,* 1998:256). Die kognitiewe vermoë van die adolessente om abstrak (formeel-operasioneel) te dink en hipoteties-deduktief te redeneer, stel hulle in staat om oor alternatiewe waardes te dink en hul konsekwensies te evalueer (Seltzer, 2009:38; Grobler, 1997:168). Ten einde 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel, moet die adolessente hul bestaande waardes bevraagteken en besluite rondom waardes wat vir hulle aanvaarbaar is neem (Louw, Louw & Ferns, 2007:340).

### 4.6.1 Basiese konsepte tydens die ontwikkeling van moraliteit

Morele ontwikkeling behels 'n werkbare etiese sisteem van morele begrippe en waardes, wat as gedragslyn vir mishandelde adolessente kan dien (Shelton, 1984:196-202; Atwater, 1983:254). Moraliteit omvat 'n normatiewe dimensie en kognitiewe vermoëns wat die adolessente in staat stel om hul eie beginsels en idees te vorm oor wat reg en verkeerd is (Thom, *et al.*, 2004:472; Reber & Reber, 2001:444; Gil & Campbell, 1996:33). Volgens Silfver-Kuhalampi (2008:10) en Fang en Chiou (2007:1319) sal mishandelde adolessente se morele emosie 'n aanduidende effek in hul morele ontwikkeling toon. Volgens Sigelman en Rider (2008:382) is daar drie basiese konsepte tydens die ontwikkeling van moraliteit:

- Die *affektiewe en emosionele komponent* bestaan uit die gevoel of emosie (soos skuld en skaamte) wat adolessente ervaar van reg of verkeerde aksies wat hul morele denke en aksies motiveer.
- Die *kognitiewe komponent* sentreer rondom die konseptualisering van reg en verkeerde besluite wat adolessente neem vir hul optrede, in oorleg met hul sosiaal-kognitiewe vermoë.
- Die *behavioristiese komponent* reflekteer die gedrag en optrede van adolessente. Wanneer die adolessente, byvoorbeeld iemand vergewe sal

morele gedrag na vore tree. Vergifnis is gedeeltelik afhanklik van die adolessente se kognitiewe en affektiewe karakter binne hul morele emosie (Pattison, 2000:210; Walrond-Skinner, 1998:13).

Die navorser is van mening dat empatie die wortel van morele gedrag in intra- en interpersoonlike verhoudinge is. Deur abstrakte en komplekse denke kan mishandelde adolessente die vermoë ontwikkel om empatie te ervaar (Louw, Louw & Ferns, 2007:319). Empatie voorsien vir beide morele emosie en morele redenering 'n basis wanneer dit gekombineer word met kognitiewe elemente en sosiale ervaring (Beech, Craig & Browne, 2009:441; Sigelman & Rider, 2008:382).

### 4.6.2 Kohlberg se morele ontwikkelingsteorie

Kohlberg se ontwikkelingsteorie reflekteer 'n meer komplekse intellektuele ontwikkeling as Piaget se heteronome en outonome ontwikkelingsvlakke (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:325; Papalia, *et al.*, 2006:444; Tangney & Dearing, 2004:131). Kohlberg beskryf 'n deurlopende morele ontwikkeling wat 'n klimaks in universele etiese beginsels bereik (Strom & Strom, 2009:396). Volgens die kognitiewe ontwikkelingsteorie neem die adolessente nie net eksterne morele beginsels in en internaliseer dit nie, maar rekonstrueer en produseer hul eie morele konsepte. Mishandelde adolessente sal hul gedrag nie net beoordeel op die basis van die samelewing se bestaande norme nie, maar ook volgens hul eie gewete of geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels.

#### 4.6.2.1 Ontwikkeling van morele oordeel en redenering

Die fokus in Kohlberg se teorie val op die aard van die morele redeneringsprosesse (denkstrukture) wat besluitneming (morele respons) voorafgaan (Strom & Strom, 2009:397). Volgens Kohlberg (1978:83-87) vind die ontwikkeling van morele oordeel en redenering op drie vlakke plaas, te wete die *prekonvensionele*, *konvensionele* en *postkonvensionele* vlakke, terwyl elke vlak uit twee stadia bestaan. Adolessente se morele oordele en handelinge ontwikkel volgens 'n bepaalde volgorde van een fase na 'n ander, en fases word nie oorgeslaan nie (Louw, Louw & Ferns, 2007:341).

Net soos Piaget, stel Kohlberg dat elke opeenvolgende stadium vanuit die voorafgaande ontwikkel en dit vervang, sonder dat daar 'n bepaalde ouderdom aan die verskillende fases verbind word. 'n Persoon kan dus nie na 'n vroeëre stadium regresseer nadat hy 'n hoër stadium bereik het nie. Thom, *et al.* (2004:465) stel dat die meeste adolessente en volwassenes wel die potensiaal om die postkonvensionele vlak (Vlak III) te bereik besit, maar meestal nie verder as die konvensionele vlak (Vlak II) ontwikkel nie. Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling kan soos volg saamgevat word (Strom & Strom, 2009:397; Sigelman & Rider, 2008:382-384; Fang & Chiou, 2007:1318; Louw*, et al.*, 2007:341-345; Papalia, *et al.*, 2006:444-447; Thom, *et al.*, 2004:465-468):

**Tabel 4.3 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling**

| Vlakke | Stadium | Gedrag |
|---|---|---|
| **Vlak I:**<br>Prekonvensionele vlak | **Stadium 1:**<br>Heteronome moraliteit: straf-en-gehoorsaamheidsoriëntasie | Onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan outoriteitsfigure.<br>Reëls word gehoorsaam om straf te vermy. |
| | **Stadium 2:**<br>Individualistiese moraliteit: instrumentele doel en uitruiling | Optrede in eie belang en tot eie voordeel: laat ander toe om dieselfde te doen.<br>Reëls word gehoorsaam om beloning te ontvang. |
| **Vlak II:**<br>Konvensionele vlak | **Stadium 3:**<br>Moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit: goeie seun-meisie-oriëntasie | Konformering met stereotipe gedrag van die meerderheid: gerig op hulpverlening en goedkeuring.<br>Reëls word gehoorsaam om aanvaar te word en verwerping te voorkom. |
| | **Stadium 4:**<br>Moraliteit van sosiale sisteme en gewete: 'n wet-en-orde-oriëntasie | Handhawing van 'n sosiale perspektief, respek vir gesag en pligsvervulling ter ondersteuning van die sosiale orde.<br>Individue aanvaar reëls omdat hulle daarmee identifiseer en dit navolg om sosiale orde te handhaaf. |
| **Vlak III:**<br>Postkonvensionele vlak | **Stadium 5:**<br>Moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte | Pro-sosiale morele redenering en morele besluitneming op 'n meer abstrakte vlak: ongeregverdigde reëls en regulasies word uitgedaag.<br>Reëls word beskou as kontraktuele verbintenisse om die reg van die individu te beskerm. |
| | **Stadium 6:**<br>Moraliteit van universele etiese beginsels | Universeel-etiese beginsels rig die gewete en gedrag: Kohlberg beskou dit as 'n teoretiese stadium aangesien weinig mense tot op hierdie vlak vorder.<br>'n Persoon handel volgens geïnternaliseerde beginsels op grond van universele waardes. |

- ***Vlak I - Prekonvensionele vlak***

  Die prekonvensionele vlak van morele ontwikkeling is veral kenmerkend van die middelkinderjare. Om die prekonvensionele vlak van moraliteit te bereik, moet die vlak van formele operasies bereik word. Kinders konformeer met reëls ten einde straf te vermy en beloning te verkry.

  ***Stadium 1 – Heteronome moraliteit: straf-en-gehoorsaamheids-oriëntasie***

  In stadium 1 handel dit oor die gehoorsaamheid aan reëls om straf en negatiewe gevolge te vermy. Gedrag word egter nie as verkeerd beskou as dit nie ontdek en gestraf word nie.

  ***Stadium 2 – Individualistiese moraliteit: instrumentele doel en uitruiling***

  Stadium 2 word gekenmerk deur 'n instrumentele gerigtheid. Gedurende die stadium ontwikkel die bewustheid dat verskillende mense verskillende standpunte oor morele dilemmas kan hê. Nakoming van reëls is belangrik, indien dit in iemand se onmiddellike belang is. Reëls word gehoorsaam om beloning of gunste te verkry en persoonlike behoeftes te bevredig.

- ***Vlak II - Konvensionele vlak***

  Die konvensionele vlak van morele ontwikkeling word gekenmerk deur reëlkonformering. Konformering aan interpersoonlike verwagtings en verhoudings volgens die sosiale orde en gewete is belangrik. Dit impliseer eksterne beheer van morele standaarde. Die individu is gewoonlik lojaal teenoor die sosiale orde en ondersteun en regverdig dit. Handhawing van gevestigde norme word beskou as 'n morele plig om positiewe menseverhoudings in 'n ordelike samelewing te verseker.

  ***Stadium 3 – Moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit: goeie seun/meisie oriëntasie***

  Stadium 3 behels gehoorsaamheid aan reëls met die oog op aanvaarding (goedkeuring) en vermyding van verwerping. "Goeie" gedrag is gedrag wat ander tevrede stel en hulp aan ander verleen. Gedrag word beoordeel in

terme van ’n persoon se motiewe. Goeie gedrag word beskou as gedrag wat deur ander goedgekeur word om sodoende kritiek te vermy.

***Stadium 4 – Moraliteit van sosiale sisteme en gewete: ’n wet-en-orde-oriëntasie***

In stadium 4 behels aanvaarding van reëls omdat die individu daarmee identifiseer en dit as noodsaaklik vir die handhawing van die samelewing beskou. Respek en ontsag vir outoriteit, pligsvervulling en handhawing van bestaande sosiale wet en orde speel ’n belangrike motiverende rol. Gedrag is verkeerd (immoreel) wanneer dit die samelewing se wette en reëls oortree of iemand anders benadeel.

- ***Vlak III - Postkonvensionele vlak***

Die postkonvensionele vlak van morele ontwikkeling is die hoogste vlak van morele ontwikkeling. Alternatiewe morele beginsels word erken en die sosio-politieke waardes van gesagsfigure word nie meer onvoorwaardelik aanvaar nie. Dit behels ’n groeiende bewustheid van selfaanvaarde of outonome morele waardes en beginsels. Alhoewel die individu bewus van sy persoonlike waardes en menings is, sal hy wel konformeer met die vasgestelde sosiale norme indien dit die welsyn van ander bevorder.

***Stadium 5 – Moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte***

Stadium 5 van die postkonvensionele vlak word gekenmerk deur ’n oriëntasie gegrond op sosiale ooreenkoms. Morele of immorele gedrag word gedefinieer in terme van *“demokraties-bepaalde aspekte van reg en verkeerd”* (wette of vasgestelde reëls) wat verband hou met algemene regte en standaarde. Hierdie reëls word as kontraktuele ooreenkomste beskou wat ten doel het om die individu se regte te beskerm en algemene welsyn te bevorder. Tog is die reëls relatief en kan dit deur middel van sosiale konsensus verander, as die verandering rasioneel en sosiaal verantwoordbaar is. Indien daar konflik tussen die individu se standaarde en die vasgelegde reëls of wette bestaan, sal laasgenoemde aanvaar word, omdat die siening bestaan dat dit moreel verpligtend is om die samelewing se reëls te handhaaf.

***Stadium 6 – Moraliteit van universele etiese beginsels***

Stadium 6 behels 'n oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels. Individue beoordeel gedrag nie net in terme van sosiale en bestaande norme nie, maar ook volgens hul eie gewete of geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels wat op geregtigheid, gelykheid van menseregte en respek vir die waardigheid van die individu berus. Die persoon wat hierdie vlak bereik, tree vanuit 'n gewetensmotivering en geïnternaliseerde universele beginsels op, ongeag ander se reaksies. Indien nie so opgetree word nie, word skuldgevoelens ervaar en selfveroordeling van eie optrede.

#### 4.6.2.2 Bereiking van hoër vlakke van morele redenering

Hoër vlakke van morele ontwikkeling vind plaas wanneer mishandelde adolessente nie gedwing word om te konformeer nie, maar toegelaat word om bestaande morele beginsels deur te werk en hul eie morele konsepte te vorm (Gil & Campbell, 1996:34). Volgens Louw, Louw en Ferns (2007:343) is dit belangrik om te verstaan dat die stadium of vlak van 'n persoon se morele beoordeling nie bepaal word deur enige spesifieke morele *keuse* nie, maar eerder die *vorm van redenering* wat gebruik word om morele antwoorde te regverdig. Volgens Kohlberg (in Thom, *et al*., 2004:468) is veral twee faktore by die bereiking van hoër vlakke van morele redenering betrokke:

- **Kognitief-morele konflik.** Wanneer mishandelde adolessente blootgestel word aan morele redenering wat van hul eie morele sienings verskil, word hulle bewus van sekere teenstrydighede in hul waardestruktuur. Kognitief-morele disekwilibrium of wanbalans ontstaan wat kognitiewe spanning veroorsaak en hulle motiveer om teenstrydighede uit die weg te ruim.
- **Rolaanvaarding.** Rolaanvaardingsvaardighede word bevorder deur aktiewe deelname in 'n groep. Kognitiewe disekwilibrium kan ontstaan indien 'n verskeidenheid sienings van morele waardes in 'n groep van die mishandelde adolessente se eie sienings verskil. Die kognitiewe disekwilibrium kan opgelos word indien die adolessente hul bestaande morele waardes wysig deur die sienings of waardestelsels van die groep te inkorporeer.

Alhoewel Kohlberg se teorie toepaslik in die ontwikkeling van moraliteit is, kan bepaalde punte van kritiek gehandhaaf word (Louw, Louw & Ferns, 2007:344; Thom, *et al*., 2004:470; De Klerk, 1999:29; DeRoche & Williams, 1998:9; Meyer & Van Ede, 1998:470; Peters, 1998:58; Papalia & Olds, 1995:404-405).. Die navorser maak slegs melding van die kritiek, sonder om dit in detail binne die beperkte omvang van die hoofstuk te bespreek.

### 4.6.3 Faktore wat morele ontwikkeling tydens adolessensie beïnvloed

Morele standaarde verteenwoordig die mishandelde adolessente se kennis en internalisering van morele norme en waardes (Silfver-Kuhalampi, 2008:33). Die volgende faktore kan morele ontwikkeling tydens adolessensie beïnvloed:

- **Kognitiewe ontwikkeling:** Die formeel-operasionele denkvermoë van die adolessente om ŉ hipotese te formuleer, om sekere afleidings te maak en om abstrak te dink, stel hulle in staat om alternatiewe waardes te oorweeg en dit rasioneel te ondersoek (Berger in Thom, *et al*., 2004:472; Spilka, *et al*., 2003:117). Dit stel adolessente in staat om ook uit ŉ ander se perspektief na ŉ situasie te kyk en ŉ persoonlike waardestelsel te ontwikkel.
- **Houdings en optrede van ouers:** Alhoewel die persepsie bestaan dat die adolessentefase "storm-en-drang-jare" kan wees, stem die meeste adolessente se waardes met dié van hul ouers ooreen (Meyer, 1998:30). Ouers wat warm en liefdevol is en goeie rolmodelle vir morele gedrag is, bevorder volwasse morele ontwikkeling by die adolessente (Berk in Thom, *et al*., 2004:472). Die internalisering van morele waardes hang dus in ŉ groot mate van die adolessente se verhouding met hul ouers af (Thom, *et al*., 2004:472; Spilka, *et al*., 2003:108).
- **Portuurinteraksie:** Interaksie met verskillende standpunte van die portuurgroep bevorder onafhanklike morele ontwikkeling (Thom, *et al*., 2004:472; Spilka, *et al*., 2003:116).
- **Godsdiens:** Adolessente se houdings teenoor godsdiens en geloof kan ŉ wesenlike invloed op hul morele ontwikkeling en gedrag uitoefen (Hauser in Thom, *et al*., 2004:473). Adolessente wat godsdienstig is, toon groter morele verantwoordelikheid as nie-godsdienstige adolessente (Thom, 1992:431).

Hulle sien hul toekoms en dié van die mensdom as voorspelbaar en seker; hulle is minder angstig en ervaar meer sekuriteit; hulle identifiseer in 'n groter mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag en voorhuwelikse geslagsgemeenskap, alkohol- en dwelmgebruik kom minder by hulle voor (Thom, *et al.*, 2004:473).

- **Sosio-ekonomiese status:** Snarey (in Louw, Louw & Ferns, 2007:346) se kruiskulturele studies van morele ontwikkeling het, in ooreenstemming met Kohlberg se teorie, aangedui dat persone uit die middelklas geneig is om hoër stadiums van morele ontwikkeling te bereik as persone van laer sosio-ekonomiese klasse.

### 4.6.4 Veranderinge in morele ontwikkeling van adolessente

Morele ontwikkeling word beïnvloed deur mishandelde adolessente se ervaring van geregtigheid, reg en verkeerd, en regverdigheid. Alhoewel adolessente die vermoë om morele verandering te doen en hul eie morele standaard daar te stel besit, is dit 'n veeleisende taak wat spanning skep (Green, 2004:255). Volgens Parrott (2000:24) sal adolessente moraliteit ontwikkel wat meer gebaseer is op sosiale verwagtinge en respek vir ander en minder op hul eie begeertes. Die volgende basiese veranderinge kan in die morele ontwikkeling van adolessente plaasvind (Parrott, 2000:24):

- Adolessente dink meer abstrak en minder konkreet;
- is meer besorg oor dit wat reg is en minder besorg oor dit wat verkeerd is;
- is meer kognitief en minder emosioneel;
- is meer altruïsties en minder egosentries;
- is meer gewillig om emosionele energie aan te wend op morele sake.

### 4.6.5 Kenmerke van morele onvolwassenheid by adolessente

Nie alle adolessente bereik morele volwassenheid nie. Morele onvolwassenheid word veral deur twee aspekte gekenmerk (Louw, Louw & Ferns, 2007:346):

- *Egosentrisme.* Egosentriese adolessente besit nie die vermoë om sake vanuit 'n ander se standpunt of perspektief te sien nie. Hulle sal byvoorbeeld slegs dit wat vir hulself belangrik is en tot hul eie voordeel strek, in hul morele redenering oorweeg.
- *Heteronome aanvaarding van ander se waardestelsels.* Adolessente wat onder die gesag of outoriteit van ander se waardes leef, kan nie outonoom of onafhanklik 'n eie waardestelsel waaraan hulle getrou kan wees vorm nie.

## 4.7 ONTWIKKELING VAN GELOOF BY ADOLESSENTE

Die kognitiewe ontwikkeling van abstrakte denke motiveer adolessente se ontwikkeling van godsdiens en geloof (Lerner & Steinberg, 2009:441; Thom *et al.,* 2004:473). Mishandelde adolessente bevraagteken geloofsoortuigings en herevalueer geloofsisteme om antwoorde te vind op geloofsvrae en religieuse waardes, waarvolgens hul godsdienstige oortuiginge en lewensfilosofieë kan ontwikkel (Balk & Corr, 2009:15; Murray, *et al.*, 2007:223; Kaplan, 2000:490; Grobler, 1997:61; Gil & Campbell, 1996:28; Collins, 2005:187; Narramore 1980:41). In die navorsing blyk dit dat die religieuse en godsdienstige ontwikkeling van mishandelde adolessente positief of negatief beïnvloed word deur mishandeling.

### 4.7.1 Spiritualiteit tydens adolessensie

Verskeie intra-psigiese en psigososiale faktore, wat in korrelasie plaasvind, het 'n effek op die religieuse ontwikkeling van mishandelde adolessente (Lerner & Steinberg, 2009:446). Volgens Lerner en Steinberg (2009:446) en Kuitert (1988b:53) is daar 'n wederkerige beïnvloeding van religie (geloof) en die sosiokulturele sisteem op die spiritualiteitsontwikkeling van adolessente. Piedmont (in Murray & Ciarrocchi, 2007:25; Murray, *et al.*, 2007:223) beskryf die onderskeid tussen religie en spiritualiteit soos volg:

- *Religie* word gevorm deur die gemeenskap en/of sosiale struktuur waarbinne die adolessente funksioneer.
- *Spiritualiteit* is die adolessente se persoonlike verhouding tot God.

Spiritualiteit kan nie as ’n geslote sisteem in die ontwikkeling van mishandelde adolessente bestaan nie, maar moet in totaliteit bestudeer word (Jonker, 1989:289; Louw, 1989:5). Die navorser ondersteun die siening dat die ontwikkeling van spiritualiteit by adolessente ’n komplekse holistiese ontwikkelingsproses is wat al die faktore van die adolessente se ontwikkeling omsluit. Spiritualiteit kan as ’n dinamiese ontwikkelingsgebeure gekenmerk word deur kontinue veranderinge, progressiewe beweging tot toenemende differensiasie, integrasie en kompleksiteit, teleïtiewe gerigtheid, groei, rypheid en ’n ekologies-interaksionele dinamika. Volgens Olivier (1995:4), Louw (1989:7) en Kuitert (1988a:61-62) is spiritualiteit ’n bestaanstoestand en ’n lewenswyse.

#### 4.7.1.1 Spiritualiteit binne ’n bepaalde tradisie en kultuur

Die inhoud van spiritualiteit moet binne die perspektief van ’n bepaalde tradisie en kultuur verstaan word, omdat dit nie los staan van die ekosistemiese verbande en verwante geloofsproposisies waarin dit ontwikkel nie (Balk & Corr, 2009:15; Lerner & Steinberg, 2009:447; Küng, 1991:117). Volgens Küng (1991:212) vind spiritualiteit altyd in die ontmoeting met God plaas. Buite die spirituele (*geloof*) om, kan God se stem nie gehoor word nie en God se teenwoordigheid in hierdie wêreld nie ontdek word nie (Heyns & Jonker, 1977:181). Volgens Calvyn (1984:811) is die religiositeit van die mens gesetel in die *semen religionis* wat na die sondeval in die mens oorgebly het.

#### 4.7.1.2 Religieuse en psigososiale dimensie van spiritualiteit

Die verhouding tussen die religieuse en psigososiale dimensie sal neerslag in die adolessente se spiritualiteitsontwikkeling vind (Grobler, 1997:235). Spiritualiteit is die wyse waarop die persoonlike relasie tot God ervaar word en waarop daar aan hierdie relasie uitdrukking gegee word (Dingemans, 1991:151; Tillich, 1957:318). Spiritualiteit sentreer rondom ’n persoon se kognitiewe, affektiewe en sosiale gerigtheid binne die kader van die verhouding tot God, die self en die wêreld (Murray, *et al*. 2007:223; Smith, 1995:15; Berkhof, 1990:10).

Mishandelde adolessente vorm hul spiritualiteit op grond van gevarieerde inligting wat verkry is en ervaring wat beleef word (Micucci, 2009:49;

Dingemans, 1991:36). Volgens Kloepfer (1991:94) behels dit *"... the process of becoming open to new connections between and among the various spheres, dimensions, and ranges of one's formation field".* Ervaring kan as 'n "*gevoel van kontak*" en 'n "*interpersoonlike ontmoeting met die bonatuurlike*" gedefinieer word (Vergote, 1984:112). Die Absolute kan nooit los van die ervaringswêreld geken of beleef word nie (Berkhof, 1990:9). Volgens Dingemans (1991:37) kan ervaring tipeer word as "*geïnterpreteerde werklikheidsbelewing*" en 'n "*reaksie wat van God op die mens af kom*" en nie 'n "*vrome ritseling van die gemoed*" nie. Die navorser is van mening dat spiritualiteit, as 'n dinamiese en nie-statiese fenomeen, in gedurige interaksie met God, die self en die wêreld is.

#### 4.7.1.3 Progressiewe ontwikkeling van spiritualiteit

Spiritualiteit ontwikkel by adolessente op 'n progressiewe wyse deur verskeie stadia of fases (Micucci, 2009:49; Moore, 1988:83-100).

- Die eerste fase is die *suiweringsfase*, waartydens die individu van negatiewe selfkomponente, soos 'n lae selfbeeld en selfbedrog ontslae raak, en tot 'n waardering van sy eie individuele uniekheid ontwikkel.
- Die tweede fase is die *illuminasiefase*, waartydens adolessente op die self vanuit 'n teologiese perspektief begin fokus. 'n Positiewe selfbeeld word vanuit 'n persoonlike ervaring met God gevorm waarin God se liefde en aanvaarding 'n dominante rol speel.
- Die derde fase behels 'n beweging vanaf die *eenheidservaring* met God na solidariteit met ander. Die integrasiegerigtheid van spiritualiteit op die wêreld en die daadkarakter van spiritualiteit word hier sterk beklemtoon.

In teenstelling met die klem op die self- en identiteitsdefiniëringbenadering van Moore, stel Karl Barth dat spiritualiteit op progressiewe wyse in 'n verhouding met God deur Jesus Christus, na die self en na ander toe tot stand kom (Dingemans, 1991:61-62). Vergifnis is 'n komplekse fenomeen wat sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring betrek en 'n uitdaging vir die integrasie voorsien (Ysseldyk & Matheson, 2008:145; Aponte, 1998:37).

### 4.7.2 Godsdiens en geloof tydens adolessensie

Godsdiens en geloof kan binne die verhouding tot God, die self en die wêreld omskryf word (Lerner & Steinberg, 2009:459; Berkhof, 1990:10). Mishandelde adolessente bestaan binne 'n konkrete veld van ervaring en 'n spesifieke historiese situasie waar geloof nie abstrak is nie, maar die adolessente se idees omtrent hul oorsprong, bestaan en uiteindelike bestemming onderskryf (Gouws, *et al.,* 2000:116; Louw, 1999b:50). Volgens die navorser behels geloof die ervaring van God, wat korreleer met 'n persepsie dat God 'n persoonlike God is wat in die mishandelde adolessente se lewe betrokke is.

#### 4.7.2.1 Geloof as 'n bewuste verhouding

Die bewuste verhouding met God moet vanuit 'n holistiese teologies-psigologiese perspektief in terme van die mishandelde adolessente se unieke persoonlikheid en individualiteit verstaan word (De Jongh van Arkel, 1987:218; Knox, 1975:651). Geloof handel oor 'n verhouding tussen die persoon wat glo en *"die inhoud van sy glo*" (Jordaan & Jordaan, 1984:766). Dit behels 'n *kognitiewe komponent* (begrip van godsdiens), 'n *ervaringsdimensie* (emosionele belewenisse, gevoel van verbondenheid) en 'n *ideologiese komponent* (moreel-etiese oortuigings en waardes) (Jordaan & Jordaan, 1984: 782-783). Die navorser sluit by Küng (1991:117) aan dat geloof nie net handel oor teologies-kognitiewe waarhede en dogmas nie, maar oor 'n persoonlike relasie met die trinitariese God. Die verhouding waarin die adolessente tot God staan, word beskou as die sentraal regulerende verhouding waarvolgens alle gedragswyses van die adolessente gerig word (Browning, *et al.*, 2004:59; Smit, 1975:64; Heyns, 1970:100; Berkhof, 1969:28).

#### 4.7.2.2 Godsdiens affiliasies en belewenisse

Die religieuse ontwikkeling van mishandelde adolessente pas binne die raamwerk van persoonlike geloofsbelewenis en gedragspatrone van 'n geloofsgemeenskap (Balk & Corr, 2009:15; Knox, 1975:650). Volgens De Jongh van Arkel (1989:107) wil adolessente hulle religieuse affiliasies en belewenisse ervaar en 'n bepaalde behoefte bevredig. Om dié rede kan geloofsgroei as 'n

refleksie van kognitiewe (formeel-operasionele) redenering gesien word waardeur adolessente bestaande geloofsopvattings evalueer en diskrepansies kan uitwys (Lerner & Steinberg, 2009:445).

Bevraagtekening en kritiese refleksie manifesteer veral in kritiek teen die formele en geïnstitusionaliseerde aspekte van die godsdiens (Dreyer, 1981:84). ŉ Afname in positiewe houding teenoor die kerk met gepaardgaande afname in betrokkenheid en aktiwiteite is kenmerkend tydens adolessensie (De Jongh van Arkel, 1989:107; Narramore, 1980:130). Die optrede word as ŉ inherente deel van die proses om los te kom van ouerlike gesag gesien en kan in verplaasde aggressie teen die kerk of in ŉ tipe religieuse vervreemding neerslag vind (Narramore, 1980:43, 130). Potvin en Lee (in Grobler, 1997:193) beskryf die proses van godsdiensontwikkeling soos volg.

- Tydens **vroeë adolessensie** *identifiseer* die adolessente met hul ouers se godsdiens en is die invloed van die portuurgroep in hierdie stadium minimaal.
- Tydens **middel-adolessensie** word die portuurgroep se invloed groter, alhoewel die ouers se godsdienstige handelinge steeds adolessente se religieuse ontwikkeling beïnvloed. Adolessente begin om vanuit interne geloofsoortuigings die ouers se religieuse handelinge beoordeel. Saam met die portuurgroep begin ŉ *herinterpretasie* van geloofservarings.
- Tydens **laat-adolessensie** ruil die orde wat betref die verhouding tussen interne geloof en religieuse praktyke weer om. Die outonome religieuse handeling van adolessente, wat bepaal word vanuit ŉ religieuse styl wat saam met die portuurgroep gekonstrueer is, kom sterk na vore. Vanweë religieuse denke wat op ŉ meer abstrakte vlak plaasvind en adolessente wat hulle lewens in breër perspektief beskou, ervaar hulle God se nabyheid en betrokkenheid meer intens.

Die religieuse en spirituele ingesteldheid van mishandelde adolessente kan positief of negatief aan hul fisiese en geestelike gesondheid verbind word (Murray, *et al.*, 2007:223). Die geloofsontwikkeling wat adolessente ervaar, behoort ŉ geleentheid tot emosionele katarsis te wees. Die impak van mishandeling op geloofsontwikkeling en hoe geloof hiervolgens geëvalueer word, kan adolessente se ervaring van skuld en skaamte positief of negatief beïnvloed. Die navorser is van mening dat geloof aan mishandelde adolessente

ŉ lewensfilosofie kan bied wat belangrik vir singewing is. Dit het ŉ effek op sekuriteitsgevoelens en bring die mishandelde adolessente in kontak met God, wat deurentyd sekuriteit en ŉ anker kan bied in tye van lyding en lewensproblematiek.

### 4.7.3 Fowler se ontwikkeling van geloof

Fowler se korrelasieteorie bring mee dat geloof as ŉ empiriese verskynsel en interaksie tussen menslike gedrag en die omgewing bestudeer kan word (Papalia, *et al.*, 2006:449). Die ses stadia in Fowler se ontwikkeling van geloof reflekteer die ontwikkelingsteorieë van Piaget, Erikson en Kohlberg (Balk & Corr, 2009:16; Lerner & Steinberg, 2009:445; Papalia, *et al.*, 2006:449; Louw, 1999b:369-371; Dingemans, 1991:126-129). Die ontwikkeling van geloof by mishandelde adolessente kan in stadium 3 en 4, soos volg beskryf word:

- **Stadium 3: Sinteties-konvensionele geloof (puberteit tot vroeë volwassenheid)**

  Stadium 3 is adolessente sterk op hul sosiale omgewing georiënteer, aangesien identiteit deur verhoudings bevestig word. Hulle begin om meer abstrak oor geloofsake te dink, maar uiteenlopende standpunte en persoonlike lewenskrisisse word moeilik in terme daarvan verwerk (Louw, 1999b:371). Persoonlike mites en interpersoonlike perspektiewe ontstaan en dit word die paradigma (norm) vir waardes. Waardes word sterk ervaar en geartikuleer, maar vorm nog nie waardesisteme nie. Dit is die stadium van kritiese refleksie (Dingemans, 1991:127).

  Godsbeelde is nie meer antropomorfies nie, maar transendent (God is die heilige "Ander Een"). God word ontdek as die een wat die mishandelde adolessente persoonlik ken. Die stadium is konvensioneel, omdat daar gepoog word om die geloofsisteme van ŉ groter gemeenskap te ondersoek ten einde perspektief van geloof en waardes te verbreed. ŉ Sterk behoefte aan intimiteit asook om "êrens te behoort" ontwikkel. Outoriteit is buite die self gelokaliseer en daar word sterk op die gedrag, voorbeeld en leiding van andere gesteun (Downs, 1994:116). Simbool en betekenis word verwar en simbole word self as heilig aanvaar.

- **Stadium 4: Individualiserend-reflektiewe geloof (adolessensie tot vroeë volwassenheid)**

  Hierdie stadium word deur die kritiese ingesteldheid en evaluering van bestaande geloofsisteme en waardes gekenmerk. Die internalisering van geloof verskaf ’n gevoel en besef van persoonlike verantwoordelikheid vir besluitneming oor geloofsake (Louw, 1999b:371). Daar is ’n wegbeweeg van die belangrikheid van die gemeenskap in die vorige fase na keuses wat meer op persoonlike mening en voorkeure gegrond is. Hierdie stadium gaan dikwels met skuldgevoelens en verlies gepaard, omdat die gemeenskap wat vroeër as ondersteunend ervaar is die objek van kritiek word (Downs, 1994:117). ’n Losmaking van die eksterne betekenis van verhoudinge tree na vore met ’n groter fokus op eie identiteit.

  Die mishandelde adolessente word die outeurs van hul eie lewe. Implisiete waardes en betekenisse word vervang deur eksplisiete sisteme. Simbole word bevraagteken en los van hulle betekenisse geartikuleer. Kritiese ingesteldheid teenoor geloofswaarhede bring mee dat daar meer oor geloof nagedink word, sodat geloofswaarhede aan ’n proses van ontmitologisering onderwerp word.

- **Stadium 5: Paradoksaal-konsoliderende geloof (vroeë volwassenheid)**

  Die uitstaande kenmerk van hierdie stadium is integrasie en versoening van geloof. Dit word ’n dialektiese logika wat ruimte laat vir paradokse met die oog op die versoening tussen die eie siening en dié van ander. Gelowiges erken dat hul eie godsdienstige tradisie onvolledig en beperk is en het waardering vir ander geloofsisteme sonder om hul eie sisteem af te sweer. Dit is ’n herwinning en versterking van die oorspronklike geloof. Geloof begin om vrede met die paradokse in die lewe te maak; veral die paradoks dat God sowel transendent as immanent is. Simbole word weer met betekenisse geïntegreer, omdat die diepte van die werklikheid waarna dit verwys, besef word.

Die stadia van geloofsontwikkeling word deur ’n konstante volgorde wat hiërargies georden is en universeel voorkom gekenmerk. Volgens Fowler (1986:26-27) ontwikkel geloof deur differensiasie en integrasie na die volgende

stadium. Die mishandelde adolessente is interaksioneel-aktief betrokke in die ontwikkeling en periodes van ekwilibrium en disekwilibrium word met die oorgang na 'n volgende stadium afgewissel (Papalia, *et al.*, 2006:449). Ten spyte van verskille in geloofsinhoude, manifesteer sekere patrone van denke, begrip en evaluering tydens elke stadium. Ongeag die kronologiese ouderdom van 'n persoon, kan die ontwikkeling van geloof in enige stadium van Fowler se korrelasieteorie stagneer. Volgens Tamminen (1994:82) vertoon die religieuse ervaring van mishandelde adolessente 'n ontwikkelingsdinamika of oorgang vanaf *"... concrete, separate and external to more abstract, general, and internalised"* geloofservarings.

### 4.7.4 Ontwikkeling van geïntegreerde geloof

Mishandelde adolessente definieer hul geloof, waardes, houding en lewenstyl met die klem op eie ervaring. Die religieuse ontwikkeling van adolessente is die ervaring van God, wat met 'n persepsie dat God 'n persoonlike God is wat betrokke in die adolessente se lewe is korreleer (Lerner & Steinberg, 2009:446; Shelly, 1982:24-25). Dit vind neerslag in die adolessente se oorgang vanaf die kognitiewe geloofservaring in die verlede (kinderdae) na 'n persoonlik-affektiewe oriëntasie. Hulle ontwikkel 'n geïntegreerde geloof deur middel van die prosesse van affiliasie, personalisering en integrasie (Pattison, 2000:214). Jones (1987:51-52) beskryf die ontwikkeling van geloof vanaf die kindergeloof na 'n volwasse geloof as:

- die *affiliasieproses,* waar adolessente identifiseer met die waardes en geloof van betekenisvolle volwassenes en poog om deel van die volwasse geloofswêreld te wees;
- *personalisering,* waar adolessente poog om hul eie geloof en religieuse waardes te definieer. Onderskeiding van die kindertyd se geloofsvorming vind deur sommige adolessente se bevraagtekening, religieuse vervreemding en vyandigheid teenoor volwasse invloed plaas;
- *integrasieproses,* waar adolessente poog om die gepersonaliseerde geloof te integreer met die geloof wat in die kindertyd funksioneel was.

### 4.7.5 Kongruensie tussen gedrag en geloof

Vir mishandelde adolessente moet daar kongruensie tussen gedrag en geloof wees. Vanweë die ontwikkeling van formeel-operasionele denke (onderskeid tussen werklike en ideale) word hulle intens van teenstrydighede en inkonsekwenthede in gelowiges se geloofsinhoude en lewens bewus (Lerner & Steinberg, 2009:446). Dikwels begin adolessente twyfel omdat hulle nie God se goedheid en liefde met traumatiese gebeure in hul eie lewe of met lyding in die wêreld kan versoen nie (Pattison, 2000:214). Persoonlike en konkrete ervaring en die geldigheid van religieuse waarhede is vir mishandelde adolessente van groot belang (Louw, 1984:136). Volgens Grobler (1997:201) kan twyfel aanleiding gee tot een of meer reaksies soos erge ontwrigting en verwarring ten opsigte van die religieuse, radikale afname in die deelname aan godsdienstige gebruike, verwerping van geloofsproposisies, sinisme met betrekking tot alle geloofsinhoude en verskuiwing na 'n alternatiewe geloofsaffiliasie.

Mishandelde adolessente moet hul eie geïnternaliseerde morele kodes tussen die alternatiewe van die ouers se waardesisteem, die norme van die portuurgroep en wat as "Christelike" gedrag verstaan word ontwikkel (Lerner & Steinberg, 2009:459; De Jongh van Arkel, 1989:108). Daarom is die Christelike geloof en morele standaarde nie geabstraheerde substansies wat losgemaak kan word van die proses wat tydens adolessensie voltrek word nie (De Jongh van Arkel, 1989:108). Lerner en Steinberg (2009:462-465), Smith en Denton (in Lerner & Steinberg, 2009:463) en Thom, *et al*. (2004:473) beskryf die volgende eienskappe van godsdienstige adolessente:

- Hulle toon groter morele verantwoordelikheid;
- sien hul toekoms en dié van die mensdom as voorspelbaar en seker;
- ervaar minder angstigheid, depressie, eensaamheid en ervaar meer sekuriteit;
- identifiseer in 'n groter mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag;
- is positief tot die welstand van hul familie en gemeenskap ingestel;
- volg 'n gesonde leefstyl;
- is minder by misdaad betrokke;

- die gevoel van waardeloosheid verminder en selfmoordpogings kom minder voor;
- besit 'n positiewe selfbeeld en identiteitsontwikkeling.

## 4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van mishandelde adolessente, wat 'n aktiewe, dinamiese proses van voortdurende verandering is, bespreek. Die ontwikkeling van mishandelde adolessente word in die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* as 'n holistiese eenheid van liggaam, siel en gees benader. In die navorsing word die ontwikkeling in aanmerking geneem, omdat dit die mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis beïnvloed. Die ontwikkeling op verskillende terreine is 'n komplekse holistiese ontwikkelingsproses wat al die faktore van die adolessente se intra-psigiese en interpersoonlike ontwikkeling omsluit.

Die navorser het in hierdie hoofstuk die kontekstuele raamwerk vir die navorsing bespreek en spesifiek na laat-adolessente se liggaamlike en fisiologiese ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, moreel-etiese ontwikkeling en religieuse ontwikkeling verwys. Die bespreking van laat-adolessente se emosionele ontwikkeling sal in Hoofstuk 6 tydens die bespreking van skuld en skaamte gedoen word.

Ontwikkeling kan as die deurlopende en sistematiese veranderinge van die individu wat by konsepsie begin en by die dood eindig gedefinieer word. In die benadering tot adolessente is hulle erken as 'n deelnemer aan hul eie ontwikkeling, met ruimte vir individuele verskille. Puberteitsveranderinge vind tydens die eerste aantal jare van die adolessente stadium plaas wat deur uiterlike en liggaamlike veranderinge en inwendige fisiologiese veranderinge gekenmerk word. 'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief tot hul identiteitsontwikkeling bydra. Formeel-operasionele denke stel die adolessente in die vermoë tot abstrakte denke oor skuld en skaamte. Sosialisering van adolessente word hoofsaaklik deur die ouer-adolessent-verhouding, ouerskapstyl, ouergedrag en portuurgroepverhoudinge beïnvloed. Aangesien adolessente se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, verskaf 'n

morele waardestelsel die riglyn vir hul gedrag en help dit om sosiale en morele verantwoordelike gedrag uit te oefen. Moraliteit omvat 'n normatiewe dimensie en kognitiewe vermoëns wat die adolessent in staat stel om eie beginsels en idees oor wat reg en verkeerd is te vorm. Die kognitiewe ontwikkeling van abstrakte denke motiveer ook die adolessente se ontwikkeling van godsdiens en geloof.

In Hoofstuk 5 word aandag aan die komponente van mishandeling binne die konteks van 'n *pastorale Gestalt terapeutiese teorie* geskenk om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

# HOOFSTUK 5

# KONTEKSTUELE RAAMWERK VAN MISHANDELING BY LAAT-ADOLESSENTE

## 5.1 INLEIDING

Adolessente is aan mishandeling uitgelewer omdat hulle afhanklik van hul onmiddellike omgewing en sosiale konteks is (Keenan & Evans, 2009:36; Finkelhor & Dziuba-Leatherman, 1994:177). Dit is een van die mees traumatiese ervarings wat deur adolessente ervaar kan word en het ’n invloed op hul fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling (Hedges-Goettl, 2004:26). Mishandeling is nie tot ’n sekere sosiale klas of vlak van die gemeenskap beperk nie (Nevid, Rathus & Greene, 1997:549). Dit sny deur alle etniese, religieuse, sosiale en ekonomiese agtergronde (Wolfe & Mash, 2008:6; Gillis, 1999:143). Gesinsprobleme, spanning en geweld binne ’n disfunksionele samelewing dra tot die mishandeling van adolessente by (Cicchetti & Cohen, 2006:135; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:746; Prilleltensky, *et al.,* 2001:69). Gillis (1999:142) definieer mishandeling soos volg:


> *“... the intentional infliction of physical injury or emotional harm to a child, or the intentional hindering of a child’s optimal development by a parent or custodian, by failing to provide the necessary conditions for this development”.*

Dit is moeilik om ’n betroubare maatstaf van die hoeveelheid adolessente wat mishandel word te vind, omdat gevalle van mishandeling nie altyd gerapporteer word nie (Berry & Guthrie, 2003:30-35; Mash & Wolfe, 1999:534). Dikwels wil adolessente die mishandeling rapporteer, maar is in die algemeen bang dat niemand hulle sal glo of hulle sal help nie. Hulle mag bang wees vir die gevolge indien hulle daaroor sou praat, want gewoonlik word die adolessente gewaarsku en gedreig om dit nie bekend te maak nie (Hedges-Goettl, 2004:42; Kinnear, 2007:16). Adolessente word dikwels oortuig dat die mishandeling hulle eie skuld is en deur dit bekend te maak, sal hulle net groter probleme veroorsaak (Knauer, 2002:113). As gevolg van beter kommunikasie, voortdurende aandag van die media en navorsing, het gemeenskappe meer bewus van die gevolg van mishandeling in die samelewing geword (Hedges-Goettl, 2004:19; Morgan & Zedner, 1992:10).

In hierdie hoofstuk word daar op die omvang en gevolge van mishandeling gefokus om ’n ryk beskrywing van die invloed daarvan op mishandelde adolessente se subjektiewe ervaring van skuld en skaamte te gee. Die navorser sluit in hierdie hoofstuk by verskeie ander navorsers aan en definieer mishandeling as ’n omvattende term vir verwaarlosing, fisieke, emosionele en seksuele mishandeling (Austrian, 2008:122; Kinnear, 2007:3; Einhorn & Gandhi, 2006:2; Burke Draucker & Martsolf, 2006:2; Mash & Wolfe, 1999:526).

## 5.2 EKOLOGIESE EN SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF OP MISHANDELING

Vanuit ’n ekologiese en sosiologiese perspektief kan mishandeling deur komplekse sisteme en interafhanklike faktore bepaal word (Cicchetti & Cohen, 2006:134). Mishandelde adolessente word deur verhoudings tussen sowel hul onmiddellike omgewing (mikro- en mesosisteem), as groter formele en informele sosiale kontekste (makro-sisteem) beïnvloed (Keenan & Evans, 2009:36; Bronfenbrenner, 1977:514). Die grense tussen verskillende vlakke van die ekosisteem is egter deurdringbaar, aangesien dit interaksie en verandering tussen die menslike ekosisteem en die fisiese omgewing toelaat. Die interaktiewe en wedersydse akkommodering van mishandelde adolessente binne die ekosisteem kan skematies soos volg in Figuur 5.1 voorgestel word (Balk & Corr, 2009:75; Keenan & Evans, 2009:36; Welsch, 1987:155):




**Figuur 5.1 Vlakke van die menslike ekosisteem**

Die komplekse sisteem waarvolgens mishandeling die gevolg van die onderlinge verband tussen verskillende faktore is, wat in die mikro-, meso- en makrosisteem ingebed lê, kan soos volg beskryf word:

### 5.2.1 Die mikrosisteem

Die mikrosisteem kan beskou word as alle intrapersoonlike en interpersoonlike gebeure en ondervindinge wat op mishandelde adolessente 'n invloed het. Adolessente word deur persoonlike faktore en verhoudings in hul onmiddellike omgewing blootgestel aan verskeie vorme van mishandeling (Keenan & Evans, 2009:36; Bronfenbrenner, 1977:514).

### 5.2.2 Die mesosisteem

Die ekosisteem is in 'n breër gemeenskap wat ondersteuning in die vorm van formele en informele groeperinge bied, ingebed (Prilleltensky, *et al.,* 2001:73-79; De Witt & Booysen, 1995:142). Gesinne wat geïsoleer is of oor minimale sosiale netwerke en ondersteuningsisteme beskik, gaan gebuk onder ernstige spanning en blootstelling aan mishandeling in die familiesisteem en gemeenskap (Finkelhor, *et al.,* 2007:493; Brown, 1998:1075; Crous, 1992:75). Faktore soos armoede, rassisme en werkloosheid kan mishandelende gedrag en gesinsgeweld vermeerder (Wolfe & Mash, 2008:6). Gesinsgeweld word op die feite dat gesinne baie spanning ervaar en nie toegerus is om spanning, in 'n gemeenskap wat geweld aanvaar as 'n reaksie op spanning, te hanteer nie gebaseer (Prilleltensky, *et al.,* 2001:79). Tot onlangs, is fisiese straf vir kinders ook algemeen beoefen. Wanneer adolessente self volwassenheid bereik en spanning ervaar, val hulle dikwels op mishandeling as die enigste tipe dissipline wat hulle ken terug (Mash & Wolfe, 2008:165).

### 5.2.3 Die makrosisteem

Die makrosisteem word as 'n uitbreiding van die mesosisteem beskou. Die makrosisteem bestaan uit die kultuur en sosio-politieke strukture wat die individu op die mikro- en mesosisteem beïnvloed, grense stel en bepaal wat in 'n spesifieke samelewingstruktuur gebeur. In die lig van die voortdurende toename

in gewelddadige misdaad, politieke spanning, moord, verkragting, gesinsgeweld, ensovoorts, asook die uitbeelding daarvan in die media, blyk dit dat die hedendaagse mens in 'n gewelddadige samelewing leef (Cicchetti & Cohen, 2006:135; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:746).

Vanuit 'n psigo-sosiologiese benadering is mishandeling net nog een vorm van geweld binne die onstuimige samelewing en moet teen die agtergrond van 'n betrokke kultuur se houding teenoor geweld en gesinsgeweld gesien word (Wolfe & Mash, 2008:6; Prilleltensky, *et al.,* 2001:79; Crous, 1992:75). Die navorser is van mening dat ouers en persone wat adolessente mishandel blootgestel is aan hul individuele patologie wat in die foutiewe sosialisering of isolasie van die gesin in 'n gewelddadige samelewing manifesteer.

## 5.3 FISIEKE EN LIGGAAMLIKE MISHANDELING

### 5.3.1 Definiëring van fisieke en liggaamlike mishandeling

Fisieke mishandeling verwys na adolessente wat deur 'n opvoeder met opset liggaamlik beseer word of toelaat dat hulle beseer word (Childline, 2006:2; Gillis, 1999:143; Carl, 1987:16; Wiebe, 1996:5). Verskillende persoonlikhede van persone wat adolessente mishandel kan soos volg beskryf word (Crosson-Tower, 2002:96; Prilleltensky, *et al.* 2001:81-91):

- Die *psigotiese persoonlikheid* kan die adolessent sien as iemand wat 'n rol in sy/haar fantasieë vertolk. Psigotiese ouers wat inpas in die kategorie van geestelike versteurdheid sien die adolessent as deel van hul misplaaste proses (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749). Volgens Crosson-Tower (2002:114) is slegs 'n klein persentasie van ouers wat hulle kinders mishandel, psigopaties.

- Die *onvermoënde persoonlikheid* tree onverantwoordelik en onvolwasse met 'n lae frustrasietoleransie op. 'n Spesifieke oomblik en krisis wat die ouer ervaar kan die mishandeling van die adolessent in beweging bring (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:746). Die ouer kan impulsief en ontoepaslik vir hul ouderdom optree, is in die algemeen afhanklik, egosentries, geïsoleerd, depressief en dikwels by die misbruik van dwelms en alkohol betrokke.

- Die *passiewe-aggressiewe persoonlikheid* kan sy/haar woede en verset teenoor die eise van die samelewing op die adolessent rig. Die adolessent word voortdurend as die oorsaak van negatiewe gebeure blameer (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6). Die ouer vertoon dikwels 'n swak selfbeeld, onvermoë om ander te vertrou en is nie van hul eie emosie bewus nie. Hulle is geneig om emosionele rolle met die adolessent om te ruil en verwag liefde en versorging (Dietz, 2000:1539; Mash & Wolfe, 1999:552). Hierdie ouers is gewoonlik deel van die voortdurende sirkel van ouer-ontoereikendheid en is dikwels deur hul eie ouers mishandel of het in 'n ouerhuis opgegroei wat deur spanning, ongelukkigheid en verwerping gekenmerk is (Beech, Craig, & Browne, 2009:23; Prilleltensky, *et al.,* 2001:81; Brown, *et al.,* 1998:1069).
- Die *sadistiese persoonlikheid* het gewoonlik 'n geskiedenis van sadistiese gedrag. 'n Oorvloei van frustrasie, onverantwoordelikheid, die gebrek aan selfvertroue en ontoereikende ouerskap, bevorder mishandeling by ouers wat min of geen skuldgevoel oor hul mishandelende gedrag ervaar nie (Prilleltensky, *et al.,* 2001:92; Mash & Wolfe, 1999:551). Hulle vereis totale gehoorsaamheid en dissipline van die adolessent en is glad nie oop vir onderhandeling nie. As daar nie aan die rigiede dissipline voldoen word nie, tree hulle gewoonlik impulsief en in onbeheersde woede op (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Dietz, 2000:1539).

### 5.3.2 Die ouer wat die adolessent mishandel

Die komplekse interaksie tussen interpersoonlike faktore, sosiale omstandighede en die kultuuragtergrond van die gesin, beïnvloed ouers wat adolessente mishandel (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Lieberman, 1999:102; Crous, 1992:73). Mishandeling kan oor 'n lang termyn wat deur die kinderjare tot in adolessensie voortgesit word, plaasvind. Die mishandeling kan selfs begin of toeneem gedurende adolessensie, omdat ouers bepaalde konflik met die spanning wat deur adolessensie veroorsaak word ervaar. Binne die familiesisteem staan sommige adolessente met bepaalde karaktereienskappe meer die kans om mishandel te word as gevolg van ouers se persepsie van die adolessent (Crosson-Tower, 2002:97; Prilleltensky, *et al.,* 2001:89; Brown, *et al.,* 1998:1068).

- Rigiede dissipline en die onvermoë van adolessente om te voldoen aan hul ouers se vereistes en onrealistiese verwagtinge, veroorsaak dikwels mishandeling (Mash & Wolfe, 2008:165; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749; Prilleltensky, *et al.,* 2001:89; Brown, *et al.,* 1998:1068).
- Ouers kan van adolessente verwag om onmiddellik take uit te voer en gehoorsaam te wees. Wanneer die onmiddellike resultate nie realiseer nie, kan ouers magteloos voel en met mishandeling reageer (Mash & Wolfe, 2008:165).
- Onderbegaafde en begaafde adolessente is volgens verskeie navorsers ook in 'n hoër risikogroep om mishandel te word (De Witt & Booysen, 1995:142; Belsky, 1980:321).

Ouers kan die ontwikkeling van adolessente positief beleef of as 'n bedreiging ervaar (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6). Skeidingsangs is 'n belangrike faktor vir ouers en adolessente (De Jongh van Arkel, 1989:97). Ouers kan die skeiding as 'n groot krisis wat deur emosionele konflik omring word ervaar. Verward deur woede en die vrees oor die dreigende verlies van beheer oor adolessente, reageer ouers dikwels deur die adolessente te mishandel (Hedges-Goettl, 2004:40).

Die beheer wat adolessente dikwels in 'n gekompliseerde verhouding probeer uitoefen, is om uit die omstandighede weg te loop (Gil, 1996:13). Gevolglik vlug hulle na iemand wat hulle kan vertrou of 'n plek waar hulle veiligheid ervaar. Dikwels vlug hulle rigtingloos in die hande van 'n dwelmhandelaar of in die net van prostitusie. Adolessente kan ook hul toevlug tot drank en dwelms neem, waar 'n fantasiewêreld ervaar word en hulle die mishandeling kan vergeet of ontken (Knauer, 2002:10).

### 5.3.3 Gesinsgeweld

Adolessente reageer op verwerping en mishandeling met onaanvaarbare gedrag, wat weer negatiewe optrede van die ouers uitlok. Volgens Prilleltensky, *et al.* (2001:69) is die meeste navorsers op die gebied van mishandeling dit eens dat adolessente nie aanvanklik mishandeling uitlok nie, maar dat verskillende faktore adolessente in 'n hoë risiko plaas om mishandel te word.

Meer negatiewe as positiewe gedrag kom in gesinne waar mishandeling plaasvind voor. Ongelukkige huwelike is in hierdie gesinne aan die orde van die dag en aggressie word verkeerdelik op die adolessent geprojekteer (Mash & Wolfe, 1999:552). Ouers van mishandelde adolessente toon min fisieke kontak en ekspressiewe liefdesuitinge, terwyl dreigemente en straf meer voorkom (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:748). Hierdie ouers tree gewoonlik inkonsekwent op en reflekteer hul frustrasie en persoonlike gevoel van mislukking, deur die adolessent te mishandel (Prilleltensky, *et al.,* 2001:89).

Daar is 'n lewenslange effek op adolessente wat fisieke geweld in die ouerhuis waarneem (Gillis, 1999:143; Prilleltensky, *et al.,* 2001:86). Sommige adolessente identifiseer uit vrees met die aggressor en kies bewustelik of onbewustelik om by die aggressor aan te sluit in die aggressiewe gedrag (Mash & Wolfe, 1999:528). Dit kan die vorm om die moeder te kritiseer aanneem, omdat sy nie weerstand teen die mishandeling bied nie, of adolessente kan self die mishandeling uitvoer deur jonger broers en susters te mishandel.

Vir alle adolessente wat opgroei in huise met geweld is die saad van aggressie, wat in geweld kan ontwikkel, geplant (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749; Collins, 2005:345). Die effek van gesinsgeweld is net so emosioneel-traumaties vir adolessente as wanneer hulle self mishandel word (Mash & Wolfe, 2008:436; Crosson-Tower, 2002:114). Die spanning gaan dikwels met simptome van angs, vrees, woede, psigosomatiese simptome en spanning met die portuurgroep gepaard (Mash & Wolfe, 1999:528).

### 5.3.4 Mishandeling deur bloedverwant / broer / suster

In die gemeenskap en magsgeoriënteerde wêreld, wat 'n obsessie met geweld het, leer adolessente dat geweld 'n wyse van probleemoplossing is (Mash & Wolfe, 2008:165). Uit studies wat gedoen is, blyk dit dat fisieke mishandeling deur 'n broer of suster meer algemeen as mishandeling deur ouers voorkom (Weihe & Herring, 1991:18). Dikwels is hierdie mishandeling grondliggend aan gesinsgeweld en word deur 'n magstryd om beheer oor te neem gedryf (Weihe & Herring, 1991:18).

### 5.3.5 Kenmerkende gedragspatrone van fisieke mishandeling

Wanneer daar geen sigbare tekens van mishandeling is nie, kan adolessente wat aangerand word, soms uitgeken word aan sekere kenmerkende gedragspatrone. Die gedrag wat adolessente openbaar, weerspieël dikwels die disfunksionele omgewing en omstandighede wat hulle ervaar (Crosson-Tower, 2002:104; Prilleltensky, *et al.,* 2001:81).

- Mishandelde adolessente toon 'n gebrek aan sosiale respons en 'n algemene wantroue in die omgewing (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Crosson-Tower, 1999:89). Hulle onttrek maklik van die omgewing en gebruik dit as 'n verdedigingsmeganisme om mishandeling te voorkom.
- Mishandeling het 'n onderdrukte woede, humeurigheid en buierigheid in adolessente tot gevolg, omdat hulle nie beheer oor hul eie lewe het nie. (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749). Crosson-Tower (2002:104) beskryf adolessente se hantering van woede soos volg: *"... they act out their anger against peers, animals, or even adults, while others harbor it and turn their anger inward"*.
- Gemoedskommelinge, 'n lae selfbeeld, min vertroue in hul eie vermoë, posttraumatiese stresversteuring en depressie is ook algemene kenmerke (Tangney, *et al.*, 2007:358; Mash & Wolfe, 1999:551; Gil, 1996:13).
- Mishandelde adolessente het 'n buitengewone vrees vir mislukking en streef daarna om almal tevrede en gelukkig te hou (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6). Om aan ander se behoeftes te voldoen, voorkom adolessente moontlike mishandeling (Briere, 1992:55-58; Gil, 1991:13).
- Swak verhouding met die portuurgroep is kenmerkend, omdat adolessente nie die vermoë aangeleer het om met ander adolessente te assosieer nie. Adolessente openbaar dikwels gedrag wat nie in die portuurgroep aanvaarbaar is nie. Hulle is óf humeurig en bakleierig óf uitermate skaam en teruggetrokke (Knauer, 2002:76).
- Adolessente maak ook moeilik vriende, uit vrees dat hulle nie aanvaar sal word nie. Ouers voel bedreig wanneer adolessente wel vriende maak, uit vrees dat die vertroue tussen adolessente en hul vriende die mishandeling aan die lig sal bring (Crosson-Tower, 2002:106).

## 5.4 EMOSIONELE EN PSIGIESE MISHANDELING

Hoewel emosionele verwaarlosing en mishandeling alleen kan voorkom, gaan dit dikwels met liggaamlike aanranding, seksuele molestering en alle ander vorme van mishandeling en verwaarlosing gepaard (Cicchetti & Cohen, 2006:134; Crosson-Tower, 2002:210).

### 5.4.1 Definiëring van emosionele en affektiewe verwaarlosing

Die wortels van affektiewe en emosionele verwaarlosing lê diep in die ontwikkeling van ouers en die wyse waarop hulle inligting verwerk wat van die wêreld ontvang word, gesetel (Crittenden, 1999:51). Emosionele verwaarlosing behels adolessente se behoefte aan liefde, aandag en emosionele ondersteuning wat deur ouers geïgnoreer word. Die gebrek aan wedersydse vertroue en begrip veroorsaak 'n eensame, ongevoelige, depressiewe en wangenormeerde opvoedingsituasie (Burke Draucker & Martsolf, 2006:9; Prilleltensky, *et al.,* 2001:81-85).

- Emosionele verwaarlosing beskadig en beïnvloed adolessente se selfbeeldvorming, hul intellektuele vermoë om iets te bereik, die besef dat hulle aan iemand behoort en hul vermoë om gesond en met lewenskrag te ontwikkel (Iwaniec, 1995:14; O'Hagan, 1993:34).
- Adolessente leer om emosionele pyn en teleurstelling te onderdruk en gebruik strategieë wat hulle help om stres te vermy, eerder as om daarby aan te pas (Mash & Wolfe, 1999:531). Hulle is geneig om prestasie- en suksesgedrewe te wees, maar ondervind dikwels 'n krisis om besluite te neem (Knauer, 2002:51). Hulle word maklik deur emosie oorweldig wat tot angstigheid, fisiese simptome, woede-uitbarstings, dwelm- en alkoholafhanklikheid en 'n totale onvermoë om te funksioneer lei.

### 5.4.2 Definiëring van emosionele en psigiese mishandeling

Wanneer adolessente se emosionele en intellektuele vermoëns ingrypend, as gevolg van die optrede of gebrek aan optrede deur die persoon in wie se sorg hulle is, aangetas word dui dit op emosionele mishandeling (Cicchetti & Cohen, 2006:134; Crosson-Tower, 2002:212).

Emosionele mishandeling vind plaas wanneer opvoeders poog om adolessente se gedrag en selfbeeld te verander deur hulle te verkleineer, uit te skel, te verneder, te blameer, skuldig te laat voel en vrees in te boesem (Crosson-Tower, 1999:89; De Witt & Booysen, 1995:144). Dit behels dat adolessente by elke moontlike geleentheid onophoudelik gekritiseer, afgekraak, verwerp, geïsoleer, geïntimideer, geterroriseer en geïgnoreer word (Briggs, 1999:62; Garbarino, Guttmann & Seeley, 1988:8).

### 5.4.3 Emosionele mishandeling in die gesin

Bewustelik of onbewustelik is die ouer wat ongelukkig in die gesin en die gemeenskap is, geneig om 'n uitlaatklep te soek deur die emosionele mishandeling van die adolessent (Covitz, 1986:29). Die versteuring van die gesin, vanweë 'n ongewenste swangerskap, die keuse van 'n huweliksmaat, gebrekkige gesinsverhoudinge, egskeiding, sosio-ekonomiese frustrasies, werkloosheid, vooroordele, sosiale interaksie en isolasie kan 'n atmosfeer vir emosionele mishandeling skep (Cicchetti & Cohen, 2006:133). O'Hagan (in Crosson-Tower, 2002:215) wys ook daarop dat die ouer wie se verwagtinge nie in hulle kinderdae bevredig is nie, hulle kinders as 'n verdere las kan beskou.

### 5.4.4 Emosionele mishandeling in die gemeenskap

Emosionele mishandeling ontstaan nie net vanuit die disfunksionele gesin nie, maar ook vanuit die impak van die gemeenskap op adolessente. Adolessente word dikwels aan vernedering en skaamte as gevolg van hulle persoonlike karaktereienskappe of disfunksionele huislike omstandighede uitgelewer (Gillis, 1999:144). Emosionele mishandeling vind ook binne die sosio-politieke strukture in die gemeenskap plaas wanneer adolessente armoede, rassisme, onderdrukking en diskriminasie ervaar (Wolfe & Mash, 2008:7).

### 5.4.5 Simptome van emosionele mishandeling

Emosionele mishandeling hou ernstige gevolge vir adolessente se kognitiewe, emosionele, geestelike en gedragsontwikkeling in (Mash & Wolfe, 1999:533; Laubscher, 1997:100; Wiebe, 1996:5; Iwaniec, 1995:14; Gil, 1991:13). Teen die

tyd dat volwassenheid bereik word, kan emosionele mishandeling 'n integrale deel van adolessente se persoonlikheid vorm.

- Adolessente wat emosioneel mishandel word, voel ontoereikend, geïsoleerd, waardeloos en minderwaardig. Hulle sien hulleself as 'n struikelblok vir die gesin en gemeenskap (Gil, 1996:15).
- Emosionele mishandeling kan tot psigosomatiese toestande, probleme in verhoudings, skaamte en skuld emosies, afhanklikheid, emosionele onstabiliteit, 'n lae selfbeeld, akademiese onderprestering, depressie, spanning en slaapversteurings lei (Scholtz, 2001:2-5; Gil, 1996:15)
- Emosioneel mishandelde adolessente is negatief en geïrriteerd ingestel teenoor die lewe, vermy oogkontak met ander en fokus onophoudelik die aandag van ander op hulleself (Briggs, 1999:63; Brenner, 1984:101).
- Adolessente reageer op emosionele mishandeling deur terug te veg met aggressiewe gedragsprobleme soos onttrekking, woede, selfvernietigende gedrag, selfmoordneigings, misdaad en die emosionele mishandeling van ander persone (Crosson-Tower, 2002:214; Scholtz, 2001:2-5).

## 5.5 SEKSUELE MISHANDELING

### 5.5.1 Definiëring van seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling kan as die onderwerping van 'n kwesbare persoon aan seksuele aktiwiteite wat fisiese of sielkundige skade kan veroorsaak gedefinieer word (Colman, 2006:691; Pierce & Bozalek, 2004:829). Maree, Kruger en Delport (2003:299) en Dolan (1991:1) verwys daarna as enige vorm van geforseerde seksuele interaksie tussen twee persone waartydens die molesteerder bepaalde mag oor die ander persoon uitoefen. Die molesteerder misbruik gewoonlik sy magsposisie om die adolessent te ontmagtig en sy eie behoefte te bevredig (Hedges-Goettl, 2004:27; Sanderson, 2004:45; Mash & Wolfe, 1999:555).

Seksuele mishandeling behels egter meer as net 'n seksuele handeling tussen die molesteerder en die adolessent. Dit kan as die blootstelling van afhanklike en ontwikkelende kinders aan seksuele stimulering waarvoor hulle nog nie emosioneel gereed is nie en wat onvanpas vir hul psigoseksuele ontwikkeling is

beskryf word (Kinnear, 2007:3). Crosson-Tower (1999:89) definieer seksuele mishandeling as *"... any childhood sexual experience that interferes with or has the potential for interfering with a child's healthy development".*

### 5.5.2 Voorkoms van seksuele mishandeling

In die navorsing van Malcolm, DeCourville en Belicki (2008:xix), Sigelman en Rider (2008:365) en Brown, *et al.* (1998:1071) is bevind dat meisies 'n hoër risiko het om seksueel mishandel te word. Volgens Chagigiorgis en Paivio (2008:122) en Mash en Wolfe (2002:386) is meisies 25% meer geneig om slagoffers van enige vorm van mishandeling te wees en ongeveer 80% van hulle word ook seksueel mishandel. Finkelhor (Crosson-Tower, 2002:140) stel dat daar veral vier voorvereistes is wanneer seksuele mishandeling voorkom.

- *Eerstens* moet die molesteerder gemotiveer word tot die molestering en emosioneel deur die kind bevredig word. Sy keuse vir die molestering van die kind is die resultaat van sy behoefte aan mag en beheer as gevolg van sy swak emosionele ontwikkeling of herlewing van sy eie trauma tydens die kinderjare (Gillis, 1999:149; Mash en Wolfe, 1999:555). Sommige molesteerders vertolk die kind se behoefte aan toegeneentheid en aandag verkeerd en veronderstel dat die kind seksueel uitlokkend is. Kinderpornografie, asook die manlike tendens om emosies te seksualiseer, kan ook bydra tot die molesteerder se seksuele belangstelling.
- Die *tweede* voorwaarde vir molestering is gebaseer op die molesteerder se gebrek aan 'n interne inhibeerder. Volgens Crosson-Tower (2002:140) kan alkoholisme, psigose, seniliteit en 'n impulsversteuring voorkom dat sy *"inner voice"* hom verhoed om op die behoefte tot molestering te reageer.
- *Derdens* moet die eksterne inhibeerder oorkom word. Gebrek aan privaatheid, ongewone geleenthede vir die molesteerder om alleen met die adolessent te wees, asook families wat sosiaal geïsoleerd is, kan tot molestering aanleiding gee.
- Die *vierde* voorwaarde is dat die oortreder die adolessent se weerstand moet oorkom. Adolessente wat 'n swak selfbeeld en gebrekkige kennis van molestering het, is meer kwesbaar. Magteloosheid maak adolessente uiters

kwesbaar, veral waar die adolessente vroeg moes leer dat hulle geen regte of beskerming het nie.

### 5.5.3 Kategorieë van seksuele mishandeling

Alhoewel seksuele mishandeling verskillende vorme en aksies insluit, kan dit algemeen beskou word as enige aksie wat 'n seksuele ondertoon bevat, wat op adolessente afgedwing word en 'n magsposisie skep waarbinne hulle die ondergeskiktes is. Schechter en Roberge (in Pearce & Pezzot-Pearce, 1997:4) beskryf seksuele mishandeling soos volg:

> *"The involvement of dependent, developmentally immature children and adolescents in sexual activities that they do not fully comprehend, are unable to give consent to, and that violate the social taboos of family roles".*

Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite. Dit kan in die vorme van verkragting, seksuele molestering en onsedelike aanranding onderskei word (Hedges-Goettl, 2004:26). Vir die doeleindes van hierdie navorsing sluit seksuele mishandeling die volgende in, soos saamgevat uit die navorsing van Beech, Craig en Browne (2009:3-4), Kinnear (2007:3), Hedges-Goettl (2004:25-32), Sanderson (2004:42), Maree, Kruger en Delport (2003:299), Kubetin en Mallory (2002:29), Kaplan, *et al.* (2001), Crosson-Tower (1999:120), Gillis (1999:148), Lewis (1999:98), De Witt en Booysen (1995:145), Lewis (1994:5-6), Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1994:93), Carl (1987:16) en Brenner (1984:128):

#### 5.5.3.1 Onsedelike aanranding

Onsedelike aanranding behels onwettige seksuele dade waar seksuele kontak met of sonder penetrasie deur fisiese geweld of psigologiese dwang plaasvind. Dit behels sodomie, prostitusie, verkragting, bloedskande en die forsering of aanmoediging van adolessente om aan pornografiese aktiwiteite deel te neem (Barker, 1998:5). Onsedelike aanranding is die term wat gebruik word wanneer daar verwys word na:

- die uitbuiting van adolessente deur pornografie en prostitusie;
- die aanraking van adolessente se privaatdele of die intensionele aanraking van adolessente se klere wat daardie dele bedek;
- gemeenskap, orale seks of sodomie met adolessente sonder toestemming;
- dwang of manipulasie deur die oortreder dat adolessente masturbasie of enige ander seksuele aktiwiteit moet waarneem met die doel om aan die volwassene bevrediging te verskaf;
- dwang op adolessente om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem wat seksuele dade insluit.

#### 5.5.3.2 Molestering

Molestering is die term wat in gevalle waar daar nie penetrasie plaasvind nie, maar adolessente nogtans aan seksuele aktiwiteite blootgestel word gebruik word. Aktiwiteite sluit die volgende in:

- betasting of liefkosing;
- 'n adolessent oopmond soen;
- blootstelling aan seksuele materiaal;
- blootstelling van die genitalieë van adolessente;
- verbale seksuele stimulering met die doel om adolessente se belangstelling te prikkel of te skok;
- blootstelling aan seksuele grappe, tergery of grafiese seksuele beskrywings;
- blootstelling van adolessente aan herhaaldelike aanmerkings oor hulle ontwikkelende liggaam;
- weiering om adolessente privaatheid te gee tydens badtyd of aan- en uittrektyd;
- gebruik van skelname van 'n seksuele aard, byvoorbeeld om adolessente 'n "slet" of "hoer" te noem;
- voyeurisme, byvoorbeeld die opsetlike afloer van adolessente wat besig is om te bad of te verklee;

- obsene telefoonoproepe;
- ekshibisionisme of onwelvoeglike ontbloting. Adolessente word deur die molesteerder gedwing om hom aan te raak of te bekyk ter wille van sy eie seksuele bevrediging;
- dreigemente en suggestiewe gebare;
- die maak van video-opnames van mense wat seks het, sonder hul toestemming;
- betasting en troeteling van genitalieë of borste, of orale kontak met genitalieë.

#### 5.5.3.3 Verkragting

Verkragting word vanuit 'n regs- en kliniese perspektief geag as geforseerde seksuele geslagsgemeenskap wat as gevolg van fisiese geweld of psigologiese dwang plaasvind. Dit behels 'n seksuele daad wat téén die wil van 'n persoon gepleeg word (Maree, Kruger & Delport, 2003:299). Die navorser is van mening dat sodomie ook by verkragting ingesluit moet word, omdat die emosionele effek daarvan gelykstaande aan dié van verkragting is.

Verkragting impliseer vaginale, anale of mondelinge penetrasie deur die oortreder. Dit sluit ook insidente waar vreemde voorwerpe vir penetrasie gebruik is of gevalle waar die slagoffer as gevolg van gestremdheid of bedwelming nie toestemming kon gee nie, in.

- Wanneer die slagoffer en oortreder mekaar ken en verkragting plaasvind, word die volgende terme gebruik:
  - Verkragting deur 'n kennis (*"acquaintance rape"*).
  - Afspraak- of geleentheidsverkragting (*"date rape"*).

  Adolessente is veral binne hulle ontwikkelingstadium aan verkragting uitgelewer, omdat hulle dikwels in die geselskap van vreemdelinge, metgeselle en die portuurgroep verkeer.
- *Bendeverkragting* behels meer as een man wat 'n meisie verkrag.

- *Poging tot verkragting* is wanneer die oortreder verhoed word om die daad te voltrek, omdat hy deur iemand verhinder word of wanneer adolessente hulself só teensit dat die daad nie uitgevoer kan word nie.
- *Statutêre verkragting* behels seksuele penetrasie van 'n minderjarige persoon deur 'n volwasse persoon. Statutêre verkragtingswetgewing word gebaseer op sterkte daarvan dat 'n minderjarige, onder die ouderdom van vyftien jaar, nie wetlik toestemming tot seksuele gemeenskap kan gee nie (Kinnear, 2007:3; Maree, Kruger & Delport, 2003:299).

### 5.5.4 Seksuele mishandeling in familieverband

Bloedskande is in die gemenereg 'n oortreding wat uit onwettige en opsetlike gemeenskap tussen twee persone wat as gevolg van bloedverwantskap, huweliksverwantskap of aannemingsverwantskap, nie met mekaar mag trou nie, bestaan (Gillis, 1999:149). Bloedskande beroof adolessente van hul kinderlewe, hul eie seksualiteit en die basiese inhoud van gesonde verhoudinge soos intimiteit, vertroue, grense, sekuriteit en selfrespek (Duncan, 2004:19; Gillis, 1999:151). Adolessente kan aan die volgende vorme van seksuele mishandeling in familieverband blootgestel word.

#### 5.5.4.1 Klassieke bloedskande deur vaders

Die vader wat sy kinders molesteer is gewoonlik iemand wat in sy kinderdae normale liefde vanweë die disfunksionele gesin waarin hyself groot geword het ontneem is (Kinnear, 2007:9; Gillis, 1999:149). Sommige navorsers beskryf hierdie vaders as mishandel en getraumatiseer, terwyl ander hulle as passief, onvolwasse en afhanklik beskryf (Duncan, 2004:18). Hierdie vaders kan soos volg gekategoriseer word (Crosson-Tower, 2002:135; Justice & Justice, 1980:67):

- Die eerste hoofkategorie is die *simbiotiese persoonlikheid* van die vader wat 'n behoefte aan nabyheid en liefde het wat in sy kinderdae ontbreek het. Hierdie simbiotiese persoonlikheid van die vader kan verder in vier kategorieë onderverdeel word:

- Die *introvert* isoleer die gesin. Hy voel uitgelewer aan die wêreld en probeer deur isolasie plesier van die adolessent eis.
- Die *rasionaliseerder* probeer die adolessent deur komplimente en die oorreding dat bloedskande aanvaarbaar is, verlei. Die rasionaliseerder sien homself as die dogter se lewensmaat, leermeester of beskermer.
- Die *tiran* regeer sy huis met alle mag en geweld.
- Die *alkoholis* het weer 'n behoefte om afhanklik te wees en versorg te word.

- Die tweede hoofkategorie kan as meer patologies van aard beskryf word. Die *psigopatiese* vader is nie op soek na liefde nie, maar eerder om sy eie verlies van sy kinderdae te wreek. Hy gebruik daarom die molestering van sy dogter om sy vyandigheid uit te druk.
- Die derde hoofkategorie is die *pedofiel* se primêre belangstelling in seks. Die molestering is 'n manifestasie van hierdie versteuring.

Die kategorisering van vaders wat hulle kinders molesteer, verwys primêr na die seksuele molestering tussen vader en dogter. Crosson-Tower (2002:136) beskryf die vader wat sy seun molesteer binne die homoseksuele begeerte wat die vader probeer onderdruk.

#### 5.5.4.1.1 Seksuele molestering van dogters deur hul vaders

Hierdie tipe molestering kom gewoonlik binne 'n gevestigde gesin voor en word deur 'n verwronge soeke na liefde en warmte gekenmerk (Burke Draucker & Martsolf, 2006:8; Kinnear, 2007:11; Duncan, 2004:48; Crosson-Tower, 2002:151). Die vader ervaar die moeder dikwels as passief of 'n bedreiging en wend hom tot die dogter as 'n plaasvervanger in sy soeke na emosionele ondersteuning (Crosson-Tower, 2002:152; Mash & Wolfe, 1999:554). Bloedskande versteur die dogter se normale ontwikkeling en manifesteer tot in volwassenheid (Duncan, 2004:38; Hedges-Goettl, 2004:79-83; Gil, 1996:3). Die dogter het gewoonlik 'n swak verhouding met die moeder wat haar nie beskerm het nie (Kinnear, 2007:9).

#### 5.5.4.1.2 Seksuele molestering van seuns deur hul vaders

Gewoonlik is homoseksuele neigings teenoor sy seun die gevolg van ’n persoonlikheidsafwyking by die vader vanweë ontoereikende ontwikkeling tydens sy kinderdae deur verwerping of ’n oorbeskermende moeder (Crosson-Tower, 2002:161). Finkelhor (in Crosson-Tower, 2002:161) stel dat die molestering blywende gevolge het. Die homoseksuele aktiwiteit stel die seun enersyds aan die vrees vir homoseksualiteit bloot en andersyds kan die seun ’n homoseksuele lewenstyl verkies en handhaaf (Burke Draucker & Martsolf, 2006:5; Hedges-Goettl, 2004:54).

#### 5.5.4.2 Klassieke bloedskande deur moeders

Moeders wat hulle kinders molesteer kan as emosioneel versteurd en moontlik psigoties beskryf word, terwyl ander navorsers hulle as baie ongelukkig, chronies depressief met ’n neerslagtige of droewig lae selfbeeld beskryf (Kinnear, 2007:10; Forward & Buck, Crosson-Tower, 2002:136; 1988:118). Mathews, *et al*. (1999:276) stel dat moeders om verskeie redes tot molestering gemotiveer word.

- *Eerstens* is hulleself as kinders seksueel misbruik.
- *Tweedens* neem hulle soms saam met die vaders aan die molestering deel as gevolg van die onsekerheid in hulle verhouding tot hulle mans en sal alles doen, selfs om hul kinders te molesteer, om die verhouding nie te laat skipbreuk ly nie.
- *Derdens* het hulle ’n behoefte aan nabyheid, aandag en aanvaarding.
- *Vierdens* word hulle woede, jaloesie, gevoel van verwerping of behoefte aan mag, op die adolessent verplaas.
- *Vyfdens* sien hulle die adolessent as ’n veilige teiken vir misplaaste gevoel en emosie. Sommige vroue sien hulleself in die posisie om die adolessent van seksualiteit te leer.

Gewoonlik is die moeder wat haar seun molesteer na die nabyheid van ’n ander man in haar lewe op soek (Kinnear, 2007:9). Sy het gewoonlik ’n emosionele of fisiek afwesige man en verwag van haar seun om hierdie behoefte te vul. Die

vrou wat haar dogter molesteer, beskou haar aandag aan die dogter as 'n uiting van liefde (Crosson-Tower, 2002:164).

#### 5.5.4.2.1 Seksuele molestering van dogters deur hul moeders

Hierdie tipe molestering kom in 'n mindere mate voor, omdat vroue minder geneig is om kinders te molesteer as mans (Crosson-Tower, 2002:135; Russell, 1999:309). Die dogter ervaar hierdie molestering traumaties omdat dit haar verhouding met die moeder verwar en dit kan op depressie, selfmoordneigings, selfmishandelende gedrag en verhoudingsprobleme met die teenoorgestelde geslag uitloop (Burke Draucker & Martsolf, 2006:4). Die dogter het gewoonlik probleme om volwassenes te vertrou en ervaar isolering (Burke Draucker & Martsolf, 2006:4). Sommige navorsers beskryf hierdie dogters deur hul uiters selfvernederende en vyandige gedrag (Kinnear, 2007:10; Forward & Buck, 1988:125).

#### 5.5.4.2.2 Seksuele molestering van seuns deur hul moeders

Dit wil voorkom of die molestering van seuns deur hulle moeders net so 'n groot effek op die seun het as die molestering van die dogter deur die vader (Crosson-Tower, 2002:165). Gewoonlik is daar nie 'n vader in die gesin waar die moeder die seun molesteer nie en kom dit ook nie so gereeld soos die molestering tussen vader en dogter voor nie (Crosson-Tower, 1999:160). Die feit dat die moeder nie enige geweld gebruik nie, die deelname aan die molestering inisieer en aanmoedig, gekombineer met die feit dat die seun gretig is om sy seksualiteit te ontdek, dui op 'n patologiese verlenging van moederliefde (Kinnear, 2007:10; Crosson-Tower, 2002:168).

### 5.5.4.3 Bloedskande deur broers en susters

Verskeie navorsers beweer dat broers en susters wat mekaar molesteer, dit ter wille van die ontdekking van seksuele stimulering en eksperimentering doen (Crosson-Tower, 2002:170; Wiehe, 1997:82). Hierdie tipe molestering het negatiewe gevolge vir adolessente wat geviktimiseer is, omdat 'n ouer broer of suster hierdeur die adolessent domineer (Kinnear, 2007:11). Dit is ook moontlik

dat daar in die gesin broer-broer en suster-suster-molestering kan plaasvind (Wiehe, 1997:83). Die gevolge van die molestering kan as depressie, walging en weersin in die self, ŉ verwarde seksuele identiteit, promiskuïteit en veelvoudige verhoudings met getroude mans en vroue, aversie aan seks en wantroue in mans of vroue in die toekoms manifesteer (Burke Draucker & Martsolf, 2006:4; Wiehe, 1997:58). Russell (in Crosson-Tower, 2002:170) wys daarop dat sommige vroue nooit in die huwelik tree nie, dikwels deur ŉ outoritêre figuur seksueel geviktimiseer word en deur ŉ man se seksuele aanmerkings en toenadering ontstel word.

#### 5.5.4.4 Bloedskande deur ooms, oupas, neefs en niggies

Die navorser is van mening dat ooms meer dikwels dogters molesteer, as die biologiese vader. Die trauma van hierdie molestering wissel, afhangend van die betrokkenheid van die oom by die familie (Crosson-Tower, 2002:172). Die nagevolge van die molestering wissel van psigosomatiese simptome tot die onvermoë om konflik openlik te hanteer. Seksuele probleme en ŉ algehele wantroue in mans word veral later in die dogter se lewe ervaar (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6).

Die oupa-en-kleindogter-molestering kom ook gereeld voor, veral weens die siening van die samelewing dat die oupa nie meer ŉ belangstelling in seksualiteit toon nie. Die feite is egter dat ouderdom juis ŉ motivering vir die molestering kan wees (Duncan, 2004:54; Crosson-Tower, 2002:173). Sy kleindogter gee gewoonlik baie liefde en aandag aan hom, vra min van hom en kyk na hom as die ouer persoon wat sy kan vertrou op. Hierdie verhouding voorsien aan hom die geleentheid om sy manlikheid te bewys en sy seksuele vermoë sal nie beoordeel word nie. Vir sommige oupas is die motivering vir die molestering dieselfde as die vader-dogter-molestering (Kinnear, 2007:13). Sy begeerte na sy eie dogter kan ook aanleiding tot die molestering van die kleindogter gee, veral as hy dit as minder skande en skuldgevoel beskou. Die oupa molesteer gewoonlik ook ander familielede en het gewoonlik ook sy eie dogter gemolesteer.

Neefs en niggies kan ook adolessente molesteer, maar dit is dikwels van eksperimentele aard (De Witt & Booysen, 1995:150). Die effek en

langtermyngevolge van die molestering word deur die geweld waarmee die molestering gepaard gaan en die verhouding van adolessente tot die neef of niggie bepaal.

Die trauma wat adolessente in bogenoemde gevalle ervaar, sal volgens Crosson-Tower (1999:169) deur die verhouding wat daar tussen die molesteerder en adolessente bestaan, bepaal word, asook die graad van seksuele kontak wat van betasting tot penetrasie wissel. Die gevolg van hierdie molestering is dat adolessente dikwels hulself en nie die molesteerder nie blameer (Kinnear, 2007:17; Crosson-Tower, 2002:174).

### 5.5.5 Seksuele mishandeling buite familieverband

Die feit dat 'n persentasie adolessente deur familielede misbruik word, maak nie die risiko vir adolessente wat van buite die familie misbruik word minder nie. Volgens Crosson-Tower (2002:181) kan daar verskeie redes wees waarom adolessente aan molestering deur iemand buite die familie blootgestel word.

- Die molesteerder kan 'n emosionele band met die ouers hê, soos 'n familievriend.
- Molestering kan moontlik buite die verwysingsraamwerk van ouers val, omdat hulle oningelig is oor molestering.
- Ouers kan die moontlike molesteerder vertrou, veral individue wat behulpsaam met die ontwikkeling van adolessente soos onderwysers, predikante, jeugleiers, ensovoorts is.
- Ouers hou nie voldoende toesig oor adolessente nie en voel dat hulle na hulself kan omsien.
- Adolessente kan self skeiding met die ouers bewerkstellig deur van die huis af weg te loop as gevolg van konflik en gesinsgeweld.

Die feit dat adolessente aan hul omgewing blootgestel en uitgelewer is, maak dit vir die molesteerder veel makliker om hulle te molesteer. Die volgende vorme van seksuele mishandeling kan buite die familie plaasvind:

#### 5.5.5.1 Pedofilie

Adolessente word deur pedofiele misbruik wat óf voorkeur aan seks met adolessente gee óf vir wie seksuele kontak met volwassenes ontoereikend geword het (Hedges-Goettl, 2004:26; Crosson-Tower, 2002:138; Gillis, 1999:149; Serfontein, 1989:65). Hy is gewoonlik 'n ekspert om toenadering tot adolessente te soek wat sy emosionele behoeftes kan bevredig (Hedges-Goettl, 2004:26). Crosson-Tower (2002:184-185) stel dat die pedofiel adolessente deur verskillende maniere nader.

- Hy kan die adolessente verlei deur geskenke, traktering, die skyn van liefde en die oortuiging dat hulle vir hom baie belangrik is. Hy kan hulle ook in 'n emosionele skuldgevoel, waar hulle verantwoordelik teenoor die pedofiel voel, vasvang. Hierdeur oortuig die pedofiel homself dat dit 'n wedersydse verhouding is en nie molestering nie.
- Die pedofiel kan die adolessente in 'n verhouding inforseer deur intimidasie of fisieke aggressie. Hy sien adolessente as 'n objek om sy eie behoeftes te bevredig en manipuleer hulle tot die seksuele daad.
- Die sadistiese pedofiel word seksueel gestimuleer deur adolessente fisiek en seksueel te mishandel en te verkrag.

Die pedofiel fantaseer sy seksuele en emosionele betrokkenheid by adolessente en voer dit ook uit (Gillis, 1999:149). Hy projekteer sy gevoel van hulpeloosheid op adolessente en beeld hom in dat die adolessente 'n verhouding inisieer. Die navorser is van mening dat die gedrag van die pedofiel dikwels terug na 'n krisis in sy lewe, soos egskeiding, huweliks- of seksuele probleme herlei kan word.

#### 5.5.5.2 Adolessente wat adolessente molesteer

Jeugmisdadigers wat adolessente molesteer, word nie altyd as oortreders gerapporteer nie, as gevolg van hulle ouderdom en die gemeenskap se konsep van tipiese adolessentegedrag (Kinnear, 2007:55). Alhoewel adolessente gedurende adolessensie hulle seksualiteit ontdek en seksuele molestering nie in 'n ernstige lig beskou nie, is die impak van molestering groter as wat vroeër vermoed is (Beech, Craig, & Browne, 2009:431; Mash, 2008:9; Hedges-Goettl, 2004:27; Corcoran, *et al,* 1999:3-4).

Adolessente-oortreders het ander psigiese tekorte soos 'n swak selfbeeld en onvoldoende sosiale vaardighede (Kinnear, 2007:55; Hedges-Goettl, 2004:44). Die meerderheid van hulle is manlik en het self 'n geskiedenis van seksuele of fisieke mishandeling (Beech, Craig, & Browne, 2009:439; Wolfe & Mash, 2008:9; Hedges-Goettl, 2004:27; Corcoran, *et al,* 1999:3-4). As gevolg van hul eie mishandeling voel hulle dikwels magteloos en buite beheer en is daarom op soek na beheer oor ander, sonder empatie (Beech, Craig & Browne, 2009:440; Kinnear, 2007:55).

#### 5.5.5.3 Tegnofilie

Die tegnologiese ontwikkeling gee aan molesteerder die geleentheid om die kuberruimte in sy seksuele afwykings om adolessente te bereik te gebruik (Kinnear, 2007:40; Hedges-Goettl, 2004:30; Crosson-Tower, 2002:189; Arnaldo, 2001:57). Die term tegnofilie verwys na 'n molesteerders wat internet webwerwe en sellulêre stelsels misbruik om adolessente in die versoeking te lei deur pornografie en seksgesprekke, voordat hy hulle ontmoet (Hedges-Goettl, 2004:30).

#### 5.5.5.4 Seksuele mishandeling deur persone in 'n vertrouensverhouding

Individue wat behulpsaam is met die ontwikkeling van adolessente, soos onderwysers, sportafrigters, predikante, priesters, jeugleiers, ensovoorts, word as betroubare, lojale en gerespekteerde persone in die gemeenskap beskou (Kinnear, 2007:51; Hedges-Goettl, 2004:21; Horst, 1998:24). Adolessente met persoonlike probleme, geloofs- en lewensvrae soek gewoonlik hulle troos en antwoorde by dié volwassenes, maar word dikwels bedrieg en verraai deur individue wat hulle misbruik (Burke Draucker & Martsolf, 2006:5; Hedges-Goettl, 2004:29).

#### 5.5.5.5 Sekssindikaat

'n Seksring of -sindikaat is 'n groep adolessente wat bymekaargebring word vir die doel van molestering, pornografie, prostitusie of ander seksuele aktiwiteite (Kinnear, 2007:38; Crosson-Tower, 1999:201: Campagna, 1985:61). Die

molesteerders streef daarna om deur vrees die samehorigheid in die groep te vorm en te verhoed dat die seksuele aktiwiteite openbaar gemaak word (Kinnear, 2007:38; Crosson-Tower, 1999:201).

#### 5.5.5.6 Pornografie

Die vervaardiging en gebruik van pornografie is in die aktiwiteite van die pedofiel, tegnofiel, sekssindikate en prostitusie verweef. Adolessente word aangewend om pornografiese materiaal te ontwikkel ter wille van finansiële of ander gewin (Arnaldo, 2001:39). Adolessente word aangewend om pornografiese materiaal ter wille van finansiële of ander gewin te ontwikkel (Arnaldo, 2001:39). Heelwat navorsing bevestig die feit dat daar 'n sterk korrelasie tussen pornografie en seksuele molestering bestaan (Kinnear, 2007:34).

- Pornografie voorsien aan die pedofiel seksuele prikkeling waardeur hy sy fantasieë stimuleer, adolessente se inhibisies verlaag en gevolglik adolessente seksueel misbruik.
- Die uitbuiting van adolessente sluit die neem van foto's of videomateriaal in, wat die pedofiel as 'n vorm van afpersing kan gebruik om te verseker dat hulle die seksuele aktiwiteite geheim hou.
- Die pedofiel kan pornografie kommersieel tot finansiële voordeel aanwend of om met ander pedofiele handel te dryf en sy eie versameling uit te brei.

#### 5.5.5.7 Prostitusie

Adolessenteprostitusie verwys na die seksuele uitbuiting van adolessente in ruil vir geld of gunste (Kinnear, 2007:35; Gathia, 1999:6; Mash & Wolfe, 1999:556; Bibby, 1996:11-12; Morgan & Zedner, 1992:94; Westerlund, 1992:70). Bagley (1997:101-127) wys daarop dat adolessente wat by prostitusie betrokke is, meestal adolessente wat by hulle ouerhuise seksueel misbruik word is. Dikwels raak hulle afhanklik van die persone wat hulle misbruik, aangesien hulle seksuele dade verwar met 'n behoefte aan liefde en aanvaarding (Kinnear, 2007:38; Bibby, 1996:11-12).

In die meeste gevalle is adolessente deur meer as een persoon gemolesteer en aan pornografie blootgestel voordat hulle by prostitusie betrokke raak (Kinnear, 2007:40). Adolessente raak om verskeie redes by prostitusie betrokke. Hulle kan vlug van 'n disfunksionele ouerhuis af waar hulle mishandel en gemolesteer word; om ekstra geld te verdien; ter wille van seksuele kontak; om dwelms in die hande te kry; of om aanvaarding en aandag van volwassenes te kry (Mash & Wolfe, 1999:556). Westerlund (1992:70) stel dat adolessente wat by prostitusie betrokke is, 'n lae selfwaarde en 'n verlies aan persoonlike beheer ervaar.

### 5.5.6 Intensiteit waarmee adolessente seksuele mishandeling ervaar

In slegs 'n klein persentasie van gevalle word adolessente deur liggaamlike geweld gedwing om aan seksuele aktiwiteite deel te neem (Crosson-Tower, 1999:121). In die meerderheid gevalle vind seksuele molestering volgens 'n baie subtiele patroon plaas deur iemand wat die adolessent goed ken en hulle vertroue geniet (Burke Draucker & Martsolf, 2006:5). Molesteerders gebruik met voorbedagte rade hulle magsposisie om adolessente te manipuleer en te intimideer.

Afhangende van hoe adolessente op die molesteerder se toenadering reageer, kan die seksuele aktiwiteit gestaak of vir 'n onbepaalde tyd voortgesit word. Enige vorm van seksuele molestering is traumaties van aard, ongeag of dit eenmalig of oor 'n lang tydperk plaasvind (Kinnear, 2007:16; Feiring & Taska, 2005:338; Dinsmore, 1991:21-22). Die volgende faktore is bepalend vir die intensiteit waarmee adolessente seksuele trauma ervaar:

- Die *tipe mishandeling*: Adolessente word binne die gesin meer intens deur seksuele mishandeling geaffekteer as wanneer dit buite die gesin gebeur (Bornstein, Kaplan & Perry, 2007:375; Crosson-Tower, 2002:134).
- Die *identiteit van die oortreder*: Seksuele mishandeling binne familieverband skend die vertrouensverhouding en persoonlike grense wat adolessente met die ouer of ander vertrouelinge opgebou het (Prilleltensky, *et al.,* 2001:5; Davis, 1991:13). Adolessente wat deur 'n familielid of persone buite die familie gemolesteer is, toon verskillende vorme van trauma wanneer volwassenheid bereik word.

- *Duur van die misbruik*: Die meeste misbruik binne familieverband vind vir ongeveer drie jaar plaas voordat dit bekend gemaak word (Crosson-Tower, 2002:134).

- Die *intensiteit van die misbruik*: Die sadistiese of hardhandig intensiteit van molestering sal bepaal hoe adolessente die seksuele trauma ervaar (Crosson-Tower, 2002:134).

- Die *ouderdom waarop die adolessent mishandel is*: Elke onderbreekte ontwikkelingsfase van adolessente sal spesifieke effekte veroorsaak (Feiring & Taska, 2005:338; Maree, Kruger & Delport, 2003:297; Crosson-Tower, 2002:134).

- Die *eerste reaksie of betekenisvolle openbaring* aan ander: Die meeste adolessente poog om ten minste een volwassene van die misbruik te vertel (Maree, Kruger & Delport, 2003:297). Indien die volwassenes adolessente nie glo nie en 'n skuldgevoel en verwyte wek, mag hulle gedwing word om die geheim tot volwassenheid te hou (Kinnear, 2007:14; Crosson-Tower, 2002:134).

- Die *moment wat die misbruik openbaar gemaak* word: Adolessente meld nie altyd molestering aan nie uit vrees dat die ouer hul vryheid sal inperk om hulle te beskerm teen verdere mishandeling (Crosson-Tower, 2002:131). Adolessente wat wel probeer vertel van die misbruik en nie vertroue in hul beskerming ervaar nie, hou hul geheim tot volwassenheid (Maree, Kruger & Delport, 2003:297;Crosson-Tower, 2002:134).

- *Dreigemente*: Dreigemente word gewoonlik gebruik om te sorg dat adolessente nie die seksuele mishandeling bekend maak nie (Kinnear, 2007:14; Maree, Kruger & Delport, 2003:297). Meer skrikwekkende dreigemente word soms gebruik deur adolessente met die dood te dreig as die molestering bekend sou word.

- *Skuld-en-skaamte-ervaring:* Die meeste adolessente ontwikkel 'n gevoel van skuld en skaamte (Feiring & Taska, 2005:338). Crosson-Tower (1999:322) beskryf die ervaring soos volg:

*"... suffer guilt from the love they feel for the abusing parent, their delight in the attention they were given, or from the physiological pleasure they experienced."*

Dikwels is dit die oortreder wat tot die skuld-en-skaamte-ervaring bydra deur adolessente te vertel dat hulle die oortreder verlei (Knauer, 2002:76). Dit lei tot die persepsie by adolessente dat hulle verantwoordelik vir die seksuele mishandeling is. 'n Skuldgevoel ontwikkel ook wanneer adolessente verantwoordelik vir die bekendmaking van die mishandeling voel, wat die verhouding met die oortreder en die familiesisteem ontwrig (Kinnear, 2007:14).

- *Persoonlikheidstruktuur van die adolessent:* Adolessente reageer verskillend op seksuele mishandeling. Adolessente kan hulself ervaar as "sleg" of as 'n voorwerp wat net gebruik kan word (Kinnear, 2007:14). Volgens Doyle (1994:216) beskryf seksueel mishandelde adolessente hulself as *"... a thing to be used, misused and then discarded".*

## 5.6 DIE IMPAK EN GEVOLGE VAN MISHANDELING

Mishandeling kan die struktuur van adolessente se persoonlikheid vorm en misvorm (Crosson-Tower, 2002:367-391; Herman, 1998:96). Dit is nie ongewoon vir mishandelde adolessente om probleme met sekere gedrag wat ontwikkel het tydens die traumatiese gebeure te ervaar nie (Sigelman & Rider, 2008:365; Knauer, 2002:66-70). Mishandelde adolessente se spontane ontwikkeling, waarvan emosionele en fisiese sekuriteit en veiligheid 'n belangrike komponent is, word benadeel wanneer hulle as gevolg van mishandeling geen sekuriteit, veiligheid, liefde en ondersteuning ontvang nie (Mash & Wolfe, 2008:194; Kinnear, 2007:16). Prilleltensky, *et al.* (2001:5) beklemtoon die essensie van mishandeling soos volg:

*"Maltreatment is about trust betrayed, love warped and opportunities lost; it is about stealing happiness and depriving joy; it is about exploiting power and denigrating others. Abuse and neglect are about a vicious cycle that affects victims, their offspring and society at large."*

### 5.6.1 Gevolge van mishandeling op adolessente se gedrag

Die gevolge van mishandeling op adolessente se funksionering sal van die ontwikkelingsvlak, unieke samestelling en omstandighede van elke individu afhang (Van Loon & Kralik, 2005:87; Finkelhor, 1995:185). Magteloosheid, verraad, stigmatisasie en traumatiese seksualisering is gewoonlik deel van mishandelde adolessente se lewe waarmee hulle daagliks moet saamleef (Kotze, 2006:99-110; Finkelhor & Browne, 1986:185). Eerder as om die lewe met ŉ sin vir openheid te omhels, reageer adolessente dikwels op mishandeling deur gedrag wat na binne gekeer of na buite geprojekteer word (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122).

Die gevolge van mishandeling op die gedrag van adolessente kan soos volg opgesom word (Crosson-Tower, 2002:372; Mash & Wolfe, 2002:392; Wiebe, 1996:5; Iwaniec, 1995:14; Gil, 1991:16; Finkelhor & Browne, 1986:185):

**Tabel 5.1 Gevolge van mishandeling op die gedrag van adolessente**

| Verwaarlosing | Fisiese mishandeling |
|---|---|
| Vind dit moeilik om ander te vertrou | Vind dit moeilik om ander te vertrou |
| Lae selfbeeld | Lae selfbeeld |
| Woede | Angs en vrees |
| Verswakte verhoudings | Fisiese probleme |
| Verswakte ouerskap vaardighede | Woede |
| Verlaagde intelligensie | Internalisering van aggressie |
| Verswakte ontwikkeling | Depressie |
| Verbale ontoeganklikheid | Probleme met verhoudings |
| Probleme met verhoudings | Misbruik van alkohol en dwelms |
| Misbruik van alkohol en dwelms | Persepsie van magteloosheid |
| Persepsie van magteloosheid | |

| Emosionele en psigiese mishandeling | Seksuele mishandeling |
|---|---|
| Gevoelens van onbevoegdheid | Vind dit moeilik om ander te vertrou |
| Swak selfidentiteit | Lae selfbeeld |
| Gevoelens van verlatenheid of verwerping | Angs en vrees |
| Chroniese depressie | Skuld en skaamte |
| Seksuele promiskuïteit | Fisiese probleme |
| Probleme om woede te beheer | Woede |
| Passiewe afhanklikheid | Selfmishandelende gedrag |
| Onvermoë om intieme verhoudings te ontwikkel of te behou | Depressie |
| Weerstand teenoor outoriteitsfigure | Probleme met aanraking |
| Passief-aggressiewe gedrag | Verwronge beeld van liggaam |
| Verslawing (veral werkolis) | Probleme met verhoudings |
| Perfeksionisme | Misbruik van alkohol en dwelms |
| Deurlopende gevoelens van skaamte | Persepsie van magteloosheid |
| Die behoefte om ander te beheer | Seksuele probleme |

### 5.6.2 Kategorieë van kort- en langtermyngevolge van mishandeling

Alhoewel alle gedragspatrone nie by alle adolessente wat mishandel is voorkom nie, is sekere simptome meer algemeen as ander. Die navorser is van mening dat kennis van die kort- en langtermyngevolge van mishandeling noodsaaklik is, ten einde mishandelde adolessente te verstaan en effektief te ondersteun. Die navorser sluit by Kotze (2006:111) aan dat die gevolge van mishandeling in die volgende kategorieë van kort- en langtermyngevolge verdeel kan word:

**Tabel 5.2 Kategorieë van kort- en langtermyngevolge van mishandeling**

| Emosionele gevolge | Kognitiewe- en perseptuele gevolge | Interpersoonlike gevolge |
|---|---|---|
| Depressie<br>Lae selfbeeld<br>Skuldgevoel<br>Skaamte<br>Angs<br>Woede | Kognitiewe verdraaiing<br>Dissosiasie<br>Amnesie<br>Persoonlikheidsversteuring<br>Perseptuele versteurings / Hallusinasies<br>Terugflitse<br>Slaapversteurings | Gevoelens van stigmatisasie<br>Vrees vir intimiteit en intieme verhoudings<br>Onvermoë om ander te vertrou<br>Verswakte sosiale verhoudinge |
| **Gedragsgevolge** | **Seksuele funksioneringsgevolge** | |
| Selfskending<br>Selfmoord en selfmoordpogings<br>Eetversteurings<br>Middel misbruik | Onvermoë om seks van affeksie te skei<br>Promiskuïteit, prostitusie en verwarring oor seksuele oriëntasie | |

#### 5.6.2.1 Emosionele gevolge

Die emosionele gevolge van mishandeling kan ernstig en langdurig wees (Kotze, 2006:111). Adolessente kan intense vrees om hulle emosies te hanteer ervaar, omdat dit hulle herinner aan die emosies tydens die mishandeling. Engel (2005:72) en Knauer (2002:xiii) stel dat die meeste mishandelde adolessente hulle ware emosie ontken en onderdruk, omdat hulle nie toegelaat word om hul emosie of *"ware self"* uit te leef nie. Adolessente kan so oorweldig deur hul emosie word dat dit hulle grootste vyand word. Oor 'n verloop van tyd kan die ontkenning en onderdrukking van emosies geassosieer word met geïnternaliseerde gedrag soos depressie, skuldgevoel, skaamte en angs, asook eksterne gedrag soos aggressie, woede en impulsiewe gedrag (Kotze, 2006:113-128; Mash & Wolfe, 2002:388; Briere, 1992:55-58; Gil, 1991:13).

#### 5.6.2.1.1 Depressie

Dis is nie ongewoon vir mishandelde adolessente om aan depressie te ly nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Austrian, 2008:122; Kinnear, 2007:20; Knauer, 2002:89). Navorsing dui daarop dat adolessente wat fisiek of seksueel mishandel is se kanse om aan depressief te ly groter is as enige ander persoon (Kinnear, 2007:20; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749; Cicchetti & Cohen, 2006:174; Briere, 1992:29-32; Salter, 1995:165-171).

Mishandelde adolessente wat aan depressie ly, is gewoonlik meer bewus van fisiese simptome soos konstante moegheid, onverklaarbare pyne, verandering in eet- en slaapgewoontes, onvermoë om te ontspan, stadige spraak- en liggaamsbewegings, die onvermoë om te konsentreer, 'n gebrek aan belangstelling in dit wat om hulle gebeur, emosies van hopeloosheid, lae selfbeeld, waardeloosheid, selfdestruktiewe gedrag, selfblaam, selfmoordgedagtes, skaamte en 'n onvermoë om plesier te ervaar (Rey & Birmaher, 2009:18; Tangney, *et al.,* 2007:358; Burke Draucker & Martsolf, 2006:8; Kotze, 2006:113; Knauer, 2002:76; Mash & Wolfe, 2002:391; Nevid, Rathus & Greene, 1997:544).

#### 5.6.2.1.2 Lae selfbeeld

Adolessente se selfkonsep is hoofsaaklik op die manier waarop hulle deur belangrike persone in hul lewe behandel word gebaseer (Geldard & Geldard, 2002:207). Trauma kan die positiewe gevoelens wat adolessente van hulself het, uitdaag en tot negatiewe denke en emosies van waardeloosheid lei (Sigelman & Rider, 2008:365; Kotze, 2006:115; Williams & Poijula, 2002:162). Die gevoel van minderwaardigheid, magteloosheid en die verlies aan selfbeheer, verhoog wanneer mishandelde adolessente se persoonlike ruimte herhaaldelik teen hul wil ingedring word (Chagigiorgis & Paivio, 2008:126; Tangney, *et al.*, 2007:357; Webb, 1999:110; Finkelhor & Browne, 1986:183). Hulle voel vasgevang in die mishandeling, omdat hulle dikwels van die versorging van die oortreder afhanklik is en herhaaldelik aan manipulasie, dreigemente en dwang blootgestel word. Volgens Kotze (2006:116) is adolessente met 'n geskiedenis van seksuele misbruik meer geneig om 'n kroniese verswakking in selfbeeld, selfkonsep en selfwaarde te ontwikkel.

Mishandelde adolessente glo dat hulle waardeloos is, omdat die oortreder nie hul wense en behoeftes in ag geneem het nie (Tangney, *et al.,* 2007:358; Kotze, 2006:115; Mash & Wolfe, 2002:387; Salter, 1995:116-118; Davis, 1991:18-19). Hulle glo dat hulle dit nie werd is om gelukkig te wees nie en voel magteloos ten opsigte van die lewe (Knauer, 2002:xiii). Die gevoel, dat hulle nie werd is om voor omgegee te word nie, ontstaan dikwels nadat hulle nie geglo is toe hulle die molestering bekend gemaak het nie (Bass & Davis, 1997:178-190).

As gevolg van 'n lae selfkonsep en selfbeeld sal adolessente selfs verantwoordelikheid vir die mishandeling aanvaar (Baker, 2008:69). Hulle kan die gevoel van minderwaardigheid deel van hul selfbeeld maak en met self-aftakeling voortgaan, selfs al vind die mishandeling en molestering nie meer plaas nie. 'n Gebrek aan selfaanvaarding lei tot probleme soos posttraumatiese-stres, depressie, woede, skuld en skaamte (Crosson-Tower, 2002:57; Knauer, 2002:111; Sonkin, 1998:116-124). Gevolglik probeer mishandelde adolessente hulself beskerm deur woede, aggressie of humor, om hul bestaan te regverdig en die minderwaardigheidsgevoel te onderdruk (Oaklander, 2007:72). Dikwels isoleer hulle hulself van familielede en vriende, in 'n poging om die molestering geheim te hou en nie geëtiketteer te word nie (Kinnear, 2007:15).

#### 5.6.2.1.3 Skuldgevoel

Mishandeling lei tot intense skuldgevoel (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Tangney, *et al.*, 2007:357). Wanneer molestering plaasvind, ervaar adolessente negatiewe gevoelens oor hulleself en voel hulle vuil en skuldig oor wat gebeur het (Knauer, 2002:xiii). Skuldgevoelens is op die mate van seksuele genot wat die adolessent kon put uit die molestering gebaseer (Crosson-Tower, 2002:322). Weens die samelewing se geneigdheid om die adolessent te blameer vir seksuele misbruik, het baie adolessente misplaaste gevoelens van skuld, skaamte en selfblaam (Baker, 2008:69; Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Kotze, 2006:113; Nevid, Rathus & Greene, 1997:544).

Mishandelde adolessente kan selfs ervaar dat hulle nie verdien om deur 'n helingsproses te beweeg nie, aangesien hulle verantwoordelik vir die mishandeling en vir oortreder se belangstelling in hulle voel en dat hulle die pyn van molestering self geskep het (Kotze, 2006:114; Williams & Poijula, 2002:105;

Salter, 1995:116-118; Davis, 1991:18-19). Hulle voel dikwels dat hulle die molestering verdien (Fontes, 2008:139; Cicchetti & Cohen, 2006:155; Knauer, 2002:xiii). Horst (1998:23) stel dat:

> *"They may feel that whatever bad things happen to them are their own fault, that they are so wicked God couldn't forgive them, that they are deeply flawed and likely to contaminate others that their essential unworthiness is obvious to anyone who looks at them".*

Verdedigingsmeganismes wat mishandelde adolessente gebruik om skuldgevoel te verwerk sluit onttrekking, woede, perfeksionisme, ekshibisionisme en arrogansie in (Knauer, 2002:73). In die navorsing van Knauer (2002) is die volgende gevind:

- Mishandelde adolessente seuns gebruik gewoonlik woede as verdediging.
- Mishandelde adolessente meisies verkies ekshibisionisme, waar hulle uitdagend aantrek sodat dit blyk dat hulle hul vroulikheid adverteer.
- Arrogansie is soms 'n verdediging wat mishandelde adolessente teenoor ander wat hulle as ondergeskik aan hulself ervaar gebruik.
- Mishandelde adolessente streef ook na perfeksionisme.

Beide arrogansie en perfeksionisme veroorsaak dat die portuurgroep minderwaardig voel en hul afstand teenoor mishandelde adolessente behou. Sommige adolessente verkies die onttrekking van sosiale situasies, as verdediging teen die ervaring van skuld, skaamte en minderwaardigheid (Knauer, 2002:73).

In Hoofstuk 6 word daar op 'n fenomenologiese ondersoek na die ontwikkeling, definisie en omvang van mishandelde adolessente se subjektiewe ervaring van skuld en skuldgevoel gefokus, om 'n ryk beskrywing van die fenomeen en die invloed daarvan op die vorming van die adolessente se persoonlikheid te gee.

#### 5.6.2.1.4 Skaamte

Mishandelde adolessente ervaar intense skaamte en woede (Tangney, *et al.,* 2007:358; Burke Draucker & Martsolf, 2006:12). Die self word aan die blootstelling van selfbewustheid en kritiese selfondersoek uitgelewer wat

adolessente laat met 'n gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid (Knauer, 2002:78; Engel, 2005:86). Tracy (2005:81) beskryf die ervaring van skaamte soos volg:

> *"... the dynamics of abuse are such that abuse victim's lives literally revolve around shame. Abuse produces shame, and then the more shame abuse victims feel, the more long-term damage they will experience. It's as though the shameful, corrupt things an abuser does penetrates below a victim's skin and alters his or her heart and soul".*

Adolessente wat fisies gedwing is om aan seksuele praktyke deel te neem, ervaar skaamte oor die liggaamlike integriteit wat geskend is en minagting in die oë van 'n ander persoon (Kotze, 2006:120). Volgens Oaklander (2007:34) en Engels (2005:87) sal die meeste adolessente hulleself vir die mishandeling en die wyse waarop ander hulle hanteer, blameer. Skaamte kan 'n vorm van selfmarteling met gevoelens van mislukking, teleurstelling, selfkritiek of selfhaat wees (Dutton, 2006:203; Kotze, 2006:120; Crosson-Tower, 2002:57; Williams & Poijula, 2002:116). Mishandeling dra die boodskap oor dat die adolessent waardeloos en onaanvaarbaar is (Tangney, *et al.*, 2007:355). Knauer (2002:76) stel dat:

> *"... abuse by itself can cause a form of "soul murder" in which the survivor is never able to become the person that a higher power would have given the individual the ability to become."*

#### 5.6.2.1.4.1 Bewustheid van die self as 'n mislukking

Mishandelde adolessente se hele selfkonsep kan op skaamte gebaseer word (Dutton, 2006:203; Kotze, 2006:120). Skaamte maak dit moeilik vir mishandelde adolessente om goed oor hulself te voel en veroorsaak dat hulle 'n lae selfbeeld ontwikkel. Williams en Poijula (2002:116) en Knauer (2000:76) wys daarop dat mishandelde adolessente onaanvaarbaar, "vuil", "sleg" en "anders as ander" voel. Holzman (in Fontes, 2008:135) beskryf skaamte soos volg: *"... shame is a feeling of having been exposed as a fundamentally and irremediably defective human being."* Binne hierdie ervaring van skaamte is 'n oorweldigende bewustheid van die self as 'n mislukking (Tracy, 2005:74, Gilbert & Andrews, 1999:134). Engel (2005:86) beskryf die ervaring soos volg:

> *"When we feel shamed we want to hide. We hang our heads, stoop our shoulders, and curve inward as if trying to make ourselves invisible. Shame is also the emotion that we most often experience when those parts of ourselves that we defend against the most – our weaknesses, deficits, and mistakes – are exposed. The more we hide our weaknesses, the bigger our shame. The bigger our shame, the more defenses we need to build up".*

Skaamte skei mishandelde adolessente van ander mense in die lewe (Knauer, 2000:76). Volgens Williams en Poijula (2002:116) kan gevoelens van skaamte na aggressie teenoor die oortreder en ander verander, omdat mishandelde adolessente se morele standaarde van aanvaarbare gedrag verbreek is. Hulle kan 'n persepsie ontwikkel dat daar niemand is wat hulle beskerm nie en hulself verdedig deur met woede op 'n gevoel van skaamte te reageer (Sigelman & Rider, 2008:365; Briere, 1992:32-35).

- Selfkritiek veroorsaak dat mishandelde adolessente aanneem dat ander hulle ook krities beoordeel.
- Deur selfverwerping dink hulle dat ander hulle ook verwerp.

Mishandelde adolessente kan hulle woede gebruik om ander van hulle af weg te hou in die hoop dat ander mense nie hulle swakhede sal ontdek nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122). Deur hul ervaring van minderwaardigheid laat hulle nie toe dat ander liefde aan hulle bewys nie, of tree aggressief op sodat ander nie die geleentheid kry nie (Kotze, 2006:121). Dit werk gewoonlik vir die adolessente om ander van hulle af weg te hou, maar skep weer 'n gevoel van waardeloosheid en mislukking wanneer hulle sien dat ander hulle vermy (Engel, 2005:97).

Ten spyte van al die verdedigingsmeganismes voel mishandelde adolessente broos en uitgelewer. Hulle voel nie net waardeloos in hulself nie, maar ervaar ook waardeloosheid in die oë van ander (Chagigiorgis & Paivio, 2008:126). Die oortreder kan die gevoel by mishandelde adolessente probeer skep dat hulle die mishandeling eintlik verdien en 'n voorwerp wat net gebruik kan word, is (Kinnear, 2007:14; Williams & Poijula, 2002:116). Deur introjeksie kan mishandelde adolessente die leuen dikwels as 'n waarheid aanvaar en hulself blameer, in 'n poging om 'n gevoel van kontrole en beheer oor hul eie lewe te kry

(Oaklander, 2007:34). Engels (2005:87) stel dat: "*To blame oneself and assume one could have done better or could have prevented an incident is more tolerable than to face the reality of utter helplessness".*

In Hoofstuk 6 word daar op 'n fenomenologiese ondersoek na die ontwikkeling, definisie en omvang van mishandelde adolessente se subjektiewe ervaring van skaamte gefokus, om 'n ryk beskrywing van die fenomeen en die invloed daarvan op die vorming van die adolessente se persoonlikheid te gee.

#### 5.6.2.1.5 Angs

Angstigheid word dikwels in kombinasie met depressie gediagnoseer, maar dit kom soms ook alleen voor (Heim, *et al.*, 2001:57). Angstigheid kan van angs per geleentheid tot 'n konstante toestand van angs wat met erge paniekaanvalle gepaard gaan wissel (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Kinnear, 2007:16; Knauer, 2002:106). Volgens Kotze (2006:117) vind mishandelde adolessente dit moeilik om seksuele misbruik te onthul, uit vrees vir weerwraak van die oortreder, of die vrees dat hulle blameer sal word vir die molestering.

Paniekaanvalle en angstigheid kan meegebring word deur terugflitse van 'n gedagte, reuk, smaak, klank, gevoel of aksie, waarmee die mishandeling en molestering geassosieer word (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127; Gil, 1996:140). Wanneer 'n terugflits ervaar word, raak adolessente angstig en paniekerig, aangesien hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie. Volgens Mash en Wolfe (2002:392) kan 25% tot 50% adolessente, wat mishandel is, voldoen aan die kriteria van 'n posttraumatiese-stresversteuring. Simptome van angstigheid sluit in bewerigheid, 'n onvermoë om te ontspan, sweet, hartkloppings, hiperventilasie, duiseligheid, slapeloosheid, oormatige waaksaamheid, onvermoë om te konsentreer en oormatige vrese (Dinsmore, 1991:80-81).

#### 5.6.2.1.6 Woede

Woede is 'n essensiële deel van mishandelde adolessente se lewe waarmee hulle daagliks moet saamleef (Kinnear, 2007:10; Sonkin, 1998:54-56; Dinsmore, 1991:38). Wanneer hulle die woede ontken, gebeur dit dat dit tot uiting kan kom op onvanpaste tye (Cicchetti & Cohen, 2006:157; Dinsmore, 1991:83-87).

Woede kan intense uitbarsting aanneem, adolessente se gevoel van magteloosheid meer intens maak en hulle selfbeeld ondermyn (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127; Tangney, *et al.*, 2007:361; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749; Kotze, 2006:125).

Woede is 'n natuurlike reaksie op die mislukking van ander wat nagelaat het om aan die mishandelde adolessente se behoefte van liefde, erkenning en aanvaarding te voldoen (Kotze, 2006:125; Fitzgibbons, 1986:629). Woede kan na binne gekeer word op die self, of na buite geprojekteer word (Oaklander, 2007:73). Om woede na binne te keer, is dikwels die oorsaak vir psigosomatiese siektes, depressie, negatiwiteit, pessimisme, selfbeserings of selfvernietigende gedrag (Baker, 2008:71; Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Knauer, 2002:84).

Vir mishandelde adolessente is woede 'n bekende emosie wat nou met hul eie ervaring van mishandeling verweef is. Aggressiewe gedrag kom nie net deur frustrasie na vore nie, maar dikwels ook deur adolessente se identifikasie met die aggressor (Knauer, 2002:112). Mishandelde adolessente leer deur waarneming dat woede sinoniem met fisiese aggressie en geweld is. Freedman (2008:94) stel dat: *"Adolescents with anger problems are often a danger to themselves as well as others, as anger affects nearly every aspect of their lives".* Dikwels word mishandelde adolessente se woede en aggressie nie noodwendig teen die oortreder of persone wat hulle nie beskerm het gerig nie, maar sonder fokus word dit deur wraak en vergeldende gedrag teen die samelewing gedryf (Freedman, 2008:95; Sigelman & Rider, 2008:365; Kinnear, 2007:15; Cicchetti & Cohen, 2006:155; Dinsmore, 1991:38).

#### 5.6.2.2 Interpersoonlike gevolge

Gebrek aan vertroue, 'n lae selfbeeld, skuldgevoel, skaamte en woede beperk mishandelde adolessente se vermoë om gebalanseerde verhoudings te vorm. Volgens Kotze (2006:129-133) sukkel die adolessente om ander te vertrou, kompromieë aan te gaan of verhoudingsprobleme op te los.

#### 5.6.2.2.1 Gevoelens van stigmatisasie

Mishandelde adolessente se idees oor wie hulle is en wat hulle gevoelens is, word grootliks deur hulle omgewing beïnvloed (Kinnear, 2007:15; Tangney, *et al.,* 2007:346; Salter, 1995:116-118). Dit wat ander persone van mishandelde adolessente dink of sê, vorm die idee wat hulle van hulself ontwikkel (Kotze, 2006:130). Die negatiewe ervaring van stigmatisasie kan direk van die oortreder wat adolessente blameer vir die molestering, kom (Oaklander, 2007:34). Hulle kan glo wat die molesteerder van hulle sê en dit bring dikwels skuld, skaamte, verwarring en konflik mee (Knauer, 2002:76). Mishandelde adolessente inkorporeer die gevoelens van skuld en skaamte in hul selfbeeld en ervaar dikwels woede teenoor hul liggame omdat hulle fisiese plesier tydens die misbruik ervaar het (Tangney, *et al.*, 2007:357; Knauer, 2002:76; Finkelhor & Browne, 1986:184). Hierdie valse beeld van die self word in mishandelde adolessente gevorm en hulle word uitermatig krities oor hulleself (Garbarino & Eckenrode, 1997:176).

Die gemeenskap se persepsie van molestering intensiveer die selfblamering en selfkritiek (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Fontes, 2008:141; Kinnear, 2007:17). Die stigmatisasie vanuit die gemeenskap sluit gewoonlik drie aspekte in, naamlik dat mishandelde adolessente geen waarde het nie, dat hulle die molestering geniet het en dat hulle verantwoordelik vir die molestering is (Kotze, 2006:130). Depressie, 'n lae selfbeeld en 'n swak selfkonsep is gewoonlik die gevolg van stigmatisasie (Cooper*, et al.*, 2009:6; Webb, 1999:110).

#### 5.6.2.2.2 Onvermoë om ander te vertrou

Alhoewel mishandelde adolessente die vermoë toon om te kan oorleef, ten spyte van hul omstandighede, het hulle 'n gebrek aan vertroue in ander en hulself (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Sigelman & Rider, 2008:365; Tangney, *et al.*, 2007:350; Kotze, 2006:131; Williams & Poijula, 2002:178). Die skending van vertroue is 'n traumatiese ervaring vir mishandelde adolessente (Finkelhor & Browne, 1986:182). Wanneer adolessente gemolesteer is deur 'n persoon wat hulle vertrou, word hul vertoue in alle persone geskend (Kinnear, 2007:15). Herman (in Knauer, 2002:111) stel dat mishandelde adolessente *"... lose their trust in themselves, in other people, and in God".*

Wanneer vertroue geskend word, leer mishandelde adolessente dat mense wat vir hulle lief behoort te wees, hulle liefde sal misbruik en hulle sal verraai (Sigelman & Rider, 2008:365; Knauer, 2002:111). Dikwels is dit nie net die een ouer wat die adolessent mishandel het nie, maar die ander ouer wat gefaal het om die adolessent te beskerm (Wiehe, 1997:58). Mishandelde adolessente leer ook om nie hulle gevoelens te vertrou nie, omdat hulle eie gevoelens en oordele hulle tydens die mishandeling in die steek gelaat het (Schwarz, 2002:11). Die alternatief is om gevoelens te onderdruk en emosioneel afgestomp te raak (Cicchetti & Cohen, 2006:144; Sonkin, 1998:124-127; Bass & Davis, 1997:35).

Adolessente voel soos "slegte" mense en kan nie verstaan hoekom God nie die mishandeling gekeer het nie (Knauer, 2002:111). Hulle kan tot die gevolgtrekking kom dat God ook dink dat hulle sleg is en dat Hy nie vir hulle lief is nie. Die navorser is van mening dat morele twyfel kan ontstaan oor die regverdigheid en goedheid van God. Dit skep innerlike geloofsverwarring en selfdevaluasie, omdat mishandelde adolessente verworpe en waardeloos voel en almal wantrou, selfs vir God (Schwarz, 2002:11). Volgens Webb (1999:110) en Hansen (1991:20) lei die ervaring van wantroue tot konflik in interpersoonlike verhoudings, om verhoudings te bou, suspisie, ambivalensie en die keuse van verhoudings waarin die adolessent nie uitgebuit sal word nie.

#### 5.6.2.2.3 Vrees vir intimiteit en intieme verhoudings

Gebrek aan vertroue, 'n lae selfbeeld en woede beperk mishandelde adolessente se vermoë om gebalanseerde verhoudings te vorm (Williams & Poijula, 2002:177). Hulle sukkel om verhoudingsprobleme op te los en vind hulle dikwels in intieme verhoudinge met mense wat soortgelyk optree as die mishandelaar of die onbeskermde ouer van die verlede (Knauer, 2002:113). Daardeur stel mishandelde adolessente hulle onbewustelik bloot aan slegte behandeling soos emosionele misbruik, verdere mishandeling, alkoholisme, ensovoorts.

Vrees vir fisiese kontak skep probleme in intieme verhoudings omdat mishandeling die enigste fisiese kontak is wat mishandelde adolessente ken (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122). Hulle kan skaamte ervaar wanneer hulle seksuele gevoelens beleef en intimiteit assosieer met vernedering, skuldgevoel,

skaamte en 'n vrees vir moontlike verwerping (Kotze, 2006:130; Crosson-Tower, 2002:380). Mishandelde adolessente se probleme met vertroue manifesteer in die ervaring dat die lewe en dié wat dit verteenwoordig, onvoorspelbaar is. Deur versigtig te wees, sal die adolessente hulself isoleer en vlug van intimiteit en nabyheid, omdat dit sinoniem met kwesbaarheid en pyn is (Austrian, 2008:122).

#### 5.6.2.2.4 Verswakte sosiale verhoudinge

Mishandelde adolessente vertoon gebrekkige sosiale vaardighede, voel negatief oor hulself en ander en ervaar probleme om gesonde sosiale bande te vorm (Kotze, 2006:131; Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:749; Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Die behoefte om te veg vir oorlewing beperk hulle toenemende verantwoordelikheidsbesef, wat dikwels op impulsiewe gedrag as ontvlugting uitloop (Tangney, *et al.*, 2007:347). In die geval van seksuele mishandeling, waar die oortreder adolessente se onskuld misbruik het, word hulle verward oor die verhouding tussen seks, liefde, vertroue en verraad (Kotze, 2006:131; Spies, O'neil & Collins, 1998:372).

### 5.6.2.3 Gedragsgevolge

#### 5.6.2.3.1 Selfskending

Selfbeserings bied aan mishandelde adolessente 'n gevoel van verligting, omdat hulle tydens selfbeserings self in beheer van hulle eie liggame is en nie die oortreder nie (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Kotze, 2006:135; Knauer, 2002:12). Dit is ook makliker om die aandag op fisieke pyn te vestig, eerder as om uiting aan emosionele pyn te gee (Pollock, 2001:44; Bass & Davis, 1997:48). Volgens Williams en Poijula (2002:132) kom selfskending gewoonlik voor wanneer adolessente 'n gevoel van verlies ervaar wat lei na gevoelens van spanning, angs, woede, vrees of selfhaat. Hierdie gevoelens word uitgedruk deur die liggaam op 'n beheersde wyse te beskadig deur dit te sny, krap, byt of brand. Volgens Kotze (2006:136) en Knauer (2000:98) word die pyn van selfskending gebruik om die emosionele pyn van mishandeling te ontvlug, omdat die adolessente geen beheer oor hul emosionele pyn het nie.

Die navorser is van mening dat selfbeserings op ’n tydelike basis psigiese spanning verminder en aanleiding tot die ontvang van aandag van ander persone gee. Die behoefte aan aandag kan as koestering beskou word wat mishandelde adolessente nodig het, maar nooit ontvang het nie. Die negatiewe sy hiervan is dat dit op die lang duur persone na aan die adolessente moedeloos maak, aangesien hulle nie met die konstante aandag en ondersteuning kan volhou nie (Salter, 1995:241-243; Briere, 1992:66-67).

Selfskending kan ’n wyse van selfstraf wees en ontwikkel in selfhaat (Kotze, 2006:137). Die selfhaat wat mishandelde adolessente ervaar, manifesteer op twee wyses, naamlik dat hulle probeer kompenseer vir die ongemak wat hulle binne hulleself ervaar deur na buite perfek en altruïsties op te tree, of deur toe te gee aan selfdestruktiewe woede wat na binne gerig word deur selfmoordgevoelens en -pogings, selfbeserings, dwelm- of alkoholmisbruik, eetversteurings of onveilige seksuele gedrag (Knauer, 2000:99).

#### 5.6.2.3.2 Selfmoord en selfmoordpogings

Indien oorlewingstrategieë nie die pyn van mishandeling verlig nie, blyk selfmoord die enigste uitweg te wees (Knauer, 2000:101; Salter, 1995:243-245; Briere, 1992:61-62). Selfmoordpogings kom redelik algemeen onder seksueel mishandelde adolessente voor (Balk & Corr, 2009:75; Kinnear, 2007:20; Kotze, 2006:139; Knauer, 2002:60). Die navorser is van mening dat selfmoordpogings nie noodwendig daarop gerig is om te sterf nie, maar dat die mishandelde adolessente geen ander uitweg sien om met hul emosionele pyn te deel nie.

#### 5.6.2.3.3 Eetversteurings

Anorexia nervosa, bulimia nervosa en kompulsiewe eetgewoontes is dikwels simptome van mishandeling en word ’n oorlewingstrategie vir mishandelde adolessente (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:338; Burke Draucker & Martsolf, 2006:7; Kotze, 2006:139; Nevid, Rathus & Greene, 1997:544). Eetversteurings is dikwels ’n noodkreet om hulp (Bass & Davis, 1997:218-219). Dogters wat gemolesteer is, ontwikkel eetversteurings in ’n poging om so gewig te verloor en nie ’n vroulike liggaam met rondings te ontwikkel nie (Kinnear, 2007:19; Kotze,

2006:140). Hulle ontwikkel 'n gevoel van haat teenoor sekere liggaamsdele soos borste, heupe en genitalieë – die dele wat aangeraak is tydens die molestering (Bass & Davis, 1997:50). Hierdie vorm van gedrag is 'n wyse waarop mishandelde adolessente die beheer wat hulle verloor het herwin en waarop hulle met hul lewensituasie meer suksesvol kan saamleef (Kotze, 2006:141). Hulle voel beter oor hulself, aangesien hulle in beheer van hul eie optrede tydens 'n eetversteuring is en nie die mishandelaar of die molesteerder nie (Knauer, 2002:187).

Behalwe vir die skade wat 'n eetversteuring aan adolessente se liggaam en gesondheid berokken, beïnvloed dit ook hul selfbeeld en verhoudings met ander (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:336; Knauer, 2000:62).

- Alhoewel adolessente met anorexia nervosa oormatig ondergewig is, sien hulle dit nie self raak nie en dink dat hulle steeds oorgewig is (Knauer, 2000:68). Tekens van anoreksie sluit die vrees om gewig op te tel, oormatige oefening, verlies van maandstonde, gemoedsveranderinge, fyn haargroei en hoofpyne in.

- Alhoewel bulimia nervosa in die geheim plaasvind, kom dit redelik in die algemeen by mishandelde adolessente voor om hulle gemoed te reguleer of om negatiewe gevoelens uit te druk sonder om dit te verbaliseer (Knauer, 2000:62). Die braking wat bulimielyers na 'n ete self veroorsaak, skep 'n gevoel van beheer en 'n ongesonde sirkel word so in stand gehou (Knauer, 2002:187; Cooper, 1995:11).

- Tekens van obesiteit en kompulsiewe eetgewoontes dui dikwels op die adolessente se reaksie op mishandeling om van onaangename of pynlike emosies te ontsnap (Knauer, 2002:194). Terwyl mishandelde adolessente eet, hoef hulle nie aandag aan hul emosies te gee nie (Zastrow & Kirst-Ashman, 2009:337). Dit kan ook 'n wyse wees om die self te koester en kos kan 'n plaasvervanger vir die vervulling van ander behoeftes word (Knauer, 2000:66; Bass & Davis, 1997: 217-218).

Gevoelens van ongemak en skaamte weens die eetversteurings verberg ook die pyn van mishandeling en molestering en neem die plek van gevoelens van angs, vrees, woede en frustrasie in (Kotze, 2006:141; Knauer, 2002:192).

#### 5.6.2.3.4 Middel misbruik

Die gebruik van alkohol en dwelms is 'n vorm van ontvlugting of om sosiale interaksie by mishandelde adolessente met gebrekkige sosiale vaardighede te vergemaklik (Sigelman & Rider, 2008:365; Mash & Wolfe, 2002:391). Die gebruik van alkohol en dwelms ondersteun mishandelde adolessente om nie intense emosies te ervaar nie, te vergeet van die herinneringe van die molestering en om van die pyn daarvan te ontsnap (Baker, 2008:71; Kinnear, 2007:20; Kotze, 2006:141). Alkohol- of dwelmafhanklikheid lei dikwels tot probleme in verhoudings wat later aanleiding tot isolasie gee (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:752). Knauer (2002:23) wys daarop dat kompulsiewe en verslawende gedrag 'n reaksie op skaamte, angs, vrees, skuld en eensaamheid is.

### 5.6.2.4 Kognitiewe- en perseptuele gevolge

#### 5.6.2.4.1 Kognitiewe verdraaiing

Die gevolg van mishandeling laat adolessente kognitiewe verdedigingsmeganismes aanwend om die mishandeling te konseptualiseer deur vergroting, verkleining, oorveralgemening, misinterpretasie, oorhaastige gevolgtrekkings, emosionele redenering, onakkurate en onrealistiese kognisies oor die self, ander en die wêreld (Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Kotze, 2006:142; Crosson-Tower, 2002:387; Gil, 1996:18).

#### 5.6.2.4.2 Dissosiasie en onttrekking

Mishandelde adolessente kan hulself emosioneel van die trauma wat hulle ondervind distansieer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Knauer, 2002:42; Resick, 2001:22; Briere, 1992:37-40). Dissosiasie kan na 'n pynlike insident, of as gevolg van aanhoudende langtermynmishandeling plaasvind (Kotze, 2006:142). Briere (1992:36) bied die volgende definisie vir dissosiasie:

> *"... a defensive disruption in the normally occurring connections among feelings, thoughts, behaviour, and memories, consciously or unconsciously invoked in order to reduce psychological distress"*.

Dissosiasie kan as 'n toestand waartydens verdediging teen posttraumatiese spanning geskep word, beskryf word (Kotze, 2006:143). Briere (1992:37-40) onderskei tussen die verskillende vorme van dissosiasie en verwys daarna as onttrekking, afgetrokkenheid, gevoelloosheid, observasie, geheueverlies en meervoudige persoonlikheidsversteurings. Bass en Davis (1997:42-43) ondersteun Briere se beskrywing van die vorme van dissosiasie en noem dat mishandelde adolessente soms reeds as kinders hierdie tegnieke aanleer in 'n poging om molestering te oorleef.

Onttrekking, as oorlewingstrategie, gebeur wanneer mishandelde adolessente hulself kognitief van die onmiddellike omgewing onttrek in tye van trauma en spanning (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Kotze, 2006:144). Mishandelde adolessente kan onttrek tot 'n staat van emosionele en kognitiewe neutraliteit waar gedagtes en bewustheid van eksterne gebeure vir 'n periode ontken word (Sigelman & Rider, 2008:365; Williams & Poijula, 2002:146). Selfs terwyl die liggaam en verstand voortgaan om te ontwikkel, kan die adolessente emosioneel gevries, gewond en onvolwasse optree (Kinnear, 2007:16; Resick, 2001:22). In 'n kroniese vorm is mishandelde adolessente totaal van die gevoelsin onbewus, omdat hulle verwyderd van hul emosies is (Mash & Wolfe, 2002:392). Die navorser is van mening dat hierdie fragmentasie van ervaring en gevoel tot 'n grenslyn- of veelvoudige persoonlikheidsversteuring kan vorder.

#### 5.6.2.4.3 Amnesie

Geheueverlies as 'n vorm van dissosiasie, vind plaas wanneer mishandelde adolessente onbewustelik herinneringe wat afkomstig van pynlike traumatiese gebeure is onderdruk of vermy (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Kinnear, 2007:16; Kotze, 2006:145; Crosson-Tower, 2002:382).

#### 5.6.2.4.4 Persoonlikheidsversteuring

Daar is ooreenkomste tussen die eienskappe van persone wat gemolesteer is en persone met 'n grenspersoonlikheid, veral in die verdeling van die self ("splitting") en histeriese eienskappe (Sigelman & Rider, 2008:365; Kotze, 2006:147; Pollock, 2001:108). Dissosiatiewe versteurings kan veranderinge of

versteurings in identiteit, geheue of bewustheid om ’n sin van die self te behou, affekteer (Cicchetti & Cohen, 2006:174; Nevid, Rathus & Greene, 1994:291). Adolessente wat seksueel mishandel is, word dikwels met dissosiatiewe identiteitsversteuring (meervoudige persoonlikheidsversteuring) gediagnoseer waar die verskillende persoonlikhede nie eens van mekaar bewus is nie (Crosson-Tower, 2002:382; Dutton, 2000:59; Briere, 1992:40-41). Die vorm van dissosiasie by ’n meervoudige persoonlikheidsversteuring bied aan mishandelde adolessente verligting, sodat hulle nie met die emosionele pyn hoef te deel nie (Beech, Craig, & Browne, 2009:23; Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Burke Draucker & Martsolf, 2006:8). Probleme ontstaan gewoonlik wanneer realiteit en fantasie in mekaar begin vloei (Kotze, 2006:147). Mishandelde adolessente kan ervaar dat die enigste wyse om verligting te ervaar en in beheer te voel, is wanneer hulle twee of meer persoonlikhede het wat in beheer van hulle gedrag is (Cicchetti & Cohen, 2006:155; Bass & Davis, 1997:48).

#### 5.6.2.4.5 Perseptuele versteurings / Hallusinasies

Hallusinasies as ’n perseptuele versteuring kom by mishandelde adolessente voor wat beelde sien en geluide hoor in die afwesigheid van eksterne stimulasie (Kotze, 2006:148; Crosson-Tower, 2002:384; Nevid, Rathus & Greene, 1994:418).

#### 5.6.2.4.6 Terugflitse

Daar word na terugflitse verwys wanneer mishandelde adolessente kognitief deur sintuie herinner word aan ’n aspek van die molestering (Sigelman & Rider, 2008:365; Cicchetti & Cohen, 2006:176). Terugflitse kan groot benoudheid en angs skep, omdat ’n sekere gesig, geluid, reuk of smaak ’n terugflits kan besorg (Kotze, 2006:145; Knauer, 2002:105). Psigosomatiese terugflitse kan ook plaasvind wanneer adolessente aan die molestering dink en pyn ervaar in ’n spesifieke area, soos byvoorbeeld die geslagsdele (Kotze, 2006:145; Salter, 1995:143, 183). Terugflitse kom die algemeenste tydens seksuele intimiteit voor. Mishandelde persone wat tydens seksuele intimiteit ’n terugflits ervaar, kan fisiese pyn, naarheid, angs of walging ervaar (Kotze, 2006:145). Terugflitse kan ook voordele inhou, aangesien dit adolessente kan help om die verlede te

ontdek en die trauma te verwerk (Dinsmore, 1991:98-101; Davis, 1991:187-192). Sonkin (1998:30-31) beweer dat terugflitse nie beheer kan word nie, maar dat adolessente wel beheer kan hê oor hoe hulle die terugflitse hanteer.

#### 5.6.2.4.7 Slaapversteurings

Alhoewel slaapversteuring nagmerries insluit word daar na slapeloosheid of die oormaat van slaap, as 'n oorlewingstrategie by mishandelde adolessente verwys (Kotze, 2006:149; Pollock, 2001:200). Die molestering het dikwels in die nag en in die slaapkamer plaasgevind wat meebring dat adolessente meer kwesbaar in die aand wanneer hulle gaan slaap is. Slapeloosheid kan die gevolg van spanning en vrees wees wat mishandelde adolessente ervaar (Bass & Davis, 1997:213). Adolessente wat nog nie die trauma van die molestering verwerk het nie, kan deur middel van drome en nagmerries daaraan herinner word, omdat dit soms die onderdrukte herinneringe na die oppervlakte bring (Williams & Poijula, 2002:58). Die nagmerries handel nie altyd oor die spesifieke gebeure nie, maar eerder die ervaring wat met die molestering gepaard gegaan het. Sommige adolessente kan dikwels ook nagmerries oor hul molesteerders kry en die molestering opnuut weer ervaar.

#### 5.6.2.5 Seksuele funksioneringsgevolge

Traumatiese seksualisering verwys na die onaanvaarbare en disfunksionele seksuele ontwikkeling van mishandelde adolessente (Kotze, 2006:152; Mash & Wolfe, 2002:392; Finkelhor & Browne, 1986:181). Dit behels die verwarring tussen seksualiteit en affeksie, verwarring oor seksuele norme, negatiewe assosiasie met seksuele gevoelens, geneigdheid om erotiese bindings te vorm, seksuele disfunksionering en verwarring oor seksuele identiteit.

Aangesien mishandelde adolessente ervaar dat molesteerders geen respek teenoor hulle betoon het nie, word 'n boodskap dat hulle slegs goed genoeg was vir die seksuele bevrediging van die molesteerder geskep (Mash & Wolfe, 2002:392). Mishandelde adolessente voel dikwels dat hulle geen kwaliteite het om 'n goeie vriend of vriendin vir 'n ander persoon te wees nie. Hulle kan slegs

seksuele maats wees, aangesien dit al was wat hulle kon reg doen in die oë van die oortreder.

Die ander moontlikheid is dat mishandelde adolessente as gevolg van die molestering so negatief oor hulle liggame voel, dat hulle leer om gevoelloos teenoor hulle liggame te raak, ten einde met die pyn daarvan te deel (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Knauer, 2002:12; Kotze, 2006:154). Hulle sal byvoorbeeld destruktief teenoor hulle eie liggame optree in die vorm van selfbeserings, of hulle sal ander persone toelaat om hulle liggaamlik te mishandel uit vrees om verwerp te word (Sigelman & Rider, 2008:365; Kinnear, 2007:15). Hulle leer onder andere om nie fisieke gevoel te ervaar nie of hulle verdra die fisieke pyn in 'n poging om te vergeet van emosionele pyn. Knauer (2000:130) wys daarop dat mishandelde adolessente afhanklik van ander mense word en eerder in 'n mishandelde verhouding sal bly as om die risiko te loop om alleen en kwesbaar te wees.

#### 5.6.2.5.1 Onvermoë om seks van affeksie te skei

Adolessente wat seksueel gemolesteer is, ervaar dikwels probleme met hul seksuele ontwikkeling en seksualiteit (Kinnear, 2007:18; Kotze, 2006:155; Knauer, 2002:233). Dit kan 'n natuurlike seksuele opwekking met gevoelens van skuld, skaamte, pyn, vernedering en walging verbind (Sigelman & Rider, 2008:365; Knauer, 2002:234; Spies, O'neil & Collins, 1998:373; Davis, 1991:21-22; Dinsmore, 1991:98-99). Bass en Davis (1997:239-240) stel dat mishandelde adolessente dikwels intimiteit as bedreigend ervaar en dit selfs vergelyk met molestering. Dit impliseer dat hulle gewoonlik nie in beheer tydens die seksuele daad voel nie en voel dat seksuele intimiteit op hulle afgedwing word (Kinnear, 2007:15). As gevolg van hierdie gevoel kan mishandelde adolessente fisieke probleme soos vaginisme, of dat alle behoeftes slegs deur middel van seksuele intimiteit bevredig kan word, ontwikkel.

Seksuele omgang sonder die aanwesigheid van intimiteit is vir mishandelde adolessente dikwels maklik om te geniet (Kotze, 2006:156; Dinsmore, 1991:92-101). Sommige adolessente kan met vele persone seksuele omgang hê sonder om enige emosionele of fisieke plesier te ervaar (Sigelman & Rider, 2008:365). Hulle kan verplig voel om in 'n vaste verhouding seksueel omgang te hê, of hulle

kan intimiteit en liefde verwar en dit gebruik om ander behoeftes soos nabyheid, aanvaarding, liefde of beheer te ervaar (Kinnear, 2007:18). Sodra die verhouding meer intens word en emosionele intimiteit ontwikkel, word seksuele omgang vir die mishandelde adolessente 'n bedreiging. Die seksuele maat word dikwels met die oortreder verwar en die seksuele verhouding kan soos 'n bloedskandeverhouding voel (Knauer, 2002:233).

#### 5.6.2.5.2 Promiskuïteit, prostitusie en oorseksualisering

Molestering het 'n direkte invloed op adolessente se seksuele gedrag (Burke Draucker & Martsolf, 2006:6; Hedges-Goettl, 2004:26; Laubscher, 1997:100). Volgens Mash en Wolfe (2002:392) is dit gedurende adolessensie dat promiskuïteit en prostitusie na vore tree, omdat mishandelde adolessente in hul identiteitsvorming strewe na aanvaarding en selfwaarde. Die navorser sluit by Kotze (2006:156) aan dat mishandelde adolessente dikwels net van waarde voel tydens seksuele interaksie, omdat die molesteerder aan hulle die boodskap oorgedra het dat hulle net waarde het tydens die seksuele misbruik. Sommige mishandelde adolessente raak promisku, omdat dit die enigste wyse is waarop hulle belangrik en geliefkoos kan voel (Knauer, 2002:235). Veelvoudige verhoudings met getroude mans kom dikwels by die adolessente meisies voor (Wiehe, 1997:58). Dit is maklik vir meisies wat seksueel gemolesteer is om ook by prostitusie betrokke te raak, aangesien hulle meesters in die afstomping van gevoelens is en nie enige emosie tydens seksuele omgang kan ervaar nie (Kinnear, 2007:19; Knauer, 2000:97; Bass & Davis, 1997:210). Westerlund (1992:70) stel dat die adolessente wat by prostitusie betrokke is, 'n lae selfwaarde en 'n verlies aan persoonlike beheer ervaar. Verder ag hulle hul liggame van min waarde en meen dat die enigste nut wat hulle liggame het, is om deur prostitusie beheer oor 'n man te verkry (Kinnear, 2007:19; Knauer, 2000:97).

#### 5.6.2.5.3 Verwarring oor seksuele oriëntasie

Tydens adolessensie besef adolessente dat hulle homoseksueel, lesbies of biseksueel is. Volgens die navorser is daar nie bevestigende navorsing wat aantoon waarom sommige adolessente homoseksueel en ander heteroseksueel

is nie. Alhoewel homoseksualiteit 'n geneties-biologiese basis het (soos in 4.3.3 bespreek), is die navorser van mening dat seksuele molestering ook die adolessente se seksuele ontwikkeling en oriëntasie negatief beïnvloed. Sigelman en Rider (2008:365) en Sonkin (1998:166-171) bespreek die korrelasie tussen seksuele molestering en homoseksualiteit en verwys na adolessente wat gemolesteer is as persone wat verward is oor hulle eie seksuele identiteit.

- Die feit dat adolessente seuns wat gemolesteer word maklik 'n orgasme kan bereik, bring mee dat hulle skuld en skaamte ervaar, en hulle eie seksualiteit kan bevraagteken. Omdat 'n man hulle die eerste keer seksueel opgewek het, voel die adolessente dikwels dat hulle homoseksueel is en raak in homoseksuele verhoudings betrokke (Kotze, 2006:157; Crosson-Tower, 2002:381). Die adolessente kan ook 'n homoseksuele leefstyl kies om die beeld van hulself gestand te doen en hul opvatting van hoe ander hulle sien uit te leef. Soms gebeur dit ook dat die adolessente bang is om as homoseksueel geëtiketteer te word en lei dit dikwels tot promiskuïteit teenoor vroue of dat seksuele intimiteit totaal vermy word. Die geïnternaliseerde homofobie kan intense skuldgevoelens en skaamte veroorsaak (Kotze, 2006:157). Sonkin (1998:155-171) verwys ook na seksuele probleme waarmee mans wat as adolessente gemolesteer is gekonfronteer word, naamlik geen behoeftes aan seksuele intimiteit nie, promiskuïteit, prostitusie, premature ejakulasie en impotensie.
- Adolessente meisies wat gemolesteer is, kan hul belangstelling in seksuele gemeenskap verloor en ook nie in mans belangstel nie, omdat hulle 'n aversie aan seks en wantroue in mans ontwikkel (Burke Draucker & Martsolf, 2006:4; Briere, 1992:51-53). Daar is ook meisies wat wel in seksuele verhoudings met mans betrokke raak, maar sonder fisieke bevrediging of die moontlikheid om 'n orgasme te bereik (Kotze, 2006:156). Party meisies raak eerder in lesbiese verhoudings en prostitusie betrokke (Sigelman & Rider, 2008:365; Kinnear, 2007:35; Gathia, 1999:6).

Die verwarring en angs wat dikwels met die ontwikkeling van 'n homoseksuele oriëntasie gepaard gaan, veroorsaak 'n intense vrees vir verwerping, vyandigheid en diskriminasie (Micucci, 2009:55; Wolfe & Mash, 2008:537; Louw, Louw & Ferns, 2007:296-298; Papalia, *et al.*, 2006:467).

## 5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die definisie, omvang en simptome van mishandeling bepaal wat die kontekstuele raamwerk van die navorsing vorm. Mishandeling is duidelik een van die mees traumatiese ervarings wat adolessente kan beleef. Vanuit 'n ekologiese en sosiologiese perspektief blyk dit dat mishandeling deur komplekse sisteme en interafhanklike faktore bepaal word. Mishandelde adolessente leef nie in 'n vakuum as onafhanklike entiteite nie, maar word deur hulle onmiddellike omgewing vanuit die mikro-, meso- en makro-sisteem beïnvloed.

Die onmiddellike omgewing van mishandelde adolessente word deur die individuele patologie van persone wat hulle mishandel en die foutiewe sosialisering of isolasie van adolessente in die samelewing beïnvloed. Die trauma van mishandeling hou verskillende gevolge vir adolessente in. Dit kan onderskei word in kategorieë van emosionele gevolge, interpersoonlike gevolge, gedragsgevolge, kognitiewe en perseptuele gevolge, fisiese gevolge en seksuele funksioneringsgevolge. Hierdie impak van mishandeling op die fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling van adolessente, vorm en misvorm die persoonlikheid waarmee hulle daagliks moet saamleef.

In Hoofstuk 6 word aandag aan die komponente van skuld en skaamte binne die konteks van 'n *pastorale Gestalt terapeutiese teorie* om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei geskenk.

# HOOFSTUK 6

# KONSEPTUELE RAAMWERK VAN SKULD EN SKAAMTE

## 6.1 INLEIDING

Skuld en skaamte is universele emosies wat vir mishandelde adolessente ŉ pynvolle ervaring kan wees en staan in die middelpunt van hul emosionele lewe (Lewis, 2004:634). Dit kan diep wonde en vretende emosionele seerplekke laat (Chagigiorgis & Paivio, 2008:126; Ho, Fu & Ng, 2004:64; Crosson-Tower, 2002:57). Daarom stel Wicks en Parsons (1993:485) tereg dat *"...the sexually abused person typically feels both inappropriate guilt and unjustified shame".* Skuld en skaamte kan as private en intieme selfbewuste of selfblaam emosies beskou word (Dutton, 2006:201; Tangney & Dearing, 2004:2; Tangney, *et al.,* 1996:797; Kaufman, 1996:5). Psigologies blyk dit dikwels makliker te wees om fisiese pyn te verduur as die las van skuld en skaamte. Dit toon die wanbalans tussen mishandelde adolessente en hulle wêreld aan, bepaal hulle gedrag, hul siening van hulself en hul verhouding met ander (Anolli & Pascucci, 2005:764; Tracy, 2005:74; Tangney & Dearing, 2004:78; Kaufman, 1996:4). Tangney en Dearing (2004:146) stel tereg dat *"... proneness to shame and guilt are linked to fundamental aspects of people's psychological and social well-being"*.

Skuld en skaamte kan problematies wees wanneer skuld ongepas, inhiberend, algemeen en voortdurend met skaamte verbind word (Tangney & Dearing, 2004:122). Wanneer mishandelde adolessente skuld en skaamte emosies onderdruk, tree onvoltooidhede na die voorgrond omdat hulle nie tussen hul emosies kan onderskei nie. Die emosionele wanbalans, deur die bewustheid van onvoltooidhede, kan daartoe lei dat organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie.

In hierdie hoofstuk word daar op mishandelde adolessente se subjektiewe ervaring van skuld en skaamte gefokus om ŉ ryk beskrywing van die invloed daarvan op interpersoonlike en intrapersoonlike vergifnis te gee. Die diversiteit in die verstaan van skuld en skaamte by mishandelde adolessente gee ŉ ryk beskrywing en verklaring van die fenomeen.

## 6.2 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Emosie dui op 'n toestand wat deur aktivering van die senuweestelsels en die uiting van gevoelens gekenmerk word. Mishandelde adolessente is geneig om meer emosionele gemoedskommelinge te ervaar as ander adolessente (Thom, *et al*., 2004:439). Hulle is ook meer geneig om op hulself te fokus, wat veroorsaak dat hulle dikwels komplekse emosies soos woede, angstigheid, vrees, skuld, skaamte en verleentheid ervaar.

### 6.2.1 Emosionele ontwikkeling en groei

Emosionele herorganisasie lê daarin dat mishandelde adolessente emosionele beheer en kontrole moet aanleer. Gouws, *et al.* (2000:96) verwys na emosionele ontwikkeling as die ontwikkeling van gehegtheid, vertroue, sekuriteit, liefde en ook 'n verskeidenheid van emosies, gevoelens en temperamente. Die ontwikkeling van mishandelde adolessente se emosionele ervaring bepaal die verhoudings wat hulle vorm en die leefwêreld wat hulle vir hulself skep (Wolfe & Mash, 2008:10). Emosionele ervaring behels om van emosie bewus te wees, geborge te voel, selfvertroue te openbaar, vasberade en optimisties omtrent die toekoms te wees en oor die veerkragtigheid wat nodig is om teëspoed te bowe te kom te beskik. Volgens Pfeiffer (2001:138) kan die ervaring van emosie verander en groei binne die raamwerk van komplekse veelvoudige intelligensie.

Intelligensie is 'n doelgeoriënteerde verstandelike aktiwiteit en proses wat deur doeltreffende probleemoplossing, kritiese denke en effektiewe abstrakte beredenering gekenmerk word (Pfeiffer, 2001:138; Mayer, Caruso & Salovey, 1999:2-3). Dit behels kognitiewe en intellektuele redeneringsvermoë om inligting (emosionele impulse) affektief te prosesseer (Salovey & Mayer, 1997:4). Volgens Piaget (Louw & Louw, 2007:24; Berk, 1991:210) is emosie en kognisie onafskeidbaar en vorm simboliese *skemas*, wat die basiese struktuur van intelligensie uitmaak. Emosie verskaf energie aan die *skemas* (denkprosesse), in die vorm van belangstelling of 'n gebrek aan belangstelling, asook die inklinasie om 'n situasie te benader of te vermy. Crawford, *et al*. (in Pattison, 2000:23) beskryf emosie soos volg:

> *"... emotions involve affect or feelings, often equated with certain physiological events; emotion also involve cognition, however fleeting, in*

*the form of remembering or appraising; emotions are expressions of inner feeling; emotion communicate our feelings to others; emotion overcome us."*

Mishandelde adolessente handel nie alleenlik emosioneel intelligent wanneer hulle suksesvol aanpas of reageer met die omgewing nie, maar ook wanneer hulle die omgewing probeer vorm en verander om in hul behoeftes te voldoen (Gil, 1996:8). Mayer en Salovey (in Mayer, Caruso & Salovey, 1999:3) beskryf vier komponente wat bepalend vir emosionele ontwikkeling is:

- Persepsie en waarneming van emosie (om byvoorbeeld gevoelens van dade te skei; emosie in gesigsuitdrukking waar te neem).
- Assimilering van emosionele ervaring (opweeg van emosies, ander sensasies en denke teen mekaar).
- Verstaan en redenering oor emosies (ook die perspektief om ander se emosie te herken).
- Bestuur en regulering van emosie (om byvoorbeeld woede te beheer en angs te kalmeer).

Volgens die navorser dra emosionele intelligensie tot die ontwikkeling van sosiale hanteringsvaardighede en probleemoplossing by, wat weer tot veerkragtigheid, weerbaarheid en 'n gevoel van psigologiese welstand bydra. Goleman (in Pfeiffer, 2001:140) beskryf emosionele intelligensie soos volg: *"...frustration tolerance, delay of gratification, motivation, zeal, persistence, impulse control, regulation of mood, ability to empathize, attunement to others, hopefulness and optimism"*. Die navorser is van mening dat adolessente wat in staat is om hul eie emosies waar te neem en uit te druk, ander se emosies akkuraat waar te neem en hul eie emosies te bestuur, as emosioneel intelligent beskou kan word.


## 6.3 SKULD EN SKAAMTE AS SELFBEWUSTE EMOSIES

Komplekse emosies soos skuld en skaamte ontwikkel gedurende die ontwikkelingstadia van adolessente en word tydens die ontwikkeling geïnternaliseer as selfbewuste emosies (Louw & Louw, 2007:267; Tangney, *et al.*, 2007:357; Lewis, 1995:58; Bradshaw, 1988:17; Erikson, 1968:110-111).

Selfbewuste emosies bepaal identiteitsvorming waarin 'n duidelike onderskeid tussen die self en die morele en sosiale gedrag wat die self openbaar getref moet word (Silfver-Kuhalampi, 2008:10; Kaufman, 1996:4; Lewis, 1995:57).

### 6.3.1 Objektiewe en subjektiewe selfbewuste emosies

Selfbewuste emosies kan kognitief, affektief en emosioneel van mekaar onderskei word (Tangney, *et al*., 2007:350-355). Tangney (2003:384) en Lewis (1995:13) maak die onderskeid tussen primêre en meer komplekse emosies wat deur selfrefleksie en selfbewuste emosie bepaal word. Adolessente het die kognitiewe vermoë om primêre emosies deur objektiewe of subjektiewe selfbewustheid en bepaalde standaarde, reëls en doelwitte te ervaar (Silfver-Kuhalampi, 2008:9, Piaget, 1995:297-299). Wanneer adolessente aan objektiewe of subjektiewe selfbewustheid blootgestel word kan hulle hul emosies evalueer en as *nie-evaluerende emosies* of *evaluerende selfbewuste emosies* ervaar (Lewis, 1995:86). Volgens Lewis (1995:87) kan die ontwikkeling van selfbewuste emosies skematies soos volg in Figuur 6.1 verdeel word:




**Figuur 6.1 Ontwikkeling van selfbewuste emosie** (Lewis, 1995:87)

Skuld en skaamte kan as komplekse affektief-kognitiewe selfbewuste emosies wat adolessente se aksie, denke en gevoel evalueer volgens bepaalde morele standaarde beskryf word (Tangney, *et al.*, 2007:359; Lewis, 1995:65). Die ontwikkeling van selfbewuste emosies lei tot die erkenning van dramatiese veranderinge in die self (Browning, *et al.*, 2004:57). Skuld kan as 'n aanpasbare emosie beskou word, terwyl skaamte tot ongesonde en destruktiewe emosies kan lei (Tangney, *et al.*, 2007:355; Watts, 2001:57). Skuld en skaamte tree na vore vanuit evaluerende selfbewuste emosies en die erkenning van gedrag wat nie daarin slaag om aan interne en eksterne standaarde te voldoen nie (Silfver-Kuhalampi, 2008:9). Dit ontwikkel deur twee kognitiewe fokuspunte (Lewis, 2004:624):

- Die erkenning van die self wat onderskei word van ander.
- Die ontwikkeling van standaarde waarmee die self of ander se gedrag evalueer word.

### 6.3.2 Emosionele groei deur kognitiewe en sosiale ontwikkeling

Die ontwikkeling van mishandelde adolessente se emosionele ervaring bepaal hul betrokkenheid of onbetrokkenheid in die wêreld, die kwaliteit van betekenis wat hul toeken, relasies wat hulle vorm en die leefwêreld wat hulle vir hulself konstitueer (Du Toit & Kruger, 1991:55). Die navorser is van mening dat skuld en skaamte tydens die kognitiewe en sosiale ontwikkeling van mishandelde adolessente kan verander. Tangney en Dearing (2004:140) stel dat: *"... it is extremely unlikely that the nature and functions of "self-conscious" emotions, such as shame and guilt, remain the same across the lifespan"*. Die navorser sluit by Damon, Lerner en Eisenberg (2006:11) aan dat adolessente emosioneel kan groei deur die bewustheid van die volgende sosiaal-kognitiewe vermoëns:

- Bewustheid van eie emosie;
- vermoë om eie emosies van ander se emosies te onderskei en dit te verstaan;
- vermoë om emosie op 'n gepaste wyse verbaal uit te druk in die kultuur en sosiale rolverwagting waarbinne adolessente hul bevind;

- vermoë om empatie en simpatie teenoor ander se ervaring van emosie te toon;
- begrip dat innerlike emosionele ervaring nie noodwendig weerspieël word in uiterlike emosionele handelinge nie, omdat emosionele optrede en gedrag ander kan beïnvloed;
- bewustheid dat verhoudinge gedefinieer word deur die wyse waarop emosies binne verhoudinge gekommunikeer word.

### 6.3.3 Regulering van emosie deur differensiasie en integrasie

Die regulering van emosie deur interaksie met die omgewing, is 'n ontwikkelingsproses deur differensiasie en integrasie van die biologiese en psigologiese sisteem binne die omgewing (Oaklander, 2007:50; Cicchetti & Cohen, 2006:143). Emosionele regulering ontwikkel uit beide intrinsieke eienskappe van adolessente en ekstrinsieke sosio-emosionele ervaringe binne die konteks van die omgewing en die vroeë ouer-kind interaksie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:126; Tangney, *et al.*, 2007:357).

#### 6.3.3.1 Intrinsieke eienskappe van adolessente

##### 6.3.3.1.1 Aangebore affektiewe motiveringsisteem

Silvan Tomkins stel aangebore emosies of meganismes voor wat 'n invloed op die regulering van emosies het (Russel & Lemay, 2004:499-500, Martinsen, 2003:xiv). Volgens Nathanson (1997a:116-120) behels die aangebore emosies twee positiewe emosies (belangstelling-opgewondenheid en genot-geluk) en ses negatiewe emosies (vrees, woede, stres, skaamte, walging, afkeer). Aangebore emosies kan meganies geaktiveer word deur sekere stimulus wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar vir die individu is (Nathanson, 1987:12). Nathanson (1992:141) verduidelik die ontwikkeling van skaamte, as 'n negatiewe emosie, soos volg:

> *"My hypothesis is that shame affect involves a neurochemical, a substance secreted in the ancient sub cortical portion of the brain, a compound that causes sudden widening or dilation of the blood vessels in*

*the brain... Earlier in evolution before the development of the 'higher centers' of cognition, all that shame affect did was turn off positive affects. But the more complex the brain became the more functions came to be influenced by shame."*

### 6.3.3.1.2 Narsissistiese persoonlikheid

Heinz Kohut (2001:181-185) bou op Freud se aanname dat skaamte in die algemeen 'n reaksie van die *ego,* wat gefaal het om aan die onrealistiese eise van die *ego-ideaal* te voldoen, is. Skuld en skaamte ontwikkel as 'n poging van die lydende *ego* om deur narsissisme weg te doen met die ware self en die teleurstelling van mislukking uit te skakel. Narsissisme is 'n normale ontwikkelingsmylpaal waar adolessente moet leer om hul infantiel narsissisme te omskep na volwasse narsissisme (Kohut, 2001:181-185). 'n Dialektiese narsissisme kan in mishandelde adolessente ontwikkel, waar die self in spanning kom met 'n geïdealiseerde objek om 'n sin vir outonomie, kompetisie en uniekheid te ontmasker (Morrison, 1996:16-20). Hierdeur kan die adolessente 'n intrapersoonlike sin vir eie geregtigheid en 'n gebrek aan empatie ontwikkel (Tangney & Dearing, 2004:72; Kohut, 2001:37-38). Hotchkiss (2002:3-6) wys daarop dat skaamte in 'n narsissistiese persoonlikheid met 'n gebrek aan empatie 'n destruktiewe kombinasie is wat tot skaamteloosheid kan lei. Volgens Emmons (2001:163) besit 'n narsissistiese persoonlikheid gewoonlik die volgende karaktertrekke:

- 'n Persoon glo hy is geregtig op spesiale regte en voorregte;
- stel eise en is selfsugtig;
- verwag spesiale gunste sonder om die verantwoordelikheid te besef en druk sy verrassing en woede uit as ander nie voldoen aan verwagtings nie;
- laat na om begeertes, behoeftes en gevoelens van ander te erken. Indien dit erken word, ervaar die persoon dit subjektief as 'n swakheid waaraan hy uitlewer is;
- is op soek na geleenthede om ander uit te lewer, as selfvervulling;
- het gefragmenteerde en kwesbare selfbeelde;

- besit 'n diep aanvraag vir persoonlike admirasie;
- is hipersensitief vir kritiek en vernedering.

#### 6.3.3.2 Invloed van die familiesisteem op selfbewuste emosies

Die familiesisteem van adolessente speel 'n belangrike rol in die ervaring van selfbewuste emosies (Tangney & Dearing, 2004:149; Briggs, 1999:57). Volgens Tangney, *et al.* (2007:358) en Walter en Burnaford (2006:336) is ouers vanaf puberteit geneig om meer negatiewe as positiewe emosies met adolessente te deel. Tangney, *et al.* (2007:357), Walter en Burnaford (2006:329) en Tangney en Dearing (2004:147) wys daarop dat die interaksie binne die familiesisteem selfbewuste emosies op drie vlakke beïnvloed:

- Ouers se affektiewe styl in die hantering van negatiewe gebeure, kan die adolessente direk in hul ervaring van selfbewuste emosies beïnvloed.
- Die gesin se affektiewe styl kan ook deur die omgewing en samelewing waarbinne die gesin funksioneer beïnvloed word. 'n Gesin wat deur verwronge kommunikasie en konflik gekenmerk word, kan die adolessente se ervaring van selfbewuste emosies, soos skuld en skaamte, negatief as gevolg van die disfunksionele samestelling beïnvloed.
- Die ouer se optrede, affektiewe persoonlikheid, norme en waardes sal vir die ontwikkeling van adolessente se skuld en skaamte bepalend wees.


Die navorser sluit by Briggs (1999:59) aan dat skuld en skaamte deur die ontvang van verbale en nie-verbale response wat teen die self van mishandelde adolessente gerig word, ontwikkel. Middelton-Moz (1990:18) stel dat *"... when shameful experiences are repetitive and there is no opportunity to talk about them, the individual feels increasingly more disconnected from her or his world"*.

## 6.4 DEFINIËRING VAN SKULD, SKULDGEVOEL EN SKAAMTE

### 6.4.1 Wisselwerking tussen skuldbewussyn en skuldgevoel

Skuldgevoel is 'n aanduiding van die kwaliteit en omvang van die skuldbewussyn (Enright, 2003:111). Vir 'n realistiese, ewewigtige en toepaslike skuldgevoel is dit van wesenlike belang dat die skuldbewussyn wat met skuldgevoel

gepaardgaan geïdentifiseer word. Daar kan 'n tweeledige onderskeid tussen *skuld en skuldgevoel* enersyds en *skuldbewussyn en skuldgevoel* andersyds getref word. Die wisselwerking kan skematies soos volg in Figuur 6.2 voorgestel word:




**Figuur 6.2 Beweging van skuld na skuldgevoel**

Die ervaring van skuld, sonder om getref te wees daardeur op eksistensiële vlak kan met die uitskakeling van 'n normbesef en die gewete, 'n aanduiding van ingrypende patologie wees (Louw, 1999b:472). Strickland (2001) definieer die skuldbewussyn soos volg: *"A guilty conscience results from thoughts that we have not lived up to our ideal self".* Hiervolgens is skuldgevoel 'n reaksie op die skuldbewussyn van adolessente (Lewis, 1995:58). Freeman en Strean (in Middelton-Moz, 1990:57) verduidelik skuldbewussyn soos volg:

> *"They call our unconscious (Freud's Id) the engine that powers us; the self (Freud's Ego), the driver and the conscience (Freud's Superego), our back-seat driver. It is sometimes our back-seat driver who keeps us on the road. If, however, that driver in the back seat is too harsh, it would prevent us from leaving the driveway (debilitating guilt) and if at the same time the driver was blamed for the lack of movement because of his or her worthlessness, the driver might become frozen (debilitating shame) or may avoid driving the car altogether."*

#### 6.4.1.1 Neurotiese en psigotiese graadverskille in skuldgevoel

Die wisselwerking tussen skuldbewussyn en skuldgevoel verklaar die onderskeid tussen neurotiese en psigotiese graadverskille in skuldgevoel. Impulse en gedrag wat deur die *superego* afgekeur word wek negatiewe en aggressiewe skuldgevoel reaksies. Skuldgevoel kan vergroot of verdraai en selfs ontydig wees, maar dit is 'n absolute imperatief vir die funksionering van die *superego* (Wheeler, 2003:36; Freud, 1951:116; Freud, 1949:76). Die

gevoelsvlak van die *superego* varieer op ’n wye kontinuum van amper geen gevoel van skuld nie tot ’n intense gevoel van selfstraf en selfvernietiging. Die ekstreme uiterstes van hierdie kontinuum word gesien in die *sosiopatiese persoonlikheid* aan die een kant en die *obsessiewe kompulsiewe neurotiese persoonlikheid* aan die ander kant.

- Die sosiopatiese persoonlikheid bewys geen skuldgevoel nie, ongeag sy gedrag.
- Die obsessiewe kompulsiewe neurotiese persoonlikheid word gedurig deur ’n gevoel van skuld en skaamte gedomineer.

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente as gevolg van intense skuldgevoel ’n gevoel van skaamte en minderwaardigheid kan ervaar, omdat behoeftes nie bevredig word nie. Blatt (in Tangney & Dearing, 2004:117) beskryf introjekte neurotiese emosies as *“... feelings of being unworthy, unlovable ... of having failed to live up to expectations, ... a constant self-scrutiny and evaluation ... and extensive demands for perfection”*. Volgens die navorser kan die bevooroordeelde pogings van die *superego* om ’n behoefte aan liefde te bevredig tot psigopatiese narsissisme lei.

#### 6.4.1.2 Intensiteit van skuldgevoel

Afhangend van die skuldbewussyn van mishandelde adolessente kan skuldgevoel ’n gesonde ontwikkelingsfase teweegbring of inhibeer. As ’n sensitiewe waarskuwingsinstrument funksioneer die *superego* gewoonlik op ’n vlak wat ’n hoë selfbeeld in stand hou (Wheeler, 2003:37). Wanneer mishandelde adolessente misluk om aan hierdie standaard te voldoen word skuldgevoel en skaamte in ooreenstemming en proporsioneel tot die oortreding of onreg ervaar. Die intensiteit van skuldgevoel is dikwels so intens dat, indien die adolessente oorval word met ’n aantal intense beperkings en geen gratifikasie nie, daar gereeld intense skaamte sal wees. Terwyl die *ego* die wêreld ontdek sal ’n gesonde *superego* die ontdekking van identiteit en groei integreer met realistiese ervaring (Lansky & Morrison, 1997:34-37). Wanneer die gevoel van oortreding of onreg herstel word, sal die *superego* nie met die skuldgevoel en skaamte voortgaan nie, maar ’n staat van tydelike ekwilibrium bereik.

### 6.4.2 Definiëring van skuld en skuldgevoel

Ten einde skuld by mishandelde adolessente te kan hanteer, moet daar tussen skuld en skuldgevoel onderskei word. Skuld verwys na die verkeerde daad wat gepleeg is, terwyl skuldgevoel die emosionele ervaring daarvan is (Yontef, 2003:365). Dit omsluit adolessente se totale wese binne die self en die omgewing.

#### 6.4.2.1 Definiëring van skuld

Skuld verwys na 'n eksistensiële sedelike en morele aangeleentheid. Skuld verwys nie net na wat onmiddellik kognitief verkeerd is nie, maar ook dat die kwaliteit van lewensgerigtheid en sinsraamwerk versteur is. Dit kan as 'n staat van spanning of angs gedefinieer word (Yontef, 2003:365). Strickland (2001) definieer skuld soos volg:

> *"An emotional state produced by thoughts that we have not lived up to our ideal self and could have done otherwise. Guilt is both a cognitive and an emotional experience that occurs when a person realizes that he or she has violated a moral standard and is responsible for that violation."*

Wanneer skuld ervaar word, mag dit gedrag wat mishandelde adolessente se aksies verminder en die self inkort oproep. Interne en fenomenologiese skuld kom in angs, pyn, ontevredenheid, depressie, angs, woede, selfverwyt en berou, as gevolg van die skending van geïnternaliseerde waardes tot uiting (Jones, Schratter & Kugler, 2000:1039-1042; Kubany, *et al.*, 1996:428; Kugler & Jones, 1992:318-327). Singh (2001:5) stel dat: *"Guilt is a concept that forms part of a matrix to do with moral division and reunion"*.

Die navorser is van mening dat skuld tot spanning, versteurde verhoudinge en selfs psigopatologie kan lei, wanneer dit ongepas of irrasioneel voorkom. Singh (2001:4) stel dat: *"Most commonly, people say that guilt "gnaws", capturing the sense of something inside and inaccessible, attacking one relentlessly"*. Volgens Ferguson, *et al.* (2000:319-345) kan patogeniese en skuldige gedrag misplaasde verantwoordelikheid of onrealistiese idees insluit. Allison (2003:54) stel dat: *"Guilt also is often the crucial factor in depression, leaving the self*

*listless and without energy, confidence, or self-esteem, unable to move or to hope"*.

#### 6.4.2.1.1 Waarde van skuld

Skuld kan mishandelde adolessente help om op 'n konstruktiewe wyse krisisse te hanteer, verantwoordelikheid vir keuses te neem en tot volwassenheid te groei. Die omvang van adolessente se ervaring van skuld, na 'n negatiewe gebeurtenis, kan deur die teenwoordigheid van vyf faktore beïnvloed word (Kubany, *et al.*, 1996:428-444):

- Die persepsie van *verantwoordelikheid* wat mishandelde adolessente van die gebeurtenis het.
- Die gebrek aan *regverdiging* wat hulle vir hul aksies het.
- Die omvang waarin die adolessente se *waardes geskend* is.
- Die mate waarin hulle glo dat hulle die gebeurtenis kon *voorspel*.
- Die mate waarin hulle die gebeurtenis kon *voorkom* het voordat dit plaasgevind het.

Dit blyk dat skuld nie net as 'n negatiewe faktor, wat mishandelde adolessente in mislukkingsgevoelens en wanhopige selfverwyt stort, beskou moet word nie (Louw, 1999b:470). Skuld kan skuldgevoel wek wat deur die gewete gedryf word en funksioneer as 'n alarmstelsel om die adolessente te waarsku dat iets in hul selfstruktuur verkeerd gegaan het.

### 6.4.2.2 Definiëring van skuldgevoel

Skuldgevoel verteenwoordig 'n vermenging van 'n verskeidenheid van affektiewe en kognitiewe emosies (Elison, 2005:1). Skuldgevoel is nie skuld in verhouding met die hele self nie, maar eerder skuld in verhouding met bepaalde aktiwiteite van mishandelde adolessente (Lewis, 1995:60). Zahn-Waxler, *et al.* (in McElwain & Korabik, 2005) en Kubany (1994:4) stel dat skuldgevoel:

> *"... refers to the thoughts and feelings of remorse and responsibility that occur due to real or imagined wrongdoings. Specifically, guilt can be*

*defined as an unpleasant feeling that stems from the belief that an individual should have thought, felt, or acted differently based on a set of internalized standards."*

Die ervaring van skuldgevoel gaan met skuld, verwarring, depressie, woede, innerlike leegheid, 'n vrees vir intimiteit en 'n onvermoë om ander te vertou gepaard (Knauer, 2002:77). Volgens Narramore (1985b:486) is 'n begrip van skuldgevoel die middelpunt van enige begrip van psigologiese wanaanpassing. Die navorser is van mening dat dit ontwikkel vanuit introjeksie of assimilasie. Introjeksie dui op eksistensiële skuld terwyl assimilasie dikwels verwys na vervolgings-angs (Yontef, 2003:365).

#### 6.4.2.2.1 Waarde van skuldgevoel

Skuldgevoel is 'n belangrike element vir persoonlike ontwikkeling en sosiale samewerking. Die waarde van skuldgevoel is dat dit mishandelde adolessente bewus maak van die realiteit van hul gedrag en die impak daarvan op die omringende omgewing (Louw, 1999b:471). Dit kan as 'n aanpasbare emosie beskou word wanneer dit help om interafhanklike verhoudinge, wat essensieel vir 'n gemaklike en produktiewe lewe is, in stand hou (O'Connor, *et al.*, 1997:81). Skuldgevoel kan objektief gediagnoseer word wanneer:

- Mishandelde adolessente binne 'n bepaalde situasie dit openbaar maak dat hulle skuldig voel.
- Hulle bewus gemaak word van hul skuldbewussyn wat angs en skaamte veroorsaak.
- 'n Situasie hul gewete in so 'n mate aanspreek dat hulle smag na bevryding van skuldgevoel, om angs en skaamte te voorkom.

Skuldgevoel kan 'n destruktiewe, inhiberende invloed wees wat gepas of onvanpas tot uiting kom (Collins, 2005:146). Dikwels is daar moedeloosheid, angs, vrees vir straf, 'n swak selfbeeld en 'n gevoel van afsondering, wat alles vervleg is as deel van skuldgevoel (Yontef, 2003:353).

### 6.4.3 Die aard en karakter van skuld en skuldgevoel

Skuld ontstaan vanuit pynvolle aangeleerde reëls, vasgestelde grense en waardes (Singh, 2001:6; Middelton-Moz, 1990:58). Skuld kan in twee breë kategorieë van objektiewe en subjektiewe skuld verdeel word (Collins, 2005:145-146; Parrott, 2000:184-185; Louw, 1999b:470; Aden, 1989:101).

#### 6.4.3.1 Objektiewe skuld

Objektiewe skuld kom voor wanneer 'n wet oortree is en die wetsoortreder skuldig is, al voel hy nie skuldig nie (Collins, 2005:145). Objektiewe skuld kan in vier dele wat ooreenstem, ineenvloei en dikwels minder onderskeibaar is, verdeel word:

##### 6.4.3.1.1 Normatiewe en juridiese skuld

Wetlike skuld dui op die skending van die samelewing se wette (Collins, 2005:145). Dit verwys na persoonlike en sosiale oortredings wat menseverhoudinge en die sosiale milieu bedreig en in gevaar stel (Louw, 1999b:470). Die kern van normatiewe en juridiese skuld is die oortreding of ignorering van sosiale norme of taboes en wetsongehoorsaamheid.

##### 6.4.3.1.2 Teologiese en teonome skuld

Teologiese skuld behels 'n versuim om God se wette te gehoorsaam. Die Bybel beskryf Goddelike standaarde vir menslike gedrag; standaarde wat mense van tyd tot tyd met hul optrede of gedagtes kan skend (Collins, 2005:145). Die evangeliese skuldbesef of skuldgevoel vloei voort uit reële skuld voor God, waar die mens nie gehoor gee aan die appèl wat God tot die mens rig nie. Pogings van egoïstiese en outonome selfhandhawing, ten koste van liefde tot God en die naaste, eindig in skuld (Louw, 1999b:470).

##### 6.4.3.1.3 Persoonlike en eksistensiële skuld

Persoonlike skuld behels dat mishandelde adolessente hulle eie persoonlike standaarde skend of teen hul gewete kan optree (Collins, 2005:146). Skuld

is ŉ houdingsprobleem wat met die adolessente se verantwoordelikheid om keuses te maak saamhang (Louw, 1999b:470). Dit verwys na dieperliggende faktore, soos interne motiewe wat tot skuld lei. Persoonlike en eksistensiële skuld verwys na die adolessente se eksistensiële selfstruktuur wat deur die gehalte van hul keuses bepaal word.

#### 6.4.3.1.4 Sosiale skuld

Sosiale skuld ontstaan wanneer mishandelde adolessente ŉ ongeskrewe maar sosiaal verwagte reël oortree (Collins, 2005:146). As die adolessente hulle sleg gedra, kwaadpraat, onnodig krities is of iemand ignoreer wat in nood is, is geen wet oortree nie. Die adolessente ervaar dikwels geen gevoelens van berou oor die oortreding nie, maar het die sosiale verwagtings van ander mense in die samelewing geskend.

### 6.4.3.2 Subjektiewe skuld

Subjektiewe skuld verwys na die innerlike gevoelens van selfverwyt en selfveroordeling weens ŉ bepaalde optrede. Middelton-Moz (1990:64) wys daarop dat: *"Guilt is self-directed and, therefore, a more powerful emotion"*. Gilley (2003:1) wys ook daarop dat: *"We may feel guilty because our standards and expectations are too high".* Subjektiewe skuld is die ongemaklike gevoel van spyt, berou en skaamte, wat dikwels volg wanneer die adolessente iets gedoen of gedink het wat verkeerd is of versuim het om iets te doen (Collins, 2005:146).

Skuldgevoel kan ook gekoester word in ŉ poging om ŉ sekerheidsgevoel te handhaaf. Volgens Middelton-Moz (1990:64) is skuldgevoel dikwels ŉ paradoks, *"... a feeling of some semblance of control and power when feeling guilty".* Dit blyk dat skuldgevoel ŉ dwangmatige karakter het waaraan die mens vassit, asof die mens dit nodig het en daaraan ŉ houvas wil gee (Browning, *et al*., 2004:58). Mishandelde adolessente se persoonlikheid, lewensontwikkeling en herhaaldelike opwekking van skuldgevoel vanuit die omgewing kan meewerk dat hulle aan die negatiewe van skuldgevoel vashou (Browning, *et al*., 2004:58, Pattison, 2000:211).

'n Duidelike onderskeid moet getref word tussen gepaste en onvanpaste skuldgevoel. Volgens Enright (2003:111) bepaal die tipe skuldgevoel wat mishandelde adolessente beleef hul ervaring van skuld of skaamte.

#### 6.4.3.2.1 Gepaste skuldgevoel

Skuldgevoel ontwikkel vanuit die gewete wat die onderskeid tussen reg en verkeerd tref en in verhouding tot die erns van 'n oortreding is (Collins, 2005:146; Gilley, 2003:1). Middelton-Moz (1990:57) stel dat: *"Without feelings of guilt, there would be no control over our behavior"*. Ewewigtige of toepaslike skuldgevoel besit 'n duidelik omlynde besef van die verband tussen die emosie en die aanleidende oorsaak wat gelei het tot die skuldgevoel (Louw, 1999b:473). Skuldbewussyn gaan met 'n gepaste skuldgevoel waaruit berou en skuldbelydenis kan vloei gepaard (Tangney & Dearing, 2004:124). Dit kan eg berouvol en op oplossende en konstruktiewe gedrag gerig wees (Middelton-Moz, 1990:57).

Volgens die navorser is 'n gepaste skuldgevoel 'n aanvaarbare reaksie op die benadeling van ander en die herstel van optrede deur die verandering van gedrag en die aanbied van verskoning vir bepaalde gedrag. Dit kan mishandelde adolessente inspireer om in die beste belang van hulself en ander op te tree (Browning, *et al*., 2004:58; Middelton-Moz, 1990:57; Lewis, 1995:77).

#### 6.4.3.2.2 Onvanpaste skuldgevoel

Affektiewe konsepte soos skuld, skaamte en empatie bestaan nie as fundamentele prosesse nie, maar ontwikkel in die sosiale leerproses om emosies van skeidingsangs in meer sosiokulturele realiteite te omskep (Silfver-Kuhalampi, 2008:2; Lewis & Haviland-Jones, 2004:138). Onvanpaste skuldgevoel gaan dikwels met selfdestruktiewe gedrag en 'n verlies aan kontak met die onmiddellike realiteit gepaard (Williams & Poijula, 2002:132). Browning, *et al*. (2004:58) verwys na die dilemma van onvanpaste skuldgevoel wat in wese nie teruggevoer word na egte skuld teenoor God of mense nie, maar na die angs om die liefde waarvan die adolessente afhanklik is te verloor. Volgens Louw (1999b:473) konsentreer ontoepaslike skuldgevoel oordrewe op die

gevoelswêreld wat angstoestande verhoog en 'n negatiewe selfbeeld en persepsie van die omgewing skep.

#### 6.4.3.2.2.1 Verplasing van skuld

Die pyn en vernedering wat mishandelde adolessente ervaar is dikwels so oorweldigend dat hulle dit probeer afwend deur skuld te verplaas (Tangney & Dearing, 2004:92; Bradshaw, 1988:19). Hulle is dikwels bang vir die uitdrukking van hul eie woede en keer dit op hulself deur skuldgevoel (Oaklander, 2007:72). Middelton-Moz (1990:61) beskryf dit soos volg:

> *"If we have learned, as is usual in shaming families, that to experience anger leads to abandonment, we will not feel safe in anger expression. We will either feel the anger then immediately feel guilty, and turn the anger back on ourselves experiencing depression ...and low self-esteem".*

#### 6.4.3.2.2.2 Skuldgevoel verbind met skaamte

Onvanpaste skuldgevoel kan problematies wees wanneer dit inhiberend en voortdurend met skaamte verbind word (Tangney & Dearing, 2004:122). Gewoonlik is dit 'n valse skuldgevoel wat neurotiese skuldgevoel voorafgaan en tot skaamte ontwikkel (Tangney & Dearing, 2004:122). Gilbert en Andrews (1999:135) en Lewis (1995:2) wys daarop dat skaamte en die persoonlike aanvaarding van alle verantwoordelikheid die oorsaak van depressie, woede en antisosiale gedrag kan wees. Mishandelde adolessente kan hul identiteit as defektief beskou en 'n gevoel van magteloosheid ervaar (Tangney, *et al.,* 1996:798). Zahn-Waxler en Kochanska (1988:183) beskryf die verbinding tussen skuldgevoel en skaamte soos volg:

> *"However, when guilt becomes excessive or irrational, it can lead to great distress, distorted relationships, and psychopathology. Further, guilt can be problematic when it becomes exaggerated and inhibiting, when it is generalized, or when it is repeatedly linked to shame".*

#### 6.4.3.2.2.3 Ontoepaslike verantwoordelikheid teenoor traumatiese gebeure

Onvanpaste skuldgevoel kan mishandelde adolessente tot die vorming van 'n neurotiese leefwyse van skaamte, woede, angs, skuldgevoel en depressie lei (Browning, *et al.*, 2004:58; Allison, 2003:57). Browning, *et al.* (2004:58), Tangney en Dearing (2004:125), Freedman (in Enright, 2003:111) en Bradshaw (1988:18) wys daarop dat mishandelde adolessente wat geweld en mishandeling oorkom het, dikwels skuldig en verantwoordelik vir gebeure buite hul beheer voel. Watson-Jarvis en Bishop (1998:1) beskryf die misplaaste verantwoordelikheid vir persoonlike skuld soos volg:

> *"Some ..., may focus on personal guilt to the point that their relationship with God and those around them are obstructed, and they may take responsibility for things that are outside their control or obligation. These persons may be referred to as Indulgers in false guilt".*

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente hulself kan oortuig dat die traumatiese gebeure hulle skuld is, omdat hulle nie weerstand gebied het of die mishandeling aangemeld het nie. Die valse skuldgevoel, wat tot skaamte ontwikkel, kan die adolessente se natuurlike uitdrukking van die self onderdruk en intimiteit met ander voorkom.

### 6.4.4 Definiëring van skaamte

Skuld en skaamte is terme wat dikwels afwisselend gebruik word. In die literatuur wat die navorser gebruik het, is daar verskillende teoretiese en empiriese benaderinge tussen die twee konsepte. Freud het die twee konstrukte, as onafhanklike emosies, dikwels verduister of vermeng (Pfeiffer, 2004:1-5; Tangney & Dearing, 2002:114-115; Pattison, 2000:45-46; Lansky & Morrison, 1997:3). Daarom stel Tangney en Dearing (2004:11), Thomas en Parker (2004:176), Yontef (2003:351), Lee en Wheeler (2003:xi), Pattison (2000:220), Resnick (1997:256), Kaufman (1996:4) en Middelton-Moz (1990:xi) dat daar vir baie jare slegs op skuld gefokus is en skaamte geïgnoreer is. Singh (2001:43) stel dat skuld *"... is usually confused with shame, and both are sometimes subsumed under barely specific anxiety".* Kugler en Jones (1992:318-327) argumenteer egter dat daar nie voldoende bewyse vir die

onderskeid tussen skuld en skaamte is nie, terwyl Elison (2005:2) en O'Connor, *et al.*, (1999:181-203) aantoon dat daar wel 'n duidelike onderskeid bestaan.

### 6.4.4.1 Onderskeid tussen skuld en skaamte

Skuld en skaamte is interpersoonlike en intrapersoonlike selfbewuste emosies wat op 'n persoon se selfevaluasie binne die konteks van negatiewe gebeurtenisse of situasies fokus (Silfver-Kuhalampi, 2008:9). Skuld is 'n kognitiewe en emosionele ervaring wat na vore tree wanneer mishandelde adolessente ervaar dat hulle 'n morele standaard oortree het en verantwoordelik voel vir 'n oortreding (Tangney, *et al*., 2007:349; Leskela, Diepernick & Thuras, 2002:223-226; Singh; 2001:47; Potter-Efron en Potter-Efron, 1989:22). Die ervaring van skuld hou met 'n gevoel van angs en die vrees vir straf verband (Yontef, 2003:365).

Skuldgevoel kan met die herstel aksie wat die adolessente kan neem om skuld te herstel geassosieer word (Lewis, 2004:629; Gramzow & Tangney, 1992:369-376). Wanneer adolessente skuldig voel, is die fokus op bepaalde gedrag en bly hulle selfkonsep in takt (Wolfe & Mash, 2008:11). Skuld kan positiewe, prososiale en motiverende gedrag veroorsaak (Silfver-Kuhalampi, 2008:18; Tangney in Murray & Ciarrocchi, 2007:23). Tangney en Dearing (2004:89) wys daarop dat *"... guilt along with empathy emerge as a "good" moral affective experience".*

Die negatiewe emosie van skuld kom na vore wanneer mishandelde adolessente hul gedrag as 'n mislukking beoordeel en op 'n spesifieke aksies van die self wat dit veroorsaak het fokus (Lewis, 2004:629; Tangney, 2003:387). Indien die herstel van skuld nie in denke, gevoel of daad plaasvind nie, kan skuldgevoel dikwels in skaamte omskep word (Yontef, 2003:367). Middelton-Moz (1990:15) verwys na die onderskeid tussen skaamte en skuld soos volg:

> *"When we feel guilty, we blame our behavior in a given instance. When we feel shame, it is our self that is being judged. The anxiety we experience in shame relates to the fear of potential isolation and abandonment. If we do not meet the expectations of valued others we risk their rejection."*

Skaamte, anders as skuldgevoel, is ŉ intense gevoel van ongemak en ŉ bewustheid van foute en tekortkominge in die self (Yontef, 2003:353). Volgens Silfver-Kuhalampi (2008:8), Dutton (2006:201), Elison (2005:2), Tangney en Dearing (2004:16), Tangney (2003:387), Browning, *et al.* (2004:2) en Smedes (1994:5) kan skuld as die negatiewe evaluasie wat mishandelde adolessente maak van bepaalde gedrag gedefinieer word, terwyl skaamte na die negatiewe evaluasie wat hulle maak van hul volledige self verwys. Lindsay-Hartz (1984:697) stel dat skaamte die resultaat van ŉ ervaring is, *"... we are who we do not want to be"*. Tangney en Dearing (2004:25) beskryf in Tabel 6.1 die sleutel ooreenkomste en verskille tussen skuld en skaamte soos volg:

**Tabel 6.1 Sleutel ooreenkomste en verskille tussen skuld en skaamte** (Tangney & Dearing, 2004:25)

| **Ooreenkomste tussen skuld en skaamte** | | |
|---|---|---|
| • Albei word as morele emosies geklassifiseer<br>• Albei is selfbewuste, selfverwysende emosies<br>• Albei is negatiewe emosies<br>• Beide bevat interne emosies van een of ander aard<br>• Beide word binne ŉ interpersoonlike konteks ervaar<br>• Die negatiewe gebeure wat skuld en skaamte voorafgaan stem ooreen (gewoonlik behels dit morele mislukkings of oortredings). | | |
| **Hoof dimensies waarin skaamte en skuld verskil** | | |
| | **Skaamte** | **Skuld** |
| **Fokus van evaluasie** | Globale self: "***Ek*** het die vreeslike ding gedoen" | Spesifieke gedrag: "Ek het die vreeslike ding ***gedoen***" |
| **Graad van verleentheid** | Gewoonlik meer pynvol as skuld | Gewoonlik minder pynvol as skaamte |
| **Fenomenologiese ervaring** | Ineenkrimping, klein gevoel, gevoel van waardeloosheid, magteloosheid | Spanning, spyt, selfverwyt |
| **Werking van die self** | Verdeling tussen waarneming van die self en waarneembare self | Verenig kontak met die self |
| **Impak op die self** | Beskadig die self deur globale devaluering | Die self word minder beskadig deur globale devaluering |
| **Besorgdheid teenoor ander** | Besorgdheid oor ander se evaluasie van die self | Besorgdheid oor die effek van die self op ander |
| **Teenwerkende prosesse** | Geestelike losmaking van sommige aspekte van die self | Geestelike losmaking van sommige aspekte van gedrag |
| **Motiverende kenmerke** | Behoefte om weg te kruip, te ontsnap, terug seer te maak | Behoefte om te erken, om verskoning te vra of reg te stel |

#### 6.4.4.2 Intrapersoonlike ervaring van skuld en skaamte

Die onderskeid tussen skuld en skaamte sentreer rondom die rol van die self in die ervaring van skuld en skaamte (Silfver-Kuhalampi, 2008:11; Tangney & Dearing, 2004:18). Skaamte fokus op die self, terwyl skuld op ŉ spesifieke gedrag fokus.

##### 6.4.4.4.1 Die self en selfwaarde

Skaamte affekteer die self en selfwaarde op ŉ globale en negatiewe wyse (Murray & Ciarrocchi, 2007:23). Die globale self is die evaluasie wat mishandelde adolessente van hulself het deur die lens waardeur hulle die wêreld in verhouding met ander waarneem (Silfver-Kuhalampi, 2008:9). Higgins (in Tangney & Dearing, 2004:69; Tangney, *et al.,* 1998:257) se selfdiskrepansieteorie identifiseer spesifieke tipes onversoenbare of inkonsekwente menings van die self wat met spesifieke negatiewe emosionele response ooreenkom. Die kern van die selfdiskrepansieteorie verteenwoordig twee dimensies van die self:

- **Domein van die self**

  Volgens Higgins is daar drie basiese *domeine van die self*:

  - Die *ware self* dui op eienskappe waarvan die adolessente of belangrike persone oortuig is die adolessente werklik besit.
  - Die *ideale self* dui op eienskappe wat die adolessente of belangrike persone idealiseer vir die adolessente.
  - *Verwagtinge van die self* dui op eienskappe waarvan die adolessente of belangrike persone oortuig is die adolessente moet of behoort te besit.

- **Standpunte oor die self**

  Die *standpunte oor die self* verteenwoordig die *mening* wat gehuldig word of die *bron van evaluasie* van die self. Volgens Higgins fokus die selfdiskrepansieteorie op twee standpunte oor die self:

- Die adolessent se *eie standpunt*.
- Die standpunt of *mening van ander* belangrike persone.

Die selfdiskrepansieteorie identifiseer spesifieke tipes onversoenbare of inkonsekwente menings van die self soos volg:

- Die diskrepansie tussen die *ware self* en *eie standpunt* teenoor die *verwagtinge van die self* en *eie standpunt* lei tot die tendens om *skuld* te ervaar. Louw (1996:387) beskryf dit soos volg:

  *"Actual guilt therefore is experienced as a distressing incongruity between what I ought to do and what I have done or between who I should be and who I actually am. In other words, guilt presupposes a norm or an expectation in relation to which I am found 'wanting'."*

- Die diskrepansie tussen die *ware self* en *eie standpunt* teenoor die *ideale self* en *standpunt of mening van ander belangrike persone* lei tot die tendens om *skaamte* te ervaar. Tangney en Dearing (2004:14) stel dat:

  *"Shame is seen as arising from public exposure and disapproval of some shortcoming or transgression, whereas guilt is seen as a more "private" experience arising from self-generated pangs of conscience"*.

#### 6.4.4.4.2 Die self in die ervaring van skuld en skaamte

Die ervaring van skuld en skaamte is slegs moontlik wanneer selfbeeld belangrik is (Tangney & Dearing, 2004:56; Lee, 2003:5). Skuld is 'n gevoel van 'n foutiewe optrede of oortreding wat begaan is (Tangney, *et al.*, 2007:348; Potter-Efron & Potter-Efron, 1989:4). Die fokus by skuld is op die aksie en gedrag van die self wat die oortreding kan herstel (Lee, 2003:5; Middelton-Moz, 1990:56). Skaamte kom nie na vore as gevolg van 'n spesifieke situasie nie, maar eerder die mishandelde adolessente se interpretasie en ervaring van 'n gebeurtenis (Yontef, 2003:356). Tangney en Dearing (2004:24) onderskei die fundamentele verskil tussen skuld en skaamte as die intrapersoonlike definisie wat mishandelde adolessente aan hulself gee:

> *"Shame involves fairly global negative evaluations of the self (i.e., "Who **I** am"). Guilt involves a more articulated condemnation of a specific behavior (i.e., "What I **did**")."*

Die differensiasie tussen skuld en skaamte, laat skuld as aangeleerde gedrag na vore tree, terwyl skaamte aan psigologiese probleme verbind word (Tangney & Dearing; 2004:119). Skuld sê: *"Ek het 'n fout gemaak".* Skaamte sê: *"Ek is 'n fout".* Dié selfveroordelende effek van skaamte kan tot neurotiese gedrag aanleiding gee (Tangney & Dearing, 2004:122). Skaamte kan as die wortel van disfunksionele identiteitsontwikkeling beskou word (Middelton-Moz, 1990:xi; Lewis, 1995:11). Fossum & Mason (1986) beskryf die disfunksionele identiteitsontwikkeling soos volg: *"While guilt is a painful feeling of regret and responsibility for one's actions, shame is a painful feeling about oneself as a person".* Briggs (1999:53) verwys tereg na skuld en skaamte soos volg: *"Guilt is a feeling. Shame is an identity".* Bradshaw (1988:vii) beskryf die effek van skaamte, as 'n verwronge emosie in die vorming van identiteit, soos volg:

> *"As a state of being, shame takes over one's whole identity. To have shame as an identity is to believe that one's being is flawed, that one is defective as a human being. Once shame is transformed into an identity, it becomes toxic and dehumanizing".*

#### 6.4.4.4.3 Diep wond in die wese self

Skaamte is die ervaring van 'n diep wond in die wese self, wat die ontwikkeling en identiteitskrisis wat mishandelde adolessente ervaar kan beïnvloed (Fang & Chiou, 2007:1316; Murray & Ciarrocchi, 2007:23). Middelton-Moz (1990:56) beskryf die verskil in die ervaring van skuld en skaamte soos volg:

> *"When we feel guilty, we feel that we owe a debt to another. Shame is associated with wrong-being or a feeling of inferiority and worthlessness. When we are shamed, there is a wound to our being and our self-esteem".*

Skaamte behels die akute bewustheid van 'n mislukte en waardelose self, wat buite verhouding tot die gebeure ervaar word (Tangney & Dearing, 2004:20; Tangney, *et al.*, 2007:349). Dit kan 'n ervaring van selfdevaluasie skep wanneer

mishandelde adolessente hulpeloos in hul situasie voel (Tangney, 2003:388; Briggs, 1999:54; Lewis, 1995:10). Middelton-Moz (1990:14) beskryf dié ervaring soos volg: *"... Shame is a feeling deep within our being that makes us want to hide... We feel suddenly overwhelmed and self-conscious".*

Mishandelde adolessente sal skaamte deur 'n verlies in waardigheid, vernedering en verwerping ervaar (Dutton, 2006:205; Browning, *et al.*, 2004:57; Tomkins in Erskine, 1995:113). Die navorser is van mening dat skaamte 'n ineenkrimpende gevoel is wat die self bedreig.

**6.4.4.4.4 Internalisering en uitdrukking van skaamte**

Skuld besit nie die negatiewe intensiteit op mishandelde adolessente se identiteit en selfkonsep soos skaamte nie (Silfver-Kuhalampi, 2008:11; Tangney & Dearing, 2004:19; Kaufman, 1996:6). Dit is nie selfvernietigend nie en kan as 'n bruikbare emosie wat die herstel van skuldgevoel kan inisieer beskou word (Lewis, 1995:77). In kontras behels skaamte die belewenis dat die hele self sleg en verwerplik is (Oaklander, 2007:145; Knauer, 2002:78; Smedes, 1994:4; Tangney, *et al.*, 1992:670). Middelton-Moz (1990:14) beskryf hierdie internalisering van skaamte soos volg: *"When we experience shame, our eyes turn inward on ourselves".*

Skaamte emosies kan fisies deur die liggaamlike verandering van die adolessente se liggaamshouding in die ervaring van skuldgevoel, selfkritiek, vernedering, minderwaardigheid, mislukking, onttrekking en isolasie waargeneem word (Tangney, *et al.*, 2007:356; Engel, 2005:75). Dit lei tot fisiese spanning en depressie wat stelselmatig in psigopatologie, woede, simptome van geïrriteerdheid, moegheid, afname in energie en gebrek aan selfvertroue ontwikkel (Collins, 2005:152; Elison, 2005:2; Lee, 2003:16). Skaamte is 'n negatiewe en pynlike staat wat beide morele gedrag beïnvloed en gedagtes verwar (Lewis, 2004:629; McNish, 2004:3; Allison, 2003:58). Kaufman (in Bradshaw, 1988:viii) beskryf die psigologiese effek van skaamte wanneer dit gedrag beïnvloed en gedagtes verwar, soos volg:

> *"Shame is the affect which is the source of many complex and disturbing inner states: depression, alienation, self-doubt, isolating loneliness, paranoid and schizoid phenomena, compulsive disorders, splitting of the*

*self, perfectionism, a deep sense of inferiority, inadequacy or failure, the so-called borderline conditions and disorders of narcissism."*

#### 6.4.4.5 Interpersoonlike ervaring van skaamte

Skuld en skaamte is onderskeie emosies met verskillende implikasies vir mishandelde adolessente se welstand, interpersoonlike verhoudings en die breë gemeenskap (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:4; Tangney & Dearing, 2002:194). Die navorser sluit by Tangney, *et al*. (2007:349), Scheff (1997:12) en Lee (2003:7) aan dat skaamte sosiale bindinge en interaksie in interpersoonlike verhoudings bedreig.

##### 6.4.4.5.1 Relasionele karakter van skaamte

Wanneer mishandelde adolessente skaamte van die gemeenskap onderdruk of verbloem, sal hul gedagtes en optrede voortgesit en beheer word deur die verborge emosie van skaamte (Scheff, 2000:11). Lewis (1987:16) beskryf die relasionele karakter van skaamte soos volg:

> *"... shame is the self's vicarious experience of the other's negative evaluation, in order for shame to occur, there must be a relationship between the self and the other in which the self cares about the other's evaluation."*

Skaamte besit 'n relasionele karakter wat Kaufman (in Lee, 2003:7) 'n *"rupture in the interpersonal bridge"* tussen die adolessente en ander noem. Volgens Gramzow en Tangney (1992:369-376) en Lewis (1995:1) is 'n verwronge selfondersoek die resultaat van 'n gevoel van waardeloosheid, minderwaardigheid en magteloosheid. Dit kan tot 'n pynlike reaksie en begeerte om van interpersoonlike verhoudinge te onttrek, lei (Lewis, 1995:75). Skaamte kan in meer patologiese vorm mishandelde adolessente geheel en al isoleer (Knauer, 2002:77). Kaufman (in Lee, 2003:4; Kaufman, 1985:ix–x) som skaamte op deur te stel dat dit *"a sickness of the soul"* met geen ander gelyke kan wees.

#### 6.4.4.5.2 Eenheid en verdelende dryfkrag

Die effek van skaamte het die paradokse eienskap om beide 'n saambindende en verdelende dryfkrag te wees (Browning, *et al*., 2004:58). McNish (2004:2) beskryf dit soos volg: :

> *"... there is a fundamental tension in human life between the competing desires for separation and union, between wanting to pull apart and longing to draw close, between wanting to be part of the collective and wanting to be one's own most authentic and creative individual person".*

Die navorser is van mening dat skaamte die dryfkrag om mishandelde adolessente te beweeg om aan te pas en te konformeer met sosiale norme en standaarde, het. Dit is ook 'n verdelende en isolerende krag wat hulle beweeg na privaatheid in hul persoonlike lewe, denke, idees en kreatiewe impulse. Een aspek van skaamte dien as sosiale aanvaarding deur konformering; die teenoorgestelde eienskap verseker dat die kollektiewe eenheid nie mishandelde adolessente se persoonlike grense van integriteit oorskry nie (Silfver-Kuhalampi, 2008:20).

#### 6.4.4.5.3 Skaamte as 'n energie-in-beweging

Skaamte kan positiewe, prososiale en motiverende gedrag veroorsaak (Silfver-Kuhalampi, 2008:18; Resnick, 1997:267). Dit kan mishandelde adolessente van hul gedrag, integriteit en optrede teenoor ander bewus maak. Knauer (2002:77) beskryf skaamte as 'n deel van die affektiewe oorlewingsmeganisme waarmee elke mens gebore word: *"...the experience of shame is inevitable for any human being insofar as desire outruns fulfillment sufficiently to attenuate interest without destroying it"*.

Die navorser is van mening dat skaamte mishandelde adolessente ook laat besef dat hulle beperkinge het. Skaamte is 'n emosie wat grense uitwys (Browning, *et al*., 2004:58). Soos alle emosies is "gesonde" skaamte 'n energie-in-beweging waar basiese behoeftes bevredig kan word (Bradshaw, 1988:4). Dit laat die adolessente toe om hul grense te ken en hul energie meer effektief te gebruik. McNish (2004:2) stel dat: *"... when shame experience is honestly*

*confronted instead of bypassed and defended against, it is transformative and revelatory of identity because it is the affect closest to the experienced self"*.

## 6.5 DIE VERBAND TUSSEN MORELE EMOSIE EN MORELE GEDRAG

Die mens het 'n behoefte om sekere grense en standaarde te verstaan en te onderhou om sy wêreld te definieer en sy morele gedrag te vorm. Piaget (in Aureli & De Waal, 2000:356) definieer moraliteit as 'n onafhanklike konsep wat nie alleen bepaal word deur kulturele norme nie, maar ook deur kognitiewe ontwikkeling. Volgens die ontwikkelingsteorieë van Kohlberg en Fowler (soos in 4.6.2 en 4.7.3 beskryf) ontwikkel standaarde van reg en verkeerd, goed en sleg tydens die kinderjare. Namate denk- en redeneervermoëns ontwikkel, leer mishandelde adolessente die standaarde van hul ouers, portuurgroep en ander aan (Cicchetti & Cohen, 2006:155). Volgens Damon, Lerner en Eisenberg (2006:72) en Collins (2005:148) leer die adolessente die verskil tussen reg en verkeerd en vorm 'n bewustheid van reaksies wat volg wanneer verantwoordelik of onverantwoordelik opgetree word.

### 6.5.1 Skuld en skaamte as morele emosies

Die mens is nie geskape as 'n neutrale morele wese sonder die vermoë om skuld en skaamte te ervaar nie (Tangney & Dearing, 2004:140). Goldberg (in Fowler, 1993) stel dat: *"… at any point in one's life one can undergo experiences that either evoke feelings of deep shame or rekindle shame patterns from the past".* Skuld en skaamte ontwikkel as morele emosies deur die diskrepansie tussen standaarde (moreel of sosiaal voorgeskrewe) en aspekte van mishandelde adolessente se ervaring van die self en hul gedrag (Silfver-Kuhalampi, 2008:9; Tangney, 2003:385; Tangney, *et al.,* 1998:256). Solomon (in Pattison, 2000:23) beskryf emosie soos volg:

> *"[E]motions are judgments, not blind or irrational forces that victimize us. Emotions are the life force of the soul, the source of most of our values..., the basis of most other passions."*

Skuld en skaamte kan rondom 'n morele aangeleentheid sentreer wanneer mishandelde adolessente sekere morele waardes evalueer (Lewis, 2004:629).

Volgens Silfver-Kuhalampi (2008:10) en Fang en Chiou (2007:1319) sal mishandelde adolessente se morele emosie 'n aanduidende effek in hul morele ontwikkeling toon.

### 6.5.2 Interne en eksterne motief van morele emosie

Wanneer die welstand van mishandelde adolessente binne sosiale verhoudinge bestudeer word, wys dit daarop dat skuld en skaamte die keuse van morele emosie beïnvloed (Bradshaw, 1988:15). Morele emosie word deur 'n eksterne en interne motief gemotiveer:

- *Eksterne motivering* behels die vrees vir straf en die begeerte om nie enige sosiale norm te oortree nie.
- *Interne motivering* is die outonome begeerte om aan 'n bepaalde norm te voldoen. Interne motivering word op die hantering van *skuld vermyding* en *skaamte vermyding* gegrond.
  - *Skuld vermyding* behels die begeerte van mishandelde adolessente om te doen wat hulle dink reg is. Die adolessente sal 'n norm navolg om skuldgevoel te voorkom.
  - *Skaamte vermyding* behels mishandelde adolessente se begeerte om aan hulself en ander te bewys dat hulle die persoon is wat hulle graag wil wees. Hulle sal die skaamte ervaring probeer voorkom deur nie toe te laat om te misluk of ander se verwagting van hulle (deur hul optrede) te skend nie.


### 6.5.3 Morele emosie as motiverende dryfkrag

Morele emosie kan as die motiverende dryfkrag en energie om goed te doen en verkeerde gedrag te voorkom beskryf word (Kroll & Egan in Tangney, *et al.*, 2007:347). Skuld en skaamte as negatiewe selfbewuste emosies kan mishandelde adolessente help om morele keuses in die lewe te maak en hul aksie, denke en gevoel volgens bepaalde morele standaarde te evalueer (Damon, Lerner, & Eisenberg, 2006:72; Lewis, 1995:65). Lewis (1995:34) beskryf die morele keuses wat deur skuld beïnvloed word soos volg: *"Its*

*function is to alert or to provoke anxiety. In addition, it directs behavior toward alternative action patterns that repair the inappropriate behavior that has been called into question."* Skaamte blyk die sleutelkomponent van die gewete te wees, omdat dit morele oortredinge sonder woorde of gedagtes uitwys (Scheff, 1997:76-77). Lewis (1995:35) beskryf die morele keuses wat deur skaamte beïnvloed word soos volg: *"Shame signal the avoidance of behaviors likely to cause it. Its aversiveness functions to ensure conformity to the standards and rules".*

### 6.5.4 Morele besluite en morele gedrag

Morele besluite en morele gedrag kan volgens Tangney en Dearing (2004:133) en Tangney (2003:385) deur drie faktore bepaal word wat skematies soos volg in Figuur 6.3 voorgestel kan word:




**Figuur 6.3 Proses van morele besluite en gedrag** (Tangney, 2003:385)

- *Morele standaard* dui op mishandelde adolessente se kennis van die kultureel gedefinieerde morele norme en waardes.
- *Morele redenering* behels die redenering oor die implikasies van alternatiewe gedrag in terme van morele beginsels.
- *Morele emosie* (soos skuld, skaamte en empatie) voorsien in die onmiddellike selfstraf of selfbeloning van bepaalde gedrag. Mishandelde adolessente kan hul emosionele reaksie antisipeer wanneer hulle alternatiewe gedrag oorweeg en morele besluite moet neem.

Die navorser sluit by Tangney, *et al*. (2007:346) aan dat morele emosies 'n invloed op morele standaarde, morele besluite en morele gedrag van mishandelde adolessente het. Tangney en Dearing (2004:137) beskryf dit soos volg:

> *"Guilt about specific behaviors appears to steer people in a moral direction – fostering constructive, responsible behavior in many critical domains. Shame, in contrast, does little to inhibit immoral action. Instead, painful feelings of shame seem to promote self-destructive behaviors (hard drug use, suicide) that can be viewed as misguided attempts to dampen or escape this most punitive moral emotion."*

#### 6.5.4.1 Norme en waardes as basis vir morele standaarde

Morele standaarde verteenwoordig mishandelde adolessente se kennis en internalisering van morele norme en waardes (Silfver-Kuhalampi, 2008:33). Die morele norme en waardes word deur universele morele standaarde en kultuur voorskrifte bepaal (Tangney, 2003:397). Dit sluit die adolessente se kognitiewe en emosionele prosesse in, wat relevant vir hul gedrag en gesonde sosiale funksionering is (Damon, Lerner, & Eisenberg, 2006:12). Aureli en De Waal (2000:356) stel dat *"… independent principles and cultural norms is important because when morality is defined by social norms, morality is relativistic; it is whatever the culture deems right or wrong".* Skuld kan as 'n oortreding van kulturele of sosiale waardes beskou word en skaamte as 'n oortreding van interne waardes (Anolli & Pascucci, 2005:764).

#### 6.5.4.2 Empatie as basis vir morele redenering en morele emosie

Empatie is die wortel van morele gedrag in intra- en interpersoonlike verhoudinge. Volgens Tangney en Dearing (2004:79) kom 'n gesonde *superego* intens by die oorsprong van empatie na vore. Deur abstrakte en komplekse denke kan mishandelde adolessente die vermoë om empatie te ervaar ontwikkel (Louw, Louw & Ferns, 2007:319). Empatie voorsien vir beide morele emosie en morele redenering 'n basis, wanneer dit gekombineer word met kognitiewe elemente en sosiale ervaring (Beech, Craig & Browne, 2009:441; Sigelman &

Rider, 2008:382; Hoffman, 2000:65-72). Empatie integreer affektiewe en kognitiewe vermoëns in die ervaring van skuld en skaamte emosies (Tangney & Dearing, 2004:81; Lewis, 1995:97).

- Skuld en skuldgevoel kan as 'n dryfveer wat aggressiewe impulse laat afneem beskou word. Dit kan mishandelde adolessente aanmoedig om nie ander te verwond nie, maar sosiale harmonie te herstel (Tangney & Dearing, 2004:3; Zahn-Waxler, *et al*., 1990:183-258). Sommige navorsers verbind skuld met altruïsme en die tendens om empaties teenoor die lyding van ander op te tree (Tangney & Dearing, 2004:87; O'Connor, *et al*., 1997: 73-89). Skuld wek 'n empatiese respons om verkeerde dade of gedrag reg te stel.
- Skaamte verbreek die vermoë om empatiese verhoudinge te vorm (Tangney & Dearing, 2004:89). Skaamte kan as 'n dryfveer wat aggressiewe impulse laat toeneem en ander (en die self) blameer vir negatiewe gebeure beskou word (Oaklander, 2007:34; Tangney & Dearing, 2004:3). Skaamte wek gevoelens van mislukking, selfkritiek, minderwaardigheid, verwerping, blaam, woede, bitterheid en die behoefte na vergelding (Tangney & Dearing, 2004:3; Knauer, 2002:77; Middelton-Moz, 1990:32).

### 6.5.5 Skuld en skaamte as nie ooreenstemmende morele emosies nie

Skuld en skaamte dien as 'n emosionele barometer wat terugvoer op sosiale en morele aanvaarbaarheid gee. Tangney, *et al*. (2007:350-355), Tangney en Dearing (2004:87), Tangney (2003:385), Knauer (2002:82-83) en Tangney, *et al.* (1996:806-807) wys daarop dat skuld en skaamte nie ooreenstemmende morele emosies is nie en verskillende morele gedrag na vore laat tree.

- *Onttrekking en wysigende motiveringsaksies.* Skuld sluit aksies van belydenis, verskoning en die herstel van die gevolge van bepaalde gedrag in. Skuld bevorder konstruktiewe en proaktiewe optrede terwyl skaamte verdedigende, interpersoonlike skeiding en afstand bevorder. Skaamte korreleer met pogings van ontkenning, onttrekking of ontsnapping van situasies wat skaamte wek.

- *Empatie en selfgeoriënteerde ongelukkigheid.* Mishandelde adolessente met skuld, fokus op die negatiewe ervaring van ander op hul gedrag, wat 'n empatiese respons om verkeerde dade of gedrag reg te stel wek. Skuld gaan hand aan hand met ander-georiënteerde empatie terwyl skaamte mishandelde adolessente se vermoë om empatiese verhoudinge met ander te vorm verbreek. Skaamte laat die adolessente egosentries fokus op hul eie ongelukkigheid deur selfrefleksie en selfevaluasie (Knauer, 2002:82).
- *Konstruktiewe en destruktiewe reaksie op woede.* Skuld word met konstruktiewe emosies, bewustheid en gedrag geassosieer. Mishandelde adolessente met skuld, is minder geneig tot direkte, indirekte of verplaasde aggressie tydens woedebuie. Dit veroorsaak positiewe en konstruktiewe langtermyn gevolge vir die adolessente en hul verhouding met ander. Skuld fasiliteer die empatiese proses en verminder na-buite gerigte verbale en fisiese aggressie deur die aanvaarding van verantwoordelikheid. Skaamte veroorsaak verhoogde aggressie en meng met mishandelde adolessente se empatie teenoor ander in. Dit korreleer met woede, vyandigheid en die neiging om faktore buite die self te blameer vir mislukking. Hierdie woede en vyandigheid veroorsaak negatiewe en destruktiewe langtermyn gevolge vir die adolessente en hul verhouding met ander.
- *Psigologiese simptome.* Dit blyk dat skuld 'n konstruktiewe strategie is om herstelaksies te motiveer, ander-georiënteerde empatie te koester en woede te hanteer. Skaamte hou verband met 'n wye verskeidenheid van psigologiese simptome, soos lae selfbeeld, depressie, angs, eetversteurings, posttraumatiese stres en selfmoord neigings (Fang & Chiou, 2007:1316; Tangney & Dearing, 2004:134-135). Die pyn van skaamte word moeilik opgelos omdat dit die defektiewe self beïnvloed (Knauer, 2002:77). Skaamte oor die self word dikwels verwar met skuld teenoor spesifieke gedrag (Thomas & Parker, 2004:176). Probleme kom na vore wanneer mishandelde adolessente 'n oordrewe en versteurde verantwoordelikheid vir gebeure buite hul beheer ontwikkel of waarvoor hulle nie persoonlik verantwoordelik is nie.
- *Verband tussen morele emosie en onaanvaarbare gedrag.* Skuld en skaamte is pynvolle emosies en veronderstel dat dit mishandelde adolessente sal motiveer om onaanvaarbare gedrag te voorkom.

Adolessente met skuld word dikwels negatief met misdaad, antisosiale en risiko gedrag verbind. Vanuit die navorsing van Tangney, *et al*. (2007:354) en Bradshaw (1988:17) word die teendeel bewys: Adolessente met skuld is minder betrokke by misdaad, praktiseer veilige seks en is minder geneig om dwelms en alkohol te misbruik.

Dit blyk dat skuld 'n beskermende uitwerking het en mishandelde adolessente motiveer om morele keuses te maak (Tangney & Dearing, 2004:87). Dit koester 'n lewenslange patroon van morele gedrag en motiveer hulle om verantwoordelikheid te aanvaar vir mislukking en verkeerde dade of gedrag reg te stel. Skaamte blyk nie dieselfde inhiberende funksie te dra as skuld nie. Volgens Tangney, *et al*. (2007:355) wys navorsing daarop dat skaamte verbind word met onbehoorlike gedrag. Skaamte beïnvloed die funksionering van mishandelde adolessente negatief en inisieer onaanvaarbare gedrag (Tangney & Dearing, 2004:87).

## 6.6 KARAKTERTREKKE VAN DIE MISHANDELDE ADOLESSENT WAT SKULD EN SKAAMTE ERVAAR

Die belangrikste en mees intieme verhouding wat mishandelde adolessente kan besit is die verhouding met die self (Tangney & Dearing, 2004:52). Skuld en skaamte word aan die persepsie van die self verbind en het implikasies vir die ervaring van die self (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:79).

### 6.6.1 Drang na selfregverdiging

Mishandelde adolessente het 'n onoorwinlike drang na selfregverdiging. As hulle nie daarin slaag nie sal hulle die oordeel van ander probeer ontvlug of daarop antwoord met aggressie en blamering (Oaklander, 2007:34). Gilley (2003:1) stel dat: *"If we continue to feel guilty, it must be someone else's fault, so we blameshift"*.

Die ervaring van skaamte is 'n affektiewe reaksie van 'n globale negatiewe evaluasie van die self. Mishandelde adolessente met 'n verwonde selfbeeld sal hulself beskerm deur verdedigingsmeganismes teen die ervaring van skaamte aan te wend. Middelton-Moz (1990:28) beskryf hierdie gedrag soos volg:

*"They have unrealistic notions of their importance, power and abilities, and frequently see others as weak, less intelligent, needy or defective in order to defend themselves against facing their own perceived flaws".*

### 6.6.2 Verhoogde persoonlike standaarde en eksterne maatstawwe

Mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal hulself voortdurend kritiseer aan die hand van verhoogde persoonlike standaarde en eksterne maatstawwe. Die poging om perfek te wees misluk voortdurend omdat perfeksionisme onbereikbaar is. Middelton-Moz (1990:29) verwys soos volg na die poging om perfektheid te bereik: *"The more [he] attempted perfection, the more [he] was doomed to face failure and therefore, more debilitating shame"*. Deur die ervaring van ontoereikendheid en 'n gevoel van waardeloosheid sal mishandelde adolessente ervaar dat al hul pogings nooit goed genoeg is nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:126). Hoe meer hulle daarna streef om skaamte te verminder, hoe meer word hulle daardeur oorweldig (Tangney & Dearing, 2004:60).

### 6.6.3 Publieke en private selfbewustheid

As gevolg van skuld en skaamte, as selfbewuste emosies, sentreer elk om die negatiewe evaluasie van die self of die optrede van die self. Mishandelde adolessente word van hul ervaring van skuld en skaamte selfbewus en rig dit óf na binne op die self óf na buite teenoor die omgewing (Silfver-Kuhalampi, 2008:12). Fenigstein, Scheier en Buss (in Tangney & Dearing, 2004:64) beskryf die onderskeid tussen *publieke* en *private* selfbewustheid soos volg.

- *Publieke selfbewustheid* verwys na die tendens by mishandelde adolessente om besorg oor die indrukke wat hulle by ander laat en hul gedrag binne die sosiale omgewing te wees.
- *Private selfbewustheid* verwys na die neiging om nadenkend bewus van hulle eie denke en emosie te wees.

In kontras met skaamte verteenwoordig 'n skuldervaring in 'n mindere mate 'n uitdaging tot die self, omdat 'n spesifieke gedrag, apart van die globale self, beoordeel word. Die *"skaamte-vrye skuld"* korreleer positief met die selfbeeld,

terwyl skaamte 'n egosentriese ervaring is wat negatief op die self fokus (Tangney & Dearing, 2004:63; Potter-Efron & Potter-Efron, 1989:21; Kaufman, 1996:7; Bradshaw, 1988:18).

### 6.6.4 Aanwending van verdedigingsmeganismes

Mishandelde adolessente wat deur skaamte verwond is, probeer oorleef deur die toepassing van verdedigingsmeganismes of deur die aanvaarding van voorwaardes en behoeftes van persone waarop hulle aangewese vir oorlewing is. Middelton-Moz (1990:29) stel dat: *"The child must develop a false self, or external disguise, to protect its real self from the harshness of a shaming environment"*. Mishandelde adolessente met 'n verhoogde selfbewustheid sal meer geneig wees om skaamte te ervaar en gevolglik verdedigingsmeganismes ontwikkel wat rigied en onveranderlik kan voortduur tot volwassewording (Tangney & Dearing, 2004:65). Lee (2003:6) verwys na die volgende verdedigingsmeganismes wat mishandelde adolessente, wat skaamte ervaar, kan gebruik:

> *"...deflection, rage, contempt, control, striving for perfection, striving for power, transfer of blame through projection, internal withdrawal, humor, denial – all the way up to violence and destructiveness to oneself or others."*

Mishandelde adolessente sal deur verdedigingsmeganismes probeer om hulself en ander te verwar om sodoende nie die ervaring van skaamte te ervaar nie (Silfver-Kuhalampi, 2008:14; Lee, 2003:7). Skaamte korreleer met hul woede, aggressie, tekort aan empatie, minagting van andere, substans misbruik en psigologiese simptome soos depressie (Murray & Ciarrocchi, 2007:23; Engel, 2005:72). Volgens Nathanson (in Tangney, *et al.*, 2007:356) kan mishandelde adolessente die volgende verdedigingsmeganismes aanwend:

- Selfkritiek, deur woede en blaam na binne te rig op die self;
- onttrekking en vermyding van ander;
- emosionele distansiëring en ontkenning van skaamte;
- kritiseer en blameer ander deur woede na buite te rig en ander verantwoordelik vir 'n oortreding te hou;

- erkenning van skuld en skaamte deur aanpassings te maak of verskoning aan te bied.

#### 6.6.4.1 Refleks van verdedigingsmeganismes

Die refleks van verdedigingsmeganismes om die self te verdedig, kan as die *"onderdrukking van die gewete"* beskryf word waar skuld en skaamte verdring word na die onbewuste en na buite die terrein van die bewussyn (Allison, 2003:12). Peck (in Bradshaw, 1988:9) beskryf die onderskeid in neurose en persoonlikheidsversteuring soos volg:

> *"The neurotic assumes too much responsibility; the person with a character disorder not enough. When neurotics are in conflict with the world, they automatically assume that they are at fault. When those with character disorders are in conflict with the world, they automatically assume the world is at fault."*

Skuld en skaamte kan, volgens Hoffman (1982:218-231), gedeaktiveer of "afgeskakel" word wanneer daar nie 'n gesonde ontwikkeling van skuld en skaamte plaasvind of empatie vir ander (en die self) ontwikkel nie.

- Wanneer skuld en skaamte emosies vermy word, verdwyn interne beperkinge op gedrag en mishandelde adolessente kan sonder enige berou optree.
- Hulle kan hulself oortuig dat hul optrede nie 'n morele oortreding was, van wat as "*die korrekte optrede*" beskou word nie.
- Mishandelde adolessente kan redeneer dat hulle geen kontrole oor gebeure in die lewe het nie en nie verantwoordelik vir die uitkomste daarvan is nie.

Die deaktivering of "afskakeling" van skuld en skaamte kan verskillend deur die *sosiopatiese* en *obsessief kompulsiewe neurotiese* persoonlikheid hanteer word (Hoffman, 1982:218-231).

- *Sosiopatiese persoonlikheid.* Die ontkenning van skuld, skaamte en empatie is kenmerke van die sosiopatiese persoonlikheid. Wanneer daar geen gevoel (morele selfbewuste emosie) vir persoonlike verantwoordelikheid by mishandelde adolessente teenwoordig is nie, kan daar ook geen ervaring

van skuld of skaamte wees nie (Tangney & Dearing, 2004:127). Daar kan klinies na die sosiopatiese persoonlikheid verwys word as 'n persoon met aggressie, ontkenning van skuld en skaamte, affektiewe vervlakking en oormatige impulsiwiteit (Allison, 2003:54). Hare en Neumann (2006:58-88) beskryf die sosiopatiese persoonlikheid soos volg:

> *"... typically lack a sense of guilt or remorse for any harm they may have caused others, instead rationalizing the behavior, blaming someone else, or denying it altogether. This is seen by psychologists as part of a lack of moral reasoning in comparison with the majority of humans, an inability to evaluate situations in a moral framework and an inability to develop emotional bonds with other people."*

- Die *obsessief kompulsiewe neurotiese persoonlikheid* kan deur mishandelde adolessente wat te veel skuld en skaamte ervaar, tot by die punt waar dit inmeng met gesonde sosiale bestaan beskryf word (Tangney & Dearing, 2004:119). In obsessiewe en kompulsiewe gedrag kan 'n oordrewe strewe na kompensasie en vergoeding na vore tree (Louw, 1999b:475). Volgens Collins (2005:151) en Pattison (in Louw, 1999b:475) kan obsessief-kompulsiewe neurose die volgende reaksies wek.
    - Verdedigende denke;
    - projekterende reaksie;
    - selfveroordelende reaksies;
    - fisiese reaksies;
    - morele pyn;
    - vermyding en ontvlugting.

  Alhoewel inwendige elemente die aanvanklike faktore wat psigopatologiese prosesse aan die gang sit is, is dit dikwels skuld en skaamte wat die bestaande probleem vererger (Allison, 2003:54). Obsessief kompulsiewe neurotiese skuld en skaamte het die moontlikheid om gebeure op emosionele vlak so buite verband te ruk dat kontak met die onmiddellike werklikheid en konteks versteur kan word (Tangney & Dearing, 2004:120). Die obsessiewe kompulsiewe neurotiese persoonlikheid sal probeer om

skuld en skaamte te vermy of te ontvlug, maar sal dit onmoontlik vind om skuld of skaamte te deaktiveer of "af te skakel".

### 6.6.5 Karaktertrekke van neurotiese skaamte

In die navorsing van Tangney, *et al.* (1998:265) wys alle selfdiskrepansie op die selfveroordelende effek van skaamte wat aanleiding tot neurotiese gedrag gee. Neurotiese skaamte is nie 'n emosie wat mishandelde adolessente se beperkinge aantoon nie, maar hul identiteit aantas. Silfver-Kuhalampi, 2008:17-18, Engel (2005:94-105), Kaufman (1996:34-84) en Middelton-Moz (1990:30-51), Potter-Efron en Potter-Efron (1989:12-16) beskryf die volgende persoonlikheidstrekke wat by mishandelde adolessente wat skaamte ervaar waargeneem kan word.

- Hulle vrees kwesbaarheid en blootstelling van die self.
- Hulle lei aan uitermatige skaamheid, verleentheid en 'n gevoel van minderwaardigheid teenoor ander persone. Hulle glo dat hulle nie foute maak nie, maar self die fout is.
- Hulle vrees intieme verhoudinge en neig om ware verbintenis in verhoudinge te vermy, omdat hulle bedreig voel. Hierdie dinamika lei tot verhoudingspatrone waar mishandelde adolessente eerder 'n verhouding eerste sal verbreek as om dit oor te laat aan die ander persoon om dit te doen (Lee, 2003:4). Volgens Middelton-Moz (1990:32) sal adolessente intieme verhoudinge vermy deur, *"... the development of triangles (including affairs), attraction only to those who are unavailable or create psychological distancing through daydreaming or workaholism".*
- Hulle kan verwaand en selfgesentreerd of onbaatsugtig voorkom. Deur onbaatsugtige en altruïstiese optrede gee mishandelde adolessente aan ander mag, kontrole en erkenning wat hulle vir hulself ontsê en misgun.
- Hulle ervaar dat dit nie saak maak wat hulle doen nie, hulle sal altyd waardeloos en onaanvaarbaar wees. Wanneer mishandelde adolessente hul *valse self* aan die wêreld openbaar en die *ware self* verbloem, is dit moeilik om aan die moontlikheid van aanvaarding te dink (Middelton-Moz, 1990:34).

- Hulle tree dikwels verdedigend op wanneer hulle op negatiewe respons reageer en voel verneder wanneer hulle gewys word op foute en tekortkominge (Yontef, 2003:355). Middelton-Moz (1990:34) stel dat:

  *"When we feel guilty, we feel badly for our behavior or lack of behavior – for what we did or did not do. When we feel shameful, it is our innermost being that is judged. It is not our behavior that is being judged, it is our character. The perceived attack on the self is powerful. Therefore, the defense of the self must hold equal energy. "I am not only defending me from you, I am defending me from me."*

- Hulle plaas eerder die blaam op ander voordat hulleself blameer word (Dutton, 2006:201; Wiehe, 1997:95; Lewis, 1995:69). Blaam kan geïdentifiseer word as 'n strategie om skaamte te omseil, deur verbale selfverdediging (Kotzé, 2006:27; Scheff 2003:10).

- Hulle lei ook aan skuld en skuldgevoel. Mishandelde adolessente sal buitengewoon verantwoordelik voel vir dit wat hulle nie kan beheer nie. Deur voortdurend verskoning aan te bied sal hulle selfs verantwoordelikheid aanvaar vir ander se optrede.

- Hulle ervaar 'n gevoel van eensaamheid, selfs wanneer hulle omring word deur diegene wat vir hulle omgee en liefdevol teenoor hulle optree. Middelton-Moz (1990:36-37) stel dat: *"Shame is a break in the interpersonal bond between ourselves and others. It is an intensely painful experience".*

- Hulle projekteer die bewustheid van hulself op ander en kan hulself voorstel wat ander dink, al is 'n verkeerde projeksie tot hul eie nadeel. Lee (2003:6) wys daarop dat retrofleksie 'n natuurlike proses van skaamte is.

- Hulle voel dikwels kwaad en kritiseer die kwaliteite van ander waaroor hulle in hulself skaam voel. Mishandelde adolessente sal probeer om die skaamte ervaring in ander te beheer en van hulle mede-afhanklik wees om hul eie skaamte te projekteer (Middelton-Moz, 1990:38).

- Hulle ervaar 'n gevoel van minderwaardigheid, mislukking, onvolmaaktheid en die tekortkoming van hul fisiese voorkoms. Hierdie belewenis van die self kan tot die oordrewe fokus op kleredrag en fisiese voorkoms lei, in 'n poging om die skaamte in hul persoonlike voorkoms en die self weg te steek.

Watson-Jarvis en Bishop (1998:4) stel dat: *"They focus on others because they feel little sense of personal worth. Many coping tools are used by those who fail to love themselves the way God loves them"*.

- Hulle voel dikwels dat hulle van buite en binne hulself gekontroleer word. Mishandelde adolessente ervaar dat mense hulle voortdurend dophou en hul optrede met die van ander vergelyk (Middelton-Moz, 1990:40). Die normale en spontane uitdrukking van die self word blokkeer wanneer hulle skaamte oor normale gevoelens van vreugde, vrees, woede, seksualiteit, kreatiwiteit, ensovoorts ervaar.
- Hulle voel dat hulle iets perfek moet doen, of geheel en al nie moet doen nie. Hierdie geïnternaliseerde verwagting lei dikwels tot prestasie angs en uitstel of versuim van pligte. Middelton-Moz (1990:41) beskryf mishandelde adolessente se optrede om die self teen skaamte te beskerm soos volg: *"The individual might leave a job rather than accept a mistake or ask for help. ...Performance anxiety could be called shame anxiety".*
- Hulle ervaar dikwels depressie wat met selfkritiek en verwerping gepaard gaan (Oaklander, 2007:145; Knauer, 2002:77). Mishandelde adolessente is gewoonlik hipersensitief vir enige teken van kritiek (Yontef, 2003:355). Hulle reageer dikwels met woede op kritiek en verwerping, blameer hulself vir die respons van ander en handhaaf 'n lae selfbeeld (Oaklander, 2007:34).
- Hulle leef 'n leuen lewe teenoor hulself en ander. Volgens Middelton-Moz (1990:46) sal mishandelde adolessente wat voortdurend skaamte ervaar oor hul keuses, waardes, beginsels en aksies, hulself verdedig deur leuens oor die mees alledaagse en onbelangrike dinge.
- Hulle blokkeer skaamte deur kompulsiewe gedrag soos eetversteurings, substans misbruik, ensovoorts (Lee, 2003:4). Mishandelde adolessente is onder die indruk dat die oplossing van probleme ekstern, buite hulself, gevind kan word om skaamte te onderdruk. Die soeke na eksterne oplossings in 'n poging om 'n selfbeeld, selfaanvaarding, beheer, liefde en 'n aanvaarbare persoonlikheid te vind, stel die self meer bloot aan die ervaring van skaamte, hopeloosheid, magteloosheid en waardeloosheid.

- Hulle het dikwels eerder ŉ gevallelading as vriendskappe. Middelton-Moz (1990:48) stel dat: *"One defense against feeling needy is to surround oneself with others who consistently require help. ... If I consistently take care of another, I won't have to see myself as a person that requires care".*
- Hulle is konstant besig met die kompulsiewe verwerking, evaluering en intellektualisering van omstandighede as ŉ verdediging teen die pyn van skaamte. Tangney en Dearing (2004:144) stel dat: *"Shame and guilt are "attribution-dependent emotions" that hinge not only on evaluations of the valence of the event but also on fairly complex evaluations of the causes of that event".* Wanneer mishandelde adolessente vasgevang in die "waarom?" vrae voel, sal hulle hulself as hulpeloos en waardeloos beskou. Gevolglik sal skaamte en blaam vermeerder en geen oplossing sal gevind word nie (Middelton-Moz, 1990:49).
- Hulle word in afhanklikheid of teen-afhanklikheid vasgevang. Mishandelde adolessente ervaar geen outonomie en leer nie om vertroue in die self te ontwikkel nie (Lee, 2003:4). Die afhanklikheid van ander vir aanvaarding en oorlewing, lei tot oormatige afhanklike of teen-afhanklike gedrag. Middelton-Moz (1990:50) beskryf die verskil tussen afhanklikheid en verdediging teen die gevoel van afhanklikheid soos volg:

  *"The dependent individual seems to say, "I can't do anything on my own." The counter-dependent individual seems to say, "I can do it myself thank you," or " No one can do it as well as I can".*

- Hulle ontwikkel nie ŉ gevoel vir emosionele grense nie. Alhoewel hulle gedurig bedreig voel deur ander en valse grense deur woede of isolasie stel, sal hulle gewoonlik met liefdevolle selfopofferende gedrag reageer (Yontef, 2003:355). Mishandelde adolessente fokus gedurig op die behoeftes van ander en kan nie hul eie behoefte, afkeer, weersin of voorliefde vir iets ontwikkel nie. Hulle sal eerder hulself vir ŉ ander persoon se probleme blameer, beperkte persoonlike grense stel en ander toelaat om hulle te manipuleer (Oaklander, 2007:34). Middelton-Moz (1990:51) stel dat:

  *"Lack of boundaries, both emotionally and physically, comes from constant violation of self by others. The feeling exist that I can't trust my ability to take care of myself, and I can't".*

## 6.7 GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING TOT SKULD EN SKAAMTE

Die Gestalt benadering tot skuld en skaamte word vanuit die veld van mishandelde adolessente as intrapersoonlike en individualistiese fenomene binne interpersoonlike ervaringe bestudeer. Gestaltterapie ondersteun groei deur die gebruik van 'n fenomenologiese en dialooggebaseerde interaktiewe benadering wat sensitief in die skuld-en-skaamte-ervaring van mishandelde adolessente aangewend kan word. 'n Fenomenologiese bewustheid is noodsaaklik in die skep en onderhoud van 'n akkurate gewaarwording van die self om tussen gesonde en ongesonde skuld en skaamte te onderskei. Die gewaarwording van die self is nie net 'n kognitiewe samestelling nie, maar ook 'n samestelling van emosies (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:12).

### 6.7.1 Gestaltterapeutiese benadering tot skuld en skaamte

Die Gestaltteoretiese oriëntasie tot skuld en skaamte is deur die psigoanalitiese drifteteorie beïnvloed, maar dit maak die belangrike verandering om skuld en skaamte vanuit 'n interaktiewe, relasionele en holistiese model te benader (Yontef, 2003:351). Lee en Wheeler (2003:xii) beskryf die verskil soos volg:

> *"The differences lay, for the most part, only in the fact that the Gestalt model has focused on shame dynamics without naming them, whereas the affect models describe those same dynamics without the complete picture of self- and field-organization that the Gestalt model provides."*

In Gestaltterapie word skuld en skaamte as selfbewuste emosies beskou wat mishandelde adolessente van die self in die interpersoonlike veld kan skei (Brownell, 2004:1; Erskine, 1995:111). Die veld is 'n essensiële en integrale deel van die self wat deur kontakversteurings adolessente se kontak met innerlike emosies en die omgewing negatief kan beïnvloed (O'Connor & Braverman, 2009:285; Philippson, 2009:21). Die skeiding of verlies van kontak in die veld, in beide die innerlike en uiterlike omgewing, het die moontlikheid om inbreuk op die proses van die self, selfregulering en self-integrasie te maak (Oaklander, 2007:61). Dit kan mishandelde adolessente laat met die ervaring van trauma, groei inhibeer en regressie tot vorige neurotiese of kreatiewe verdediging (Yontef, 2003:353).

Mishandelde adolessente is altyd op die sensitiwiteit en afhanklikheid van die veld binne die polariteite van hul ervaring van die self gerig (Oaklander, 2007:144; Blom, 2006:40). Indien daar 'n disekwilibrium in die self se ervaring van die veld is, sal mishandelde adolessente poog om ondraaglike emosionele ervarings te ontvlug (Philippson, 2009:21; Oaklander, 2007:145). Yontef (2003:367) beskryf die interne en eksterne disekwilibrium in die self soos volg:

> *"... the external/internal split is considered a false dichotomy, and shame and guilt always have internalized and external aspects. Both can be based on introjection or assimilation".*

#### 6.7.1.1 Onderskeid in skuld en skaamte vanuit die Gestaltteorie

Skuld en skaamte, as selfbewuste emosies, kan tot negatiewe reaksies teenoor die self lei (Brownell, 2004:1; Fowler, 1993:2). Brownell (2004:1) wys daarop dat *"... self-conscious emotions are generated through the appraisal of the self in social context, in relationship to others"*. Skuld en skaamte kan vanuit die Gestaltteorie soos volg in Tabel 6.2 beskryf word (Brownell, 2004:3):

**Tabel 6.2 Skuld en skaamte vanuit die Gestaltteorie**

| | |
|---|---|
| *Beginsel 1:* Selfbewuste emosies is natuurlike sosiale emosies. | Skuld en skaamte word:<br>a) sosiaal saamgestel;<br>b) altyd geassosieer met (werklike of fantasie) sosiale interaksie;<br>c) betekenisvol deur sosiale kommunikasie en/of toepaslik tot gewenste uitkomste;<br>d) in verband met waardering en evaluering van ander en die self gebring. |
| *Beginsel 2:* Selfbewuste emosies besit intrapersoonlike, interpersoonlike en gedragsgereguleerde funksies vir die individu. | Skuld en skaamte bewerk verskillende verhoudings tussen individue en die omgewing. Skaamte veroorsaak verwydering tussen die individu en sy sosiale omgewing, terwyl skuld herstel probeer bewerkstellig. |
| *Beginsel 3:* Waardering en evaluering word intiem verbind aan die funksies van selfbewuste emosies. | Skuld en skaamte interpreteer die aard van die verhouding tussen die self en ander. |
| *Beginsel 4:* Selfbewuste emosies word geassosieer met gedrag. | Skuld en skaamte bepaal waardering, evaluering en optrede wat geassosieer word met gedrag. Skaamte word met onttrekking van sosiale kontak geassosieer. Skuld word met 'n beweging na buite geassosieer, wat op die herstel van 'n verkeerde daad gemik is. |

| | |
|---|---|
| *Beginsel 5:* Selfbewuste emosies dra tot die ontwikkeling van die self by. | Skuld en skaamte beklemtoon die gedrag wat ŉ persoon kan (of nie kan) doen (of nie doen) in enige (werklik of fantasie) sosiale omgewing. Skuld en skaamte gee betekenis aan die wyse waarop ŉ persoon homself voorstel hoe ander sy gedrag sien. Dit dra tot selfevaluering by. |

Skuld verwys na die benadeling van ŉ ander persoon of die verbreking van ŉ morele kode in die samelewing. Yontef (2003:351) beskryf die fokus van die skuldoriëntasie as *"...the conflict between organismic impulses (drives, needs, wishes, appetites, and effect) and restrictions based on the internalization of societal values and injunctions"*. Aan die ander kant beskryf Yontef (2003:353) skaamte as *"...the experience of negative evaluative and emotional reactions to one's own being"*. Waar skuld die gevoel van ŉ verkeerde daad of bepaalde gedrag vergesel, fokus skaamte op die globale self en verwys na die ervaring van ŉ persoon se wese en selfevaluering (Oaklander, 2007:144; Murray & Ciarrocchi, 2007:23; Tangney & Dearing, 2004:53; Yontef, 2003:351; Resnick, 1997:258). Middelton-Moz (1990:56) beskryf die interne reaksie en gewaarwording van die self in die ervaring van skuld en skaamte soos volg: *"When we experience guilt, we blame our behavior. When we experience shame, we blame our character and being"*.

#### 6.7.1.1.1 Skaamte as ŉ komplekse en holistiese ervaring van die self

Vanuit ŉ Gestalt perspektief kan die ervaring van skaamte ŉ aanduiding dat mishandelde adolessente nie in kontak met die self is nie, wees (Brownell, 2004). Dit behels ŉ verminderde (ineenkrimpende) selfkonsep in samevloeiing met vrees, selfkritiek, ŉ verdedigende ingesteldheid en die ontkenning of retrofleksie van woede (Oaklander, 2007:145; Yontef, 2003:353; Erskine, 1995:108). Skaamte is ŉ gewaarwording van die spanning en diskrepansie tussen die innerlike en uiterlike wêreld van ervaring (Oaklander, 2007:144; Wheeler, 2003:48). Resnick (1997:265) stel dat *"... shame is the experience of an unwilling disconnect with my vital social field".* Vir mishandelde adolessente bring enige blootstelling aan skaamte intense emosionele energie na vore (Wheeler, 2003:37; Yontef, 2003:353). Volgens Bradshaw (1988:10) kan patologiese skaamte soos volg beskryf word:

*"[It] ... is no longer an emotion that signals our limits, it is a state of being, a core identity. Toxic shame gives you a sense of worthlessness, a sense of failing and falling short as a human being. Toxic shame is a rapture of the self with the self."*

In die algemeen ervaar mishandelde adolessente dikwels meer skaamte wanneer hulle kontak met hul omgewing probeer maak (Oaklander, 2007:144). Mishandelde adolessente kan hierdeur in hul eie vals beeld van die self as 'n geïsoleerde en mislukte wese waar geen ruimte vir die self binne of buite die self is nie vasgevang word (Oaklander, 2007:142). Skaamte behels 'n wond wat innerlik ervaar word en mishandelde adolessente van die self en kontak met ander in die omgewing skei (Oaklander, 2007:144; Resnick, 1997:257). Die navorser sluit by Kaufman (1996:5) aan wat die impak van skaamte op die ontwikkeling en vorming van mishandelde adolessente se self soos volg beskryf:

*"Shame itself is an entrance to the self. It is the affect of indignity, of defeat, of transgression, of inferiority, and of alienation. No other affect is closer to the experienced self. None is more central for a source of identity. Shame is felt as an inner torment, as a sickness of the soul"*.

#### 6.7.1.2 Ontwikkeling van skuld en skaamte by mishandelde adolessente

In Gestaltterapie is die identifisering van die organisme met die omgewing by die kontakgrens baie belangrik vir persoonlikheidsontwikkeling (Brownell, 2010:93; O'Connor & Braverman, 2009:285; Philippson, 2009:20; Clarkson, 1999:40). Dit is die proses waar nuwe inligting geassimileer en aangepas word om nuwe Gestalt te vorm. Skuld en skaamte ontwikkel vanuit 'n relasionele konsep van menslike ervaring en vind altyd in die konteks van 'n intrapersoonlike en interpersoonlike verhouding plaas (Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:4; Tangney & Dearing, 2004:3; Lee, 2003:7; Yontef, 2003:369; Lewis, 1995:75). Lee en Wheeler (2003:xii) stel dat:

*"Gestalt's interest in this phenomenon follows from the fact that the Gestalt model is a field model of self-organization, which centers around the articulation and modulation of contact processes in this sense".*

Die Gestaltteorie beskou adolessente as selfreguleringsorganismes wat in 'n relasionele verhouding by die behoeftes van die self en die omgewing aanpas (Philippson, 2009:20; Oaklander, 2007:12; 1994a:282; Aronstam, 1992:632; Yontef & Simkin, 1989:13). Kircher en David (2003:1) definieer die self soos volg: *"... the immediate, pervasive, automatic feeling of being a whole person, different from others, constant over time, with a physical boundary, the centre of all our experience."*

Hierdie onderskeid vereis bewustheid en 'n gewaarwording van die self en ander (Philippson, 2009:20). Bewustheid van die self is die vermoë om op die veld van moment tot moment te reageer (Philippson, 2009:22; Yontef & Jacobs, 2000:305). Wheeler (in Tofte, 2001:2) beskryf selfbewustheid soos volg: *"Self-awareness is to be aware of what I am doing, while I am doing it"*. Volgens die navorser moet daar in Gestaltterapie, as integrerende veldmodel, na geïntegreerde oplossings vir die innerlike en uiterlike kontak van mishandelde adolessente gesoek word. Tofte (2001:2) beskryf dit soos volg:

> *"On an individual level we could be more specific and ask what part of me can be received and connected with my social environment, and what parts will be met by pulling away, excluded or disconnected?"*

#### 6.7.1.2.1 Gestaltvorming

Figuurformasie, as 'n biologiese gegewe self-funksie, is die strukturering van ervaring wat in die ontwikkeling van 'n interaksionele matriks van mishandelde adolessente en die res van die veld bestaan (Yontef, 2003:357; Resnick, 1997:258). Evans (1994:105) beskryf dit as *"... a process of connecting and separating and not a fixed entity"*. Mishandelde adolessente leer in hul interaksionele veld of figuurgrond-interaksie om hul self-funksies te ondersteun, te verbeter of te vermeng (Resnick, 1997:258). Clemmens (2007:123) wys daarop dat:

> *"Some clients have an attachment to the meaning of their hurt as a way of understanding and organizing the field. Others may even see their past hurt and abuse as an important part of their identity"*.

In gesonde figuurformasie identifiseer adolessente met hul eie ervaring (insluitend gevoel, denke, behoeftes en observasies) en gewaarwording van die self wat met 'n positiewe gevoel en beeld van die self saamhang (Houston, 2003:16). Gestaltvorming kan slegs plaasvind wanneer mishandelde adolessente bewus word van die self se dominante behoeftes op die figuurvoorgrond en met behulp van hul eie vermoëns en bronne uit hul omgewing die behoeftes kan bevredig (Corey, 2001:197; Resnick, 1997:258; Schoeman, 1996:35; Yontef & Simkin, 1989:7; Aronstam, 1992:633).


Gestaltvorming behels *interne regulering*, waar mishandelde adolessente selfregulering deur inherente eienskappe benut om hul eie behoeftes te bevredig, of *eksterne regulering,* waar die proses van Gestaltvorming tussen die adolessente en hul omgewing plaasvind (Lee, 2003:8; Wheeler, 2003:41; Resnick, 1997:258; Aronstam, 1992:633; Perls, 1973:9). Hiervolgens is Gestaltterapie die hele proses van aksie, emosies, denke en die interaksie tussen die adolessente, hul konteks en die verhouding waarin hulle *hier-en-nou* is (Blom, 2006:18). Die navorser sluit by Yontef (2003:360) aan dat mishandelde adolessente, tydens Gestaltvorming, in 'n patologiese patroon van retrofleksie, introjeksie en projeksie kan bly, of in samevloeiing kan gaan met 'n dreigende skaamte situasie.

#### 6.7.1.2.1.1 Retrofleksie

Die gewaarwording van skuld en skaamte kan deur retrofleksie by mishandelde adolessente ontwikkel (Erskine, 1995:110). Volgens Yontef (2003:358) onderbreek skaamte *"... the forming figure and the entire forming sense of self and leaves the child with a negative reaction to oneself as a whole"*. Vanuit die Gestaltteorie is dit naby Freud se verstaan van depressie as "*aggressie wat teen die self gerig word"* (Wheeler, 2003:54). Tofte (2001:2) beskryf die negatiewe reaksie van skaamte soos volg: *"When shame become crippling to one's life we call it pathological shame - or in gestalt terms a pathological retroflection".* Gevolglik sal mishandelde adolessente deur retrofleksie emosioneel van interaksie met hul omgewing onttrek (Lee, 2003:10). Yontef (2003:358) beskryf die verloop van die skaamteproses soos volg.

> *"In shame, people often experience others treating them as they unconsciously treat themselves (projection). For example, I look at myself with disgust and imagine I am disgusting to the other person. Shame and shame defense also make use of retroflection – person against the self – and egotism – that is, not feeling safe enough to give up control and allow full surrender to final contact and resolution."*


Die verlies aan *ego*-funksies in skaamte begin by kontak in die figuurvoorgrond wanneer mishandelde adolessente verwerping of negatiewe steurnisse ervaar (Oaklander, 2007:142; Yontef, 2003:360). Wheeler (in Resnick, 1997:257) beskryf dit as *"... a rapture of support in the field and a disorganization of self process"*. Die kritiek, vernedering en minderwaardigheid waaraan mishandelde adolessente blootgestel word, word gevolglik teen die self as selfkritiek en retrofleksie gerig (Oaklander, 2007:142). Kaufman (in Wheeler, 2003:45) stel dat *"...shame itself is an entrance to the self. ...Shame is a wound felt from the inside, dividing us both from ourselves and from one another"*. Retrofleksie kan figuurlik soos volg in Figuur 6.4 voorgestel word:




**Figuur 6.4 Retrofleksie**

#### 6.7.1.2.1.2 Introjeksie

Introjeksie is 'n groot struikelblok in die hantering van skuld en skaamte (Lee, 2003:10). Wanneer mishandelde adolessente aan skuld en skaamte blootgestel is, kan 'n skuld- of skaamte-kompleks die dominante faktor in die vorming van hul persoonlikheid word (Oaklander, 2007:144; Tangney, *et al.*, 2007:352; Tracy, 2005:74). Perls, Hefferline en Goodman (in Yontef, 2003:360) stel dat: *"Introjection is an interruption and rejection of the organismic signals and desires, and a passive resignation to the environment".* Introjeksie kan figuurlik soos volg in Figuur 6.5 voorgestel word:




**Figuur 6.5 Introjeksie**

Skaamte kan as 'n vasgelegde introjeksie wat in mishandelde adolessente se negatiewe ervaring met hul omgewing (veld) en die self gevestig word beskryf word (Oaklander, 2007:95). Resnick (1997:268) beskryf introjeksie soos volg:

> *"In maladaptive shame, the child not only introjects the values and norms of the other, he/she also introjects the other's disapproval and perhaps contempt and disgust for him".*

Die introjeksie van ervaring en response, wat mishandelde adolessente vanuit hul organismiese veld ervaar, kan 'n skaamtekringloop wat herhaaldelik en selfgenererend voorkom vorm (Resnick, 1997:268). Mishandelde adolessente kan die geïntrojekteerde skaamte na buite projekteer en dan weer op die retrofleksie van verwerping reageer (Oaklander, 2007:144; Evans, 1994:104).

#### 6.7.1.2.2 Die self en ideale self

Die ideale self word deur verskillende grade van assimilasie en introjeksie bepaal. Assimilasie ondersteun integrasie van die self, terwyl introjeksie innerlike konflik veroorsaak (Oaklander, 2007:95). Skaamte verhoog wanneer mishandelde adolessente ongemak en minderwaardigheid ervaar (Oaklander, 2007:142). Lee (2003:11) stel dat *"...shame can serve as a signal that the state of the connection at the boundary between me and my world is threatened or needs attention".* Mishandelde adolessente ervaar skaamte in die mate wat hulle met die ideale self identifiseer en 'n diskrepansie teenoor die ideale self ervaar (Yontef, 2003:361). Die ideale self verwys na mishandelde adolessente se beeld of beskouing van hulself soos hulle graag wil wees, om aanvaar te word. Bradshaw (1988:vii) stel dat: "*Since one feels his true self is defective and flawed, one needs a false self which is not defective and flawed".*

Om die ervaring van mislukking en minderwaardigheid te verlig, skep mishandelde adolessente kontrole, struktuur en selfvertroeteling deur fantasie te gebruik om te voldoen aan onvoldoende en misplaaste emosionele ervarings (Oaklander, 2007:146). Die skaamtegebaseerde fantasie dien as 'n illusie van 'n gesonde interpersoonlike verhouding, terwyl die verhouding verskeur is deur vernedering en verwerping. In mishandelde adolessente se kontak met ander persone, in die gebroke verhouding, dien fantasie as 'n buffer wat hulle teen verdere verleentheid, vernedering en verwerping beskerm (Yontef, 2003:361). Dit kan so gevestig raak en vasgelê in die proses van mishandelde adolessente word dat dit hulle normale funksionering tot integrasie belemmer (Oaklander, 2007:142). Bradshaw (1988:12) stel dat:

> *"As the false self is formed, the authentic self goes into hiding. Years later the layers of defense and pretense are so intense that one loses all awareness of who one really is."*

#### 6.7.1.2.3 Verleentheid

Verleentheid is die voorloper van skaamte (Erskine, 1995:110). Mishandelde adolessente het dikwels nie die kognitiewe en emosionele ondersteuning om 'n verleentheid te hanteer nie en dit veroorsaak 'n negatiewe belewenis van 'n situasie. Yontef (2003:363) stel dat:

> *"When noticing an emotion or desire that is not part of one's self-image or when showing an emotion that is not part of one's self-image to show, then the feeling of embarrassment often results. Embarrassment is usually accompanied by flushing, the experience of self-consciousness, and feeling shy".*


Die vermoë om te bloos is die metafoor van mishandelde adolessente se essensiële beperkte menslikheid (Bradshaw, 1988:7). Verleentheid kan as die emosie wat ervaar word wanneer die adolessente dit nie in hul gewaarwording van die self kan verklaar nie beskou word (Lee, 2003:19). Wanneer skuld vanuit introjeksie ontwikkel kan Gestaltterapie effektief wees om die adolessente te begelei om bepaalde introjekte op te klaar en besit van projeksies te neem (Oaklander, 2007:63; Yontef, 2003:366). Hierdeur kan hulle uitdrukking aan die ontlading van negatiewe gevoel gee en na 'n gewaarwording van waardes

beweeg wat op die ware bewustheid van die self, situasies en geassimileerde waardes gebaseer is. Volgens Yontef (2003:366) kan hierdie bewustheid die gevolg om voort te gaan met bepaalde gedrag sonder skuld, modifisering van gedrag of die staking van gedrag wees.

'n Verleentheid wat met skaamte gepaard gaan, kan 'n ongesonde las op die self wees wat tot uitdrukking in gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid, verwerping en 'n lae selfbeeld kom (Wheeler, 2003:35; Resnick, 1997:257; Morrison, 1996:10, 22-57). Erskine (1995:111) wys daarop dat mishandelde adolessente se selfbeeld en selfwaarde ineenkrimp omdat beide die *id*- en *ego*-funksies van die self versteur word.

#### 6.7.1.2.4 Samevloeiing

Terwyl skaamte ekstreme selfbewustheid behels, is daar by mishandelde adolessente 'n sterk behoefte om te behoort, veral in verhoudinge met ander (Yontef, 2003:364; Jordan, 1989:6). Volgens Erskine (1995:112) en Kaufman (1989:19) kan skaamte ervaar word met die ambivalente behoefte na die herstel van 'n gebroke verhouding. Mishandelde adolessente sal in samevloeiing gaan met 'n gevoel van verleentheid, vernedering, verwerping of mislukking wat hulle ervaar om die skynbeskerming in 'n gebroke verhouding te handhaaf (Yontef, 2003:360). Hierdie samevloeiing, wat gepaard gaan met hartseer, vrees en 'n ineenkrimpende selfkonsep, lei tot verdere skaamte en twyfel in die self (Oaklander, 2007:144). Samevloeiing kan figuurlik soos volg in Figuur 6.6 voorgestel word:




**Figuur 6.6 Samevloeiing**

#### 6.7.1.2.5 Selfregverdiging

Skaamte laat mishandelde adolessente met verdedigende selfregverdiging optree deur iemand anders vir hul ervaring van skaamte te blameer (Oaklander,

2007:144; Yontef, 2003:372). Die projeksie deur die eksterne uitdrukking van blaam kan as ŉ psigologiese verdedigingsmeganisme en indikator vir interne skaamte beskou word. Bradshaw (1988:10) stel dat: *"There is shame about shame. People will readily admit guilt, hurt or fear before they will admit shame".* Terwyl skaamte en selfkritiek mishandelde adolessente laat met ŉ gevoel van minderwaardigheid en ŉ behoefte na die herstel van ŉ verhouding, poog hulle deur selfregverdiging om vernedering en skaamte te ontsnap en hulself voortdurend te regverdig (Oaklander, 2007:145; Yontef, 2003:374). Erskine (1995:112) beskryf selfregverdiging as:

- ŉ verdediging teen die hartseer en vrees vir vernedering;
- ŉ uitdrukking van die behoefte om ŉ impak te maak, ernstig opgeneem te word en gerespekteer te word;
- ŉ verdediging teen die bewustheid van die behoefte dat die ander persoon die gebroke verhouding sal herstel.

Selfregverdiging kan as ŉ self-opgewekte fantasie, wat beskermend teen die pyn en verlies van ŉ gebroke verhouding optree beskryf word, terwyl dit ŉ skynoorwinning oor vernedering bied en ŉ verhoogde selfbeeld voorsien (Erskine, 1995:112). Alfred Adler (in Erskine, 1995:113) beskryf dit as *"... a fantasy of superiority defends against the memories of humiliation and projects the sense of shame outward"*.


#### 6.7.1.2.6 Isolasie

Mishandelde adolessente sal retrofleksie en introjeksie gebruik om hulle van die omgewing te isoleer (Oaklander, 2007:146; Tangney, 2003:388). Yontef (2003:362) beskryf die retroflektiewe introjeksie van mishandelde adolessente se ervaring van skaamte soos volg:

> *"Being seen means being exposed, and shame-oriented people project their own self-critical eyes and expect others to be as critical of them as they are of themselves"*.

Hierdie ervaring van skaamte word van ŉ begeerte om die gevoel van skaamte weg te steek vergesel (Wheeler, 2003:35). Yontef (2003:362) stel dat: *"This hiding can be accomplished by a tone facial mask, with words, by physical*

*withdrawal, by being very still, by fading into the woodwork, and so forth"*. Bradshaw (1988:10) beskryf dit ook soos volg: *"A shame-based person will guard against exposing his inner self to others, but more significantly, he will guard against exposing himself to himself."* Isolasie kan figuurlik soos volg in Figuur 6.7 voorgestel word:




**Figuur 6.7 Isolasie**

In isolasie en sonder interaksie met die omgewing kan mishandelde adolessente nie uit die skaamte-ervaring groei nie. Bradshaw (1988:13) beskryf die impak van skaamte op die persoonlikheid van mishandelde adolessente soos volg:

> *"When you're an object to yourself, you turn your eyes inward, watching and scrutinizing every minute detail of behavior. This internal observation is excruciating. It generates a tormenting self-consciousness which Kaufman describes as, "creating a binding and paralyzing effect upon the self." This paralyzing internal monitoring causes withdrawal, passivity and inaction".*

## 6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling, definisie en omvang van skuld en skaamte as selfbewuste emosies beskryf wat die konseptuele raamwerk van die navorsing vorm. Skuld en skaamte emosies kan pynlike gevoelens van mislukking, minderwaardigheid, blaam, woede, bitterheid en die behoefte na vergelding wek. Skuld kan as die negatiewe evaluasie wat mishandelde adolessente maak van hul bepaalde gedrag gedefinieer word, terwyl skaamte na die negatiewe evaluasie wat hulle van hul volledige self maak, verwys.

Skaamte, anders as skuldgevoel, is 'n intense gevoel van ongemak en 'n bewustheid van foute en tekortkominge in die self. Skuld en skaamte is nie ooreenstemmende morele emosies nie en laat verskillende morele gedrag na

vore tree. Skaamte kan aanleiding tot emosionele probleme en psigiese response gee, wat ernstige psigososiale implikasies inhou. Mishandelde adolessente se hele selfkonsep kan op skaamte gebaseer word. Dit kan selfbeeldvorming en die vermoë om stabiele verhoudings op te bou beïnvloed.

In hierdie hoofstuk is die *Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief* tot skuld en skaamte vanuit die veld van mishandelde adolessente bespreek. Die bewustheid van die onvoltooidhede belemmer Gestaltvorming en lei daartoe dat homeostase en organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie. Die teenwoordigheid van hierdie onvoltooidhede manifesteer in mishandelde adolessente se ervaring van negatiewe emosies teenoor die self.

In Hoofstuk 7 word aandag aan die komponente van vergifnis binne die konteks van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese teorie* om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei geskenk.

# HOOFSTUK 7

# KONSEPTUELE RAAMWERK VAN VERGIFNIS

## 7.1 INLEIDING

Die konsep van vergifnis het in die verlede relatief min aandag in berading- en terapeutiese literatuur ontvang. Dit was eers in die laat 1980's en vroeë 1990's wat perspektiewe en terapeutiese programme op vergifnis meer gereeld na vore in die terapeutiese literatuur en empiriese navorsing getree het. Waarskynlik is vroeëre verwysings na vergifnis in psigologie vermy as gevolg van die godsdienstige en morele konnotasie van die konsep (Freedman, 2008:96; Macaskill, 2004:26; Sells & Hargrave, 1998:28; Walrond-Skinner, 1998:5). Rowe, *et al.* (1989:234) stel dat die studie van vergifnis *"...is an interdisciplinary issue and philosophers and theologians are often basing their interpretations on observations of specific human behaviour"*.

Vergifnis is 'n komplekse fenomeen wat sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring betrek en 'n uitdaging vir integrasie voorsien (Ysseldyk & Matheson, 2008:145; Aponte, 1998:37). Volgens Walrond-Skinner (1998:5) het die navorsing van Buber (1958), Tournier (1962) en Smedes (1984) aanleiding tot die psigoterapeutiese benadering tot vergifnis gegee. Freedman (2008:96), Wade, Johnson en Meyer (2008:97), Macaskill (2004:28), Browning, *et al.*, (2004:57), Aponte (1998:37) en Pingleton (1989:30) bevestig dat vergifnis, as 'n teologiese konsep, gebruik kan word om 'n psigologiese proses te verduidelik. Volgens Browning, *et al.* (2004:65) kan die religieuse ontwikkeling van 'n persoon sy kognitiewe, affektiewe en morele gedrag teenoor ander bepaal. Karin (2001:9) stel dat:

> *"... forgiveness is as fundamental and important as any topic in psychology. It embraces the meaning of love and hate, the nature of dependency, the torments of envy, the problems of narcissism and paranoia, as well as the tension between self-hatred and self-acceptance, between striving for maturity and refusing to grow up".*

Vergifnis is egter nie die antwoord op alle emosionele probleme nie, maar daar vind wel veranderings in die lewens van persone wat besluit het om te vergewe plaas (Macaskill, 2004:31; Enright, 2003:6). Vanuit 'n interpersoonlike en intrapersoonlike perspektief kan vergifnis gebruik word om mishandelde adolessente te bemagtig om pynlike ervarings te hanteer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Freedman, 2008:96; Pattison, 2000:209; Walrond-Skinner, 1998:5). Volgens Freedman (2008:93) is vergifnis *"...a powerful healing tool for victims"*.

In die navorsing van Browning, *et al.* (2004:65) en Enright, Santos en Al-Mabuk (1989:106) het 'n proses van vergifnis die beste navorsingsresultate tydens die ontwikkeling van laat-adolessente gelewer. Die heelwordingproses kan as *"...a shift from fundamental estrangement to 'being-at-home' with oneself in the world"* beskryf word (Rowe & Halling, 1998:237). Smedes (1984:2) beskryf hierdie vergifnis handeling soos volg:

> *"...the act of forgiving, by itself, is a wonderfully simple act, but it always happens inside a storm of complex emotions. It is the hardest trick in the whole bag of personal relationships".*

Alhoewel vergifnis nie die enigste doel in terapie is nie, kan dit een van die moontlike uitkomste vir terapeutiese intervensie met mishandelde adolessente wees (Malcolm, 2008:290; Wade, Johnson & Meyer, 2008:97). Vergifnis is 'n belangrike en essensiële komponent in die berading en psigoterapeutiese heelwordingproses van mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar (Helm, *et al.,* 2005:25; Ransley, *et al*., 2004:5). In die navorsing hanteer die navorser vergifnis vanuit 'n teologiese en psigologiese benadering in 'n poging om 'n beweging van die mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte, na vergifnis van die self en die oortreder te fasiliteer. Die navorser wil saam met Harris (2000) die volgende beweer:

> *"If shame is our dilemma, shame as understood primarily as alienation from God, others, and self, what is our hope? ... I will contend that the grace of forgiveness, God's and human forgiveness, is our hope".*

## 7.2 DEFINIËRING VAN VERGIFNIS

### 7.2.1 Definisie van vergifnis

Uit ’n intensiewe literatuurstudie blyk dit dat daar, afgesien van basiese aannames, geen universele definisie van konsensus oor die belangrikste dimensies van vergifnis bestaan nie. DeCourville, Belicki en Green (2008:2) beskryf die uitdaging wat navorsers het om vergifnis te definieer: Is dit interpersoonlik, intrapersoonlik, of beide; situasie gebonde, disposisioneel, motiverend, of ’n kombinasie van al drie; affektief, kognitief, ’n gedrag, of ’n kombinasie; ’n proses of ’n diskrete gebeure of optrede? McCullough, Pargament en Thoresen (2001:8) beklemtoon ook hierdie dilemma:

> *“No consensual definition of forgiveness exists. Indeed some interpret the lack of consensus in definition to be one of the most pernicious problems in the field today. It appears that most theorists and researchers now agree that forgiveness should be differentiated from “pardoning”…, “condoning”…, “excusing”…, “forgetting”… [and] “reconciliation’… The fact that no scholars have offered serious disputations of these distinctions in recent years suggest that real conceptual progress has been made in understanding forgiveness. Agreeing on what forgiveness is not does not necessarily mean researchers agree on what forgiveness is.”*

Daar is ’n belangrike onderskeid in die definisie van vergifnis te maak. Coleman (in Enright & North, 1998:94) stel dat:

> *“Forgiveness is more than an oral imperative, more than a theological dictum. It is the only means, given our humanness and imperfections, to overcome hate and condemnation and proceed with the business of growing and loving”*.

Websters (in Wicks & Parsons, 1993:482) wys ook daarop dat *“... forgiveness means to give up resentment against our desire to punish”*. Enright (2003:29) en Enright en Fitzgibbons (2000:24) voorsien ’n uitgebreide definisie van vergifnis:

> *“People, upon rationally determining that they have been unfairly treated, forgive when they willfully abandon resentment and related responses (to which they have a right), and endeavor to respond to the wrong doer*

*based on the moral principle of beneficence, which may include compassion, unconditional worth, generosity, and moral love (to which the wrongdoer, by nature of the hurtful act or acts, has no right).”*

Die navorser is van mening dat vergifnis as ŉ terapeutiese proses gedefinieer kan word wat, ten spyte van pyn en onreg wat gely is, negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak ontlaai, deur moreel op te tree en die oortreder vry te laat aan die oordeel en genade van God.

### 7.2.2 Foutiewe opvatting oor vergifnis

Alhoewel die definisies van vergifnis tussen verskillende navorsers wissel, bestaan daar ŉ laterale konsensus onder diegene wat vergifnis in terapie gebruik. ŉ Foutiewe opvatting oor wat vergifnis wesenlik is, werk blokkerend op die toepassing van vergifnis met die oog op konstruktiewe en positiewe gedrag in (Worthington, 2005a:62). ŉ Verheldering van vergifnis behels argumente van verskeie navorsers wat belangrike komponente uitwys en aantoon wat vergifnis nie is nie.

#### 7.2.2.1 Vergifnis is nie rekonsiliasie en versoening nie

In kollektiewe kulture word vergifnis dikwels gesien as sinoniem met rekonsiliasie en versoening, terwyl individualistiese kulture dit as ŉ moontlikheid beskou (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:179; Macaskill, 2004:28). Alhoewel rekonsiliasie en vergifnis binne ŉ Christelike konteks belangrik is, is dit die adolessente wat dit kontroleer. Malcolm (in Malcolm, DeCourville & Belicki, 2008:xxiv) wys daarop dat dit die adolessente se reg is om te bepaal of hulle die oortreder wil vergewe. Die adolessente sal op beide intrapersoonlike en uiterlike relasionele behoeftes in hul hantering van vergifnis fokus. Hiervolgens kan vergifnis sonder die oortreder se kennis daarvan of interaksie plaasvind. Vergifnis verwag nie enige kompensasie van die oortreder of skuldbelydenis nie. Volgens McMinn (1996:207) kan ŉ oortreder vergewe word sonder dat die oortreder enige verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar.

Vergifnis kan wel tot die herstel van ŉ verhouding lei wanneer die oortreder sy gedrag verander en berou vir die oortreding toon (Worthington, 2006:230;

Freeman, 2000:88). Chagigiorgis en Paivio (2008:128) en Berecz (2001:253) maak die onderskeid tussen konjunktiewe en disjunktiewe vergifnis. Konjunktiewe vergifnis sluit versoening tussen die oortreder en die adolessent in, terwyl disjunktiewe vergifnis nie afhanklik van berou of empatie van die kant van die oortreder is nie (Kotze, 2008:145). Worthington (2006:13) maak 'n duidelike onderskeid tussen versoening en vergifnis:

- *Versoening* is die herstel van geskende vertroue in 'n verhouding. In die geval van mishandeling, vereis versoening ware bekering en bewyse van verandering van die kant van die oortreder voor verhoudinge kan herstel.
- *Vergifnis* is 'n individuele besluit om negatiewe emosies met positiewe emosies te vervang en dit as 'n geskenk aan te bied.

Per definisie, vind vergifnis binne die individu plaas, en versoening tussen mense. Vergifnis word verleen (deur keuse) of ervaar (deur emosie); versoening word verdien deur middel van wedersyds betroubare gedrag van beide kante vanaf die vergewer en die oortreder. Daarom stel Worthington (2003:170) dat 'n persoon kan vergewe sonder dat daar versoening plaasvind.

Versoening is nie altyd moontlik of wenslik nie (Kotze, 2008:145; Helm, *et al.,* 2005:26; Berecz, 2001:253). In verhoudinge waar mishandeling en molestering ter sprake is, kan vergifnis plaasvind sonder rekonsiliasie en interaksie met die oortreder, om die adolessent te beskerm (Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Freedman, 2008:96; Malcolm, DeCourville & Belicki, 2008:xxv; Helm, *et al.*, 2005:32). Bass en Davis (in DeCourville, Belicki, & Green, 2008:2) stel dat die verkeerde benadering tot vergifnis mishandelde adolessente aan verdere mishandeling en vernedering kan blootstel. Sells en Hargrave (1998:29) bevestig dat vergifnis kan ontaard *"...as the means by which the victim is blamed and the perpetrator is released from culpability and responsibility".* Walrond-Skinner (1998:12) sluit daarby aan:

> *"A sexually abusive parent may repeatedly beg a child's forgiveness after each act of abuse and as part of the abusive ritual, only to repeat the behaviour again."*

Teenoor die siening van Bass en Davis, Sells en Hargrave en Walrond-Skinner, kan gestel word dat dit nie vergifnis is wat die mishandelde adolessent aan verdere mishandeling kan blootstel nie, maar rekonsiliasie en versoening met

die oortreder (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:166). Volgens die navorser is versoening en rekonsiliasie nie 'n noodsaaklike deel of 'n noodwendige produk van vergifnis nie, maar 'n moontlikheid.

#### 7.2.2.2 Vergifnis is nie kwytskelding en regverdiging nie

Vergifnis is nie die kwytskelding van die oortreder nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:125; DeCourville, Belicki, & Green, 2008:2; Freedman, 2008:96; Enright & North, 1998:12). Roberts (in McCullough, Sandage en Worthington, 1997) beskryf kwytskelding as 'n tweeledige begrip. Aan die een kant word erken dat 'n oortreding moreel verkeerd is, maar aan die ander kant kan die ernstige aard van die oortreding ook ontken word. Dit sou die regverdiging van die oortreding impliseer en 'n gevoel van wrok, bitterheid en haat by die mishandelde adolessente aanwakker (Macaskill, 2004:29; Mamalakis, 2001; Enright & Fitzgibbons, 2000; Casarjian, 1992).

Vergifnis beteken nie die goedkeuring of ondersteuning van gedrag wat pyn veroorsaak nie (Holeman, 2008:256; Malcolm, DeCourville & Belicki, 2008:xxv; Kendall, 2002:13; Aureli & De Waal, 2000:360). Disjunktiewe vergifnis is nie noodwendig kwytskelding nie, omdat die oortreder van mishandeling wetlik vervolg kan word (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:166; Kotze, 2008:145; Berecz, 2001:253). Die navorser is van mening dat disjunktiewe vergifnis die slagoffer kan help om bitterheid agter te laat en met die helingsproses te begin, sonder versoening met die oortreder.

#### 7.2.2.3 Vergifnis is nie kondonering nie

Vergifnis behels nie verskoning of kondonering van skadelike gedrag nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:124; Freedman, 2008:96; Aureli & De Waal, 2000:359; Enright & North, 1998:48; Walrond-Skinner, 1998:8). Apologie en verskoning wat die oortreder aanbied, het 'n positiewe uitwerking op vergifnis (Holeman, 2008:253), maar dit impliseer nie regverdiging vir die pleeg van die oortreding nie (Enright & Fitzgibbons, 2000; Smedes, 1984). Daar kan nie na die omstandighede van die oortreder verwys word in 'n poging om verkeerde gedrag te regverdig en verskoning daarvoor te maak nie (Kotze, 2008:82;

Kendall, 2002:12). Die oortreder word, ongeag sy omstandighede, aanspreeklik gehou vir die leed en die skade wat hy veroorsaak het (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:172; Louw, 1999b:477). Davenport (1991:142) stel dat die adolessent die oortreder kan vergewe, *"...but still insist on behavioral change and mutual respect rather than capitulate to continued abuses"*. Die navorser is van mening dat vergifnis nie impliseer dat die oortreder se omstandighede of apologie sy verkeerde gedrag regverdig of verskoon nie.

#### 7.2.2.4 Vergifnis is nie ontkenning en onderdrukking nie

Vergifnis is nie die ontkenning en onderdrukking van die seer, negatiewe emosies en woede wat mishandelde adolessente ervaar het nie (Chagigiorgis & Paivio, 2008:124; DeCourville, Belicki, & Green, 2008:2; Day, 2004:12; Mamalakis, 2001:40; Enright & North, 1998:48). Kendall (2002:16) toon dat veral slagoffers van mishandeling en verkragting geneig is om die pynlike herinnering van hul ervarings te onderdruk. Hierdie ontkenning of onderdrukking is nie gelykstaande aan vergifnis nie (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:173; Kotze, 2008:83; Louw, 1996:390; McMinn, 1996:206). In die bespreking van skuld en skaamte in die vorige hoofstuk, blyk dit dat verdedigingsmeganismes soos ontkenning en onderdrukking soms gebruik kan word om vergifnis te blokkeer. Volgens die navorser kan verdedigingsmeganismes struikelblokke wees wat die gesonde proses van vergifnis rem.

#### 7.2.2.5 Vergifnis is nie om te vergeet nie

Vergifnis is nie 'n poging om te probeer vergeet nie (Freedman, 2008:96; Day, 2004:12; Kendall, 2002:17; Enright & North, 1998:48; Louw, 1996:391). Die pynlike effek van destruktiewe gedrag op ander word in elk geval baie moeilik vergeet (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:2; Louw, 1999b:477). Tutu (1998:5) stel dat:

> *"Forgiveness is not forgetting; it's actually remembering - remembering and not using your right to hit back. It's a second chance for a new beginning. And the remembering part is particularly important. Especially if you don't want to repeat what happened".*

Onderliggend aan vergifnis kan geblokkeerde behoeftes, frustrasie en aggressie geïdentifiseer word alvorens 'n persoon vergifnis oorweeg (Louw, 1999b:477). Kotzé (2006:15) stel dat: *"Forgiving and forgetting seem to be linked in people's minds, but loss of memory is not the goal".* Volgens Kotze (2008:84), Kendall (2002:18) en Aureli en De Waal (2000:360) is dit juis 'n demonstrasie van genade wanneer die adolessent ten volle bewus is van die mishandeling, en nogtans kies om te vergewe. Die navorser is van mening dat vergifnis 'n emosionele verligting en bevryding van die gebondenheid aan die verlede is, maar nie 'n poging om die realiteit van die verlede te probeer vergeet nie. Dit is 'n keuse om ten spyte van pyn en onreg wat gely is, die reg tot vergelding op te gee en hoop te herstel vir die toekoms.

#### 7.2.2.6 Vergifnis is nie verdraagsaamheid nie

Vergifnis impliseer nie verdraagsaamheid van skadelike gedrag nie (Mamalakis, 2001; Enright & Fitzgibbons, 2000). Nog minder beteken dit dat die slagoffer medeverantwoordelikheid vir die mishandeling deur selfblamering aanvaar (McMinn, 1996:207). Alhoewel vergifnis 'n vorm van aanvaarding is, is dit moontlik om vrede met die pyn van die mishandeling in die verlede te maak, maar nie met die fisiese oortreding van die oortreder nie (Kotzé, 2006:16; Enright & North, 1998:47; Walrond-Skinner, 1998:8; Louw, 1996:391). Volgens die navorser behels verdraagsaamheid die aanvaarding dat die mishandeling plaasgevind het, maar nie noodwendig die opgee van negatiewe emosies, denke en gedrag teenoor die oortreder nie.

### 7.2.3 Wat vergifnis wesenlik is

Die behoefte na vergifnis begin wanneer fisiese, morele en psigologiese grense geskend is (Worthington, 1998a:60). Emmons (2006:75) beskryf vergifnis soos volg: *"Forgiveness is not an emotion per se, but can be thought of as a spiritual process that has emotion-regulating properties".* Worthington (2006:33) verdeel die ervaring van vergifnis in drie dele:

- *Goddelike vergifnis* is God se uitdrukking van genade teenoor mense wat berou oor hul skuld en sonde het.

- *Maatskaplike vergifnis* vind plaas wanneer 'n persoon of instansie namens ander vir vergifnis vra om sodoende vrygestel van sosiale skuld te word.
- *Interpersoonlike vergifnis* het te doen met die wyse waarop mense mekaar vergewe. Interpersoonlike vergifnis vind op twee wyses plaas:
  - *Keusemakende vergifnis (decisional)* kan as 'n rasionele keuse beskou word wat die persoon maak om sy gedrag te verander (Worthington, 2003:41). Dit behels ook die etiese verwagting wat vereis dat die persoon sal vergewe. *Keusemakende vergifnis* is opsetlik die besluit om nie wraak te neem of die oortreder te vermy nie, maar eerder die herstel van die verhouding.
  - *Emosionele vergifnis (emotional)* is die vervanging van negatiewe emosies met positiewe ander-georiënteerde emosies. Worthington (2003:42) maak dit duidelik dat *emosionele vergifnis* noodsaaklik vir die vergifnisproses is. Dit behels 'n proses waar negatiewe onvergewensgesinde emosies, soos wraak, wrok, bitterheid, vyandskap, haat, woede en vrees, met positiewe emosies, soos empatie, simpatie en liefde, vervang word.

Vergifnis word gewoonlik as 'n stadig ontwikkelende proses gesien waar geakkumuleerde woede en 'n begeerte na vergelding opgebou het, maar geleidelik ontlaai deur 'n heelwordingproses en 'n gevoel van empatie teenoor die oortreder. Die navorser ondersteun Chagigiorgis en Paivio (2008:123) se doel beskrywing van vergifnis: *"...reduced negative feelings, increased self-empowerment and self-esteem, and a more differentiated perspective of abusive or neglectful others".*

#### 7.2.3.1 Positiewe effek van vergifnis

Vergifnis is 'n doelbewuste keuse en proses. Dit betrek die persoon wat vergewe en die oortreder wat vergewe moet word (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:8; Louw, 1999b:479; North, 1998:21). Mishandelde adolessente se verwerking van pyn en seer is 'n belangrike komponent in die vergifnisproses (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:177; DeCourville, Belicki, & Green, 2008:3). Pingleton (1989:31) stel dat *"...there is no shortcut to healing and growth and there exist*

*many obstacles along the pathway"*. 'n Oortreding, soos mishandeling, affekteer mense in hul wese. Harris (2000:284) wys daarop dat

> *"...a victim of sexual abuse will always remember the past. But she becomes a survivor when she maintains her right to her feelings, her life – her self."*

In die navorsing van McCullough, *et al*. (2009:7), Richards (2009:155), DeCourville, Belicki en Green (2008:2), Malcolm, DeCourville en Belicki (2008:xxiv), Lawler-Row en Reed (2008:76), Avgoustidis (2006:1), Worthington (2006:272), Witvliet (2005:311), Enright en Rique (2004:10), Plante en Sherman (2001:108) en Pattison (2000:213) word aangetoon dat vergifnis positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid geassosieer word. Daar is ook in die navorsing van Lawler-Row en Reed (2008:87) die volgende gevind:

> *"... individuals have better levels of health, show more moderate physiological responses when recalling interpersonal conflict, have better relationships with others, and exhibit less stress and higher levels of spirituality."*

Die positiewe sielkunde beklemtoon vergifnis as 'n positiewe krag en deug wat persoonlike gesondheid en interpersoonlike verhoudinge bevorder (Carr, 2007:254). Emmons (2001:171) beskryf beide die intra-psigiese en interpersoonlike voordele van vergifnis deur te stel dat:

> *"... forgiveness can activate integrative tendencies in a person, rescuing the psyche from inner conflict and turmoil and transforming the person from a state of fragmentation to a state of integration and from separation to reconciliation."*

Die navorser stem met hierdie siening saam. Vergifnis kan positief met psigologiese en fisiese gesondheid wat interpersoonlike verhoudinge bevorder geassosieer word.

#### 7.2.3.2 Negatiewe effek van onvergewensgesindheid

Onvergewensgesindheid het 'n negatiewe effek op die mens se fisiese, emosionele en spirituele gesondheid (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:4;

Richards, 2009:157; Lawler-Row & Reed, 2008:76; Minirth & Meier, 2007:153; Macaskill, 2004:29). Louw (1996:383) wys daarop dat vergifnis neuroties kan word *"...when it is a masochistic manoeuvre aimed at gratifying one's omnipotence and power over and against the guilty person".*

Persone wat nie vergewe nie, word dikwels gevangenes van hul eie emosies van woede, haat en bitterheid (Malcolm, 2008:283; Chagigiorgis & Paivio, 2008:124; Worthington, 2003:68). Dit kan as 'n emosionele reaksie op 'n oortreding wat kan wissel in intensiteit van irritasie tot vyandigheid en negatiewe houdings, oortuiginge en evaluerings oor ander gedefinieer word. Richards (2009:157) beskryf onvergewensgesindheid soos volg: *"Holding on to a grudge and refusing to forgive is like taking poison and expecting the other person to die"*. Die navorser sluit by Enright (2002:18) aan wat stel dat: *"Our hatred affects us emotionally more than it effects the one who hurt us"*.

#### 7.2.3.3 Vergifnis as 'n alternatief vir emosionele verwonding

Emosionele verwonding kan kroniese bitterheid, woede en depressie veroorsaak en interpersoonlike verhoudinge voortdurend versteur (McCullough & Worthington, 1994b:3). Vergifnis kan 'n belangrike hanteringsmeganisme tot voordeel van die self wees (Ysseldyk & Matheson, 2008:145; Lamb & Murphy, 2002:7). Lawler-Row en Reed (2008:75), Malcolm (2008:288); Browning, *et al*. (2004:64), Ransley, *et al*. (2004:49), Colbert (2003:20), Fitzgibbons (in Enright, 2003:15), Cerney (in Lamb & Murphy, 2002:127) en Miller en Jackson (1985:252) stel dat vergifnis 'n alternatief vir angs, depressie, woede en bitterheid kan wees. Fitzgibbons (1998:63; 1986:630) wys op die betekenis van vergifnis en hoe dit effektief as 'n kognitiewe en emotiewe tegniek om woede te hanteer gebruik kan word. Volgens die navorsing van Denton en Martin (in Lamb en Murphy, 2002:58) word gestel dat vergifnis:

- 'n Innerlike proses is wat woede en vrees ontlaai;
- die behoefte tot vergelding verminder;
- 'n tydsame proses is wat tyd neem om te voltooi;
- nie beteken dat mishandelde adolessente die pyn moet vergeet nie.

Mishandelde adolessente wat kwaad vir iemand is wat hulle leed aangedoen het, kan skuldig en skaam teenoor die geweld impulse in hul onderbewussyn voel, terwyl vergifnis hierdie impulse kan verlig (Freedman, 2008:94; Enright, 2003:15; Fitzgibbons, 1986:630). Volgens Wade, Bailey en Shaffer (2005: 634) kan hierdie impulse verlig word deur *"... replacing the bitter, angry feelings of vengefulness often resulting from a hurt, with positive feelings of goodwill toward the offender".*

Vergifnis is gedeeltelik van die mishandelde adolessente se kognitiewe en affektiewe karakter binne hul morele emosie afhanklik (Pattison, 2000:210; Walrond-Skinner, 1998:13). Lamb en Murphy (2002:57) identifiseer skuld, skaamte en empatie as morele emosies wat bepalend vir vergifnis is. Potter-Efron (2005:186) stel dat:

> *"... forgiveness is greatly aided through empathy because the forgiver, temporarily at least, make a concerted effort to withdraw from a narcissistic focus on oneself in order to connect with the offender both emotionally and intellectually."*

Vergifnis is nie ŉ geïsoleerde konsep nie maar moet in totaliteit met ander emosionele konsepte van empatie, skuld, skaamte, narsissisme en woede beskou word (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:3; Exline & Zell, 2008:237). Enright (2003:39) beskryf die komplekse situasie van skuld en skaamte wanneer mishandelde adolessente ervaar dat iemand hulle leed aangedoen het. Nie alleen voel die adolessente kwaad en gegrief nie, maar ook skaam en skuldig om kwaad en dikwels haatdraend te wees.

Adolessente wat skuld ervaar, word in kontras met adolessente wat skaamte ervaar, positief met vergifnis geassosieer (Holeman, 2008:260). Worthington en Wade (in Lamb en Murphy, 2002:57) wys daarop dat skuld ondersteunend in die oplossing van konflik en vergewing is, terwyl skaamte tot ŉ behoefte aan selfbeskerming, isolasie en ŉ destruktiewe respons op interpersoonlike woede en aggressie lei. Daarom beskryf Davis (2002:278) vergifnis soos volg: *"Forgiving happens inside us. It represents a letting go of the sense of grievance, and perhaps most importantly a letting go of the role of victim".* Die navorser sluit by Aureli en De Waal (2000:359) aan wat die volgende algemene elemente van vergifnis uitgewys het:

- Vergifnis is 'n uitdrukking van moraliteit wat rondom genade sentreer en nie vergelding nie. Die persoon wat vergewe bied vergifnis aan die oortreder ten spyte van pyn en onreg wat gely is.
- Wanneer 'n persoon vergewe, vind dit altyd binne die konteks van 'n ander persoon se onreg teenoor die benadeelde persoon plaas.
- Vergifnis behels gewoonlik woede en aggressie teenoor die oortreder, wat met meer aanvaarbare gedrag soos empatie en morele liefde vervang word.

#### 7.2.3.4 Voordele van vergifnis

Vergifnis kan 'n persoonlikheidsverandering by mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar teweegbring (Worthington, 2006:11). Vergifnis kan die karakter en identiteit van die adolessente in hul verhouding met ander en die self transformeer (Ysseldyk & Matheson, 2008:143). Volgens Worthington (2006:10) is vergifnis *"... a complex of internal experiences ... and affect the internal experiences".* Fitzgibbons (1998:65) noem die volgende voordele van vergifnis:

- Verlaag vlakke van woede en vyandigheid;
- vermeerder liefde en verdraagsaamheid;
- verbeter die vermoë om woede te beheer;
- verhoog die vermoë om te vertrou;
- begeleiding tot vryheid van gebeure uit die verlede;
- verminder negatiewe gedrag;
- verbetering van fisiese en psigiese gesondheid.

Vergifnis is 'n emosionele, kognitiewe en gedragproses wat deur die verskuiwing van persepsie, gevoel, houding en gedrag teenoor die oortreder ontwikkel (Malcolm, 2008:283; Worthington, 2006:25; Enright & Fitzgibbons, 2000:24). Dit blyk dat vergifnis nie van empatie en narsissisme geskei kan word nie, omdat dit mishandelde adolessente se vermoë om te vergewe affekteer (Macaskill, 2004:32; Exline & Baumeister, 2001:133-151). Volgens Fitzgibbons (1998:65) is vergifnis *"...the process of relinquishing one's feeling of resentment and thoughts*

*of vengeance"* en *"...the process of fostering compassion , generosity and even love towards those who have inflicted pain"*.

Vergifnis sluit twee belangrike komponente in:

- Die eerste komponent is die vermindering of uitskakeling van negatiewe of ongemaklike emosies, gedagtes en gedrag. Hierdie persepsies kom voor uit emosionele reaksies (gevoelens van woede, vrees, bitterheid, skuld, skaamte en empatie), motiveringsreaksies (herhaalde denke oor die oortreding en 'n behoefte om die oortreder te vermy), kognitiewe reaksies (gedagtes van wraak en vergelding teenoor die oortreder) en gedragsreaksies (vermy die plekke en situasies wat aan die oortreding herinner; aggressie of vermyding van die oortreder).
- Die tweede komponent van vergifnis is die toename in positiewe emosies, gedagtes en gedrag. Die verhoging in positiewe ervaring kan die vorm van empatie, medelye en perspektiefneming teenoor 'n oortreder inneem.

Die navorser is van mening dat vergifnis positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies en gesonde sosiale interaksie geassosieer word. Vergifnis kan negatiewe emosies met meer neutrale en positiewe emosies van empatie en medelye vervang.

## 7.3 BEPALENDE RIGTINGWYSERS VIR VERGIFNIS

Die volgende belangrike rigtingwysers kan bepalende veranderlikes vir die vergifnisproses wees:

### 7.3.1 Morele dilemmas en konflikte

Morele dilemmas en konflikte is 'n integrale deel van die sosiale en morele realiteit van mishandelde adolessente. Vergifnis kan as morele terapie beskryf word (Rafman, 2008:215; Lamb & Murphy, 2002:10). Enright en Fitzgibbons (2000:23) stel dat vergifnis in moraliteit gesentreerd is en *"... on the contrary, when morality is centered in relationships, the self is included"*. Enright en Rique (2004:12) identifiseer 'n verbinding tussen skuld, skaamte, pyn en vergifnis. Skaamte is 'n komplekse fenomeen en proses in 'n terapeutiese verhouding waar mishandelde adolessente se morele bewustheid en morele norme in interaksie is wanneer pynlike gebeure wat hulle ervaar, geïnterpreteer word. Skaamte,

soos vergifnis, is 'n relasionele en sosiale konsep. Rowe, *et al*. (1989:239) stel dat

> *"... the process of forgiveness begins when one perceives oneself as harmed by another and ends in a psychological, if not face-to-face, reconciliation with the one who was perceived as hurtful"*.

Twee dimensies is duidelik in hierdie konteks: Eerstens word die proses op 'n interpersoonlike vlak ervaar, en dan meer in diepte op 'n intrapersoonlike vlak, in so 'n mate dat *"... it opens one up to oneself and the world in new ways"* (Halling, 1994a:233). Moraliteit het interpersoonlike kwaliteite waar mishandelde adolessente goeie intensies teenoor ander kan besit (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:166). Wanneer vergifnis plaasvind, stel Enright en Fitzgibbons (2000:256) dat: *"... forgiveness ceases to be only an act that one performs and becomes part of the moral self".*

Volgens die navorser kan godsdienstige adolessente vergifnis as 'n morele verpligting om die oortreder te vergewe beskou, ten spyte van die emosionele trauma van 'n oortreding. Die navorser sluit ook by Walrond-Skinner (1998:8) aan dat mishandelde adolessente onvergewensgesindheid dikwels as 'n morele tekortkoming kan interpreteer. Vervolgens word die uitdaging vir morele ontwikkeling op die proses van vergifnis bespreek.

#### 7.3.1.1 Uitdaging vir morele ontwikkeling

Vergifnis plaas 'n komplekse uitdaging op die morele ontwikkeling van mishandelde adolessente, omdat hulle morele oortredings ernstig veroordeel. In die navorsing van Karremans, Van Lange, Ouwerkerk en Kluwer (in Rafman, 2008:220) en Walrond-Skinner (1998:13) word aangetoon dat die verhouding tussen psigologiese gesondheid en vergifnis deur die graad van die oortreding en die verhouding met die oortreder bepaal word. Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente eerstens begelei moet word om hul emosies te ervaar en te verwerk, voordat vergifnis aangebied word. Die verbinding tussen geregtigheid (vergelding) en vergifnis vereis 'n morele herstel voor heling kan plaasvind (Wade, Johnson & Meyer, 2008:97). Wanneer vergifnis as die kwytskelding van 'n oortreding ervaar word, kan mishandelde adolessente 'n verdere trauma beleef. Kwytskelding van die oortreder, na die emosionele en

fisiese trauma wat die adolessente ervaar het, kan 'n breuk in hul morele ontwikkeling veroorsaak (Walrond-Skinner, 1998:8).

#### 7.3.1.2 Morele impak van gebeure

Die ervaring van ongeregtigheid, wat kroniese woede in stand kan hou, dui op die interafhanklikheid van emosie en onvoltooide morele dilemmas. Die psigologiese en morele impak van gebeure kan, ten spyte van verdedigingsmeganismes wat die adolessente aanwend, langtermyn negatiewe gevolge vir morele ontwikkeling inhou. Worthington en Scherer (in Rafman, 2008:224) beskou vergifnis as 'n belangrike emosionele hanteringstrategie, terwyl die onvermoë om te vergewe 'n stres reaksie kan veroorsaak.

Posttraumatiese stres behels die wisselwerking om traumatiese gebeure uit die bewustheid en geheue uit te sluit, terwyl gebeure en emosies probeer om die bewustheid van mishandelde adolessente te versteur (Rafman, 2008:224). In beide onvergewensgesindheid en posttraumatiese stres kan die adolessente in die verlede vasgevang wees of hulle kan hul emosionele energie aanwend om daaruit te probeer ontvlug (Macaskill, 2004:31). Volgens die navorser is dit die adolessente se morele keuse om te vergewe of nie te vergewe nie. Die navorser is van mening dat die adolessente hul sosiale interaksie met die omgewing kan rekonstrueer deur wel te vergewe.

### 7.3.2 Woede en blaam

Woede is een van die belangrikste emosionele hindernisse in die proses om ander te vergewe. Die ervaring van woede kan tot 'n begeerte om wraak te neem lei. In die navorsing van Mash en Barkley (in Enright & Rique, 2004:10) is aangetoon dat depressie, woede en angs gedurende adolessensie verbind kan word aan geweld, jeugmisdaad, selfmoordneigings, ensovoorts. Fitzgibbons (1986:629) definieer woede as *"...a strong feeling of displeasure and antagonism aroused by a sense of injury or wrong".* Sukhodolsky, Golub en Cromwell (2001:690) definieer herhalende woedegedagtes *"...as unintentional and recurrent cognitive processes that emerge during and continue after an episode of anger experience".*

Skuld en skaamte wek gevoelens van woede, blaam en die behoefte na vergelding (Tangney, *et al.*, 2007:351; Wiehe, 1997:95). Die projeksie van woede en poging om blaam en skuld op iemand anders te plaas, kan dikwels in vervolgingswaan of 'n paranoïede persoonlikheid ontwikkel (Louw, 1999b:475). Die navorser is van mening dat emosies van woede, blaam en die behoefte na vergelding erken en ervaar moet word voor werklike vergifnis kan plaasvind. Die navorser sluit by Augsburger (in Pingleton, 1989:52) aan wat daarop wys dat

> *"... when forgiveness denies that there is anger, acts as if it never happened, smiles as though it never hurt, fakes as though it's all forgotten – don't offer it. Don't trust it. Don't depend on it. Its not forgiveness – it's a magical fantasy"*.

### 7.3.2.1 Projektering van woede en blaam

Vergifnis word bemoeilik wanneer die individu emosioneel afhanklik van ander is en deur selfkritiek oorweldig word, wat selfblaam, woede, skuld en skaamte veroorsaak. Die behoefte aan vergifnis kan 'n lang proses waarin die individu vasgevang voel, wees (Walrond-Skinner, 1998:8). Die individu voel aan die een kant vasgevang deur aan die verwonding vas te hou om die grense te behou en afstand te skep tussen die self en die oortreder, en aan die ander kant om die verlede te aanvaar.

Die ervaring om beheer te verloor word nie net in interpersoonlike verhoudings ervaar nie, maar ook in die identiteit en ervaring van die self en die wêreld (Malcolm, 2008:277; Tangney, *et al.*, 2007:351). Macaskill (2008:41) wys daarop dat mishandelde adolessente *"... may blame fate as causing them to be unlucky, or blame God, nature, the political system, general human stupidity, and so on".* Adolessente wat getraumatiseer is, verloor maklik hulle vertroue in mense, in die goedheid van die skepping en selfs in God (Baker, 2008:71; Dreyer, 2005:22). Herman (in Knauer, 2002:111) beskryf dit soos volg: *"... traumatized people lose their trust in themselves, in other people, and in God"*. Volgens die navorser kan hierdie projeksie in 'n reflekterende reaksie verander wanneer die adolessente skuld en skaamte ervaar en woede, aggressie en blamering teenoor God en ander openbaar.

Die sedelik-normatiewe ontwikkeling van mishandelde adolessente, sal die verhouding met God positief of negatief beïnvloed. In die ervaring van trauma, kan God maklik as die oorsaak van lyding gesien word (Macaskill, 2008:41; Malcolm, 2008:278; Louw, 2006:81). Volgens Seamands (2004:60) kan 'n traumatiese ervaring ook die ervaring van teleurstelling in God wees. Veral as God se almag as sentraal beskou word, kan mense nie begryp dat die almagtige God nie kon of wou ingryp nie. Dikwels begin die adolessente twyfel omdat hulle nie God se goedheid en liefde kan versoen met traumatiese gebeure in hul eie lewe of met lyding in die wêreld nie. Lee Hardiman (in Knauer, 2002:2) beskryf die gevolg van mishandeling op adolessente se verhouding met God as 'n proses wat soos volg verloop:

> *"It seems that some children a) are taught that there is a God who loves and protects children, b) are repeatedly abused, c) ask God for help and receive none, d) experience a form of psychological death, and e) stop believing that God will save them."*

Die teleurstelling het die gevolg dat mishandelde adolessente 'n verbreekte vertroue in God ervaar en woede en valse verwagtinge teenoor God koester (Seamands, 2004:60). Ransley, *et al*. (2004:59) wys daarop dat mishandelde adolessente oorweldig kan word deur skuldgevoel, selfhaat en skaamte, in so 'n mate dat hulle dit moeilik vind om God, hulself en ander te vergewe. Worthington (2003:60) stel dat die onvergewensgesindheid vergelding en vermyding motiveer. Die navorser stem met hierdie siening saam. Mishandelde adolessente kan God doelbewus probeer vermy om hul teleurstelling in God uit te beeld.

Alhoewel die mishandelde adolessente hul teleurstelling in God en emosies van woede, aggressie en blamering teenoor God mag ervaar, kan hulle ook besluit om *"God te vergewe"*. Die navorser sluit egter by Minirth en Meier (2007:155) aan dat die mens nie God hoef te vergewe nie, omdat Hy niks verkeerds kan doen nie. Negatiewe emosies teenoor God kan wel met positiewe emosies vervang word, wanneer die adolessente hul woede en teleurstelling deur persoonlike gebeure wat God se liefde en barmhartigheid in hul lewe demonstreer herevalueer (Macaskill, 2008:42). Volgens Macaskill (2008:42), Minirth en Meier (2007:155) en Worthington (2003:60) verklaar mishandelde

adolessente dan eerder hul intensie om God nie te vermy nie en Hom nie te verwerp nie.

#### 7.3.2.2 Konseptualisering van woede en blaam as hanteringstrategie

Die impak van verwonding, deur die oortreder op adolessente, veroorsaak 'n versteuring in die wêreld van die adolessente en hul identiteit in 'n gegewe moment of situasie. Die navorser sluit by Macaskill (2008:43) aan wat stel dat:

> *"Belief in an unjust world may lead individuals to be distrustful of the environment, not always to expect fair treatment and, therefore, to be more accepting of their own and others' transgressions".*

Mishandelde adolessente se beskouing van die wêreld verander wanneer hulle die wêreld en hul omstandighede as onregverdig beskou (Tangney, *et al.*, 2007:351; Sells & Hargrave, 1998:30). Hulle kan blamering van ander of hul traumatiese situasies om die volgende redes gebruik (Macaskill, 2008:49-53):

- Blamering as 'n emosionele hanteringsmeganisme

  Die konseptualisering van blaam as 'n hanteringstrategie bring herstel deur emosionele verligting. Om ander of 'n situasie te blameer verminder skuld en voorsien emosionele ontlading van woede en ander pynvolle emosies. Die mishandelde adolessente kan hul persoonlike verantwoordelikheid probeer verminder deur die blamering van ander, die self, God of omstandighede.

- Goddelike doel

  Mishandelde adolessente sal hul omstandighede as 'n "doel van God" met hul lewe benader. Elke aspek van die adolessente se lewe sal as deel van 'n groter Goddelike plan beskou word.

- Uitdrukking van 'n behoefte aan veiligheid en sekuriteit

  Mishandelde adolessente sal hul omstandighede blameer deur op hul behoefte aan veiligheid te fokus. Alhoewel die wêreld onvoorspelbaar is, sal hulle ander blameer in 'n poging om hul eie onvoorspelbare wêreld te beskerm en 'n veilige beheer oor die toekoms in te neem.

- Verskuiwing van fokus

  Die moeite en emosionele energie wat aangegaan word om ander te blameer dien as 'n afleiding van die pynlike ervaring wat mishandelde adolessente beleef.

- Rasionalisering

  Mishandelde adolessente sal ander blameer in 'n poging om hul omstandighede te verklaar. Macaskill (2008:52) beskryf hierdie optrede as *"... a human need to understand why things happen".*

- 'n Poging tot herstel en heelwording

  Om ander te blameer is deel van die herstelproses en fasiliteer die aanvaarding van 'n situasie. Vergifnis kan dikwels nadat ander blameer is plaasvind. Macaskill (2008:523) stel dat: *"Finding someone to blame seems to help the healing process begin".*

- Voltooiing van die herstelproses

  In die herstelproses blameer adolessente ander, neem stappe om seker te maak dat die mishandeling nie weer plaasvind nie en beweeg met die lewe aan. Macaskill (2008:53) beskryf die voltooiing van die herstelproses soos volg: *"It is as if the situation cannot be satisfactorily resolved, and plans made for the future, until blaming occurs".*

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente ander blameer as deel van die herstelproses om hul omstandighede te verklaar en negatiewe emosies van woede en ander pynvolle emosies te ontlaai.

### 7.3.3 Selfregverdiging

'n Algemene reaksie op trauma is mishandelde adolessente se herhaalde denke en bepeinsing oor onreg en ongeregtigheid wat ervaar word (Exline & Zell, 2008:236). Dit laat die adolessente met 'n gevoel van skuld, skaamte en magteloosheid, terwyl dit voortdurende woede en bitterheid wek. Wanneer die adolessente net op die oortreding van die oortreder fokus kan dit tot 'n behoefte om die self te regverdig lei. Die selfregverdiging van woede en aggressiewe strategieë mag adolessente help om 'n tydelike ervaring van beheer en

selfbeskerming te ervaar, in plaas van magteloosheid en verwonding (Malcolm, 2008:288). Erskine (1995:5) beskryf selfregverdiging as 'n self gegenereerde fantasie wat mishandelde adolessente teen emosionele pyn beskerm, terwyl dit 'n valse oorwinning oor vernedering en 'n beskadigde selfbeeld voorsien.

Mishandelde adolessente wat gepreokkupeer met vergelding en selfregverdiging is, sal vergifnis moeilik vind (Macaskill, 2004:28; Louw, 1996:391). 'n Narsissistiese persoonlikheid kan aan selfregverdiging, onvergewensgesindheid en aggressiewe weerstand teen vergifnis verbind word (Holeman, 2008:253). Masterson (in Bradshaw, 1988:19) beskryf 'n narsissistiese persoonlikheid soos volg: *"Grandiosity, extreme self-involvement and lack of interest and empathy for others, in spite of the pursuit of others to obtain admiration and approval".* Onderliggend aan die eksterne uitdrukking van 'n narsissistiese persoonlikheid is 'n behoefte wat deur bitterheid en woede gevul word. Walrond-Skinner (1998:14) wys daarop dat: *"The person's self-esteem and sense of self-worth needs to be sufficiently intact for narcissistic wounds to be withstood"*.

Die navorser sluit by Macaskill (2004:30) en Sells en Hargrave (1998:21) aan dat mishandelde adolessente wat beweeg in die rigting van vergifnis van die oortreder, die selfregverdiging van woede, bitterheid en wraakgedagtes moet opgegee. Pingleton (1989:27) verduidelik die proses soos volg:

> *"... forgiveness recognizes, anticipates and attempts to mitigate against the lex talionis, or law of the talon – the human organism's universal, almost reflexive propensity for retaliation and retribution in the face of hurt and pain at the hand of another. Thus, forgiveness can be understood as comprising the antithesis of the individual's natural and predicable response to violation and victimization."*

### 7.3.4 Empatie

Empatie is in die algemeen ten nouste aan die positiewe uitwerking van vergifnis met betrekking tot traumatiese gebeurtenisse verbind (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:166-167; Holeman, 2008:263). Dit is 'n belangrike veranderlike en voorspeller in die vergifnisproses. Tangney, *et al.* (2007:362) beskryf empatie as 'n emosionele proses met substansiële implikasies vir morele gedrag. Empatie betrek affektiewe en kognitiewe komponente. Dit is die kern van die

morele affektiewe sisteem (Tangney, *et al.,* 2007:363). Batson, *et al.* (in Holeman, 2008:263) definieer empatie as *"... an other-oriented emotional response elicited by and congruent with the perceived welfare of someone else"*.

'n Onderskeid moet tussen verskillende konsepte wat beskryf word as empatie getref word. Volgens Davis (in Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:167) en Feshbach (Tangney, *et al.*, 2007:362) kan 'n onderskeid tussen 'n *kognitiewe proses van perspektiefneming* en verskillende *emosionele prosesse* getref word:


- *Perspektiefneming* verwys na die kognitiewe verstaan van 'n ander persoon se mening en emosies. Dit het die potensiaal om emosies van medelye en empatiese besorgdheid te akkommodeer.
- Emosies van medelye het die moontlikheid om empatiese besorgdheid of persoonlike angstigheid te verhoog. Empatie verwys na verskeie *affektiewe en emosionele prosesse*, wat soos volg onderskei word:
  - 'n persoon kan die emosie wat 'n ander persoon voel ervaar;
  - 'n persoon kan besorgdheid en medelye teenoor die nood van mense ervaar. Dit verwys na empatiese besorgdheid, simpatie of ander-georiënteerde besorgdheid.
  - 'n persoon kan verhoogde selfgeoriënteerde nood en angs, in respons tot ander, voel. Batson (in Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:167) verwys na hierdie ervaring as persoonlike angstigheid.

Die navorser is van mening dat emosies van medelye en empatiese besorgdheid 'n positiewe uitwerking op vergifnis het. Tydens die vergifnisproses kan negatiewe emosies van mislukking, minderwaardigheid, woede, blaam, bitterheid en die behoefte na vergelding, deur meer neutrale en positiewe emosies van empatie en medelye vervang word.

#### 7.3.4.1 Empatiese besorgdheid en persoonlike angstigheid

*Empatiese besorgdheid* en *persoonlike angstigheid* besit verskillende motiewe wat verskillende gedrag kan veroorsaak (Silfver-Kuhalampi, 2008:6). 'n Persoon wat empatiese besorgdheid ervaar, tree altruïsties deur ander se pyn te verlig op (Holeman, 2008:261; Tangney, *et al.*, 2007:362; Walrond-Skinner, 1998:9). In

kontras hiermee sal ’n persoon wat persoonlike angstigheid ervaar probeer om ’n situasie te ontvlug deur onttrekking en selfs aggressief reageer (Worthington, 1998a:60). Wanneer dié persoon wel altruïsties en hulpvaardig optree, gebeur dit omdat hy nie die situasie kan ontvlug nie (Tangney, *et al.*, 2007:359). Volgens Belicki, Rourke en McCarthy (2008:167) sal dié persoon hulpvaardig optree om sy eie angstigheid te verlig. Empatiese besorgdheid en persoonlike angstigheid funksioneer in ’n teenoorgestelde rigting en kan skematies soos volg voorgestel word:




**Figuur 7.1 Empatiese besorgdheid en persoonlike angstigheid**

In die navorsing van Eisenberg, *et al.* (in Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:168) is bevind dat die hartklop van persone met empatiese besorgdheid verlaag, terwyl persoonlike angstigheid kardiovaskulêre stres verhoog. Silfver-Kuhalampi (2008:6) en Walrond-Skinner (1998:13) wys daarop dat kinders in gesinne wat die uitdrukking en hantering van emosies positief benader, met empatiese besorgdheid reageer en minder persoonlike angstigheid ervaar. Daar is ook aangetoon dat empatiese besorgdheid met sosiale aanpasbaarheid en bekwaamheid verbind kan word, terwyl persoonlike angstigheid met lae sosiale vaardighede geassosieer word (Tangney, *et al.*, 2007:363; Tangney & Dearing, 2004:87). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente wat persoonlike angstigheid ervaar ’n situasie sal probeer ontvlug, om vergifnis met die oortreder te vermy.

### 7.3.4.2 Emosionele uitdrukking van empatie

In die navorsing van emosionele uitdrukking van empatie is ’n relasie gevind in die verhoging van vergifnis en die verlaging van vergelding (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:169). Dit blyk dat perspektiefneming en empatiese besorgdheid hoër vlakke van vergifnis aantoon wanneer perspektiefneming empatiese besorgdheid fasiliteer (Tangney, *et al.*, 2007:362; Tangney & Dearing, 2004:87).

Die proses om iets positiefs in 'n oortreding te vind is 'n belangrike fase in die proses van vergifnis (Enright & Coyle in Macaskill, 2004:30). Perspektiefneming en empatiese besorgdheid regverdig of verskoon nie die optrede van die oortreder nie. Belicki, Rourke en McCarthy (2008:180) stel dat *"... individuals experiencing empathic concern may be more likely to act in kindly ways toward those who have hurt them".*

Die navorser sluit by Holeman (2008:260), Worthington (2006:257) en Pattison (2000:209) aan dat dit die taak van die terapeut is om mishandelde adolessente deur bewuswording van hul eie, en ander se menslike tekortkominge tot vergifnis te begelei. Exline en Zell (2008:249) stel dat: *"If people can see their own limitations or capability for wrongdoing, they should find it easier to forgive others"*.

## 7.4 VERGIFNIS AS 'n MULTI DIMENSIONELE FENOMEEN

Die innerlike en uiterlike verbinding tydens vergifnis behels nie net die innerlike proses van individualisering en rekonsiliasie met die self nie, maar ook 'n helende verhouding met God, ander en die omgewing (Macaskill, 2008:42; Bonar, 1989:50).

### 7.4.1 Terapeutiese ingesteldheid

Om te vergewe het 'n groot uitwerking op die terapeutiese ingesteldheid van mishandelde adolessente (Lawler-Row & Reed, 2008:75). Worthington (2006) en Enright (1996) stel dat beraders en terapeute wat vergifnis in hul berading en terapie inkorporeer, bewus moet wees van die komplekse interaksie van 'n vergifnisproses. DiBlasio en Proctor (in Lamb en Murphy, 2002:58) wys op drie kategorieë waarin vergifnis verdeel kan word:

- Die persoon wat ander vergewe (interpersoonlike vergifnis);
- die persoon wat self smag na vergifnis (intrapersoonlike vergifnis);
- vergewing van die self (selfvergifnis).

Vergifnis teenoor ander, ontvang van vergifnis en selfvergifnis kan tydens die terapeutiese proses verdiep of verswak. Lawler-Row en Reed (2008:78-89),

Macaskill (2008:42) en Maltby, Macaskill en Day (2001) het die verband tussen vergifnis en selfvergifnis, persoonlikheid en algemene gesondheid bestudeer. Die gebrek om ander te vergewe het sosiale introversie by mans (lae ekstraversie telling) en sosiale-patologie by vroue (sosiale disfunksie en psigotiese gedrag) getoon. Aanvullend het die gebrek om ander te vergewe 'n hoër depressietelling by mans as vroue getoon (Lawler-Row & Reed, 2008:83).

In die navorsing van Toussaint en Webb (2005:673) is aangetoon dat vroue meer empaties as mans optree. Die navorsing van Worthington, Sandage en Berry (in Lamb en Murphy, 2002:10) bevestig ook dat adolessente meisies meer vergewend as adolessente seuns optree. Maltby, Macaskill en Day (2001) het gevind dat die gebrek aan selfvergifnis, binne die studie van persoonlikheid en algemene gesondheid, vir beide mans en vroue 'n hoër telling in neurotiese gedrag, depressie en angs toon.

### 7.4.2 Innerlike proses, ervaring en betekenis van vergifnis

Die impak van 'n gebroke verhouding in die verlede beïnvloed mishandelde adolessente se interpersoonlike verhoudinge in die hede en die toekoms (Rafman, 2008:223). Pingleton (1989:37) beskryf die ervaring as 'n *"... generalized or circumscribed feeling of having been violated and/or victimized by others, oneself, the world, or even God"*. Die uitdaging van terapie is nie slegs daarop gefokus om die adolessente behulpsaam te wees met vergifnis *per se* nie, maar om die emosionele pyn van 'n oortreding te hanteer en verantwoordelikheid vir die lewe te aanvaar deur die begeleiding na vergifnis (Malcolm, 2008:276; Macaskill, 2004:31; Worthington, *et al.,* 2000:4; Patton, 1985:186). Vergifnis is die ontdekking om 'n weg te vind om die menslikheid in ander en in die self te vind ten spyte van traumatiese gebeure (North, 1998:34; Patton, 1985:184).

Die ervaring van vergifnis affekteer die adolessente se eksterne gedrag (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:3). Die ervaring om ander te vergewe word verduidelik as *"a letting go"*, *"a change of heart"* en 'n nuwe begin (DeCourville, Belicki, & Green, 2008:5; Macaskill, 2004:31; DiBlasio, 1998:78). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente, deur vergifnis, 'n gevoel van vryheid, geloof in die toekoms en 'n binding met ander en die self ervaar. Rowe,

*et al.* (1989:242) definieer die ervaring van vergifnis as 'n komplekse multidimensionele proses wat beweeg van

> *"... a tearing of one's lived world through feelings of hurt, anger, revenge and confusion, to an opening up to a larger experience of oneself and others"*.

### 7.4.3 Herstel van verhoudingskonflik

Die ervaring van skuld en skaamte beïnvloed nie net mishandelde adolessente se funksionering nie, maar ook hul verhouding met die gemeenskap en samelewing. 'n Beweging tot vergifnis kan herstel bring in verhouding met die self en ander, asook die herontdekking van hoop vir die toekoms (Lawler-Row & Reed, 2008:83; Rafman, 2008:223; Worthington, 2006:9). Vergifnis is een van die belangrike komponente in die herstel van verhoudingskonflik (Toussaint & Webb, 2005:673). Dit beïnvloed persoonlike en sosiokulturele aspekte van die adolessente se lewe (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:180; DeCourville, Belicki, & Green, 2008:1).

#### 7.4.3.1 Interpersoonlike vergifnis

Die impak van verwonding word op 'n interpersoonlike vlak ervaar wanneer verhoudinge met ander verbreek is (Ysseldyk & Matheson, 2008:143). Rowe, *et al.* (1989:239) beskryf die behoefte aan vergifnis soos volg:

> *"... the need for forgiveness arises when someone has acted in such a way as to bring about a fundamental disruption to the wholeness or integrity of one's life".*

Die behoefte om ander te vergewe het volgens Rowe en Halling (1998:237) *"... a deeper sense of connection to oneself, to others and in some cases, to something beyond oneself"*. Die navorser is van mening dat vervreemding van die self en ander juis die gevolg van die traumatiese ervaring van mishandeling is. Om aan te pas sal die adolessente defensief deur die projeksie van innerlike vrees, skuld en angs na die oortreder optree (Tangney, *et al.*, 2007:361). Hierdie aggressie versterk die self in 'n poging om die adolessente teen verdere besering te beskerm. Alhoewel die eksterne verdediging van blaam interne

grense en differensiasie skep, word dit destruktief wanneer dit ontwikkel in vergelding fantasieë en aksies teenoor die oortreder en die self.

Vyandigheid benadeel interpersoonlike verhoudinge wanneer dit na buite gerig word, maar kan ook nadelig wees wanneer woede, skuld en skaamte na binne gerig word en depressie, isolasie, vervreemding en verdedigingsmeganismes na vore laat tree (Worthington, 2006:258; Knauer, 2002:77). In plaas daarvan dat mishandelde adolessente woede projekteer en ander blameer, voel hulle skuldig en internaliseer die blaam en selfkritiek.

#### 7.4.3.2 Intrapersoonlike vergifnis

Intrapersoonlike vergifnis word noodsaaklik wanneer mishandelde adolessente woede en blaam na binne op hulself rig. Potter-Efron (2005:195) stel dat *"… this shifts attention from shame toward guilt and from vague complaints about oneself to specific transgressions"*. Pattison (2000:213) beskryf dit soos volg:

> *"... dealing with shame mostly involve change in the shamed individual who has to forgive not only him- or herself but also those who have shamed him or her. It is important that shamed individuals not become trapped in the past. Forgiving self and others may be part of moving beyond it."*

Dit is binne die veilige en empatiese vertrouensverhouding in terapie dat mishandelde adolessente hul verlies, woede en vrees vir veroordeling en verwerping sal openbaar. Halling (1994a:112) wys daarop dat die ervaring van skuld en skaamte aanleiding tot die smag na vergifnis gee en stel dat dit 'n beweging tot stand bring: *"... through a deeper more profound connection with one's own life as well as the lives of others, one moves towards selfhood".* Volgens Smedes (1984:71) moet mishandelde adolessente baie moed aan die dag lê om intrapersoonlike vergifnis te hanteer. Volgens die navorser is eerlikheid teenoor die self 'n integrale deel van die selfvergifnis ervaring. Smedes (1984:71) wys daarop dat mishandelde adolessente dikwels hulself nie kan vergewe *"... unless we look at the failure in our past and call it by its right name".* Potter-Efron (2005:195) beskryf vier situasies waar selfvergifnis toegepas kan word:

- Wanneer adolessente ander leed aangedoen het deur 'n *oortreding*;
- hulself leed aangedoen het deur 'n *oortreding*;
- ander leed aangedoen het deur hul *tekortkominge*;
- hulself leed aangedoen het deur hul *tekortkominge*.

Bogenoemde situasies behels die skuld (a en b) wat adolessente kan ervaar as gevolg van 'n oortreding, of skaamte (c en d) wat op die adolessente se tekortkominge fokus. Wanneer die adolessente wel skuldig aan 'n oortreding was, moet hulle verantwoordelikheid vir hul oortreding aanvaar (Jones & Ledwith, 2005:114). Berou oor 'n oortreding word met die ervaring van persoonlike skuld geassosieer wat die adolessente tot belydenis, erkenning van skuld, verbintenis tot veranderde gedrag en 'n veranderde leefwyse kan lei (Holeman, 2008:258). Fitzgibbons (in Enright, 2003:15) en Subkoviak, *et al.* (in Aureli & De Waal, 2000:360) stel dat vergifnis, angs en vrees gewoonlik binne sodanige situasie verminder en daarom ook 'n vermindering van skuld veroorsaak.

Volgens die navorser lei vergifnis tot selfaanvaarding van die adolessente se ware self. Selfaanvaarding behels die aanvaarding van broosheid, afhanklikheid, swakheid en onbekwaamheid. Volgens Pingleton (1989:32) laat vaar die adolessente *"... the immature defensively grandiose, omnipotent self and thus embracing more fully one's humanness"*. Die navorser is van mening dat die bereidwilligheid om hul broosheid en swakhede te erken binne die terapeutiese milieu, die mishandelde adolessente help om na vergifnis te beweeg. Die adolessente kan hul egosentriese behoeftes agterlaat en van emosioneel afhanklike verhoudinge na emosionele volwasse outonome interafhanklike en interpersoonlike verhoudinge met ander beweeg (Worthington, 2006:272).

#### 7.4.3.3 Selfvergifnis en herstel van selfveroordeling

Skuld en skaamte wek selfveroordelende emosies van minderwaardigheid, ontoereikendheid, swakheid, pessimisme en onsekerheid (Collins, 2005:152). Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente hul seer kan internaliseer tot selfhaat, wat in terapie tot selfvergifnis begelei kan word. Die

navorser stem met Jones en Ledwith (2005:116) saam dat net God waarlik die mens se oortredings kan vergewe en dat 'n term soos selfvergifnis teologies waarskynlik nie korrek is nie. Volgens Kotze (2008:91) is dit egter die term wat tans deur baie navorsers gebruik word en daarom volstaan die navorser ook by hierdie term. Coyle (in Potter-Efron, 2005:195) beskryf selfvergifnis as

> *"... the cessation of self-punishment and self-condemnation and the merciful acceptance of the self as a valuable human being in spite of one's vulnerability to sin or hurtful acts"*.

Die onvermoë tot selfvergifnis kan met selfstraf-faktore soos skuldgevoelens en 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die self geassosieer word (Sells & Hargrave, 1998:30). Halling (1994b:85) beskryf die ervaring van skaamte, in verhouding met selfvergifnis, en wys daarop dat: *"Self-forgiveness requires that one overcomes one's shame and forgives oneself for one's vulnerabilities and limitations"*. Selfvergifnis kan as 'n geleidelike beweging van kritiese selfveroordeling tot *"... embracing who one truly is"* beskryf word (Rowe & Halling, 1998:237).

Pynlike traumatiese en stresvolle gebeurtenisse in die lewe skep 'n behoefte na selfvergifnis as gevolg van selfblaam, skuld en skaamte (Holeman, 2008:260; Rowe & Halling, 1998:237; Halling, 1994a:112). Hierdie ervaring kan so intens word dat *"... it pervades one's existence and the embodied belief is that nothing will ever change, the future seems dark and foreboding"* (Rowe & Halling, 1998:239). Die navorser is van mening dat die verlies wat mishandelde adolessente ervaar, 'n verwonding van die self is. Verlies word ervaar as 'n miskenning van die self in terme van beeld, trots en die vermoë wat adolessente bewus maak van hul afhanklikheid, broosheid en onvermoë (Browning, *et al.,* 2004:57). Enright (1996:116) definieer selfvergifnis as

> *"… a willingness to forego resentment and hatred toward oneself in the face of one's shortcomings and transgressions while fostering feelings of compassion, generosity and love toward oneself"*.

#### 7.4.3.3.1 Vervreemding en versoening met die self

Vanuit 'n terapeutiese benadering is selfvergifnis moeiliker as interpersoonlike vergewing van ander (Halling, 1994a:112; Walrond-Skinner, 1998:13). Volgens Rowe, *et al.* (1989:243) is die fenomeen om iemand anders te vergewe aan vergifnis van die self verwant. Dit word as twee kante van dieselfde muntstuk voorgestel (Holeman, 2008:261). Die ervaring van berou en selfvergifnis is een kant van die muntstuk en interpersoonlike vergifnis die ander kant. Bauer, *et al.* (1992:160) stel dat mishandelde adolessente vasgevang word in die verlede of vashou aan die illusie van die self. Pingleton (1989:34) wys daarop dat: *"... the failure to forgive others is ultimately, the failure to forgive oneself"*.

Selfvergifnis is die moeilikste om aan te spreek, omdat dit die mees abstrakte vorm van vergifnis is (Worthington, 2006; Enright, 1996). Daarom stel Enright (1996) dat die verstaan van selfvergifnis meer affektiewe as kognitiewe eise stel. Enright (1996:120) vind dat die ervaring van liefde en aanvaarding van ander die katalisator vir die ervaring van selfvergifnis kan wees. Die kognitiewe insig wat verkry word in die interaktiewe perspektiewe van vergifnis teenoor ander, fokus op herstel van interpersoonlike verhoudinge en minder op die self en intrapersoonlike konflik. Volgens Enright (1996:117-118) kan selfvergifnis 'n sleutel tot positiewe verandering wees, *"... this acceptance is the crux of forgiveness and perhaps of healing"*.

Die ervaring van selfvergifnis en herstel van selfveroordeling (skuld en skaamte) is volgens Kierkegaard (in Halling, 1979:202) *"... the opposite of despair ... to be the self which one truly is"*. Volgens die navorser behels die ervaring van selfvergifnis 'n moment van vervreemding en versoening met die self en die wêreld. Bauer, *et al*. (1992:149) beskryf selfvergifnis as

> *"... a difficult, pervasive, long-winding journey involving the return of the individual to the human community, after the experience of brokenness and estrangement from the self and others"*.

#### 7.4.3.3.2 Verandering in selfwaarde

Vergifnis is 'n transformerende ervaring wat mishandelde adolessente van hul kontak met die wêreld bewus maak. Die ervaring van selfvergifnis behels 'n

verandering in identiteit, selfaanvaarding en die erkenning en integrasie van dele van die self wat ontken en verwerp word. Smedes (1984:77) stel dit soos volg:

> *"To forgive yourself is to act out the mystery of one person who is both forgiver and forgiven. You judge yourself; this is the division within you. You forgive yourself; this is the healing of the split"*.

Die navorser is van mening dat hierdie fokus op vergifnis in die ontwikkeling van selfrespek, morele liefde en 'n positiewe wêreldvisie kan uitloop. Enright (1996:21) formuleer die ervaring van selfvergifnis, wat positief met psigologiese en fisiese gesondheid geassosieer word, soos volg:

> *"As a person cultivates and practices the issues implied in the forgiveness triad, the person is actually gaining moral strength, which should be a buffer against continued anxiety, psychological depression and hopelessness".*

Selfvergifnis is 'n keuse en 'n interne proses wat emosionele en kognitiewe keuses betrek om negatiewe gevoelens teenoor die self te ontlaai (Baker, 2008:64). Volgens die navorser kan dit verligting vir mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte bring. Fincham (in Holeman, 2008:268) beskryf die verligting soos volg:

> *"... a set of motivational changes whereby one becomes decreasingly motivated to avoid stimuli associated with the offense, decreasingly motivated to retaliate against the self (e.g., punish the self, engage in self-destructive behaviors, etc.), and increasingly motivated to act benevolently toward the self."*

Die navorsing van Bauer, *et al*. (1992:160) wys daarop dat die pad van selfvergifnis 'n oorgang vanaf 'n verlede waarin mishandelde adolessente vasgevang is, na 'n toekoms van hoop is. Smedes (1984:74) beskryf die oorgang in die ervaring van selfvergifnis as 'n innerlike fenomeen:

> *"... the climax of self-forgiveness comes when we feel at one with ourselves again. The split is healed. The self inside you who has condemned you so fiercely embraces you"*.

Die navorser sluit by Steindl-Rast (in Halling, 1994a:112) aan dat selfvergifnis tot die vergewing van ander meehelp, *"... when we live from the heart, we forgive*

*from the heart, from the centre where offender and offended are one, where healing has its roots"*.

## 7.5 GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING TOT VERGIFNIS

Wanneer mishandelde adolessente skuld en skaamte ervaar, tree onvoltooidhede na die voorgrond wat deur psigologiese spanning vergesel word en die behoefte om te poog om onvoltooidhede te voltooi. Die bewustheid van onvoltooidhede belemmer Gestaltvorming en lei daartoe dat homeostase en organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie (Clarkson, 2002:7). Deur die benutting van vergifnis, as 'n hanteringsmeganisme, kan mishandelde adolessente begelei word om onvoltooidhede te hanteer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:121; Crocker, 2007:120; Harris, 2007a:108; Harris, 2007b:127). Die navorser sluit by Clemmens (2007:123) aan wat die benutting van vergifnis as 'n terapeutiese proses beskryf en 'n *"... letting go of unfinished business through forgiveness"*.

### 7.5.1 Ontwikkeling van onvoltooidhede

Die teenwoordigheid van onvoltooidhede manifesteer in mishandelde adolessente se ervaring van negatiewe emosies teenoor die self en die oortreder. Skuld en skaamte kan die behoefte aan wraak en vergelding aktiveer om vir die vernedering en pyn wat ervaar is op te maak (Harris, 2007a:110). Dit ontwikkel vanuit herhaalde frustrasie en traumatiese situasies binne die organismiese veld en manifesteer wanneer mishandelde adolessente bewus van skuld en skaamte word. Harris (2007a:110) stel vergifnis as 'n selfreguleringsmeganisme voor, *"... to free oneself from the pain, anger, and mistrust..."*.

Die navorser is van mening dat vergifnis 'n spesifieke hantering van onvoltooidhede kan wees wat op die paradoksale teorie van verandering uitloop. Die paradoksale teorie van verandering behels verandering wanneer mishandelde adolessente identifiseer met wie hulle werklik is en nie wanneer hulle probeer identifiseer met wie hulle nie is nie (Brownell, 2010:9; Crocker, 2007:120; Oaklander, 2007:63; Joyce & Sills, 2006:37; Hamilton, 1997:79).

Harris (2007b:127) beskryf dit as 'n terapeutiese ambivalensie: *"...one part of the client may truly want to change; the other part may be reluctant, anxious or even terrified to do so".*

Volgens Malcolm en Greenberg (2001:185) kan onvoltooidhede, vanuit die Gestaltterapeutiese benadering tot vergifnis, gedefinieer word as *"... a currently felt, lingering, unresolved, negative feeling one person holds toward another"*. In die navorsing van Greenberg (in Woldt & Toman, 2005:272; Malcolm & Greenberg, 2001:185) word ook aangetoon dat vergifnis op twee wyses om onvoltooidhede te hanteer gebruik kan word:

- Deur selfregulering en die bewustheid van onvoltooidhede kan die oortreder verantwoordelik vir onvoltooidhede gehou word; of
- om nuwe insig aangaande die oortreder te ontwikkel en die oortreder te vergewe.


Die bewustheid van onvoltooidhede tussen die self en die oortreder kan mishandelde adolessente tot selfregulering begelei wat hulle in staat stel om aan die onvoltooidhede te werk (Brownell, 2010:92; Latner, 1987:101). Deur die bereiking van integrasie van onvoltooidhede kan mishandelde adolessente se balans om die impak van gebeure (emosie, gedrag en ervarings) te organiseer en te reguleer herstel word (O'Connor & Braverman, 2009:287). Volgens Malcolm en Greenberg (2001:185) kan die Gestaltterapeutiese proses, deur die benutting van vergifnis as 'n hanteringsmeganisme om onvoltooidhede te hanteer, soos volg beskryf word:

> *"Gestalt therapy provides a set of interventions that aid in facilitating emotional arousal and deeper experiencing. Empty-chair dialogue is one of the interventions drawn from Gestalt therapy, and it can be used to help the client confront the significant other in imagination, in order to find new ways to come to terms with the unresolved interpersonal situation."*

Die navorser is van mening dat die adolessente deur integrasie van onvoltooidhede tussen die self en die oortreder in staat gestel word om homeostase te bereik, eie besluite te neem, keuses te maak en verantwoordelikheid vir hulle skuld en skaamte ervaring in die proses van vergifnis te aanvaar.

### 7.5.2 Hantering van onvoltooidhede

Wanneer mishandelde adolessente nie meer die kontakgrense tussen hulself en hul omgewing kan reguleer nie, tree kontakversteuring in, wat die natuurlike en gesonde proses van organismiese selfregulering onderbreek (Blom, 2006:31). Kontakgrensversteurings kan gebruik word om energie te blokkeer, om die selfbeeld te beskerm of om gevoelens oor die self te vervals (Oaklander, 2007:142). Mishandelde adolessente sal uitdrukking aan negatiewe emosies gee deur die oortreder vir die steurnisse wat ervaar word, as gevolg van die oortreder se optrede, te blameer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127). Deur retrofleksie, introjeksie en projeksie van onvoltooidhede kan mishandelde adolessente intense skuld en skaamte ervaar en hulself van die omgewing isoleer (Oaklander, 2007:142). Volgens Crocker (2007:121) moet die Gestaltterapeut mishandelde adolessente begelei tot herstel van die *"distorting processes"*. Greenberg (in Malcolm & Greenberg, 2001:188) stel die volgende model voor vir die hantering van onvoltooidhede:




**Figuur 7.2 Skematiese model vir die hantering van onvoltooidhede** (Malcolm & Greenberg, 2001:188)

#### 7.5.2.1 Selfregulering

Die doel van Gestaltterapie is om die negatiewe emosies van mishandelde adolessente in kontak met hul ervaring daarvan te bring (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127). Onvoltooidhede lei tot die bewustheid om nuwe insig te ontwikkel aangaande die oortreder en die self. Mishandelde adolessente kan die oortreder as iemand wat hulle verwerp, verneder, kritiseer, ensovoorts ervaar. Die bewustheid kan episodiese herinneringe wek wat die konteks in die ontwikkeling van onvoltooidhede vorm.

In die hantering van onvoltooidhede tree die opwekking en differensiasie van emosies op die voorgrond. Mishandelde adolessente kan bewus van die emosionele pyn word wat met die mishandeling geassosieer word. Hulle kan van 'n reaktiewe en defensiewe posisie, wat na buite gerig word, na 'n bewustheid wat gerig is op die kontakmaking en uitdrukking van selfbewuste skuld en skaamte emosies beweeg (Oaklander, 2007:144). Die bewustheid van pynlike herinneringe kan ook tot uiting in 'n rouproses kom waar mishandelde adolessente interpersoonlike verlies ervaar (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127).

Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente eers ten volle in die *hier-en-nou* kan wees, nadat hulle onvoltooidhede hanteer het. Gestaltterapie help om die adolessente se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit (Oaklander, 2007:29; Chagigiorgis & Paivio, 2008:127). Dit is vir die adolessente 'n leerervaring om ten volle bewus te word van hul onvoltooidhede en selfonderbrekings (Yontef & Simkin, 1989:27). Daarom kan die adolessente begelei word om uitdrukking aan die behoefte na herstel te gee. Harris (2007b:127) stel dat:

> *"... holding on to one's hurt or resentment, because it has meaning or because it helps create or maintain one's identity, needs to be addressed as part of forgiveness work and, more important before one can move toward forgiveness".*

Volgens die navorser kan mishandelde adolessente in terapie begelei word om bewus van hul omstandighede, behoeftes en begeertes in die *hier-en-nou* te wees. Negatiewe emosies (soos skuld en skaamte) word gekonfronteer en die adolessente se bewustheid daarvan kan emosionele spanning skep om aan die onvoltooidhede te werk. Volgens Harris (2007b:128) kan daar tydens terapie

aan mishandelde adolessente voorgestel word of hulle bereid is om vergifnis te oorweeg as 'n opsie *"...for exploration and possible healing"*.

#### 7.5.2.2 Herformulering en nuwe denke

Vanuit die bewuswording en uitdrukking van emosies en onbeantwoorde behoeftes kan 'n skematiese herformulering by die adolessente plaasvind, wat tot nuwe denke aangaande die oortreder en die self lei (Chagigiorgis & Paivio, 2008:128). Volgens Malcolm en Greenberg (2001:188) word mishandelde adolessente begelei *"...to let go of earlier feelings of need deprivation"*. Die adolessente kan na die kognitiewe verstaan van die oortreder se persoonlike geskiedenis of kindertyd streef en die mishandeling binne die konteks van die oortreder se omstandighede plaas (Freedman, 2008:97; Enright & Reed, 2007:1). Chagigiorgis en Paivio (2008:128), Clemmens (2007:123), Harris (2007b:127) en Malcolm en Greenberg (2001:189) wys daarop dat mishandelde adolessente se kognitiewe verstaan van die oortreder se persoonlike geskiedenis deur die volgende twee uitkomstes gerig kan word:

- Die oortreder word nie verskoon van sy verantwoordelikheid vir die mishandeling nie en verdien mishandelde adolessente se negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding. Harris (2007b:127) beskryf dit as: *"Resentment and the need to hold on".*
- Die tweede uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreder, is nie om die oortreder van sy verantwoordelikheid vir die oortreding te verskoon nie, maar om hom beter te verstaan. Harris (2007b:127) beskryf die herformulering as: *"Forgiveness and 'letting go'".*


Die navorser is van mening dat mishandelde adolessente hulself daartoe kan verbind om die oortreder te vergewe vir die pyn van die mishandeling. Deur die benutting van polariteite kan die emosionele identifikasie met die oortreder se omstandighede gepaard gaan met die bereidheid om empatie en medelye met die oortreder te ervaar (Belicki, Rourke & McCarthy, 2008:166-167). In die verbintenis tot vergifnis gee mishandelde adolessente die gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding teen die oortreder op (Enright & Rique, 2004:9; Enright, *et al.*, 1992:104-6).

#### 7.5.2.3 Vergifnis as 'n Gestaltterapeutiese hanteringsmeganisme

Deur intervensie kan mishandelde adolessente bemagtig word om 'n sterk selfbeeld te ontwikkel wat aan hulle 'n gevoel van welstand gee en 'n positiewe self om onvoltooide emosies (soos skuld en skaamte) te verwerk skep (Chagigiorgis & Paivio, 2008:128; Oaklander, 2007:61). Harris (2007b:128) beskryf die terapeutiese proses in die benutting van vergifnis, as 'n hanteringsmeganisme, soos volg:

> *"If we accept that forgiveness is the letting go of one's hurt, resentment, or anger toward the offender, we realize that the client has to deal first with these emotions – both how they were developed and how they are maintained. ...Then, forgiveness work may be possible."*

Vergifnis kan 'n sentrale fokuspunt in die bewustheid en terapeutiese verandering van onvoltooidhede wees (Chagigiorgis & Paivio, 2008:128; Malcolm & Greenberg, 2001:190). Enright en Coyle (in Maltby, *et al*., 2007:556) konseptualiseer vergifnis as *"... a positive process that allows the individual to grow and move on in their life, leaving behind worries and ruminations about the transgression they experienced"*. Malcolm en Greenberg (2001:190-200) se rasioneel-empiriese taakanalise vir 'n vergifnisprosesmodel (vanuit 'n leë-stoel-dialoog) kan skematies soos volg voorgestel word:




**Figuur 7.3 Gestaltterapeutiese prosesmodel van vergifnis** (Malcolm & Greenberg, 2001:190-200)

#### 7.5.2.4 Vergifnis as voltooiing van onvoltooidhede

Integrasie as 'n doelwit in Gestaltterapie verwag dat mishandelde adolessente, as 'n holistiese entiteit, gehelp sal word om kognisie, emosie, liggaam en sintuie te integreer om onvoltooidhede op hul voorgrond op te klaar (Oaklander, 2007:51; 1988:128). Integrasie kan beskou word as die voltooiing van onvoltooidhede om homeostase te bereik (O'Connor & Braverman, 2009:287; Blom, 2006:25). Dit lei tot mishandelde adolessente se ontdekking dat hulle keuses vir emosionele uitdrukking kan maak, behoeftes kan bevredig en met nuwe gedrag kan eksperimenteer (Chagigiorgis & Paivio, 2008:127; Corey, 2005:208).

Om integrasie van hul totale wese te ervaar, kan mishandelde adolessente na ekwilibrium beweeg sodra hul wanbalans in die ervaring van skuld en skaamte herstel is en vergifnis as 'n opsie om hulself en ander te vergewe oorweeg word (Malcolm & Greenberg, 2001:190; Clarkson & Mackewn, 1994:48-49). Volgens Malcolm en Greenberg (2001:189) voorsien die voltooiing van onvoltooidhede 'n gevoel van optimisme oor die toekoms. Harris (2007b:128) beskryf die positiewe impak van vergifnis soos volg: *"... to improve one's health and satisfaction with life, raise optimism, and increase the ability to connect with others".*

## 7.6 ENRIGHT SE VERGIFNIS PROSESMODEL

Een van die belangrike aspekte van vergifnis is dat dit 'n proses is wat tyd en emosionele gereedheid vereis (Malcolm, 2008:275; Enright & Reed, 2007:1; Worthington, 2003:73; Seamands, 2002:132; Enright, 2002:11; DiBlasio, 1998:78; Stoop & Masteller, 1996:169). Flanigan (1992:71) stel dat:

> *"Forgiveness is the accomplishment of mastery over a wound. It is the process through which an injured person first fights off, then embraces, then conquers a situation that has nearly destroyed him. Forgiveness is also a gift given to the self."*

### 7.6.1 Proses van vergifnis

Enright se navorsing oor vergifnis as 'n psigologiese gesondheid intervensie, het tot die ontwikkeling van 'n prosesmodel vir interpersoonlike vergifnis gelei (Enright & Reed, 2007:1; Wade, Worthington & Meyer, 2005:435-436). Enright (2003), Enright en Fitzgibbons (2000:68) en Enright en North (1998:52) het in empiriese navorsing gevind dat vergifnis 'n effektiewe terapeutiese intervensie, om emosionele pyn te hanteer, kan wees. Enright en Rique (2004:10) en Enright (in Sells & Hargrave, 1998:23) wys op die volgende belangrike aspekte en vertrekpunte vir die vergifnis prosesmodel:

- Vergifnis is 'n interpersoonlike handeling tussen mense.
- Vergifnis volg op die persoonlike seer en verwonding deur 'n oortreder.
- Vergifnis bestaan uit 'n gevoel van vergelding en regverdigheid, maar verskil van geregtigheid en vergelding.
- Vergifnis is 'n proses wat tyd neem.
- Vergifnis is 'n vrye, onvoorwaardelike keuse.
- Vergifnis kan onafhanklik van die oortreder se berou of apologie vir die oortreding funksioneer.
- Vergifnis word deur die graad of erns van die oortreding bepaal.
- Vergifnis is kontekstueel en word aan 'n bepaalde oortreding of verwonding wat plaasgevind het, verbind. 'n Spesifieke gebeurtenis kan as onregverdig geïdentifiseer word.
- Vergifnis is nie rekonsiliasie en versoening nie. Dit kan deel van rekonsiliasie en versoening wees, maar dit is nie die enigste doel van vergifnis nie.
- Vergifnis is nie om te vergeet nie. Om die oortreding te vergeet kan aanleiding gee dat die verwonde persoon aan herhaalde mishandeling blootgestel word.
- Vergifnis beteken nie die goedkeuring of ondersteuning van gedrag wat pyn veroorsaak het nie. Deur vergifnis kan die verwonde persoon negatiewe emosies, denke en gedrag teenoor die oortreder opgee en dit met positiewe emosies, denke en gedrag vervang.

### 7.6.2 Onderskeid tussen morele vergifnis en morele regverdigheid

Enright maak 'n onderskeid tussen morele vergifnis en die morele regverdigheid wat Kohlberg voorstel (Browning, *et al.*, 2004:66; Sells & Hargrave, 1998:23). Volgens Enright, *et al*. (1992:104-6) word morele regverdigheid as die oplossing vir gelykheid en billikheid beskou, terwyl vergifnis die reg tot vergelding opgegee. North (1987:137) beskryf dit soos volg: *"... a forgiver knows that the wrongdoer has no right to compassion, but is given nonetheless".* Enright, *et al*. (1992:104-6) beskryf die ontwikkeling van ses verskillende vlakke van regverdigheid en vergifnis style (wat met die ses vlakke van Kohlberg se beskrywing van morele regverdigheid ooreenstem) soos volg:

**Tabel 7.1 Verskillende vlakke van regverdigheid en vergifnis style** (Enright, *et al*., 1992:104-6; Sells & Hargrave, 1998:23)

| Vlakke van morele regverdigheid | Vergifnis styl |
|---|---|
| | |
| **Vlak 1** | |
| **Heteronome moraliteit**: Regverdiging word deur outoriteit beslis (een wat die reg het tot straf). Die uitkoms van vergifnis word in die hande van ander gelaat en verskoon die persoon wat benadeel is van enige verantwoordelikheid of besluitneming. | **Wraaksugtige vergifnis**: Vergifnis is moontlik na vergelding. Hierdie tipe vergifnis is afhanklik van die gelyke mate van vergelding of straf vir 'n oortreding deur die regstelsel ensovoorts. |
| **Vlak 2** | |
| **Individualisme:** Ek het 'n sin vir wederkerigheid wat regverdigheid vir my definieer. As jy my help moet ek jou help. | **Voorwaardelike vergifnis:** Versoening en restourasie van verlies. As ek kan terugkry wat van my weggeneem is, dan kan ek vergewe. Of, as ek skuldig voel oor die terughouding van vergifnis, kan ek vergewe om my skuld te verlig. Vergifnis is afhanklik van die positiewe optrede van die oortreder. Voorwaardelike vergifnis is van die oortreder se skuldbelydenis afhanklik. Elemente van vergelding is steeds aanwesig. |
| **Vlak 3** | |
| **Wedersydse interpersoonlike verwagtings:** Ek beredeneer wat die groep konsensus behoort te wees van wat reg en verkeerd is. Ek gaan daarmee saam sodat ander naby aan my van my sal hou. | **Vergifnis word verwag:** Ek kan vergewe as ander druk op my plaas om te vergewe. Ek vergewe dus omdat ander dit van my verwag. |
| **Vlak 4** | |
| **Sosiale sisteem en gewete:** Gemeenskapswette is my riglyn vir regverdigheid. Ek onderhou wette, behalwe in buitengewone gevalle, om 'n ordelike gemeenskap te verseker. | **Vergifnis word wetlik verwag:** Ek vergewe as gevolg van my morele en geloofsoortuigings. Hierdie is nie dieselfde as vlak 2 waar ek my eie skuld wil verlig oor vergifnis wat ek terughou nie. |

| Vlak 5 | |
|---|---|
| **Sosiale kontrak:** Ek is bewus van die feit dat mense ŉ verskeidenheid van opinies het. Mens behoort die waardes en reëls van die groep te onderhou. Sommige nie-verwante waardes (lewe, vryheid) moet afgesien van die meerderheid se opinie, onderhou word. | **Vergifnis as sosiale harmonie:** Ek vergewe want dit herstel harmonie of goeie verhoudings in die gemeenskap. Vergifnis verminder wrywing en direkte konflik in die gemeenskap. |
| **Vlak 6** | |
| **Universele etiese beginsels:** My sin vir regverdigheid is op die individu se regte gebaseer. | **Vergifnis as ŉ uiting van liefde:** Ek vergewe want dit verhoog ŉ ware sin vir liefde, harmonie en goeie verhoudinge in die gemeenskap. Omdat ek opreg moet omgee vir ander mense, verander ŉ negatiewe daad nie die liefde nie. Vergifnis is nie afhanklik van die sosiale konteks in vlak 5 nie. Die persoon wat vergewe, beheer nie ander deur vergifnis nie - hy laat vry. Hierdie tipe verhouding hou die moontlikheid van versoening oop en maak die deur na vergelding toe. |

In die navorsing van Enright word aangetoon dat vergifnis gelykmatig volgens ouderdom en verskillende ontwikkelingstadia ontwikkel. Die eerste vyf vlakke van vergifnis dui op ŉ mate van vergelding wat met ŉ valse vergifnisstyl ooreenstem. Volgens Browning, *et al.* (2004:65) en Enright, Santos en Al-Mabuk (1989:106) beweeg adolessente dikwels in vlak 3 van morele regverdigheid en word vergifnis deur die verwagting wat daar aan die adolessente gestel word bepaal. In beide vlakke 3, 4 en 5 is vergifnis afhanklik van eksterne druk en verwagtinge om vergifnis aan te bied. In hierdie vlakke word vergifnis deur sosiale verwagtinge gedryf en geloofsoortuigings om nie te vergeld voordat vergewing aan die oortreder aangebied word nie. In Enright se model word ware vergifnis in vlak 6 as ŉ onvoorwaardelike handeling van empatie en medelye, waar vergelding opgegee word, aangebied.

### 7.6.3 Komponente van die vergifnis prosesmodel

Om mishandelde adolessente te begelei tot onvoorwaardelike vergifnis moet hulle bewus wees van die intensiteit van die oortreding, psigologiese reaksies daarop en die verdedigingsmeganismes wat hulle aanwend om die verwonding te hanteer. Die navorser is van mening dat die adolessente uitdrukking moet gee aan hul woede, angs, skuld, skaamte, blaam en berou, omdat dit die proses van vergifnis beïnvloed.

In die sosiaal-kognitiewe vergifnis model het Enright en die *"Human Development Study Group"* (1991) gepoog om riglyne vir die hantering van emosionele ervaring, psigologiese reaksies en verdedigingsmeganismes daar te stel. Volgens Enright, *et al.* (1998:46) behels die psigologiese definisie van interpersoonlike vergifnis die affektiewe, kognitiewe en morele gedragsdomeine van menslike ontwikkeling. Enright, *et al.* (1998:46-47) en Enright (1996:109) definieer in die lig hiervan vergifnis soos volg:

> *"… a willingness to abandon one's right to resentment, negative judgment, and indifferent behavior toward one who unjustly injured us, while fostering the undeserved qualities of compassion, generosity, and even love toward him or her."*

Die vergifnis prosesmodel inkorporeer die komponente wat met die ontwikkelingsteorieë van Piaget, Erikson en Kohlberg ooreenstem. Wanneer 'n persoon 'n ander persoon vergewe, verminder negatiewe elemente in elk van die prosesmodel domeine en word deur positiewe elemente vervang. Enright en Rique (2004:9) beskryf die vergifnis prosesmodel as 'n morele reaksie wat die volgende menslike ontwikkelingsdomeine betrek:

- Vergifnis het positiewe implikasies vir emosionele ontwikkeling. In die affektiewe sisteem kan negatiewe emosies van woede, skuld, skaamte en afkeur deur meer neutrale en positiewe emosies van empatie en medelye vervang word.
- In die kognitiewe domein mag die persoon wat verwond is, besef dat hy 'n reg het tot negatiewe emosies, maar kan bereid wees om dit op te gee. Negatiewe denke kan deur positiewe denke teenoor die oortreder vervang word. In die kognitiewe domein kan 'n persoon die oordeel, wraak en vergeldinggedagtes teenoor die oortreder opgee.
- In die morele gedragsdomein kan negatiewe gedrag van vermyding, wraak en vergelding deur positiewe en altruïstiese gedrag teenoor die oortreder vervang word.

'n Belangrike kenmerk van Enright se vergifnis prosesmodel is die implementering van empatie en medelye as positiewe emosies (Wade & Worthington, 2005:167).

### 7.6.4 Verskillende fases in die vergifnis prosesmodel

Een van die belangrike aspekte van die vergifnis prosesmodel, is dat dit 'n proses wat gevolg word, is (Enright, 2003:11). Aangesien nie alle mense op dieselfde wyse vergewe nie, is die proses nie 'n rigiede opeenvolging van stappe wat ten alle tye gevolg moet word nie (Kotze, 2008:136). Daarom gaan sekere persone moontlik al die stappe deurwerk en ander net sommige van die stappe. Enright en North (1998:52) stel dit soos volg:

> *"We do not see our model as a rigid, steplike sequence, but instead as a flexible set of processes with feedback and feed-forward loops. Some may skip entire units in their process of forgiving".*

Enright (2003:11) wys daarop dat die proses van vergifnis nie uit *stappe* as sodanig bestaan nie, maar eerder dien as *wegwysers* waardeur 'n persoon moet beweeg. Freedman (2008:97), Enright en Reed (2007:1), Enright en Rique (2004:13), Enright (2003), Enright en Fitzgibbons (2000:68) en Enright en North (1998:52) beskryf die sistematiese prosesmodel in twintig stappe wat in vier duidelike fases georganiseer is.

- Fase een: Ontbloting (Bewuswording- en identifiseringfase).
- Fase twee: Bewuste besluit om te vergewe (Besluitnemingfase).
- Fase drie: Werk aan vergifnis (Werkfase).
- Fase vier: Ontdek die vryheid van emosionele pyn (Internalisering- en uitkomsfase).

In die vergifnisproses moet persone hul eie gevoelens en emosie verstaan en erken voordat daar tot 'n aksie om te vergewe oorgegaan kan word (Kotze, 2008:136; Sells & Hargrave, 1998:23). Enright en Rique (2004:2) beskryf die Enright vergifnis prosesmodel (*EFI*) as *"...an objective measure of the degree to which one person forgives another who has hurt him or her deeply and unfairly".* Enright se prosesmodel kan skematies soos volg in Tabel 7.2 voorgestel word (Freedman, 2008:97; Enright & Reed, 2007:1; Enright, 2005; Enright & Rique, 2004:13; Enright, 2003; Enright & Fitzgibbons, 2000:68 en Enright & North, 1998:52):

**Tabel 7.2 Enright se vergifnis prosesmodel (EFI)**

| **Fase 1: Identifisering (Bewuswordingfase)** |
|---|
| 1. Ondersoek psigologiese verdedigingsmeganismes. |
| 2. Konfronteer woede. Die doel is om woede te hanteer en te ontlaai. |
| 3. Bewustheid van die emosionele pyn van skuld en skaamte. |
| 4. Bewustheid van uitputtende emosionele energie. |
| 5. Bewustheid van kognitiewe repeterende en herhaalde denke aan die oortreding. |
| 6. Insig deurdat die verwonde persoon homself met die oortreder vergelyk. |
| 7. Besef van die negatiewe en moontlik permanente lewensverandering deur die oortreding. |
| 8. Insig in die moontlike verandering van 'n "regverdige" lewens- en wêreldbeskouing. |
| **Fase 2: Bewuste besluit om te vergewe (Besluitnemingfase)** |
| 9. 'n Verandering van hart, oortuiging en nuwe insig dat ou oplossing strategieë nie gewerk het nie. |
| 10. Bereidwilligheid om vergifnis as 'n opsie te oorweeg. |
| 11. Uitvoering en verbintenis om die oortreder te vergewe. |
| **Fase 3: Werk aan vergifnis (Werkfase)** |
| 12. Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder. Streef deur rol-aanneming na die kognitiewe verstaan van die oortreder se konteks en omstandighede. |
| 13. Empatie en medelye teenoor die oortreder. |
| 14. Om die pyn wat uit die optrede van die oortreder voortvloei te aanvaar en te verdra. |
| 15. Die aksie van empatie en medelye kan as morele geskenke aan die oortreder beskou word. |
| **Fase 4: Ontdek die vryheid van emosionele pyn (Internalisering en uitkomsfase)** |
| 16. Vind 'n doel vir die self en ander in die lyding en vergifnisproses. |
| 17. Besef dat die self ook ander se vergifnis in die verlede nodig gehad het. |
| 18. Insig dat jy nie alleen is nie. Ontdek interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap. |
| 19. Besef dat die self 'n nuwe doel en betekenis in die lewe kan kry as gevolg van die oortreding. |
| 20. Bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies en die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die oortreder. Bewustheid van interne emosionele ontlading. |

### 7.6.5 Verskillende fases van Enright se vergifnis prosesmodel by mishandelde adolessente


Die proses van vergifnis kan mishandelde adolessente help om hul gevoelens en emosie, wat buite beheer voel, te bestuur.

**a) Fase een: Identifisering (Bewuswordingfase)**

Die bewuswording- en identifiseringfase bevat kognitiewe en emosionele veranderlikes. Tydens hierdie eerste fase word mishandelde adolessente van emosionele pyn bewus wat met die mishandeling geassosieer word. Vir Enright (2003:11) begin vergifnis by die slagoffers se bewustheid van hul seer en pyn, asook die feit dat hulle geregtig is om seer, kwaad en verwerp te voel. Eerstens word aandag aan die adolessente se emosionele reaksie tot die seer gegee. Tweedens gee die erkenning van die verwonding aan die adolessente die geleentheid om hul emosie uit te druk, idees en oortuiginge teenoor die oortreder te ondersoek en om te verstaan hoe idees en oortuiginge oor hulself, ander en die wêreld verander het. Eenhede 1-8 gee vervolgens 'n uiteensetting van die onderafdelings van hierdie fase:

- Eenheid 1 verteenwoordig 'n voor-vergifnis stadium van ontkenning. Adolessente sal verdedigingsmeganismes gebruik om die bewuste ervaring van mishandeling te probeer ontvlug. In hierdie eenheid word die adolessente van die gebruik van verdedigingsmeganismes soos ontkenning, projeksie en reaksieformasie om hulself te beskerm teen beserings, frustrasies en trauma bewus.
- Eenheid 2. Wanneer mishandelde adolessente bewus word van hul onvoltooidhede, kan gevoelens van woede en haat teenoor die oortreder ervaar word. Hierdie bewustheid vra dat die adolessente erkenning aan hul gevoelens gee.
- Eenheid 3. Adolessente word bewus van hul emosionele pyn van skuld, skaamte of vernedering. Die negatiewe emosies word gekonfronteer en die adolessente se bewustheid daarvan kan emosionele spanning skep.
- Eenheid 4. Die adolessente word bewus van hul pogings om die pyn van die mishandeling te verwerk en die uitputting daarvan op hul emosionele energie.

- Eenheid 5. Adolessente word bewus van die repeterende en herhaalde denke aan die mishandeling. Obsessiewe kognitiewe herinneringe aan die gebeure en gepaardgaande emosies kan voortdurend op die voorgrond wees.
- Eenheid 6. Die adolessente word bewus van die konstante vergelyking wat hulle tussen hul ongelukkige situasie en die situasie van die oortreder tref. In vergelyking met die oortreder word 'n sirkel reaksie wat dit vir mishandelde adolessente moeilik maak om 'n oplossing te kan sien geskep. Figuurlik kan dit soos volg in Figuur 7.4 voorgestel word (Enright & Rique, 2004:12):




**Figuur 7.4 Sirkel reaksie van die ontblotingfase** (Enright & Rique, 2004:12)

- Eenheid 7. Adolessente word bewus dat hulle negatief en permanent deur die oortreding verander is.
- Eenheid 8. Die bewustheid van alles wat gebeur het, kan mishandelde adolessente tot die konklusie lei dat die lewe uiters onregverdig is.

Wanneer mishandelde adolessente van hul negatiewe emosies en onvoltooidhede bewus word, kan daar na vergifnis gewerk word. Die adolessente kan besluit om die oortreder te vergewe sonder die berou of apologie van die oortreder.

b) **Fase twee: Bewuste besluit om te vergewe (Besluitnemingfase)**

Die besluitnemingsfase bevat veranderlikes wat verwant aan die besluitnemingsproses is. Tydens hierdie tweede fase is die fokus op die aksie deur die adolessente om die oortreder te vergewe en eenhede 9-11 verteenwoordig hierdie besluitnemingfase.

- Eenheid 9. Die adolessente besef dat die preokkupasie en konstante fokus op die mishandeling, die oortreder, negatiewe gevoelens, denke en gedrag ongesond is en onnodige pyn kan veroorsaak. Hulle besef dat hul pogings om die pyn van die mishandeling te verwerk onvoldoende in die verlede was en dat verandering in die herstelproses moet plaasvind.
- Eenheid 10. Adolessente oorweeg vergifnis as 'n opsie en 'n gepaste strategie om die pyn van mishandeling te hanteer.
- Eenheid 11. 'n Besluit in die rigting van vergifnis word geneem. Die adolessente verbind hulle daartoe om die oortreder te vergewe vir die pyn van die mishandeling. In die verbintenis tot vergifnis laat vaar die adolessente die negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder. In hierdie fase word algehele vergifnis nog nie gerealiseer nie, maar die adolessente verbind hulle tot vergifnis.

c) **Fase drie: Werk aan vergifnis (Werkfase)**

Na die verbintenis om te vergewe begin die mishandelde adolessente met die werkfase van die vergifnisproses. In hierdie fase het die adolessente nodig om konkrete stappe te neem om hul vergifnis te laat realiseer. Hierdie fase bevat nuwe insig en denke oor die oortreder en bestaan uit eenhede 12-15. Eenheid 12 beskryf die kognitiewe aard van vergifnis, terwyl eenheid 13, 14 en 15 die affektiewe aard beskryf. In eenheid 15 gee die adolessente die vergelding wat tot die oortreder gerig word op deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe.

- Eenheid 12. Die adolessente streef na die kognitiewe verstaan van die oortreder se persoonlike geskiedenis of kindertyd, en plaas die mishandeling binne die konteks van die oortreder se omstandighede. Die

uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreder is nie om die oortreder van verantwoordelikheid vir die oortreding te verskoon nie, maar om die oortreder as mens binne sy omstandighede beter te verstaan.

- Eenheid 13. Hierdie nuwe insig kan met die emosionele identifikasie met die oortreder se omstandighede gepaard gaan en die bereidheid om empatie en medelye met die oortreder te ervaar.
- Eenheid 14. Die werkfase sluit ook die kern van vergifnis in: Om die pyn wat uit die optrede van die oortreder voortvloei te aanvaar. Dit moet nie met die gevoel dat mishandelde adolessente die pyn verdien verwar word nie, maar eerder die verduur en "dra" van die pyn wat die oortreder veroorsaak het.
- Eenheid 15. Empatie en medelye kan as geskenke aan die oortreder beskou word. Die adolessente dra die pyn van mishandeling en maak die keuse om dit nie aan ander oor te dra nie, wat die oortreder insluit. Die adolessente sal verantwoordelikheid neem en al die pyn opneem sodat hulle dit nie op ander of die oortreder reflekteer of projekteer nie. Die uitdaging is om wel die goeie te doen. Negatiewe gevoelens, gedagtes en optredes teenoor die oortreder begin stelselmatig af te plat. Die adolessente kan nou met die aanbied van morele geskenke teenoor die oortreder, in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens, gedagtes en optredes, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde begin. Hierdie optrede kan ook op versoening en rekonsiliasie uitloop. Hierdie goedgesindheid en welwillendheid kan, met inagneming van die vertroue en veiligheidsaspekte in die verhouding tussen die adolessent en die oortreder, aangebied word.

**d) Fase vier: Ontdek die vryheid van emosionele pyn (Internalisering- en uitkomsfase)**

In hierdie vierde fase begin die mishandelde adolessente besef dat hulle emosionele verligting verkry in die proses om die oortreder te vergewe. Hierdie fase van internalisering en uitkoms word deur eenhede 16-20 verteenwoordig.

- Eenheid 16. Adolessente vind betekenis en bevryding in die vergifnisproses. Deur die emosionele verligting ervaar hulle 'n gevoel van medelye en empatie wat hulle met ander kan deel. Hierdeur vind mishandelde adolessente betekenis in die leed wat hulle ervaar het.
- Eenheid 17. Die adolessente kan tot die besef kom van hul eie tekortkominge en ook insidente oproep waar hulle ander se vergifnis ontvang het.
- Eenheid 18. Die adolessente ontwikkel 'n begrip vir interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap.
- Eenheid 19. Die adolessente ontdek 'n nuwe doel en betekenis in die lewe en 'n aktiewe besorgdheid vir hul gemeenskap.
- Eenheid 20. Die hele proses van vergifnis kan tot psigologiese gesondheid lei. Dit is hier waar mishandelde adolessente die paradoks van vergifnis ontdek: Wanneer hulle selfbeheersing, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde aan ander gee, word hulle self na die herstel en genesing van hul eie pyn en leed gelei. Versoening en ander gedragstrategieë kan deel van hierdie proses wees, indien dit moontlik is of vrywilliglik deur die adolessente gekies word.

## 7.7 VERTREKPUNTE EN GEVOLGTREKKINGS TOT VERGIFNIS

Vanuit die literatuurstudie en teoretiese benaderings tot vergifnis, kan vergifnis soos volg beskryf word:

- Vergifnis is 'n komplekse ontwikkelingsproses wat tyd neem. Dit is nie die antwoord op alle emosionele probleme nie, maar daar vind wel veranderings in die lewens van persone wat besluit het om te vergewe, plaas.
- Vergifnis is 'n bewuste keuse om van negatiewe emosie ontslae te raak. Dit kan gebruik word om mishandelde adolessente te bemagtig om pynlike ervarings te hanteer. Alhoewel dit nie die enigste doel in terapie is nie, is dit een moontlike uitkoms vir terapeutiese intervensie met mishandelde adolessente.

- Verskeie reaksies soos woede, angs, bitterheid, blaam, skuld, skaamte, verwyte, wraak, depressie en 'n gevoel van hopeloosheid gaan die ervaring van vergifnis vooraf.
- Vergifnis is 'n individuele aksie. Niemand kan namens mishandelde adolessente vergewe nie. Alhoewel gebede en die ondersteuning van ander deur empatie help om vergifnis binne perspektief te plaas, is dit net die adolessente wat kan besluit om in die proses van vergifnis aan te beweeg.
- Daar is faktore wat vergifnis en selfvergifnis, soos die aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie optrede en aanvaarding van eie en ander se menslike tekortkominge, fasiliteer.
- Interpersoonlike vergifnis en selfvergifnis kan op 'n spirituele vlak, anders as gewone morele en psigologiese funksionering, voorkom.
- Die mishandelde adolessente se verlede en ontwikkeling beïnvloed hul siening van hulself en die wêreld.
- Vergifnis is 'n keuse om te weier om in die verlede te leef en 'n *"let go"* van woede en haat. Dit is 'n bevryding van 'n gebondenheid aan die verlede en 'n bevrydende ervaring wat tot die herstel van hoop vir die toekoms lei.
- Empatie en medelye kan negatiewe gevoelens, gedagtes en optredes teenoor die oortreder beïnvloed.
- Vergifnis kan sonder rekonsiliasie en versoening voorkom. Versoening mag ná vergifnis plaasvind, maar dit is nie die primêre doel van vergifnis nie.
- Vergifnis beteken nie om die oortreding te vergeet nie, alhoewel daar dikwels in die algemene omgangstaal gesuggereer word dat daar *"vergewe en vergeet moet word."* Die seer en pyn van mishandeling laat diep wonde wat oor tyd kan genees, alhoewel blywende letsels nagelaat is.
- Vergifnis beteken nie om die skuldige as onskuldig te verklaar nie.
- Die ervaring van vergifnis en selfvergifnis lei tot die aanvaarding van die self en die herstel van verhoudinge.
- Vergewing is 'n verandering en uitbreiding van mishandelde adolessente se identiteitsontwikkeling as "mens in die wêreld".

- Vergifnis is ŉ deurlopende proses. Daar is baie te leer in elke stap van die vergifnisproses.

## 7.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die ontwikkeling, definisie en omvang van vergifnis te bepaal, wat die konseptuele raamwerk van die navorsing vorm. Vergifnis is ŉ komplekse fenomeen wat sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring betrek en ŉ uitdaging vir integrasie voorsien. Vergifnis is ŉ teologiese term wat gebruik kan word om ŉ psigologiese proses te verduidelik. Mishandelde adolessente moet hul eie gevoelens verstaan en erken voordat daar oorgegaan kan word na ŉ konkrete proses om te vergewe. Skuld en skaamte emosies wek gevoelens van mislukking, minderwaardigheid, woede, blaam, bitterheid en die behoefte na vergelding, terwyl vergifnis hierdie impulse kan verlig. ŉ Belangrike kenmerk van die vergifnis prosesmodel van Enright is die implementering van empatie en medelye teenoor die oortreder.

In hierdie hoofstuk is die *Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief* tot vergifnis vanuit die veld van mishandelde adolessente bespreek. Die bewustheid van onvoltooidhede, soos skuld en skaamte, belemmer Gestaltvorming en lei daartoe dat homeostase en organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie. Die teenwoordigheid van hierdie onvoltooidhede manifesteer in mishandelde adolessente se ervaring van negatiewe emosies teenoor die self en die oortreder. Skuld en skaamte kan die behoefte na wraak en vergelding aktiveer om vir die vernedering en pyn wat ervaar is, op te maak. Vergifnis kan ŉ sentrale fokuspunt in die bewustheid en terapeutiese verandering van onvoltooidhede wees. Deur bewuswording van hul eie vergifnisproses kan mishandelde adolessente begelei word om verantwoordelikheid vir hulle nuwe gedrag te aanvaar deur selfondersteuning, selfaktualisering en integrasie.

In Hoofstuk 8 word aandag aan die beskrywing van die ontwerp en ontwikkeling van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel*, om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei geskenk.

# HOOFSTUK 8

# ONTWIKKELING VAN DIE PASTORALE GESTALTTERAPEUTIESE INTERVENSIEMODEL

## 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* beskryf. Met die oog op 'n effektiewe hulpverleningsprogram ondersteun die navorser 'n multidissiplinêre benadering wat op die totale welsyn van mishandelde adolessente gerig is. Die ontwikkeling van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* dui op 'n bipolêre multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind. Beide die pastoraat en Gestaltterapie kommunikeer binne spanverband met mekaar, om 'n Christelike wêreldbeskouing in samehang met menslike ervaring en kennis te konstrueer. In Hoofstuk 2 en 3 is die basisteorie en paradigmatiese perspektief vir die navorsing volledig bespreek, na aanleiding van die navorsingsvrae waardeur die studie gerig word. Gegrond op die pastoraal teologiese basisteorie binne 'n Gestalt paradigmatiese perspektief, is die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* daarop gerig om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, te begelei in hul hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring.

Die verkennende en beskrywende ontwerp van die navorsing het ten doel om as raamwerk vir die ontwikkeling en formulering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* te dien wat uit die basisteorie en paradigmatiese perspektief (in Hoofstuk 2 en 3) en die literatuurstudie (in Hoofstuk 4 tot 7) saamgestel is. Die literatuurstudie was noodsaaklik vir die ontwikkeling van die intervensiemodel. In Hoofstuk 4 en 5 is die kontekstuele raamwerk van die navorsing beskryf wat alle komponente van laat-adolessensie, asook die definisie, omvang en simptome van mishandeling begrens. Hoofstuk 6 en 7 het die konseptuele raamwerk van die navorsing deur 'n fenomenologiese vooronderzoek van die ontwikkeling, definisie en omvang van skuld, skaamte en vergifnis beskryf.

## 8.2 ONTWIKKELING VAN DIE INTERVENSIEMODEL

Na aanleiding van die bevindinge vanuit die literatuurstudie, is die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* ontwikkel en tydens die vooronderosoek met drie respondente aangepas en verfyn. Die intervensiemodel is ontwikkel deur Enright se vergifnis prosesmodel (in Enright & Rique, 2004:13; Enright & North, 1998:52) en komponente van sowel die pastorale basisteorie as die Gestaltterapeutiese proses, soos dit deur Blom (2006:237-238), Schoeman (2006:8-49; 1999:13) en Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56) opgestel is, as riglyn te gebruik (soos in 1.9.2.3, 3.7.1 en 7.6.4 beskryf). Die aangepaste intervensiemodel is tydens die hoofondersoek met vyf respondente geïmplementeer en geëvalueer.

### 8.2.1 Doel van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel

Die doel van die intervensiemodel is om vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel, mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.* Ten einde die doel te bereik, is die volgende stappe in die fase van ontwerp, vroeë ontwikkeling en vooronderosoek gevolg:

- Die daarstelling van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* op grond van 'n literatuurstudie en die benutting van die pastorale Gestaltterapeutiese basisteorie en paradigmatiese perspektief.
- Die toepassing van 'n doelgerigte vrywillige steekproef wat in 1.9.4 volledig bespreek is.
- Die implementering van die voorlopige konsep intervensiemodel wat in 1.9.5 beskryf is.
- Die beskrywing van kwalitatiewe data in Hoofstuk 9 met behulp van respondent waarneming in 'n meervoudige gevallestudie.
- Die beskrywing van kwantitatiewe data in Hoofstuk 9 met behulp van drie gestandaardiseerde metingskale. Die meting van respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor en na intervensie, bepaal of die veranderinge wat ingetree het, aan die respondente se deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word.

- Die analisering en integrering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data in Hoofstuk 9 met behulp van ongestruktureerde onderhoude met respondente na intervensie, om te bepaal of die intervensiemodel, in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring, effektief was of aangepas moet word.

Vervolgens word die intervensiemodel met behulp van die ses fases en sewe sessies in die model uiteengesit en bespreek. Die doel en doelwitte van die navorsing (soos in 1.4.1 en 1.4.2 beskryf) word ook in verband met die formulering van die intervensiemodel se doel, doelwitte en aktiwiteite in elke sessie gebring (soos in 8.2.2 beskryf). Die aktiwiteite vorm deel van die terapeut se deelnemende waarneming tydens die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing en dien as rekordhouding vir elke gevallestudie.

### 8.2.2 Bespreking van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel

Die uiteensetting van die intervensiemodel vorm in die hulpverleningsproses 'n eenheid. Al die belangrike aspekte van die intervensiemodel word in een proses geïnkorporeer om die doelstelling van Gestaltterapie ten opsigte van bewustheid, selfondersteuning en integrasie te bereik. In die ontwerp van die *intervensiemodel* het die navorser die terapeutiese proses van die *Schoeman-werkmodel* (soos in 1.9.2.3 en 3.7.1 beskryf) en Enright se vergifnis prosesmodel (soos in 1.9.2.3 en 7.6.4 beskryf) gebruik. Die intervensiemodel bestaan uit ses fases en sewe sessies, met die veronderstelling dat spelterapietegnieke (soos in 3.7.2 beskryf) in die terapeutiese proses gebruik word. Die terapeutiese proses van die *Schoeman-werkmodel* kan in elke terapeutiese sessie toegepas word (soos in 3.7.1 beskryf).

- Bou van 'n terapeutiese verhouding
- Sensoriese modaliteite
- Proses van die adolessente
- Projeksie
- Alternatiewe vir die voorgrondprobleem
- Verheldering en opklaring

- Bemagtiging
- Evaluering
- Selfvertroeteling of selfbeloning
- Evaluering van die terapeutiese proses en terminering

Die vier fases van Enright se vergifnis prosesmodel volg in die intervensiemodel na mekaar, met die toepassing van pastorale en Gestaltterapeutiese komponente (soos in 7.6.4 beskryf).

- Identifisering (Bewuswordingfase)
- Bewuste besluit om te vergewe (Besluitnemingfase)
- Werk aan vergifnis (Werkfase)
- Ontdek die vryheid van emosionele pyn (Internalisering- en uitkomsfase)

#### 8.2.2.1 Fase 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding en kontakmaking

Die doel van fase een behels die bou van 'n terapeutiese verhouding met die adolessente deur kontakmaking, bewuswording van sensoriese modaliteite en versterking van die sin vir die self. Die verloop van fase een strek oor twee sessies.

##### 8.2.2.1.1 Sessie 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding

Sessie 1 behels die bou van 'n terapeutiese verhouding deur die benutting van sensoriese en liggaamlike kontakmaking (soos in 3.7.1.2 beskryf). In die vasstelling van die adolessente se proses word die verhouding met hulself en hul omgewing met behulp van dialoog bepaal (soos in 3.7.2.1 beskryf).

###### 8.2.2.1.1.1 Doel van sessie 1

Die doel van sessie 1 behels:

- Die bou van 'n terapeutiese verhouding deur die benutting van sensoriese en liggaamlike kontakmaking om die verhoging van bewustheid by die adolessente te ontwikkel.

#### 8.2.2.1.1.2 Doelwitte van sessie 1

Die doelwitte van sessie 1 behels:

- Die totstandkoming van die ek-jy-verhouding ("I-Thou").
- Stel van grense in die terapeutiese verhouding.
- Verduideliking van die intervensieprogram.
- Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor intervensie te meet.
- Sensoriese en liggaamlike kontakmaking.
    - o Fokus op die bewussyn in die *hier-en-nou.*
    - o Manifestasie en hantering van weerstand.

#### 8.2.2.1.1.3 Aktiwiteite in sessie 1

In sessie 1 word die volgende stappe gevolg:

a) Die totstandkoming van die ek-jy-verhouding ("I-Thou") en die stel van grense in die terapeutiese verhouding (soos in 3.7.1.1 beskryf).

b) Verduideliking van die intervensieprogram.

c) Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor intervensie te meet (soos in 1.9.3.1.1 beskryf).

d) Met behulp van sensoriese kontakmaking en dialoog (soos in 3.7.2.1 beskryf) word die volgende vasgestel:

- Die adolessente se kontak met die self en die omgewing. Die adolessente maak kontak met hul omgewing deur sensoriese en perseptuele prosesse wat hul denkprosesse en emosie aktiveer (soos in 3.3.2 beskryf). Die sessie is gerig op die vermoë van die adolessente om kontak met hul omgewing te maak deur bewustheid van gepaste gebruik van hul sintuie, die vermoë om emosies op 'n gesonde wyse uit te druk en die gebruik van hul intellek om idees, gedagtes en behoeftes tot uiting te bring.

- Voorgrondbehoefte. Die adolessente het fisiese, emosionele, sosiale, spirituele of intellektuele behoeftes en 'n natuurlike begeerte om hulself te reguleer ten einde hul behoeftes te bevredig. Met die fokus op die bewussyn in die *hier-en-nou* word die adolessente van hul eie emosies en voorgrondbehoefte bewus gemaak.
- Onvoltooidhede. Wanneer die behoefte op die voorgrond nie bevredig word nie, ontstaan onvoltooidhede. Die terapeut bemagtig die adolessente om die persepsie van hul ervaring in totaliteit te benader en maak hulle van onvoltooidhede en selfonderbrekings wat in hul emosie en gedrag na vore kom bewus.
- Kontakgrensversteurings. Die adolessente beskerm hulself en probeer hulself doelbewus van die emosionele pyn wat hulle ervaar distansieer deur kontakgrensversteurings (soos in 3.4.2, 3.4.3, 3.4.4, 6.7.1.2 en 7.5.2 beskryf). In die sessie word die adolessente van verskeie aspekte van die self (soos sintuie, liggaam, emosies en intellek) bewus gemaak wat hulle inhibeer en blokkeer deur verdedigingsmeganismes te gebruik om bewuste ervarings in die hede te probeer ontvlug.
- Polariteite. In die ervaring van skuld en skaamte, vertolk die adolessente verskillende rolle en gee verskillende beskrywings aan die self deur polariteite (soos in 3.4.3.13, 6.7.1 en 7.5.2.2 beskryf). In die sessie word die adolessente begelei om bewus te wees van skuld en skaamte polariteite wat hulle as deel van hul self integreer.
- Struktuur van persoonlikheid. Die terapeutiese verhouding word op onvoltooide take uit die verlede, wat adolessente verhinder om effektief in die hede te funksioneer, gerig (soos in 3.4.3, 6.3.3, 6.6 en 7.3 beskryf). Die weerstandsvlak van die adolessente word deur die struktuur van persoonlikheid in vyf lae of vlakke van neurose vasgestel (soos in 3.5 beskryf). Die adolessente se hantering van weerstand help die terapeut om die volgende sessie te beplan.

#### 8.2.2.1.2 Sessie 2: Ontdekking, definiëring en versterking van die sin vir die self

Sessie twee behels die vasstelling van die adolessente se proses en sin vir die self deur emosionele bewuswording en die omgewing se invloed daarop. Die adolessente se emosionele uitdrukking van onvoltooidhede en die voorgrondprobleem dien as verwysingsraamwerk vir die organismiese selfregulering waarbinne hulle hul probleme hanteer om hulself teen verdere pyn te beskerm. In hierdie sessie vorm kontakgrensversteurings deel van die adolessente se selfregulering en selfbewussyn. Die adolessente word met behulp van die roosboomprojeksie (soos in 3.7.2.5.1 beskryf) bemagtig om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel, sodat hulle met hulself en hul verhouding met die omgewing in kontak kan kom.

##### 8.2.2.1.2.1 Doel van sessie 2

Die doel van sessie 2 behels:

- Definiëring van die self deur die integrering van denke, emosies en liggaamlike gewaarwording.
- Selfaktualisering deur besitneming van emosies wat aanleiding tot bepaalde gedrag gee.

##### 8.2.2.1.2.2 Doelwitte van sessie 2

- Verhoging van bewussyn van adolessente
- Vasstelling van die adolessente se proses en sin vir die self met behulp van die roosboomprojeksie.
    - Definiëring van die self.
    - Bemagtiging in die maak van keuses.
    - Bemeestering en beheer van selfregulering en self-ondersteuning.
    - Emosionele uitdrukking en selfvertroeteling in die besit van projeksie.
    - Hantering van innerlike prosesse deur grense en beperkinge.

- Besitneming van emosies en integrasie van verskillende emosies wat die adolessente se gedrag bepaal.
- Bemagtiging van die adolessente in hul keuse van emosionele uitdrukking.

#### 8.2.2.1.2.3 Aktiwiteite in sessie 2

In sessie 2 word die volgende stappe gevolg:

a) Sensoriese en liggaamlike kontakmaking. Sessie twee begin met ŉ sensoriese en liggaamlike ontspanningsoefening van Oaklander (1988:125; Schoeman, 2006:20) om die adolessente in kontak met hul sensoriese modaliteite te bring en die nodige bewustheid *hier-en-nou* van die self en die omgewing te bewerk (soos in 3.7.1.2 beskryf). Die adolessente word as unieke persone met hulle eie standpunte, grense en wyses van optrede benader. In die pastoraal-teologiese antropologie word die adolessente as deel van die skepping beskou. Die adolessente word bewus gemaak dat hulle as skepsel en beelddraer van God ŉ bepaalde beeld van hulself mag besit (soos in 2.4.3 beskryf). Hiervolgens word die adolessente bewus van hul eie unieke menswees wat hulle as holistiese eenheidswese vanuit die perspektief van siel, gees en liggaam beskryf.

b) Met behulp van die roosboomprojeksie (soos in 3.7.2.5.1 beskryf) word die adolessente van hulself, ander en hul huidige omstandighede bewus gemaak. Die projeksie word benut om die impak van mishandeling op die emosionele bewussyn en proses van die adolessente vas te stel. Die impak word aan die hand van die volgende kategorieë geëvalueer (soos in 5.6.1 en 5.6.2 beskryf):

    - Emosionele gevolge
    - Interpersoonlike gevolge
    - Gedragsgevolge
    - Kognitiewe- en perseptuele gevolge
    - Seksuele funksioneringsgevolge

c) In die roosboomprojeksie word verskeie aspekte geëvalueer om die adolessente se emosionele bewussyn te verhoog. Die evaluering raak die volgende aspekte:

- Die adolessente se identifisering van eie emosies;
- hul verhoging in emosionele bewuswording;
- die bewussyn dat gedrag uit hul emosionele ervaring vloei;
- integrasie tussen emosies en gedrag;
- begeleiding om met voldoende vryheid en selfvertroeteling verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir skuld en skaamte polariteite, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self met sowel negatiewe as positiewe emosies te aanvaar;
- die vermoë om hul veilige plek vir die uitleef van hul emosies te bepaal (soos in 3.7.1.9 beskryf);
- vasstelling van eienskappe van die adolessente se proses om die terapie daarvolgens te rig (soos in 3.7.1.3 beskryf);
- bepaling van die adolessente se neurosevlak om hul weerstand vas te stel en die terapeut te lei om die volgende sessie te beplan (soos in 3.5 beskryf).

#### 8.2.2.2 Fase 2: Bewuswording- en identifiseringfase

Die bewuswording- en identifiseringfase bevat kognitiewe en emosionele veranderlikes. Tydens die fase word die adolessente se bewustheid van emosionele seer en pyn wat met die mishandeling geassosieer word, besit. Die bewustheid lei die adolessente tot die besef dat hulle geregtig is om seer, kwaad en verwerp te voel. Eerstens word aandag gegee aan die adolessente se emosionele reaksie tot die seer in hul omgewing. Tweedens gee die erkenning van die verwonding aan die adolessente die geleentheid om hul onvoltooidhede en emosie uit te druk, idees en oortuiginge teenoor die oortreder te ondersoek en om te verstaan hoe idees en oortuigings oor hulself, ander en die wêreld verander het.

#### 8.2.2.2.1 Sessie 3: Verhouding met die omgewing deur bewustheid en besitneming van onvoltooidhede

Sessie drie behels die adolessente se bewustheid van kognitiewe en emosionele veranderlikes in verhouding met die omgewing. In die sessie werk die adolessente hul onvoltooidhede met die oortreder wat hul "monster" in die lewe is deur en leer hanteringstrategieë en vaardighede deur middel van die leëstoeltegniek aan (soos in 3.7.2 beskryf).

##### 8.2.2.2.1.1 Doel van sessie 3

Die doel van sessie 3 behels:

- Die verhoging van die bewustheid van die adolessente, in kontak met die self en die omgewing, om emosionele ervaring te integreer met die identifisering van kognitiewe veranderlikes.
- Kontakmaking met onvoltooide behoeftes ten opsigte van die adolessente se ervaring van die situasie en wat daartoe aanleiding gegee het.

##### 8.2.2.2.1.2 Doelwitte van sessie 3

Die doelwitte van sessie 3 behels:

- Emosionele en sensoriese kontakmaking met emosionele belewenisse en onvoltooidhede met behulp van die monstertegniek.
- Bewustheid van polariteite en negatiewe sensoriese ervaringe of emosies.
- Bemagtiging met behulp van die leëstoeltegniek om onvoltooidhede te hanteer.
- Bewustheid en identifisering van kognitiewe en emosionele veranderlikes.
- Integrasie van kognitiewe en emosionele veranderlikes in die omgewing.
- Besit en uitdrukking van polariteite en emosies waar selfbemagtiging, selfondersteuning en selfaktualisering plaasvind.
- Ontwikkeling van selfvertroeteling.

#### 8.2.2.2.1.3 Aktiwiteite in sessie 3

In sessie 3 word die volgende stappe gevolg:

a) Met behulp van die monstertegniek in die kleiprojeksie (soos in 3.7.2.5.2 beskryf) en die leëstoeltegniek (soos in 3.7.2.3 beskryf) word die volgende vasgestel:

- Emosionele en sensoriese kontakmaking met onvoltooidhede.
- Bewustheid van polariteite en negatiewe sensoriese ervaringe en emosies (met behulp van die monstertegniek).
- Bemagtiging om onvoltooidhede te hanteer (met behulp van die leëstoeltegniek).
- Die terapeut evalueer:
    - of die adolessente hul emosie kan verbaliseer en uiting daaraan kan gee;
    - die adolessente se emosionele ervaring tydens die leëstoeltegniek met die oortreder. Die doel is om hul emosionele bewussyn te verhoog sodat hulle self die verandering in hul emosie identifiseer;
    - of selfondersteuning en selfaktualisering plaasgevind het na aanleiding van die adolessente se vermoë om hul eie optrede te bepaal en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar;
    - of die adolessente se selfbeeld verhoog is;
    - of die adolessente selfvertroeteling van hul emosionele ervaring benut en integreer met hul omgewing om hul balans te herstel.

b) Ondersoek psigologiese verdedigingsmeganismes. Om die bewuste ervaring van mishandeling te probeer ontvlug sal die adolessente verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings gebruik en hulself beskerm teen emosionele pyn (soos in 3.4.4 en 7.6.5 beskryf).

c) Die bewustheid van onvoltooidhede wek gevoelens van woede teenoor die oortreder. Hierdie bewustheid vra dat die adolessente erkenning gee aan hul gevoelens om woede te konfronteer en te ontlaai.

d) Bewustheid van die emosionele pyn van skuld en skaamte. Die bewustheid van die negatiewe selfbewuste emosies van skuld en skaamte word gekonfronteer, omdat dit die adolessente se gedrag, hul siening van hulself en hul interpersoonlike verhoudinge affekteer.

e) Bewustheid van uitputtende emosionele energie. In die sessie word die adolessente bewus van hul eie pogings om die pyn van die mishandeling en die uitputting daarvan op hul emosionele energie te verwerk.

f) Bewustheid van kognitiewe repeterende en herhaalde denke aan die mishandeling. Hierdeur word die adolessente bewus van hul obsessiewe kognitiewe herinneringe aan die mishandeling en die gepaardgaande emosies wat voortdurend op hul voorgrond is.

g) Bewustheid van die konstante vergelyking met die oortreder. Die adolessente vergelyk hul eie emosionele pyn en ongelukkige situasie met die oortreder wat nie dieselfde pyn ervaar nie. Die bewustheid van die konstante vergelyking met die oortreder maak dit vir die adolessente moeilik om 'n oplossing vir hul probleme te sien.

h) Die adolessente word bewus van die negatiewe en moontlik permanente lewensverandering deur die mishandeling.

i) Die adolessente se bewustheid en insig in die moontlike verandering van 'n "regverdige" lewens- en wêreldbeskouing verhoog. Die bewustheid kan mishandelde adolessente tot die konklusie lei dat die lewe uiters onregverdig is.

j) Die ontwikkeling van selfvertroeteling begelei die adolessente om met voldoende vryheid keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir hul skuld en skaamte polariteite en die self met sowel negatiewe as positiewe emosies en identiteite, te aanvaar.

k) In die vasstelling van die adolessente se neurosevlak kan hul terapeutiese proses tydens die sessie bepaal word. Dit lei die terapeut in die beplanning van die volgende sessie (soos in 3.5 beskryf).

#### 8.2.2.3 Fase 3: Besluitnemingfase

Die besluitnemingsfase bevat veranderlikes wat die adolessente in die besluitnemingsproses begelei om die oortreder te vergewe. Vergifnis is egter ’n proses en die adolessente moet in hierdie fase nie gedwing word om stappe te neem tot vergifnis waarvoor hulle emosioneel nog nie gereed is nie (soos in 3.6.4 en 7.6.1 beskryf).

##### 8.2.2.3.1 Sessie 4: Bewustheid en bemagtiging in die keuse van vergifnis as ’n alternatiewe bron van die herstelervaring deur selfaktualisering en die neem van verantwoordelikheid

In sessie 4 word die adolessente bemagtig tot selfaktualisering, selfondersteuning en selfverantwoordelikheid met behulp van Oaklander se tekentegniek (soos in 3.7.1.4 beskryf).

###### 8.2.2.3.1.1 Doel van sessie 4

Die doel van sessie 4 behels:

- Die bemagtiging van die adolessente in die keuse van vergifnis as ’n alternatiewe bron van die herstelervaring.

###### 8.2.2.3.1.2 Doelwitte van sessie 4

Die doelwitte van sessie 4 behels:

- Bewustheid van emosionele uitdrukking van kognitiewe veranderlikes.
- Bewustheid en bepaling van alternatiewe met behulp van Oaklander se veertien stappe werkmodel om negatiewe sensoriese ervaringe of emosies te hanteer. Alternatiewe word in die volgende begrippe uitgedruk:
  - Die verlede
  - Die hede
  - Die toekoms
- Bewustheid van polariteite en besitneming van die uitdrukking van emosie.

- Bemagtiging om vergifnis as ’n opsie te oorweeg om onvoltooidhede te hanteer.
- Bewuste besluit om te vergewe deur eie keuse en aanvaarding van verantwoordelikheid.

**8.2.2.3.1.3 Aktiwiteite in sessie 4**

In sessie 4 word die volgende stappe gevolg:

a) Met behulp van die tekentegniek en Oaklander se veertien stappe werkmodel (soos in 3.7.1.4 beskryf) word die volgende vasgestel:

   - Bevordering van bewustheid van polariteite sodat die adolessente hul emosie kan besit en uitdruk. Hierdeur kan hulle verantwoordelikheid vir hul emosies aanvaar en keuses maak deur die bepaling van alternatiewe.
   - Die terapeut evalueer:
     - of die adolessente bemagtig is in die besit en uitdrukking van hul emosies;
     - of die adolessente bemagtig is om vergifnis as ’n alternatiewe opsie vir die herstelervaring te oorweeg;
     - of selfaktualisering plaasgevind het deurdat die adolessente selfondersteunend ten opsigte van vergifnis teenoor die oortreder kan optree;
     - of die adolessente se selfbeeld verhoog is deur selfaktualisering om keuses te maak en die oortreder te vergewe vir die emosionele pyn van skuld en skaamte as gevolg van die mishandeling;
     - of die adolessente selfvertroeteling van hul emosies ervaar en dit met die vergifnis aan die oortreder integreer, om hul balans te herstel.

b) ’n Verandering van hart, oortuiging en nuwe insig dat ou oplossingstrategieë nie gewerk het nie. Die adolessente word in die sessie bewus dat die preokkupasie en konstante fokus op die

mishandeling, die oortreder, negatiewe gevoelens, denke en gedrag ongesond is en onnodige pyn veroorsaak. Hulle besef dat hul pogings om die pyn van die mishandeling te verwerk onvoldoende in die verlede was en dat verandering in die herstelproses moet plaasvind.

c) Die adolessente word bemagtig in die keuse om óf 'n pad van bitterheid óf 'n pad van vergifnis te betree (soos in 2.5.3.7 beskryf).

d) Die adolessente kan vergifnis as 'n alternatiewe opsie en 'n gepaste strategie vir die herstelervaring oorweeg, om die pyn van mishandeling te hanteer.

Voordat die adolessente nie verstaan wat vergifnis is nie, kan daar nie tot die stap van vergifnis oorgegaan word nie. In die terapeut se verduideliking van vergifnis is die volgende van belang:

- **Die adolessente moet die Bybelse konsep van vergifnis verstaan** (soos in 2.5.3 beskryf)

  Die versoeningsbeginsel onderstreep twee perspektiewe, naamlik dat vergifnis onvoorwaardelik is, asook dat alle skuld deur Jesus Christus finaal uitgewis is (soos in 2.5.3.1 beskryf). Die Bybel toon dat vergifnis nie net toepaslik in die God-mens verhouding is nie, maar ook in interpersoonlike verhoudinge. Vergifnis is nie iets wat net ontvang word in die geloof nie, maar dit raak ook die Christelike leefstyl, naamlik om Jesus se voorbeeld te volg en ook ander te vergewe (soos in 2.5.3.2 beskryf). Vergifnis kan nie verwag word as daar nie die bereidheid is om vergifnis aan ander te gee nie (Matt 5:23-24; 6:12; 14-15; 18:35; Mark 5:25; 11:25-26; Luk 6:37; 11:4:17:3). Vergifnis kan as die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God beskryf word (soos in 2.5.3.5 beskryf).

- **Die adolessente moet verstaan wat vergifnis nie is nie** (soos in 7.2.2 beskryf)

  - Vergifnis is nie rekonsiliasie en versoening nie.

- Vergifnis is nie kwytskelding en regverdiging nie. Dit beteken nie om die skuldige as onskuldig te verklaar nie.
- Vergifnis is nie kondonering nie.
- Vergifnis is nie ontkenning en onderdrukking nie.
- Vergifnis is nie om te vergeet nie.
- Vergifnis is nie verdraagsaamheid nie.
- Vergifnis is nie ’n teken van swakheid nie.

- **Die adolessente moet verstaan wat vergifnis wel is** (soos in 2.5.3.6, 7.2.3 en 7.7 beskryf)
  - Vergifnis is ’n komplekse ontwikkelingsproses wat tyd neem.
  - Vergifnis kan voorkom sonder rekonsiliasie en versoening.
  - Vergifnis is ’n alternatief vir emosionele verwonding en ’n bewuste keuse om van negatiewe emosie ontslae te raak. Vergifnis stel die adolessente in staat om vry te kom van innerlike, opgehoopte emosies soos woede, bitterheid, skuld en skaamte.
  - Vergifnis is om bewus te wees wat iemand jou aangedoen het, en ten spyte daarvan steeds die persoon te vergewe.
  - Vergifnis is bevryding. Dit is ’n keuse om te weier om in die verlede te leef en ’n *“let go”* van woede en haat.
  - Vergifnis is ’n krag tot vernuwing en veranderde gedrag. Die ervaring van vergifnis en selfvergifnis lei tot die aanvaarding van die self en die herstel van verhoudinge.
  - Vergifnis is onvoorwaardelik. Die redes vir vergelding is uitgewis. Dit is die afwesigheid van bitterheid. Die oortreder word nie meer vasgepen op sy negatiewe en sondige gedrag nie, maar oorgeplaas binne die domein van God se genade.

e) Deur bemagtiging kan die adolessente hulself verbind om die oortreder te vergewe. ’n Besluit in die rigting van vergifnis kan geneem word om die

oortreder vir die pyn van die mishandeling te vergewe. In die verbintenis tot vergifnis laat vaar die adolessente die negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder (soos in 6.5.4.2, 7.2.3.4, 7.3.4.2, 7.5.2.2 en 7.6 beskryf).

f) Ontwikkeling van selfvertroeteling kan die adolessente begelei om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak om die oortreder vir die emosionele pyn van skuld en skaamte as gevolg van die mishandeling te vergewe. In hierdie fase word algehele vergifnis nog nie gerealiseer nie, maar die adolessente verbind hulle tot vergifnis (soos in 7.6.5 beskryf).

g) In die vasstelling van die adolessente se neurosevlak kan hul terapeutiese proses tydens die sessie bepaal word. Dit lei die terapeut in die beplanning van die volgende sessie (soos in 3.5 beskryf).

#### 8.2.2.4 Fase 4: Werkfase

Na die verbintenis om te vergewe begin die adolessente die werkfase van die vergifnisproses. Hierdie fase bevat nuwe insig en denke oor die oortreder.

##### 8.2.2.4.1 Sessie 5: Bemagtiging in die aanleer van hanteringstrategieë en vaardighede in die vergifnisproses

In sessie vyf het die adolessente nodig om konkrete stappe te neem om vergifnis met behulp van rollespel te laat realiseer (soos in 3.7.2 beskryf).

###### 8.2.2.4.1.1 Doel van sessie 5

Die doel van sessie 5 behels:

- Die bevordering van bewustheid, selfondersteuning en integrasie van die adolessente met die omgewing.

###### 8.2.2.4.1.2 Doelwitte van sessie 5

Die doelwitte van sessie 5 behels:

- Bewustheid van die kognitiewe en affektiewe aard van vergifnis
- Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder deur middel van rollespel.
- Besitneming en uitdrukking van emosionele ervaring.
- Bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe.
- Aanleer van hanteringstrategieë en emosionele vaardighede om stappe te neem en vergifnis te laat realiseer.

#### 8.2.2.4.1.3 Aktiwiteite in sessie 5

In sessie 5 word die volgende stappe gevolg:

a) Met behulp van rollespel (soos in 3.7.2 en 7.5.2.3 beskryf) word die volgende vasgestel:

- Bewustheid, selfondersteuning en integrasie van die adolessente met hul omgewing. Die verbintenis om te vergewe bevat nuwe insig en denke oor die mishandeling en die oortreder.
- Die terapeut evalueer:
  - of die adolessente bemagtig is in hul nuwe insig en denke aangaande die oortreder;
  - of selfaktualisering plaasgevind het deurdat die adolessente selfondersteunend kan optree ten opsigte van empatie en medelye teenoor die oortreder;
  - of die adolessente se selfbeeld verhoog is deur selfaktualisering om die pyn wat uit die optrede van die oortreder voortvloei te aanvaar en te verdra;
  - of die adolessente selfvertroeteling van hul emosies ervaar en empatie en medelye integreer as morele geskenke aan die oortreder om hul balans te herstel.

b) Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder. Die adolessente streef na die kognitiewe verstaan van die oortreder se

persoonlike geskiedenis of kindertyd en plaas die mishandeling binne die konteks van die oortreder se omstandighede. Die uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreder is nie om die oortreder te verskoon van verantwoordelikheid vir die oortreding nie, maar om die oortreder as mens binne sy omstandighede beter te verstaan (soos in 7.5.2.2 en 7.6.5 beskryf).

c) Empatie en medelye teenoor die oortreder. Nuwe insig aangaande die oortreder kan gepaard gaan met die emosionele identifikasie met die oortreder se omstandighede en die bereidheid om empatie en medelye met die oortreder te ervaar (soos in 7.5.2.3 en 7.6.5 beskryf).

d) Besitneming en uitdrukking van emosionele ervaring om die pyn wat uit die optrede van die oortreder voortvloei te aanvaar en te verdra. Dit moet nie verwar word met die gevoel dat mishandelde adolessente die pyn verdien nie, maar eerder die verduur en "*dra*" van die pyn wat die oortreder veroorsaak het (soos in 7.6.5 beskryf). In die Ou Testament word die woord "vergifnis" met 'n term *nasa* (Jes 53:4) wat ook met die betekenis "*om te dra"* vertaal kan word, gebruik (soos in Bylae L, 1.3.1.(b) beskryf). Dit verwys na die verband tussen *om te vergewe* en *om te verdra*. Wanneer die adolessente die oortreder vergewe, *dra* hulle in 'n sekere sin die pyn van die oortreding. Kotze (2008:211) wys daarop dat die kruis van Jesus Christus by uitstek die voorbeeld met betrekking tot die koste van vergifnis is (vergelyk 1 Pet 2:24). In Christus het God die mens se sonde, skuld, straf, pyn en skande (skaamte) op Homself geneem en dit *gedra*.

e) Aanleer van hanteringstrategieë en emosionele vaardighede om stappe te neem om vergifnis te laat realiseer. Empatie en medelye kan as morele geskenke aan die oortreder beskou word. Tydens die sessie begin negatiewe gevoelens, gedagtes en optredes teenoor die oortreder stelselmatig af te plat. Vergifnis beteken om die oortreder vry te spreek en hom aan God se sorg en genade toe te vertrou (soos in 2.5.3.5 beskryf). Hierdie gedagte kom sterk na vore in die Nuwe Testamentiese term *aphiemi* wat met die betekenis om die oortreder "*vry te laat gaan"* vertaal kan word (soos in Bylae L, 1.3.2.(a)(i) beskryf). Die adolessente

kan morele geskenke aan die oortreder, in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens, gedagtes en optredes gee (soos in 7.6.5 beskryf).

Vergifnis kan as die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof, en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God beskryf word. Daarom is die volgende stappe in sessie 5 belangrik:

- Emosies van woede, blaam en die behoefte na vergelding moet erken en ervaar word voor werklike vergifnis kan plaasvind (soos in 7.3.2 en 7.5.2.3 beskryf).
- Die adolessente kan die oortreder vergewe wanneer hulle bewus is dat God hulle eerste in Jesus Christus vergewe het (soos in 2.5 beskryf; vergelyk Matt 6:12; 14-15; Luk 6:37).
- Die adolessente se bewustheid dat hulle waarskynlik tot die ervaring van hul eie emosionele pyn van woede, haat, bitterheid, skuld en skaamte bygedra het, kan hulle noodsaak om in gebed God se vergifnis daarvoor te vra (soos in 2.5.3 beskryf). Selfvergifnis word dan die daad waar adolessente God se vergifnis en genade vir hulself toe-eien (soos in 2.5.3 en 7.4.3 beskryf).
- Net soos die adolessente sonder voorwaarde of verwyt vergifnis van God ontvang (Jes 1:18; Jer 3:22; Heb 8:12; 1 Joh 1:7-10), gee hulle dit aan die oortreder (Matt 5:38-48; 6:12; 14; 18:21-35; Luk 6:27-37; 11:4; 17:3-4; 23:34; Ef 4:32; Kol 3:13; Jak 5:13-16).

f) Ontwikkeling van selfvertroeteling kan die adolessente bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe (soos in 3.7.1.9 beskryf).

g) In die vasstelling van die adolessente se neurosevlak kan hul terapeutiese proses tydens die sessie bepaal word. Dit lei die terapeut in die beplanning van die volgende sessie (soos in 3.5 beskryf).

#### 8.2.2.5 Fase 5: Internalisering- en uitkomsfase

In fase vyf begin die adolessente emosionele verligting ervaar en besef dat hulle deur die vergifnisproses 'n doel, betekenis en bevryding vir die self verkry.

#### 8.2.2.5.1 Sessie 6: Bemagtiging en selfvertroeteling in die vergifnisproses

Sessie ses behels die adolessente se bewustheid van die vryheid van emosionele pyn en hul nuwe doel en betekenis in die lewe met behulp van die roosboomprojeksie.

##### 8.2.2.5.1.1 Doel van sessie 6

Die doel van sessie 6 behels:

- Die bevordering van selfondersteuning en integrasie van die adolessente se eie proses in die omgewing.

##### 8.2.2.5.1.2 Doelwitte van sessie 6

Die doelwitte van sessie 6 behels:

- Bemagtiging van die adolessente deur die bewustheid van hul eie proses en gedrag met behulp van die roosboomprojeksie.
- Aanleer van hanteringstrategieë en emosionele vaardighede om keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar.
- Bemagtiging deur selfvertroeteling om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te ontdek.

##### 8.2.2.5.1.3 Aktiwiteite in sessie 6

In sessie 6 word die volgende stappe gevolg:

a) Met behulp van die roosboomprojeksie (soos in 3.7.2.5.1 beskryf) word die volgende vasgestel:

   - Bemagtiging en selfvertroeteling van die adolessente deur die bewustheid van hul eie proses en gedrag om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te ontdek.
   - Die terapeut evalueer:
     - of die adolessente bemagtig is om hul eie potensiaal te benut;

- of selfaktualisering plaasgevind het deurdat die adolessente selfondersteunend ten opsigte van die identifisering van hul eie karaktertrekke en potensiaal kan optree in die hantering van hul onvoltooidhede;
- of die adolessente se selfbeeld verhoog is deur selfaktualisering om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te kry;
- of die adolessente selfvertroeteling van hul emosies ervaar en hul eie potensiaal en karaktereienskappe in die omgewing kan integreer en uitleef om hul balans te herstel.

b) Die adolessente vind 'n doel, betekenis en bevryding vir die self en ander in die lyding en vergifnisproses. Deur die emosionele verligting ervaar hulle 'n gevoel van medelye en empatie wat hulle met ander in die omgewing kan deel. Hierdeur vind mishandelde adolessente betekenis in die leed wat hulle ervaar het.

c) Die adolessente kan tot die besef van hul eie tekortkominge kom en insidente oproep waar hulle ander se vergifnis in die verlede nodig gehad het en dit ontvang het.

d) Die insig dat die adolessente nie alleen is nie lei hulle tot die ontdekking van interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap.

e) Die besef dat die self 'n nuwe doel en betekenis in die lewe kan kry, as gevolg van die mishandeling, lei die adolessente tot 'n aktiewe besorgdheid vir hul gemeenskap.

f) Bemagtiging deur selfvertroeteling van hul eie proses en emosies kan die adolessente lei om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer en negatiewe of ongemaklike skuld en skaamte emosies, gedagtes en gedrag uit te skakel (soos in 7.2.3.4 beskryf).

g) In die vasstelling van die adolessente se neurosevlak kan hul terapeutiese proses tydens die sessie bepaal word. Die adolessente beweeg tydens hierdie sessie in die eksplosiewe laag van neurose, deur bemagtiging om afstand te doen van verdedigingsmeganismes, ou rolle, gewoontes en 'n "valse" karakter (soos in 3.5.5 beskryf).

#### 8.2.2.6 Fase 6: Evaluering en terminering

In sessie sewe word die adolessente van interne emosionele ontlading en psigologiese gesondheid bewus.

##### 8.2.2.6.1 Sessie 7: Evaluering en terminering van die vergifnisproses

Sessie 7 behels die adolessente se bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies en die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die omgewing met behulp van dialoog en metafore as bemagtigingstegnieke.

###### 8.2.2.6.1.1 Doel van sessie 7

Die doel van sessie 7 behels:

- Die bewustheid en bemagtiging van die adolessente se proses van selfondersteuning en integrasie met die omgewing om balans, homeostase en organismiese selfregulering te bereik.

###### 8.2.2.6.1.2 Doelwitte van sessie 7

Die doelwitte van sessie 7 behels:

- Bewustheid van interne emosionele ontlading en psigologiese gesondheid.
- Bemagtiging deur selfvertroeteling van eie proses en emosies om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer met behulp van dialoog en metafore.
- Integrasie met die omgewing deur selfregulering in die voltooiing van onvoltooidhede om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik.
- Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie te meet.
- Evaluering van die intervensiemodel deur ongestruktureerde onderhoude na intervensie.
- Terminering van die terapeutiese proses.

#### 8.2.2.6.1.3 Aktiwiteite in sessie 7

In sessie 7 word die volgende stappe gevolg:

a) Met behulp van dialoog en metafore (soos in 3.7.2.1 en 3.7.2.6 beskryf) word die volgende vasgestel:

- Die bewustheid en bemagtiging van die adolessente se proses van selfondersteuning en integrasie om selfregulering met die omgewing te bereik.
- In die metafoor evalueer die terapeut:
  - o die adolessente se kontak met hul emosionele bewussyn;
  - o of die adolessente hulself kan identifiseer met die metafoor om hul eie assosiasie daarmee te maak en hul emosie te ervaar;
  - o die emosie waarmee die adolessente die gedramatiseerde spel wil uitvoer en watter einde hulle vir die metafoor wil maak. Die adolessente kies self 'n opsie waarvolgens hulle wil optree om hul emosie in die omgewing te integreer en die voltooiing van hul onvoltooidhede te bereik;
  - o of selfaktualisering plaasgevind het sodat bepaal kan word of die adolessente selfondersteunend ten opsigte van hul eie emosie en gedrag kan optree en positiewe emosies teenoor die oortreder besit;
  - o of die adolessente se selfbeeld verhoog is deur die beheer van hul skuld en skaamte emosies;
  - o of die adolessente vryheid en verligting van emosionele pyn ervaar en selfvertroeteling van die emosionele ervaring benut om hul balans te herstel en organismiese selfregulering te bereik.

b) Die hele proses van vergifnis kan tot die bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies, psigologiese gesondheid lei en die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die oortreder. Dit is hier waar mishandelde adolessente die paradoks van vergifnis ontdek: Wanneer hulle selfbeheersing, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde aan

ander gee, word hulle self na die herstel en genesing van hul eie pyn en leed gelei (soos in 7.6.5 beskryf).

c) Bemagtiging deur selfvertroeteling kan adolessente begelei om hul eie proses, emosies en nuwe gedrag met selfvertroue in hul omgewing te integreer (soos in 3.5.5 beskryf).

d) Ontwikkeling van selfvertroeteling kan die adolessente begelei om self verantwoordelikheid vir hul eie gedrag en optrede te aanvaar, sonder om ander vir hul probleme en gedrag te blameer (soos in 7.3.2.2 beskryf). Deur verantwoordelikheid vir hulself te neem, verklaar die adolessente dat die mishandeling nie meer hulle persoonlikheid bepaal nie en nie meer emosionele "beheer" oor hul lewe uitoefen nie (soos in 6.4.4, 7.2.3 en 7.4 beskryf).

e) Integrasie met die omgewing deur selfregulering behels die voltooiing van onvoltooidhede om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik (soos in 7.5.2.4 beskryf).

f) Die bepaling van die adolessente se neurosevlak aan die einde van die terapeutiese proses sal bepaal of hulle deur al die vlakke van neurose gewerk het (soos in 3.5.5 beskryf).

g) Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie te meet (soos in 1.9.3.1.1 beskryf).

h) Evaluering van die intervensiemodel deur ongestruktureerde onderhoude na intervensie (soos in 1.9.5.2.1.3 beskryf).

i) Terminering van die terapeutiese proses (soos in 3.7.1.10 beskryf).

## 8.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwerp en ontwikkeling van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei, beskryf. Die ontwikkeling van die intervensiemodel dui op 'n bipolêre multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind. Die verkennende en beskrywende ontwerp van die navorsing het as raamwerk vir die ontwikkeling van die intervensiemodel, wat uit die basisteorie en paradigmatiese perspektief

(in Hoofstuk 2 en 3) en die literatuurstudie (in Hoofstuk 4 tot 7) saamgestel is, gedien.

Die intervensiemodel is met behulp van ses fases en sewe sessies uiteengesit en bespreek. Elke sessie se eie doel, doelwitte en aktiwiteite is geformuleer en in verband met die doel van die navorsing gebring. Fase 1 in sessie 1 en 2 behels die bou van 'n terapeutiese verhouding met die adolessente deur kontakmaking, bewuswording van sensoriese modaliteite en versterking van die sin vir die self. Fase 2 in sessie 3 behels die bewustheid van emosionele seer en pyn wat met die mishandeling geassosieer word, asook die erkenning van die verwonding wat die adolessente se bewustheid van kognitiewe en emosionele veranderlikes in verhouding met die omgewing, hulself, ander en die wêreld verander het. Fase 3 in sessie 4 behels veranderlikes in die besluitnemingsfase wat die adolessente in die besluitnemingsproses begelei om die oortreder te vergewe. Fase 4 in sessie 5 behels konkrete stappe wat die adolessente moet neem om vergifnis te laat realiseer. Tydens fase 5 in sessie 6 word die adolessente, in die proses om die oortreder te vergewe, bewus van die vryheid en verligting van emosionele pyn. Fase 6 in sessie 7 word die adolessente bewus van interne emosionele ontlading, die afname in negatiewe emosies, die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die omgewing en psigologiese gesondheid.

In Hoofstuk 9 word aandag aan die beskrywing en bespreking van die empiriese ondersoek en resultate van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* geskenk. Die doel en doelwitte van elke sessie in die intervensiemodel wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, is suksesvol met die respondente geïmplementeer. Die empiriese ondersoek behels die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge voor en na die implementering van die intervensiemodel.

# HOOFSTUK 9

# EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE

## 9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek en resultate van die navorsing bespreek. Dit behels die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* wat die vyfde fase van intervensienavorsing omskryf. Die empiriese ondersoek is op die pastorale Gestaltterapeutiese basisteorie en paradigmatiese perspektief, asook die literatuurstudie wat die navorsing binne 'n kontekstuele en konseptuele raamwerk begrens gebaseer. Ooreenkomstig die begrensing van die navorsing word daar kortliks weer in hierdie hoofstuk 'n uiteensetting van die navorsingsproses wat gevolg is in die data-insameling en ontleding gegee (soos in 1.9 beskryf). Die navorser het van die intervensienavorsingontwerp in 'n meervoudige gevallestudie gebruik gemaak en 'n A-B-A enkelsisteemontwerp in die intervensienavorsing geïnkorporeer. Die *intervensiemodel* is met vyf respondente wat by die navorser aangemeld het en aan die seleksiekriteria voldoen geïmplementeer en geëvalueer (soos in 1.9.4.2.5.1 beskryf). Die empiriese ondersoek is uitgevoer ten einde te bepaal of daar enige verandering by die respondente ingetree het, wat aan hul deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word.

## 9.2 DIE PLEK VAN EMPIRIESE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE NAVORSING

Die navorsingsontwerp en metode wat in die navorsing gebruik is, word binne die pastorale basisteorie en Gestaltterapeutiese paradigmatiese perspektief geplaas, om die empiriese data-insameling en ontleding te bespreek. Hoewel die navorsingsproses volledig in Hoofstuk 1 (punt 1.9) bespreek is, gaan dit vervolgens weer kortliks en oorsigtelik aandag geniet om die leser ten opsigte van die empiriese gegewens en bevindinge wat volg te oriënteer.

### 9.2.1 Navorsingsbenadering

Die navorsing behels die ontwikkeling en implementering van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* om mishandelde laat adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. Die navorser het 'n kombinasie (*gemengde metode*) kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gebruik om genoegsame detail rondom die tema van die navorsing te verkry (Ivankova, *et al.*, 2007:260; De Vos, 2005c:360-366; Creswell, 2003:195). Die meervoudige metode van inligtingversameling word gebruik om 'n konstante paradigmatiese beeld van die navorsing te verkry en die konstruktiewe geldigheid van die navorsing te verseker (De Vos, 2005c:360).

- Die *kwalitatiewe benadering* behels die gebruik van toegepaste intervensie in 'n intervensienavorsingsmodel (De Vos, 2005e:394). Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is as 'n prototipe of inleidende intervensie ontwikkel deur Enright se vergifnis prosesmodel (Enright & Rique, 2004:13; Enright & North, 1998:52) en komponente van sowel die pastorale basisteorie as die Gestaltterapeutiese proses, soos dit deur Blom (2006:237-238), Schoeman (2006:8-49; 1999:13) en Oaklander (2007:20-49; 1988:53-56) opgestel is, as riglyn te gebruik. Die navorser het ook ongestruktureerde onderhoude, na intervensie gebruik om die kwalitatiewe en kwantitatiewe data te verifieer, die geloofwaardigheid en objektiwiteit van die navorsing te verhoog en te bepaal of die intervensiemodel effektief was.
- Die *kwantitatiewe benadering* behels die meting van respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, met behulp van drie gestandaardiseerde metingskale, voor en na intervensie (soos in 1.9 beskryf). Die metingskale het die navorser in staat gestel om te bepaal of daar 'n verskuiwing in die respondente se ervaring van skuld en skaamte plaasgevind het, asook of die intervensie in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word.

In die navorsing is daar van die dominante-minder-dominante model gebruik gemaak (Creswell in De Vos, 2002:366). Die navorser het die navorsing oorwegend vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem om die fenomeen in sy eie leefwêreld te bestudeer. Die navorser het van die intervensienavorsingontwerp in 'n meervoudige gevallestudie gebruik gemaak en

'n A-B-A enkelsisteemontwerp in die intervensienavorsing geïnkorporeer, ten einde bewustheid, selfondersteuning en integrasie by die respondente te bevorder. Intervensienavorsing soos die navorser dit toepas met integrering van die enkelsisteemontwerp, bied 'n gepaste raamwerk om die navorsing te beskryf.

Die aanbieding van die intervensiemodel binne die enkelsisteemontwerp verhoog die vertrouenswaardigheid van die navorsing, omdat die effektiwiteit van die intervensiemodel deur drie metingskale voor en na intervensie getoets word (soos in Bylae K uiteengesit). Die enkelsisteemontwerp maak dit moontlik om die vordering of regressie met die intervensiemodel ten opsigte van elke geval in die gevallestudie te meet. Sodoende kon die navorser bepaal of daar 'n verbetering in die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis plaasgevind het. Dit het die navorser in staat gestel om te bepaal of die veranderinge wat by die respondente ingetree het, aan hul deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word.

### 9.2.2 Die benutting van verkennende en beskrywende navorsingsontwerp

Die navorser is van mening dat die beskrywing van die fenomeen binne 'n verkennende studie gepas benut kan word, aangesien mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis verken en geassesseer word ten einde dit te verstaan en te verklaar. In die navorsing word twee ontwerpe gekombineer, te wete 'n verkennende en 'n beskrywende ontwerp.

- *Verkennende ontwerp.* Volgens Mouton en Marais (1992:43) is die doelwit van 'n verkennende ontwerp die ontginning van 'n relatiewe onbekende navorsingsarea. Die navorser het op grond van 'n analise van bestaande literatuur tot nuwe insigte gekom en 'n intervensiemodel wat 'n beter verklaring vir bestaande inligting kan bied ontwerp.
- *Beskrywende ontwerp.* In beskrywende navorsing val die klem in die ondersoek op die noukeurige beskrywing van 'n situasie of 'n weergawe van dit wat gedragsmatig gebeur (Rosnow & Rosenthal, 1996:15). 'n Beskrywende oriëntasie was die tweede stap in die ontwikkeling van die intervensiemodel, aangesien dit die rigting vir verdere optrede en implementering aangedui het. Die navorser wou ook die "waarom" en die "hoe" wat in relasie tot die navorsingsonderwerp staan uitvind. Die

beskrywende oriëntasie was daarop gerig om mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, beter te verstaan en te begelei na vergifnis.

'n Voorbeeld van die verkennende ontwerp is gevallestudienavorsing wat gewoonlik beskrywend van aard is en inligting oor individue of spesifieke situasies verskaf (Fouché & De Vos, 2005a:124; Terre Blanche & Durrheim, 1999:255). Die keuse van 'n *meervoudige gemengde metode gevallestudie navorsingstrategie* is juis gemotiveer deur die feit dat 'n verkennende en beskrywende metode in die lewenskonteks van mishandelde adolessente toepaslik gevind is om skuld, skaamte en vergifnis te verken en te beskryf (Babbie 2004:293; Yin 2003:40; Creswell, 1998:15). Dit hou die voordeel in dat die intervensiemodel herhaal kan word, gevolgtrekkings uit meer gevalle na vore kom en in meer as net 'n enkele geval geanaliseer word. Die feit dat die konteks van elke geval verskil het tot die rykheid van data bygedra, waar elke geval holisties benader is in sy eie konteks. Volgens Mark (in Fouché 2005e:272) verbreed die gevallestudie die navorser se begrip van 'n sosiale kwessie of populasie wat bestudeer word. Dit lewer ook 'n bydrae om die grense vir veralgemenings daar te stel (Stake in Denzin & Lincoln, 1998:86; 104).

## 9.3 DATA-INSAMELING EN ONTLEDING

Die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* in die vyf gevallestudies word vervolgens bespreek en daar word na die toepaslike literatuur in die voorafgaande hoofstukke verwys. Die empiriese data word onder die volgende punte beskryf:

- Agtergrondinligting van die gevallestudies.
- Die kwalitatiewe bevindinge word met behulp van die terapeutiese sessies in die vorm van beskrywing en tabelle weergegee.
- Die kwantitatiewe bevindinge word deur beskrywende statistiek woordeliks en visueel met grafieke en tabelle beskryf.
- Laastens word die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge geïntegreer en vergelyk, as bevestiging van die ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie.

### 9.3.1 Agtergrondinligting van die gevallestudies

#### 9.3.1.1 Respondent A

Respondent A is 'n 19 jarige damestudent wat in graad agt deur haar broer gemolesteer is en in haar eerstejaar, tydens 'n sosiale studentegeleentheid, deur 'n onbekende manstudent en sy vriende verkrag is. Sy en haar broer is die enigste kinders in die gesin. Sy het haar ouers van die molestering vertel, maar hulle het haar nie geglo nie. Daarom het sy hulle ook nie van die verkragting vertel nie, omdat sy gevoel het dat hulle haar waarskynlik weer nie sal glo nie. Sy voel skuldig en skaam oor alles wat met haar gebeur het en vertrou niemand se liefde nie. Alhoewel die respondent vriende het, beskou sy haarself nie as 'n persoon vir wie iemand kan lief wees nie. Sy ervaar haarself as minderwaardig en breek haar selfbeeld gedurig af. Om van die pyn weg te vlug het die respondent probeer om selfmoord te pleeg.

#### 9.3.1.2 Respondent B

Respondent B is 'n 18 jarige damestudent wat deur haar ouers en veral haar pa, fisiek en emosioneel, vanaf haar kinderjare, mishandel word. Sy ly aan bulimie en gebruik die eetversteuring om haar negatiewe emosies te reguleer. Sy is die tweede dogter in die gesin en probeer altyd om haar jonger broer teen haar pa te beskerm. Sy het nie 'n goeie verhouding met haar ouer suster nie, omdat haar ouers haar suster voortrek en sy niks in hulle oë verkeerd kan doen nie. Alhoewel respondent B as 'n sterk persoon voorkom, gee sy altyd voor om iemand te wees wie sy nie is nie en probeer ander help. Die respondent het baie vriende vir wie sy omgee, maar besef dat hulle net 'n gevallelading en nie ware vriende is nie. Sy is bang dat ander mense haar ook as 'n mislukking sal ervaar en haar sal verwerp. Tydens die intervensie het die fisieke en emosionele mishandeling, wanneer sy sommige naweke sonder haar vriend na haar ouerhuis gegaan het, voortgeduur.

#### 9.3.1.3 Respondent C

Respondent C is 'n 19 jarige manstudent wat in graad nege deur ouer leerlinge in sy skool gemolesteer is. Hy kom uit 'n baie sterk familie, waar sy oupa en

ouma ook op die familieplaas bly. C ervaar homself as 'n mislukking in die familie, omdat hy nie in die familieplaas belangstel nie en geen toekomsplanne het nie. Hy het besluit om te studeer, maar dit gaan nie goed met sy studies nie. C het gemeld dat sy ouers baie betrokke by hul kinders is en ook bekommerd oor sy gedrag is. Hy was al by verskeie sielkundiges en beraders, wat nie 'n oplossing gebied het nie. C het 'n uitermatige skaamte, selfbeeld en selfwaarde probleem in sy soektog na hulp ontwikkel. Hy beskuldig homself vir al die negatiewe gebeure in sy lewe en beskou homself as 'n totale teleurstelling en mislukking. Dit veroorsaak onbeheerde woedeuitbarstings wat hy op homself en sy familie rig. Tydens die intervensie was C in 'n verhouding met 'n ander manstudent betrokke. Sy vrees was dat sy familie van die verhouding gaan uitvind en meer teleurgesteld gaan wees.

#### 9.3.1.4 Respondent D

Respondent D is 'n 19 jarige damestudent wat deur 'n familievriend seksueel misbruik word. D se ouers is geskei toe sy in graad twee was en sy kan nie veel van haar pa onthou nie, omdat sy geen kontak met hom het nie. Haar ma is weer getroud en haar stiefpa se vriend het ingewillig om al haar studies te betaal. In ruil vir die betaling van haar studies molesteer en verkrag hy haar wanneer sy naweke alleen by haar ouerhuis is. Sy voel skuldig, skaam en kwaad vir alles wat in haar lewe gebeur en beskou haarself as 'n mislukte slagoffer van omstandighede wat sy nie kan verander nie. Tydens die intervensie het die seksuele aktiwiteite opgehou en die respondent het dit as verwerping ervaar.

#### 9.3.1.5 Respondent E

Respondent E is 'n 18 jarige damestudent wat deur haar stiefpa gemolesteer is. Haar pa is oorlede toe sy in graad drie was en sy is die enigste kind uit die huwelik. Haar ma is weer getroud toe sy in graad vyf was. Haar stiefpa het twee seuns uit sy vorige huwelik wat by hulle ma bly. In graad ses het haar stiefpa haar die eerste keer gemolesteer. Sy het dit aan haar ma probeer vertel, maar is telkens nie geglo nie. Haar ma het haar beskuldig dat sy net die molestering opmaak, omdat sy nie van haar stiefpa hou nie. Die respondent

vrees haar stiefpa se woedebuie en is altyd bekommerd oor haar ma se veiligheid. Sy onthou dat haar ma wel met haar stiefpa oor die molestering gepraat het, maar dat hy haar ma aangerand het oor die gerugte. Die molestering het gewoonlik wanneer haar ma nie by die huis was nie, plaasgevind. Dit het tot in graad agt, voortgeduur waarna dit opgehou het. Sedert die molestering probeer haar stiefpa haar doelbewus vermy en praat nie met haar nie. Die respondent keer haar woede op haarself deur ongereelde eetgewoontes, bulimia en selfbeserings. Om van die innerlike pyn weg te vlug spuit sy gewoonlik insekdoder op haar liggaam wat hoofpyn veroorsaak. Sy het egter 'n goeie verhouding met haar ma, maar probeer om nie naweke huis toe te gaan nie.

### 9.3.2 Kwalitatiewe bevindinge van gevallestudies tydens die implementering van die intervensiemodel

Die kwalitatiewe data van die gevallestudies is met behulp van ongestruktureerde waarneming en veldnotas ingesamel om 'n beskrywende verslag oor die implementering van die intervensiemodel te skryf.

#### 9.3.2.1 Beskrywing van die terapeutiese sessies

Die doel, doelwitte en aktiwiteite van elke sessie in die intervensiemodel is breedvoerig in 8.2.2 uiteengesit en beskryf. Vervolgens word die implementering van die intervensiemodel, soos dit deurloop is met al vyf respondente in die gevallestudies, deur middel van 'n beskrywing van die verloop, analisering en evaluering van elke sessie weergegee. Die sessies word aan die hand van die ontwikkelde intervensiemodel geëvalueer om te bepaal of die verwagte uitkomste deur die aktiwiteite wel verwesenlik is. In die analisering en evaluering van die sessies word daar ook aangedui op watter wyse pastorale Gestaltterapie benut is, ten einde bewustheid, selfondersteuning en integrasie by die respondente te bevorder. In die bespreking van die gevallestudies word daar na die navorser as die terapeut verwys.

### 9.3.2.1.1 Sessie 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding

#### 9.3.2.1.1.1 Verloop van sessie 1

In sessie een is daar op die bou van 'n terapeutiese verhouding met die respondente gefokus. Die terapeut het 'n terapeutiese klimaat geskep en 'n vertrouensverhouding met die respondente gebou waar hulle veilig kon voel en bereid was om hul pynlike emosies na vore te bring (soos in 3.7.1.1 beskryf). Die terapeutiese proses en die respondente se betrokkenheid ten opsigte van die intervensieprogram is aan hulle verduidelik en hulle is verseker van vertroulikheid. Die respondente het ook toestemming verleen dat digitale opnames van die sessies gemaak word. Die navorser het die respondente bemagtig deur te stel dat hulle enige tyd van die intervensieprogram kan onttrek en enige emosionele ongemak met die navorser kan deel.

Na die voltooiing van die drie metingskale, om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor intervensie te meet, het die navorser agtergrondkennis van die respondente verkry deur individuele en ongestruktureerde onderhoudvoering (soos in 1.9.5.2 beskryf). Die rol van sensoriese en liggaamlike bewuswording het tydens die sessie 'n belangrike rol in die respondente se bewuswordingsproses gespeel. Met behulp van 'n verbeeldingsvlug en die gebruik van al die sensoriese modaliteite is die respondente se bewustheid verhoog om hul wêreld en emosies in die *hier-en-nou* te ervaar (soos in 3.7.1.2 beskryf). In die vasstelling van die respondente se proses is die verhouding met hulself en hul omgewing met behulp van dialoog bepaal (soos in 3.7.2.1 beskryf). Hierdeur is die respondente in kontak met hulself en die ervaring van hul huidige omstandighede gebring.

**Respondent A**

A het gestel dat sy hartseer, ongelukkig en kwaad is dat die molestering en verkragting met haar gebeur het. Dit het veroorsaak dat sy net haarself vertrou en niemand in haar persoonlike ruimte toelaat nie. Mense laat haar gewoonlik soos 'n "*useless ding*" voel, omdat niemand vir haar omgee of haar beskerm nie, almal wil haar net gebruik, weggooi en vergeet. Daarom probeer A haarself beskerm of *"... wanneer die Here nie te besig is nie, beskerm Hy my"*. Sy stel dat sy skuldig en sleg oor haar gevoelens en gedagtes voel. Soms dink sy wel

dat God en haar ouers vir haar lief is en vir haar omgee, maar sy vertrou niemand nie. Haar ouers gaan uit hulle pad om haar te help, maar sy kan nie haar probleme met hulle bespreek nie. Sy voel emosioneel dood: "*Ek dryf net rond en bly kwaad. ... Ek haat myself".* Sy vergelyk haar skuld en skaamte emosie met 'n masker: *"... jy kan wegkruip agter jou emosionele masker en jouself isoleer. Jy kan jou emosie ook aan en afskakel soos jy wil, wanneer jy wil. Maar... die mislukking en vuil gevoel kom altyd terug".* Soms voel dit vir A of almal maskers dra en voorgee wat hulle nie is nie. Hulle "*smile*" as dit nie goed gaan nie en maak of hulle vir ander omgee. A gebruik haar masker sodat niemand haar hartseer en pyn kan sien nie. A wil hê dat ander van haar moet hou en haar nie vermy of etiketteer met die stigma van molestering en verkragting nie. A stel dat sy ook 'n masker dra.

**Respondent B**

B het gestel dat sy hulpeloos, minderwaardig en moedeloos voel, omdat sy altyd hartseer, ongelukkig en kwaad is. Sy stel dat sy dankbaar is om die terapeut te vertrou met haar probleem. B voel dat sy vir haar ouers 'n struikelblok is. Sy blameer veral haar pa omdat hy haar emosionele en fisiese mishandel. Haar pa sê gewoonlik *"... jou kop raas, jy is dom, lelik en vet"*. B stel dat die emosionele mishandeling veroorsaak dat sy nie meer saam met haar gesin eet nie, maar haar kos kamer toe neem. Wanneer niemand in die huis is nie spoel sy dit in die toilet weg, sodat haar ouers nie kan opmerk dat sy nie geëet het nie. B se ouers dwing haar soms om te eet, omdat sy gediagnoseer is met bulimie. B is bang en kwaad vir haar pa se woedeuitbarstings en wens soms hy gaan dood.

Alhoewel B by haar morele waardes hou, kry sy altyd raas en word *"... as die slegste ding op aarde"* hanteer. Haar ouers wek by haar 'n skuldgevoel. Dit voel vir B of haar ouers dink sy is 'n *"slegte mens met geen waardes of gevoelens nie"*. Haar ma het gestel dat sy moet aanvaar dat sy die "*rebelse swartskaap*" in die gesin is. Haar ma beskuldig haar dat sy soos 'n "*hoer*" aantrek. Dit wek by B die gevoel dat sy niks beter as *"... 'n hoer"* is nie. B het geen verhouding met haar ouer suster nie. B haat haar suster wat altyd voorgetrek word, maar kry haar jonger broer wat nog in die huis bly jammer. Sy voel skuldig oor haar broer

wanneer sy koshuis toe gaan, want dit voel of sy hom by die huis los en nie omgee nie.

B stel dat sy skuldig en sleg oor haar gevoelens en gedagtes vir haar ouers voel. Soms dink sy haar ouers is lief vir haar, *"... hulle weet net nie hoe om dit te wys nie"*. Sy voel emosioneel afgebreek en het geen selfbeeld nie. B is gefrustreerd, omdat sy niks in haar ouers se oë reg doen nie. Sy voel dat die fout by haar lê en sien nie meer 'n uitkoms in haar lewe nie. Sy onttrek haar gewoonlik van die gesin en voel sy *"... pas nie by die gesin nie"*. B kry skaam vir haar omstandighede en voel soos 'n mislukking. Sy voel altyd skuldig, al het sy niks verkeerd gedoen nie. Dit beïnvloed haar verhouding met haar vriende, omdat sy voorgee dat sy gelukkig is en 'n gelukkige ouerhuis het. Om 'n gevoel van beheer oor haarself en haar emosies te skep, het B die bulimie eetversteuring probeer beheer.

**Respondent C**

Alhoewel C baie gepraat het gedurende die sessie, het hy geen oogkontak met die terapeut gemaak nie en baie gehuil. Tydens die hele sessie het C sy hand voor sy oë gehou en na die vloer gekyk. C het gestel dat hy baie hartseer, kwaad, skaam en bitter oor die molestering is. In die sessie het C deurmekaar en verward gevoel, maar die hoop uitgespreek om tydens die terapie hulp daarvoor te kry. C het verwerping van sy familie ervaar, voordat hy hulle van sy homoseksuele verhouding vertel het. C het sy vrees soos volg beskryf: *"Wat sal my ouers sê, .. ek is die pienk mofskaap in die familie"*. C het gestel dat hy gewoonlik vooraf besluit wat mense van hom dink. Hy dink dat hy vir almal onaanvaarbaar is. Hy voel verwerp en minderwaardig. Hy is bekommerd dat hy God met sy lewe teleurstel.

C blameer die molesteerders wat sy lewe verander het. Hy stel dat sy verhouding met meisies nie werk nie en dat sy vorige meisie baie kwaad vir hom is. C voel dat hy haar teleurgestel het, omdat hy voorgegee het om "*straight*" te wees. C stel dat hy altyd voorgee om iemand te wees wie hy nie is nie, omdat mense hom sal etiketteer. C stel dat hy altyd skuldig en skaam oor alles voel. Hy vergelyk hom met ander mense en vra die vraag: "*Wat is fout met my?*

*Hoekom is ek anders? Hoekom het God my so gemaak?".* C was bang dat hy die terapeut ook gaan teleurstel.

C probeer homself beskerm deur ure in die gimnasium deur te bring, omdat hy 'n sterk liggaam wil bou. Mense moet dink hy is net nog 'n normale man. C stel dat hy antidepressante vir sy depressie gebruik. Hy het al selfmoord oorweeg, maar is bang hy gaan hel toe. C stel: *"Ek wil nie hel toe gaan nie, hierdie lewe is hel genoeg vir my. Ek wil hemel toe gaan as ek doodgaan".* C voel sleg oor sy gevoelens en gedagtes. Hy stel dat hy nie sy emosie kan beheer nie. Hy word baie kwaad vir sy pa wanneer hy nie aan C se versoeke voldoen nie. C besef dat hy altyd alles wil hê wat hy sien en dat hy sy pa dwing om dit vir hom te koop. Hy probeer 'n volmaakte lewe leef, met die beste motor, die beste klere en duurste woonstel. C vind tydelike geluk in materiële dinge om ander mense te beïndruk, maar dit neem nie sy ongelukkigheid weg nie. Dit is vir C belangrik dat ander mense hom nie sal etiketteer met die stigma van molestering en homoseksualiteit nie.

**Respondent D**

D stel dat sy geen vertroue in ander mense het nie. Sy voel kwaad, skuldig, skaam en verneder oor die molestering. D stel dat sy vasgevang in die molestering voel, omdat sy bang is die familievriend gaan nie meer haar studies betaal nie. D stel dat sy nie goed oor haar gevoelens en gedagtes voel nie. Sy is moedeloos en depressief oor haar omstandighede en dink dat sy dit nie kan verander nie. Die feit dat die molesteerder haar verwerp, wek die gevoel dat sy net gebruik is en nie meer voldoen aan sy behoeftes nie. D stel dat sy nie meer enige emosie voel nie en haarself van alles isoleer. Sy voel minderwaardig teenoor haarself en ander meisies. D voel skuldig oor die mishandeling, omdat sy die belangstelling van 'n ouer man geniet het. Dit maak haar ook skaam dat sy nie teen die mishandeling weerstand kon bied nie. D stel dat sy twyfel in mense se bedoelinge wanneer hulle met haar praat. Sy gee voor dat sy 'n sterk persoonlikheid het, want sy leef in die vrees dat iemand van die molestering sal uitvind. D wil nie geëtiketteer word met die stigma van molestering nie. Sy is bekommerd dat mense haar as 'n *"... tipe prostituut"* sal etiketteer en verwerp. D

stel dat sy skuldig oor die molestering voel, omdat sy dit nie bekend gemaak het nie en die molestering toegelaat het om haar studies te finansier.

**Respondent E**

E het gestel dat sy hartseer en kwaad oor die molestering is. Sy voel alleen en het niemand wat sy vertrou om haar probleem te bespreek nie. Sy verlang na haar pa en sou graag met hom oor haar omstandighede wou praat. E stel dat die terapie haar die geleentheid bied om met die terapeut te praat. Sy stel dat sy haar ma wil beskerm en daarom nie met haar ma oor die molestering kan praat nie. E voel skuldig en skaam. Sy voel emosioneel gedreineer deur haar woede en angs. Sy stel dat sy kwaad vir haar stiefpa is en bekommerd oor haar ma se veiligheid is. E het haarself as 'n slagoffer wat met die stigma van molestering geëtiketteer kan word, beskryf.

#### 9.3.2.1.1.2 Analisering en evaluering van sessie 1

Tydens die eerste ontmoeting het die terapeut met behulp van dialoog 'n verhouding met die respondente gebou. Die terapeut en respondente het die nodige kontak gemaak en grense vir die terapeutiese proses gestel. In die stel van grense is die respondente geleentheid gebied om keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul emosie en optrede tydens terapie. Dit het tot die verhoging in die respondente se selfregulering en selfwaarde bygedra wat aan hulle die geleentheid gebied het om emosioneel veilig in die terapeutiese proses te voel en kontak met die *hier-en-nou* te behou.

Die ontmoeting het 'n gevoel van vertroulikheid geskep waar die respondente bemagtig is om bewus van hul emosies te word. Die respondente het in die begin van die sessie dit moeilik gevind om oor hul emosies en huidige omstandighede te praat, omdat hulle hartseer, kwaad, skaam en senuweeagtig gevoel het. Die respondente se houding ten opsigte van die terapeutiese proses het geleidelik na voltooiing van die metingskale verander. Die respondente het 'n gevoel van beheer ervaar omdat hulle die vrae in die metingskale maklik en vinnig kon antwoord. Hulle het gestel dat hulle al baie oor die mishandeling gedink het, maar niemand vertrou het om daaroor te praat nie. Die voordeel van

die metingskale was om die terapeutiese proses binne die ervaringsveld en konteks van die respondente se voorgrondprobleem te plaas. Vervolgens word die analisering van sessie een aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.1.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.1:

**Tabel 9.1 Analisering van sessie 1**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Kontak: | Om die self te beskerm het die respondente kontak met hul self, ander en die omgewing verbreek.<br>Die respondente is bemagtig om kontak met die omgewing te maak, deur uit te reik en hul eie grense te ontdek. | | | | |
| Voorgrond-behoefte: | Die respondente het hulself as minderwaardig en 'n mislukking ervaar wat 'n gevoel van alleenheid, magteloosheid, verwerping, onregverdigheid, frustrasie en ontmagtiging geskep het. | | | | |
| Onvoltooidhede: | Die respondente ervaar woede, skuld en skaamte wat hul selfbeeld, selfvertroue en selfwaarde negatief beïnvloed. | | | | |
| Kontagrens-versteurings: | Projeksie, isolasie, retrofleksie, introjeksie en defleksie. | Projeksie, desensitisasie, retrofleksie en introjeksie. | Projeksie, retrofleksie, egosentrisme, introjeksie, en samevloeiing. | Projeksie, retrofleksie, introjeksie, egotisme en samevloeiing. | Projeksie, introjeksie, retrofleksie, en samevloeiing. |
| Polariteite: | Die respondente is begelei om besit van polariteite ten opsigte van hulself en hul omgewing te neem. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid: | Vals laag met oorgang na fobiese laag | Vals laag met oorgang na fobiese laag | Vals laag met oorgang na fobiese laag | Vals laag met oorgang na fobiese laag | Vals laag met oorgang na fobiese laag en impasse laag |
| Selfvertroeteling om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel: | Deur bemagtiging en selfvertroeteling van hul selfbeeld, selfvertroue en selfwaarde het die respondente in kontak met hul emosionele behoeftes gekom. | | | | |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.1 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie een verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- Sessie een was gerig op die vermoë van die respondente om kontak met hul omgewing te maak deur sensoriese en perseptuele prosesse wat hul denkprosesse en emosie aktiveer (soos in 3.3.2 beskryf). Dit het tot die

verhoging in hul bewustheid van emosies gelei en die gebruik van hul intellek om idees, gedagtes en behoeftes tot uiting te bring (vergelyk Oaklander, 2007:51; Sweeney, *et al.*, 1999:163). Alhoewel die respondente 'n sterk behoefte aan aanvaarding, erkenning en ondersteuning vanuit die omgewing gehad het, het hulle min kontak met hulself, ander en die omgewing ervaar. Dit het die respondente se proses om homeostase en balans te handhaaf bemoeilik. Om kontak met die omgewing te maak en die self te versterk, is die respondente bemagtig om hul eie grense te ontdek (vergelyk Brownell, 2010:93; Philippson, 2006:59).

- Dit het geblyk dat die respondente in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.1 beskryf). Hulle het verlore in die rolle wat hulle moet vertolk geraak en daar het 'n diskrepansie tussen hulle verbale en nie-verbale gedrag bestaan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die respondente nie in kontak met hulself was nie en nie hul ervaring van skuld en skaamte kon oplos nie. In hierdie proses het die respondente 'n "vals" persoonlikheid ontwikkel wat deur konflik en onvoltooidhede wat nie opgelos of hanteer word nie gekenmerk is. Die terapeut het die respondente bewus van hul rollespel gemaak, waarna hulle na die fobiese laag van die struktuur van persoonlikheid beweeg het om hul emosies te onderdruk (soos in 3.5.2 beskryf). Respondent E het in die sessie geleidelik na die impasse laag beweeg.
- Die respondente het hul omgewing vir hul omstandighede blameer en gevoel dat hulle as gevolg van die mishandeling geen selfbeeld, selfvertroue of selfwaarde het nie. Dit het veroorsaak dat die respondente hul emosies fragmenteer in die bewustheid van emosies en die hantering daarvan.
- Skuld en skaamte teenoor hulself en ander in hul omgewing het baie sterk op die voorgrond van die respondente gefunksioneer. Die respondente het hulself as minderwaardig en 'n mislukking ervaar wat 'n gevoel van alleenheid, magteloosheid, verwerping, onregverdigheid, frustrasie en ontmagtiging geskep het.
- Die respondente het verdeelde polariteite in hul omgewing ervaar. Alhoewel hul vertroue geskend is, is hulle afhanklik van hulle omgewing. Dit het tot die fragmentering van hul emosies gelei en 'n doelbewuste poging om hulself

teen die emosionele pyn te beskerm deur kontakgrensversteurings (soos in 3.4.3.1.2 en 3.4.4 beskryf).

- Respondent A het haar teleurstelling op haar ouers en God geprojekteer, omdat hulle haar nie beskerm het nie. Sy het die woede teenoor haar broer en die verkragters op haarself gerig deur isolasie, retrofleksie, introjeksie en defleksie van skuld en skaamte.
- Respondent B het haar woede op haar ouers en ouer suster geprojekteer. Sy het verdeelde polariteite ervaar, omdat sy kwaad, skuldig en skaam voel oor die mishandeling, maar steeds lief vir haar ouers is. B het die woede teenoor haar pa op haarself deur desensitisasie, retrofleksie en introjeksie van skaamte gerig.
- Respondent C het sy woede op sy familie geprojekteer. C het verdeelde polariteite ervaar. Hy is bewus dat sy familie baie vir hom omgee, maar dat die molestering sy lewe verander het en hy en sy pa baie konflik ervaar. Deur retrofleksie, introjeksie, egosentrisme en samevloeiing het C sy ervaring van skuld en skaamte op sy eie selfbeeld en selfwaarde gerig.
- Respondent D het verdeelde polariteite ervaar omdat sy nie die familievriend vertrou nie, maar van hom afhanklik is om haar studies te betaal. D het haar woede op die familievriend wat haar molesteer en haar ouers wat nie haar studies kan bekostig nie geprojekteer. Deur retrofleksie, introjeksie, egotisme en samevloeiing het D haarself as minderwaardig beskou, verantwoordelikheid vir die molestering aanvaar en haarself daarvoor blameer.
- Respondent E het haar woede op haar stiefpa geprojekteer, maar rig ook haar woede op haarself deur introjeksie, retrofleksie en samevloeiing van skuld en skaamte.

- Die weerstand wat die respondente ervaar het, is deur die reflektering van hul emosies hanteer. Introjekte wat die respondente nie geassimileer het nie, het veroorsaak dat hulle nie verantwoordelikheid vir hul emosie en optrede wou aanvaar nie. Die respondente het deur kontakgrensversteurings soos desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing, egosentrisme, isolasie en impasse probeer om die self te beskerm en hul ervaring van skuld en

skaamte te ontken en te onderdruk. Om kontak met die veld te maak, is die respondente van die wyse waarop hulle kontakgrensversteurings gebruik om die proses van organismiese selfregulering te onderbreek bewus gemaak (vergelyk O'Connor & Braverman, 2009:312; Corey, 2005:195; Yontef, 1993a:179).

- Die respondente is begelei om besit van polariteite ten opsigte van hulself en hul omgewing te neem. Deur bewuswording van polariteite en die fragmentering van hul emosie, is die respondente in kontak met hul sensoriese funksies gebring en bemagtig om beheer oor hul emosies te verkry.
- Die proses van bewuswording in die *hier-en-nou* het die respondente bemagtig om selfondersteuning aan hulself te gee en aan onvoltooidhede te werk. Die respondente is bemagtig in die ontwikkeling van selfvertroeteling om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel. Hiervolgens is die respondente se selfbewussyn en selfvertroue verhoog, omdat hulle in kontak met hul emosionele behoeftes gekom het. Die respondente het van wie hulle is, wat hulle ervaar en die verantwoordelikheid wat hulle vir hulself moet neem bewus geword. Sessie een is afgesluit deur bemagtiging en selfvertroeteling van hul selfbeeld en selfwaarde (soos in 3.7.1.7 en 3.7.1.9 beskryf). Die terapeut het die respondente ook bemagtig deur waardering uit te spreek vir hulle samewerking en bereidwilligheid om aan die terapeutiese proses deel te neem.

#### 9.3.2.1.2 Sessie 2: Ontdekking, definiëring en versterking van die sin vir die self

##### 9.3.2.1.2.1 Verloop van sessie 2

Sessie twee het begin met 'n sensoriese en liggaamlike ontspanningsoefening van Oaklander (1988:125; Schoeman, 2006:20) om die respondente in kontak met hul sensoriese modaliteite te bring en die nodige bewustheid *hier-en-nou* van die self en die omgewing te bewerk (soos in 3.7.1.2 beskryf). Die respondente is as unieke persone met hulle eie standpunte, grense en wyses van optrede benader. Die respondente is bewus gemaak dat hulle as skepsel en beelddraer van God 'n bepaalde beeld van hulself mag besit (soos in 2.4.3

beskryf). Hiervolgens het die respondente van hul eie unieke menswees as holistiese eenheidswesens vanuit die perspektief van siel, gees en liggaam bewus geword.

Om die respondente se sin vir die self te versterk en die impak van mishandeling op die emosionele bewussyn en proses van die respondente vas te stel, het die terapeut hulle gevra om 'n roosboomprojeksie te teken (soos in 3.7.2.5.1 beskryf). Met behulp van die projeksie is die respondente van hulself, ander en hul huidige omstandighede bewus gemaak.

**Respondent A**

A het gestel dat sy alleen voel en dat niemand vir haar omgee nie. Dit maak A kwaad vir haarself, vir God en haar ouers. A het gestel dat dit nie vir haar lekker is om oor haar broer te praat nie, omdat sy baie kwaad vir hom is. Sy het 'n goeie verhouding met hom gehad en hy het haar altyd beskerm. In graad agt is haar vertroue in hom geskend toe hy haar gemolesteer het. A is kwaad vir haar ouers omdat hulle haar nie geglo het toe sy hulle van die molestering vertel het nie. Toe A Universiteit toe gegaan het, het alles goed gegaan en kon sy soms van die molestering vergeet, totdat sy een aand tydens 'n sosiale geleentheid, deur 'n onbekende manstudent en sy vriende verkrag is.

Soms huil A oor haar seer, maar dit neem nie haar seer weg nie. *"Dit wys net jou swakheid, so ek hou nie daarvan nie. Mense wat misluk huil net as hulle nie iets kan hanteer nie"*. A het haar gevoel vir die terapeut soos volg beskryf:

> *"Niks op die aarde kan verduidelik hoe jy voel nie! Jy voel net die pyn, vernedering, skuldgevoelens, woede, gebrokenheid, ensovoorts. Jy voel so vuil en seer! Wat het ek gedoen om dit te verdien? Hoekom ek? Hoekom het ek niemand vertel nie? Jy wil ook nie vir iemand vertel hoe 'n man jou verkrag het terwyl sy "buddies" gekyk het nie. Jy wil nie vir iemand vertel dat terwyl hy jou verkrag, sy "buddies" jou bevoel en bevat asof jy hulle eiendom is nie. Jy wil nie vir iemand vertel dat toe hy klaar gedoen het wat hy wou, opgestaan het en weggeloop het asof niks fout is nie! Niks kan beskryf hoe diep die seer in jou hart vasbrand nie. Ek is niks werd nie. Is dit my doel op die aarde om misbruik te word? Ek kan nie die pyn, vernedering en alleenheid hanteer nie!"*

A het al selfmoord probeer, maar het misluk: *"Ek is nie goed met knope nie, ek het hard geval. As jy dom is móét jy hard val".* A voel skuldig, minderwaardig en 'n mislukking, terwyl sy haar broer en die verkragters daarvoor blameer. Sy voel alleen en bang dat haar emosies haar oorweldig en wil nie daaroor dink nie. A probeer die seer vergeet deur haarself besig te hou, maar dit los haar nie uit nie. Haar woede skep afstand tussen haar en ander mense. Sy stel dat sy niemand met haar woedeuitbarstings wil seermaak nie, omdat sy weet hoe dit voel om seer te kry en ongelukkig te wees.

**Respondent B**

B het verdeelde polariteite ervaar, omdat sy kwaad, skuldig en skaam voel oor die mishandeling. B het haarself in polariteite beskryf. Sy het die onderskeid tussen haar "ware self" en "ideale self" soos volg in Tabel 9.2 beskryf:

**Tabel 9.2 Respondent B se "ware self" en "ideale self"**

| Ware B | Ideale B |
|---|---|
| • *Wie my ouers verwag ek moet wees, wat ek nie is nie, die persoon wat hul so hard probeer om te verander.*<br>• *'n Mislukking*<br>• *Lelik en vet.*<br>• *Onpopulêre persoon wat gespot en beskinder word deur almal rondom my.*<br>• *Persoon wat nie weet wie of wat sy is nie.*<br>• *Persoon wat nêrens inpas nie.*<br>• *Iemand wat mense op trap.*<br>• *Iemand wat nooit 'n vaste vriend of vriendin het nie.*<br>• *Ouens spot my en kyk nie eers vir my nie.*<br>• *Iemand wat BAIE hartseer en eensaam is.*<br>• *Iemand wat soos 'n dier in 'n hok gevange gehou word.*<br>• *Niemand vat my ernstig op nie, meeste van die kere as ek praat luister niemand eers vir my nie.*<br>• *Iemand wat waarskynlik besig is om dood te gaan.*<br>• *Iemand waarin niemand glo nie.*<br>• *Iemand wat deur almal "gejudge" word.*<br>• *Iemand wat deur mense verwerp word.*<br>• *Iemand wat oor alles skuldig voel.*<br>• *Iemand wat baie fyngevoelig is en seergemaak word.*<br>• *Iemand wat nie meer hoop het nie.*<br>• *Baie groot feminis.*<br>• *Iemand wat haarself nie kan aanvaar nie.*<br>• *Sukkel om al haar probleme te hanteer.* | • *Die persoon wie ek eintlik wil wees en wat ek wil hê ander moet sien as hul na my kyk.*<br>• *Iemand wat altyd vriendelik en vrolik is.*<br>• *Iemand wat baie "close" vriende het.*<br>• *Iemand wat ander altyd sal help ten spyte van haarself.*<br>• *Ouens hou van my en spot my nie.*<br>• *Mooi en maer.*<br>• *Iemand wat weet wie en wat sy is en weet waarheen sy oppad is.*<br>• *Iemand wat altyd haar kop hoog hou.*<br>• *Iemand wat selfstandig is en niemand anders in haar lewe nodig het nie.*<br>• *Iemand met innerlike vreugde.*<br>• *Iemand wat ernstig opgeneem word deur ander, waarvoor hul respek het.*<br>• *'n Gesonde, gelukkige persoon.*<br>• *'n Goeie rolmodel en iemand om na op te kyk.*<br>• *Iemand wat bly omgee oor ander wat niks van haar hou of voel nie.*<br>• *Iemand wat sterk is en nie toelaat dat ander haar seermaak of beïnvloed nie.*<br>• *Iemand wat maklik vergewe.*<br>• *Glad nie skaam nie.*<br>• *Ekstrovert.*<br>• *Positiewe, optimistiese persoon.*<br>• *Iemand wat vryheid het.* |

**Respondent C**

C het gestel dat hy verlig voel om met die terapeut te praat, maar kwaad vir homself en die seuns is wat hom in graad nege gemolesteer het. C voel skuldig, minderwaardig en 'n mislukking, omdat hy homoseksueel is. Hy blameer die molesteerders vir die woede en bitterheid wat hy ervaar. Hy probeer die seer vergeet as hy met sy studies besig is, maar dit gaan nie goed met sy studies nie. C stel dat hy baie drink en saam met sy vriende kuier om van die molestering te vergeet. Hy probeer op die goeie dinge fokus, maar sy woede skep afstand tussen hom en sy familie. Hy is altyd kwaad wanneer hy huis toe gaan en wil nie daar wees nie. C stel dat hy doelloos, pessimisties en negatief oor die lewe is.

**Respondent D**

D het gestel dat sy alleen en beskadig deur haar omstandighede voel. D het haarself van die omgewing onttrek en haar ouers nie van die molestering vertel nie. Sy voel skuldig, minderwaardig en 'n mislukking, terwyl sy haar ouers en die molesteerder blameer. D kan nie van die molestering vergeet nie, omdat sy terugflitse van die gebeure kry. Wanneer D in haar kamer instap word sy bang en vrees dat die molesteerder by die huis sal opdaag. Sy probeer die seer vergeet, maar die herinnering aan die gebeure maak haar moedeloos. D het 'n probleem met alkoholmisbruik ontwikkel. Sy voel negatief oor haarself en is gevoelloos teenoor haar liggaam. D stel dat sy met ander manstudente seksuele omgang gehad het, omdat sy verplig voel om in verhoudinge met mans seksuele omgang te hê. Dit wek by haar 'n gevoel van nabyheid, aanvaarding, liefde en die ervaring om beheer oor 'n man te hê.

**Respondent E**

E het gestel dat sy eensaam en beskadig deur die molestering voel. Die molestering beheer E se denke en emosie. Sy het haarself van haar omgewing en haar ma onttrek. E blameer haar stiefpa vir die emosionele pyn van die molestering. Sy voel skuldig, minderwaardig en 'n mislukking. E probeer die seer vergeet, maar die herinnering aan die gebeure maak haar moedeloos. Sy

voel negatief oor haar liggaam en probeer gevoelloos teenoor haar liggaam wees, ten einde met die pyn van die mishandeling te deel. E het 'n probleem met bulimie en selfskending ontwikkel. Sy spuit gereeld insekdoder op haar liggaam om die emosionele pyn van die molestering te verlig. Die hoofpyn wat E ontwikkel as gevolg van die insekdoder, het haar van die molestering laat vergeet. E stel dat sy op hierdie wyse beheer oor haarself ervaar.

#### 9.3.2.1.2.2 Analisering en evaluering van sessie 2

Sessie twee het die vasstelling van die respondente se proses en sin vir die self deur emosionele bewuswording en die omgewing se invloed daarop behels. Die respondente het dit moeilik gevind om oor hul huidige omstandighede te praat, omdat hulle tydens die sessie senuweeagtig, hartseer, skuldig en skaam gevoel het. In die roosboomprojeksie is die respondente se emosionele bewussyn verhoog. Die impak van die mishandeling op hul emosionele bewussyn het as verwysingsraamwerk vir hul organismiese selfregulering gedien waarbinne hulle hul probleme hanteer om hulself teen verdere pyn te beskerm.

Vervolgens word die analisering van sessie twee aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.1.2.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.3:

**Tabel 9.3 Analisering van sessie 2**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Impak van mishandeling | Die respondente het bewus van hul beskadigde self en die disfunksionele gedrag wat daaruit gevloei het, geword.<br>• Depressie, lae selfbeeld, skuld, skaamte, angs, woede.<br>• Gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, verswakte sosiale verhoudinge.<br>• Selfskending, selfmoordpoging, eetversteurings, middelmisbruik.<br>• Kognitiewe verdraaiing, dissosiasie en onttrekking, terugflitse, slaapversteurings.<br>• Onvermoë om seks van affeksie te skei, promiskuïteit, verwarring oor seksuele oriëntasie. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing, isolasie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing, isolasie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing, egosentrisme | Desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing, impasse | Desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, egosentrisme |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ontwikkeling van selfvertroeteling | Die integrasie van verskillende polariteite het die respondente van hul emosionele uitdrukking wat hul gedrag bepaal bewus gemaak. Hierdeur is die respondente bemagtig om verantwoordelikheid vir die wyses waarop hulle optree te aanvaar en vir die keuses wat hulle uitoefen in die hantering van hul innerlike prosesse om emosionele uitdrukking daaraan te gee deur grense en beperkinge. Deur besitneming van hul emosies kon die respondente hulself in die bemeestering en beheer van selfregulering en self-ondersteuning definieer. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid | Fobiese laag met oorgang na impasse laag | Fobiese laag met oorgang na impasse laag | Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag | Fobiese laag met oorgang na impasse laag | Fobiese laag met oorgang na impasse laag |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.3 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie twee verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- Die roosboomprojeksie het aan die respondente die geleentheid gebied om hul eie selfkonsep en sin vir die self in die *hier-en-nou* te ontwikkel deur verantwoordelikheid vir hul emosies te aanvaar. Die respondente is tydens die projeksie bemagtig om van hul emosie bewus te word en hul gevoel vir vrees en frustrasie te ontsluit.
- In sessie twee het dit geblyk dat die respondente in die fobiese laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.2 beskryf). Die respondente het in hierdie laag ongemak ervaar en probeer om hul emosies (soos skuld en skaamte) te onderdruk. Die terapeut het die respondente van die ongemak en hul kontakgrensversteurings bewus gemaak, waarna hulle na die impasse laag van die struktuur van persoonlikheid beweeg het (soos in 3.5.3 beskryf). Respondent C het in die sessie geleidelik na die implosiewe laag beweeg.
- Die respondente se selfkonsep, ontwikkelingsfase en die impak van die mishandeling het 'n bepalende invloed op hul proses gehad.
    - Die proses wat respondent A gereflekteer het, het gespreek van depressie, lae selfbeeld en selfwaarde, skuld, skaamte, woede, gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, verswakte sosiale verhoudinge, selfmoordpoging, terugflitse en slaapversteurings (soos in 5.6.2 beskryf). A het in die sessie kontakversteuring ten opsigte

van introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing en isolasie uit die omgewing getoon. Sy het haarself in polariteite as 'n mislukte en minderwaardige mens beskryf. Die terapeut het A in haar proses begelei om kontak met haar ervaring van skuld en skaamte te maak. Deur reflektering en integrering van haar emosies is A bemagtig om besit van verskillende emosies wat haar gedrag bepaal te neem.

- Die proses wat respondent B gereflekteer het, het gespreek van depressie, lae selfbeeld en selfwaarde, skuld, skaamte, angs, woede, verswakte sosiale verhoudinge, eetversteurings en terugflitse (soos in 5.6.2 beskryf). B het in die sessie kontakversteuring ten opsigte van introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing en isolasie uit die omgewing getoon. Die terapeut het B in haar proses begelei om kontak met haar ervaring van skuld en skaamte te maak. Sy het haarself in polariteite beskryf deur 'n onderskeid tussen haar "ware self", as 'n mislukte en minderwaardige mens, en haar "ideale self" te tref (soos in 6.4.4.4.1 beskryf). Deur reflektering en integrering van haar emosies is B bemagtig om besit van verskillende emosies wat sy ervaar van die "ware self" en "ideale self" te neem.
- Die proses wat respondent C gereflekteer het, het gespreek van depressie, lae selfbeeld en selfwaarde, skuld, skaamte, woede, gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, verswakte sosiale verhoudinge, middelmisbruik en verwarring oor seksuele oriëntasie (soos in 5.6.2 beskryf). C het in die sessie kontakversteuring ten opsigte van introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing en egosentrisme uit die omgewing getoon. Hy het homself in polariteite as 'n mislukte en minderwaardige mens beskryf. Deur reflektering en integrering van sy emosies is C bemagtig om besit van verskillende emosies wat sy gedrag bepaal te neem.
- Die proses wat respondent D gereflekteer het, het gespreek van depressie, lae selfbeeld en selfwaarde, skuld, skaamte, angs, woede, gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, selfskending, middelmisbruik, terugflitse, onvermoë om seks van affeksie te skei en promiskuïteit (soos in 5.6.2 beskryf). In die sessie het D 'n gebrek aan energie ervaar om haar skuld en skaamte emosies te hanteer

(vergelyk Oaklander, 2007:143; Just, 2001:2). Sy sien geen oplossing vir haar omstandighede nie en ervaar dit as 'n vernedering. D het in die sessie kontakversteuring ten opsigte van desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing en impasse uit die omgewing getoon. Deur reflektering en kontakmaking van haar emosies is D bemagtig om besit van die woede, skuld en skaamte wat sy ervaar te neem. Hierdeur het D se bewussyn en selfbeeld verhoog sodat sy haar skuld en skaamte emosie kan beheer en met die omgewing integreer.

  - Die proses wat respondent E gereflekteer het, het gespreek van depressie, lae selfbeeld en selfwaarde, skuld, skaamte, angs, woede, gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, verswakte sosiale verhoudinge, selfskending, eetversteurings en terugflitse (soos in 5.6.2 beskryf). E het kontakversteuring ten opsigte van desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme en egosentrisme uit die omgewing getoon. Sy het haarself in polariteite as 'n mislukte en minderwaardige mens beskryf. Deur reflektering en integrering van haar emosies is E bemagtig om besit te neem van die emosies wat haar gedrag bepaal.

- In die sessie het die respondente hulself beskerm en doelbewus van die emosionele pyn wat hulle ervaar probeer distansieer deur kontakgrensversteurings wat deel gevorm het van die respondente se selfregulering en selfbewussyn (soos in 3.4.4 beskryf).
- Die respondente is met behulp van die roosboomprojeksie (soos in 3.7.2.5.1 beskryf) bemagtig om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel, sodat hulle met hulself en hul verhouding met die omgewing in kontak kan kom. In die projeksie het die respondente besit van hul emosie geneem om die ervaring van skuld en skaamte te ontsluit. Dit het die respondente se bewussyn oor hulself versterk, sodat hulle hul skuld en skaamte emosie met hul gedrag kon integreer. Deur hul skuld en skaamte emosie in die sessie in polariteite uit te speel, het die respondente geleentheid gekry om van hul kontakversteurings bewus te word. Die terapeut het die respondente bemagtig om selfondersteunend op te tree en alternatiewe keuses in die uitdrukking van hul emosies te maak.

- Die bewusmaking van polariteite en aanvaarding van verantwoordelikheid vir hul emosies het die respondente se selfkonsep, selfbeeld en selfwaarde verbeter, sodat hulle uiting aan hul emosies kon gee en kontak met hulself en hul omgewing kon maak. Die integrasie van verskillende polariteite het die respondente bewus van emosionele uitdrukkings wat hul gedrag bepaal gemaak. In die besitneming van hul emosies kon die respondente hul selfregulering en self-ondersteuning bemeester en beheer. Dit het die respondente bemagtig om verantwoordelikheid vir hul emosionele uitdrukking te aanvaar en die keuses wat hulle in die hantering van hul innerlike prosesse deur grense en beperkinge uitoefen.
- Sessie twee is afgesluit deur bemagtiging en selfvertroeteling. Dit het die respondente begelei om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir skuld en skaamte polariteite, ŉ realistiese selfkonsep te vorm en die self met sowel negatiewe en positiewe emosies, asook swak en sterk identiteite te aanvaar. Die respondente het hulself gedefinieer en in kontak met hulself en hul omgewing gekom deur die roosboomprojeksie te besit, ŉ stelling oor hulself te maak en die wyse te bepaal hoe hulle in die toekoms kan optree.

#### 9.3.2.1.3 Sessie 3: Verhouding met die omgewing deur bewustheid en besitneming van onvoltooidhede

##### 9.3.2.1.3.1 Verloop van sessie 3

Om die respondente se sin vir die self te versterk het die terapeut hulle gevra om ŉ monster van klei te maak. Die doel van die monstertegniek was om die respondente van die wyse waarop hulle die mishandeling ervaar bewus te maak (soos in 3.7.2.5.2 beskryf). Dit het die geleentheid geskep om die respondente deur middel van rollespel en die leëstoeltegniek te bemagtig om *hier-en-nou* bewus te word van hul woede, skuld en skaamte.

**Respondent A**

Respondent A het in haar monsterprojeksie besluit om twee monsters te maak wat haar broer en die verkragters verteenwoordig. A stel dat sy

verdedigingsmeganismes gebruik om haar emosies te probeer ontvlug. Wanneer sy nie goed voel nie, gaan slaap sy en hoop dat sy beter sal voel wanneer sy wakker word. A voel nie net waardeloos in haarself nie, maar waardeloos en minderwaardig in die oë van haar vriende en ander mense wat sy ontmoet. Dit maak A depressief en moedeloos wanneer sy haar selfbeeld in stand probeer hou, maar altyd hulpeloos en waardeloos voel. Alhoewel A altyd bedreig deur ander voel, hulle nie vertrou nie en valse grense stel deur haar woede weg te steek, probeer sy ander mense help, omdat sy verantwoordelik voel. A laat ook nie toe dat ander aan haar liefde bewys nie, want *"... jy moet hulle van jou lyf af weg hou, hulle is nie regtig lief vir jou nie".*

Wanneer A van haar skuld en skaamte bewus word, ervaar sy woede en haat teenoor haar broer en die verkragters. Sy is bang vir die uitdrukking van haar woedebuie en keer dit op haarself deur skuldgevoel. A voel skuldig en skaam oor haar gevoelens. Sy huil soms om van haar emosie ontslae te raak, want sy voel soos 'n totale mislukking in die lewe. A glimlag elke dag, sodat die mense nie haar seer moet sien nie. *"Wat sal die mense sê as hulle weet wie jy is en wat met jou gebeur het?"* A voel vuil en skuldig. Sy dink mense sal sê sy is 'n *"slet"* wat daarvoor gesoek het. Daarom voel sy selfbewus wanneer sy tussen mense is, want dit voel of almal kan sien wat met haar gebeur het en dat sy *"... anders as ander meisies"* is. A het haarself blameer en gestel dat sy waarskynlik die mishandeling verdien het, omdat God haar moontlik vir iets wat sy verkeerd gedoen het, gestraf het.

A stel dat die woede en bitterheid al haar energie opgebruik. Sy is kwaad vir God, haar ouers, haar broer en die verkragters, maar sy glo dat sy aan God kan vashou. A stel dat die molestering en verkragting haar hele wese aangetas het. Sy slaap baie min en kry terugflitse oor die gebeure. Die herinneringe aan die molestering en verkragting bly in haar gedagtes. A gaan draf en oefen in die oggend totdat sy naar is, om van die pyn te vergeet en haar kop skoon te kry. Sy eet ook net wanneer dit nodig is, want sy wil nie vet word nie.

A was van haar repeterende en herhaalde denke aan die molestering en verkragting bewus. Sy dink sy het 'n obsessie daarmee, want sy kan dit nie vergeet nie. A probeer "... *dit net in 'n boksie sit en in haar gedagtes bêre".* Sy probeer positief bly, maar dink dat haar broer en die verkragters nie onthou dat hulle haar seergemaak het nie. *"Hulle gaan seker aan met hulle lewe en ek sit*

*en "sulk" alleen".* A stel dat dit waarskynlik net sy is wat 'n probleem het en niemand anders sal dit verstaan nie.

A voel dat sy permanent deur die gebeure verander is. Sy kan nie op haar ouers staatmaak nie en sy het agtergekom wat haar broer en ander mense van haar dink. A besef dat haar omstandighede haar lewe verander het en dat sy beheer oor haar emosies moet kry. Sy was altyd in beheer, maar dit voel of sy gebreek is. Hierdie bewustheid het A tot die gevolgtrekking gelei dat die lewe uiters onregverdig is en sy blameer God daarvoor.

**Respondent B**

B het in haar monsterprojeksie besluit om 'n monster van haar pa te maak. B stel dat sy onttrek en haarself isoleer om haar emosies te probeer ontvlug. Sy blameer haar ouers vir haar woede. Dit maak B depressief en moedeloos wanneer sy haar selfbeeld probeer in stand hou, maar altyd hulpeloos en waardeloos voel. Dit maak B hartseer en kwaad wanneer sy sien dat haar familie haar as gevolg van haar woedeuitbarstings vermy.

Wanneer B van haar skuld en skaamte bewus word, ervaar sy woede en haat teenoor haar pa en haar suster. Sy is bang vir die uitdrukking van haar woedebuie en keer dit op haarself deur skuldgevoel en selfskending. B voel skuldig en skaam oor haar gedrag. Sy huil soms om van haar emosie ontslae te raak, maar dit laat haar met 'n gevoel van minderwaardigheid, magteloosheid en vernedering. Volgens B wys trane *"... jou swakheid en mag jy nie in ons huis huil nie".* B blameer haarself vir haar ouers se optrede, omdat sy die oorsaak van die mishandeling by haarself soek.

B het gestel dat die woede, bitterheid en selfkritiek al haar energie opgebruik het. Sy is soms kwaad vir God, maar glo dat Hy haar elke dag krag gee om nie moed te verloor nie. Die mishandeling het B se hele lewe verander. B voel minderwaardig tussen haar vriende, maar probeer hulle help, omdat sy verantwoordelik voel. Sy is bewus van haar repeterende en herhaalde denke aan die mishandeling en is bang om naweke huis toe te gaan. Sy dink gereeld verskonings uit om in die koshuis te bly en by al die aktiwiteite op die kampus betrokke te wees. Sy vergelyk haar voortdurend met haar suster en voel minderwaardig. B voel deur haar familie wat nie vir haar omgee nie verwerp. Sy

ervaar haarself as 'n struikelblok vir die gesin. B voel dat sy permanent verander is deur die mishandeling. Hierdie bewustheid het B tot die ervaring gelei dat die lewe onregverdig is. Tydens die sessie het B haar verdedigingsmeganismes ontbloot en begin om met haar werklike self kontak te maak.

**Respondent C**

C het in sy monsterprojeksie besluit om 'n monster wat homself verteenwoordig te maak. C voel nie net waardeloos in homself nie, maar ook waardeloos en minderwaardigheid in die oë van sy vriende. Hy blameer die molesteerders vir die woede wat hy ervaar. Dit maak C depressief en moedeloos wanneer hy sy selfbeeld in stand probeer hou, maar altyd waardeloos en minderwaardig voel. Alhoewel C altyd valse grense stel deur sy woede weg te steek, probeer hy ander mense help, omdat hy skuldig voel wanneer hy hulle nie help nie. Dit maak C hartseer en kwaad wanneer hy sien dat ander hom as gevolg van sy selfkritiek en negatiewe ingesteldheid teenoor die lewe vermy. Wanneer C van sy skuld en skaamte bewus word, ervaar hy woede en haat teenoor die molesteerders. Hy is bang vir die uitdrukking van sy woedebuie en keer dit op homself deur skuldgevoel. C voel skuldig en skaam oor sy gevoelens en huil soms om van sy emosie ontslae te raak, maar *"... 'n man mag nie huil nie"*. C voel soos 'n totale mislukking in die lewe. Soms voel dit vir C of God hom straf deur alles wat verkeerd loop in sy lewe.

C het gestel dat skuld en skaamte hom emosioneel dreineer, omdat hy homself met ander vergelyk en sy selfbeeld kritiseer. C stel dat die molestering sy selfbeeld verander het, omdat hy niks van homself dink nie en nie mense in die oë kan kyk nie. C is bewus van sy repeterende en herhaalde obsessiewe denke aan die molestering. C stel dat die bitterheid hom moeg maak en voel skuldig en skaam oor die vergelding waaraan hy soms dink. C stel dat hy nie dink die molesteerders weet hoe hulle sy lewe permanent verander het nie. C stel dat hy altyd voorgee om iemand te wees wat hy nie wil wees nie. Hy stel dat die lewe uiters onregverdig is *"... mense verstaan nie, hulle is selfsugtig, dink net aan hulself en trap op ander"*. C blameer God daarvoor dat hy mense nie meer straf wanneer hulle ander benadeel nie.

Die terapeut het C bewus gemaak van sy innerlike self wat in sy leefwêreld tot openbaring kom deur sy intense selfkritiek en skaam persoonlikheid. Die terapeut het C se nie-verbale emosies tydens die terapeutiese proses waargeneem deur sy intense skaam liggaamshouding en aggressie.

**Respondent D**

D het in haar monsterprojeksie besluit om 'n monster van die familievriend wat haar gemolesteer het te maak. D gebruik verdedigingsmeganismes om haar emosies te probeer ontvlug en voel nie net waardeloos in haarself nie, maar ook skaam en minderwaardig in haar omgewing. Sy blameer die familievriend vir haar skuld en skaamte. Sy stel dat sy ook skaam en skuldig voel oor haar woedeuitbarstings. D voel vuil en blameer haarself dat sy die molestering nie vroeër aangemeld het nie. D stel dat haar woede en bitterheid al haar energie opgebruik. Die negatiewe invloed van die molestering lei tot repeterende en herhaalde denke aan die pyn en omstandighede waarin sy verkeer. D voel dat sy permanent deur die molestering verander is: *"Ek ken myself nie meer nie. Ek breek myself af. Ek is 'n super negatiewe mens. Wonder altyd hoekom dit met my gebeur het".* Die molestering het ook haar interpersoonlike verhoudinge beskadig: *"Dit maak dat ek liefde wegstoot, ...ek vra altyd wat iemand wil hê in ruil vir liefde".* Dit het D tot die gevolgtrekking gelei dat die lewe baie onregverdig is: *"Niemand sal in my belangstel nie, want ek is beskadig en opgebruik".*

**Respondent E**

E het in haar monsterprojeksie besluit om 'n monster van haar stiefpa te maak. E beskryf haar emosie as 'n "*roller coaster*" wat sy nie kan beheer nie. "*Ek blameer myself vir alles. Ek is kwaad vir myself".* E voel nie net waardeloos in haarself nie, maar ook minderwaardigheid in haar omgewing. Wanneer E van haar skuld en skaamte bewus word, ervaar sy woede en haat teenoor haar stiefpa. Sy is bang vir die uitdrukking van haar woedebuie en keer dit op haarself deur skuldgevoel en selfskending. Dit maak E hartseer en kwaad wanneer sy sien dat ander haar as gevolg van haar woedeuitbarstings vermy. E stel dat die woede en bitterheid haar energie opgebruik en haar persoonlikheid

verander het.  Sy het van haar repeterende en herhaalde denke aan die molestering bewus geword en haarself met haar stiefpa vergelyk, omdat hy voortgaan met sy lewe sonder enige pyn of skade.  E is hartseer dat haar ma deur haar stiefpa emosioneel en fisies mishandel word.  E voel permanent verander deur die molestering en worstel met die vraag: *"Hoe kon hy dit geweteloos aan my doen en my nou ignoreer, asof ek nie bestaan nie?"*.  Hierdie bewustheid het E tot die gevolgtrekking gelei dat die lewe onregverdig is.

#### 9.3.2.1.3.2 Analisering en evaluering van sessie 3

Tydens die sessie is die respondente se bewustheid van hul emosionele seer en pyn wat met die mishandeling geassosieer word verhoog.  Die bewustheid het die respondente tot die besef dat hulle geregtig is om seer, kwaad en verwerp te voel gelei.  Deur reflektering en integrering van hul emosies is die respondente bemagtig om van die emosies wat hulle gedrag bepaal besit te neem.  Dit het aan hulle die geleentheid gegee om hul onvoltooidhede en emosie uit te druk en hul idees en oortuigings teenoor die oortreder te ondersoek.  Die bewustheid en identifisering van hul kognitiewe en emosionele veranderlikes het die respondente bemagtig om te verstaan hoe hulle idees en oortuigings oor hulself, ander en die wêreld verander het.  Vervolgens word die analisering van sessie drie aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.2.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.4:

**Tabel 9.4 Analisering van sessie 3**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Psigologiese verdedigings-meganismes | Om die bewuste ervaring van mishandeling te probeer ontvlug het die respondente verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings gebruik om hulself teen emosionele pyn te beskerm. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing, isolasie en impasse | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing, isolasie en impasse | Desensitisasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing, egosentrisme, isolasie en impasse | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, isolasie en impasse | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme, samevloeiing, en impasse |

<table>
<tr><td>Konfrontering van woede</td><td colspan="5">Die bewustheid van polariteite, negatiewe sensoriese ervaringe en onvoltooidhede het gevoelens van woede teenoor die oortreder gewek. Met behulp van die monstertegniek in die kleiprojeksie en die leëstoeltegniek het die respondente erkenning aan hul gevoelens om woede te konfronteer en te ontlaai gegee.</td></tr>
<tr><td>Emosionele pyn van skuld en skaamte</td><td colspan="5">Skuld en skaamte het die respondente se gedrag, hul siening van hulself en hul interpersoonlike verhoudinge beïnvloed. Deur reflektering en integrering van skuld en skaamte emosies is die respondente bemagtig om van die skuld en skaamte polariteite wat hul gedrag bepaal besit te neem.</td></tr>
<tr><td>Uitputtende emosionele energie</td><td colspan="5">Die respondente het bewus van hul eie pogings om die pyn van die mishandeling te verwerk geword en die uitputting daarvan op hul emosionele energie.</td></tr>
<tr><td>Kognitiewe repeterende en herhaalde denke</td><td colspan="5">Deur die bewustheid van kognitiewe repeterende en herhaalde denke aan die mishandeling het die respondente van hul obsessiewe herinneringe en die gepaardgaande emosies wat voortdurend op hul voorgrond is bewus geword.</td></tr>
<tr><td>Konstante vergelyking met die oortreder</td><td colspan="5">Bewustheid van die konstante vergelyking met die oortreder het dit vir die respondente moeilik gemaak om ŉ oplossing vir hul probleme te sien. Deur bemagtiging van die respondente is hulle in kontak met hul eie emosionele pyn en ongelukkige situasie wat in vergelyking met die oortreder nie dieselfde pyn ervaar nie, gebring.</td></tr>
<tr><td>Lewens-verandering deur die mishandeling</td><td colspan="5">Die respondente is in kontak met hul ervaring dat die mishandeling ŉ negatiewe en permanente lewensverandering veroorsaak het gebring. Die respondente is bemagtig om besit van die ervaring van hulself in die omgewing te neem.</td></tr>
<tr><td>Verandering van ŉ “regverdige” lewens- en wêreldbeskouing</td><td colspan="5">Die terapeut het die respondente bemagtig om realisties na hulle omstandighede te kyk en werklikhede in hul lewe te konfronteer. Die respondente se bewustheid en insig is verhoog in die moontlike verandering van ŉ “regverdige” lewens- en wêreldbeskouing. Die bewustheid het respondente tot die gevolgtrekking gelei dat die lewe onregverdig is.</td></tr>
<tr><td>Ontwikkeling van selfvertroeteling</td><td colspan="5">Die ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente begelei om verantwoordelikheid vir hul skuld en skaamte polariteite te neem en die self met sowel negatiewe as positiewe emosies en identiteite te aanvaar. Die respondente is bemagtig in die ontwikkeling van selfvertroeteling om ŉ sterk sin vir die self te ontwikkel.</td></tr>
<tr><td>Struktuur van persoonlikheid</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe laag</td><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe laag</td></tr>
</table>

Volgens die bogenoemde Tabel 9.4 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie drie verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die oorgang van die fobiese na die impasse laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.2 en 3.5.3 beskryf). Die respondente het ŉ gebrek aan energie om hul skuld en skaamte emosies te hanteer ervaar. Die terapeut het die

respondente van die negatiewe en uitputtende emosionele energie bewus gemaak, waarna hulle na die implosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid beweeg het (soos in 3.5.4 beskryf). Die respondente het geen uitkomkans in die ervaring van skuld en skaamte gesien nie, omdat hulle geglo het dat hulle nie oor die hulpbronne en innerlike krag om te verander beskik nie. Deur bewustheid is die skuld en skaamte emosies waarvan die respondente vervreem geraak het na vore gebring.

- Om die respondente se bewustheid en uitdrukking van gevoelens te versterk het die terapeut die leëstoeltegniek met behulp van rollespel en polariteite gebruik (soos in 3.7.2.3 beskryf). Die doel was om die respondente van die wyse waarop hulle hul woede, skuld en skaamte ervaar bewus te maak. Die ongemak wat geskep is het 'n bewustheid van die onvoltooidhede wat hulle lewe inperk veroorsaak. Die respondente het van hul beskadigde self bewus geword en die disfunksionele gedrag wat daaruit gevloei het.
- Om die bewuste ervaring van mishandeling te probeer ontvlug het die respondente verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings gebruik om hulself teen emosionele pyn te beskerm (soos in 3.4.4 en 7.6.5 beskryf). Die terapeut het die respondente van hul innerlike self wat in die alledaagse leefwêreld tot openbaring kom in die uiterlike self bewus gemaak. Deur in polariteite te werk is die respondente se bewussyn van hul emosies en optredes versterk. Die benutting van polariteite het die realiteit by die respondente tuisgebring en hulle uit die ontkenning van hul emosies gelig.
- Die respondente is bemagtig om sensories in kontak met hulself in die *hier-en-nou* te kom en 'n nuwe bewustheid te skep, waardeur hulle hul emosie en gedrag kon identifiseer en besit. Die terapeut het die respondente se nie-verbale emosies tydens die terapeutiese proses deur hul liggaamshouding en aggressie waargeneem. Soms het dit geblyk of die respondente hul emosies nog nie behoorlik kan assimileer nie.
- Die respondente het hul hartseer en woede uitgebeeld deur hul aggressie-energie met behulp van die leëstoeltegniek te verplaas na die monsterprojeksies van klei. In die proses is ruimte vir die ontlading van aggressie, skuld en skaamte geskep, wat oorgegaan het in bewuswording van die uitputtende emosionele energie en herhaalde kognitiewe denke aan

die oortreders en die mishandeling. Hierdeur het die respondente van ’n negatiewe en permanente lewensverandering as gevolg van die mishandeling bewus geword en met ’n onregverdige lewens- en wêreldbeskouing geïdentifiseer.

- In die sessie is die respondente begelei om hul aggressie-energie te voel en te ervaar. Om hul emosie en aggressie-energie te ontsluit het die respondente van die monsterprojeksie besit geneem en deur die leëstoeltegniek van hul kontakversteurings bewus geword.
- Sessie drie is afgesluit deur bemagtiging en selfvertroeteling. Die terapeut het die respondente bemagtig om selfondersteunend op te tree en alternatiewe keuses in die uitdrukking van hul emosies te maak.

**9.3.2.1.4 Sessie 4: Bewustheid en bemagtiging in die keuse van vergifnis as ’n alternatiewe bron van die herstelervaring deur selfaktualisering en die neem van verantwoordelikheid**

**9.3.2.1.4.1 Verloop van sessie 4**

Sessie 4 behels die bemagtiging van die respondente tot selfaktualisering, selfondersteuning en selfverantwoordelikheid. Met behulp van Oaklander se tekentegniek (soos in 3.7.1.4 beskryf) is die respondente se bewustheid van polariteite verhoog sodat hulle hul emosie kan besit en uitdruk. Hierdeur kon hulle verantwoordelikheid vir hul emosies aanvaar en keuses maak deur die bepaling van alternatiewe (soos in 3.6.4 beskryf). Tydens die sessie is die respondente bemagtiging in hul keuse van vergifnis as ’n alternatiewe bron van die herstelervaring.

**Respondent A**

A is gevra om haar huidige omstandighede en emosies met behulp van ’n tekening van haarself en die mense wat haar lewe negatief beïnvloed te beskryf. Sy het haarself met ’n groot kop geteken waar sy haar gevoelens in segmente verdeel. A het gestel dat sy al baie pogings om van die molestering en verkragting te vergeet aangewend het, maar sy kry dit nie reg om haar woede, skuld en skaamte te beheer nie. Deur die projeksie beskryf sy haar hantering

van emosie soos volg: *"Die seer dinge bêre ek in 'n "folder" in my kop. My "crap folder". Dit gaan nie oop nie. Dit moet ook nie oopgaan nie. My "crap folder" het 'n "password" wat ek wil vergeet, maar ek sal daaraan moet werk".*

A het besef dat haar verwerking van die molestering en verkragting in die verlede onvoldoende was en dat verandering moet plaasvind. Sy het altyd op die pyn wat haar broer en die verkragters veroorsaak het gefokus. A het gevoel dat haar negatiewe gevoelens, denke en gedrag ongesond is, omdat sy niks van haarself dink nie en altyd net aan die seer en pyn dink. Dit maak haar depressief en moedeloos.

> *"Ek word baie kwaad en tree impulsief op as ek depressief is. Ek probeer dit beheer. ... Ek het al probeer om my "folder" skoon te maak, maar dit maak seerder om dit oop te maak as om dit net te los. Almal het pyn, maar ek kan nie meer met my "pyn" saamleef nie".*

A het haar broer en die verkragters vir haar ongelukkigheid blameer. Sy huil wanneer sy nie haar emosies kan beheer nie, maar sal eerder wil lag. A het gestel dat sy al gewonder het oor vergifnis, omdat die Bybel sê 'n mens moet vergewe.

> *"Vergifnis begin by jouself, ... maar ek word kwaad om myself te vergewe as ek skuldig en skaam voel. Beteken vergifnis om te vergeet, beteken dit om jou seer in 'n boksie te sit, ... beteken dit as ek vergewe ek is "fine, orraait en oukei". ...My lewe het verander. ... Vergifnis beteken miskien dat ek my "crap folder" moet "delete". Maar dit is nie so maklik nie."*

A het nie van vergifnis gehou nie, want dit laat haar soos 'n verloorder en 'n mislukking voel. Die terapeut het A bemagtig en verduidelik wat vergifnis is (soos in 2.5.3, 7.2.2, 7.2.3, 7.7 en 8.2.2.3.1.3(d) beskryf). A het vergifnis as 'n alternatiewe opsie vir die herstelervaring oorweeg om haar pyn te hanteer.

**Respondent B**

B is gevra om haar huidige omstandighede en emosie met behulp van 'n tekening van haarself en haar gesin te beskryf. B het gestel dat sy al baie pogings om van die mishandeling te vergeet aangewend het, maar sy kry dit nie reg om haar woede, skuld en skaamte te beheer nie. B het besef dat haar

hantering van die mishandeling in die verlede onvoldoende was en dat verandering om haarself te beskerm moet plaasvind. Sy het gevoel dat haar negatiewe gevoelens, denke en gedrag ongesond is, omdat sy niks van haarself dink nie en altyd woede, skuld en skaamte ervaar. Die kritiek, vernedering en minderwaardigheid waaraan B blootgestel is, rig sy gevolglik teen haarself as selfkritiek en retrofleksie van haar omstandighede. B wou nie meer met die skuld en skaamte emosies, wat haar lewe beheer, saamleef nie. B het gestel dat vergifnis *"... nie net 'n knoppie is wat jy druk nie"*. Sy het besef dat dit baie energie vereis en 'n doelbewuste proses is wat tyd neem. Die terapeut het B bemagtig en verduidelik wat vergifnis is (soos in 2.5.3, 7.2.2, 7.2.3, 7.7 en 8.2.2.3.1.3(d) beskryf). B het haar aan die vergifnisproses verbind om haar pyn te hanteer en haar selfwaarde te verbeter.

**Respondent C**

C is gevra om sy huidige omstandighede en emosie met behulp van 'n tekening van homself te beskryf. C het gestel dat hy al pogings om van die molestering te hanteer aangewend het, maar dat woede, skuld en skaamte sy lewe beheer. C het besef dat die verwerking van die molestering in die verlede onvoldoende was. Hy was kwaad vir God omdat die molestering met hom gebeur het. C het gevoel dat sy negatiewe gevoelens, denke en gedrag ongesond is, omdat hy niks van homself dink nie en altyd depressief en moedeloos is. C het gestel dat hy die hoofstuk in sy lewe wil afsluit. Hy het gestel dat hy nie weet hoe om dit reg te kry nie, omdat hy baie woede ervaar en nie die verlede kan vergeet nie. C wou die molesteerders vergewe omdat hy dit as 'n Christelike plig beskou. Die terapeut het C bemagtig en verduidelik wat vergifnis is (soos in 2.5.3, 7.2.2, 7.2.3, 7.7 en 8.2.2.3.1.3(d) beskryf). C het vergifnis as 'n alternatiewe opsie vir die herstelervaring oorweeg en sy onvergewens gesindheid as 'n *"... kakiebos wat aan jou klou en 'n vlek wat nie wil weggaan nie"* beskryf. C het ook besluit om die molesteerders te vergewe, omdat dit hom moontlik sal help om emosioneel heel te word en balans in sy lewe te kry.

**Respondent D**

D is gevra om haar huidige omstandighede en emosie met behulp van 'n tekening van haarself in haar huidige omstandighede te beskryf. D het stel dat haar verwerking van die molestering in die verlede onvoldoende was. D was ongelukkig, omdat God nie haar omstandighede kon verander nie. Dit het tot 'n gevoel van depressie en moedeloosheid gelei. Tydens die sessie het D verwerping ervaar omdat die molesteerder nie meer in haar belangstel nie en sy geen kontak met hom het nie. D het gestel dat sy die vergifnisproses sal oorweeg om emosioneel heel te word en balans in haar lewe te kry. Die terapeut het D bemagtig en verduidelik wat vergifnis is (soos in 2.5.3, 7.2.2, 7.2.3, 7.7 en 8.2.2.3.1.3(d) beskryf). D het haar aan die vergifnisproses verbind om haar pyn van skuld en skaamte te hanteer en haar selfwaarde te verbeter.

**Respondent E**

E is gevra om haar huidige omstandighede en emosie met behulp van 'n tekening van haarself en die mense wat haar lewe beïnvloed te beskryf. E het gestel dat haar verwerking van die molestering in die verlede onvoldoende was. Sy het gevoel dat haar negatiewe emosies, denke en gedrag ongesond is, omdat sy haarself as 'n mislukking beskou en niks van haarself dink nie. E was depressief en moedeloos oor haar omstandighede. Die terapeut het E bemagtig en verduidelik wat vergifnis is (soos in 2.5.3, 7.2.2, 7.2.3, 7.7 en 8.2.2.3.1.3(d) beskryf). E wou aan haar negatiewe skuld en skaamte emosies werk deur die vergifnisproses om emosioneel heel te word en balans in haar lewe te kry.

**9.3.2.1.4.2 Analisering en evaluering van sessie 4**

Met behulp van die tekentegniek en Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe werkmodel is die respondente begelei om hul projeksie te ondersoek en self betekenis daaraan te gee. In die projeksie is polariteite gebruik om die respondente te bemagtig. Hulle is in kontak met hulself en met die gedrag en emosies wat in die projeksie voorgekom het, gebring. In die projeksie het die respondente besit van hul emosie geneem. Hulle het van hul preokkupasie en konstante fokus op die emosionele pyn van die mishandeling en die oortreder

bewus geword. Die respondente is van negatiewe gevoelens, denke en gedrag wat ongesond is en onnodige pyn veroorsaak, bewus gemaak. Deur bewuswording van skuld en skaamte emosies het die respondente hul gedrag en ervaring probeer organiseer en reguleer, wat daartoe gelei het dat hulle bereid was om aan onvoltooidhede te werk. Vervolgens word die analisering van sessie vier aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.3.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.5:

**Tabel 9.5 Analisering van sessie 4**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Verandering van hart, oortuiging en nuwe insig dat ou oplossingstrategieë nie gewerk het nie | Die bewustheid van polariteite en besitneming van die uitdrukking van hul emosies het die respondente bemagtig in die bepaling van alternatiewe om negatiewe sensoriese ervaringe en emosies te hanteer. | | | | |
| Bereidwilligheid om vergifnis as ŉ alternatiewe opsie te oorweeg. | Die respondente is bemagtiging om vergifnis as ŉ opsie te oorweeg en onvoltooidhede te hanteer. | | | | |
| Verduideliking van vergifnis en verbintenis om die oortreder te vergewe | In die terapeut se verduideliking van vergifnis was die volgende van belang:<br>a) Bybelse konsep van vergifnis.<br>b) Wat vergifnis nie is nie.<br>c) Wat vergifnis wel is.<br>Die respondente het ŉ bewuste besluit om die oortreder te vergewe geneem. In die verbintenis tot vergifnis het die respondente negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder laat vaar. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egosentrisme, en impasse | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egosentrisme en isolasie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing, egosentrisme, en impasse | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie en egosentrisme |
| Ontwikkeling van selfvertroeteling | Deur selfaktualisering het die respondente selfondersteunend ten opsigte van vergifnis teenoor die oortreder opgetree. Die respondente se selfbeeld is verhoog deur selfaktualisering om keuses te maak en die oortreder vir die emosionele pyn van skuld en skaamte as gevolg van die mishandeling te vergewe. Hierdeur het die respondente selfvertroeteling van hul emosies ervaar en dit met die vergifnis aan die oortreder om hul balans te herstel geïntegreer. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid | Impasse laag met oorgang na implosiewe laag | Impasse laag met oorgang na implosiewe en eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.5 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie vier verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die impasse laag met oorgang na die implosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.3 en 3.5.4 beskryf). Die respondente het in die impasse laag weerstand ervaar, as gevolg van die onopgeloste emosies waarvan hulle bewus geword het. Hulle het ongemak in hul polariteite ervaar en dit as verdedigingsmeganisme aanwend. In die implosiewe laag het die respondente hul skuld en skaamte emosies begin ontlaai en onvoltooidhede verwerk deur eksperimentering met nuwe gedrag. Geleidelik het die respondente na die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid begin beweeg (soos in 3.5.5 beskryf). Respondent A het in die sessie geleidelik van die impasse laag na die implosiewe laag beweeg en eers in die volgende sessie in die eksplosiewe laag begin gefunksioneer.
- Die respondente is bemagtig om besit van die omvang van hul voorgrondprobleem te neem en het besef dat verandering binne hulself moet plaasvind. Dit het geblyk dat die respondente meer van hul verdedigingsmeganismes, omstandighede en emosies bewus geword het. Deur die bewustheid van polariteite kon hulle hul emosies besit en uitdruk om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar en self keuses te maak vir alternatiewe om verandering teweeg te bring (soos in 3.6.4 beskryf).
- Deur bemagtiging kon die respondente selfondersteunend optree om 'n sterk sin vir hulself te ontwikkel en vergifnis as 'n gepaste hanteringstrategie vir hul ervaring van skuld en skaamte te oorweeg.
- In die verbintenis tot vergifnis het dit geblyk dat die respondente die negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder sal laat vaar (soos in 6.5.4.2, 7.2.3.4, 7.3.4.2, 7.5.2.2 en 7.6 beskryf).
- Sessie vier is afgesluit deur bemagtiging en selfvertroeteling. Die ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente bemagtig om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak en die oortreder vir die emosionele pyn van skuld en skaamte te vergewe.

#### 9.3.2.1.5 Sessie 5: Bemagtiging in die aanleer van hanteringstrategieë en vaardighede in die vergifnisproses

##### 9.3.2.1.5.1 Verloop van sessie 5

Na die verbintenis om te vergewe het die respondente die werkfase van die vergifnisproses begin en konkrete stappe om vergifnis te laat realiseer met behulp van rollespel geneem (soos in 3.7.2 en 7.5.2.3 beskryf). In sessie vyf is die respondente van die kognitiewe en affektiewe verbintenis om te vergewe bewus gemaak. Deur bewustheid, selfondersteuning en integrasie van die respondente met hul omgewing is hulle tot nuwe insig en denke oor die mishandeling en die oortreder begelei.

**Respondent A**

A het dit moeilik gevind om haar broer en die verkragters se optrede te verstaan. Sy het kwaad, skuldig en skaam oor die molestering en verkragting gevoel. A het besef dat haar onvergewensgesindheid en die wrok wat sy dra, haar negatiewe emosies en gedagtes beheer. A het gestel dat dit haar broer se vriende was wat hom verander het, omdat hulle 'n slegte invloed op hom gehad het. Dit was vir haar moeilik om haar broer te vergewe, omdat hy veronderstel was om haar te beskerm en vir haar om te gee. A het gedink dat hy moontlik deur groepsdruk gemotiveer was om haar te molesteer. Hy het nie 'n meisie gehad nie, maar dit het nie sy optrede geregverdig nie. Sy kry haar broer jammer, omdat sy verhouding met meisies nie werk nie en hy nie in graad twaalf goed gedoen het nie. Wanneer A terug dink aan die molestering, maak dit haar kwaad en voel sy skuldig en skaam oor haar gevoel vir haar broer. A voel 'n "*jammer liefde*" vir hom en hoop dat hy eendag 'n goeie meisie sal kry. Sy het gestel dat sy hom nooit weer sal vertrou nie, omdat hy hulle verhouding beskadig het.

A het gestel dat die verkragters waarskynlik nie 'n goeie opvoeding of kindertyd gehad het nie. Sy het hulle nie verskoon van hul verantwoordelikheid nie en gewens dat die polisie hulle opspoor, sodat hulle gerehabiliteer kan word. Sy was kwaad en bitter vir hulle, maar wou die wraakgedagtes wat sy koester laat

vaar. A het dit besluit om barmhartig en genadig teenoor die verkragters te wees, soos God barmhartig en genadig teenoor alle mens is. A het aanvaar dat sy verander is deur die verkragting en dat sy geregtig op geregtigheid en vergelding is, maar dat sy die verkragters aan God se genade wil oorgee. Sy het hulle jammer gekry dat hulle onverantwoordelik en onvolwasse is.

A het gestel dat haar negatiewe gevoelens en gedagtes in empatie verander wanneer sy haar broer en die verkragters jammer kry. As ’n simboliese handeling vir die uiting van haar vergifnis het A ’n brief aan haar broer en die verkragters geskryf, dit hardop gelees en daarna opgeskeur (vergelyk Worthington, 2003:137-138; Worthington, *et al.,* 2000:16). Dit het vir A gevoel of sy haar pakkie “*crap folders delete*”. A het voorgestel dat sy in die toekoms meer positief oor haar broer sal dink en haar emosies sal beheer wanneer sy hom weer sien. A het die hoop uitgespreek dat die verkragters hulle lewe sal verander.

**Respondent B**

B het dit aanvanklik moeilik gevind om haar ouers se optrede te verstaan, omdat sy kwaad, skuldig en skaam oor die mishandeling gevoel het. B dink dat haar pa se omstandighede en kinderdae hom ’n negatiewe mens gemaak het. Sy het al gehoor hoe streng haar oupa sy kinders groot gemaak het. B het tydens die sessie jammer vir haar pa gevoel, omdat hy nie sy woede kan beheer nie. Sy het gewens hy kan ophou pessimisties teenoor die wêreld en homself wees, omdat dit moontlik haar situasie kan verbeter. B het besef dat haar ma bang vir haar pa is, omdat hy haar aanrand en emosioneel mishandel. B het minder woede teenoor haar ma ervaar, wanneer sy haar ma se omstandighede in ag neem. Haar ma het haar vertel dat haar ouma se broer haar ma as kind gemolesteer het en haar ma het haar verwyt dat sy dit bekend gemaak het.

B het aanvaar dat sy verander is deur die mishandeling en dat sy geregtig is om kwaad en bitter te voel, maar dat sy nie meer *“... soos ’n dier in ’n hok”* gevange gehou wil word deur haar woede, skuld en skaamte nie. B het gestel dat haar negatiewe gevoelens verander wanneer sy aan haar ouers se eie tekortkominge en hartseer dink. As ’n simboliese handeling vir die uiting van haar vergifnis het B ’n brief waarin sy haar ouers bedank het vir die geleentheid om te studeer en

vir hulle versorging in haar behoeftes geskryf (vergelyk Worthington, 2003:137-138; Worthington, *et al.,* 2000:16). B het voorgestel dat sy dit vir hulle gaan pos, sodat hulle gewaardeer en goed kan voel oor hulself.

**Respondent C**

C het dit moeilik gevind om die molesteerders se optrede te verstaan. Hy het woede, skuld en skaamte oor die molestering ervaar en besef dat sy onvergewensgesindheid, sy emosies en gedagtes beheer. C het tydens die sessie gestel dat die molesteerders moontlik verwarring oor hul seksuele oriëntasie ervaar het. Alhoewel C hulle jammer gekry het en nog kwaad vir hulle was, wou hy die wraakgedagtes wat hy met hom saamdra laat vaar. C het hom voorgeneem om hulle soos Jesus te vergewe. C het gestel dat Jesus ook die pyn en seer van mense ervaar het, maar dat Hy hulle sondes vergewe het toe Hy aan die kruis gesterf het (soos in 2.5.3 en 8.2.2.4.1.3(d) beskryf). C het daarvan bewus geword dat sy negatiewe gevoelens en gedagtes verander wanneer hy deur "*Jesus se oë*" na die molesteerders kyk.

Tydens die sessie het C die molestering as 'n lewensverandering ervaar wat verwarring oor sy seksuele oriëntasie gebring het. Hy het God al gevra om hom te verander, maar hy het vrede dat hy "gay" is, gemaak. Hy het ook antwoorde in die Bybel gesoek, maar kry verskillende antwoorde. C het besluit om die molesteerders te vergewe en gebid dat God hom ook genadig sal wees, *"... as dit verkeerd is om homoseksueel te wees"*. As 'n simboliese handeling vir die uiting van sy vergifnis het C sy hande gaan was soos Pilatus in Matt 27:24 (vergelyk Worthington, 2003:137-138; Worthington, *et al.,* 2000:16) en gestel dat hy *"... nou klaar met die molesteerders is en nie wil vashou aan die vuil en seer van die molestering nie"*. Na die simboliese handeling het C gestel dat hy positief oor die toekoms voel en verlig is dat hy die oortreders vry kon spreek en hulle aan God se sorg en genade kan toevertrou (soos in 2.5.3.5 beskryf).

**Respondent D**

D het daarvan bewus geword dat onvergewensgesindheid haar negatiewe emosies en gedagtes beheer. D was kwaad en bitter oor haar omstandighede,

omdat die molesteerder sy finansiële posisie misbruik het. Alhoewel D soms tydens die sessie nog woede, skuld en skaamte ervaar het, wou sy die wraakgedagtes wat sy met haar saamdra laat vaar. D het aanvaar dat sy verander is deur die molestering en wou nie die pyn van die molestering vir altyd met haar saamdra nie. Sy het die molesteerder jammer gekry dat hy beperkte waardes en norme handhaaf. D het gestel dat haar negatiewe gevoelens en gedagtes verander wanneer sy oor die molesteerder binne sy konteks dink. As 'n simboliese handeling vir die uiting van haar vergifnis het D 'n brief aan die familievriend waarin sy hom vergewe vir die molestering geskryf. Nadat sy dit hardop gelees het, het sy dit opgeskeur (vergelyk Worthington, 2003:137-138; Worthington, *et al.,* 2000:16). Na die simboliese handeling het D gestel dat sy die familievriend sal verdra wanneer sy hom weer sien, maar eerder sal probeer om hom te vermy.

**Respondent E**

E het woede, skuld en skaamte oor die molestering ervaar en gestel dat haar onvergewensgesindheid haar negatiewe ingesteldheid teenoor die wêreld beheer. Tydens die sessie het E gestel dat haar stiefpa se kinderdae moontlik 'n invloed op sy woedeuitbarstings en die molestering gehad het, maar dat dit hom nie van die verantwoordelikheid vir die molestering verskoon nie. E het gestel dat sy dikwels nog kwaad en bitter vir haar stiefpa is, maar wou die negatiewe wraak en vergeldinggedagtes wat sy koester laat vaar. E het gestel dat sy, as gevolg van die molestering, fisies en emosioneel verander het. Die beskadiging van haar selfbeeld en die emosionele pyn van die molestering het veroorsaak dat E negatief en gevoelloos teenoor haar liggaam deur bulimie en selfskending opgetree het. As 'n simboliese handelinge vir die uiting van haar vergifnis van haar stiefpa, het E besluit om 'n brief aan haar stiefpa te skryf, waarna sy dit verbrand het (vergelyk Worthington, 2003:137-138; Worthington, *et al.,* 2000:16). Na die simboliese handeling het E gestel dat sy hoop haar stiefpa sal ophou om haar te ignoreer en sy woede teenoor haar en haar ma sal beheer. E het verlig gevoel dat sy haar stiefpa kon vergewe en hom aan God se barmhartigheid en genade kan toevertrou (soos in 2.5.3.5 beskryf).

#### 9.3.2.1.5.2 Analisering en evaluering van sessie 5

Deur bewustheid van die kognitiewe en affektiewe aard van vergifnis is die respondente bemagtig tot bevordering van selfondersteuning en integrasie met hul omgewing. Vervolgens word die analisering van sessie vyf aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.4.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.6:

**Tabel 9.6 Analisering van sessie 5**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder. | Die uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreder was nie om die oortreder te verskoon van verantwoordelikheid vir die oortreding nie, maar om die oortreder as mens binne sy omstandighede beter te verstaan. | | | | |
| Empatie en medelye teenoor die oortreder. | Die ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe. Hierdeur het selfaktualisering plaasgevind omdat die respondente selfondersteunend kon optree ten opsigte van empatie en medelye teenoor die oortreder. | | | | |
| Besitneming en uitdrukking van emosionele ervaring. | Die respondente het onvergewensgesindheid en die aanspraak op geregtigheid en vergelding voorkom deur die pyn van die mishandeling te dra/verdra. Die respondente het aanvaar dat die mishandeling plaasgevind het en laat die vergelding aan God oor. | | | | |
| Empatie en medelye as morele geskenke aan die oortreder. | Die respondente het morele geskenke aan die oortreder gegee, in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens, gedagtes en optredes. Morele geskenke het gefokus op die respondente om barmhartig en genadig teenoor die oortreder te wees soos God barmhartig en genadig teenoor die mens is. Vergifnis het die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God behels. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie en egotisme | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie, | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, samevloeiing en egosentrisme | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie |
| Ontwikkeling van selfvertroeteling | Die respondente se selfbeeld en selfwaarde het verhoog deur selfaktualisering. Die respondente het selfvertroeteling van hul emosies ervaar om hul balans kan herstel en empatie en medelye geïntegreer as morele geskenke aan die oortreder. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid | Impasse laag met oorgang na implosiewe en eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.6 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie vyf verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die implosiewe laag met oorgang na die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.4 en 3.5.5 beskryf). In die implosiewe laag het die respondente hul skuld en skaamte emosies begin ontlaai en onvoltooidhede deur eksperimentering met nuwe gedrag verwerk. In die eksplosiewe laag het die respondente tot probleemhantering oorgegaan, omdat hulle suksesvol deur die vorige lae gewerk het. Deur bemagtiging het die respondente voldoende energie gehad om hul pynlike skuld en skaamte emosies deur te werk en alternatiewe gedrag (vergifnis), waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar, in te oefen en te assimileer. Respondent A het in die sessie geleidelik van die impasse laag na die implosiewe en eksplosiewe laag beweeg.
- Die uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreders, was nie om hulle te verskoon van hul verantwoordelikheid vir die molestering nie, maar om hulle binne hul omstandighede beter te verstaan (soos in 7.5.2.2 en 7.6.5 beskryf). Deur die verhoging van die respondente se bewustheid is hulle na die kognitiewe verstaan van die oortreder se persoonlike geskiedenis of kindertyd begelei om die mishandeling binne die konteks van die oortreder se omstandighede te plaas.
- Deur empatie en medelye met die oortreders te ervaar het die respondente van die pyn wat uit die oortreders se optrede voortgevloei het besit geneem (soos in 7.5.2.3 en 7.6.5 beskryf). Die respondente is bemagtig om 'n keuse te maak en verantwoordelikheid te neem om nie hulle seer op ander te reflekteer of te projekteer nie. Negatiewe gevoelens, gedagtes en optredes teenoor die oortreders het stelselmatig afgeplat (soos in 7.6.5 beskryf).
- Vergelding wat tot die oortreders gerig is, is opgegee deur moreel op te tree, die oortreders te vergewe en hulle aan God se sorg en genade toe te vertrou (soos in 2.5.3.5 beskryf). Die respondente het emosies van woede, blaam en die behoefte na vergelding opgegee (soos in 7.3.2 en 7.5.2.3 beskryf).

- Respondent A is bemagtig om die vergelding wat tot haar broer en die verkragters gerig word op te gee. A het 'n morele geskenk teenoor die oortreders in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens en gedagtes aangebied.
- Respondent B is bemagtig om die negatiewe emosies wat tot haar ouers gerig word op te gee. B se ontwikkeling van selfondersteuning en selfbeheersing het meegebring dat sy positiewe gevoelens en gedagtes teenoor haar ouers openbaar.
- Respondent C is bemagtig om die vergelding wat tot die molesteerders gerig word op te gee. Met die erkenning van sy emosies en homoseksuele oortuiging is C deur reflektering bemagtig en het selfontwikkeling en selfaktualisering, wat tot integrasie gelei het, plaasgevind.
- Respondent D is bemagtig om die familievriend te vergewe. D het 'n morele geskenk teenoor die oortreder in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens en gedagtes aangebied.
- Respondent E is bemagtig om die vergelding, negatiewe gevoelens en gedagtes teenoor haar stiefpa op te gee.

- Die ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe (soos in 3.7.1.9 beskryf). Die respondente het morele geskenke aan die oortreders in die vorm van selfbeheersing, positiewe gevoelens en gedagtes deur middel van morele liefde aangebied (soos in 7.6.5 beskryf). Die respondente kon die oortreders vergewe na bewuswording dat God hulle eerste in Jesus Christus vergewe het (soos in 2.5 beskryf; vergelyk Matt 6:12; 14-15; Luk 6:37).
- Sessie vyf is afgesluit deur bemagtiging en selfvertroeteling. Met die erkenning van hul emosie is die respondente deur reflektering bemagtig en het selfontwikkeling en selfaktualisering, wat selfondersteuning meegebring het en tot integrasie gelei het, plaasgevind.

#### 9.3.2.1.6 Sessie 6: Bemagtiging en selfvertroeteling in die vergifnisproses

##### 9.3.2.1.6.1 Verloop van sessie 6

Die doel van sessie ses behels die bevordering van selfondersteuning en integrasie van die respondente se eie proses in die omgewing. Om die respondente se bewustheid van hul eie proses en gedrag te verhoog, het die terapeut hulle gevra om 'n roosboomprojeksie te teken (soos in 3.7.2.5.1 beskryf). Met behulp van die projeksie is die respondente deur selfvertroeteling bemagtiging om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te ontdek. In die sessie het die respondente bewus geword dat hulle emosionele verligting verkry in die vergifnisproses om die oortreder te vergewe.

**Respondent A**

Tydens die sessie het dit vir A gevoel of sy emosionele verligting ervaar en van haar "*bagasie*" ontslae geraak het. Dit het haar gelei om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te ontdek. A het besluit om ander meisies wat verkrag is te help en hulle te verseker dat daar hoop is. Alhoewel die molestering en verkragting haar lewe verander het, ervaar A innerlike krag om aan haar doelwit te werk. A stel dat sy tot die besef gekom het dat *"... 'n mens beter voel wanneer jy ander vergewe het, omdat jy besef Christus het jou vergewe en jy kan ook ander en jouself vergewe".*

Voor die terapie het A gedink dat sy alleen is en God blameer dat hy haar nie beskerm het nie. A het gestel dat sy met God vrede gemaak het en glo dat Hy haar sal vergewe vir haar onredelikheid en woede teenoor Hom. A het besluit om met haar ouers te praat en aan hulle te verduidelik hoe sy gevoel het dat hulle nie vir haar omgegee het nie. Sy het besef dat haar ouers haar beste ondersteuningsnetwerke is en dat sy hulle wil gerusstel dat sy aan haar skuld en skaamte emosies werk. A het besef dat sy 'n nuwe doel en betekenis in die lewe en haar gemeenskap as gevolg van die molestering en verkragting het. Sy wil meisies op die kampus bewus maak dat verkragting met enige iemand kan gebeur*, "... dit gebeur nie net met slegte meisies nie. Slegte goed gebeur ook met goeie meisies".* A was oor die toekoms optimisties, omdat sy 'n doel in die lewe het. A het na alles wat met haar gebeur het besef dat God *"... Iemand is*

*wat werklik omgee en altyd vertrou kan word. Hy het 'n doel met alles, al verstaan ons dit nie"*.

**Respondent B**

B het gestel dat God haar vir 'n doel op die aarde geplaas het, *"... om ander mense te help"*. Tydens die sessie het dit vir B gevoel of sy emosionele verligting van haar omstandighede ervaar, omdat sy besef dat daar ander meisies wat baie slegter ondervindinge al oorleef het, is. B het gestel dat sy nie meer alleen voel nie, omdat God elke dag vir haar krag gee om haar skuld en skaamte emosie te beheer. B het besluit om die verhouding met haar ouer suster te herstel, maar besef dat dit 'n moeilike proses sal wees en tyd sal neem. Sy hoop dat haar suster haar sal vergewe vir haar woedeuitbarstings. B is oor die toekoms optimisties, omdat sy 'n doel in die lewe het om haar studies te voltooi en mishandelde jongmense te help.

**Respondent C**

Die molestering en verkragting het C se lewe verander, maar hy ervaar innerlike krag om daaraan te werk. C het gestel dat hy tot die besef gekom het dat *"... negatiewe omstandighede 'n mens se lewe verander, maar jy kan iets daaruit leer en die beste maak van 'n slegte saak"*. C het gestel dat hy sy familie kan vertrou, omdat hulle sy sterkste ondersteuningsnetwerk is. C het besluit om met sy ouers te praat en aan hulle te verduidelik dat hy *"gay"* is. Alhoewel hulle baie teleurgesteld gaan wees, weet C dat hulle hom sal vergewe, omdat hulle bewus van die molestering is en hom al baie daarin ondersteun het. C het gestel dat hy oor die toekoms optimisties is en betrokke wil raak by die bewusmaking van molestering wat in skole plaasvind.

**Respondent D**

D stel dat sy haar skuld en skaamte emosie kon hanteer deur die proses van vergifnis. Die molestering het haar lewe verander, maar sy vind die vryheid van woede en vergelding in die feit dat haar innerlike krag versterk is om aan haar onvoltooidhede te werk. D het gestel dat sy vrede met haar ouers se finansiële

situasie gemaak het en dat sy alternatiewe vir die befondsing van haar studies moet oorweeg. D het besef dat haar ouers haar ondersteuningsnetwerke is en dat sy die molestering met hulle kan bespreek. D het bewus geword dat sy 'n nuwe doel en betekenis in die lewe en haar gemeenskap as gevolg van die molestering het. D het besluit om meer in haar koshuis betrokke te wees en ander meisies met hul probleme te help. D is oor die toekoms optimisties, omdat sy emosionele verligting in die vergifnisproses ervaar het en nie meer impulsief in haar interpersoonlike verhoudinge met manstudente optree nie. Die terapie het haar laat besef dat sy nie aan versoeke wat haar waardes en norme weerspreek moet toegee nie.

**Respondent E**

Alhoewel die molestering E se lewe verander het, ervaar sy innerlike krag en leiding van die Heilige Gees om haar skuld en skaamte emosies te verwerk. E het gestel dat sy deur gebed vergifnis vir haarself gevra het, omdat sy negatief en gevoelloos teenoor haar liggaam opgetree het deur bulimie en selfskending (vergelyk 2.5.3 en 7.4.3). E stel dat sy 'n nuwe doel en betekenis in die lewe en haar gemeenskap as gevolg van die molestering het. Sy het besluit om haar ma teen haar stiefpa se woedeuitbarstings te beskerm en ander meisies wat gemolesteer is te help. E het haar ma blameer dat sy haar nie teen die molestering beskerm het nie, maar het tot die besef gekom dat sy E se enigste ondersteuningsnetwerk is. Dit het E tot die besef gebring dat sy nie alleen is nie. E het besluit om die verhouding met haar ma te herstel en hoop dat haar ma haar sal vergewe vir die woedeuitbarstings wat sy op haar ma geprojekteer het. E is oor die toekoms optimisties, omdat sy emosionele verligting van skuld en skaamte in die vergifnisproses ervaar het en nie meer woedeuitbarstings het nie.

#### 9.3.2.1.6.2 Analisering en evaluering van sessie 6

Die respondente is bemagtiging deur die bewustheid van hul eie proses en hul keuse om te vergewe. Hulle het van die emosionele verligting en bevryding wat vergifnis skenk bewus geword. Die respondente het 'n gevoel van medelye en empatie wat hulle met ander in die omgewing kon deel ervaar, omdat hulle besit van hul eie emosies en tekortkominge geneem het. Vervolgens word die

analisering van sessie ses aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.5.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.7:

**Tabel 9.7 Analisering van sessie 6**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Doel, betekenis en bevryding in die lyding en vergifnisproses. | Die respondente se selfbeeld en selfwaarde is deur selfaktualisering verhoog om 'n nuwe doel en betekenis in die lewe te kry. Hierdeur is die respondente bemagtig om hul eie potensiaal te benut.<br>Die respondente het op die positiewe uitkoms van die mishandeling en die betekenis daarvan in hul lewe gefokus. | | | | |
| Eie tekortkominge en insidente waar ander se vergifnis benodig word. | Deur bewustheid, selfaktualisering en integrasie van die respondente se eie proses in die omgewing het hulle tot die besef van hul eie tekortkominge gekom en ook insidente waar hulle ander se vergifnis moet ontvang opgeroep.<br>Die respondente het hul eie behoefte aan vergifnis ontdek en die oortreder vergewe, omdat hulle reeds in Christus vergewe is. | | | | |
| Insig dat die respondente nie alleen is nie. | Die bewustheid dat die respondente nie alleen is nie het hulle bemagtig tot die ontdekking van interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in hul omgewing en die gemeenskap. | | | | |
| Die besef dat die self 'n nuwe doel en betekenis in die lewe kan kry. | Selfaktualisering het plaasgevind deurdat die respondente selfondersteunend ten opsigte van die identifisering van hul eie karaktertrekke en potensiaal in die hantering van hul onvoltooidhede kon optree. Die besef dat die self 'n nuwe doel en betekenis in die lewe kan kry het die respondente tot 'n aktiewe besorgdheid vir hul gemeenskap en optimisme oor die toekoms gelei. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie en egosentrisme | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie | Introjeksie, projeksie, retrofleksie en defleksie |
| Bemagtiging deur selfvertroeteling. | Die respondente het selfvertroeteling van hul eie emosies ervaar en hul eie potensiaal en karaktereienskappe in hul omgewing geïntegreer en uitgeleef om hul balans te herstel. Selfvertroeteling het die respondente gelei om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer en negatiewe of ongemaklike skuld en skaamte emosies, gedagtes en gedrag uit te skakel. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.7 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie ses verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.5 beskryf). Die respondente het hul skuld en skaamte emosies ontlaai en onvoltooidhede deur die eksperimentering met nuwe gedrag verwerk. In die eksplosiewe laag het die respondente voldoende energie gehad om hul skuld en skaamte emosies deur te werk en alternatiewe gedrag (vergifnis) in te oefen en te assimileer. Die respondente is bemagtiging om afstand van verdedigingsmeganismes, ou rolle, gewoontes en 'n "vals" karakter te doen. Respondent A het in die sessie geleidelik van die implosiewe laag na die eksplosiewe laag beweeg.

- Die respondente het hul eie behoefte aan vergifnis ontdek en is bemagtiging om die oortreders te vergewe, omdat hulle reeds in Christus vergewe is (soos in 2.5 beskryf). Die ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente bemagtiging om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak en die oortreders vir die emosionele pyn van skuld en skaamte as gevolg van die mishandeling te vergewe.

- Die respondente het op die positiewe uitkoms van die mishandeling en die betekenis daarvan in hul lewe gefokus. Deur interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap te ondersoek, waarby hulle betrokke kan wees, is die respondente van 'n doel, betekenis en bevryding vir die self en ander in die lyding en vergifnisproses bewus gemaak. Hierdie bewustheid het die respondente se skuld en skaamte verminder, omdat hulle nie meer minderwaardig en soos 'n mislukking gevoel het nie. Deur die emosionele verligting het die respondente 'n gevoel van medelye en empatie, wat hulle met ander in die omgewing kon deel, ervaar.

- Bemagtiging deur selfvertroeteling van hul eie proses en emosies het die respondente gelei om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer en negatiewe of ongemaklike skuld en skaamte emosies, gedagtes en gedrag uit te skakel (soos in 7.2.3.4 beskryf).

- In die proses van selfvertroeteling is die respondente ook bemagtig om 'n veilige plek te skep, waar hulle hulself kon vertroetel om hul balans te herstel. Hierdie proses van selfvertroeteling het die respondente bemagtig om in hul

eie behoeftes te voorsien en selfondersteunend in hul verhoudinge met ander op te tree.

#### 9.3.2.1.7 Sessie 7: Evaluering en terminering van die vergifnisproses

##### 9.3.2.1.7.1 Verloop van sessie 7

In sessie sewe het die respondente van interne emosionele ontlading en psigologiese gesondheid bewus geword. Met behulp van dialoog en metafore, as bemagtigingstegnieke, is die respondente se bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies en die moontlik toename in positiewe emosies teenoor die omgewing verhoog.

**Respondent A**

A ervaar dat haar gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid, verwerping en lae selfbeeld verander het. Haar woede en vyandigheid het in verdraagsaamheid verander. Sy voel vry van die molestering en verkragting waaraan sy elke dag gedink het. A stel dat sy nie meer depressief oor haar ervaring van skuld en skaamte voel nie. A beskou haarself nie meer as 'n mislukking nie, omdat sy haar selfbeeld deur die proses van vergifnis versterk het. Sy is nie meer bang vir die stigma van verkragting nie. Dit het haar verhouding met ander mense egter verbeter en sy oorweeg om mense weer te vertrou. A stel dat sy gereeld eet en makliker slaap sonder die vrees om nagmerries en terugflitse te kry. A wil graag 'n vaste verhouding begin en sien daarna uit om 'n normale lewe te lei.

**Respondent B**

B ervaar dat haar gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid, verwerping en 'n lae selfbeeld verander het. B stel dat haar ervaring vir haar 'n lewensles moet wees, sodat sy nie dieselfde met haar kinders doen nie. Sy het empatie vir ander geleer, omdat *"... 'n mens nie ander se omstandighede ervaar nie, kan jy hulle optrede nie altyd verstaan nie. Daarom moet jy deernis met ander hê en geduldig wees".* Haar woede en vyandigheid het in verdraagsaamheid teenoor haar ouers en haar suster verander. Sy voel

vry van die mishandeling. Sy beskou haarself nie meer as 'n mislukking nie, omdat sy haar selfbeeld deur die proses van vergifnis versterk het. Dit het ook haar verhouding met ander mense verbeter en sy oorweeg om haar ouers weer te vertrou. B stel dat sy gereeld eet, makliker slaap en daarna uitsien om weer huis toe te gaan.

**Respondent C**

C voel vry van die molestering waaraan hy elke dag gedink het. Hy stel dat hy nie meer depressief oor sy ervaring van skuld en skaamte voel nie. C ervaar dat sy gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid en lae selfbeeld verander het. Sy woede en vyandigheid het in verdraagsaamheid verander. C beskou homself nie meer as 'n mislukking nie, omdat hy sy selfbeeld deur die proses van vergifnis versterk het. Hy is nie meer bang vir die stigma van molestering en homoseksualiteit nie.

**Respondent D**

D ervaar dat haar gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid, verwerping en lae selfbeeld verander het. Haar woede en vyandigheid het in verdraagsaamheid verander. Sy voel vry van die molestering en stel dat sy nie meer depressief oor haar ervaring van skuld en skaamte voel nie. D se selfbeeld is deur die proses van vergifnis versterk. D ervaar 'n verbetering in haar verhouding met ander mense en is nie meer bang vir die stigma van molestering nie. D stel dat sy gereeld eet en makliker slaap sonder die vrees om nagmerries en terugflitse te kry.

**Respondent E**

E ervaar dat haar gevoelens van vernedering, mislukking, minderwaardigheid, moedeloosheid, verwerping en lae selfbeeld verander het. E stel dat sy nie meer depressief oor haar ervaring van skuld en skaamte voel nie. Sy is nie meer bang vir die stigma van molestering nie. E beskou haarself nie meer as 'n mislukking nie, omdat sy haar selfbeeld deur die proses van vergifnis versterk het. Dit het ook haar verhouding met haar ma en stiefpa verbeter.

#### 9.3.2.1.7.2 Analisering en evaluering van sessie 7

Tydens die terminering van die terapeutiese proses in sessie sewe het die respondente van die afname in negatiewe emosies en 'n toename in positiewe emosies teenoor hul omgewing, met behulp van dialoog en metafore as bemagtigingstegnieke, bewus geword (soos in 3.7.2.1 en 3.7.2.6 beskryf). Vervolgens word die analisering van sessie sewe aan die hand van die voorgestelde aktiwiteite vir die sessie (soos in 8.2.2.6.1.3 beskryf) uiteengesit en bespreek in Tabel 9.8:

**Tabel 9.8 Analisering van sessie 7**

| | Respondent A | Respondent B | Respondent C | Respondent D | Respondent E |
|---|---|---|---|---|---|
| Afname in negatiewe emosies, psigologiese gesondheid en toename in positiewe emosies | Die hele proses van vergifnis het die respondente tot psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie, hoë lewenstevredenheid en die toename in positiewe emosies teenoor die oortreder gelei. Die respondente se selfbeeld en selfwaarde het verhoog deur die beheer van hul skuld en skaamte emosies. Die respondente ontdek die vryheid van vergifnis in vergewing van die oortreder en die fokus op die self. Die konsep van oorwinning is dominant in die besef van bevryding. | | | | |
| Kontagrens-versteurings | Introjeksie, projeksie en retrofleksie | Introjeksie, projeksie en retrofleksie | Introjeksie, projeksie en retrofleksie | Introjeksie, projeksie en retrofleksie | Introjeksie, projeksie en retrofleksie |
| Bemagtiging deur selfvertroeteling. | Bemagtiging deur selfvertroeteling het die respondente begelei om hul eie proses, emosies en nuwe gedrag met selfvertroue te integreer in hul omgewing. Die respondente het die vryheid en verligting van emosionele pyn ervaar en selfvertroeteling van die emosionele skuld en skaamte ervaring benut om hul balans te herstel en organismiese selfregulering te bereik. | | | | |
| Struktuur van persoonlikheid | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag |
| Terminering van die terapeutiese proses. | Bemagtiging van die eiewaarde van die respondente het na vore in die terminering van die terapeutiese proses gekom. Selfaktualisering het plaasgevind en die respondente het selfondersteunend ten opsigte van hul eie emosie en gedrag opgetree en positiewe emosies teenoor die oortreder besit. Die respondente het hul skuld en skaamte emosies in die omgewing geïntegreer, onvoltooidhede voltooi, nuwe gedrag met selfvertroue geïntegreer en homeostase bereik. Deur die herstel van balans, is die respondente nie meer afhanklik van eksterne bronne ten opsigte van vertroeteling en aanvaarding nie. | | | | |

Volgens die bogenoemde Tabel 9.8 blyk dit dat die verloopsmomente van die aktiwiteite in sessie sewe verwesenlik is en die doel en doelwitte van die intervensiemodel daardeur bereik is.

- In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer (soos in 3.5.5 beskryf). In die laag het die respondente voldoende energie gehad om hul skuld en skaamte emosies te verwerk deur die vergifnisproses te integreer. Deur die bereiking van integrasie is die respondente se balans om hul skuld en skaamte emosies, gedrag en ervaring te organiseer en te reguleer, herstel. Dit het daartoe gelei dat hulle onvoltooidhede voltooi, nuwe gedrag met selfvertroue integreer en homeostase bereik.
- In die sessie was die respondente sensories in takt met hul skuld en skaamte emosies. Die hele proses van vergifnis het tot die bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies, psigologiese gesondheid en die toename in positiewe emosies teenoor die oortreder gelei. Die respondente het die paradoks van vergifnis ontdek en bewus geword dat hulle deur selfbeheersing, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde aan ander, self gelei word na die herstel en genesing van hul eie pyn en leed (soos in 7.6.5 beskryf).
- Ontwikkeling van selfvertroeteling het die respondente begelei om self verantwoordelikheid vir hul eie gedrag en optrede te aanvaar, sonder om ander vir hul probleme en gedrag te blameer (soos in 7.3.2.2 beskryf). Deur verantwoordelikheid vir hulself te neem, het die respondente verklaar dat die mishandeling nie meer hul persoonlikheid bepaal nie en nie meer emosionele "beheer" oor hul lewe uitoefen nie (soos in 6.4.4, 7.2.3 en 7.4 beskryf).
- Bemagtiging deur selfvertroeteling het die respondente begelei om hul eie proses, emosies en nuwe gedrag met selfvertroue in hul omgewing te integreer (soos in 3.5.5 beskryf). Deur bemagtiging het hulle afstand van verdedigingsmeganismes, ou rolle, gewoontes en 'n "vals" karakter gedoen. Die respondente het voldoende energie in hul ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap gevind om hul pynlike emosies en onvoltooidhede deur te werk en alternatiewe gedrag, waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar, in te oefen en te assimileer.
- Deur die bereiking van integrasie is die respondente se balans om skuld en skaamte emosies te organiseer en te reguleer deur selfondersteunend op te tree herstel. Die respondente se integrasie met die omgewing het hulle

bemagtig om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik (soos in 7.5.2.4 beskryf).

### 9.3.3 Kwantitatiewe bevindinge van gevallestudies voor en na implementering van die intervensiemodel

Kwantitatiewe data is met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale (aangeheg in Bylae E, F en I) ingesamel om die effektiwiteit van die *pastorale* Gestaltterapeutiese intervensiemodel te bepaal en die bevindinge van die kwalitatiewe data te ondersteun (soos in 1.9.3.1.1 beskryf). Die drie metingskale (*State Shame and Guilt Scale; Heartland Forgiveness Scale en Enright Forgiveness Inventory*) is voor en na intervensie voltooi. Dit het die navorser in staat gestel om te bepaal of daar 'n verskuiwing in die respondente se ervaring van skuld en skaamte plaasgevind het, asook of die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word. Die hipotese wat die navorsingsvraag kan beantwoord is soos volg geformuleer:

- *Die implementering van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel vir mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal hulle na vergifnis van die oortreder en die self begelei.*

Die data met betrekking tot die indeksskale in al drie metingskale is afsonderlik geanaliseer en geïnterpreteer, ten einde die frekwensie van selfontdekking en die impak van elke veranderlike voor en na intervensie te ondersoek. Aansluitend by die frekwensie-analise is die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf) uitgevoer om te bepaal of die intervensiemodel enige statisties beduidende veranderinge teweeg gebring het. Die beskrywende statistiek beskryf die numeriese data deur die aanduiding van algemene tendense (gemiddelde modus, mediaan), die verspreiding van tellings (variansie, standaardafwyking) en die vergelyking van tellings (d-waardes, persentielrange). Cohen se *d*-waardes is bereken om die effekgrootte van die verandering van skuld, skaamte en vergifnis in die praktyk aan te dui (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf).

Die kwantitatiewe data is met die literatuurstudie vergelyk en geïntegreer om die effektiwiteit van die intervensiemodel te verifieer en te evalueer. Vervolgens

word die kwantitatiewe data van die drie metingskale deur beskrywende statistiek woordeliks en visueel met grafieke en tabelle beskryf.

### 9.3.3.1 Ontleding en analisering van respondente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots) met behulp van die *State Shame and Guilt Scale (SSGS)*

Die *State Shame and Guilt Scale (SSGS)* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se skaamte, skuld en selfwaarde (trots) te bepaal (soos in 1.9.3.1.1.1 beskryf).

#### 9.3.3.1.1 Vergelyking tussen die voortoets en natoets van respondente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots)

Die frekwensieverskuiwing van die respondente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots) voor en na intervensie word in Tabel 9.9 aangetoon.

**Tabel 9.9 Frekwensieverskuiwing van skaamte, skuld en selfwaarde (trots)**

| | Skaamte | | | Skuld | | | Selfwaarde (trots) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Voor** | **Na** | **%** | **Voor** | **Na** | **%** | **Voor** | **Na** | **%** |
| **Respondent A** | 18 | 11 | -38.89% | 13 | 11 | -15.38% | 7 | 17 | 142.86% |
| **Respondent B** | 21 | 12 | -42.86% | 17 | 11 | -35.29% | 16 | 21 | 31.25% |
| **Respondent C** | 24 | 8 | -66.67% | 21 | 12 | -42.86% | 15 | 22 | 46.67% |
| **Respondent D** | 25 | 10 | -60.00% | 24 | 13 | -45.83% | 5 | 20 | 300.00% |
| **Respondent E** | 23 | 10 | -56.52% | 17 | 9 | -47.06% | 9 | 19 | 111.11% |

Wanneer die voortoets en natoets *SSGS* tellings van die respondente van nader bestudeer word, kan die volgende afleidings gemaak word:


- Vanuit die data van die respondente voor en na die implementering van die intervensiemodel, toon die frekwensie-analise dat die respondente se ervaring van skaamte en skuld verminder het, terwyl selfwaarde (trots) verhoog het.
- Die minimum en maksimum vermindering in die ervaring van skaamte wissel tussen -38.89% by respondent A en -66.67% by respondent C.

- Die minimum en maksimum vermindering in die ervaring van skuld wissel tussen -15.38% by respondent A en -47.06% by respondent E.
- Die minimum en maksimum verhoging in die ervaring van selfwaarde (trots) wissel tussen 31.25% by respondent B en 300.00% by respondent D.

Vervolgens word die frekwensieverskuiwing van skaamte, skuld en selfwaarde (trots), na die implementering van die intervensiemodel, by die vyf respondente met behulp van beskrywende statistiek beskryf en met die literatuurstudie vergelyk en geanaliseer.

#### 9.3.3.1.1.1 Frekwensieverskuiwing van skaamte

Die frekwensieverskuiwing van skaamte by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.1) aangetoon:




**Figuur 9.1 Frekwensieverskuiwing: Skaamte**


Volgens die data in Tabel 9.9 en Figuur 9.1 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verandering in die respondente se ervaring van skaamte manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die afname van skaamte, dui op die verhoogde bewussyn van die respondente se eie selfontdekking na die implementering van die intervensiemodel dat hulle nie minderwaardig of 'n mislukking is nie. Volgens Dutton (2006:203), Crosson-Tower (2002:57), Williams en Poijula (2002:116) en die bespreking in 5.6.2.1.4 en 6.3.4.4.3, kan skaamte 'n vorm

van selfmarteling en 'n diep wond in die wese self wees met gevoelens van mislukking, teleurstelling, vernedering, selfkritiek of selfhaat. Vanuit die kwantitatiewe data blyk dit dat die respondente se gevoel van magteloosheid en hulpeloosheid afgeneem het en hulle minder uitgelewer aan selfbewustheid en kritiese selfondersoek is. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Holeman (2008:260), Halling (1994a:112), Rowe en Halling (1998:237) en die bespreking in 7.4.3.3 dat vergifnis 'n vermindering van skaamte veroorsaak.

#### 9.3.3.1.1.2 Frekwensieverskuiwing van skuld

Die frekwensieverskuiwing van skuld by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.2) aangetoon:




**Figuur 9.2 Frekwensieverskuiwing: Skuld**


Volgens die data in Tabel 9.9 en Figuur 9.2 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verandering in die respondente se ervaring van skuld manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die afname van skuld dui op hul verhoogde bewussyn en selfontdekking van misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Baker (2008:69), Chagigiorgis en Paivio (2008:122), Williams en Poijula (2002:105), Salter (1995:116-118), Davis (1991:18-19) en die bespreking in 5.6.2.1.3 en 6.3.3.2.2, dat mishandelde adolessente dikwels verantwoordelikheid aanvaar vir die mishandeling, vir

die oortreders se belangstelling in hulle en misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam ervaar. Die bevindinge stem ook ooreen met die navorsing van Fitzgibbons (in Enright, 2003:15), Subkoviak, *et al.* (in Aureli & De Waal, 2000:360) en die bespreking in 7.4.3.2 dat vergifnis 'n vermindering van skuld veroorsaak.

#### 9.3.3.1.1.3 Frekwensieverskuiwing van selfwaarde (trots)

Die frekwensieverskuiwing van selfwaarde (trots) by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.3) aangetoon:




**Figuur 9.3 Frekwensieverskuiwing: Selfwaarde (trots)**

Volgens die data in Tabel 9.9 en Figuur 9.3 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verandering in die respondente se ervaring van selfwaarde (trots) manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Skuld en skaamte word aan die respondente se persepsie van die self verbind en het vir die ervaring van die self implikasies (Oaklander, 2007:145; Damon, Lerner & Eisenberg, 2006:79; Yontef, 2003:353). Na die implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente se selfwaarde (trots) verhoog het. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Chagigiorgis en Paivio (2008:123), Macaskill (2004:31) en Enright (2003:6) dat vergifnis wel veranderings laat plaasvind in die

respondente, omdat hulle besluit het om te vergewe. Volgens die bespreking in 7.2.3.1 en 7.4.3.3.2 blyk dit dat die respondente, na die implementering van die intervensiemodel, positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosie, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid geassosieer kan word.

#### 9.3.3.1.2 Analisering van voortoets-/natoets-data van respondente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots)

Aansluitend by die frekwensie-analise is die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf) uitgevoer om te bepaal of die intervensiemodel enige statisties beduidende veranderinge teweeg gebring het. Die resultate word in Tabel 9.10 aangetoon.

**Tabel 9.10 Beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel op skaamte, skuld en selfwaarde (trots) voor en na intervensie, asook resultate van die Wilcoxon rangtoets**

| | Geldige N | Gemid | Mediaan | Min | Maks | Std.Afw. | Verskil | Wilcoxon toets p-waarde | Effek |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Skaamte voor intervensie** | 5.0 | 22.2 | 23.0 | 18.0 | 25.0 | 2.8 | 12.0 | 0.04 | 4.3 |
| **Skaamte na intervensie** | 5.0 | 10.2 | 10.0 | 8.0 | 12.0 | 1.5 | | | |
| **Skuld voor intervensie** | 5.0 | 18.4 | 17.0 | 13.0 | 24.0 | 4.2 | 7.2 | 0.04 | 1.7 |
| **Skuld na intervensie** | 5.0 | 11.2 | 11.0 | 9.0 | 13.0 | 1.5 | | | |
| **Selfwaarde (trots) voor intervensie** | 5.0 | 10.4 | 9.0 | 5.0 | 16.0 | 4.9 | -9.4 | 0.04 | 1.9 |
| **Selfwaarde (trots) na intervensie** | 5.0 | 19.8 | 20.0 | 17.0 | 22.0 | 1.9 | | | |

*$p < 0.05$ dui op beduidende veranderinge

Die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings is uitgevoer om die statistiese veranderinge in die voortoets-/natoets *SSGS* tellings van die respondente te bepaal. Hiervolgens kon die volgende afleidings gemaak word:

- Vanuit die data-analise blyk dit dat daar statisties betekenisvolle verskille tussen die voortoets- / natoets indeksskaal-tellings op die 5%-peil bestaan.
- Die resultaat van die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings het daarop gedui dat daar beduidende verbeteringe ten opsigte van die respondente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots) was.
- Die verskil tussen die natoets en voortoets gemiddeldes van die indeksskaal is statisties betekenisvol, aangesien die p-waarde van 0.04 kleiner is as 0.05 ($p < 0.05$).
- Volgens die resultate van die tweekantige p-waarde ($p < 0.05$) is die nulhipotese verwerp, omdat die mediaanwaarde betekenisvolle verbeterings in skaamte, skuld en selfwaarde (trots) aangetoon het.
- Cohen se *d*-waardes (Steyn, 2005; Ellis & Steyn 2003:4) is ook bereken om die effekgrootte in die praktyk aan te dui (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf). Die effekgroottes was almal groter as 0.64 wat daarop dui dat die verbetering belangrik in die praktyk was.

Die afleiding kan na aanleiding van bogenoemde gegewens gemaak word dat die respondente ŉ verhoogde selfwaarde (trots) met minder skaamte en skuld **na** die implementering van die intervensiemodel ervaar. Daar kan dus gestel word dat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief vir die navorsingspopulasie was en ŉ positiewe statisties en prakties betekenisvolle uitwerking op mishandelde adolessente se ervaring van skaamte, skuld en selfwaarde (trots) het.

#### 9.3.3.2 Ontleding en analisering van respondente se vergifnis van die self, ander en omstandighede met behulp van die *Heartland Forgiveness Scale (HFS)*

Die *Heartland Forgiveness Scale (HFS)* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se vergifnis teenoor die self, ander (die oortreder) en omstandighede te bepaal (soos in 1.9.3.1.1.2 beskryf).

#### 9.3.3.2.1 Vergelyking tussen die voortoets en natoets van respondente se vergifnis van die self, ander en omstandighede

Die frekwensieverskuiwing van die respondente se vergifnis van die self, ander (die oortreder) en omstandighede voor en na intervensie word in Tabel 9.11 aangetoon.

**Tabel 9.11 Frekwensieverskuiwing van vergifnis van die self, ander en omstandighede**


| | Vergifnis van die self | | | Vergifnis van ander | | | Vergifnis van omstandighede | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voor | Na | % | Voor | Na | % | Voor | Na | % |
| **Respondent A** | 17 | 26 | 52.94% | 16 | 24 | 50.00% | 18 | 25 | 38.89% |
| **Respondent B** | 17 | 24 | 41.18% | 18 | 25 | 38.89% | 16 | 25 | 56.25% |
| **Respondent C** | 17 | 30 | 76.47% | 8 | 27 | 237.50% | 16 | 31 | 93.75% |
| **Respondent D** | 10 | 23 | 130.00% | 13 | 20 | 53.85% | 14 | 22 | 57.14% |
| **Respondent E** | 16 | 28 | 75.00% | 12 | 26 | 116.67% | 17 | 26 | 52.94% |

Wanneer die voortoets en natoets *HFS* tellings van die respondente van nader bestudeer word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Vanuit die data van die respondente voor en na die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* toon die frekwensie-analise dat die respondente se vergifnis van die self, die oortreder en omstandighede verhoog het.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se vergifnis van die self wissel tussen 41.18% by respondent B en 130.00% by respondent D.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se vergifnis van die oortreder wissel tussen 38.89% by respondent B en 237.50% by respondent C.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se vergifnis van omstandighede wissel tussen 38.89% by respondent A en 93.75% by respondent C.

#### 9.3.3.2.1.1 Vergifnis van die self

Die frekwensieverskuiwing in vergifnis van die self by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.4) aangetoon:





**Figuur 9.4 Frekwensieverskuiwing: Vergifnis van die self**

Volgens die data in Tabel 9.11 en Figuur 9.4 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel ŉ verskuiwing in die respondente se vergifnis van die self manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente ŉ verhoogde *vergifnis van die self* ervaar. Die respondente het selfvergifnis as die herstel van selfveroordeling en die verligting van skuld en skaamte ervaar. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Enright (1996:117-118), Bauer, *et al*. (1992:149) en die bespreking in 7.4.3.3 dat selfvergifnis ŉ sleutel kan wees tot positiewe verandering en die ontwikkeling van selfrespek. Volgens die bespreking in 7.4.3.3.2 behels selfvergifnis ŉ transformerende ervaring wat die respondente van hul kontak met die wêreld bewus maak. Dit behels ŉ verandering in identiteit, selfaanvaarding en die erkenning en integrasie van dele van die self wat dikwels ontken en verwerp word. Volgens Baker (2008:64) en Fincham (in Holeman, 2008:268) is selfvergifnis ŉ keuse en ŉ interne proses wat emosionele en kognitiewe keuses betrek om negatiewe gevoelens teenoor die self te ontlaai.

#### 9.3.3.2.1.2 Vergifnis van ander (die oortreder)

Die frekwensieverskuiwing in vergifnis van die oortreder by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.5) aangetoon:




**Figuur 9.5 Frekwensieverskuiwing: Vergifnis van ander (die oortreder)**


Volgens die data in Tabel 9.11 en Figuur 9.5 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente se vergifnis van die oortreder manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente 'n verhoogde *vergifnis van die oortreder* ervaar. Hierdeur het die respondente ook 'n gevoel van emosionele vryheid van skuld en skaamte ervaar. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Malcolm (2008:275), Enright en Reed (2007:1), Worthington (2003:73), Seamands (2002:132), Enright (2002:11) en die bespreking in 7.4.2 dat interpersoonlike vergifnis respondente bemagtig om die emosionele pyn van mishandeling te hanteer. Volgens Macaskill (2004:30), Sells en Hargrave (1998:21) en die bespreking in 7.3.4 en 7.4.3.1 behels vergifnis die opgee van die selfregverdiging van woede, bitterheid en wraakgedagtes. Die bevindinge stem ook ooreen met die navorsing van Freedman (2008:97), Enright en Fitzgibbons (2000:68), Enright en North (1998:52) en die bespreking in 7.3.4 dat empatie en medelye as geskenke aan die oortreder beskou kan word. Volgens Holeman (2008:259), McCullough en Worthington (1999:1142) en die bespreking in

2.5.3 dui interpersoonlike vergifnis op 'n veranderde lewenshouding en 'n Christelike leefstyl. Dit vra van die respondente om barmhartig en genadig teenoor die oortreder te wees soos God barmhartig en genadig teenoor alle mense is. Die respondente aanvaar dat die onreg plaasgevind het en laat die vergelding aan God oor. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van O'Connor en Braverman (2009:287), Oaklander (2007:51), Malcolm en Greenberg (2001:190) en die bespreking in 3.6.2 dat vergifnis die voltooiing van onvoltooidhede is om homeostase te bereik.

#### 9.3.3.2.1.3 Vergifnis van omstandighede

Die frekwensieverskuiwing in vergifnis van omstandighede by die vyf respondente word in die volgende grafiek (Figuur 9.6) aangetoon:




**Figuur 9.6 Frekwensieverskuiwing: Vergifnis van omstandighede**

Volgens die data in Tabel 9.11 en Figuur 9.6 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente se vergifnis van omstandighede manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente 'n verhoogde *vergifnis van omstandighede* ervaar. Alhoewel die respondente, volgens Macaskill (2008:43), Tangney, *et al.* (2007:351), Sells en Hargrave (1998:30) en die bespreking in 5.6.1, die wêreld en hul omstandighede as

onregverdig kan beskou, blyk dit dat hulle hul omstandighede kan vergewe. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Oaklander (2007:27-36) dat die versterking van die sin vir die self bereik word deur bemeestering en beheer van die self en omstandighede. Dit impliseer verantwoordelikheid wat die respondente aanvaar om self keuses vir hul emosionele ervaring en gedrag te maak (Oaklander, 2007:63; Dierks-Walker, 1994:26-28; Yontef, 1993a:180). Volgens Philippson (2009:21) en die bespreking in 2.4.3.5 en 3.4.3.1.2.1 kan die respondente deur selfkonsep, selfbeeld, selfagting en eie persepsies bewus word dat hulle *"gelyke medeskeppers"* van hul huidige omstandighede is en nie daarvan geskei is nie. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Huston (2000:19), Pattison (2000:5) en die bespreking in 2.2 dat die respondente nie maar net 'n slagoffers van, of produk van hul omstandighede of diskoerse is nie. Volgens Macaskill (2008:49-53) en die bespreking in 7.3.2.2 benader die respondente hul vergifnis van omstandighede as 'n *"doel van God"* met hul lewe. Dit verminder die blamering van ander, die self, God en hul omstandighede.


#### 9.3.3.2.1.4 Totale *HFS* telling voor en na intervensie

Die frekwensieverskuiwing van die vyf respondente se totale *HFS* telling voor en na intervensie word in Tabel 9.12 aangetoon.

**Tabel 9.12 Frekwensieverskuiwing van totale HFS telling**

| | Voor intervensie | Na intervensie | Verskuiwing |
|---|---|---|---|
| **Respondent A** | 51 | 75 | 47.06% |
| **Respondent B** | 51 | 74 | 45.10% |
| **Respondent C** | 41 | 88 | 114.63% |
| **Respondent D** | 37 | 65 | 75.68% |
| **Respondent E** | 45 | 80 | 77.78% |

Die frekwensieverskuiwing van die totale *HFS* telling word in die volgende grafiek (Figuur 9.7) aangetoon:




**Figuur 9.7 Frekwensieverskuiwing: Totale HFS telling**

Volgens die data in Tabel 9.12 en Figuur 9.7 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n algehele verskuiwing in die respondente se totale *HFS* telling manifesteer. Die hoër tellings in die *HFS* faktortelling verteenwoordig hoër vlakke van vergifnis by die respondente. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing en die bespreking in 7.4 dat vergifnis van die self, ander en omstandighede belangrike en essensiële komponente is in die heelwordingproses van mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar.

#### 9.3.3.2.2 Analisering van voortoets-/natoets-data van respondente se vergifnis van die self, ander en omstandighede

Aansluitend by die frekwensie-analise is die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf) uitgevoer om te bepaal of die intervensiemodel enige statisties beduidende veranderinge teweeg gebring het. Die resultate word in Tabel 9.13 aangetoon.

**Tabel 9.13 Beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel op vergifnis van die self, ander en omstandighede voor en na intervensie, asook resultate van die Wilcoxon rangtoets**

| | Geldige N | Gemid | Mediaan | Min | Maks | Std.Afw | Verskil | Wilcoxon toets p-waarde | Effek |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Self voor intervensie** | 5.0 | 15.4 | 17.0 | 10.0 | 17.0 | 3.0 | -10.8 | 0.04 | 3.5 |
| **Self na intervensie** | 5.0 | 26.2 | 26.0 | 23.0 | 30.0 | 2.9 | | | |
| **Ander voor intervensie** | 5.0 | 13.4 | 13.0 | 8.0 | 18.0 | 3.8 | -11.0 | 0.04 | 2.9 |
| **Ander na intervensie** | 5.0 | 24.4 | 25.0 | 20.0 | 27.0 | 2.7 | | | |
| **Omstandighede voor intervensie** | 5.0 | 16.2 | 16.0 | 14.0 | 18.0 | 1.5 | -9.6 | 0.04 | 2.9 |
| **Omstandighede na intervensie** | 5.0 | 25.8 | 25.0 | 22.0 | 31.0 | 3.3 | | | |
| **Totale HFS voor intervensie** | 5.0 | 45.0 | 45.0 | 37.0 | 51.0 | 6.2 | -31.4 | 0.04 | 3.7 |
| **Totale HFS na intervensie** | 5.0 | 76.4 | 75.0 | 65.0 | 88.0 | 8.4 | | | |

*$p < 0.05$ dui op beduidende veranderinge

Die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings is uitgevoer om die statistiese veranderinge in die voortoets-/natoets *HFS* tellings van die respondente te bepaal. Hiervolgens kon die volgende afleidings gemaak word:

- Vanuit die data-analise blyk dit dat daar statisties betekenisvolle verskille tussen die voortoets- / natoets indeksskaal-tellings op die 5%-peil bestaan.
- Die resultaat van die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings het daarop gedui dat daar 'n beduidende verskuiwing was ten opsigte van die respondente se vergifnis van die self, ander en omstandighede.
- Die verskil tussen die natoets en voortoets gemiddeldes van die indeksskaal is statisties betekenisvol, aangesien die p-waarde van 0.04 kleiner is as 0.05 ($p < 0.05$).
- Volgens die resultate van die tweekantige p-waarde ($p < 0.05$) is die nulhipotese verwerp, omdat die mediaanwaarde betekenisvolle verbeterings in vergifnis van die self, ander en omstandighede aangetoon het.

- Cohen se *d*-waardes (Steyn, 2005; Ellis & Steyn 2003:4) is ook bereken om die effekgrootte in die praktyk aan te dui (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf). Die effekgroottes was almal groter as 0.64 wat daarop dui dat die verbetering belangrik in die praktyk was.

Die afleiding kan na aanleiding van bogenoemde gegewens gemaak word dat die respondente 'n verhoogde vergifnis van die self, ander en omstandighede **na** die implementering van die intervensiemodel ervaar. Daar kan dus gestel word dat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief vir die navorsingspopulasie was en 'n positiewe statisties en prakties betekenisvolle uitwerking het op mishandelde adolessente se vergifnis van die self, ander en omstandighede.

### 9.3.3.3 Ontleding en analisering van respondente se vergewensgesindheid met behulp van die *Enright Forgiveness Inventory (EFI)*

Die *Enright Forgiveness Inventory (EFI)* is in die navorsing gebruik om die verskuiwing van respondente se affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid teenoor die oortreder te bepaal (soos in 1.9.3.1.1.3 beskryf).

#### 9.3.3.3.1 Vergelyking tussen die voortoets en natoets van respondente se vergewensgesindheid

Die frekwensieverskuiwing van die respondente se vergewensgesindheid voor en na intervensie word in Tabel 9.14 aangetoon.

**Tabel 9.14 Frekwensieverskuiwing van vergewensgesindheid**


| | Affektiewe vergewensgesindheid | | | Vergewensgesinde gedrag | | | Kognitiewe vergewensgesindheid | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Voor** | **Na** | **%** | **Voor** | **Na** | **%** | **Voor** | **Na** | **%** |
| **Respondent A** | 29 | 63 | 117.24% | 31 | 56 | 80.65% | 34 | 67 | 97.06% |
| **Respondent B** | 38 | 81 | 113.16% | 41 | 88 | 114.63% | 43 | 90 | 109.30% |
| **Respondent C** | 39 | 87 | 123.08% | 48 | 86 | 79.17% | 48 | 95 | 97.92% |
| **Respondent D** | 37 | 63 | 70.27% | 41 | 71 | 73.17% | 42 | 72 | 71.43% |
| **Respondent E** | 28 | 65 | 132.14% | 31 | 67 | 116.13% | 27 | 68 | 151.85% |

Wanneer die voortoets en natoets *EFI* tellings van die respondente van nader bestudeer word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Vanuit die data van die respondente voor en na die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* toon die frekwensie-analise dat die respondente se affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid verhoog het.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se affektiewe vergewensgesindheid wissel tussen 70.27% by respondent D en 132.14% by respondent E.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se vergewensgesinde gedrag wissel tussen 73.17% by respondent D en 116.13% by respondent E.
- Die minimum en maksimum verskuiwing in respondente se kognitiewe vergewensgesindheid wissel tussen 71.43% by respondent D en 151.85% by respondent E.

#### 9.3.3.3.1.1 Affektiewe vergewensgesindheid

Die frekwensieverskuiwing van die vyf respondente se affektiewe vergewensgesindheid word in die volgende grafiek (Figuur 9.8) aangetoon:





**Figuur 9.8 Frekwensieverskuiwing: Affektiewe vergewensgesindheid**

Volgens die data in Tabel 9.14 en Figuur 9.8 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente se affektiewe vergewensgesindheid manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na die implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente 'n verhoging in hul *affektiewe vergewensgesindheid* ervaar. In die affektiewe sisteem het die respondente negatiewe emosies van woede, skuld en skaamte met meer neutrale en positiewe emosies van empatie en medelye vervang. Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Enright (2003:11) en die bespreking in 7.2.3.4 en 7.5.1 dat vergifnis positiewe implikasies het vir die respondente se emosionele ontwikkeling. Volgens Enright, *et al.* (1998:46-47), Enright (1996:109) en die bespreking in 7.5.1.2 en 7.5.1.4 behels vergifnis die affektiewe, kognitiewe en morele gedragsdomeine van menslike ontwikkeling. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Tangney, *et al.* (2007:359), Lewis (1995:65) en die bespreking in 4.8 en 6.5 dat skuld en skaamte komplekse affektief-kognitiewe selfbewuste emosies is wat die respondente se aksie, denke en gevoel evalueer volgens bepaalde morele standaarde.

#### 9.3.3.3.1.2 Vergewensgesinde gedrag

Die frekwensieverskuiwing van die vyf respondente se vergewensgesinde gedrag word in die volgende grafiek (Figuur 9.9) aangetoon:





**Figuur 9.9 Frekwensieverskuiwing: Vergewensgesinde gedrag**

Volgens die data in Tabel 9.14 en Figuur 9.9 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel ŉ verskuiwing in die respondente se vergewensgesinde gedrag manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na die implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente ŉ verhoging in hul *vergewensgesinde gedrag* ervaar. In die morele gedragsdomein het die respondente negatiewe gedrag van vermyding, wraak en vergelding deur positiewe en altruïstiese gedrag teenoor die oortreder vervang. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Malcolm (2008:283), Wade en Worthington (2005:167), Enright (2003:11) en die bespreking in 7.3.4 en 7.5.1.2 dat empatie en medelye ŉ verskuiwing van persepsie, gevoel, houding en gedrag teenoor die oortreder fasiliteer. Volgens Macaskill (2004:32), Tangney en Dearing (2004:133), Exline en Baumeister (2001:133-151) en die bespreking in 6.4.4 en 7.2.3.4 blyk dit dat vergifnis nie van morele gedrag en empatie teenoor die oortreder geskei kan word nie, omdat dit die respondente se vermoë om te vergewe affekteer. Die bevindinge stem ook ooreen met die navorsing van Pattison (2000:210) en die bespreking in 7.2.3.3 dat die respondente se vergifnis afhanklik is van hul kognitiewe en affektiewe karakter binne hul morele gedrag.

**9.3.3.3.1.3 Kognitiewe vergewensgesindheid**

Die frekwensieverskuiwing van die vyf respondente se kognitiewe vergewensgesindheid word in die volgende grafiek (Figuur 9.10) aangetoon:




**Figuur 9.10 Frekwensieverskuiwing: Kognitiewe vergewensgesindheid**

Volgens die data in Tabel 9.14 en Figuur 9.10 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente se kognitiewe vergewensgesindheid manifesteer. Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Na die implementering van die intervensiemodel blyk dit dat die respondente 'n verhoging in hul *kognitiewe vergewensgesindheid* ervaar. Die kognitiewe vermoë van die respondente om abstrak (formeel-operasioneel) te dink en hipoteties-deduktief te redeneer, stel hulle in staat om oor alternatiewe waardes te dink en hul konsekwensies te evalueer (Seltzer, 2009:38). In die kognitiewe domein het die respondente besef dat hulle 'n reg tot negatiewe emosies het, maar was bereid om dit op te gee. Hierdie bevindinge stem ooreen met Enright (2003:11) en die bespreking in 7.5.1.2 dat negatiewe denke vervang kan word deur positiewe denke om die oordeel, wraak en vergeldinggedagtes teenoor die oortreder op te gee. Kognitiewe ontwikkeling is vir die ontwikkeling van empatiese en morele vermoëns verantwoordelik (Louw, Louw & Ferns, 2007:333). Silfver-Kuhalampi (2008:9), Piaget (1995:297-299) en Kohlberg (1978:83-87) definieer moraliteit as 'n onafhanklike konsep wat deur kognitiewe ontwikkeling, subjektiewe selfbewustheid en bepaalde standaarde bepaal word.

  Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Enright en Fitzgibbons (2000:24) en die bespreking in 7.2.3.3 en 7.5.1.4 dat vergifnis effektief gebruik kan word as 'n kognitiewe en emotiewe tegniek om woede te hanteer en vergelding op te gee deur empaties en moreel op te tree. Volgens Browning, *et al.* (2004:65) en die bespreking in 7.1 kan die respondente se religieuse ontwikkeling hul kognitiewe, affektiewe en morele gedrag teenoor ander bepaal. Die respondente het hul gedrag nie net beoordeel op die basis van die samelewing se bestaande norme nie, maar ook volgens hul eie gewete of geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels. Hierdie bevindinge stem ooreen met die navorsing van Richardson (2005:153), Seamands (2004:21) en die bespreking in 2.4.3.5.1 dat die respondente as sedelike wese 'n lewe wat op God gerig is leef en deur die werking van die Heilige Gees aangespreek word.


#### 9.3.3.3.1.4 Totale *EFI* telling voor en na intervensie

Die frekwensieverskuiwing van die vyf respondente se totale *EFI* telling voor en na intervensie word in Tabel 9.15 aangetoon.

**Tabel 9.15 Frekwensieverskuiwing van totale EFI telling**

| | Voor intervensie | Na intervensie | Verskuiwing |
|---|---|---|---|
| **Respondent A** | 94 | 186 | 97.87% |
| **Respondent B** | 122 | 259 | 112.30% |
| **Respondent C** | 135 | 268 | 98.52% |
| **Respondent D** | 120 | 206 | 71.67% |
| **Respondent E** | 88 | 200 | 127.27% |

Die frekwensieverskuiwing van die totale *EFI* telling word in die volgende grafiek (Figuur 9.11) aangetoon:




**Figuur 9.11 Frekwensieverskuiwing: Totale EFI telling**

Volgens die data in Tabel 9.15 en Figuur 9.11 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel 'n algehele verskuiwing in die respondente se totale *EFI* telling manifesteer. Die hoër tellings in die *EFI* faktortelling verteenwoordig hoër vlakke van vergifnis by die respondente. Hierdie bevindinge stem ooreen met die bespreking van vergifnis in Hoofstuk 7 en die navorsing van Freedman (2008:97), Enright en Rique (2004:6-7), Enright en Fitzgibbons (2000:68) en Enright en North (1998:52) dat vergewensgesindheid 'n belangrike en essensiële komponent is om mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar na vergifnis te begelei.

#### 9.3.3.3.2 Analisering van voortoets-/natoets-data van respondente se vergewensgesindheid

Aansluitend by die frekwensie-analise is die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf) uitgevoer om te bepaal of die intervensiemodel enige statisties beduidende veranderinge teweeg gebring het. Die resultate word in Tabel 9.16 aangetoon.

**Tabel 9.16 Beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel op vergewensgesindheid voor en na intervensie, asook resultate van die Wilcoxon rangtoets**

| | Geldige N | Gemid | Mediaan | Min | Maks | Std.Afw | Verskil | Wilcoxon toets p-waarde | Effek |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Affektiewe voor intervensie** | 5.0 | 34.2 | 37.0 | 28.0 | 39.0 | 5.3 | -37.6 | 0.04 | 3.3 |
| **Affektiewe na intervensie** | 5.0 | 71.8 | 65.0 | 63.0 | 87.0 | 11.4 | | | |
| **Gedrag voor intervensie** | 5.0 | 38.4 | 41.0 | 31.0 | 48.0 | 7.3 | -35.2 | 0.04 | 2.6 |
| **Gedrag na intervensie** | 5.0 | 73.6 | 71.0 | 56.0 | 88.0 | 13.4 | | | |
| **Kognitiewe voor intervensie** | 5.0 | 38.8 | 42.0 | 27.0 | 48.0 | 8.3 | -39.6 | 0.04 | 3.0 |
| **Kognitiewe na intervensie** | 5.0 | 78.4 | 72.0 | 67.0 | 95.0 | 13.1 | | | |
| **Totale EFI voor intervensie** | 5.0 | 111.8 | 120.0 | 88.0 | 135.0 | 20.0 | -112.0 | 0.04 | 3.0 |
| **Totale EFI na intervensie** | 5.0 | 223.8 | 206.0 | 186.0 | 268.0 | 37.1 | | | |

*p < 0.05 dui op beduidende veranderinge

Die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings is uitgevoer om die statistiese veranderinge in die voortoets-/natoets *EFI* tellings van die respondente te bepaal. Hiervolgens kon die volgende afleidings gemaak word:

- Vanuit die data-analise blyk dit dat daar statisties betekenisvolle verskille tussen die voortoets- / natoets indeksskaal-tellings op die 5%-peil bestaan.

- Die resultaat van die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings het daarop gedui dat daar beduidende verskuiwing ten opsigte van die respondente se affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid was.
- Die verskil tussen die natoets en voortoets gemiddeldes van die indeksskaal is statisties betekenisvol, aangesien die p-waarde van 0.04 kleiner is as 0.05 ($p < 0.05$).
- Volgens die resultate van die tweekantige p-waarde ($p < 0.05$) is die nulhipotese verwerp, omdat die mediaanwaarde betekenisvolle verbeterings in respondente se affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid aangetoon het.
- Cohen se *d*-waardes (Steyn, 2005; Ellis & Steyn 2003:4) is ook bereken om die effekgrootte in die praktyk aan te dui (soos in 1.9.5.2.2.2 beskryf). Die effekgroottes was almal groter as 0.64 wat daarop dui dat die verbetering belangrik in die praktyk was.

Die afleiding kan na aanleiding van bogenoemde gegewens gemaak word dat die respondente 'n verhoogde affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid **na** die implementering van die intervensiemodel ervaar. Die resultate dui aan dat die respondente na blootstelling aan die intervensiemodel oor betekenisvol meer kennis van vergifnis beskik. Daar kan dus gestel word dat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief vir die navorsingspopulasie was en 'n positiewe statisties en prakties betekenisvolle uitwerking op mishandelde adolessente se vergewensgesindheid het. Die kwantitatiewe bevindinge stem ooreen met die respondente se heelwordingproses om vergifnis as 'n bron van die herstelervaring te hanteer.

### 9.3.4 Integrering en vergelyking van kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge met ongestruktureerde onderhoude na intervensie

Na die implementering en voltooiing van die intervensiemodel het die navorser 'n analise van die kwalitatiewe en kwantitatiewe data gedoen ten einde te bepaal of daar veranderinge in die afhanklike veranderlikes (skuld, skaamte en vergifnis)

was. Die navorser het ook ŉ analise van die verhouding tussen die onafhanklike veranderlike (*pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel*) en die afhanklike veranderlikes (skuld, skaamte en vergifnis) gedoen om te bepaal of dit die onafhanklike veranderlike was wat die afhanklike veranderlikes beïnvloed het. Vervolgens word die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge met die ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie geïntegreer en vergelyk, om die proses van data analise af te sluit. In die bespreking van die geïntegreerde bevindinge, word daar op die volgende gefokus:

a) Ongestruktureerde onderhoude van respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie.

b) Ongestruktureerde onderhoude van respondente se beskrywing van die effektiwiteit van die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as ŉ bron van die herstelervaring.

c) Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwalitatiewe bevindinge, aan die hand van ŉ beskrywing van die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose in elke sessies.

d) Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwantitatiewe bevindinge, aan die hand van beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel.

Die beskrywing van die geïntegreerde kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge is op die literatuurstudie, die doel, doelwitte en aktiwiteite van elke sessie in die intervensiemodel, die bevindinge van die drie gestandaardiseerde metingskale voor en na intervensie en die ongestruktureerde onderhoude na intervensie gebaseer.

#### 9.3.4.1 Ongestruktureerde onderhoude na intervensie

Die navorser het temas wat tydens die ongestruktureerde onderhoude na vore gekom het geïdentifiseer (soos in 1.9.5.2.2.1 beskryf). Sekere temas het in die onderhoude herhaaldelik na vore gekom en is in subkategorieë, kategorieë en temas verdeel. Die onderhoude is met behulp van die volgende oop-einde vrae gevoer:

- *Wat is jou ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie?*
- *Hoe sal jy die effektiwiteit van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring beskryf?*

Die navorser is van mening dat die subkategorieë, kategorieë en temas sentraal in die evaluering van die intervensiemodel staan, om die effektiwiteit van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring te bepaal.

#### 9.3.4.1.1 Respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie

Vervolgens word die subkategorieë, kategorieë en temas (in Tabel 9.17), wat in die proses van beskrywing, klassifisering en ontleding na vore gekom het in die ongestruktureerde onderhoude, bespreek en met die literatuurstudie gekontroleer. Die onderhoude is gevoer met behulp van die oop-einde vraag: *Wat is jou ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie?*

**Tabel 9.17 Subkategorieë, kategorieë en temas ten opsigte van die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie**

| Temas | Kategorieë | Subkategorieë |
|---|---|---|
| Vermindering van skuld | Gevoel van skuld oor die mishandeling | • Misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam oor die mishandeling het afgeneem.<br>• Selfbeeld en selfwaarde het verhoog. |
| | Emosionele simptome | • Voel nie meer minderwaardig nie.<br>• Fisiese spanning en depressie het afgeneem.<br>• Woede, geïrriteerdheid, moegheid, afname in energie en gebrek aan selfvertroue het verminder. |
| | Beheer van woede | • Woede wat na binne gekeer of na buite geprojekteer word, het afgeneem.<br>• Wraakgedagtes en vergeldende gedrag het afgeneem. |
| | Onttrekking van sosiale interaksie | • Begeerte om te onttrek van sosiale interaksie en interpersoonlike verhoudinge het afgeneem.<br>• Voel nie meer minderwaardig, vuil en skuldig nie. |

| | | |
|---|---|---|
| Vermindering van skaamte | Bewustheid van die self as 'n mislukking | • Selfbewustheid en kritiese selfondersoek het verminder.<br>• Gevoel van 'n waardelose en onaanvaarbare selfbeeld het verminder.<br>• Gevoel van magteloosheid, waardeloosheid, selfkritiek, hulpeloosheid en verwerping het verminder.<br>• Blameer hulleself nie meer vir die mishandeling nie.<br>• Selfbeeld en selfwaarde het verhoog. |
| | Emosionele simptome | • Gevoel van mislukking, teleurstelling, selfkritiek en selfhaat het verminder.<br>• Fisiese spanning en depressie wat stelselmatig ontwikkel het in woede, geïrriteerdheid, moegheid, afname in energie en gebrek aan selfvertroue het afgeneem.<br>• Kompulsiewe gedrag soos eetversteurings, selfskending en substans misbruik het opgehou.<br>• Kompulsiewe verwerking, evaluering en intellektualisering van omstandighede het afgeneem. |
| | Beheer van woede | • Woede wat na binne gekeer of na buite geprojekteer word, het afgeneem.<br>• Woede, aggressie, wraak en die behoefte na vergelding het verminder. |
| | Onttrekking van interpersoonlike verhoudinge | • Begeerte om van interpersoonlike verhoudinge te onttrek het afgeneem.<br>• Voel nie meer minderwaardig in die portuurgroep nie.<br>• Gevoel van mislukking, onvolmaaktheid en tekortkominge van fisiese voorkoms het verminder. |
| Verhoging van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring. | Psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosie, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid | • Bewuste keuse om die oortreder vry te laat gaan en so self vry te kom van die verlede.<br>• Alternatief vir angs, depressie, woede en bitterheid. Innerlike proses wat gevoelens van woede, blaam en die behoefte na vergelding laat afgeneem.<br>• Verhoog die vermoë om te vertrou. |
| | Oplossing vir skuld en skaamte | • Verligting van skuld en skaamte.<br>• Gevoel van mislukking, magteloosheid, waardeloosheid, selfkritiek, hulpeloosheid en verwerping het verminder.<br>• Selfbeeld en selfwaarde het verhoog. |
| | Ervaar empatie en medelye | • Empatie en medelye met die oortreder se persoonlike geskiedenis of kindertyd het verhoog.<br>• Negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder het afgeneem.<br>• Aanvaarding van onreg en die oorlaat van vergelding aan die genade en barmhartigheid van God het verhoog. |

| | | |
|---|---|---|
| | Herstelde verhoudinge | • Bevorder persoonlike gesondheid en interpersoonlike verhoudinge.<br>• Vergewe omdat hulle reeds in Christus vergewe is.<br>• Gevoel van vryheid, geloof in die toekoms en 'n binding met ander en die self.<br>• Aanvaarding van die self en die herstel van verhouding met God en ander. |

Volgens die ongestruktureerde onderhoude in bogenoemde Tabel 9.17 blyk dit dat die respondente na implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* 'n verbeterde vlak van emosionele funksionering ervaar. Vervolgens word die temas en kategorieë, wat uit die ongestruktureerde onderhoude na vore gekom het, bespreek en met die literatuurstudie gekontroleer.

***Tema 1: Vermindering van skuld***

- *Kategorie 1: Gevoel van skuld*

  Mishandelde adolessente ervaar misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam (soos in 5.6.2.1.3 en 6.4.3.2 beskryf). Volgens die respondente het hul misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam na intervensie afgeneem, terwyl hul selfbeeld en selfwaarde verhoog het. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

  *"...voel nie meer skuldig en vuil oor die mishandeling nie." (A)*

  *"Ek blameer myself nie meer vir alles wat met my gebeur nie." (B)*

  *"...alles was nie my skuld nie, ... ek weet nou ek is 'n beter mens..." (D)*

  *"...dit was nie nodig om skuldig en verantwoordelik vir die molestering te voel nie..." (E)*

- *Kategorie 2: Emosionele simptome*

  Mishandeling veroorsaak verskeie emosionele simptome wat die adolessente se psigologiese en fisiese gesondheid beïnvloed (soos in 5.6.2 beskryf). Volgens die respondente het hul gevoel van minderwaardigheid, fisiese spanning, depressie, woede, geïrriteerdheid, moegheid, afname in energie en gebrek aan selfvertroue verminder. Die respondente het die kategorie soos volg beskryf:

*"... voel nie meer geïrriteerd met myself en my vriende nie." (A)*
*"Ek kan die lewe in die oë kyk, want ek is nie meer depressief en moeg nie." (B)*
*"... weet ek kan wees wie ek wil, en hoef nie soos 'n swakkeling te voel nie." (C)*
*"... minder kwaad vir myself en my omstandighede..." (D)*

- *Kategorie 3: Beheer van woede*

Mishandelde adolessente kan hul gevoel van skuld deur woede na buite projekteer om die self te beskerm of dit na binne op hulself keer (soos in 3.4.4.4, 5.6.2, 6.4.2 en 6.4.3.2.2.1 beskryf). Om woede na binne op hulself te keer, is dikwels die oorsaak vir psigosomatiese siektes, depressie, negatiwiteit, pessimisme, selfbeserings of selfvernietigende gedrag (soos in 5.6.2 beskryf). Volgens die respondente het hul woede, wat na buite geprojekteer of na binne gekeer word, afgeneem en het hul die wraakgedagtes en vergeldende gedrag teenoor die oortreder opgegee. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

*"...het minder woedeuitbarstings..." (A)*
*"...opgehou om my liggaam te straf wanneer ek kwaad vir my ouers is..." (B)*
*"...kan my woede beheer, sonder om aan wraak en vergelding te dink." (C)*
*"...kan die pyn en woede hanteer, sonder om myself of ander seer te maak." (E)*

- *Kategorie 4: Onttrekking van sosiale interaksie*

Weens die samelewing se geneigdheid om mishandelde adolessente te etiketteer en te blameer vir die mishandeling, het hulle dikwels misplaaste gevoelens van skuld, skaamte en selfblaam (vergelyk Chagigiorgis & Paivio, 2008:122; Freedman, 2008:95; Sigelman & Rider, 2008:365; Knauer, 2002:73). Die adolessente verkies dikwels om van sosiale interaksie te onttrek as verdediging teen die ervaring van skuld en minderwaardigheid (soos in 3.4.3.1, 5.6.2 en 6.4.3.2 beskryf). Die respondente het gestel dat hul begeerte om van sosiale interaksie en interpersoonlike verhoudinge te onttrek na die intervensie afgeneem het. Die respondente het die kategorie soos volg beskryf:

*"...al het ek minderwaardig, vuil en skuldig oor die mishandeling gevoel, kan ek nie alleen wees nie, ... ek het vriende nodig..." (A)*
*"... ek kan met mense praat sonder om minderwaardig en skuldig te voel..." (C)*

*"... kan die lewe saam met vriende geniet sonder om te wonder of hulle dink ek is 'n maklike meisie." (D)*

**Tema 2: Vermindering van skaamte**

- *Kategorie 1: Bewustheid van die self as 'n mislukking*

Die self van mishandelde adolessente word aan die blootstelling van selfbewustheid en kritiese selfondersoek uitgelewer wat hulle met 'n gevoel van waardeloosheid, minderwaardigheid, magteloosheid en hulpeloosheid laat (soos in 2.4.3.5.1, 4.4.2.3, 5.6.2 en 6.4.4 beskryf). Die respondente het gestel dat hul selfbewustheid en kritiese selfondersoek na intervensie verminder het. Dit het hul gevoel van 'n onaanvaarbare selfbeeld, magteloosheid, selfkritiek, hulpeloosheid en verwerping verminder. Na die intervensie blameer hulle hulself nie meer vir die mishandeling nie en hul selfbeeld en selfwaarde het verhoog. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

*"...voel nie meer soos 'n mislukking nie." (A)*

*"...kritiseer myself nie meer nie... ek is nie 'n minderwaardige mislukking nie." (B)*

*"...blameer en kritiseer myself nie meer omdat ek "gay" is nie. Dit is wie ek is..." (C)*

*"...is nie waardeloos om net misbruik te word nie..." (D)*

*"...voel nie meer nutteloos en sonder betekenis nie." (E)*

- *Kategorie 2: Emosionele simptome*

Skaamte kan 'n vorm van selfmarteling met gevoelens van mislukking, teleurstelling, selfkritiek of selfhaat wees (soos in 2.5.2.2, 4.4.2, 5.6.2 en 6.4.4 beskryf). Die respondente het gestel dat hul fisiese spanning en depressie, wat stelselmatig in woede, geïrriteerdheid, moegheid en gebrek aan selfvertroue ontwikkel het, na intervensie afgeneem het. Hul kompulsiewe gedrag soos eetversteurings, selfskending en substans misbruik het opgehou. Die respondente het ook gestel dat hul kompulsiewe verwerking, evaluering en intellektualisering van hul omstandighede afgeneem het. Hulle het die kategorie soos volg beskryf:

*"...nie meer geïrriteerd met my liggaam nie, ...dink nie aan selfmoord nie, ...voel nie meer moeg vir myself en die lewe nie." (A)*

*"...nie meer depressief en moeg nie... ek breek my selfbeeld nie meer af nie... gebruik nie die eetversteuring om in beheer te voel nie." (B)*

*"...my spanning is minder... drink nie meer nie... nie meer skaam nie, omdat ek aanvaar dat ek "gay" is." (C)*

*"...minder kwaad vir myself... nie meer impulsief in my verhoudinge met ander mans nie... selfvertroue om nie seks te gebruik om belangrik en geliefkoos te voel nie..." (D)*

- *Kategorie 3: Beheer van woede*

  Mishandelde adolessente projekteer hul gevoel van skaamte deur woede na binne op hulself as selfstraf of na buite, om die self te beskerm (soos in 3.4.4.4, 5.6.2, 6.4.4 en 6.6.3 beskryf). Die adolessente sal eerder hul woede op hulself rig in 'n poging om kritiek, vernedering of verwerping te vermy. Om woede na binne te keer, is dikwels die oorsaak vir 'n waardelose en onaanvaarbare selfbeeld, psigosomatiese siektes, depressie, negatiwiteit, pessimisme, selfbeserings of selfvernietigende gedrag (soos in 5.6.2 beskryf). Volgens die respondente het hul woede, aggressie, wraakgedagtes en die behoefte na vergelding verminder. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

  *"...kan aggressie teenoor myself en my ouers beheer, sonder om negatief en pessimisties oor alles te wees." (B)*

  *"...opgehou om woede teen myself te rig en myself te kritiseer... gevoel van depressie het verminder... aggressie teen my pa het verminder, omdat ek minder woedeuitbarstings het." (C)*

  *"...woede beheer deur minder negatief en pessimisties teenoor my selfbeeld en my omstandighede te wees" (D)*

  *"...nie meer negatief, depressief of kwaad vir myself en die lewe nie... woede en aggressie teenoor my stiefpa het verminder." (E)*

- *Kategorie 4: Onttrekking van interpersoonlike verhoudinge*

  Mishandelde adolessente verkies dikwels om van interpersoonlike verhoudinge te onttrek as verdediging teen die ervaring van skaamte, selfbewustheid, minderwaardigheid en verwerping (soos in 3.4.3.1, 5.6.2 en 6.4.3.2 beskryf). Volgens die respondente het hul begeerte om van interpersoonlike verhoudinge te onttrek afgeneem, omdat hulle gevoel van mislukking, minderwaardigheid, onvolmaaktheid en tekortkominge van fisiese

voorkoms verminder het. Die respondente het die kategorie soos volg beskryf:

*"...isoleer myself nie van ander mense nie... voel nie meer minderwaardig nie." (A)*
*"...ek hou van myself, omdat ek nie dom, lelik of vet is nie... voel nie minderwaardig teenoor my suster nie... my vriende aanvaar my soos ek is." (B)*
*"...onttrek myself nie meer van mense omdat ek "gay" is." (C)*

**Tema 3: *Verhoging van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring***

- *Kategorie 1: Psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosie, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid*

Vergifnis is 'n bewuste keuse om die oortreder vry te laat gaan en so self vry te kom van die verlede (soos in 7.2.3 en 7.3 beskryf). Volgens die respondente het vergifnis hul gevoelens van woede, blaam en die behoefte na vergelding laat afgeneem en hul vermoë om te vertrou verhoog. Na die intervensie het die respondente minder angs, depressie, woede en bitterheid ervaar. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

*"...voel verlig om my woede en seer nie meer saam met my te dra nie." (A)*
*"...vergifnis het my angs, woede en depressie weggeneem." (B)*
*"...voel vry van my verlede wat my skuldig en soos 'n mislukking laat voel het." (C)*
*"...minder kwaad en bitter oor die molestering..." (D)*
*"...kon my stiefpa vergewe. ...voel goed. ...vry van wraakgedagtes en die behoefte na vergelding." (E)*

- *Kategorie 2: Oplossing vir skuld en skaamte*

Vergifnis kan verligting vir mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte bring (soos in 7.2.3 en 7.4.3 beskryf). Na die intervensie het die respondente ervaar dat hul selfbeeld en selfwaarde verhoog het. Volgens die respondente het hul gevoel van magteloosheid, mislukking, waardeloosheid en hulpeloosheid verminder. Die respondente het die kategorie soos volg beskryf:

*"...voel verlig om nie meer waardeloos en 'n mislukking te voel nie." (A)*
*"...nie meer skuld en skaam emosie wat my lewe beheer nie." (B)*
*"...voel minder 'n mislukking, omdat ek kan vergewe en goed voel oor myself." (C)*
*"...minder selfkritiek ...voel nie meer waardeloos en soos 'n gebruiksartikel..." (D)*

- *Kategorie 3: Ervaar empatie en medelye*

  Empatie ontstaan in mishandelde adolessente se morele gedrag teenoor intra- en interpersoonlike verhoudinge. Empatie integreer die affektiewe en kognitiewe vermoëns van die adolessente in die ervaring van skuld en skaamte emosies. Die kognitiewe komponent van empatie het hoofsaaklik op die herkenning van ander se innerlike toestande betrekking, terwyl die affektiewe komponent die ervaring van emosies insluit (soos in 6.2, 6.3.3, 6.5, 7.2.3, 7.3.4 en 7.5.2 beskryf). Volgens die respondente het hul empatie en medelye met die oortreder se persoonlike geskiedenis of kindertyd verhoog. Negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder het afgeneem. Hulle kon die onreg aanvaar en vergelding oorlaat aan die genade en barmhartigheid van God. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie: :

  *"...kry haar broer en die verkragters jammer... laat hulle in God se hande... hoop hulle vind geluk in die lewe." (A)*

  *"...kry my ouers jammer, omdat hulle kindertyd nie volmaak was nie." (B)*

  *"...my voorgeneem om soos Jesus die molesteerders te vergewe en die onreg wat my lewe verander het aan God oor te laat." (C)*

  *"...negatiewe gevoelens en gedagtes verander wanneer ek aan die molesteerder binne sy konteks dink..." (D)*

  *"...stiefpa se kinderdae het moontlik 'n invloed op sy woedeuitbarstings en die molestering gehad... God gevra om my wraak en vergeldinggedagtes weg te neem." (E)*

- *Kategorie 4: Herstelde verhoudinge*

  Vergifnis bevorder die persoonlike gesondheid en interpersoonlike verhoudinge van mishandelde adolessente (soos in 7.2.3, 7.4.3, 7.5 en 7.6 beskryf). Volgens die respondente het hulle die oortreder vergewe omdat hulle reeds in Christus vergewe is (soos in 2.5.3 beskryf). Dit het aan hulle 'n gevoel van vryheid, geloof in die toekoms en 'n binding met ander en die self verskaf. Hierdeur kon hulle hulself aanvaar, hul verhouding met God herstel en emosionele verligting in hul verhouding teenoor die oortreder ervaar. Die respondente het die kategorie soos volg beskryf:

*"...verhouding met my broer het verbeter, omdat ek vry van skuld en skaamte voel en hom sal verdra soos God ons almal verdra. Ek blameer God nie meer vir die molestering en verkragting nie" (A)*

*"...God gee my krag om elke dag my skuld en skaamte emosie te beheer. ...kan nou ook my woedeuitbarstings teenoor my ouers en my suster beheer." (B)*

*"...kon die molesteerders vergewe, omdat God my vergewe het." (C)*

*"...my verhouding met God het in die proses van vergifnis verbeter. God het my vergewe, daarom kon ek myself en die molesteerder ook vergewe." (D)*

*"...voel nie verwerp deur God en my ma nie... altyd bewus van God se liefde... voel verlig om nie meer wrok en bitterheid teenoor my stiefpa saam met my te dra nie." (E)*

#### 9.3.4.1.2 Respondente se beskrywing van die effektiwiteit van die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring

Vervolgens word die subkategorieë, kategorieë en temas (in Tabel 9.18), wat in die proses van beskrywing, klassifisering en ontleding na vore gekom het in die ongestruktureerde onderhoude, bespreek en met die literatuurstudie gekontroleer. Die onderhoude is gevoer met behulp van die oop-einde vraag: *Hoe sal jy die effektiwiteit van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring beskryf?*

**Tabel 9.18 Subkategorieë, kategorieë en temas ten opsigte van die effektiwiteit van die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring**

| Temas | Kategorieë | Subkategorieë |
|---|---|---|
| Vermindering van negatiewe emosies, gedagtes en gedrag. | Emosionele verligting en psigologiese gesondheid | • Verbetering van affektiewe vergewensgesindheid.<br>• Verligting van woede, skuld, skaamte, blaam en die behoefte na vergelding.<br>• Verbetering van fisiese en psigiese gesondheid om pynlike ervarings te hanteer. |

| | | |
|---|---|---|
| | Verandering van negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder. | • Verbetering van vergewensgesinde gedrag.<br>• Vergifnis ontlaai geakkumuleerde woede en 'n begeerte na vergelding geleidelik deur 'n heelwordingproses en 'n gevoel van empatie teenoor die oortreder.<br>• Selfbeheersing, positiewe gevoelens, gedagtes en optredes, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde verhoog.<br>• Verbetering van kognitiewe vergewensgesindheid.<br>• Obsessiewe kognitiewe herinneringe aan die mishandeling neem af.<br>• Konstante vergelyking met die oortreder neem af. |
| Herstel van verhoudingskonflik | Intrapersoonlike verhouding (self) | • Alternatief vir angs, depressie, woede en bitterheid.<br>• Negatiewe gevoelens teenoor die self ontlaai.<br>• Vermindering van negatiewe gedrag.<br>• Vryheid van gebeure uit die verlede.<br>• Nuwe doel en betekenis in die lewe. |
| | Interpersoonlike verhoudinge (ander) | • Woede en aggressie teenoor die oortreder word met empatie en morele gedrag vervang.<br>• Bied vergifnis aan ten spyte van pyn en onreg wat gely is.<br>• Ervaar 'n gevoel van vryheid.<br>• Onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof, en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God. |

Volgens die ongestruktureerde onderhoude in bogenoemde Tabel 9.18 blyk dit dat vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was. Die intervensiemodel wys dat vergifnis positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies en gesonde sosiale interaksie geassosieer word. Vervolgens word die temas en kategorieë, wat uit die ongestruktureerde onderhoude na vore gekom het, bespreek en met die literatuurstudie gekontroleer.

***Tema 1: Vermindering van negatiewe emosies, gedagtes en gedrag***

- *Kategorie 1: Emosionele verligting en psigologiese gesondheid*

  Volgens die respondente het hulle deur die intervensiemodel 'n verbetering in hul fisiese en psigiese gesondheid ervaar. Om die pynlike ervaring van

mishandeling te hanteer het die respondente 'n verhoging van hul affektiewe vergewensgesindheid ervaar. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

> *"Na die terapie voel ek nie meer soos 'n mislukking nie. Ek voel goed oor myself en nie meer kwaad en hartseer nie. ...ek kon my broer en die verkragters vergewe" (A)*
> *"Die terapie het my angs, woede, bitterheid en gevoel van minderwaardigheid weggeneem. ...blameer myself nie meer vir die mishandeling nie. ...my eetgewoontes het verbeter." (B)*
> *"Die terapie het my bevry van my verlede, wat my skuldig en soos 'n mislukking laat voel het. Ek kan nou myself wees, sonder om negatief, deurmekaar en verward te voel." (C)*
> *"Die vergifnisproses het my woede, skuld en skaamte verlig. ...voel nie meer misbruik en geëtiketteer nie. Dit het my gehelp om nie meer bitterheid en 'n wrok te koester nie." (D)*
> *"In die terapie kon ek my stiefpa vergewe. Dit het my bevry van die woede, angs en selfblamering, wat my emosioneel gedreineer het. ...voel nie meer minderwaardig en 'n mislukking nie." (E)*

In die vergifnisproses het die respondente 'n verligting ervaar van woede, skuld, skaamte, blaam en die behoefte na vergelding. Die respondente het gestel dat hulle na implementering van die intervensiemodel hul negatiewe emosies vervang het met meer neutrale en positiewe emosies. Die bevindinge stem ooreen met die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge in 9.3.2 en 9.3.3, die navorsing van McCullough, *et al.* (2009:7), Richards (2009:155), DeCourville, Belicki en Green (2008:2), Enright (2003:11) en die bespreking in 7.2.3.4 en 7.5.1, dat vergifnis positiewe implikasies vir die respondente se emosionele ontwikkeling, selfbeeld en selfwaarde inhou.

- *Kategorie 2: Verandering van negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder*

  Die intervensiemodel het 'n oorgang vanaf 'n verlede waarin die respondente vasgevang is, na 'n toekoms van hoop gebied. Volgens die respondente was die vergifnisproses 'n gepaste strategie vir die herstelervaring. Om die ervaring van woede, skuld en skaamte te hanteer het die respondente 'n verhoging van hul vergewensgesinde gedrag ervaar. Die vergifnisproses het geakkumuleerde woede en 'n begeerte na vergelding geleidelik deur 'n heelwordingproses van empatie teenoor die oortreder ontlaai. In die proses

om die oortreder te vergewe het die respondente ook emosionele verligting van skuld en skaamte verkry. Die volgende verbale aanhalings dui op ŉ diepte beskrywing van die kategorie:

*"Die terapie het my gehelp om my woede en wraakgedagtes te laat vaar. ...voel nie meer vuil en ŉ mislukking nie." (A)*

*"Ek is nie ŉ mislukking nie. ...deur selfbeheersing kan ek my woedeuitbarstings oor die mishandeling beheer. ...my gehelp om my pa te vergewe." (B)*

*"Die terapie het my negatiewe emosies en gedagtes verander. ...kon die molesteerders vergewe soos Jesus verwag ons ander moet vergewe." (C)*

*"Die terapie het my gehelp om minder kwaad en bitter te wees. ...voel nie meer beskadig en opgebruik nie. ...kon die familievriend vergewe en die begeerte na vergelding ontlaai." (D)*

*"Om te vergewe laat my vry voel van die wraakgedagtes teenoor my stiefpa." (E)*

Hierdie bevindinge stem ooreen met die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge in 9.3.2 en 9.3.3, die navorsing van Malcolm (2008:283), Wade en Worthington (2005:167), Enright (2003:11) en die bespreking in 2.5.3.1, 6.4.4, 7.2.3.4, 7.3.4 en 7.5.1.2 dat empatie en medelye ŉ verskuiwing van persepsie, gevoel, houding en gedrag teenoor die oortreder fasiliteer.

Die intervensiemodel het die respondente se kognitiewe vergewensgesindheid en morele gedrag deur positiewe gevoelens, gedagtes en optredes, selfbeheersing, vrygewigheid, offervaardigheid en morele liefde teenoor die oortreder verhoog. Die volgende verbale aanhalings dui op ŉ diepte beskrywing van die kategorie:

*"...die terapie het my anders laat dink oor my broer en die verkragters. ...kry my broer jammer en sal my woede beheer wanneer ek hom weer sien. ...hoop die verkragters sal hul lewe verander. ...ek dink al minder aan hulle of die verkragting." (A)*

*"Na die terapie het ek anders gedink oor my pa. ...hoop hy kan ophou pessimisties teenoor die wêreld en homself wees. ...my negatiewe gevoelens verander wanneer ek aan my ouers se eie tekortkominge en hartseer dink." (B)*

*"...dink na die terapie dat die molesteerders verward was oor hul eie seksuele oriëntasie. ...kon die molesteerders vergewe en vrede maak dat ek "gay" is." (C)*

*"Na die terapie het ek anders gedink oor die molestering. ...kry die molesteerder jammer dat hy beperkte waardes en norme het." (D)*

*"...kon my stiefpa vergewe. ...dink sy kinderdae het ŉ invloed op sy woedeuitbarstings en die molestering gehad." (E)*

Die bevindinge stem ooreen met die navorsing van Silfver-Kuhalampi (2008:9), Enright en Fitzgibbons (2000:24) en die bespreking in 7.2.3.3 en 7.5.1.4 dat vergifnis effektief as 'n kognitiewe en emotiewe tegniek om woede te hanteer en vergelding op te gee deur empaties en moreel op te tree gebruik kan word. Dit het die respondente se obsessiewe kognitiewe herinneringe aan die mishandeling en hul konstante vergelyking met die oortreder laat afneem.

***Tema 2: Herstel van verhoudingskonflik***

- *Kategorie 1: Intrapersoonlike verhouding (self)*

Volgens die respondente was die intervensiemodel 'n alternatief vir angs, depressie, woede en bitterheid. Dit het ook negatiewe skuld en skaamte gevoelens teenoor die self geleidelik laat ontlaai. Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

> *"...voel vry van my woede en bitterheid. ...het myself blameer en gedink ek is niks werd nie. Ek kan na die terapie myself aanvaar en vergewe vir die negatiewe gevoelens oor myself, omdat God my vergewe en aanvaar soos ek is." (A)*
>
> *"...nie meer negatief oor myself nie, want ek is nie 'n mislukking nie. Dit het my angs, woede en depressie weggeneem. ...ek kan net myself wees, sonder om voor te gee om iemand anders te wees." (B)*
>
> *"...het besluit om die molesteerders te vergewe en gebid dat God my ook genadig sal wees, as dit verkeerd is om homoseksueel te wees." (C)*
>
> *"...tree nie meer impulsief op in my interpersoonlike verhoudinge met manstudente nie. Die terapie het my laat besef dat ek nie moet toegee aan versoeke wat my waardes en norme weerspreek nie." (D)*
>
> *"...die molestering het my selfbeeld beskadig en emosionele pyn veroorsaak, maar ek voel nie meer negatief en gevoelloos teenoor my liggaam nie. ...my selfbeeld is versterk deur die proses van vergifnis." (E)*

Volgens die respondente het hul misplaaste gevoelens van skuld en selfblaam na die intervensie afgeneem, terwyl hul selfbeeld en selfwaarde verhoog het. Hierdie bevindinge stem ooreen met die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge in 9.3.2 en 9.3.3, die navorsing van Holeman (2008:260), Potter-Efron (2005:195), Fitzgibbons (in Enright, 2003:15), Smedes (1984:71) en die bespreking in 7.4.3.3 dat pynlike traumatiese en

stresvolle gebeurtenisse 'n behoefte skep na selfvergifnis as gevolg van die selfblaam, skuld en skaamte. In die vergifnisproses kon die respondente 'n vermindering van negatiewe gedrag, vryheid van gebeure uit die verlede en 'n nuwe doel en betekenis in die lewe ervaar.

- *Kategorie 2: Interpersoonlike verhoudinge (ander)*

Volgens die respondente het hulle 'n verbetering in hul woede en aggressie teenoor die oortreder ervaar. In die verbintenis tot vergifnis kon die respondente hul gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding teen die oortreder opgee. Die respondente het hul negatiewe emosies met morele gedrag en positiewe emosies van empatie en medelye vervang. Dit het tot die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof en die vrylating (oorgee) van die oortreder aan die genade van God gelei (vergelyk Louw, 1996:391). Die volgende verbale aanhalings dui op 'n diepte beskrywing van die kategorie:

> *"Die terapie het my 'n nuwe doel en hoop vir die lewe gegee. ...was kwaad en bitter, maar het my broer en die verkragters aan God se genade oorgee en hulle vergewe. ...God het my ook vergewe vir al die woede en blaam teenoor Hom. ...voel vry van die hartseer in my lewe." (A)*
>
> *"Na die terapie voel ek nie meer soos 'n dier in 'n hok gevange gehou deur my woede, skuld en skaamte nie. God het 'n doel met my lewe. ...hoop dat my suster my sal vergewe vir al my woedeuitbarstings en my ouers sal sien dat ek dankbaar is vir alles wat hulle vir my studies doen." (B)*
>
> *"...die molestering het my lewe verander en my soos 'n mislukking laat voel, maar ek kon die molesteerders vergewe. ...ek is optimisties oor die toekoms en hoop dat my ouers my sal vergewe dat ek "gay" is." (C)*
>
> *"...minder kwaad en bitter oor die molestering. ...sal die familievriend verdra wanneer ek hom weer sien, maar ek sal eerder probeer om hom te vermy" (D)*
>
> *"...kon my stiefpa vergewe en hom aan God se barmhartigheid en genade toevertrou. ...besluit om my verhouding met my ma te herstel en hoop dat sy my sal vergewe vir die woedeuitbarstings wat ek op haar geprojekteer het." (E)*

Die bevindinge stem ooreen met die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge in 9.3.2 en 9.3.3, die navorsing van Belicki, Rourke en McCarthy (2008:166-167), McMinn (1996:214), Enright en Rique (2004:9), Seamands (2004:29), Enright, *et al*. (1992:104-6) en die bespreking in 7.4.3.1, 7.5 en

7.6 dat vergifnis positiewe implikasies vir die respondente se interpersoonlike verhoudinge inhou. In die vergifnisproses het die respondente vergifnis aangebied ten spyte van pyn en onreg wat gely is en die vryheid van woede, skuld, skaamte en gebeure uit die verlede ervaar.

### 9.3.4.2 Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge

Vervolgens word die integrering van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge met die bevindinge van die ongestruktureerde onderhoude aan die hand van die volgende beskryf:

- ŉ beskrywing van die beweging van die respondente se struktuur van persoonlikheid deur die vyf lae van neurose in elke sessies;
- die beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel op die respondente.

#### 9.3.4.2.1 Integrering en vergelyking met die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose

In die vasstelling van die respondente se struktuur van persoonlikheid in die vyf lae van neurose (soos in 3.5 beskryf) kon die respondente se weerstand en persoonlike groei tydens elke sessie in die verloop van die intervensiemodel bepaal word (vergelyk 9.3.2.1.1.2 tot 9.3.2.1.7.2). Die vasstelling van die respondente se neurosevlak aan die einde van die terapeutiese proses het bepaal of hulle deur al die vlakke van neurose beweeg het. Die navorser het die laag waarin die respondente verkeer het bepaal deur te kyk na die onderskeie eienskappe van die onderskeie lae van neurose (soos in 3.5.1 tot 3.5.5 beskryf) Die navorser het tydens die sessies bewus geword dat die respondente nie slegs in een van die lae vir die totale duur van die sessies verkeer nie. Vir die doeleindes van die navorsing het die navorser op al die lae waardeur die respondente beweeg het gefokus. In die Tabel 9.19 word die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose in elke sessies beskryf:

## Tabel 9.19 Beweging van respondente deur die vyf lae van neurose


<table>
<tr><th>Sessie</th><th>Respondent A</th><th>Respondent B</th><th>Respondent C</th><th>Respondent D</th><th>Respondent E</th></tr>
<tr><td rowspan="3">Sessie 1</td><td colspan="5">Vals laag</td></tr>
<tr><td>Vals laag met oorgang na fobiese laag</td><td>Vals laag met oorgang na fobiese laag</td><td>Vals laag met oorgang na fobiese laag</td><td>Vals laag met oorgang na fobiese laag</td><td>Vals laag met oorgang na fobiese laag en impasse laag</td></tr>
<tr><td colspan="5">Dit het geblyk dat die respondente in die vals laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer het. Die terapeut het die respondente bewus van hul rollespel gemaak, waarna hulle na die fobiese laag beweeg het om hul emosies te onderdruk. Respondent E het in die sessie geleidelik na die impasse laag beweeg.</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Sessie 2</td><td colspan="5">Fobiese laag</td></tr>
<tr><td>Fobiese laag met oorgang na impasse laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse laag</td></tr>
<tr><td colspan="5">In sessie twee het dit geblyk dat die respondente in die fobiese laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. Die terapeut het die respondente van hul ongemak en kontakgrensversteurings bewus gemaak, waarna hulle na die impasse laag beweeg het. Respondent C het in die sessie geleidelik na die implosiewe laag beweeg.</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Sessie 3</td><td colspan="3">Fobiese laag</td><td colspan="2">Impasse laag</td></tr>
<tr><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Fobiese laag met oorgang na impasse en implosiewe laag</td><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe laag</td><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe laag</td></tr>
<tr><td colspan="5">In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die oorgang van die fobiese na die impasse laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. Die terapeut het die respondente van hul negatiewe en uitputtende emosionele energie bewus gemaak, waarna hulle na die implosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid beweeg het. Deur bewustheid is die skuld en skaamte emosies waarvan die respondente vervreem geraak het na vore gebring.</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Sessie 4</td><td colspan="2">Impasse laag</td><td colspan="3">Implosiewe laag</td></tr>
<tr><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe laag</td><td>Impasse laag met oorgang na implosiewe en eksplosiewe laag</td><td>Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag</td><td>Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag</td><td>Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag</td></tr>
<tr><td colspan="5">In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die impasse laag met oorgang na die implosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. Die respondente het in die impasse laag weerstand, as gevolg van die onopgeloste emosies waarvan hulle bewus word, ervaar. Hulle het ongemak in hul polariteite ervaar en dit as verdedigingsmeganisme aanwend. In die implosiewe laag het die respondente hul skuld en skaamte emosies begin ontlaai en onvoltooidhede verwerk deur eksperimentering met nuwe gedrag (vergifnis). Geleidelik het die respondente na die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid begin beweeg. Respondent A het in die sessie geleidelik van die impasse laag na die implosiewe laag beweeg en eers in die volgende sessie in die eksplosiewe laag begin gefunksioneer.</td></tr>
</table>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Sessie 5** | Impasse laag | Implosiewe laag | | | |
| | Impasse laag met oorgang na implosiewe en eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag |
| | In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die implosiewe laag met oorgang na die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. In die implosiewe laag het die respondente hul skuld en skaamte emosies begin ontlaai en onvoltooidhede verwerk deur eksperimentering met nuwe gedrag. In die eksplosiewe laag het die respondente tot probleemhantering oorgegaan, omdat hulle suksesvol deur die vorige lae gewerk het. Deur bemagtiging het die respondente voldoende energie gehad om hul pynlike skuld en skaamte emosies deur te werk en alternatiewe gedrag (vergifnis), waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar het, in te oefen en te assimileer. Respondent A het in die sessie geleidelik van die impasse laag na die implosiewe en eksplosiewe laag beweeg. | | | | |
| **Sessie 6** | Implosiewe laag | Eksplosiewe laag | | | |
| | Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag |
| | In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. Die respondente het hul skuld en skaamte emosies ontlaai en onvoltooidhede verwerk deur die eksperimentering met nuwe gedrag. In die eksplosiewe laag het die respondente voldoende energie gehad om hul skuld en skaamte emosies deur te werk en vergifnis in te oefen en te assimileer. Die respondente is bemagtiging om afstand van verdedigingsmeganismes, ou rolle, gewoontes en 'n "vals" karakter te doen. Respondent A het in die sessie geleidelik van die implosiewe laag na die eksplosiewe laag beweeg. | | | | |
| **Sessie 7** | Eksplosiewe laag | | | | |
| | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag | Eksplosiewe laag |
| | In die sessie het dit geblyk dat die respondente in die eksplosiewe laag van die struktuur van persoonlikheid funksioneer. In die laag het die respondente voldoende energie gehad om hul skuld en skaamte emosies te verwerk deur die vergifnisproses te integreer. Deur die bereiking van integrasie is die respondente se balans herstel om hul skuld en skaamte emosies, gedrag en ervaring te organiseer en te reguleer. Dit het daartoe gelei dat hulle onvoltooidhede voltooi, nuwe gedrag met selfvertroue integreer en homeostase bereik. | | | | |

Bogenoemde Tabel 9.19 toon hoe die respondente deur die valse, fobiese, impasse, implosiewe en eksplosiewe lae beweeg het, om in kontak met hulself te wees, hul eie onvoltooidheid te hanteer en verantwoordelikheid vir hul gedrag te neem.

In die laaste sessie het al vyf die respondente die laaste vlak van neurose bereik (eksplosiewe laag), wat aantoon dat hulle nie verdere terapie benodig nie. Die terapeut was dus in staat om 100% van die respondente se weerstand te hanteer en 100% van die respondente was in staat om deur die vlakke van neurose te beweeg in die intervensiemodel se tydbestek. In die volgende

grafiek (Figuur 9.12) word die beweging van die respondente se neurosevlak in elke sessies aangetoon:





**Figuur 9.12 Struktuur van persoonlikheid in die vyf lae van neurose**

Volgens die navorsingsresultate van die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose in bogenoemde Tabel 9.19 en Figuur 9.12 blyk dit dat die vyf respondente die intervensiemodel suksesvol kon voltooi. Hulle het daarin geslaag om suksesvol deur die onderskeie lae van neurose te beweeg en verantwoordelikheid vir hul situasie en gedrag te neem. Ten einde te groei en te ontwikkel, blyk dit dat die respondente daarna gestreef het om 'n balans tussen hul onvoltooidhede en behoeftebevrediging te handhaaf (vergelyk O'Connor & Braverman, 2009:291; Oaklander, 2007:94). Volgens die bogenoemde data van die respondente in die vyf gevallestudies het hulle hul onvoltooidhede (skuld, skaamte en vergifnis) voltooi en hul behoeftes bevredig, om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik. Die bevinding stem ooreen met die ongestruktureerde onderhoude na intervensie en die literatuurstudie (vergelyk Chagigiorgis & Paivio, 2008:121; Crocker, 2007:120; Harris, 2007a:108; Harris, 2007b:127). Dit blyk dat die benutting van vergifnis, as 'n hanteringsmeganisme wat die respondente in 'n persoonlike sterkte omvorm het, hulle begelei het om hul onvoltooidhede te hanteer. Die bevinding bevestig die literatuurstudie dat mishandelde adolessente na ekwilibrium kan

beweeg sodra die wanbalans in hul ervaring van skuld en skaamte herstel is en vergifnis benut word om hulself en ander te vergewe (vergelyk Malcolm & Greenberg, 2001:190; Clarkson & Mackewn, 1994:48-49).

**9.3.4.2.2 Integrering en vergelyking met beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel**

Dit blyk vanuit die kwantitatiewe bevindinge (soos in 9.3.3 beskryf) dat daar **na** implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente manifesteer. Die na-toetstellings van al die respondente wat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* ontvang het, toon 'n beduidende verskil van hul voor-toetstellings. Vervolgens word die gemiddelde statistiese veranderinge voor en na intervensie met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale in die volgende grafiek (Figuur 9.13) aangetoon:




**Figuur 9.13 Beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel**

Volgens die navorsingsresultate van die effek van die intervensiemodel in bogenoemde Figuur 9.13 blyk dit dat die respondente wat die *pastorale*

*Gestaltterapeutiese intervensie* deurloop het, se ervaring van skuld en skaamte aansienlik verminder het, terwyl hul selfwaarde (trots) en verbondenheid tot die vergifnisproses verhoog het. Volgens die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings het die respondente na die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* beduidende verbeteringe in hul ervaring van skuld, skaamte en vergifnis getoon (soos in 9.3.2 beskryf). Die beskrywende gevallestudie en die ongestruktureerde onderhoude **na** intervensie het ook die verbetering in die respondente se hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring getoon, terwyl die statistiese resultate volgens die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings die beduidende verskil bevestig het.

Die spreidings van die respondente se differensiasie tellings het positief verander, wat daarop dui dat die intervensiemodel 'n betekenisvolle verbetering in die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis bewerkstellig het. Hierdie bevinding stem ooreen met die ongestruktureerde onderhoude na intervensie en die literatuurstudie, dat skuld en skaamte emosies gevoelens van mislukking, minderwaardigheid, woede, blaam, bitterheid en die behoefte na vergelding wek, terwyl vergifnis hierdie impulse kan verlig (vergelyk Chagigiorgis & Paivio, 2008:123; Freedman, 2008:94; Enright, 2003:15; Fitzgibbons, 1986:630). Die verandering van die respondente se ervaring van skuld, skaamte, selfwaarde (trots) en vergifnis **na** intervensie kan dus aan hul deelname aan die intervensieprogram toegeskryf word. Volgens die enkelsisteemontwerp, as 'n waarneembare sisteem vir die toegepaste intervensie (soos in 1.9.3.1 beskryf), blyk dit dat die onafhanklike veranderlike die afhanklike veranderlikes van die respondente verbeter het.

- *Afhanklike veranderlike*: Die skuld, skaamte en vergifnis van die respondente was die afhanklike veranderlikes. Volgens die navorsingsresultate blyk dit dat die skuld, skaamte en vergifnis van die respondente verbeter het.
- *Onafhanklike veranderlike*: Die pastorale Gestaltterapeutiese intervensie was die onafhanklike veranderlike. Volgens die navorsingsresultate blyk dit dat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* die skuld, skaamte en vergifnis van die respondente verbeter het.

Die hipotese wat die navorsingsvrae beantwoord is met die bevindinge vanuit die geïntegreerde kwalitatiewe en kwantitatiewe data bevestig: *Die implementering van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel vir mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal hulle na vergifnis van die oortreder en die self begelei.* Na aanleiding van al die navorsingsresultate van die spesifieke respondentegroep ondersteun die navorser die hipotese.

## 9.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aandag aan die empiriese ondersoek vanuit die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gegee. Eerstens is daar 'n oorsig van die navorsingsproses gegee, ten einde die leser met die oog op die bespreking van die empiriese bevindinge te oriënteer. Data is ten opsigte van vyf mishandelde adolessente wat aan die seleksiekriteria voldoen en by die navorser aangemeld het, ingewin. Die navorser het van die gemengde metode gevallestudie navorsingstrategie met die doel om skuld, skaamte en vergifnis te verken en te beskryf, gebruik gemaak.

Tydens die bespreking van die *kwalitatiewe* bevindinge is daar aandag aan die biografiese besonderhede van die vyf respondente en die beskrywing van elke sessie in die intervensiemodel in terme van die doelstellings, verloop en evaluering gegee. Subkategorieë, kategorieë en temas is vanuit die data van die gevallestudies geïdentifiseer en in die vorm van beskrywing en tabelle weergegee. Verbale aanhalings van die respondente het ook diepte aan die data gegee.

In die bespreking van die *kwantitatiewe* bevindinge is daar op die respondente se emosionele ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, voor en na die implementering van die intervensiemodel gefokus. Die kwantitatiewe data wat met behulp van drie gestandaardiseerde metingskale ingesamel is, is in die vorm van tabelle en grafieke voorgestel, bespreek en geïnterpreteer. Dit blyk vanuit die bevindinge na die implementering van die intervensiemodel dat die respondente se ervaring van skuld en skaamte aansienlik verminder het, terwyl hul selfwaarde (trots) en verbondenheid tot die vergifnisproses verhoog het.

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge is met die literatuurstudie en die ongestruktureerde onderhoude na intervensie vergelyk en geïntegreer om die effektiwiteit van die *intervensiemodel* in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring te verifieer en te evalueer. Die navorsingsresultate toon dat die vyf respondente die intervensiemodel suksesvol kon voltooi. Die respondente het daarin geslaag om suksesvol deur die onderskeie lae van neurose te beweeg en verantwoordelikheid vir hul situasie en gedrag te neem.

Na aanleiding van die bevindinge in hierdie hoofstuk, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die intervensiemodel wel 'n verbetering ten opsigte van die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis teweeg gebring het. Dit blyk dat die veranderinge aan die respondente se deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word. Die navorsingsresultate van die spesifieke respondentegroep ondersteun die hipotese wat die navorsingsvrae beantwoord: *Die implementering van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel vir mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, sal hulle na vergifnis van die oortreder en die self begelei.*

In Hoofstuk 10 word die navorsing saamgevat deur op die beantwoording van die navorsingsvrae en die bereiking van die doel en doelwitte wat in Hoofstuk 1 gestel is, te fokus. Die gevolgtrekking en aanbevelings waaruit die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* dissemineer vorm die belangrikste deel van die fokus in Hoofstuk 10.

# HOOFSTUK 10

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE NAVORSING

## 10.1 INLEIDING

Vir die navorsing is daar 'n literatuurstudie gedoen waartydens 'n teoretiese perspektief op mishandelde adolessente binne 'n *pastorale basisteorie* en *Gestaltterapeutiese paradigma* gebied is. Met die oog op 'n effektiewe hulpverleningsprogram ondersteun die navorser 'n multidissiplinêre benadering wat gerig is op die totale welsyn van mishandelde adolessente. Die verkennende en beskrywende ontwerp van die navorsing het ten doel gehad om as raamwerk vir die ontwikkeling en formulering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* wat uit die basisteorie en paradigmatiese perspektief, in Hoofstuk 2 en 3, en die literatuurstudie, in Hoofstuk 4 tot 7, saamgestel is, te dien. In Hoofstuk 4 en 5 is die kontekstuele raamwerk van die navorsing beskryf wat alle komponente van laat-adolessensie, asook die definisie, omvang en simptome van mishandeling begrens. Hoofstuk 6 en 7 het die konseptuele raamwerk van die navorsing deur 'n fenomenologiese vooronderso ek van die ontwikkeling, definisie en omvang van skuld, skaamte en vergifnis beskryf. Uit die literatuurstudie is die intervensiemodel in Hoofstuk 8 saamgestel en ontwerp.

Ter aanvulling van die literatuurstudie is 'n empiriese studie in die vorm van 'n gemengde metode kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek met vyf respondente onderneem. Die navorser wou deur die doelgerigte en planmatige implementering van die intervensiemodel ondersoek instel na die bruikbaarheid van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* om mishandelde adolessente, wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. Hoofstuk 9 behels die analisering van sowel die bevindinge vanuit die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering as die integrering van die bevindinge vanuit beide die benaderinge.

Aan die hand van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek word daar in hierdie hoofstuk gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* aangebied. Daar word spesifiek aandag aan die beantwoording van die navorsingsvrae en die bereiking van die doel en

doelwitte van die navorser geskenk. Hierdeur word uitvoering aan die laaste evaluasie en gevorderde ontwikkelingfase van die intervensienavorsing (fase 5), naamlik die verfyning van die intervensie (soos in 1.9.5 en 1.9.5.4 beskryf) gegee.

## 10.2 NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAE, DOEL EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

Na die voltooiing van die navorsing, is die gevolgtrekkings aan die hand van die navorsingsprobleem, navorsingsvrae, doelstelling en doelwitte, wat in Hoofstuk 1 beskryf is, gemaak. Dit is noodsaaklik om in hierdie laaste hoofstuk te bepaal of die doelstelling en doelwitte vir die navorsing bereik is en die navorsingsprobleem en navorsingsvrae opgelos is. Vervolgens word die samevatting en gevolgtrekkings vir die navorsing aangebied:

### 10.2.1 Navorsingsprobleem

Soos genoem in Hoofstuk 1 het die rasionaal en motivering vir die navorsing binne die konteks van 'n *pastorale basisteorie* en *Gestaltterapeutiese paradigma* tot die formulering van die navorsingsprobleem bygedra. Die navorsingsprobleem is soos volg in 1.3 geformuleer en bespreek:

- *Mishandelde laat-adolessente ervaar selfbewuste emosies van skuld en skaamte wat hulle vergifnis van die oortreder en die self beïnvloed. Ten spyte van bestaande navorsing blyk dit dat daar 'n leemte bestaan om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie na vergifnis te begelei.*

Volgens die navorser is die navorsingsprobleem deur die navorser waargeneem en in die literatuurstudie (in Hoofstuk 2 tot 7), die ontwikkeling en ontwerp van die intervensiemodel (in Hoofstuk 8) en die empiriese ondersoek (in Hoofstuk 9) aangespreek.

### 10.2.2 Navorsingsvrae

Vanuit die navorsingsprobleem het daar twee navorsingsvrae (soos in 1.4.3 beskryf) ten opsigte van die ontwikkeling van die intervensiemodel voortgevloei wat konkrete riglyne aan die navorsing verskaf. Die navorsingsvrae is in die navorsing soos volg beantwoord:

a) *Wat sal die mees toepaslike komponente vanuit die literatuurstudie vir 'n teoretiese raamwerk en proses vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel wees om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei?*

- 'n Literatuurstudie en rekenaarsoektog is onderneem waarin plaaslike en internasionale literatuur benut is. Die doel hiervan was om die omvang van mishandelde laat-adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis vanuit 'n *pastorale basisteorie* en *Gestaltterapeutiese paradigma* vas te stel. Literatuur vanuit verskillende dissiplines soos sielkunde, opvoedkunde, maatskaplike werk en teologie is benut en by die navorsing geïnkorporeer. Hierdie literatuur het 'n breë grondslag geskep, waarop die basis van die navorsing uiteengesit is. Die toepaslike teoretiese inligting is in Hoofstuk 2 tot 7 en die empiriese gegewens in Hoofstuk 8 en 9 weergegee.
- 'n Breë teoretiese grondslag van die *pastorale basisteorie* en *Gestaltterapeutiese paradigma* is in Hoofstuk 2 en 3 bespreek. In die empiriese ondersoek is die toepassing van die basisteorie en die paradigmatiese perspektief in die intervensiemodel geïnkorporeer en suksesvol deur die metingskale voor en na intervensie getoets (soos in Hoofstuk 8 en 9 beskryf).
- Die mishandelde laat-adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis is teoreties in Hoofstuk 4 tot 7 uiteengesit en in die toepassing van die intervensiemodel benut om die empiriese gegewens in Hoofstuk 8 en 9 te beskryf.
- In Hoofstuk 8 is die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* volgens die intervensienavorsingsmetode ontwerp en volledig uiteengesit.

b) *Wat is die benuttingswaarde van die pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel?*

- Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* is geïmplementeer en suksesvol met vyf respondente deurgevoer. Die empiriese resultate van die intervensiemodel is volledig in Hoofstuk 9 bespreek en met die literatuurondersoek in verband gebring en geïntegreer.
- Die waarde en effektiwiteit van die intervensiemodel is deur drie metingskale voor en na intervensie getoets (soos bespreek in 9.3.2). Die intervensiemodel is na implementering deur die drie metingskale as suksesvol bepaal, deurdat dit tot die respondente se ervaring van verhoogde selfwaarde (trots) en verminderde skaamte en skuld bygedra het. Volgens die empiriese gegewens in Hoofstuk 9 blyk dit dat daar na die implementering van die intervensiemodel hoër vlakke van vergifnis by die respondente manifesteer.

Met behulp van die beantwoording van die navorsingsvrae is die navorsingsprobleem ontsluit. Die navorser is van mening dat die hipotese (soos in 1.9.3.1 geformuleer) deur die literatuurstudie en die empiriese gegewens gestaaf is. Met die toepassing en implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* binne die terapeutiese proses, het die navorser daarin geslaag om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

### 10.2.3 Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing is in Hoofstuk 1 (punt 1.4.1) beskryf.

- Die doel met die navorsing was om, vanuit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel, mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

Om die doel te bereik is die navorsing vanuit die gemengde kwalitatiewe-kwantitatiewe navorsingsbenadering onderneem. Volgens die navorser is die doelstelling bereik deur die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* in 'n meervoudige gevallestudie en die inkorporering van 'n A-B-A enkelsisteemontwerp in die intervensienavorsing.

Die intervensiemodel is met vyf mishandelde laat-adolessente geïmplementeer en geëvalueer. Die empiriese ondersoek is uitgevoer ten einde te bepaal of daar enige verandering by die adolessente ingetree het, wat toegeskryf kan word aan hulle deelname aan die intervensieprogram. Uit die resultate van die navorsing kan afgelei word dat die adolessente wat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* deurloop het, se ervaring van skuld en skaamte aansienlik verlaag het en hul verbondenheid tot die vergifnisproses verhoog het.

Na aanleiding van die bespreking van sowel die literatuurstudie as die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis begelei.

### 10.2.4 Doelwitte van die navorsing

Die doelwitte van die navorsing is verkennend en beskrywend van aard (soos in 1.4.2 geformuleer). Vanuit die gestelde navorsingsprobleem, navorsingsvrae en doel van die navorsing word die volgende samevatting en gevolgtrekking ten opsigte van die doelwitbereiking van die navorsing gemaak:

#### 10.2.4.1 Doelwit 1

Die eerste doelwit is soos volg in Hoofstuk 1 (punt 1.4.2) geformuleer:

- *Om 'n basisteoretiese en paradigmatiese perspektief as raamwerk waarbinne alle komponente van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word, te ontwikkel.*

Volgens die navorser is die doelwit bereik deur die vorming van 'n paradigma geskoei op 'n pastoraal teologiese basisteorie binne 'n Gestalt paradigmatiese perspektief in Hoofstuk 2 en 3.

Die *basisteorie* en *paradigmatiese perspektief* het aan die navorser deurgaans leiding ten opsigte van grense en struktuur waarbinne die navorsing voltooi kon word, gebied. Die ontwikkeling van 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* dui op 'n multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind (soos in 2.3 beskryf). Beide die pastoraat en Gestaltterapie kommunikeer binne spanverband met mekaar, om 'n

Christelike wêreldbeskouing in samehang met menslike ervaring en kennis te konstrueer.

In Hoofstuk 2 en 3 is die *basisteorie* en *paradigmatiese perspektief* vir die navorsing, na aanleiding van die navorsingsvrae waardeur die studie gerig word, beskryf.

**10.2.4.1.1 Hoofstuk 2: Basisteorie vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie**

Hoofstuk 2 het op die basisteoretiese perspektief waarmee die navorsing benader is gefokus.

- Die basisteoretiese perspektief binne die pastorale konteks dui op die teologiese vertrekpunte wat vir die navorsing belangrik is (soos in 2.2 beskryf). Dit behels die interpretasie en ontginning van Bybelse norme, waardes en kriteria van menslike handelinge binne dié spesifieke veld van intervensie.
- Pastoraat maak in sy basisteorie van die antropologiese voorveronderstelling gebruik dat die mens 'n afhanklike wese is wat gerig op geloofsrealisering bly. Die pastorale ontmoeting word nie net as 'n dialoog gesien nie, maar as 'n trialoog: 'n gesprek tussen die Heilige Gees, die pastor en die mishandelde adolessente (soos in 2.3.2.1 beskryf). Skrifgebruik en gebed is daarom onlosmaaklik deel van pastoraat en pastorale terapie.
- Met die oog op 'n effektiewe hulpverleningsprogram aan mishandelde adolessente ondersteun die navorser 'n multidissiplinêre benadering (soos in 2.3 beskryf). Die pastoraat en Gestaltterapie kommunikeer binne spanverband met mekaar, met die oog op die totale welsyn van mishandelde adolessente (soos in 2.3.3 beskryf). Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief en Gestaltterapie as sosiale wetenskap vanuit 'n fenomenologiese en empiriese perspektief opereer. Hiervolgens staan mishandelde adolessente nie neutraal of objektief in die terapeutiese intervensie nie, maar is deelnemend in die *pastorale Gestaltterapeutiese* gesprek betrokke.

- Teologiese antropologie vorm 'n belangrike fondament waarop die pastorale basisteorie gebou word. Dit is noodsaaklik om kennis van die konsekwensies en uitwerking wat 'n teologiese antropologie in pastorale terapie vereis te neem, omdat tot transendente betekenisvelde toegetree word. Teologiese antropologie verantwoord 'n bepaalde mensbeeld van mishandelde adolessente wat geskape, liggaamlike, religieuse en psigologiese wesens is en deur persoonlike ervaring, historiese gebeure en eksistensiële menslike aangeleenthede beïnvloed word (soos in 2.4.3 beskryf).
- In die Bybelse boodskap rondom skuld, skaamte en vergifnis is daar 'n bevrydende dinamika opgesluit wat dramatiese verandering op emosionele en selfs fisiese terrein tot gevolg kan hê. Die geestelike dimensie as 'n religieus-bepalende waarde het 'n bepaalde invloed op mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis (soos in 2.5 beskryf). Binne die konteks van waarderegulerende beginsels kan die geestelike dimensie as 'n uitvloeisel van die besef van God se teenwoordigheid beskou word.
- Die Bybel se konsep van skuld en skaamte is primêr op 'n bewustheid van mislukking, onwaardigheid en die gereelde vernedering, skande, blaam en verwyt wat daarmee geassosieer kan word gebaseer (soos in 2.5.1 en 2.5.2 beskryf). Dit is gerig op die behoefte na geluk en aanvaarding wat mishandelde adolessente se verhouding met God, ander en die self affekteer. Skaamte is 'n vervalsing van mishandelde adolessente se siening van hulself, waar hulle 'n persoon probeer skep wat die beeld van God (*imago Dei*) verduister (soos in 2.5.2.5 beskryf).
- Wanneer mishandelde adolessente net op hul mislukkings fokus, ontneem hulle hulself die vryheid wat God se vergifnis vir die mens bring (soos in 2.5.3 beskryf). 'n Herstelde verhouding met God kan op 'n dramatiese ontmoeting wat mishandelde adolessente, met skuld en skaamte, verseker van vergewing en genade uitloop.
- Vergifnis is vanuit 'n teologiese perspektief 'n wisselwerkende beginsel en konsep wat in die hele Bybel voorkom. Bybelse teksverwysings (soos in 2.5.3 beskryf) wys daarop dat Goddelike vergifnis 'n motivering vir

onvoorwaardelike interpersoonlike vergifnis is. Hiervolgens ontvang die gelowige sonder voorwaarde of verwyt vergifnis en behoort dit ook uit dankbaarheid aan ander te gee.

- Vanuit die Bybelse perspektief is interpersoonlike vergifnis 'n Goddelike opdrag aan gelowiges (soos in 2.5.3.2 en 2.5.3.3 beskryf). Dit is 'n krag tot vernuwing en veranderde lewenshouding en gedrag. Vergifnis raak die Christelike leefstyl, naamlik om Jesus se voorbeeld te volg en ook dié te vergewe wat teen jou gesondig het.
- Vergifnis het 'n positiewe invloed op persoonlike welstand. Vergifnis kan as 'n terapeutiese hulpmiddel om mishandelde adolessente op 'n pad van herstel te plaas beskou word (soos in 2.5.3.4 beskryf). Vanweë die nuwe dimensie van versoening in Jesus Christus, kan die gelowige in liefde anders optree. Dit vra van mishandelde adolessente om barmhartig en genadig teenoor die oortreder te wees soos God barmhartig en genadig is.
- Vergifnis beïnvloed mishandelde adolessente se hele wese en morele optrede (soos in 2.5.3.5 tot 2.5.3.8 beskryf). Die verwerking van traumatiese ervaringe behels 'n keuse tussen 'n pad van bitterheid of van vergifnis. Vergifnis stel mishandelde adolessente in staat om vry van haat, bitterheid, skuld, skaamte, hartseer en ander emosies te kom. Dit is 'n bewuste keuse om die oortreder vry te laat gaan en so self vry te kom van die verlede.

Volgens die literatuurstudie in Hoofstuk 2 blyk dit dat die *pastorale basisteorie* effektief binne die *Gestalt paradigmatiese perspektief* benut kan word om mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

#### 10.2.4.1.2 Hoofstuk 3: Paradigmatiese perspektief vir 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie

Hoofstuk 3 het op die Gestaltterapeutiese *paradigmatiese perspektief* vir die navorsing gefokus.

- Die Gestaltterapeutiese benadering tot skuld, skaamte en vergifnis, vanuit die veld van mishandelde adolessente, betrek die emosionele ervaring van die self as 'n intrapersoonlike en individualistiese fenomeen binne interpersoonlike verhoudinge (soos in 3.1 beskryf).

- Die konseptualisering van emosies verbind Gestalt konsepte binne die interpretasie van ervaring, dialoog en kontakgrens prosesse (soos in 3.4 beskryf). Deur retrofleksie, introjeksie en projeksie van onvoltooidhede kan mishandelde adolessente intense skuld en skaamte ervaar, terwyl die benutting van vergifnis, as 'n hanteringsmeganisme, mishandelde adolessente kan begelei om die onvoltooidhede te hanteer.

- Mishandelde adolessente kan na ekwilibrium beweeg sodra die wanbalans in die ervaring van skuld en skaamte herstel is en vergifnis as 'n opsie oorweeg word om hulself en ander te vergewe (soos in 3.1 beskryf, vergelyk ook 6.7 en 7.5).

- In Gestaltterapie is die doel om by die bewuste van mishandelde adolessente uit te kom en hulle te bemagtig. In Hoofstuk 3 is aangetoon dat Gestaltterapie help om die adolessente se diepste gevoel, vrees en frustrasie te ontsluit en hulle van die ervaring van emosies wat hulle ervaar in verhouding met God, die self, ander en die omgewing bewus te maak.

- In die terapeutiese proses vind selfaktualisering en selfontwikkeling plaas deur die volgende Gestaltteoretiese beginsels te gebruik (soos in 3.3 beskryf): holisme, organismiese selfregulering, figuurgrond-interaksie, bewustheid en bewustheidskontinuum, onvoltooidheid, verantwoordelikheid vir die self, kontak, kontakgrensversteuring, ervaring en weerstand. Die Gestaltteoretiese beginsels het 'n direkte verband en invloed op die terapeutiese werk met mishandelde adolessente.

- Gestaltterapie is 'n eksperimentele ontwikkeling om adolessente tot bewuswording, selfondersteuning en integrasie van die wêreld rondom hulle te begelei. Dit is 'n holistiese benadering wat die interafhanklikheid en kontak tussen die adolessente en hul omgewing beklemtoon (soos in 3.4 beskryf).

- Hoofstuk 3 beklemtoon Gestaltterapie as 'n holistiese, eksistensiële en fenomenologiese terapeutiese benadering wat mishandelde adolessente se bewustheid om organismiese selfregulering te bemeester in die *hier-en-nou* verhoog.

- In Gestaltterapie word die adolessente se menswees geïntegreer om 'n eenheid tussen hul denke, gevoel en optrede te vorm. Dit bied aan hulle die geleentheid om hul emosies te herken, te benoem, te besit en uit te druk.
- Gestaltterapietegnieke word aangewend om die terapeutiese proses te fasiliteer en die mishandelde adolessente te bemagtig om hul gevoelens te ervaar en hul bewussyn te verhoog (soos in 3.7.1 en 3.7.2 beskryf). Gedurende hierdie proses van bewuswording van onvoltooidhede en polariteite kan Gestaltterapietegnieke aangewend word om die kontakversteurings (soos in 3.4.4 beskryf) wat in die terapeutiese proses mag voorkom, te hanteer.
- Met die verhoging van die mishandelde adolessente se bewustheid (soos in 3.3.3 beskryf) word die adolessente die geleentheid gegee om deur die onderskeie lae van neurose te werk (soos in 3.5.1 tot 3.5.5 beskryf). Sodoende kan hulle tot integrering van hulself en hul omgewing kom, wat aanleiding tot verantwoordelike keuse, selfondersteuning en selfaktualisering gee.
- In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser komponente van die terapeutiese proses in die *Schoeman-werkmodel* (Schoeman, 2006:4-13) as riglyn om die intervensiemodel te ontwerp gebruik (soos in 3.7.1 beskryf).

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat Gestaltterapie, met behulp van komponente in die *Schoeman-werkmodel,* die adolessente kan bemagtig om die ervaring van skuld en skaamte na die voorgrond te bring, besit te neem van die emosies en bewustelike en verantwoordelike keuses en besluite daaroor te neem in verhouding met die self, ander en die omgewing.

### 10.2.4.2 Doelwit 2

Die tweede doelwit is soos volg in Hoofstuk 1 (punt 1.4.2) geformuleer:

- *Om 'n teoretiese raamwerk waarbinne alle komponente van mishandeling, laat-adolessensie, skuld, skaamte en vergifnis binne die konteks van 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel begrens word, te ontwikkel.*

Volgens die navorser is die doelwit deur die literatuurstudie in Hoofstuk 4 tot 7 bereik.

#### 10.2.4.2.1 Hoofstuk 4: Kontekstuele raamwerk van laat-adolessensie

Die ontwikkeling van adolessensie op verskillende terreine is 'n komplekse holistiese ontwikkelingsproses wat al die faktore van die adolessente se intra-psigiese en interpersoonlike ontwikkeling omsluit. In Hoofstuk 4 het die navorser op laat-adolessensie as lewensfase gefokus. In die navorsing is aangetoon dat mishandelde adolessente deur hul omstandighede van gesonde menslike ontwikkeling beroof is.

- Adolessensie is 'n tydperk van fenomenale uitdagings en ingrypende fisiologiese en psigologiese veranderinge (soos in 4.2 en 4.3 beskryf). Dit word deur vinnige, omvattende liggaamlike groei (groeiversnelling) en die ontwikkeling van seksuele rypheid (puberteit) vanuit die interne struktuur en funksionering van die liggaam gekenmerk. Adolessensie is die tydperk waartydens die meeste adolessente hul seksuele oriëntasie ontdek (soos in 4.3.3 beskryf).
- Kognitiewe veranderinge kan net so dramaties soos liggaamlike veranderinge tydens adolessensie voorkom. Mishandelde adolessente se formeel-operasionele denke word veral deur die vermoë tot abstrakte denke wat die adolessente in staat stel tot 'n metateoretiese oriëntasie om te analiseer en logies te redeneer oor konkrete en abstrakte begrippe gekenmerk (soos in 4.4 beskryf). Hierdeur besit adolessente die kognitiewe vermoë om selfbewuste emosies soos skuld en skaamte te ervaar, waardeur hulle hul aksie, denke en gevoel volgens bepaalde morele standaarde kan evalueer. Terwyl skuld en skaamte mishandelde adolessente laat met 'n gevoel van minderwaardigheid, selfkritiek, woede, blaam en die behoefte na vergelding, kan hulle deur 'n kognitiewe en morele keuse om te vergewe, hul sosiale interaksie met die omgewing rekonstrueer (soos in 4.4.2 beskryf).
- Sosiale ontwikkeling omvat die adolessente se verhoudinge met ander, asook die invloed van die samelewing en spesifieke individue. Die dominante sosiale kenmerk van adolessensie is die progressiewe verskuiwing vanaf afhanklikheid na outonome onafhanklikheid en

selfstandigheid (soos in 4.5.1 beskryf). Mishandeling kan die adolessente se sosiale verhouding met hul familie of gesin negatief beïnvloed. Dit kan aanleiding gee dat hulle nie met selfvertroue in hul omgewing sosialiseer nie. Dit kan lei tot wanportuurgroepsosialisering, waar aggressie en onttrekking van die portuurgroep voorkom (soos in 4.5.2 beskryf).

- Morele ontwikkeling behels 'n werkbare etiese sisteem van morele begrippe en waardes, wat as gedragslyn vir adolessente kan dien. Volgens die ontwikkelingsteorie van Kohlberg, neem die adolessente nie net eksterne morele beginsels in en internaliseer dit nie, maar rekonstrueer en produseer hul eie morele konsepte (soos in 4.6.2 beskryf). Adolessente sal hul gedrag nie net op die basis van die samelewing se bestaande norme beoordeel nie, maar ook volgens hul eie gewete of geïnternaliseerde abstrakte etiese beginsels. Skuld en skaamte ontwikkel by mishandelde adolessente as morele emosies deur die diskrepansie tussen standaarde (moreel of sosiaal voorgeskrewe), die ervaring van die self en gedrag. Deur abstrakte en komplekse denke kan mishandelde adolessente moreel optree en die vermoë om empatie te ervaar deur meer altruïsties en minder egosentries op te tree ontwikkel (soos in 4.6.1 en 4.6.4 beskryf). Alhoewel die adolessente die vermoë besit om morele verandering te doen en hul eie morele standaard daar te stel, is dit 'n veeleisende taak wat spanning skep.

- Die religieuse ontwikkeling van mishandelde adolessente vind in korrelasie met intra-psigiese en psigososiale faktore plaas (soos in 4.7.1 en 4.7.2 beskryf). Die ontwikkeling van formeel-operasionele denke motiveer adolessente se religieuse ontwikkeling en spiritualiteit wat rondom hul kognitiewe, affektiewe en sosiale gerigtheid binne die kader van die verhouding tot God, die self en die wêreld sentreer. Geloof behels die ervaring van God, wat korreleer met 'n persepsie dat God 'n persoonlike God is wat in die adolessente se lewe betrokke is (soos in 4.7.2.1 beskryf). Die sedelik-normatiewe ontwikkeling van geloof by mishandelde adolessente, sal die verhouding met God positief of negatief beïnvloed (soos in 4.7.3 beskryf). In die ervaring van trauma, kan God maklik as die oorsaak van lyding gesien word. Die geloofsontwikkeling wat adolessente ervaar, behoort 'n geleentheid tot emosionele katarsis te wees (soos in 4.7.2.2 beskryf). Die impak van mishandeling op geloofsontwikkeling en hoe geloof hiervolgens

geëvalueer word, kan adolessente se ervaring van skuld en skaamte positief of negatief beïnvloed. Geloof kan aan mishandelde adolessente 'n lewensfilosofie wat belangrik vir singewing is, bied. Dit het 'n effek op sekuriteitsgevoelens en bring die mishandelde adolessente in kontak met God, wat deurentyd sekuriteit en 'n anker in tye van lyding en lewensproblematiek kan bied.

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat mishandelde adolessente binne hul ontwikkelingsvlak benader moet word, omdat die groei en ontwikkeling van laat-adolessente 'n holistiese proses is, en in terme van alle moontlike dimensies en relasies benader moet word.

#### 10.2.4.2.2 Hoofstuk 5: Kontekstuele raamwerk van mishandeling by laat-adolessente

Hoofstuk 5 het op die definisie, omvang en gevolge van mishandeling by laat-adolessente gefokus. Mishandelde adolessente leef nie in 'n vakuum as onafhanklike entiteite nie, maar word deur hulle onmiddellike omgewing beïnvloed.

- Mishandeling is een van die mees traumatiese ervarings wat deur adolessente ervaar kan word en het 'n invloed op hul fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling. Mishandeling kan as 'n omvattende term vir verwaarlosing, fisieke, emosionele en seksuele mishandeling gedefinieer word (soos in 5.1 beskryf).
- Mishandelde adolessente word deur verhoudings tussen sowel hul onmiddellike omgewing (mikro- en mesosisteem), as groter formele en informele sosiale kontekste (makro-sisteem) beïnvloed (soos in 5.2 beskryf).
- Adolessente word verwaarloos wanneer die minimum gedoen word om te sorg dat hulle van voedsel, klere, beskerming, mediese sorg, geestelike sorg, persoonlike higiëne, 'n veilige omgewing, voldoende behuising, opleiding, toesig en ontspanningsfasiliteite voorsien word (soos in 5.3 beskryf).
- Fisieke mishandeling verwys na adolessente wat deur 'n opvoeder met opset liggaamlik beseer word of toelaat dat hulle beseer word. Mishandeling kan oor 'n lang termyn plaasvind wat deur die kinderjare tot in adolessensie

voortgesit word. Die mishandeling kan selfs begin of toeneem gedurende adolessensie, omdat ouers bepaalde konflik met die spanning wat deur adolessensie veroorsaak word, ervaar (soos in 5.4 beskryf).

- Emosionele mishandeling vind plaas wanneer opvoeders poog om adolessente se gedrag en selfbeeld te verander deur hulle te verkleineer, uit te skel, te verneder, te blameer, skuldig te laat voel en vrees in te boesem. Dit behels dat adolessente by elke moontlike geleentheid onophoudelik gekritiseer, afgekraak, verwerp, geïsoleer, geïntimideer, geterroriseer en geïgnoreer word. Hoewel emosionele mishandeling alleen kan voorkom, gaan dit dikwels met liggaamlike aanranding, seksuele molestering en alle ander vorms van mishandeling en verwaarlosing gepaard (soos in 5.5 beskryf).
- Seksuele mishandeling kan as die onderwerping van 'n kwesbare persoon aan seksuele aktiwiteite wat fisiese of sielkundige skade kan veroorsaak gedefinieer word. Seksuele mishandeling behels egter meer as net 'n seksuele handeling tussen die molesteerder en die adolessent. Dit kan as die blootstelling van afhanklike en ontwikkelende kinders aan seksuele stimulering waarvoor hulle nog nie emosioneel gereed is nie en wat onvanpas vir hul psigoseksuele ontwikkeling is, beskryf word. Seksuele mishandeling is die sambreelterm wat gebruik word vir verskeie tipes gedwonge of ontoepaslike seksuele aktiwiteite. Dit kan onderskei word in die vorms van verkragting, seksuele molestering en onsedelike aanranding (soos in 5.6 beskryf).
- In die literatuurstudie het dit na vore gekom dat mishandelde adolessente uitgeken word aan sekere kenmerkende gedragspatrone, omdat hulle na die traumatiese gebeure hul gevoel van veiligheid verloor het. Die impak van mishandeling op laat-adolessente kan in die volgende kategorieë verdeel word (soos in 5.6 beskryf):
  - *Emosionele gevolge* behels die ervaring van depressie, lae selfbeeld, skuldgevoel, skaamte, angs en woede.
  - *Interpersoonlike gevolge* behels gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, vrees vir intimiteit en intieme verhoudings en verswakte sosiale verhoudinge.

- *Gedragsgevolge* behels selfskending, selfmoord en selfmoordpogings, eetversteurings en middelmisbruik.
- *Kognitiewe- en perseptuele gevolge* behels kognitiewe verdraaiing, dissosiasie en onttrekking, amnesie, persoonlikheidsversteuring, perseptuele versteurings en hallusinasies, terugflitse en slaapversteurings.
- *Seksuele funksioneringsgevolge* behels die onvermoë om seks van affeksie te skei, promiskuïteit, prostitusie en verwarring oor seksuele oriëntasie.

In hoofstuk 5 het dit duidelik na vore gekom dat mishandelde adolessente deur hul omstandighede van gesonde ontwikkeling beroof is. Mishandeling beïnvloed adolessente se fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat mishandeling een van die mees traumatiese ervarings is wat deur adolessente beleef kan word en dat dit 'n negatiewe invloed op hul subjektiewe ervaring van skuld en skaamte het. Die impak van mishandeling op ontwikkeling van adolessente, vorm en misvorm die persoonlikheid waarmee hulle daagliks moet saamleef.

#### 10.2.4.2.3 Hoofstuk 6: Konseptuele raamwerk van skuld en skaamte

Hoofstuk 6 het op mishandelde adolessente se subjektiewe ervaring van skuld en skaamte gefokus om 'n ryk beskrywing van die fenomeen te gee en die invloed daarvan op die vorming van hul persoonlikheid.

- Die emosionele ontwikkeling van mishandelde adolessente bepaal die bewustheid van hul eie emosionele ervaring, verhoudings wat hulle vorm en die leefwêreld wat hulle vir hulself skep. Dit verwys na die ontwikkeling van gehegtheid, vertroue, sekuriteit, liefde en 'n verskeidenheid van emosies, gevoelens en temperamente (soos in 6.2.1 beskryf).
- Die emosionele intelligensie van mishandelde adolessente behels die kognitiewe en intellektuele redeneringsvermoë om informasie (impulse) affektief te prosesseer. Dit dra tot die ontwikkeling van sosiale hanteringsvaardighede en probleemoplossing by, wat weer tot

veerkragtigheid, weerbaarheid en 'n gevoel van psigologiese welstand bydra (soos in 6.2.1 beskryf).

- Komplekse emosies soos skuld en skaamte ontwikkel gedurende die ontwikkelingstadia van adolessente en word tydens die ontwikkeling as selfbewuste emosies geïnternaliseer. Selfbewuste emosies bepaal identiteitsvorming waarin 'n duidelike onderskeid tussen die self en die morele en sosiale gedrag wat die self openbaar getref moet word (soos in 6.3 beskryf).

- Selfbewuste emosies kan kognitief, affektief en emosioneel van mekaar onderskei word (soos in 6.3.1 beskryf). Dit het verskillende implikasies vir mishandelde adolessente se welstand en interpersoonlike verhoudinge. Skuld kan as die negatiewe evaluasie wat mishandelde adolessente maak van hul bepaalde gedrag gedefinieer word, terwyl skaamte na die negatiewe evaluasie wat hulle van hul volledige self maak verwys (soos in 6.4.4 beskryf). Skuld besit nie die negatiewe intensiteit op mishandelde adolessente se identiteit en selfkonsep soos skaamte nie. Skaamte behels die belewenis dat die hele self sleg en verwerplik is en lei tot ongesonde emosies en destruktiewe gedrag.

- Wanneer die welstand van mishandelde adolessente binne sosiale verhoudinge bestudeer word, wys dit daarop dat skuld en skaamte 'n invloed op die keuse van morele emosies, morele standaarde, morele besluite en morele gedrag het (soos in 6.5 beskryf). Empatie voorsien vir beide morele emosie en morele redenering 'n basis wanneer dit met kognitiewe elemente en sosiale ervaring gekombineer word. Empatie integreer affektiewe en kognitiewe vermoëns in die ervaring van skuld en skaamte emosies (soos in 6.5.4.2 en 6.6 beskryf).
    - Skuld en skuldgevoel kan as 'n dryfveer beskou word wat aggressiewe impulse laat afneem en mishandelde adolessente kan aanmoedig om nie ander te verwond nie, maar sosiale harmonie te herstel
    - Skaamte verbreek die vermoë om empatiese verhoudinge te vorm. Skaamte kan as 'n dryfveer beskou word wat aggressiewe impulse laat toeneem en ander (en die self) vir negatiewe gebeure blameer. Skaamte

wek gevoelens van mislukking, selfkritiek, minderwaardigheid, verwerping, blaam, woede, bitterheid en die behoefte na vergelding.

- In Gestaltterapie word skuld en skaamte as selfbewuste emosies beskou wat mishandelde adolessente van die self in die interpersoonlike veld kan skei (soos in 6.7 beskryf). Die skeiding of verlies van kontak in die veld het die moontlikheid om inbreuk op die proses van die self, selfregulering en self-integrasie te maak. Deur retrofleksie, introjeksie, samevloeiing en projeksie van onvoltooidhede kan mishandelde adolessente intense skuld en skaamte ervaar (soos in 6.7.1.2 beskryf). Die bewustheid van die onvoltooidhede belemmer Gestaltvorming en lei daartoe dat homeostase en organismiese selfregulering nie kan plaasvind nie.

In hoofstuk 6 het dit duidelik na vore gekom dat skuld en skaamte private en intieme selfbewuste of selfblaam emosies is, wat diep wonde en vretende emosionele seerplekke by mishandelde adolessente laat. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat skuld en skaamte die wanbalans tussen mishandelde adolessente en hulle wêreld aantoon. Die impak van die subjektiewe ervaring van skuld en skaamte bepaal mishandelde adolessente se morele emosies, morele standaarde, morele besluite en morele gedrag in hul siening van hulself en hul verhouding met ander. In die ervaring van skuld en skaamte rig mishandelde adolessente verdedigingsmeganismes óf na binne op die self óf na buite teenoor die omgewing. Dit korreleer met mishandelde adolessente se woede, aggressie, tekort aan empatie, minagting van andere, substans misbruik en psigologiese simptome.

#### 10.2.4.2.4 Hoofstuk 7: Konseptuele raamwerk van vergifnis

Hoofstuk 7 het op die ontwikkeling, definisie en omvang van vergifnis gefokus. Vergifnis is 'n teologiese term wat gebruik kan word om 'n psigologiese proses te verduidelik. Dit is 'n komplekse fenomeen wat sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring betrek en 'n uitdaging vir integrasie voorsien.

- Vergifnis is 'n belangrike en essensiële komponent in die berading en psigoterapeutiese heelwordingproses van mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar (soos in 7.1 beskryf).

- ŉ Verheldering van vergifnis behels argumente van verskeie navorsers wat belangrike komponente wat vergifnis nie is nie uitwys en aantoon (soos in 7.2.2 beskryf). Vergifnis word as ŉ stadig ontwikkelende heelwordingproses waar geakkumuleerde woede en ŉ begeerte na vergelding opgebou het en geleidelik ontlaai deur ŉ gevoel van empatie teenoor die oortreder gesien (soos in 7.2.3 beskryf).
- Vergifnis word positief met psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosie, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid geassosieer, terwyl onvergewensgesindheid ŉ negatiewe effek op die mens se emosionele en spirituele gesondheid het (soos in 7.2.3.1 en 7.2.3.2 beskryf). Vergifnis kan ŉ belangrike hanteringsmeganisme tot voordeel van die self en ŉ alternatief vir angs, depressie, woede en bitterheid wees (soos in 7.2.3.3 en 7.2.3.4 beskryf).
- Morele dilemmas en konflikte is ŉ integrale deel van die sosiale en morele realiteit van mishandelde adolessente. Vergifnis plaas ŉ komplekse uitdaging op die morele ontwikkeling van mishandelde adolessente, omdat hulle morele oortredings ernstig veroordeel (soos in 7.3.1 beskryf).
- Skuld en skaamte wek gevoelens van woede, blaam en die behoefte na vergelding. Die projeksie van woede en poging om blaam en skuld te verplaas kan dikwels in vervolgingswaan, ŉ paranoïede persoonlikheid en ŉ begeerte om wraak te neem ontwikkel (soos in 7.3.2 beskryf).
- Mishandelde adolessente wat gepreokkupeer met vergelding en selfregverdiging is, sal vergifnis moeilik vind. Wanneer mishandelde adolessente wel in die rigting van vergifnis van die oortreder beweeg, word die selfregverdiging van woede, bitterheid en wraakgedagtes opgegee (soos in 7.3.3 beskryf).
- Empatie is ten nouste aan die positiewe uitwerking van vergifnis met betrekking tot traumatiese gebeurtenisse verbind. Dit is ŉ belangrike veranderlike en voorspeller in die vergifnisproses (soos in 7.3.4 beskryf).
- Die interpersoonlike en intrapersoonlike verbinding tydens vergifnis behels nie net die innerlike proses van individualisering en rekonsiliasie met die self

nie, maar ook ’n helende verhouding met God, ander en die omgewing (soos in 7.4 beskryf).

- Onvoltooidhede tree na die voorgrond wanneer mishandelde adolessente skuld en skaamte ervaar. Dit word deur psigologiese spanning en die behoefte om die onvoltooidhede te voltooi, vergesel. Die benutting van vergifnis, as ’n hanteringsmeganisme, kan mishandelde adolessente begelei om onvoltooidhede te hanteer (soos in 7.5 beskryf).
- Integrasie as ’n doelwit in Gestaltterapie verwag dat mishandelde adolessente, as ’n holistiese entiteit, gehelp sal word om kognisie, emosie, liggaam en sintuie te integreer om onvoltooidhede op hul voorgrond op te klaar. Om integrasie van hul totale wese te ervaar, kan mishandelde adolessente na ekwilibrium beweeg sodra hul wanbalans in die ervaring van skuld en skaamte herstel is en vergifnis as ’n opsie oorweeg word om hulself en ander te vergewe (soos in 7.5.2 beskryf).
- Een van die belangrike aspekte van vergifnis is dat dit ’n proses is wat tyd en emosionele gereedheid vereis. Robert Enright se navorsing oor vergifnis as ’n psigologiese gesondheid intervensie, het tot die ontwikkeling van ’n prosesmodel vir vergifnis gelei (Enright & Rique, 2004:13). ’n Belangrike kenmerk van Enright se vergifnis prosesmodel is die implementering van empatie en medelye as positiewe emosies (soos in 7.6 beskryf).
- In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser komponente van Enright se vergifnis prosesmodel as riglyn om die intervensiemodel te ontwerp gebruik (soos in 7.6.5 beskryf).

Volgens die literatuurstudie in Hoofstuk 7 blyk dit dat die benutting van vergifnis, as ’n hanteringsmeganisme, mishandelde adolessente kan begelei om onvoltooidhede te hanteer. Dit kan die adolessente bemagtig om die ervaring van skuld en skaamte na die voorgrond te bring, besit van die emosies te neem en bewustelike en verantwoordelike keuses en besluite daaroor in verhouding met die self, ander en die omgewing te neem. In die verbintenis tot vergifnis laat vaar die adolessente die negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder. Dit blyk dat vergifnis mishandelde adolessente tot psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid kan begelei.

#### 10.2.4.3 Doelwit 3

Die derde doelwit is soos volg geformuleer in Hoofstuk 1 (punt 1.4.2):

- *Om alle aspekte, komponente en elemente van 'n intervensiemodel, toepaslik op die teoretiese verwysingsraamwerk, te ontwikkel en te bespreek.*

Volgens die navorser is die doelwit deur die ontwikkeling en ontwerp van die intervensiemodel in Hoofstuk 8 bereik.

##### 10.2.4.3.1 Hoofstuk 8: Ontwikkeling van die intervensiemodel

Hoofstuk 8 het op die ontwerp en ontwikkeling van die intervensiemodel gefokus. Die verkennende en beskrywende ontwerp van die navorsing het as raamwerk vir die ontwikkeling van die intervensiemodel wat uit die basisteorie en paradigmatiese perspektief (in Hoofstuk 2 en 3) en die literatuurstudie (in Hoofstuk 4 tot 7) saamgestel is, gedien. Die ontwikkeling van die intervensiemodel dui op 'n bipolêre multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind.

- In die ontwerp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* het die navorser die terapeutiese proses van die *Schoeman-werkmodel* (soos in 1.9.2.3 en 3.7.1 beskryf) en Enright se vergifnis prosesmodel (soos in 1.9.2.3 en 7.6.4 beskryf) as riglyn gebruik.
- Pastorale en Gestaltterapeutiese komponente (soos in Hoofstuk 2 en 3 beskryf) word in die intervensiemodel geïnkorporeer.
- Spelterapietegnieke (soos in 3.7.2 beskryf) word ook benut om die adolessente se bewuswording van hul eie emosies en gedrag te verhoog en hul balans te herstel.
- Die intervensiemodel is met behulp van ses fases en sewe sessies uiteengesit en bespreek (soos in 8.2.2 beskryf). Elke sessie se eie doel, doelwitte en aktiwiteite is geformuleer en in verband met die doel van die navorsing gebring.

- Fase 1 in sessie 1 en 2 behels die bou van 'n terapeutiese verhouding met die adolessente deur kontakmaking, bewuswording van sensoriese modaliteite en versterking van die sin vir die self (soos in 8.2.2.1 beskryf).
- Fase 2 in sessie 3 behels die bewustheid van emosionele seer en pyn wat met die mishandeling geassosieer word, asook die erkenning van die verwonding wat die adolessente se bewustheid van kognitiewe en emosionele veranderlikes in verhouding met die omgewing, hulself, ander en die wêreld verander het (soos in 8.2.2.2 beskryf).
- Fase 3 in sessie 4 behels veranderlikes in die besluitnemingsfase wat die adolessente in die besluitnemingsproses begelei om die oortreder te vergewe (soos in 8.2.2.3 beskryf).
- Fase 4 in sessie 5 behels konkrete stappe wat die adolessente moet neem om vergifnis te laat realiseer (soos in 8.2.2.4 beskryf).
- Fase 5 in sessie 6 word die adolessente, in die proses om die oortreder te vergewe, bewus van die vryheid en verligting van emosionele pyn (soos in 8.2.2.5 beskryf).
- Fase 6 in sessie 7 word die adolessente bewus van interne emosionele ontlading, die afname in negatiewe emosies, die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die omgewing en psigologiese gesondheid (soos in 8.2.2.6 beskryf).

- Die bou van 'n terapeutiese verhouding is van kardinale belang omdat mishandelde adolessente aan wanverhoudings blootgestel is en dikwels niemand vertrou nie. Die "ek-jy-verhouding" skep 'n omgewing waar die adolessente veilig voel en bereid is om emosionele kontak met hulself te ervaar en met nuwe gedrag te eksperimenteer (soos in 8.2.2 en 3.7.1.1 beskryf).
- Sensoriese en liggaamlike bewuswording word deur middel van sensoriese aktiwiteite in die intervensiemodel toegepas (soos in 8.2.2 en 3.7.1.2 beskryf). Mishandelde adolessente se kontak met hulself en die omgewing word versteur deur hul gebruik van kontakgrensversteurings om enige verdere emosionele pyn te voorkom. In die proses van kontakmaking met

die adolessente is emosionele bewuswording belangrik. In die kontakproses assosieer hulle met ervaring in hul omgewing en bepaal watter emosie dit veroorsaak.

- Die bepaling van die mishandelde adolessente se proses is belangrik in die hantering en bemagtiging van hul emosies en gedrag (soos in 8.2.2 en 3.7.1.3 beskryf). In die terapie word die adolessente se unieke proses om hul selfvertroue en selfwaarde te verhoog benut en uitgebou. Faktore wat die adolessente se proses beïnvloed behels hul selfkonsep, ontwikkelingsfases en die invloed van die mishandeling (soos in die literatuurstudie bespreek).
- Deur die benutting van projeksies word die adolessente in staat gestel om op 'n konkrete wyse buite hul ervaring met die omgewing te staan. Hierdeur word die bewustheid van hul eie emosie en gedrag verhoog en die faktore wat aanleiding tot die ervaring van skuld en skaamte gee word na vore gebring (soos in 8.2.2 en 3.7.1.4 beskryf). Die benutting van byvoorbeeld die roosboomprojeksie, monstertegniek, leëstoeltegniek, dialoog, rollespel en metafore (soos in 8.2.2 en 3.7.2 beskryf) dra daartoe by dat die adolessente eers die projeksie ervaar en dit dan met hul eie lewe integreer. Deur die spelterapietegnieke en die benutting van Gestalttegnieke verhoog die adolessente se emosionele bewussyn en vind integrasie tussen hul emosies en die gedrag wat daaruit vloei plaas.
- Alternatiewe vir die voorgrondprobleem dra tot die verhoging in selfbeeld, selfwaarde en selfaktualisering by (soos in 8.2.2 en 3.7.1.5 beskryf). Deur selfaktualisering kan die adolessente alternatiewe optredes bepaal en strategieë om hul emosies te reguleer aanleer.
- Deur die intervensiemodel word die adolessente bemagtig om beter verhoudings met die self, ander en God op te bou (soos in 8.2.2 en 3.7.1.7 beskryf). Bemagtiging dra tot verhoging in selfbeeld en selfwaarde by.
- Selfvertroeteling en selfbeloning begelei die adolessente om met voldoende vryheid verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir polariteite, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self met sowel negatiewe en positiewe emosies, asook swak en sterk identiteite te aanvaar (soos in 8.2.2 en 3.7.1.9 beskryf). Die proses van selfvertroeteling bemagtig die

adolessente om in hulle eie behoeftes te voorsien en selfondersteunend op te tree.

- Evaluering van die terapeutiese proses en terminering behels die adolessente se voltooiing van onvoltooidhede en die bereiking van ekwilibrium en homeostase (soos in 8.2.2 en 3.7.1.10 beskryf). Hierdeur is die adolessente in staat om te bepaal watter emosionele gevoel watter gedrag veroorsaak en besluit hulle hoe hulle hul emosie in die toekoms wil hanteer om hul balans te herstel.

Volgens die ontwikkeling en ontwerp van die intervensiemodel in Hoofstuk 8 blyk dit dat daar effektiewe hulp aan mishandelde adolessente vanuit 'n *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* verleen kan word. Die navorser het in die intervensiemodel die mees toepaslike pastorale en Gestaltterapeutiese komponente om mishandelde laat-adolessente na vergifnis te begelei aangewend. In die ontwerp het die navorser komponente van die *Schoeman-werkmodel* en die vier fases van Enright se vergifnis prosesmodel gebruik.

- Die uiteensetting van die *Schoeman-werkmodel* vorm in die intervensiemodel 'n eenheid wat in elke sessie toegepas kan word.
- Die vier fases van Enright se vergifnis prosesmodel volg in die intervensiemodel na mekaar, met die toepassing van die pastorale en Gestaltterapeutiese komponente.

#### 10.2.4.4 Doelwit 4

Die vierde doelwit is soos volg in Hoofstuk 1 (punt 1.4.2) geformuleer:

- *Om deur middel van empiriese navorsing die ontwikkelde terapeutiese intervensiemodel met metingskale en onderhoude te implementeer en te evalueer.*

Volgens die navorser is die doelwit deur die empiriese ondersoek en resultate in Hoofstuk 9 bereik.

#### 10.2.4.4.1 Hoofstuk 9: Empiriese ondersoek en resultate

Hoofstuk 9 het op die implementering en evaluering van die intervensiemodel gefokus. Die empiriese data-insameling en ontleding is op die literatuurstudie wat die navorsing begrens binne 'n pastorale *basisteorie* en Gestaltterapeutiese *paradigmatiese perspektief* gebaseer. In die navorsing het die navorser vergifnis vanuit 'n pastorale en Gestaltterapeutiese benadering hanteer om 'n beweging van die mishandelde adolessente se ervaring van skuld en skaamte, na vergifnis te fasiliteer.

- Inleidend tot hierdie hoofstuk is die plek van die empiriese bevindinge in die konteks van die navorsing bespreek (soos in 9.2 beskryf).
- Die navorser het 'n kombinasie (*gemengde metode*) kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gebruik om genoegsame detail rondom die tema van die navorsing te verkry (soos in 9.2.1 beskryf). Die dominante-minder-dominante model is oorwegend vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem om die fenomeen in sy eie leefwêreld te bestudeer. Die meervoudige metode van inligtingversameling is gebruik om 'n konstante paradigmatiese beeld van die navorsing te verkry en die konstruktiewe geldigheid van die navorsing te verseker.
  - Die *kwalitatiewe benadering* behels die gebruik van toegepaste intervensie in 'n intervensienavorsingsmodel.
  - Die *kwantitatiewe benadering* behels die meting van die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis, met behulp van drie gestandaardiseerde metingskale, voor en na intervensie.
- Die navorser het die intervensienavorsingontwerp in 'n meervoudige gevallestudie gebruik en 'n A-B-A enkelsisteemontwerp in die intervensienavorsing geïnkorporeer. Die enkelsisteemontwerp maak dit moontlik om die vordering of regressie met die intervensiemodel ten opsigte van elke geval in die gevallestudie te meet. Dit het die navorser in staat gestel om te bepaal of die veranderinge wat by die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis ingetree het, aan hul deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word (soos in 9.2.1 beskryf). Die metingskale het die navorser dus in staat gestel om te bepaal of die

intervensie in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was of aangepas moet word.

- In die navorsing is twee ontwerpe gekombineer, te wete 'n eksploratiewe en 'n beskrywende ontwerp (soos in 9.2.2 beskryf). Die beskrywing van die fenomeen binne die verkennende studie is gepas benut, aangesien mishandelde adolessente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis verken en geassesseer is, ten einde dit te verstaan en te verklaar.
- Die implementering van die intervensiemodel in vyf gevallestudies is met behulp van die terapeutiese sessies bespreek en met die literatuurstudiebevindinge vergelyk en geïnterpreteer (soos in 9.3 beskryf). Die empiriese data is onder die volgende punte beskryf:
  - Die kwalitatiewe bevindinge is in die vorm van beskrywing en tabelle weergegee (soos in 9.3.1 beskryf).
  - Die kwantitatiewe bevindinge is deur beskrywende statistiek woordeliks en visueel met grafieke en tabelle beskryf (soos in 9.3.2 beskryf).
  - Laastens is die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge met ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie geïntegreer en vergelyk (soos in 9.3.3 beskryf).
- Kwalitatiewe data is tydens die implementering van die intervensiemodel en die ongestruktureerde onderhoude na intervensie, versamel en geanaliseer. Die bevindinge vanuit die gevallestudies is met behulp van ongestruktureerde waarneming en veldnotas ingesamel om 'n beskrywende verslag oor die implementering van die intervensiemodel te skryf (soos in 9.3.1.1 beskryf). Die kwalitatiewe bevindinge is in terme van subkategorieë, kategorieë en temas, wat met die literatuurstudie geïntegreer en gekontroleer is, geïdentifiseer en beskryf. Dit blyk vanuit die kwalitatiewe bevindinge (soos in 9.3.1 beskryf) dat die implementering van die intervensiemodel effektief was om die respondente na vergifnis te begelei. Die beskrywende gevallestudies het 'n verbetering in die respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis aangetoon, asook dat die intervensie in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was.

- Kwantitatiewe data is met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale ingesamel om die waarde van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* te bepaal en die bevindinge van die kwalitatiewe data te ondersteun. Die drie metingskale is voor en na intervensie voltooi. Dit het die navorser in staat gestel om te bepaal of daar 'n verskuiwing in die respondente se ervaring van skuld en skaamte plaasgevind het, asook of die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring effektief was. Dit blyk vanuit die kwantitatiewe bevindinge (soos in 9.3.2 beskryf) dat daar **na** die implementering van die intervensiemodel 'n verskuiwing in die respondente manifesteer. Met behulp van die drie gestandaardiseerde metingskale is die volgende statisties betekenisvolle resultate, volgens die Wilcoxon rangtoets vir gepaarde waarnemings, bevestig:
  - Volgens die *State Shame and Guilt Scale (SSGS)* het die respondente se ervaring van skuld en skaamte **na** implementering van die intervensiemodel aansienlik verminder, terwyl hul selfwaarde (trots) verhoog het (soos in 9.3.2.1 beskryf).
  - Volgens die *Heartland Forgiveness Scale (HFS)* het die respondente 'n verhoging en verbetering in hul vergifnis van die self, ander en omstandighede **na** implementering van die intervensiemodel ervaar (soos in 9.3.2.2 beskryf).
  - Volgens die *Enright Forgiveness Inventory (EFI)* het die respondente 'n verhoging en verbetering in hul affektiewe vergewensgesindheid, vergewensgesinde gedrag en kognitiewe vergewensgesindheid **na** implementering van die intervensiemodel ervaar (soos in 9.3.2.3 beskryf).
- Die meting van die respondente se ervaring van skuld, skaamte, selfwaarde (trots) en vergifnis, voor en na intervensie, toon dat die veranderinge **na** intervensie aan die respondente se deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word (soos in 9.3 beskryf).
- Die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge is met die ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie geïntegreer en vergelyk, om die

proses van data analise af te sluit. In die bespreking van die geïntegreerde bevindinge is daar op die volgende gefokus:

- o Ongestruktureerde onderhoude van respondente se ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie (soos in 9.3.4.1.1 beskryf).
- o Ongestruktureerde onderhoude van respondente se beskrywing van die effektiwiteit van die intervensiemodel in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring (soos in 9.3.4.1.2 beskryf).
- o Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwalitatiewe bevindinge, aan die hand van 'n beskrywing van die beweging van die respondente deur die vyf lae van neurose in elke sessies (soos in 9.3.4.2.1 beskryf).
- o Integrering en vergelyking van die ongestruktureerde onderhoude na intervensie met die kwantitatiewe bevindinge, aan die hand van beskrywende statistiek van die effek van die intervensiemodel (soos in 9.3.4.2.2 beskryf).

Na aanleiding van die integrering van die kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindinge, asook die ongestruktureerde onderhoude van respondente na intervensie (soos in 9.3.4 beskryf), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief was om die mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei (soos in 9.3.4.2.2 beskryf). Die navorsingsresultate bevestig dat die respondente die intervensiemodel suksesvol kon voltooi. Die respondente het daarin geslaag om suksesvol deur die onderskeie lae van neurose te beweeg en verantwoordelikheid vir hul situasie en gedrag te neem (soos in 9.3.4.2.1 beskryf). Dit stem ooreen met die literatuurstudiebevindinge dat vergifnis 'n belangrike en essensiële komponent kan wees in die heelwordingproses van mishandelde adolessente wat skuld en skaamte ervaar.

#### 10.2.4.5 Doelwit 5

Die vyfde doelwit is soos volg in Hoofstuk 1 (punt 1.4.2) geformuleer:

- *Om gevolgtrekkings en aanbevelings waaruit 'n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie dissemineer te maak.*

Volgens die navorser is die doelwit deur die ontwikkeling en ontwerp van die intervensiemodel in Hoofstuk 8, die empiriese ondersoek en resultate in Hoofstuk 9 en die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing in hierdie hoofstuk bereik (soos in 10.3.1 en 10.3.2 beskryf). Die gevolgtrekkings en aanbevelings word vervolgens gegee.

## 10.3 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

Die doel van die navorsing was nie om veralgemening na die breër populasie moontlik te maak nie. Daarom is die bevindinge vir die navorsing slegs ten opsigte van die eenheid van ontleding (mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar). Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie navorsing gemaak word, is ook net op die individue wat aan die navorsing deelgeneem het van toepassing en kan dus nie veralgemeen word nie.

### 10.3.1 Gevolgtrekking

Na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese bevindinge, word die gevolgtrekking gemaak dat die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* die mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, kan begelei na vergifnis van die oortreder en die self.

- Die ontwikkeling van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* dui op 'n multidissiplinêre benadering wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasgevind het. In die ontwerp van die intervensiemodel het die navorser komponente van beide die pastoraal-teologiese en Gestaltterapeutiese benadering tot skuld, skaamte en vergifnis gebruik. Vanuit hierdie *basisteorie* en *paradigmatiese perspektief* is daar 'n gekoördineerde samewerking tussen pastoraat en Gestaltterapie daargestel, sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.
- Uit die navorsingsresultate blyk dit dat die mishandelde laat-adolessente wat die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensie* deurloop het, se ervaring van skuld en skaamte aansienlik verminder het, terwyl hul selfwaarde (trots) en verbondenheid tot die vergifnisproses verhoog het. Die meting van die

respondente se ervaring van skuld, skaamte, selfwaarde (trots) en vergifnis, voor en na intervensie, toon dat hierdie veranderinge aan hul deelname aan die intervensieprogram toegeskryf kan word.

- Deur die intervensiemodel is daarin geslaag om die mishandelde laat-adolessente te bemagtig om die ervaring van skuld en skaamte na die voorgrond te bring, besit van die emosies te neem en verantwoordelike keuses en besluite daaroor in verhouding met die self, ander en die omgewing te neem. In die verbintenis tot vergifnis het die adolessente hul negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder laat vaar. Dit blyk dat vergifnis, as 'n bron van die herstelervaring, die mishandelde adolessente tot psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid begelei het.

Samevattend kan gestel word dat die implementering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* effektief was om die mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.

### 10.3.2 Aanbeveling

In die navorsing is die leemte aangespreek om terapeute te bemagtig om insig en sensitiwiteit ten opsigte van mishandelde laat-adolessente se ervaring van skuld en skaamte te ontwikkel, asook om die adolessente terapeuties tot vergifnis van die oortreder en die self te begelei. Die volgende aanbevelings, wat gegrond is op die uitkomste van die navorsing, word gemaak:

- Die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* kan as 'n waardevolle riglyn vir terapeute aangebied word.
- Met die oog op die totale welsyn van mishandelde adolessente is dit belangrik dat die ontwikkeling van laat-adolessente en die impak en gevolge van mishandeling verken word.
- Skuld en skaamte moet as selfbewuste emosies beskou word wat morele emosie en morele gedrag beïnvloed en bepaal. Dit het onlosmaaklik 'n verband met die mishandelde adolessente se verhouding met God, hulself en hul medemens.

- Tydens die implementering van die intervensiemodel moet daar rekening gehou word met die feit dat vergifnis ŉ komplekse multidimensionele fenomeen en ontwikkelingsproses is, wat tyd neem.
- Dit is noodsaaklik dat terapeute oor ŉ uitgebreide kennis aangaande die multidissiplinêre benadering van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* beskik, wat op die tussenvlak tussen pastoraat en Gestaltterapie plaasvind. Om oor die nodige kennis te beskik kan ŉ kursus uit die navorsing saamgestel word om terapeute te bemagtig.
- Die implementering van die intervensiemodel moet plaasvind sonder om die eiesoortige inhoud en karakter van die pastoraat of die Gestaltterapie verlore te laat gaan.
- Gestaltterapeutiese hulpmiddels bied die moontlikheid om op ŉ stimulerende wyse bewuswording tydens die terapeutiese proses te verhoog. Aspekte soos kontakversteurings, fragmentasie en die lae van neurose, wat by die mishandelde adolessente voorkom, kan ook deur middel van Gestalttegnieke hanteer word. Bewustheid, integrasie, selfondersteuning en die neem van eie verantwoordelikheid, as doelstellings van Gestaltterapie, word voorgestaan.

Dit word aanbeveel dat Tabel 10.1 vir die voorgestelde verloop van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei, benut kan word. Die intervensiemodel word volgens fase, doel, doelwitte en aktiwiteite in elke sessie uiteengesit. Die sessies kan egter na aanleiding van die mishandelde adolessente se behoeftes en proses aangepas word.

Die voorgestelde intervensiemodel behels die volgende ses fases en sewe sessies:

## Tabel 10.1 Voorgestelde pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel

| | | |
|---|---|---|
| **FASE 1: BOU VAN 'n TERAPEUTIESE VERHOUDING EN KONTAKMAKING** | | |
| **Sessie 1: Bou van 'n terapeutiese verhouding** | | |
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** |
| • Die bou van 'n terapeutiese verhouding deur die benutting van sensoriese en liggaamlike kontakmaking om die verhoging van bewustheid by die adolessente te ontwikkel. | • Die totstandkoming van die ek-jy-verhouding ("*I-Thou*").<br>• Stel van grense in die terapeutiese verhouding.<br>• Verduideliking van die intervensieprogram.<br>• Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis voor intervensie te meet.<br>• Sensoriese en liggaamlike kontakmaking.<br>o Fokus op die bewussyn in die *hier-en-nou.*<br>o Manifestasie en hantering van weerstand. | a) Totstandkoming van die ek-jy-verhouding ("I-Thou") en die stel van grense in die terapeutiese verhouding.<br>b) Met behulp van sensoriese kontakmaking en dialoog word die volgende vasgestel:<br>• Die adolessente se kontak met die self en die omgewing.<br>• Voorgrondbehoefte.<br>• Onvoltooidhede.<br>• Kontakgrensversteurings.<br>• Polariteite.<br>• Struktuur van persoonlikheid.<br>c) Bemagtiging in die ontwikkeling van selfvertroeteling om 'n sterk sin vir die self te ontwikkel. |

| Sessie 2: Ontdekking, definiëring en versterking van die sin vir die self | | |
|---|---|---|
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** |
| • Definiëring van die self deur die integrering van denke, emosies en liggaamlike gewaarwording.<br>• Selfaktualisering deur besitneming van emosies wat aanleiding gee tot bepaalde gedrag. | • Verhoging van bewussyn van adolessente<br>• Vasstelling van die adolessente se proses en sin vir die self met behulp van die roosboomprojeksie.<br>o Definiëring van die self.<br>o Bemagtiging in die maak van keuses.<br>o Bemeestering en beheer van selfregulering en self-ondersteuning.<br>o Emosionele uitdrukking en selfvertroeteling in die besit van projeksie.<br>o Hantering van innerlike prosesse deur grense en beperkinge.<br>• Besitneming van emosies en integrasie van verskillende emosies wat die adolessente se gedrag bepaal.<br>• Bemagtiging van die adolessente in hul keuse van emosionele uitdrukking. | a) Sessie twee begin met 'n sensoriese en liggaamlike ontspanningsoefening.<br>b) Met behulp van die roosboomprojeksie word die impak van mishandeling op adolessente vasgestel:<br>• Emosionele gevolge:<br>o Depressie, lae selfbeeld, skuldgevoel, skaamte, angs, woede.<br>• Interpersoonlike gevolge:<br>o Gevoelens van stigmatisasie, onvermoë om ander te vertrou, vrees vir intimiteit en intieme verhoudings, verswakte sosiale verhoudinge.<br>• Gedragsgevolge:<br>o Selfskending, selfmoord en selfmoordpogings, eetversteurings, middelmisbruik<br>• Kognitiewe- en perseptuele gevolge:<br>o Kognitiewe verdraaiing, dissosiasie en onttrekking, amnesia, persoonlikheidsversteuring, perseptuele versteurings / hallusinasies, terugflitse, slaapversteurings.<br>• Seksuele funksioneringsgevolge:<br>o Onvermoë om seks van affeksie te skei, promiskuïteit, prostitusie en verwarring oor seksuele oriëntasie<br><br>Verskeie aspekte word geëvalueer:<br>• Die adolessente se identifisering van eie emosies;<br>• hul verhoging in emosionele bewuswording;<br>• die bewussyn dat gedrag uit hul emosionele ervaring vloei;<br>• integrasie tussen emosies en gedrag;<br>• begeleiding om met voldoende vryheid en selfvertroeteling verantwoordelike keuses te maak, verantwoordelikheid te neem vir skuld en skaamte polariteite, 'n realistiese selfkonsep te vorm en die self te aanvaar met sowel negatiewe en positiewe emosies, asook swak en sterk identiteite;<br>• die vermoë om met selfvertroeteling hul emosies uit te leef. |

| FASE 2: BEWUSWORDING- EN IDENTIFISERINGFASE | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Sessie 3: Verhouding met die omgewing deur bewustheid en besitneming van onvoltooidhede** | | |
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** |
| • Die verhoging van die bewustheid van adolessente in kontak met hulself en hul omgewing, om hul emosionele ervaring te integreer met die identifisering van kognitiewe veranderlikes.<br>• Kontakmaking met onvoltooide behoeftes ten opsigte van die adolessente se ervaring van hul situasie en wat daartoe aanleiding gegee het. | • Emosionele en sensoriese kontakmaking met emosionele belewenisse en onvoltooidhede met behulp van die monstertegniek.<br>• Bewustheid van polariteite en negatiewe sensoriese ervaringe of emosies.<br>• Bemagtiging met behulp van die leëstoeltegniek om onvoltooidhede te hanteer.<br>• Bewustheid en identifisering van kognitiewe en emosionele veranderlikes.<br>• Integrasie van kognitiewe en emosionele veranderlikes in die omgewing.<br>• Besit en uitdrukking van polariteite en emosies waar selfbemagtiging, selfondersteuning en selfaktualisering plaasvind.<br>• Ontwikkeling van selfvertroeteling. | a) Ondersoek psigologiese verdedigingsmeganismes — Hoe het die adolessente dit vermy om woede te hanteer?<br><br>b) Konfronteer woede. Die doel is om woede te hanteer en te ontlaai. — Uitdrukking van emosies: Het die adolessente al hul woede en bitterheid gekonfronteer?<br><br>c) Bewustheid van die emosionele pyn van skuld en skaamte. — Is die adolessente bang om hul skuld of skaamte te ontbloot?<br><br>d) Bewustheid van uitputtende emosionele energie. — Het woede en bitterheid die adolessente se gesondheid beïnvloed?<br><br>e) Bewustheid van kognitiewe repeterende en herhaalde denke aan die mishandeling. — Was die adolessente obsessief oor die mishandeling of die oortreder?<br><br>f) Bewustheid van die konstante vergelyking met die oortreder. — Vergelyk die adolessente hul situasie met dié van die oortreder?<br><br>g) Bewustheid van die negatiewe en moontlik permanente lewensverandering deur die mishandeling. — Het die mishandeling ŉ permanente verandering in die adolessente se lewe teweeg gebring?<br><br>h) Insig in die moontlike verandering van ŉ "regverdige" lewens- en wêreldbeskouing. — Uitdrukking van interpersoonlike behoeftes: Het die mishandeling die adolessente se lewens- en wêreldbeskouing verander? |

| FASE 3: BESLUITNEMINGFASE | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Sessie 4: Bewustheid en bemagtiging in die keuse van vergifnis as ŉ alternatiewe bron van die herstelervaring deur selfaktualisering en die neem van verantwoordelikheid** | | |
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** |
| • Die bemagtiging van adolessente in die keuse van vergifnis as ŉ alternatiewe bron van die herstelervaring. | • Bewustheid van emosionele uitdrukking van kognitiewe veranderlikes.<br>• Bewustheid en bepaling van alternatiewe met behulp van die tekentegniek en Oaklander se veertien stappe werkmodel om negatiewe sensoriese ervaringe of emosies te hanteer. Alternatiewe word in die volgende begrippe uitgedruk:<br>o Die verlede<br>o Die hede<br>o Die toekoms<br>• Bewustheid van polariteite en besitneming van die uitdrukking van emosie.<br>• Bemagtiging om vergifnis as ŉ opsie te oorweeg om onvoltooidhede te hanteer.<br>• Bewuste besluit om te vergewe deur eie keuse en aanvaarding van verantwoordelikheid. | Vergifnis as ŉ bron van die herstelervaring:<br>a) ŉ Verandering van hart, oortuiging en nuwe insig dat ou oplossingstrategieë nie gewerk het nie. — Besluit dat pogings om die pyn van die mishandeling te verwerk onvoldoende was en nie gewerk het nie.<br>b) Bereidwilligheid om vergifnis as ŉ alternatiewe opsie en ŉ gepaste strategie vir die herstelervaring te oorweeg. — Bereidheid om die vergifnisproses te begin: Vergifnis is om bewus te wees wat iemand jou aangedoen het en ten spyte daarvan steeds die persoon te vergewe.<br>c) Terapeut se verduideliking van vergifnis. — a) Bybelse konsep van vergifnis. b) Wat vergifnis nie is nie. c) Wat vergifnis wel is.<br>d) Verbintenis om die oortreder te vergewe. — Besluit om te vergewe: In die verbintenis tot vergifnis laat vaar die adolessente negatiewe gedagtes, gevoelens en intensies van vergelding en wraak teenoor die oortreder. Gelowiges kan vergewe omdat hulle reeds in Christus vergewe is.<br>e) Ontwikkeling van selfvertroeteling om met vryheid verantwoordelike keuses te maak. — Vergifnis realiseer nog nie, maar die adolessente maak ŉ keuse tot die vergifnisproses om die oortreder te vergewe. |

**FASE 4: WERKFASE**

**Sessie 5: Bemagtiging in die aanleer van hanteringstrategieë en vaardighede in die vergifnisproses**

| Doel | Doelwitte | Aktiwiteite | |
|---|---|---|---|
| • Die bevordering van bewustheid, selfondersteuning en integrasie van die adolessente met hul omgewing. | • Bewustheid van die kognitiewe en affektiewe aard van vergifnis<br>• Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder deur middel van rollespel.<br>• Besitneming en uitdrukking van emosionele ervaring.<br>• Bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe.<br>• Aanleer van hanteringstrategieë en emosionele vaardighede om stappe te neem om vergifnis te laat realiseer. | a) Herdefinieer en herformuleer nuwe denke aangaande die oortreder. Streef deur rol-aanneming na die kognitiewe verstaan van die oortreder se konteks en omstandighede. | Werk na vergifnis toe deur die oortreder te probeer verstaan. Die uitkoms van die herformulering en nuwe denke aangaande die oortreder is nie om die oortreder te verskoon van verantwoordelikheid vir die oortreding nie, maar om die oortreder as mens binne sy omstandighede beter te verstaan. |
| | | b) Empatie en medelye teenoor die oortreder. | Ontwikkeling van selfvertroeteling kan die adolessente bemagtiging om vergelding wat tot die oortreder gerig word op te gee deur moreel op te tree en die oortreder te vergewe. |
| | | c) Besitneming en uitdrukking van emosionele ervaring. Om die pyn wat uit die optrede van die oortreder voortvloei te aanvaar en te verdra. | Adolessente voorkom onvergewensgesindheid en die aanspraak op geregtigheid en vergelding deur die pyn van die mishandeling te dra/verdra. Die adolessente aanvaar dat die mishandeling plaasgevind het en laat die vergelding aan God oor. |
| | | d) Empatie en medelye kan beskou word as morele geskenke aan die oortreder. | Morele geskenke fokus op die adolessente om barmhartig en genadig teenoor die oortreder te wees soos God barmhartig en genadig teenoor die mens is. Vergifnis behels die onvoorwaardelike aanvaarding van God se genade deur geloof, en die vrylating (oorgee) van 'n oortreder aan die genade van God. |

| FASE 5: INTERNALISERING- EN UITKOMSFASE | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **Sessie 6: Bemagtiging en selfvertroeteling in die vergifnisproses** | | | |
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** | |
| • Die bevordering van selfondersteuning en integrasie van die adolessente met hul eie proses in die omgewing. | • Bemagtiging van die adolessente deur die bewustheid van hul eie proses en gedrag met behulp van die roosboomprojeksie.<br>• Aanleer van hanteringstrategieë en emosionele vaardighede om keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar.<br>• Bemagtiging deur selfvertroeteling om ’n nuwe doel en betekenis in die lewe te ontdek. | a) Die adolessente vind ’n doel, betekenis en bevryding vir die self en ander in die lyding en vergifnisproses. | Die adolessente fokus op die positiewe uitkoms van die mishandeling en die betekenis daarvan in hul lewe. |
| | | b) Die adolessente kan tot die besef kom van hul eie tekortkominge en insidente oproep waar hulle ander se vergifnis in die verlede nodig gehad het en dit ontvang het. | Die adolessente ontdek hul eie behoefte aan vergifnis en vergewe die oortreder omdat hulle reeds in Christus vergewe is. |
| | | c) Insig dat die adolessente nie alleen is nie. | Die adolessente ontdek interpersoonlike ondersteuningsnetwerke in die gemeenskap. |
| | | d) Die besef dat die self ’n nuwe doel en betekenis in die lewe kan kry, as gevolg van die mishandeling, lei die adolessente tot ’n aktiewe besorgdheid vir hul gemeenskap. | Die bewustheid van ’n nuwe doel en betekenis in die lewe lei tot besorgdheid oor die gemeenskap en optimisme oor die toekoms. |
| | | e) Bemagtiging deur selfvertroeteling. | Selfvertroeteling van hul eie proses en emosies lei adolessente om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer en negatiewe skuld en skaamte emosies, gedagtes en gedrag uit te skakel. |

| FASE 6: EVALUERING EN TERMINERING | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Sessie 7: Evaluering en terminering van die vergifnisproses** | | |
| **Doel** | **Doelwitte** | **Aktiwiteite** |
| • Die bewustheid en bemagtiging van die adolessente se proses van selfondersteuning en integrasie met die omgewing om balans, homeostase en organismiese selfregulering te bereik. | • Bewustheid van interne emosionele ontlading en psigologiese gesondheid.<br>• Bemagtiging deur selfvertroeteling van eie proses en emosies om nuwe gedrag met selfvertroue te integreer met behulp van dialoog en metafore.<br>• Integrasie met die omgewing deur selfregulering in die voltooiing van onvoltooidhede om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik.<br>• Voltooiing van die drie metingskale om die ervaring van skuld, skaamte en vergifnis na intervensie te meet.<br>• Evaluering van die intervensiemodel deur ongestruktureerde onderhoude na intervensie.<br>• Terminering van terapeutiese proses. | Vergifnis as voltooiing van onvoltooidhede.<br><br>a) Bewustheid van 'n afname in negatiewe emosies, psigologiese gesondheid en die moontlike toename in positiewe emosies teenoor die oortreder. — Die adolessente ontdek die vryheid van vergifnis in vergewing van die oortreder en die fokus op die self. Die konsep van oorwinning is dominant in die besef van bevryding.<br><br>b) Bemagtiging deur selfvertroeteling. — Selfvertroeteling begelei adolessente om hul eie proses, emosies en nuwe gedrag met selfvertroue in hul omgewing te integreer.<br><br>c) Terminering van die terapeutiese proses. — Integrasie met die omgewing behels die voltooiing van onvoltooidhede om ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik. |

## 10.4 TEKORTKOMINGE EN LEEMTES

Alhoewel die doel van die navorsing nie was om veralgemening na die breër populasie moontlik te maak nie, is die volgende tekortkominge en leemtes na afloop van die navorsing geïdentifiseer:

- Die steekproef het slegs Afrikaanssprekende respondente met 'n Christelike geloofsoortuiging ingesluit, wat die intervensiemodel se benuttingswaarde beperk.
- Die navorsing is vanuit die Westerse kultuur benader wat meer skuld georiënteer is, terwyl die Oosterse kultuur wat meer skaamte en eer georiënteer is, nie in diepte ondersoek is nie.
- Respondente uit ander kulture met kultuurverskille en verskillende geloofsoortuigings is nie nagevors nie. Meer uitgebreide navorsing sou waarskynlik van groot nut vir die bepaling van vergifnis by ander godsdienste wees. Die navorser besef dat die omvang van die navorsing dit onmoontlik gemaak het om ook in meer diepte by ander kulture en hul godsdienste uit te kom.
- Die intervensiemodel is met vyf respondente, wat by die navorser aangemeld het en aan die seleksiekriteria voldoen het, geïmplementeer en geëvalueer. Die navorser sou meer respondente by die navorsing wou betrek. Die data versadiging is egter met die vyf respondente bereik in die herhalende voorkoms van data in die meervoudige gevallestudie wat dieselfde bewyse opgelewer het.

## 10.5 SLOTOPMERKING

Mishandeling is een van die mees traumatiese ervaringe wat deur laat-adolessente ervaar word en het 'n invloed op hul fisieke, psigiese, kognitiewe, morele, religieuse, sosiale en emosionele ontwikkeling, kortom, op hul totale funksionering as mens. In die lig van die navorsing, kan mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, met behulp van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel,* tot vergifnis as 'n bron van die herstelervaring begelei word.

Die benutting van die *pastorale Gestaltterapeutiese intervensiemodel* kan mishandelde laat-adolessente bemagtig om met die nodige bewustheid te fokus op dit wat op hul voorgrond is, ten einde selfregulering van hul emosionele funksionering te bereik. Vanuit 'n interpersoonlike en intrapersoonlike perspektief wek skuld en skaamte gevoelens van mislukking, minderwaardigheid, woede, blaam, bitterheid en die behoefte na vergelding, terwyl vergifnis hierdie impulse kan verlig. Alhoewel vergifnis 'n komplekse ontwikkelingsproses is, kan mishandelde adolessente met behulp van die intervensiemodel bemagtig word om 'n sterk selfbeeld en selfwaarde te ontwikkel. Dit kan mishandelde adolessente bemagtig om negatiewe emosies en pynlike ervarings van die verlede te hanteer en ekwilibrium, homeostase en organismiese selfregulering te bereik. Dit kan tot psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid lei.

Hierdie navorsing lewer nie net 'n bydrae tot pastoraat en Gestaltterapie nie, maar bied ook toepassingsmoontlikhede in die gemeenskap. Terapeute kan die intervensiemodel effektief in die hulpverleningsproses aan mishandelde laat-adolessente aanwend en hulle bemagtig in die hantering van vergifnis as 'n bron van die herstelervaring om onvoltooide skuld en skaamte emosies op hul voorgrond op te klaar.

> *"...the act of forgiving, by itself, is a wonderfully simple act, but it always happens inside a storm of complex emotions. It is the hardest trick in the whole bag of personal relationships".*
> Smedes (1984:2)

> *"If shame is our dilemma, shame as understood primarily as alienation from God, others, and self, what is our hope? ... I will contend that the grace of forgiveness, God's and human forgiveness, is our hope."*
> Harris (2000)

## BRONNELYS


ACKERMAN, C. 2001. Promoting development during adolescence. (*In* Engelbrecht, P. & Green, L. Promoting learner development. Preventing and working with barriers to learning. Pretoria: Van Schaik. p. 101-108.)

ADEN, L. 1989. Pastoral counseling and the problem of guilt. (*In* Aden, L. & Benner, D. G., *eds*. Counseling and the human predicament: A study of sin, guilt and forgiveness. Grand Rapids: Baker Book House. p. 101-127.)

ADLER, A. 1969. *Understanding human nature.* New York: Fawcet.

ALAND, K., *ed*. 1983. *The Greek New Testament.* United Bible Societies. Stuttgart: Biblia-Druck.

ALLEN, D. 1985. *Philosophy for understanding Theology*. London: John Knox Press.

ALLENDER, D. B. 1995. *The cry of the soul.* Christchurch: Navpress.

ALLISON, G. F. 2003. *Guilt, anger & God.* Vancouver, Canada: Regent College Publishing.

AL-MABUK, R. H., ENRIGHT, R. D. & CARDIS, P. A. 1995. Forgiveness education with parentally love-deprived late adolescents. *Journal of Moral Education, 24.* p. 427-444.

ALTROCK, C. 1998. *The Cross. Saved by the shame of it all.* Joplin: College Press Publishing.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 1999. DSM-IV. Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (4 th ed.). Washington: American Psychiatric Association.

ANDERSON, N. T., ZUEHLKE, T. E. & ZUEHLKE, J. S. 2000. *Christ centered therapy: The practical integration of theology and psychology.* Grand Rapids: Zondervan.

ANOLLI, L. & PASCUCCI, P. 2005. Guilt and guilt-proneness, shame and shame-proneness in Indian and Italian young adults. *Personality and Individual Differences, 39.* p. 763-773.

APONTE. H. J. 1998. Love, the spiritual wellspring of forgiveness: an example of spirituality in therapy. *Journal of Family Therapy, 20.* p. 37-58.

ARLOW, J. A. & BRENNER, C. 1964. *Psychoanalytic Consepts and the Structural Theory.* New York: International Universities Press.

ARNALDO, C. A. 2001. *Child abuse on the internet: ending the silence*. Paris: UNESCO Publishing.

ARONSTAM, M. 1992. Gestaltterapie. (*In* Louw, D.A., *red*. Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg: Southern Boekuitgewers. p. 591-600.)

ATWATER, E. 1983. *Adolescence*. Englewood New Jersey: Prentice-Hall.

AUGSBURGER, D. W. 1986. *Pastoral couseling across cultures.* Philadelphia: Westminster.

AUGSBURGER, D. W. 1988. *The freedom of forgiveness*. Chicago: Moody.

AURELI, F. & DE WAAL, F. B. M., *eds*. 2000. *Natural conflict resolution.* California: University of California Press.

AUSTRIAN, S. G. 2008. D*evelopmental Theories Through the Life Cycle.* New York: Columbia University Press.

AUSUBEL, D. B. 1955. Relationships between shame and guilt in the socializing process. *Psychological Review, 62.* p. 378-390.

AVGOUSTIDIS, A. G. 2006. Forgiveness as a therapeutic tool in the "psychology" of the early fathers. http://ppsc.spc.yu/Edukacija/osnovi.php?j=e&id5. Datum van gebruik: 19 Desember 2009.

BABBIE, E. 2001. *The practice of social research. 9th edition.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research.* Oxford: University Press.

BABBIE, E. 2004. *The practice of social research. 10th edition.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

BAGLEY, C. 1997. *Children, sex and social policy: Humanistic solutions for problems of child sexual abuse.* Aldershot: Avebury.

BAKER, M. E. 2008. Self-forgiveness: An empowering and therapeutic tool for working with women in recovery. (*In*, Malcolm, W., DeCourville, N. & Belicki, K., *eds.* Woman's reflections on the complexities of forgiveness. New York: Routledge. p. 61-74.)

BALK, D. E. & CORR, C. A., *eds*. 2009. *Adolescent Encounters With Death, Bereavement, and Coping.* New York: Springer Publishing Company.

BANMEN, J. 1988. Guilt and shame: Theories and therapeutic possibilities. *International Journal for the Advancement of Counselling Vol 11.* p. 79-91.

BARKER, N. C. 1998. *Child abuse and neglect: An interdisciplinary method of treatment*. Iowa: Kendal/Hunt Publishing Company.

BARKER, P. 1996. *Psychotherapeutic metaphors. A guide to theory and practice.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

BARNARD, T. 1985. *Pa en ma se tiener. 'n Praktiese gids vir ouers*. Kaapstad: Bybelkor.

BARTH, K. 1948. *Die Lehre von der Schöpfung*. K D III/2. Zürich: Evangelischer Verlag Zollikon.

BARTH, K. 1953. *Die Lehre von der Versöhnung*. K D IV/1. Zürich: Evangelischer Verlag Zollikon.

BASKIN, T.W. & ENRIGHT, R. D. 2004. Intervention studies on forgiveness: A meta-analysis. *Journal of Counseling and Development*, 82. p. 79-90.

BASS, E. & DAVIS, L. 1997. *The Courage to Heal: A Guide for Women Survivors of Child-Sexual Abuse*. London: Vermillion.

BATSON, C. D., SCHOENRADE, P. & VENTIS, L. 1993. *Religion and the Individual.* New York: Oxford University Press.

BAUER, L., DUFFY, J., FOUNTAIN, E., HALLING, S., HOLZER, M., JONES, E., LEIFER, M. & ROWE, J. O. 1992. Exploring self-forgiveness. *Journal of Religion and Health, 31 (2).* p. 149-160.

BAUMEISTER, R. F., STILLWELL, A. M., & HEATHERTON, T. F. 1994. Guilt: An interpersonal approach. *Psychological Bulletin, 115*(2). p. 241-267.

BAUMRIND, D. 1995. Commentary on sexual orientation: Research and social policy implications. *Developmental Psychology, 31.* p. 130-136.

BEECH, A. R., CRAIG, L. A. & BROWNE, K. D., *eds*. 2009. *Assessment and Treatment of Sex Offenders: A Handbook.* New York: Wiley.

BEKKER, G. 1993. *'n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde pre-adolessent: 'n Gestaltbenadering.* Ongepubliseerde D-proefskrif: UNISA.

BELGUM, G. 1970. *Guilt: Where religion and psychology meet.* Minneapolis: Augsburg.

BELICKI, K., ROURKE, J. & MCCARTHY, M. 2008. Potential dangers of empathy and related conundrums. (*In*, Malcolm, W., DeCourville, N. & Belicki, K., *eds.* Woman's reflections on the complexities of forgiveness. New York: Routledge. p. 165-185.)

BELSKY, J. 1980. Child maltreatment: an ecological integration. *American Psychologist,* 35. p. 320-335.

BENDER, G. 1996. *Handleiding van die Fakulteit Opvoedkunde. Kinderontwikkeling vanuit 'n opvoedkundige perspektief vir MA (MW).* K10810. Departement Psigo- en Sosiopedagogiek. Universiteit van Pretoria.

BENNER, D. G., *ed.* 1987. *Baker encyclopedia of psychology*. Michigan: Baker Book House.

BENNER, D. G. 1989. Toward a psychology of spirituality: Implications for personality and psychotherapy. *Journal of Psychology and Christianity*, 8(1). p. 19-30.

BENSON, P. & SPILKA, B. 1973. God image as a function of self-esteem and locus of control. *Journal for The Scientific Study of Religion*, 12. p. 297-310.

BENSON, H. 1996. *Timeless healing*. New York: Fireside.

BERECZ, J. M. 2001. All the glitter is not gold. Bad forgiveness is counseling and preaching. *Pastoral Psychology, 49*. p. 253-275.

BERGIN, A. E. 1991. Values and religious issues in psychotherapy and mental health. American Psychologist, 46. p. 394-403.

BERKHOF, H. 1969. *De mens onderweg, een christelijke mensbeschouwing*. Kerk en Wêreldreeks No. 5. (Vyfde Druk). Boekencentrum, N.V: Gravenhage.

BERKHOF, H. 1990. *Christelijk Geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Uitgeverij G. F. Callenbach.

BERKHOF, H. 1991. *Inleiding tot de studie van de dogmatiek*. Kampen: Kok.

BERKOUWER, G. C. 1957. *De Mens het beeld Gods. Dogmatische studien*. Kampen: Kok.

BERKOUWER, G. C. 1989. *Zoeken en vinden. (Herinneringen en ervaringen).* Kampen: Kok.

BERRY, L. & GUTHRIE, T. 2003. *Rapid assessment: The situation of children in South Africa.* Cape Town: University of Cape Town.

BIBBY, P. C. 1996. *Organised abuse: The current debate*. Aldershot: Avebury.

BIJLSMA, R. 1969. *Kleine Catechetiek*. Nijkerk: G. F. Callenbach.

BLAIKIE, N. 2000. *Designing social research*. Cambridge: Polity Press.

BLOM, R. 2000. *'n Gestaltspelterapeutiese hulpprogram in maatskaplike werk vir juniorprimêre skoolkinders se emosionele intelligensie.* Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

BLOM, R. 2006. *The handbook of Gestalt Play Therapy: Practical guidelines for child therapists.* London: Jessica Kingsley Publishers.

BONAR, C. A. 1989. Personality theories and asking forgiveness. *Journal of Psychology and Christianity, 8 (1).* p. 45-51.

BORNSTEIN, B. H., KAPLAN, D. L. & PERRY, A. R. 2007. Child abuse in the eyes of the beholder: Lay perceptions of child sexual and physical abuse. *Child Abuse and Neglect, 31(4).* p. 375-391.

BRADSHAW, J. 1988. *Healing the shame that binds you*. Florida: HCI Books.

BRENNER, A. 1984. *Helping children coping with stress.* Lexington. D. C. Heath.

BRIERE, J. N. 1992. *Child abuse Trauma. Theory and treatment of the lasting effects*. New Park: Sage Publishers.

BRIGGS, R. 1999. *Transforming anxiety, transcending shame*. Deerfields Beach: Health Communications.

BRONFENBRENNER, U. 1977. Toward an experimental ecology of human development. *American Psychologist, 32 (7).* p. 513-531.

BROUCEK, F. J. 1991: *Shame and the Self.* New York: The Guilford Press

BROWN, J., COHEN, P., JOHNSON, J. G. & SALZINGER, S. 1998. A longitudinal analysis of risk factors for child maltreatment: Findings of a 17-year prospective study of officially recorded and self-reported child abuse and neglect. *Child Abuse and Neglect, 22(11).* p. 1065-1078.

BROWN, S. & MCNAIR, L. 1995. Black women's sexual sense of self: Implications for Aids prevention. http://www.uga.edu/~womanist/ 1995/brown.html. Datum van gebruik: 28 Julie 2008.

BROWNELL, P. 2004. Perceiving You Perceiving Me: Self-Conscious Emotions and Gestalt Therapy. *Gestalt, Vol. 8, nr. 1*. http://www.g-gej.org/8-1/selfconscious.html. Datum van gebruik: 10 Junie 2009.

BROWNELL, P. 2006. This is what I know - a response to "Spirituality and Gestalt: A Gestalt-Transpersonal Perspective," by Lynn Williams. *Gestalt Review, 10(1).* p. 26-32.

BROWNELL, P. 2008. *Handbook for Theory, Research, and Practice in Gestalt Therapy*. Newcastle: Cambridge Scholars Publishing.

BROWNELL, P. 2009. Gestalt therapy. (*In* Stebnicki, M. A. & Marini, I., *eds*. Professional Counselors' Desk Reference, New York: Springer Publishing Company. p. 399-408)

BROWNELL, P. 2010. *Gestalt therapy: A guide to contemporary practice.* New York: Springer Publishing Company.

BROWNING, R. L., REED, R. A., BROWNING, D. S. & FOWLER, J. W. 2004. *Forgiveness, Reconciliation, and Moral Courage: Motives and Designs for Ministry in a Troubled World. Studies in Practical Theology*. Cambridge: Eerdmans Publishing Company.

BRUEGGEMANN, W. 1995. "In the image of God". Pluralism. *Modern Theology, 11/4.* p. 455-469.

BRUEGGEMANN, W. 1998. *A commentary on Jeremiah. Exile and homecoming.* Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

BUBER, M. 1950. *The way of man according to the teaching of hasidism*. New York: The Citadel Press.

BUBER, M. 1957. Guilt and guilt feelings. *Psychiatry. May; 20(2).* p. 114-129.

BUBER, M. 1958. *I and Thou.* 2nd edition. Southampton: Camelot Press.

BUBER, M. 1958a. *I and Thou* (R.G. Smith, *trans.*). New York: Charles Scribner's Sons.

BUBER, M. 1958b. *I and Thou* (W. Kaufmann, *trans.*). New York: Charles Scribner's Sons.

BURKE DRAUCKER, C. & MARTSOLF, D. 2006. *Counselling Survivors of Childhood Sexual Abuse.* London: Sage Publishers.

CALVYN, J. 1960. *Institutie: Onderwijzing in de Christelijke godsdienst, tweede deel*. Uit Latijn vertaald door A. Sizoo. Delft: Meinema.

CALVYN, J. 1984. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Potchefstroom: CJBF.

CALVYN, J. 1988. *Institusie van die Christelike godsdiens*. Potchefstroom: CJBF.

CAMPAGNA, D. 1985. *Sexual Exploitation of Children: Resource Manual.* Southwick, MA: Daniel S. Campagna.

CAPPS, D. 1993. *The Depleted Self: Sin in a Narcissistic Age*. Minneapolis: Fortress Press.

CARL, A. R. 1987. *Is my kind veilig?* Kaapstad. Lux Verbi.

CARR, A. 2007. *Positive psychology. The science of happiness and human strenghts.* New York: Routledge.

CARR-GREGG, M. & SHALE, E. 2003. *Adolescence. A guide for parents.* London: Vermilion.

CARRASCO, N. & GARZA-LOUIS, D. 1995. Hispanic Sex Offenders – Cultural Characteristics and Implications for Treatment. (*In* Schwartz, B. & Cellini, H. The Sex Offender. Kingston, NJ: Civic Resaerch Inst. p. 13.1–13.10.)

CARROL, F. & OAKLANDER, V. 1997. Gestalt play therapy. (*In* O'Connor, K. J. & Braverman, L. M., *eds*. Play therapy. Theory and practice. A comparative presentation. New York: John Wiley & Sons.)

CASARJIAN, R. 1992. *Forgiveness: A bold choice for a peaceful heart*. New York: Bantam Books.

CAVANAGH, M. 1992. The perception of God in pastoral counseling. *Pastoral Psychology 41(2).* p. 75-87.

CHAGIGIORGIS, H. & PAIVIO, S. 2008. Forgiveness as an outcome in Emotion-Focused Trauma therapy. (*In*, Malcolm, W., DeCourville, N. & Belicki, K., *eds.* Woman's reflections on the complexities of forgiveness. New York: Routledge. p. 121-141.)

CHILDLINE GAUTENG. 2006. What is child abuse? http://www.childline.org.za. Datum van gebruik: 24 Oktober 2008.

CICCHETTI, D. & COHEN, D. J., *eds.* 2006. *Developmental Psychopathology. Second Edition*. New Jersey: Wiley.

CLARK, N & FRASER, T. 1987. The Gestalt approach: An introduction for managers and trainers. T*he Gestalt Journal, 2nd edittion, Roffy Park Institute.*

CLARKSON, P. 1997. Variations on I and Thou*. Gestalt Review*, Vol 1, no 1. p. 56-70.

CLARKSON, P. 1999. *Gestalt counselling in action. 2nd edition.* London: Sage Publishers.

CLARKSON, P. 2002. *Gestalt counselling in action.* 3rd *edition.* London: Sage Publishers.

CLARKSON, P. & MACKEWN, J. 1994 *Frits Perls*. London: Sage Publishers.

CLAY, R. 1996. Psychologists faith in religion begins to grow. *The APA Monitor, Vol 27 (8).* p. 1-48.

CLEMMENS, M. C. 2007. Commentary II: "Working with Forgiveness in Gestalt Therapy". *Gestalt Review. Vol 11 (2)*. p. 123-126.

CLINEBELL, H. J. 1984. *Contemporary growth therapies*. *Resources for actualizing human wholeness*. Nashville: Abingdon.

CLINTON, T., HART, A. & OHLSCHLAGER, G. 2005. *Caring for people God's way.* Nashville: Nelson Reference & Electronics.

COHEN, L., MANION, L. & MORRISON, K. 2007. *Research Methods in Education (6th edition).* New York: Routledge.

COLBERT, D. 2003. Deadly emotions. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

COLLINS, G. R. 1988. *Christian Counseling: A Comprehensive Guide. (Revised edition).* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

COLLINS, G. R. 2005. *Die A tot Z van berading. Bybelse perspektiewe op probleemoplossing*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

COLMAN, A. M. 2006. *Oxford Dictionary of Psychology. 2nd edition.* New York: Oxford University Press.

COOPER, P. J. 1995. *Bulimia Nervosa and Binge-Eating: A guide to recovery.* London: Robinson Publishing.

COOPER, G. L., FIELD, J., GOSWAMI, U. JENKINS, R. & SAHAKIAN, B. J., *eds*. 2009. *Mental Capital and Wellbeing*. Oxford: Wiley-Blackwell.

COREY, G. 1991. *Theory and practice of counseling and psychotherapy.* California: Brooks/Cole Publishing.

COREY, G., COREY, M. S. & CALLANAN, P. 1993. *Issues and ethics in the helping professions.* Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing.

COREY, G. 2001. *Theory and practice of counseling and psychotherapy. 6th ed.* Australia: Brooks/Cole Thompson Learning.

COREY, G. 2005. *Theory and practice of counseling and psychotherapy. 7th ed.* Australia: Thomson: Brooks/Cole.

CORCORAN, C. L., MIRANDA, A. O., TENUKAS-STEBLEA, K. W. & TAYLOR, B. D. 1999. Inclusion of the Family in the Treatment of Juvenile Sexual Abuse Perpetrators. (*In* Schwartz, B., *ed*. The Sex Offender. Vol III. Kingston: Civic Research Institute.)

COTTONE, R. R. 1992. *Theories and paradigms of counseling and psychotherapy*. Boston: Allyn and Bacon.

COVITZ, J. 1986. *Emotional Child Abuse: The Family Curse.* Boston: Sigo Press.

COYLE, C. T., & ENRIGHT, R. D. 1997. Forgiveness intervention with post abortion men. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 65.* p. 1042-1046.

CRABB, L. & ALLENDER, D. B. 1996. *Hope when you are hurting*. Grand Rapids: Zondervan.

CRESWELL, J. W. 1994. *Research design: qualitative and quantitative approaches.* Thousand Oaks: Sage Publishers.

CRESWELL, J. W. 1998. *Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions.* Thousand Oaks: Sage Publishers.

CRESWELL, J. W. 2003. *Research design, qualitative, quantitative and mixed methods approaches. Second edition*. Thousand Oaks: Sage Publishers.

CRITTENDEN, P. 1999. Child Neglect: Causes and Contributors. (*In* Dubowitz, H., *ed*. Neglected Children: Research Practice and Policy. Thousand Oaks: Sage Publishers. p. 47-68.)

CROCKER, S. F. 1999. *A Well-Lived Life: Essays in Gestalt Therapy.* Cambridge, MA: GIC Press.

CROCKER, S F. 2000. "I-Thou" and its role in Gestalt therapy. *Gestalt,* Vol 4(2).

CROCKER, S F, *et al*. 2001. Field and Boundary. G*estalt*, Vol 5(2).

CROCKER, S F. 2001. Spirituality, dialogue and the phenomenological method. *Gestalt,* Vol 5(3).

CROCKER, S F. 2007. Commentary I: "Working with Forgiveness in Gestalt Therapy". *Gestalt Review. Vol 11, nr. 2*. p. 120-122.

CROSSON-TOWER, C. 1999. *Understanding child abuse and neglect. Fourth edition.* Boston. Allyn & Bacon.

CROSSON-TOWER, C. 2002. *Understanding child abuse and neglect. Fifth edition.* Boston. Allyn & Bacon.

CROUS, S. F. M. 1992. Kindermishandeling: 'n opvoedkundige perspektief. *Educare*, 21(1&2). p. 72-80.

CROWLEY, V. 2000. *Jung: A Journey of Transformation: Exploring His Life and Experiencing His Ideas*. Wheaton Illinois: Quest Books.

DAMON, W., LERNER, R. M. & EISENBERG, N., *eds*. 2006. *Handbook of Child Psychology, Vol. 3: Social, Emotional, and Personality Development, 6th Edition*. New Jersey: Wiley.

DANKER, F. W. 2000. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. 3rd ed. Chicago: The University of Chicago Press.

DAVENPORT, D. S. 1991. The functions of anger and forgiveness: guidelines for psychotherapy with victims. *Psychotherapy, 28*. p. 140-153.

DAVIS, L. 1991. *Allies in healing: when the person you love was sexually abused as a child.* U.S.A: Harper Perennial.

DAVIS, L. 2002. *I thought we'd never speak again: the road from estrangement to reconciliation.* New York: HarperCollins.

DAY, D. 2004. *Forgive, release and be free.* Kent: Sovereign World.

DECOURVILLE, N., BELICKI, K. & GREEN, M. M. 2008. Subjective experiences of forgiveness in a community sample: Implications for understanding forgiveness. (*In*, Malcolm, W., DeCourville, N. & Belicki, K., *eds.* Woman's reflections on the complexities of forgiveness. New York: Routledge. p. 1-20.)

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. D.Th. – proefskrif. UNISA, Pretoria.

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 1988. Die pastoraat: noodsaaklike onderskeidings. 'n Posisiebepaling na 25 jaar. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 5.*

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 1989. Spiritualiteit as semantiese struktuurkern: 'n pastorale perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 4(2). p. 18-30.

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 1989. Verhoudings en verhoudingsprobleme tydens adolessensie.. (*In,* Smuts, A.J., *red*. Predikant en pastorale praktyk. Teologiese en sielkundige perspektiewe. Pretoria: Academia. p. 94-112.)

DE JONGH VAN ARKEL, J. T. 2000. Recent movements in Pastoral Theology. Religion & Theology, 7(2). p. 160-161.

DEIST, F. 1999. *A Concise Dictionary of Theological and Related Terms with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English List*. Pretoria: J L van Schaik.

DE KLERK, J. 1999. *Nurturing Democratic Values Through Education. Perspektiewe op Waardeopvoeding.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch & Konrad Adenauer Stigting.

DELPORT, C. S. L. 2005. Quantitative data collection methods. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 159-191.)

DELPORT, C. S. L. & FOUCHÉ, C. B. 2005. Qualitative research report. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 356-359.)

DEMETROU, A., DOISE, W. & VAN LIESHOUT, C. F. M. 1998. *Life-span developmental psychology. Chichester. John Wiley & Sons.*

DENZIN, N. K. & LINCOLN, Y. S. 1994. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks: Sage Publishers.

DENZIN, N. K. & LINCOLN, Y. S. 1998. *Strategies of qualitative inquiry*. London: Sage Publishers.

DEROCHE, E. F. & WILLIAMS, M. M. 1998. *Educating Harts and Minds. A Comprehensive Character Education Framework.* Thousand Oaks, California: Sage Publishers.

DESHEA, L. 2008. Measuring Forgiveness. (*In*, Malcolm, W., DeCourville, N. & Belicki, K., *eds.* Woman's reflections on the complexities of forgiveness. New York: Routledge. p. 21-39.)

DESILVA, D. A. 1999. *The Hope of glory. Honor discourse and New Testament interpretation.* Collegeville: The Liturgical Press.

DE VOS, A. S. 2002. Combined quantitative and qualitative approach.. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Twede uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 363-372.)

DE VOS, A. S. 2005a. Scientific theory and professional research. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 27-43.)

DE VOS, A. S. 2005b. Qualitative data analysis and interpretation.. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 333-349.)

DE VOS, A. S. 2005c. Combined quantitative and qualitative approach.. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 357-366.)

DE VOS, A. S. 2005d. Programme evaluation.. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 367-391.)

DE VOS, A. S. 2005e. Intervention research. (*In* De Vos, A.S. *et al*. Research at Grass Roots. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 392-407.)

DE WITT, M. W. & BOOYSEN, M. I. 1995: *Die sosialisering van die klein kind. Enkele temas.* Pretoria: J L van Schaik Uitgewers.

DIBLASIO, F. A. 1998. The use of decision-based forgiveness intervention within intergenerational family therapy. *Journal of Family Therapy 20.* p. 77-94.

DIE BYBEL: NUWE VERTALING. 1998, c1983 (*electronic ed.*). Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Cape Town, South Africa.

DIERKS-WALKER, J. M. 1994. *A brief therapy model tor use with gestalt theory and techniques*. Copyright J M Dierks-Walker 1994.

DIETZ, T. L. 2000. Disciplining children: Characteristics associated with the use of corporal punishment. *Child Abuse and Neglect, 24(12).* p. 1529-1542.

DINGEMANS, G. D. J. 1991. *In de leerschool van het geloof. Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijk vormingswerk*. Tweede druk. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

DINSMORE, C. 1991. *From surviving to thriving: incest, feminism, and recovery.* New York: State University of New York Press.

DOLAN, Y. M. 1991. *Resolving sexual abuse: solution-focused therapy and Ericksonian hypnosis for adult survivors.* New York: W.W. Norton and Company.

DOYLE, C. 1994. *Child sexual Abuse: A Guide for Health professionals*. London: Chapman & Hall.

DREYER, J. S. 1997. Praktiese teologie, refleksiewe verwetenskapliking en die verhouding tussen wetenskaplike kennis en praktiese handelinge. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 12(1). p. 13-30.

DREYER, T. F. J. 1981. *Poimeniek. 'n Pastorale oriëntasie*. Pretoria: HAUM.

DREYER, Y. 2005. Vergewe en vergeet: 'n Pastorale perspektief. *Verbum et Ecclesia, 26(1).* p. 16-34.

DRYDEN, W. 1997. *Overcoming Shame.* London: Sheldon Press.

DUNCAN, K. A. 2004. *Healing from the Trauma of Childhood Sexual Abuse: The Journey for Women.* New York: Praeger Publishers.

DU TOIT, S.J. & KRUGER, N. 1991. *Die kind: 'n opvoedkundige perspektief.* Durban: Butterworths.

DUTTON, D. G. 2000. Witnessing Parental Violence as a Traumatic Experience Shaping the Abusive Personality. *Journal of Aggression, Maltreatment & Trauma, 3*. p. 59-67.

DUTTON, D. G. 2006. *The Abusive Personality, Second Edition: Violence and Control in Intimate Relationships.* New York: Guilford Press.

EINHORN, L. & GANDHI, A. 2006. *Forgiveness and child abuse: would you forgive?.* New York: Robert D. Reed Publishers.

EISENBERG, N. 2004. Empathy and Sympathy. (*In* Lewis, M. & Haviland-Jones, J. M. Handbook of emotions, Second edition. London: The Guilford Press. p. 677-691.)

ELISON, J. 2005. Shame and Guilt: A hundred years of apples and oranges. *New Ideas in Psychology, Vol 32 (1)*. p. 5-32.

ELLENS, J.H. 1997. The Interface of Psychology and Theology. *Journal of Psychology and Christianity. 16(1).* p. 5-17.

ELLIS, S. M. & STEYN, H. S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management Dynamics, 12(4).* p. 51-53.

ELS, J. M. 2001. *Grieks-Afrikaanse Woordeboek met Strong se numering*. Johannesburg: Logos Information Systems.

ELWELL, W. A., *ed.* 1996. *Evangelical commentary on the Bible*. Baker reference library. Grand Rapids: Baker Book House.

ELWELL, W. A., *ed.* 1997. *Evangelical dictionary of biblical theology* (electronic ed.). Baker reference library; Logos Library System. Grand Rapids: Baker Book House.

ELWELL, W. A. & BUCKWALTER, D., *eds.* 1996. *Topical analysis of the Bible: With the New International Version*. Includes indexes. Baker reference library. Grand Rapids: Baker Book House.

EMMONS, R. A. 1999. Religion in the psychology of personality: An introduction. *Journal of personality, 67*. p. 873-888.

EMMONS, R. A. 2001. Personality and forgiveness. (*In* McCullough, M. E., Pargament, K. I. & Thoresen, C. E., *eds*. Forgiveness. Theory, Research and Practice. New York: Guilford Press. p. 156-175.)

EMMONS, R. A. 2006. Spitituality: Recent progress. (*In* Csikszentmihalyi, M. & Csikszentmihalyi, I. S., *eds*. A life worth living: Contributions to positive psychology. New York: Oxford University Press. p. 62-81.)

ENGEL, B. 2005. *Breaking the Cycle of Abuse: How to Move Beyond Your Past to Create an Abuse-Free Future*. New Jersey: Wiley.

ENGELBRECHT, P. & GREEN, L. 2001. *Promoting learner development. Preventing and working with barriers to learning.* Pretoria: Van Schaik.

ENGLISH, B. & ENGLISH, C. 1958. *A comprehensive dictionary of psychological and psychoanalytic terms.* New York: David McKay.

ENRIGHT, R.D. 1996. Counselling within the forgiveness triad: On forgiving, receiving forgiveness and self-forgiveness. *Counselling and Values, 40(2)*. p. 107-127.

ENRIGHT, R. D. 2003. *Forgiveness is a choice. A step-by-step process for resolving anger and restoring hope.* Balyimore, MD: United Book Press.

ENRIGHT, R. D. 2005. *Enright Forgiveness Inventory and manual.* Redwood City, CA: Mind Garden.

ENRIGHT, R. D. 2007. *Working to forgive.* www.forgiving.org/acampaignfor forgivenessresearch.html. Datum van gebruik: 16 Oktober 2009.

ENRIGHT, R. D., SANTOS, M. J. D. & AL-MABUK, R. H. 1989. The adolescent as forgiver. *Journal of Adolescence 12.* p. 95-110.

ENRIGHT, R. D., GASSIN, E. A. & GASSIN, C. W. 1992. Forgiveness: A Developmental View. *Journal of Moral Education*, Vol. 21 (2). p. 104-106.

